# ’n Holistiese perspektief op die *missio Dei:* ’n Evaluering van die sendingwerk van die Christelijke Gereformeerde Kerken in KwaNdebele (RSA)

**A. Jansen**
**Studentenommer: 10454225**
**B.A., Th.B., Th.M.**

Proefskrif voorgelê vir die graad Philosophiae Doctor in Missiologie op die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

Promotor: Prof. Dr. P.J. Buys

Maart 2015

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

Dit begin alles hier ™

# VOORWOORD

Met die voltooiing van hierdie studie kan ek nie nalaat om my dank uit te spreek nie.

Min het ek kon dink dat ŉ onderwerp wat my reeds sedert my kinderjare boei, tot so ŉ studie sou ontwikkel. Die vervlegting van teorie en praktyk was eers vir my ŉ manier om die lewe te leer verstaan. Die oortuiging dat Woord en daad één is, het net sterker geword. My ouers, Anton en Gerda Jansen, se holistiese benadering van kerklike, sending asook maatskaplike, kulturele en lewenskwessies het my hierin gehelp vorm, waarvoor ek hulle innig dankbaar is. Dit het gelei tot my bewoënheid oor mense in verskillende vorms van nood, my betrokkenheid by sending reeds sedert my studentejare asook my bediening in Pretoria, KwaNdebele en Nederland aan verskillende groepe mense in verskillende tale, kulture en kontekste. Hierdie ondervinding het beslis bygedra tot die oortuiging hoe noodsaaklik en aktueel hierdie studie is vir die bediening van God se lewende Woord.

Hartlike dank aan prof. Flip Buys wat my as promotor, inspirator en mentor in hierdie studie begelei het. Toe u my benader het om hierdie studie te oorweeg vanweë my kennis van en ervarings in die Nederlandse en Suid-Afrikaanse (kerklike) kulture, het ek dadelik geweet dat so ŉ ondersoek ŉ roeping is waaraan ek gehoor wou gee – met hart, mond en hande. U biddende begeleiding vanuit u liefde en ontsag vir Jesus Christus en u visie op die kerk het my verder gevorm, verryk en toegerus as gelowige en bedienaar van sy Woord, terwyl u ook kritiek en regstellings aanvaar het. U het aan my u suiwer kennis van die Woord van God en u wye missionêre kennis en insig oorgedra. Hierdie bystand het vir my telkens nuwe perspektiewe laat oopgaan en my sterker geïnspireer om voort te gaan.

My huisgesin verdien groot waardering vir hulle liefdevolle ondersteuning en allerlei opofferings wat hulle met groot begrip gemaak het. My vrou, Hannelie, het my dadelik aangemoedig en laat verstaan dat ek geen ander keuse het as om die studie aan te pak nie. Sy het spontaan en sonder klagtes take oorgeneem en in haar groot gunnende liefde soveel gedra en verdra.

Die kerkraad en gemeente van die Rehobothkerk (de Samenwerkingsgemeente Christelijke Gereformeerde Kerk Vrijgemaakt) in Woerden Nederland, was oortuig van die noodsaak van die studie en dat dit ook die gemeente en kerkverband sou kon dien. Hulle het my op alle moontlike maniere, ook finansieel, gesteun om die studie te voltooi. Daarvoor het ek opregte dank en waardering.

Graag gee ek dankbare erkenning aan Huib en Emma Berkhout van Ridderkerk, Nederland vir hulle hartlike morele steun, belangstelling en finansiële bydrae tot die studie. Ook Cor en Corrie

Hagesteijn van Waddinxveen Nederland, se warm belangstelling en finansiële steun word opreg waardeer.

Claude Vosloo se professionele taalkundige, redaksionele en teologiese kommentaar en voorstelle het die taalversorging ŉ leersame avontuur gemaak. Sy bydrae het die proses meer as net ŉ noodsaaklike tegniese vereiste gemaak om die studie af te rond. Die klankbord- en kritiese saamdinksessies met Albert Klomp was vir my geweldig waardevol, juis omdat hy nie ŉ teoloog is nie, maar ervaring het van die kerklike en besigheidsbestuurkonteks. Dankie ook aan David van Wijck van D&DJ Communicatie in Montfoort Nederland vir die skematiese voorstellings wat enkele konsepte in die studie treffend visualiseer.

Bo alles my nederige en blye dank aan God. Hy skep, roep, verlos, inspireer, stuur en gee krag, genade en hoop om ons nietige mensewerk te gebruik in die verkondiging van die evangelie en die opbou van sy gemeente totdat die volheid van sy koninkryk kom en Hy alles in almal sal wees. Die volgende refrein van die Nederlandse lied[1] "My Jesus ek hou van U", beskryf uitstekend die waarde wat die studie vir my gehad het: "'k Heb van U gehouden, maar nooit zoveel als nu" – ek het van U gehou, maar nooit soveel soos nou.

Maart, 2015, Woerden, Nederland

[1] Opwekkingslied 392, 2011, *Opwekkingsliederen,* Stichting Opwekkingslectuur, Putten, Nederland.

## OPSOMMING

Gedurende die afgelope 50 jaar het rolspelers in Sendingwetenskap binne die Evangeliese en Reformatoriese tradisie steeds meer oortuig geraak dat Skrifgetroue sendingwerk 'n integrasie moet behels van teologiese visie en suiwer toegepaste Woordverkondiging waarin die kern van die evangelie steeds sentraal bly. Hierby geld dade van liefde, die najaag van geregtigheid en verligting van armoede asook vermindering van lyding om die verkondiging van die evangelie van Jesus Christus prakties te maak. Deur God se genade was die Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland se sendingwerk in die KwaNdebele-omgewing in Suid-Afrika 'n belangrike instrument in die uitbreiding van God se koninkryk.

Die huidige studie evalueer die integrasie van Woord en daad in hierdie kerke se sendingwerk binne die genoemde gebied in die lig van die *missio Dei*-motief. Hieruit kan belangrike insigte verwerf en 'n bydrae gelewer word tot Missiologie en Skrifgetroue sendingwerk in die Reformatoriese tradisie uit te bou. Die doel is om 'n model vir integrale sending binne 'n *missio Dei*-perspektief daar te stel deur Bybelse beginsels en praktiese lesse te integreer.

Hierdie studie voeg 'n teoretiese en praktiese benadering saam om 'n verantwoordbare en toepasbare model daar te stel. 'n Bybels-eksegetiese begronding van integrale sending gebaseer op die *missio Dei* en 15 Bybelse sleutelbegrippe hieroor toon die onlosmaaklike eenheid van die motiewe hart, mond en hande. Dit bied 'n verantwoorde basis vir integrale sending. Hierdie beginsels word getoets aan twee internasionale toepassingsvoorbeelde: die Miga Netwerk en die Lausanne-verklaring 2010, wat waardevolle insigte bied oor 'n model vir integrale sending. Daarna word die gevolge en uitwerking van geïntegreerde Woord- en daadbediening in die CGKN se sendingwerk binne KwaNdebele ontleed. In die lig van literatuurstudies, 'n argivale ondersoek en persoonlike onderhoude met sendelinge en kerkleiers in KwaNdebele volg waardevolle gevolgtrekkings in die lig van die *missio Dei*.

Deur na beide die CGKN en die kerkleiers in KwaNdebele te luister, is 'n balans gevind om 'n operasionele denkraamwerk vir integrale sending op te stel. Verwante literatuur uit die teologie en wêreldwye sendinggebiede gee aan hierdie eksegetiese en empiriese studie verdieping. Die kern van die studie se bevindings is tweërlei:

- Die CGKN het geïntegreerde sendingwerk in KwaNdebele verrig. Tog het 'n onvolledige fundering van en visie op integrale sending in *missio Dei*-perspektief gelei tot 'n bediening wat 'n versnipperde beeld van integrale sending weergee. Hierdie leemtes hou waardevolle aanwysers in vir sending met hart, mond en hande.

- Daar is wel voldoende teologiese, teoretiese en praktiese beginsels en hulpmiddels wat die ontwerp van ’n bruikbare model vir geïntegreerde sending aanhelp. Só ’n model kan meehelp om die lewensgehalte van die mense in KwaNdebele en ander wêrelddele tot eer van God te verhoog, terwyl dit steeds deeglik met die konteks en kultuur rekening hou.

Die navorsing mond uiteindelik uit in ’n operasionele denkraamwerk wat prinsipiële en praktiese besinning begelei vir integrale sending in KwaNdebele en diverse kulturele kontekste wêreldwyd.

**Sleutelterme**

Missiologie, sendingwerk, *missio Dei,* integrasie, holisties, Woord en daad, KwaNdebele, kruiskultureel, kontekstualisering, Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland.

# INHOUDSOPGAWE

**VOORWOORD** ........ **I**

**OPSOMMING** ........ **III**

**HOOFSTUK 1** ........ **1**

**INLEIDING** ........ **1**

**1.1 Agtergrond en probleemstelling – rasionaal** ........ **1**

**1.2 Voorlopige literatuurstudie** ........ **2**

**1.3 Navorsingsprobleem, doelstelling en doelwitte** ........ **3**

1.3.1 Navorsingsprobleem ........ 3

1.3.2 Doelstelling ........ 5

1.3.3 Doelwitte ........ 6

**1.4 Sentrale teoretiese argument** ........ **7**

**1.5 Metodologie** ........ **7**

**1.6 Hoofstukindeling** ........ **9**

**1.7 Begripsdefinisie** ........ **9**

**1.8 Skematiese voorstelling van die verhouding tussen 1, 3 en 5:** ........ **10**

**1.9 Vertroulike bronne: respondente** ........ **11**

**1.10 Leeswyser** ........ **11**

**HOOFSTUK 2** ........ **12**

**WOORDSTUDIE OOR DIE BYBELS-EKSEGETIESE BEGRONDING VAN *MISSIO DEI* BETREFFENDE WOORD- EN DAADVERKONDIGING VAN DIE EVANGELIE** ........ **12**

**2.1 Inleiding** ........ **12**

**2.2 Grafiese uitbeelding** ........ **14**

| | | |
|---|---|---|
| **2.3** | **Missio Dei** | **15** |
| **2.4** | **Skriftuurlike besinning** | **26** |
| 2.4.1 | Kriteria | 26 |
| 2.4.2 | Vier vrae | 26 |
| 2.4.3 | Krip, kruis, kroon | 28 |
| 2.4.4 | Geformuleerde kriteria | 29 |
| **2.5** | **Woordstudie** | **29** |
| 2.5.1 | Woord – דָּבָר, λόγος, ῥῆμα | 29 |
| 2.5.2 | Seën בְּרַךְ, εὐλογέω, μακάριος | 32 |
| 2.5.3 | Godsvrug – εὐσέβεια | 37 |
| 2.5.4 | Medewerker – συνεργός | 40 |
| 2.5.5 | Vrees vir die Here – ירא, פחד, φόβος | 43 |
| 2.5.6 | Vrede – שָׁלוֹם en εἰρήνη | 45 |
| 2.5.7 | Regverdig – צַדִּיק, δικαιοσύνη | 49 |
| 2.5.8 | Geregtigheid – מִשְׁפָּט, κρίσιν | 54 |
| 2.5.9 | Gemeenskap – κοινωνία | 58 |
| 2.5.10 | Bediening – διακονία | 63 |
| 2.5.11 | Liefde – ἀγάπη | 67 |
| 2.5.12 | Armoede – πτωχos | 72 |
| 2.5.13 | Beeld van God – צֶלֶם, εἰκών, imago Dei | 81 |
| 2.5.14 | Dissipelmaking – μαθητεύω | 86 |
| 2.5.15 | Getuig – μαρτυρέω, μαρτυρία | 95 |
| **2.6** | **Voorbeelde vir toepassing** | **103** |

2.6.1 Miga-verklaring ........ 103

2.6.1.1 Die kerk se taak ........ 104

2.6.1.2 Afgrensing teen dualisme ........ 104

2.6.1.3 Soektog na ewewig ........ 105

2.6.1.4 Uitdagings ........ 106

2.6.1.5 Kritiek op professionaliteit ........ 107

2.6.1.6 Sosiale betrokkenheid ........ 108

2.6.1.7 Gebooie beskerm en herstel ........ 108

2.6.1.8 Jesus Christus se integrale bediening ........ 109

2.6.1.9 Dissipelskap en rentmeesterskap ........ 110

2.6.1.10 Kontekstualisering ........ 112

2.6.1.11 Hulporganisasies werk met kerke saam ........ 112

2.6.1.12 Die kerk as integrale gemeenskap ........ 113

2.6.1.13 Omgewingsvriendelikheid ........ 114

2.6.1.14 Sensitiewe etiese sake ........ 115

2.6.1.15 Die "hoe" van integrale bediening ........ 115

2.6.1.16 Samevattend ........ 116

2.6.2 Lausanne-verklaring ........ 117

**2.7 Gevolgtrekkings ........ 122**

**2.8 Samevattende grafiese uitbeelding ........ 131**

**2.9 Om af te sluit ........ 133**

**HOOFSTUK 3** .......... **134**

**DIE SENDINGPARADIGMA VIR DIE CGKN SE SENDINGBELEID IN KWANDEBELE BEOORDEEL IN DIE LIG VAN DIE *MISSIO DEI*** .......... **134**

**3.1 Inleiding** .......... **134**

**3.2 Die situasie in KwaNdebele en faktore wat tot sendingwerk lei** .......... **136**

3.2.1 Besluit en doel .......... 140

3.2.2 Uitgangspunt en opdrag .......... 140

3.2.3 Tweeledige taak .......... 141

3.2.4 Visie op integrale sending .......... 145

3.2.5 Verdiepende onderbou .......... 149

3.2.6 Verkondiging en hulpverlening geskei .......... 151

3.2.7 Visie en missie: wesenlik .......... 152

3.2.8 Wederkerigheid en vennootskap .......... 153

3.2.9 Beleid en strategieë .......... 154

3.2.10 Samevattend .......... 155

**3.3 Woord en daad** .......... **156**

3.3.1 Wesenlik een .......... 156

3.3.2 ’n Werkbare kombinasie .......... 157

3.3.3 Soeke na die balans .......... 159

3.3.4 Dualisme ingedra? .......... 160

3.3.5 Alle terreine .......... 162

3.3.6 Diensbaarheid .......... 163

3.3.7 Samevattend .......... 165

**3.4 Toerusting en vorming: Bybelskool** .......... **165**

3.4.1 Bybelonderwys in die lig van missio Dei ..... 165

3.4.1.1 Sendingsvisie: toerusting en vorming ..... 165

3.4.1.2 Gereformeerde waarheid aan Onafhanklike Kerkleiers ..... 168

3.4.1.3 Teorie en praktyk in die opleiding ..... 169

3.4.1.4 Apartheid ..... 170

3.4.1.5 Verantwoordelikheid en betrokkenheid ..... 172

3.4.1.6 ’n Nuwe kategismus ..... 173

3.4.1.7 Samevattend ..... 173

3.4.2 Mukhanyo Bible School ..... 173

3.4.3 Mukhanyo Theological College ..... 175

3.4.3.1 Missie ..... 176

3.4.3.2 Aanwysers ..... 177

3.4.3.3 Teenoorgestelde sienings ..... 178

3.4.3.4 Integrale samewerking: MBS-MTC ..... 181

3.4.3.5 Afstandsonderrig ..... 183

3.4.3.6 Masibambisane Community Development Centre ..... 184

3.4.3.7 Positiewe uitwerking ..... 185

3.4.3.8 Kritiekpunte ..... 185

3.4.3.9 Samevattend ..... 186

**3.5 Kerk, kerkstigting, gemeentebou: Gereformeerde Kerk KwaNdebele ..... 186**

3.5.1 Mukhanyo en die GKK ..... 187

3.5.1.1 Projekte vloei uit verkondiging voort ..... 188

3.5.1.2 Voorouervering in die kerk ..... 189

3.5.1.3 Kerk-erfprojek as opvoedingsproses ........ 190

3.5.1.4 Selfstandig en selfversorgend ........ 191

3.5.1.5 Missionêre diakonaat ........ 193

3.5.1.6 Kerkgeboue: ’n ander benadering ........ 193

3.5.1.7 Samevattend ........ 194

**3.6 Kontekstualisering en gelykwaardigheid ........ 194**

3.6.1 Gelykheidsbeginsel ........ 195

3.6.2 Piëtisme in die CGKN ........ 196

3.6.3 Bybelse lewens- en wêreldbeskouing ........ 197

3.6.4 Finansiële afhanklikheid ........ 197

3.6.5 Kontekstualisering en langtermynplanne ........ 198

3.6.6 Kopieeërgedrag ........ 199

3.6.7 Kennis van die volksgeskiedenis, taal en kultuur ........ 200

3.6.8 Kulturele antropologie ........ 201

3.6.9 Woord en daad geïntegreer as antwoord ........ 203

3.6.10 Samevattend ........ 204

**3.7 Gevolgtrekkings ........ 204**

**HOOFSTUK 4 ........ 212**

**KWANDEBELE-KERKLEIERS SE EVALUERING VAN DIE CGKN SE WOORD- EN DAADBEDIENING IN DIE PRAKTYK IN DIE LIG VAN DIE *MISSIO DEI* ........ 212**

**4.1 Metode ........ 212**

**4.2 Visie en beleid ........ 215**

4.2.1 Visie ........ 215

4.2.2 Beleid en strategie ... 216

4.2.3 Sterk -en swakpunte van die CGKN se sending ... 217

4.2.4 Hulpverlening of sending? ... 219

4.2.5 Visie op Woord en daad ... 219

**4.3 Kultuur en kontekstualisering ... 222**

4.3.1 Gelykheid ... 222

4.3.2 Wederkerigheid ... 223

4.3.3 Verstaan van die kultuur ... 224

4.3.4 Korttermynprojekte ... 225

**4.4 Eties-profeties ... 229**

**4.5 Voordele ... 230**

**4.6 Selfversorgend en selfstandig ... 232**

**4.7 MBS, MTC, MCDC (Mukhanyo Bible School, Mukhanyo Theological College, Mukhanyo Community Development Centre) ... 234**

**4.8 Onafhanklike Kerke ... 237**

4.8.1 Vernaamste redes vir die veelheid Onafhanklike Kerke vandag ... 238

4.8.2 Diensknegleierskap ... 240

4.8.3 Broederskaporganisasies ... 241

4.8.4 Wedersydse verstaan ... 244

4.8.5 Soorte kerke ... 246

4.8.6 Aard van die organisasie ... 249

4.8.7 Verwantskap ... 252

4.8.8 Identiteit en aantrekkingskrag ... 253

4.8.9 Aard en inhoud van die leierskap ... 256

4.8.10 Sosio-ekonomiese en sosio-politiese betrokkenheid ... 261

4.8.11 Magstryd en skeurings ... 263

4.8.12 Toekoms ... 268

**4.9 Wat is nodig? ... 270**

4.9.1 Wat is KwaNdebele se grootste behoefte betreffende kerkleiers? ... 270

4.9.2 Wat verwag die kerkmense van die kerkleiers? ... 271

4.9.3 Wat is KwaNdebele se grootste nood vir Woord en daad? ... 272

4.9.4 Wat is die mening oor die CGKN se onttrekking aan KwaNdebele? ... 272

**4.10 Gevolgtrekkings ... 272**

**HOOFSTUK 5 ... 282**

**GEVOLGTREKKINGS EN OPERASIONELE BEDIENINGSRAAMWERK ... 282**

**5.1 Gevolgtrekkings ... 282**

5.1.1 Missio Dei ... 282

5.1.2 Betekenis van die woordstudie oor Woord en daad ... 284

5.1.3 Miga-verklaring ... 290

5.1.4 Lausanne-verklaring ... 291

5.1.5 Slotsom oor die eksegese van Woord en daad ... 292

**5.2 Betekenis van die CGKN se sendingparadigma ... 292**

5.2.1 Begronding ... 293

5.2.2 Doelwitte wat gestel is ... 293

5.2.3 Evaluering ... 294

5.2.4 Dieselfde visie en gesindheid ... 294

5.2.5 Voortdurend aanpas ... 295

5.2.6 Onderwys ... 295

5.2.7 Die sendeling as gas ... 296

5.2.8 Taal en kultuur ... 296

5.2.9 Etiese kwessies ... 297

5.2.10 Kommunikasie ... 297

5.2.11 Tug ... 298

5.2.12 Finansies ... 298

5.2.13 Missionêre diakonaat ... 298

5.2.14 Eenduidige beeld ... 299

5.2.15 Slotsom oor die CGKN se sendingparadigma ... 300

**5.3 Betekenis van die evaluering in KwaNdebele ... 300**

5.3.1 Inligting ... 301

5.3.2 Verwagtings teenoor sendelinge ... 302

5.3.3 Teologies-trinitariese onderrig ... 304

5.3.4 Visie, beleid en planne ... 304

5.3.5 Diensknegleierskap ... 304

5.3.6 Evangelisasie en amp ... 305

5.3.7 Wêreldbeskouing, kultuur, wederkerigheid en konteks ... 305

5.3.8 Afrika se fokus op Woord en daad ... 307

5.3.9 Voortgaande evaluering ... 308

5.3.10 Slotsom oor evaluering van die sendingwerk ... 309

**5.4 Operasionele denkraamwerk vir integrale bediening met hart, mond en hande ... 309**

5.4.1 Operasionele denkraamwerk: 'n oorsig ... 311

5.4.1.1 Prinsipiële besinning ... 311

5.4.1.2 Praktiese toepassing en invulling ... 311

5.4.2 Skematiese voorstelling ... 313

**5.5 Uiteensetting van die denkraamwerk ... 313**

5.5.1 Prinsipiële besinning ... 314

5.5.1.1 Waarom? (Waarom word integrale sendingwerk verrig?) ... 314

5.5.2 Praktiese toepassing en invulling ... 317

5.5.2.1 Wie? ... 317

*5.5.2.2* Wat? ... 318

5.5.2.3 Hoe? ... 320

**5.6 Finale slotsom ... 323**

**5.7 Beperkings en terreine vir verdere ondersoek ... 323**

**BRONNELYS ... 326**

**ADDENDUM A ... 354**

**BYLAES ... 361**

**2.1 Die vraelys wat aangewend is ... 361**

**2.2 English questionnaire ... 365**

# LYS VAN FIGURE

Figuur 2-1: Sambreel ........................................................................................ 15

Figuur 2-2: Brug ............................................................................................... 132

Figuur 5-1: Operasionele denkraamwerk vir integrale sending .........................................313

# Hoofstuk 1

# INLEIDING

## 1.1 Agtergrond en probleemstelling – rasionaal

Binne internasionale Evangeliese en Reformatoriese bewegings soos die Lausanne beweging, World Reformed Fellowship en die Micah Declaration word in ’n toenemende mate besef dat God Hom openbaar as die God wat lief is vir sy volk en wat na almal omsien (Birdsall & Brown, 2010; Glenn, 2007:9; Haw, 2001:1-4; Logan, 2011:8-9,18-19). Hy ontferm Hom oor die armes en noodlydendes wat sedert die sondeval in die wêreld ly onder siekte, armoede, gebrokenheid en vervreemding van God en hulle naaste. Daarom het God vir Jesus Christus gestuur om die evangelie aan armes te verkondig, vrylating vir gevangenes uit te roep en herstel van gesig vir blindes, om onderdruktes in vryheid uit te stuur, om die genadejaar van die Here aan te kondig (Luk. 4:18-19).

Verskeie sendingwetenskaplikes beklemtoon dit dat die kerk as deel en instrument van God se sending in die wêreld in navolging van Christus en gehoorsaamheid aan die groot opdrag moet optree (Matt. 28:16-20; Joh. 20:21; Hand. 1:8). Só moet die kerk na die wêreld uitreik met twee hande: die hand wat mense roep tot geloof, bekering en versoening met God deur Christus sowel as die hand wat mense deur dade van dankbaarheid en deernis die goedheid van God se koninkryk in die Naam van Christus laat sien (Birdsall & Brown, 2010; Glenn, 2007:9; Haw, 2001:1,2,3,4; Logan, 2011:18; Wright, 2011:276, 280-281). Die sendingwetenskaplikes en sendingorganisasies, soos die Lausanne Movement, Micah Declaration en World Reformed Felllowship, verwys na die voorbeeld wat Christus gestel het. Deur Hom daarin te volg, bewys ons dat ons na die beeld van Christus herskep word en, as die eerste vrug van God se groot toekoms, die Heilige Gees as waarborg van God se nuwe skepping ontvang het (Matt. 25:31-46; Rom. 8:18-23; sien ook Birdsall & Brown, 2010; Buys, 2010:1; Haw, 2001:1,2,3,4; Logan, 2011:18,19; Vermeulen, 2002:1-2; Wright, 2011:303, 311, 363).

Verskeie publikasies toon egter aan dat sending met woorde en met dade nog te veel teenoor mekaar gestel en nie behoorlik geïntegreer word nie (Birdsall & Brown, 2010; Haw, 2001:1-4; Logan, 2011; Van der Waal, 1985:31; Wright, 2011:276-277, 281). Die vraag is dus: In watter

mate is hart, mond en hande[2] in die sendingwerk geïntegreer – soos al meer sendingnavorsers, en internasionale reformatoriese ekumeniese bewegings dit beklemtoon?

Hierdie studie beplan ŉ grondliggende en empiriese ondersoek na die benadering en praktyk van die Christelijke Gereformeerde sendingwerk in KwaNdebele. Sodoende wil die studie evalueer of en hoe integrale gereformeerde sendingwerk ŉ grondliggende en praktiese bydrae kan lewer tot ŉ hoër lewenskwaliteit in ooreenstemming met die *missio Dei,* en daardeur ook ŉ waardevolle rol kan speel in die heropbou en ontwikkeling van Suid-Afrika. Die vraag is of ŉ gebalanseerde en geïntegreerde gereformeerde missionêre bediening die inwoners van KwaNdebele kan help om deur Jesus Christus as verloste rentmeesters met hulle lewe en dade God te verheerlik. Dit kan hulle doen deurdat hulle lewe herstel en opgebou word, en hulle die skeppings- en kultuuropdrag naleef. Tegelyk is dit ook ŉ vraag of hierin die geleentheid vir die kerke in Nederland lê om die vreugde en geloofsverdieping te ervaar om mekaar se laste konkreet te dra (Ps. 41:1-3, 112:5-9; Pred. 19:17; Jes. 32:8; 58:7-12; Matt. 10:8; 25:34-40; Hand. 20:35).

## 1.2 Voorlopige literatuurstudie

Uit ’n voorlopige literatuurstudie blyk dat sedert die eerste vergadering van die internasionale Lausanne Evangelisasie Beweging in Lausanne in 1974, daar in Evangeliese en Reformatoriese kringe wêreldwyd breed en wyd besin is en steeds nagedink word oor ŉ meer holistiese benadering in sending. Edward R. Dayton (1987:53) kan selfs verklaar dat Lausanne se 1974-vergadering vir Westerse Evangeliese sendingparadigmas as waterskeidingsjaar beskou kan word. Sedert 1974 het daar in Evangeliese en Reformatoriese kringe ’n stortvloed publikasies verskyn oor die Bybelse motivering vir en missiologiese noodsaaklikheid van ’n meer holistiese aanpak in die sending (Chester, 2002; 2004; Escobar, 2003; Peskett & Ramachandra, 2003; Vinay & Sugden, 1999; Sider, 1997; Sider, Philip N.O. & Unruh, 2002; Wright, 2004; Yamamori, & Padilla, 2004; Padilla, 2002).

[2] Die uitdrukking “Met hart en mond en hande” is ontleen aan die Duitse lied van die predikant en digter Martin Rinkart, *Nun danket alle Gott* wat onder meer in Engels, Nederlands en Afrikaans vertaal is en wêreldwyd gesing word (Brüssau, 1936:1-72). Sedert 1636 het dit in die evangelies-reformatoriese wêreld ’n bekende uitdrukking geword waarmee die omvattende aard van die getuienis van gelowiges in die wêreld omskryf word. Die Afrikaanse vertaling het ’n duidelike missionale toepassing met die woorde: “Kom, dank nou almal God met hart en mond en hande; loof Hom wat wonders doen tot in die verste lande ...” Dit is ook ’n vertaling van die oorspronklike Duits: “Nun danket alle Gott mit Herzen, Mund und Händen! Der große Dinge tut, an uns und allen Enden.” Die uitdrukking is internasionaal wyd bekend, beskryf die motiewe “Woord en daad” deeglik en stel die navorsingsvraag van hierdie studie sentraal. Gevolglik is dit gekies as ’n samevattende titel vir die navorsing.

Toonaangewende sendingwetenskaplikes en sendingorganisasies het uitgewys hoe belangrik geïntegreerde sendingwerk is. Keller (2010:25, 31, 35, 105, 108) verduidelik dat die verhouding tussen reg en geregtigheid in die Bybel ’n eenheid vorm deurdat God die mensdom in totaliteit met Hom wil versoen deur hulle in Christus met Homself te versoen. Glenn (2007:2) noem dit “cosmic redemption” om daarmee die volledigheid en kosmiese uitgebreidheid van die verlossing aan te dui.

Uit die voorlopige literatuurstudie blyk ook hoe noodsaaklik ’n ondersoek is na geïntegreerde kruiskulturele kommunikasie in die lig van die uiteenlopende wêreldbeelde van beide die sendende en ontvangende gemeenskappe. Kommunikatiewe misverstande wat voortvloei uit gebrekkige kulturele sensitiwiteit kan die gesonde groei van die inheemse kerk asook die verbetering van die leefomgewing binne ’n gemeenskap belemmer en ’n kultuur van afhanklikheid vestig (Buys, 2010:62; Corbett & Fikkert; 2009:57, 108, 115, 144, 148; Haw, 2001:3; Hesselgrave, 2000:145-146; Van der Walt, 2001:38).

Die literatuurstudie bevestig die noodsaak vir ’n ondersoek na geïntegreerde verkondiging met hart, mond en hande. Verskeie skrywers meen dat ’n wanbalans in sodanige integrering kan lei tot ’n sekulêre “social gospel” of ’n piëtistiese vergeesteliking van die evangelie wat ’n skeiding van natuur en genade kan meebring (Chiastolite Professional Services, 2009:59-61; Platt, 2010:78; Van der Waal, 1985:31; Van der Walt, 2001:47). In so ’n geval word die hoorders nie vir hulle kultuuropdrag toegerus nie. Sodoende lei die integrering nie tot verbetering van die lewensomstandighede, lewenskwaliteit of verantwoordelike rentmeesterskap nie (Birdsall & Brown, 2010:22; Corbett & Fikkert, 2009:28, 46; Glenn, 2007:2; Haw, 2001:1-4). Inteendeel, die kultuur van afhanklikheid kan net groter word (Hobrink 2005:38-41; Logan, 2011:17; Van der Waal, 1985:31, 36).

C.H. Roux (2004:5) het in sy proefskrif by die Universiteit van Stellenbosch indringende empiriese navorsing gedoen oor kerke in Suid-Afrika se gesindheid oor ’n meer holistiese aanpak in hulle bediening. In sy studie het Roux bevind dat 92% van die respondente aangedui het hulle meen die rol van die kerk is om by te dra tot die opheffing en welsyn van die gemeenskap en nie net om bekeerlinge te werf nie. Tog bestaan daar steeds groot onsekerheid oor hoe om hierdie opheffing gebalanseerd uit te voer.

## 1.3 Navorsingsprobleem, doelstelling en doelwitte

### 1.3.1 Navorsingsprobleem

Die Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland (CGKN), die Gereformeerde Kerken Nederland (*vrijgemaakt*) en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) val onder die

gereformeerde kerkgenootskappe wat missionêre werk in KwaNdebele, Suid-Afrika, doen of onderneem het. Verskeie sendelinge uit hierdie kerkgenootskappe het daar gedien. Die CGKN, wie se sendingwerk in hierdie studie ondersoek word, het aanvanklik sendelinge na KwaNdebele gestuur. In 2007 het hulle egter gekies vir ŉ projekgedrewe aanpak, met die gevolg dat hulle projekte ŉ beperkte tyd lank gesteun het en die sendingwerk hoofsaaklik onderwysgerig was (CGKN, 2007:389, 390, 410, 411). Dit wil voorkom of 'n veranderde visie vir sendingwerk en ŉ tekort aan beskikbare fondse gelei het tot 'n ander benadering van sending.

Die evangelie is aan die inwoners van hierdie gebied (KwaNdebele) verkondig deur Nederlandse sendelinge, maar ook deur inheemse kerkleiers wat uit hierdie sendingswerk opgelei is. Hieruit het ook kort- en langtermynhulpprojekte voortgevloei wat binnelands sowel as uit die buiteland geloods is om die nood van die inwoners te help verlig. In die proses is kerke gestig en geboue opgerig. Teologiese opleiding is daargestel wat Afrika-kerkleiers teologies skool, soos die Mukhanyo Theological College en Mukhanyo Bible School. As uitvloeisel van hierdie sendingwerk het maatskaplike projekte in hierdie omgewing ontstaan. Dit sluit ook in die Mukhanyo Community Development Centre wat die volgende dienste gelewer het:

- vyf dagopvangsentrums waar aan weeskinders etes, mediese versorging, huiswerk-begeleiding, Bybelstudies en sport voorsien word;
- mediese sorg vir MIV/Vigs-pasiënte;
- werkskeppingsgeleenthede vir die ongeveer 65% werkloses;
- fasiliteite vir kredietverskaffing en besigheidsopleiding wat werkloses volgens ŉ Bybelse basis help om hulle eie onderneming op te rig – as uitvloeisel hieruit.

Ondanks die insette van die bogenoemde kerke, toon die nood – geestelik, sosiaal en maatskaplik – ŉ enorme omvang. MIV/Vigs, voorouerverering, armoede, heksery en toordery, gepaardgaande bygelowe en werkloosheid onderstreep die verdere ontsaglike nood in hierdie gebied.

Tot dusver is nog nie ondersoek in watter mate die Christelijke Gereformeerde Kerken Nederland (CGKN) en sendelinge rekening gehou het met en erkenning gegee het aan die kulturele waardes, gebruike en gewoontes van die plaaslike KwaNdebele-bevolking en hoe dit hierdie bevolking beïnvloed het nie. In 2010 het die sendingdeputate aan die CGKN se sinode opgemerk dat hulle hul afvra: “Worden wij ergens te hulp geroepen?” (CGKN, 2010:488). Hierdie vraag is gestel omdat van die deputate agtergekom het dat bepaalde projekte van hierdie kerke “witte olifanten” was wat nie deur die plaaslike bevolking oorgeneem en verder gedra kon word nie (CGKN, 2010:488). Die vraag sinspeel op die gedagte dat daar in die verlede moontlik té veel van die plaaslike bevolking in KwaNdebele verwag is sonder om in ag

te neem of hulle behoefte aan hierdie projekte het óf self die verwagte verantwoordelikheid kon aanvaar.

Uit verslae en rapporte van die CGKN blyk dat die sendingwerk in KwaNdebele op ’n betreklik oppervlakkige en lukraak manier beoordeel is. Daarby het ’n beleid oor geïntegreerde bediening met hart, mond en hande volgens 'n *missio Dei*-perspektief en ’n wetenskaplike teologies-missiologiese evaluering ontbreek. Ook verdien die CGKN se besluit om deur projekte te werk en dit so gou moontlik aan die plaaslike bevolking oor te dra, verdere ondersoek. Dit is in die lig daarvan dat Westerse kapitalistiesgerigte beskawings veral op resultate afgestem is en Afrika-beskawings meer op die proses en verhoudings (CGKN, 2007:70; 2010:488; Corbett & Fikkert 2009:78-79, 83).

Tot dusver is die sendingwerk van die CGKN in KwaNdebele nog nie wetenskaplik ondersoek nie. Gevolglik is dit nie duidelik of en hoe die CGKN se Woordbediening die holistiese motiewe van hart, mond en hande geïntegreer het nie. Sodoende is ook nie wetenskaplik ontleed of, en indien wel, watter impak die sending op die inwoners van KwaNdebele gehad het nie. Verder is ook nie ondersoek of en hoe kontekstualisering in die lig van die bestaande verskillende wêreldbeelde tussen Nederland en Suid-Afrika in die sendingwerk plaasgevind het nie. Daarom is dit nie duidelik of, en indien wel, uit watter sendingparadigma die CGKN in KwaNdebele sendingwerk doen nie. Tot op hede is dus nog nie deeglik oorweeg watter moontlike bruikbare gevolge die CGKN se sendingwerk vir missiologie oor die algemeen en die internasionale sendinggemeenskap inhou nie.

Uit die bostaande inligting kan tot die volgende slotsom geraak word:

- ’n Teologies-wetenskaplike ondersoek na die integrasie van Woord en daad in die CGKN se sendingwerk binne KwaNdebele kan moontlik bruikbare uitkomste vir internasionale sendingwerk aan die lig bring.
- Hoewel integrasie en effektiwiteit (doeltreffende sendingwerk) moeilik definieerbaar en meetbaar is in die lig van die Skrif, is dit wel moontlik en beslis nodig .
- Dit is onduidelik watter bydrae die CGKN se sendingwerk tot die uitbou van die reformatoriese missiologie wêreldwyd lewer.

### 1.3.2 Doelstelling

Die oorkoepelende doelstelling van die studie was om die integrasie van Woord en daad in die CGKN se sendingwerk binne KwaNdebele, Suid-Afrika, in die lig van die *missio Dei* te evalueer. Daarna het die navorser beoog om uit die bevindings ’n bydrae te lewer tot die ontwerp van ’n bruikbare model vir geïntegreerde sending wat die lewensgehalte van die mense in

KwaNdebele tot eer van God verhoog, terwyl dit deeglik met die betrokke konteks en kultuur rekening hou.

Sodoende was die studie se mikpunt om die motiewe agter die sendingwerk en die integrasie van holistiese sending (met hart, mond en hande) van die CGKN in KwaNdebele krities te beoordeel uit die *missio Dei*-perspektief. Die studie wou vasstel wat die praktiese uitwerking van die CGKN se sendingbediening op die lewe van die inwoners van KwaNdebele is, en of dit voldoen aan die Skriftuurlike vereistes vir holistiese Woordbediening – met hart, mond en hande.

Die sentrale vraag wat nagevors is: **In hoe ’n mate was en is daar van holisties geïntegreerde sending (met hart, mond en hande) sprake in die sendingwerk van die CGKN in KwaNdebele as dit uit die *missio Dei*-beginsel missiologies ondersoek word? Watter bydrae kan hierdie ondersoek tot reformatoriese missiologie lewer?**

Die vrae wat uit die sentrale vraag voortspruit:

- Is daar ’n Bybels-eksegetiese begronding van die *missio Dei* vir hierdie holistiese motiewe – die integrasie van hart, mond en hande?
- Wat was en is die sendingparadigma wat die grondslag lê vir die CGKN se sendingwerk in KwaNdebele?
- Watter uitwerking het die sendingwerk van die CGKN in KwaNdebele op die inheemse bevolking?
- Hoe kan die bevindings uit die prinsipiële studie en die evaluering van die sendingwerk van die CGKN in KwaNdebele ’n bydrae lewer tot ’n reformatories integrale sending met hart, mond en hande in die lig van die *missio Dei* binne KwaNdebele asook elders in die wêreld?

### 1.3.3 Doelwitte

Uit die oorkoepelende doelstelling kan die spesifieke doelwitte van die studie afgelei word:

- Begrond die *missio Dei* Bybels-eksegeties vir die integrasie van hart, mond en hande as onlosmaaklike eenheid:
  - Die doelwit met *hart* is om die skopus, motiewe en oortuigings (die visie) agter die sending aan te toon en sodoende te verstaan hoe die karakter van God regtig in die sending funksioneer en of daar ’n grondige sendingteologie ten grondslag lê van die sending wat reeds onderneem is.

  - Die doelwit met *mond* is om te peil in watter mate die Woordverkondiging uit die *missio Dei* plaasgevind het om dus primêr op Christus te fokus en sekondêr op die kerk en konkrete diens van barmhartigheid.
  - Die doelwit met *hande* is om ondersoek in te stel hoe die evangelie ook deur dade van barmhartigheid konkreet verkondig is.
- Ondersoek en ontleed die gevolge en uitwerking van geïntegreerde Woord- en daadbediening in die CGKN se sendingwerk binne KwaNdebele en maak gevolgtrekkings in die lig van die *missio Dei*.
- Lewer ŉ bydrae tot ŉ model vir geïntegreerde sending met hart, mond en hande in die lig van die *missio Dei*-beginsel sodat inwoners self as verantwoordelike rentmeesters in ŉ vry en gesonde gemeenskap tot eer van God kan leef en hulle roeping vervul.

## 1.4 Sentrale teoretiese argument

Die sentrale teologiese argument van hierdie studie lui soos volg: Wanneer sending holisties en integraal uit die *missio Dei* op die bediening van die versoening gerig is, sal die plaaslike inwoners, as herstelde rentmeesters in Christus en as koninkryksbouers, vir God verheerlik in die onderskeie verhoudings waarin hulle hul bevind tydens die lewe op aarde en in die ewige lewe.

## 1.5 Metodologie

Hierdie missiologiese studie word onderneem uit die perspektief van die reformatoriese tradisie.[3] Die volgende metodes word in die studie gebruik om die verskillende navorsingsvrae te beantwoord:

- Om die *missio Dei* vir die holistiese motiewe, Woord en daad, Bybels-eksegeties te begrond, is eerstens toepaslike Bybelse kernbegrippe geïdentifiseer en geëksegetiseer.
  - Eksegeties gebruik die navorsing die grammaties-historiese metode. Dit ontleed die oorspronklike taal deeglik en bepaal die betekenis daarvan. Die historiese situasie

3 In ander ekumeniese sendingkringe en sendingkonferensies, soos die Wêreldraad van Kerke, is ook oor hierdie onderwerp besin. Hierdie instansies het egter ŉ ander hermeneutiese perspektief gehandhaaf. Gevolglik sal dit nie hier bespreek word nie, omdat dit buite die skopus van hierdie studie val. Goheen (2000) toon in sy studie deeglik aan hoe Newbigin die Wêreldraad van Kerke op hierdie terrein beïnvloed het. Scarborough (2003) toon aan hoe die Wêreldraad van Kerke die wêreld begin inlei het in ŉ "een-wêreld-godsdiens".

van die skrywer en die hoorders word in gedagte gehou om vas te stel wat die skrywer vir sy gehoor bedoel en hoe hulle dit verstaan het (Helberg, 1983:110).
    - Die hermeneutiese riglyne waarvolgens die Skrif geïnterpreteer word, handhaaf die beginsel van Skrif-met-Skrif-vergelyking sodoende dat die onduideliker uitsprake in die lig van die duideliker uitspraak geïnterpreteer word, en die meer prakties-gerigte uitsprake in die lig van die meer prinsipiële uitsprake (Coetzee *et al.*, 1980:29).
    - Die navorser vereenselwig hom met Jordaan, Van Rensburg & Breed (2011:225 -258) se uiteensetting van Gereformeerde hermeneutiek.
- Tweedens is die literatuur ontleed in die lig van die *missio Dei*-beginsel soos verwoord in verskillende internasionale dokumente. Hier onder geld: die Micah Declaration oor Integral Mission; World Reformed Fellowship Statement of Faith; Lausanne Covenant 1974; Lausanne Movement Cape Town Commitment 2010; en The Mission of God (Birdsall, 1975; Birdsall & Brown, 2010; Goheen, Haw, 2001;2000; Logan, 2011:18-19; Wright, 2011).
- Derdens is die sendingparadigma asook die grondliggende teologie vir die CGKN se sendingbeleid en -werk binne KwaNdebele, sowel as die aard van die beleid en bediening, ondersoek en geëvalueer.
- Vierdens is die *missio Dei* vir ’n geïntegreerde aanpak van sending met hart, mond en hande, binne sinodebesluite, deputateverslae en -rapporte ondersoek asook deur onderhoude met sendelinge te voer. Hierdie gesprekke het skriftelik en mondeling geskied. (Afskrifte van verslae oor hierdie gesprekke is by die navorser beskikbaar.)
- Vyfdens is die sendingparadigma uit bogenoemde ondersoek en onderhoude vergelyk met ’n eie paradigma na aanleiding van die eksegetiese bevindings en die relevante missiologiese literatuur wat die navorser bestudeer het om in hoofstuk 5 van hierdie studie geldige gevolgtrekkings te bereik.
- Sesdens is die gevolge en uitwerking van geïntegreerde Woord- en daadbediening deur die CGKN se sendingwerk in KwaNdebele ondersoek en ontleed om konklusies te trek in die lig van die *missio Dei.* Daarvoor is ŉ empiriese ondersoek ingespan deur kwalitatiewe navorsing in KwaNdebele te doen. Die ondersoek is onderneem onder kerkleiers van die Gereformeerde Kerk KwaNdebele, die Onafhanklike Kerke in Afrika in KwaNdebele en wat aan die Mukhanyo Theological College gestudeer het.
- Laastens is uit die implikasies van die voorafgaande hoofstukke die buitelyne van ’n reformatoriese model voorgestel. Binne hierdie model sal geïntegreerde sending holisties (met hart, mond en hande) in die lig van die *missio Dei* uitgevoer kan word. Dit sal meehelp dat die inwoners as verantwoordelike rentmeesters in ŉ vry en gesonde gemeenskap tot eer van God kan leef. Hiervoor is die ingesamelde data gekeur en

georden deur analise, interpretasies, literatuur en die uiteindelike sintese wat daaruit voortvloei.

## 1.6 Hoofstukindeling

Die hoofstukindeling is soos volg:

1. Inleiding.
2. Die Bybels-eksegetiese begronding van *missio Dei* vir integrale verkondiging van die evangelie met hart, mond en hande.
3. Die integrasie van Woord en daad in die CGKN se sendingbeleid.
4. KwaNdebele-kerkleiers se evaluering van die CGKN se integrale sendingbeleid.
5. Samevatting en gevolgtrekking: Riglyne vir geïntegreerde sending in die lig van die *missio Dei.*

## 1.7 Begripsdefinisie

Hierdie studie gebruik “Woord en daad”, “woorde en dade” en “hart, mond en hande” **afwisselend** as aanvaarde sinonieme uitdrukkings. Dieselfde benadering word gevolg vir: integrasie, integraal, holisties en transformasie. Dit is nie hierdie studie se doel om die wêreldwye verskillende gebruik van hierdie woorde en uitdrukkings te ondersoek nie. Dit is goed dat daar wel 'n bewusyn bestaan van die verskillende terme waarby elk 'n bepaalde aksent belig asook eie beperkings handhaaf. Gefundeerde navorsing wat aanleiding gee tot ’n eenvormige gebruik van spesifieke woorde en uitdrukkings is sover bekend, nie gevind nie. Dit lyk of die terme wêreldwyd verskillend gebruik word vanuit 'n bepaalde teologiese konteks, historiese konteks en tradisie. In die Verenigde Koninkryk is *holistic, wholistic* en *transformation* aanvaarbare uitdrukkings. In Suid-Afrika word “holisties” gebruik, terwyl “holisties” in Nederland ’n negatiewe reaksie oproep. Nederland neig daarna om “integraal” te gebruik hoewel daar nog nie konsensus bestaan oor watter term alomvattende sending die beste in die Nederlandse taal uitdruk nie. Moontlik verduidelik dit waarom Nederlanders op die oomblik veral “integral mission” as uitdrukking gebruik. Wêreldwyd bestaan ook nog nie konsensus oor die gebruik van een term nie. Die onderwerp van hierdie studie wil juis die omvattendheid van sending bespreek en toepasbaar maak, met die gevolg dat nie bewus vir ’n spesifieke term gekies word nie. Só word die gevaar van verskraling en vormdenke vermy en die Bybelse openbaring van die verweefdheid van Woord en daad gevolg. By watter term ook gebruik word, behoort hierdie die leidende gegewe te wees. Die gebruik van die verskillende terme is dan volkome aanvaarbaar.

Die huidige navorsing tref nie onderskeid tussen die uitdrukkings "missionêr" en "missionaal" nie. Slegs "missionêr" word gebruik om verwarring te vermy by die Nederlandse lesers wat slegs "missionair" gebruik.

CGKN verwys na die Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland. Met DBZ word Deputaten Buitenlandse Zending van die CGKN bedoel.

Die 1983-Bybelvertaling word gebruik, behalwe waar "OAV" op die 1953-Bybelvertaling dui.

### 1.8 Skematiese voorstelling van die verhouding tussen 1, 3 en 5:

| **Probleemstelling** | **Doelstelling en doelwitte** | **Metode** |
|---|---|---|
| 1. Is daar 'n Bybels-eksegetiese begronding van die *missio Dei* vir die integrasie van hart, mond en hande? | 1. Om die *missio Dei* vir die integrasie van hart, mond en hande as onlosmaaklike eenheid Bybels-eksegeties te begrond. | 1. Identifikasie en eksegese van toepaslike Bybelse kernbegrippe.<br><br>Literatuurstudie in die lig van die *missio Dei*-beginsel. |
| 2. Wat was en is die sendingparadigma wat die grondslag gelê het vir die CGKN se sendingwerk in KwaNdebele? | 2. Om die sendingparadigma, die grondliggende teologie, ten grondslag van en die aard van die CGKN se sendingbeleid en -werk in KwaNdebele te ondersoek en te evalueer – in die lig van *missio Dei* vir sending met hart, mond en hande. | 2. Bestudering van sinodebesluite, deputateverslae en -rapporte asook onderhoude met beleidmakers. Vergelyking van die CGKN-sendinparadigma met erkende reformatoriese paradigmas soos uit die literatuur blyk. |
| 3. Watter uitwerking het die sendingwerk van die CGKN op die inheemse bevolking gehad? | 3. Om die gevolge en uitwerking van geïntegreerde woord- en daadbediening in die sendingwerk van die CGKN binne KwaNdebele te ondersoek en te evalueer en tot gevolgtrekkings te kom in die lig van die *missio Dei.* | 3. Empiriese navorsing onder leiding van die NWU in KwaNdebele onder:<br>a) kerkleiers<br>b) lidmate<br>c) gemeenskapsleiers en –verteenwoordigers |

| | | |
|---|---|---|
| 4. Hoe kan die bevindings uit die prinsipiële studie en die evaluering van die sendingwerk van die CGKN in KwaNdebele 'n bydrae lewer tot 'n meer geïntegreerde sending met hart, mond en hande, in die lig van *missio Dei* binne KwaNdebele en ander sendinggebiede? | 4. Om 'n praktiese model te voorsien vir geïntegreerde sending volgens die motiewe hart, mond en hande in die lig van die *missio Dei*-beginsel sodat die inwoners self as verantwoordelike rentmeesters in 'n vry en gesonde gemeenskap tot eer van God kan leef. | 4. Sintese van voorgaande hoofstukke en 'n bruikbare model vir geïntegreerde sending deur die ingesamelde data te keur en te orden. |

### 1.9 Vertroulike bronne: respondente

**Soos ooreengekom, word na die deelnemers aan die onderhoude slegs verwys as Respondent A – I om hulle vertroulikheid te beskerm en objektiewe beeldvorming te waarborg.** Die navorser het die onderhoude in Nederland en in Suid-Afrika binne 'n vertroude en rustige omgewing by elke respondent se huis of in sy kantoor gevoer. Hulle geskrewe toestemming, asook geluidsopnames en uitgeskrewe weergawes van die onderhoude is in die navorser se besit.

### 1.10 Leeswyser

Hierdie navorsing kan op verskillende maniere en vlakke gelees word. Behalwe om die kronologiese opbou van die navorsing te volg is dit moontlik om elke hoofstuk afsonderlik te lees. Dit is ook moontlik om by die Operasionele denkraamwerk (sien 5.4) te begin lees of dit vir praktiese toepassing te gebruik. Hiervanuit kan steeds 'n vlak dieper gelees word deur die Gevolgtrekkings en daarna die hoofstukke self te bestudeer om steeds meer insig te kry in die voorgestelde operasionele denkraamwerk.

# Hoofstuk 2

# WOORDSTUDIE OOR DIE BYBELS-EKSEGETIESE BEGRONDING VAN *MISSIO DEI* BETREFFENDE WOORD- EN DAADVERKONDIGING VAN DIE EVANGELIE

## 2.1 Inleiding

Die sendingwetenskap fokus wêreldwyd opnuut op die Bybelse fundering van die integrasie van Woord en daad in die verkondiging van die evangelie. Die eerste voorbeeld hiervan is de Lausanne-beweging, waar 4 200 kerkleiers van 198 lande van 16 tot 25 Oktober 2010 in Kaapstad, Suid-Afrika, vergader het om die wêreldwye kerk opnuut uit te daag "to bear witness to Jesus Christ and all his teaching – in every nation, in every sphere of society, and in the realm of ideas" (Birdsall & Brown 2010). ’n Tweede voorbeeld is die Miga-netwerk, ’n koalisie van kerke en organisasies wêreldwyd, wat hulle deurgaans vanuit Miga 6:8 verbind tot integrale sending "to grow together in their understanding and practice of Christian discipleship in a global world affected by consumerism, injustice, and oppression" (Haw, 2001; Padilla, 2012). Derdens is daar The Gospel Coalition, ’n gemeenskap van kerke, wat hulle daartoe verbind het om hulle geloof in die evangelie van Christus te vernuwe en om hulle bedieningspraktyke te hervorm dat dit volledig aan die Bybel se riglyne ondergeskik is. Hulle doelstelling is om die heerskappy van Christus oor die lewe in geheel met onbeskaamde hoop deur die krag van die Heilige Gees te vestig om enkelinge, gemeenskappe en kulture te verander. Hulle uitgangspunt is dat die waarheid "is correspondence between our entire lives and God's heart, words and actions, through the mediation of the Word and Spirit" (Peays, 2011:8, 12-13).

By die bogenoemde drie organisasies het verskeie publikasies oor integrale sending verskyn. Daarby word forumgesprekke op die internet en verskeie wêreldwye konferensies gehou met die doel om integrale sending vanuit ’n Bybelse basis te bevorder. ’n Aantal internasionale teologiese publikasies het onlangs verskyn en bespreek die Bybelse fundering van integrale sending. Hieronder geld die volgende: C.J.H. Wright, *The mission of God* (2011), *The mission of God’s people* (2010); T. Keller, *Generous justice* (2010); G. Verbeek, *Recht in overvloed* (2005); K. DeYoung en G. Gilbert, *What is the mission of the church?* (2011).

Die soektog na ’n fundering vir integrale sending dui aan dat daar tot onlangs nog algemeen sprake was van ’n dualisme in denke oor waar om sendingwerk se aksente te lê. ’n Vurige debat is tussen evangeliese en ekumeniese Christene gevoer oor die klem by hulpverlening aan

armes: barmhartigheid of geregtigheid? (Myers, 1999:5 e.v.; Verbeek, 2005:45 e.v.) Hierdie debat was die resultaat van ’n dualisme wat teoloë tussen die geestelike en wêreldse dimensies gehandhaaf het. Van der Walt (2012:479) meen tereg dat dit tyd is om finaal van hierdie dualisme afskeid te neem, omdat dit onbybels is om verkondiging en sosiale betrokkenheid te skei. Die woordstudie van Bybelse kernbegrippe in hierdie hoofstuk sal aantoon dat God volgens die Skrif sowel die barmhartige Vader is wat Hom ontferm, as die onpartydige Regter wat in geregtigheid oor onreg oordeel.

Die gesprek oor dualisme word steeds gevoer. Stetzer (2011) lewer indringende kritiek op DeYoung en Gilbert (2011) se dualistiese benadering. Battle (1999), Chester (2010) en Van der Walt (2012) gee verskeie voorbeelde van die uiteenlopende denke wat teoloë oor die integrasie van verkondiging en sosiale betrokkenheid nahou. Hoewel hierdie dualistiese kloof onderliggend is aan die hernude ondersoek en fundering van integrale sending, val ’n bespreking van beide benaderinge buite die vraagstelling van hierdie ondersoek. Hier word volstaan met Van der Walt (2012:482) se opmerking dat daar sedert die eerste dekade van die 21ste eeu ’n breë erkenning gekom het dat die materiële, sosiale en geestelike nood verweef is en tegelyk in ’n holistiese benadering gehanteer behoort te word, hoewel dit ongelukkig nog nie deurentyd in die praktyk gebeur nie.

Kerke in die Westerse wêreld het in die 21ste eeu, sterk onder invloed van die rasionalisme, gewikkel geraak in ’n dogmatiese en kerkregtelike stryd waarin die kerk as instelling sentraal staan. Hierdeur was die kerk veral intern en op eie behoud gerig, maar het onder druk van die missionêre opdrag ’n eie siening van kerkwees “gekopieer en geplak” op die gebied waar sendingwerk verrig word. Dit is gedoen sonder om werklik ’n gebalanseerde en gefundeerde Bybelse visie vir die integrasie van Woord en daad te formuleer en uit te bou.

Die eerste vraag vir hierdie navorsing: Is daar ’n Bybels-eksegetiese begronding van die *missio Dei* vir die genoemde holistiese motiewe – die integrasie van hart, mond en hande? Die doel van hierdie hoofstuk is: Begrond die *missio Dei* Bybels-eksegeties met die doel op die integrasie van hart, mond en hande as onlosmaaklike eenheid.

Tensy anders vermeld, verwys die Bybeltekste in die huidige studie na die Nuwe Afrikaanse Vertaling van die Bybel 1983 (NAV). Sommige bronne waarna verwys word, bevat nie bladsynommers nie. Dit geld veral elektroniese bronne, soos die Logos Bible Software 4 en 5 en oudiovisuele media. Gevolglik is dit nie moontlik om na spesifieke paragraafnommers te

verwys nie. Hier volg die studie die voorskrifte van die NWU se Verwysingsgids[4] 4.3 en 4.12.3 deur in die bronnelys te verwys na die ooreenkomstige elektroniese bron waardeur die inligting gevind kan word.

### 2.2 Grafiese uitbeelding

Hierdie skematiese uitbeelding (Figuur 2-1) op die volgende bladsy gee 'n visuele oorsig oor en die onderlinge verhoudinge van die hoofelemente in hierdie hoofstuk. Die *missio Dei*-perspektief is rigtinggewend en oorkoepelend in die navorsing. Die 15 Bybelse kernbegrippe word bestudeer in hierdie perspektief, terwyl die verhouding tussen hart, mond en hande aan die hand van hierdie begrippe ondersoek word. Die kernbegrippe is ook onderling in hul uitwerking met mekaar verbind. Die konsep wat in hierdie beeld gebruik word sal met 'n meer uitgebreide beeld (Figuur 2-2) aan die einde van die hoofstuk aangevul word.

[4] Larney, T. 2012. NWU verwysingsgids. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.




**Figuur 2-1:** **Sambreel**

## 2.3 Missio Dei

Die *missio Dei*-perspektief oorkoepel integrale sending met hart, mond en hande. Anders gestel bied dit 'n stewige fundering om holistiese sending so te verstaan. Dit help dat sending nie in 'n metodistiese, tyd- of modegebonde formalisme verval of aan Westerse of Derdewêreld kultuurvorms gebind is nie. Die vraag na sending se eie aard raak ook die vraag na die grens waar sending in hulpvoorsiening oorgaan, aldus de Jong (1996). Daarom is dit noodsaaklik om die *missio Dei* te verstaan met die oog op integrale sending, omdat hierdie siening ook praktiese perspektiewe op missionêre werk oopmaak.

Integrale sending vanuit die *missio Dei* beskou, begin in die verstaan dat God die wêreld in sy almag en genade omhels en integraal herskep in ’n nuwe hemel en nuwe aarde. God gebruik die kerk as sy instrument binne sy groter plan (missie). Daarom moet dit duidelik wees dat God nie ’n missionêre *taak* vir sy kerk het nie, maar ’n *kerk* vir sy missionêre taak. Sending is nie vir die kerk gemaak nie, maar die kerk is vir God se sending gemaak (Kirk, 1999:23-37; Wright, 2011:62). Alle vorms van menslike sendingwerk is deelname aan, en dus ’n verlengstuk van God se sendingwerk waarin Hy Hom volledig, verbondsmatig en ewig aan die missie verbind om alle volke deur die nageslag van Abraham te seën (Gen. 12:3; Matt. 28:19; Hand. 1:8; sien ook Wright, 2011:63). Alle sendingwerk begin en eindig by God en is daarom teosentries en Trinitaries bepaal (Bosch, 1991:10; Wright, 2011:65). God is die eintlike Sendeling (De Jong, 1996). Die kerk is God se instrument om mense en volke te seën (Wright, 2011:253). Die kerk *doen* nie sending nie, maar *deel* in God se sending (De Jong, 1996). Ferdinando (2008) gebruik in hierdie verband die term “medewerker” met verwysing na 1 Tessalonisense 3:2: “Ons het vir Timoteus, ons broer en medewerker in diens van God, wat saam met ons die evangelie van Christus verkondig, na julle toe gestuur om julle in julle geloof te versterk en moed in te praat.” Integrale sending is nie ’n idee, wens of metode van die kerk om mense in geestelike of materiële nood te help nie. Dit gaan oor God wat die Subjek en Inisieerder is wat sy kinders aan Hom verbind het (Gen. 12:3) nog voordat die wêreld geskep is (Ef. 1:4) en hulle op hierdie manier ’n nuwe hemel en nuwe aarde laat sien (Op. 21:1).

Integrale sending uit die *missio Dei*-perspektief is ’n teologiese verstaan van die rede en die manier waarop God sy kinders met ’n missionêre opdrag na die hele wêreld stuur. Dit is om aan alle mense goed te doen tot eer en verheerliking van die Here. Volgens Stetzer (2011) vereis so ’n Bybels-teologiese bewysgrond vir die kerk se sending ’n stewige raamwerk gewortel in die verhaal van die Bybel wat die aspekte skepping, koninkryk, verlossing, herskepping met mekaar verbind om sodoende tot ’n kragtige visie te kom om van alle mense dissipels te maak. Integrale sending is geïnisieer deur God, aangestuur deur Jesus Christus, die Seun van God, bekragtig deur die Heilige Gees en uitgevoer deur die kerk, God se instrument (Kelly, L. 2012). Voeg hieraan toe: met die oog op die nuwe hemel en die nuwe aarde.

Goheen bepleit (2000:162-163) tereg, in kritiek op Newbigin, ’n volledig en gebalanseerde Trinitariese uitwerking van die *missio Dei,* sodat die skeppings- en voorsieningswerk van die Vader en die getuigende taak van die Heilige Gees in die wêreld en in die kerk nie die Christologiese fokus inboet nie. Hieruit kan afgelei word dat ’n volledig én gebalanseerde Trinitariese uitwerking van die *missio Dei,* die volgende insluit: die skeppende en voorsieningswerk van die Vader, die getuigende werk van die Heilige Gees saam met die getuienis van Jesus oor die koninkryk in lewe, Woord en daad. Alvarez lê dieselfde Trinitariese

aksent, maar trek die lyn verder deur. 'n Gebalanseerde fokus op die Trinitariese geloof lei tot ’n gesonde nuwe wêreldorde (2013:249). Dit beteken dat integrale sending nie net ’n kwessie is nie van “learning about effective social skills or implimenting attractive programmes” (2013:250). Gelowiges moet besef dat die plan vir die nuwe lewe reeds in God self bestaan en dat Christus die kern daarvan is. Hierdie aspekte kry ’n integraal en omvattende, diep en kragtige dimensie in die woorde en dade van getuigende gelowiges.

Die feit dat God as die Opdraggewer sy kerk na alle nasies toe stuur het “all kinds of practical implications for church life, including its worship. Moreover, they speak of the church as a missional church, i.e. a community of God's people that defines itself, and organizes its life around its real purpose of being an agent of God's mission to the world” (Doornenbal, 2012:2). Wanneer kerke hierdie wesenlike aspek besef, sal dit revitaliserend en reformerend op alle kerke inwerk, of hulle sendend is of sending ontvang. In hierdie verband is dit sinvol om na G. Voetius te verwys wat na bewering die eerste is wat oor *missio Dei* gespreek het. Sy sendingsbegrip was breed en was op binneland en buiteland gerig. Volgens Wierda (2001:7) behels sending vir Voetius (1910) die volgende:

> Alles wat met “zenden” te maken had. Missie is alles wat geschiedde tot bevordering en bevestiging en voortplanting der Reformatie; gelijk ook de uitzending naar Indië en andere Oosterse landen, tot opbouw der reeds gevestigde kerken en planting van nieuwe kerken’. Voetius formuleerde als doel van zending: de bekering van niet-christenen en het planten van kerken, tot eer en verheerlijking van God en zijn genade. Het is opvallend dat Voetius zo’n sterke verbinding legde tussen het tot bekering brengen en het planten van kerken. De kerk was voor hem de enige die de opdracht van zending had. Gevolg van dit denken was ook dat een nieuw gestichte kerk op voet van gelijkheid stond met de kerk van waaruit die kerk was gesticht. Zending was voor Voetius primair theologisch gefundeerd: het vloeide voort uit het hart van God. Voetius kan zo worden gezien als een eerste exponent van wat we tegenwoordig ‘missio Dei’ noemen.

Voetius het ook mediese dienste gesien as deel van die *missio Dei.* As Voetius vandag in Afrika geleef het sou hy heel moontlik Woord en daad geïntegreer het in byvoorbeeld hulp aan armes en bystand aan MIV/Vigspasiënte. Uit Hoofstuk 3 al blyk dat die Deputaten Buitenlandse Zending (DBZ) van die CGKN nie kennis gedra het van Voetius se sendingteologie nie.

God se missie behels die verlossing van die volke en herstel van die skepping (Wright, 2011:382). Vermeulen se siening is dat God die mens (indiwidueel, en gemeenskaplik) geskep het om vry te wees, om te lewe en te glo (Vermeulen, 2002:1). Tog moet hierteenoor gestel word dat dit ’n sekondêre en afgeleide waarde is en dat God die mens in die eerste plek geskep

het om sy beeld te wees, Hom in die skepping te verteenwoordig en sodoende te eer. Hierdie *missio Dei*-doel moet ten grondslag van en ook die fokus van integrale sending wees. Die mens se vryheid, geloof en lewe is nie 'n doel op sigself nie, maar is eerder die uitwerking van die groter doel soos dit vroeër gestel is. Hierdie perspektief is noodsaaklik vir 'n gebalanseerde en juiste verstaan van missionêre bediening met hart, mond en hande.

In hierdie verband wys Ferdinando (2008) daarop dat die gevolge van die *missio Dei* nie gesien moet word as "primarily the reconstruction of human societies within history". God gryp soewerein in om te red en te oordeel, sondaars te versoen en 'n nuwe gemeenskap te skep: "It is the abstract idea of God being king, his sovereignty, his control of his world and its affairs. We may seek it, pray for it, preach it, enter it, but men do not create or achieve it" (France, 1984:32, 41). Die teenwoordigheid van God se heerskappy word bevestig deur kragtige dade en woorde wat dit interpreteer en duidelik maak (Bosch 1991:418; Goheen, 2000:282; Newbigin, 1983:6). Hieruit blyk die belang van 'n integrale koninkrykgerigte bediening met hart, mond en hande. In hierdie bediening is die koms van die koninkryk in Christus sentraal en sal ook slegs kom wanneer Christus as Koning erken word.

Vanuit die *missio Dei*-perspektief is integrale sending se taak veral geestelik en ewig gefokus en is die einddoel daarvan nie aards en tydelik nie. Tog word hierdie hele lewe voor God geleef en is God ewe soewerein en integraal by politiek as emosies betrokke, omdat die aarde en alles wat daar woon aan die Here behoort (Ps. 24:1). Christene leef nie in 'n geestelike vakuum nie. Daarom: uit die ewige perspektief moet sending wel op die aardse aspekte van die menslike lewe gerig wees (Wright, 2011:306-307). Op hierdie manier word die aardse lewe voluit in gelowige gehoorsaamheid tot eer van God geleef en tegelyk met die hoop op die nuwe hemel en die nuwe aarde. Integrale *missio Dei* binne 'n spesifieke sendingkonteks werk met die "nou", "nou reeds" en die "nog nie".

God wil egte verandering in mense se historiese situasie teweeg bring en hulle tegelyk in 'n nuwe verhouding met die lewende God bring (Wright, 2011:271). Integrale *missio Dei* as sending toon dieselfde volkome betrokkenheid by en sorg vir menslike nood as wat God in die geskiedenis getoon het en vereis gevolglik integrale bediening met hart, mond en hande.

Volgens die skeppingsopdrag is dit die mens se taak om die aarde te vul, te onderwerp en daaroor te heers (Gen. 1:28; Ps. 8:7). Om mens te wees, is om 'n doelgerigte rol in God se skepping te vervul (Wright, 2011:65). Hieruit vloei onder meer die volgende menslike opdragdimensies: ekologiese verantwoordelikheid; ekonomiese aktiwiteit van werk, produktiwiteit en handel; politieke betrokkenheid; tegnologiese aktiwiteit asook die kulturele mandaat. Volgens Ferdinando (2008) hou dit belangrike gevolge in vir die missiologie as

teologiese dissipline wat die Christelike lewe in volle omvang omvat en bedien soos gelowiges hierdie bestaan uitleef in die wêreld wat God gemaak het. Dit is wel ’n goeie strewe om God in ’n mens se hele lewe met hart, mond en hande te dien. Tog bevat hierdie siening volgens Ferdinando ’n teologiese swakheid: die sendingkonsep word hierdeur té breed gedefinieer. Dit is gevolglik minder sekuur en kom opgeblaas voor. Aan die ander kant kan ’n té breë basis geen rede wees om integrale sending af te wys nie. Die verantwoordelikheid vir ’n stewige begronding vir sodanige sending is soveel groter. Wright gee ’n uitgebreide eksegetiese uitleg van hierdie breë basis deur op Israel se taak te wys om ’n lig vir die wêreld te wees om alle volke te seën en die skepping te herstel (Wright, 2011:31, 251). Dit beteken ten diepste dat God se kinders voor die volke God se plan uitleef (Wright, 2011:470), met die gevolg dat Israel se lewe ’n integrale getuienis na alle volke word van die Drie-enige God wat as Skepper van hemel en aarde betrokke en besig is.

God se missie is om alle volke wat Hy uitverkies, verlos en aan Homself verbind het in ’n verbondsverhouding deur sy kinders te seën. Sy kinders moet hierop reageer, omdat God die drie pilare van hulle geloof en identiteit – roeping, verlossing en verbond – aan sy missie verbind. Die etiese uitdaging vir God se kinders is om te erken dat God se missie die hartklop vir hulle bestaan vorm en om gepas te reageer sodat hulle hierdie missie tot uitdrukking bring en fasiliteer (Wright, 2011:357). In hulle manier van leef en voortleef weerspieël God se kinders sy eie aard (Wright, 2011:368). Hier moet gedink word aan die verbondsluiting waar God beloof om ’n God en Vader te wees en dat hulle sy kinders sal wees (Gen. 12:2; Gen. 17:4-8). In Lukas 11:3-4, 11-14 vergelyk Jesus ’n vader se gewone daaglikse en emosionele sorg vir sy kinders met God die Vader se sorg vir sy kinders. Jesus doen dit deur daaglikse brood, sondevergewing, vis en ’n eier saam te noem en daarop te wys dat die Vader in die hemel, meer as aardse vaders, die beste aan sy kinders op aarde wil gee. Hieruit kan ’n mens met reg aflei dat die verbondsverhouding die mens se lewe integraal met hart, mond en hande insluit en nie slegs tot die geestelike of prakties-sosiale dimensie beperk is nie.

Sending is dus God se manier om die probleem van ’n gebroke mensheid geestelik en prakties te hanteer (Wright, 2011:328). Sending as onvermydbare imperatief is gefundeer in die verbondsmatige heerskappy van Jesus Christus as Koning. Christus se taak is om gemeenskappe van verbondsgehoorsaamheid aan die Here tussen die volke daar te stel – gemeenskappe wat hulleself in ander kontekste herhaal (Wright, 2011:355). Volgens Goheen (2000:283) het Woord en daad in die sendingtradisies van die Westerse kerk geskei geraak en is die oplossing hiervoor dat hierdie kerke terugkeer na die kern in Jesus se prediking: die goeie nuus van die koninkryk van God. Ook Tizon beklemtoon die noodsaak dat Westerse kerke integraal moet dink deur ’n “rediscovery of wholeness” (2008:154) teenoor die sterk

verligtingsdenke en digotome wêreldbeskouing terug na die fokus op "wholeness that characterizes God, humanity, church mission, and the world" (Tizon, 2008:153). Hierdie herontdekking lei daartoe dat twee derdes van die wêreld se kerke hulle eie kulture teologies herwaardeer. Dit is God se missie met die ontstaan van verskillende kulture.

Goheen se stelling is kern tot die verstaan van integrale woord- en daadbediening in *missio Dei*-perspektief wanneer hy bevestig dat Christus se dood en opstanding die kern van die verlossende geskiedenis vorm:

> On the one hand, the death and resurrection of Jesus are the culmination of Jesus' kingdom mission. On the other hand, the kingdom mission of the church cannot begin until Jesus has defeated the powers that oppose the reign of God. Together, the death and resurrection of Jesus stand at the centre of redemptive history (Goheen, 2000:146).

Wanneer hierdie kardinale fokus in die missionêre werk uit die oog verloor word, verval die krag en uitwerking van die *missio Dei.* In hierdie fokus moet woord- en daadbediening geheel en al in die Drie-Eenheid gefundeer wees.

Die kruis van Christus "was the unavoidable cost of God's total mission" (Wright, 2011:312, 314) om mensdom integraal in hulle volledige bestaan te verlos. Die volgende onderwerpe dui hierdie integrale doel van die *missio Dei* aan:

- om die skuld van menslike sonde te vernietig deur vergewing en regverdiging aan skuldige sondaars te skenk;
- om die mag van bose kragte en magte te oorwin;
- om die dood te vernietig;
- om vyandskap en vervreemding tussen Jood en heiden te vernietig deur een mensheid wat deur vrede aan mekaar verbind is te skep;
- om die hele skepping te genees en te versoen (Wright, 2011:312-314).

God wil sodoende gemeenskappe daarstel wat deur sy eie aard eties gevorm word, waar veral aandag is vir geregtigheid en regverdigheid in 'n wêreld vol onderdrukking en onreg. Slegs sulke nuwe gemeenskappe kan tot seën vir die volke wees, aldus Wright (2011:369).

Integrale *missio Dei* se woord- en daadbediening vra waar elke menselewe in God se sending inpas. Sodoende soek dit na 'n leefstyl wat in God se groot missie inpas tot voordeel van die hele skepping. Hierdie integrale bediening wil die lewe van die mens aanpas by die Bybelse boodskap as die egte werklikheid, want dit aanvaar dat God die wêreld verander om die vorm van die evangelie aan te neem. Mense word uitgedaag om hulle af te vra of hulle lewe op aarde

voor God in ooreenstemming is met God se sending wat van skepping tot kosmiese transformasie strek en uitloop op die koms van ’n nuwe hemel en ’n nuwe aarde (Wright, 2011:533, 544). Vir hierdie doel is die kerk God se instrument en dus nie in die eerste plek kerk vir die wêreld nie, maar kerk vir die Here in die wêreld! Daarom is *missio Dei* God se sending wat uit Jesus se proklamasie voortvloei dat Hy alle gesag (πᾶσα ἐξουσία) ontvang het (Buys, 2013:5). Die kerk is die verkose liggaam om hierdie evangelie bekend te maak (Vermeulen, 2002:3).

Die sending van die kerk geskied strenggesproke om die Woord te verkondig en in breër opsig is Christene se taak om in die wêreld met woorde en dade te dien en om saam geregtigheid toe te pas (Keller, 2011:216-218). Volgens Stetzer (2011) lei Woordverkondiging noodgedwonge tot navolging van Christus op die onderskeie terreine van die lewe. Vir De Jong (1996) hou dit in dat die kerk aansluit by die lyding in die wêreld en in mense se swaarkry moet deel. Op dié manier word die kerk saam met hierdie mense deelgenote van God se lyding in die wêreld. Die belangrikste saak is egter dat die kerk as instrument in die *missio Dei* die lewe van, met, in en deur God beliggaam as getuienis wat holisties geskied uit hart, mond en deur dade (Hand. 1:8).

Vir de Jong (1996) behels sending nie soseer *missio Dei* nie, maar *missio Christi* met verwysing na Johannes 20:21 waar Christus die apostels gestuur het om kerke te plant (Hand. 13:1-2). De Jong verwys voorts na Matteus 28:18-19 en Johannes 17:22 en lei af dat dit die eerste en hooftaak van die sending is om kerke deur Woordverkondiging te plant en ordelik in te rig. Dit is die *missio Christi* wat ’n stewige ekklesiologiese fundering voorafgaan. Nadat die kerke formeel gestig en georden is, kan ander vorms van hulpverlening en steun verleen word. Hierdie bediening is egter nie meer sending nie, maar ’n vorm van post-sending. Hoewel steun en versorging nie onbelangrik is nie, behels dit nie sending nie en moet dus geïnstitusionaliseer word ter wille van verantwoordelikheid en rekenskap.

De Jong hou hier egter nie rekening met die eenheidsverband tussen die skeppingsopdrag, die *imago Dei,* die kerk as *missio ecclessia* en die sending nie soos dit in die Drie-Eenheid gefundeer is. Daardeur verskraal hy Christus se taak en rol, hoewel hy juis tereg die voorrang en hoër waarde van Christus probeer beklemtoon. Verder hou hy in sy geïnstitusionaliseerde siening van die kerk en sending nie rekening met kontekstualisering en verskillende kulture waarin instellings ’n onbekende en ongewaardeerde verskynsel is nie – juis omdat die medemenslikheid, byvoorbeeld die *Ubuntu*-gedagte, die instellings voorafgaan. Westerse Reformatoriese kerke worstel daarteenoor juis met die neiging om die kerk te institusionaliseer. *Missio Christi* is onlosmaaklik verbind aan en maak onderdeel uit van die *missio Dei;* ook verhelder dit die plek en taak van die kerk daarin. Gevolglik kan dit ook so gestel word dat die *missio Dei* van ’n *missio Christi* en ’n *missio ecclessia* uitgaan waar laasgenoemde twee

aspekte ’n eie plek binne die *missio Dei* het. Dit blyk uit Efesiërs 1:22 waarvolgens God as Subjek alles aan Christus onderwerp as Hoof van die kerk. Die volgorde God, Christus, kerk is hier belangrik.

Die fokus is dus op die tweevoudige verhouding van die kerk van God in Christus én die plek wat dit inneem by barmhartigheid en geregtigheid waar die kerk geroep is. Hierdie fokus vra aandag vir die eenheidsverhouding tussen Woord en daad. Mense moet bekwaam wees om te sien dat om lidmaat ’n Christelike gemeente te wees beteken dat hulle na hulle naaste omsien in dieselfde sin wat hulle tydens die eredienste in aanbidding en bediening van die Woord en sakramente deelneem. Die Woord en sakramente word, volgens Newbigin (1994:36), inhoudloos as gelowiges nie deel van ’n versorgende en omgee-gemeente is nie. Ma (2011:259) trek die integrale missionêre taak selfs verder deur wanneer hy wys op die noodsaak “to incorporate concern for the environment into holistic biblical thinking, and to expand ‘word, deed, and sign’ perhaps to ‘word, deed, sign, and stewardship’, or if one wishes, ‘word, work, wonder, and world’.” Dit gaan egter oor die feit dat, soos Newbigin dit stel, beide woord en daad dieselfde werklikheid aantoon: die aanwesigheid van die koninkryk van God (1982:146). Johannes die Doper se oproep tot bekering en die eis om vrugte as bewys daarvan te dra, is juis gerig op hierdie werklikheid van die koms van die koninkryk in Jesus (Matt. 3:2, 8). Newbigin wys daarop: “The kingly power of God is present in mighty acts and in words that interpret those acts. Neither can be subordinated in principle to the other” (1982:146).

Dit is wesenlik aan die kerk se aard om die wêreld met die goeie nuus oor Jesus Christus te dien deur dade van goeie werke, verkondiging en deur te getuig. Die prediking van die koms van die koninkryk verduidelik die dade van die kerk, soos genesing, uitdryf van bose geeste, voedselverskaffing en opstanding uit die dood (Goheen, 2000:282). Vanuit die *missio Dei*-perspektief is dit egter meer korrek om te sê dat die prediking van die koms van die koninkryk die volgende doen: Die kerk verduidelik God se dade deur genesings, uitdrywing, opstanding uit die dood en voedsel te verskaf. Die dade wys daarop dat iets gebeur het wat verduideliking en verkondiging van die kerk vra. Hierdie reaksie kan volgens die onderskeie kontekste verskil, afhangende van God se bedoeling op daardie bepaalde tyd en plek (Vermeulen, 2002:1).

By die kommunikasie van die Woord in integrale sending uit ’n *missio Dei*-perspektief hoort woorde en dade gevolglik bymekaar. Die woord is noodsaaklik, omdat die naam van Jesus nie deur enigiets anders vervang kan word nie (Rom. 10:14). Newbigin meen gevolglik tereg, die woord is “equally essential because the gospel is the good news of the active presence of the reign of God, and because this presence is to be made manifest in a world that has fallen under the usurped dominion of the evil one” (Newbigin, 1982:148). Jakobus 1:19-27 en 2:14-26 bevestig hierdie wesenlike noodsaak. ’n Kerk wat sendingwerk verrig, moet die verkondiging

integreer met die toerusting van die ontvangers en hulle begelei tot ’n leefstyl wat met die Woord ooreenstem. Daarby moet die kerk ook dade uitvoer wat die verkondiging bevestig. Stetzer toon aan dat integrale sending beteken om aansluiting te vind by mense se bestaande nood, deur te meld: “The life of disciples will always produce work unique to its time and place, relating to the various needs and corruptions in the world around us. And such work is not only the fruit of discipleship, but is also, through modeling, part of the process of making disciples” (Stetzer, 2011). Hiervolgens kan gestel word dat integrale *missio Dei*-bediening werk op maat is, waar die onveranderde Woord aansluit by die nood en behoeftes van die ontvangers daarvan.

Hierdie holistiese missionêre hermeneutiek vereis ’n gebalanseerde benadering wat die geestelike, politieke, ekonomiese en sosiale dimensies in gedagte hou waarin mense hulle bevind in ooreenstemming met die kultuurmandaat (Gen. 1:28; sien ook Wright, 2011:275-276). Die materiële situasie val ten volle onder God se missie, eweveel as mense se geestelike situasie (Wright, 2011:286). Die mensdom se grootste nood is dat hulle sondes vergewe word en dat hulle leer om integraal in die regte verhouding met God in Christus deur die krag van die Heilige Gees te leef, en só verseker is van ’n toekoms met God in die hemel. Dit hou ook in dat mense moreel uitgedaag word om met integriteit in die sosiale, ekonomiese, en politieke wêreld om hulle te leef. Daarby word mense missionêr uitgedaag om aktief besorg te wees oor sosiale geregtigheid en medelye vir ander te toon (Wright, 2011:287,288). So ’n holistiese bestaan is die doel van integrale *missio Dei*-bediening, sodat die mens in diens van God kan staan – volkome voorberei en toegerus vir elke goeie werk (2 Tim 3:17).

Woord en daad is volgens die *missio Dei* onlosmaaklik verbind in die kerk se sending: “To set word and deed, preaching and action against one another is absurd” (Newbigin, 1989:137 soos gesiteer deur Goheen, 2000:282). Die eskatologiese idee van verlossing omvat die matriks van die geestelike en materiële lewe en is daarom holisties en omvattend (De Jong, 1996). Teenoor hierdie omvattendheid en verweefdheid van Woord en daad, stel De Jong (1996) dat hierdie twee aksies bymekaar hoort. Dit moet soveel moontlik in harmonie saamwerk wanneer sendelinge die woord verkondig en die diakens die praktiese dade verrig. In hierdie dualistiese benadering van de Jong (1996) is Woord en daad egter nie verweef en integraal nie, maar twee losstaande aktiwiteite. Hoewel hy dit inhoudelik verbind, dink hy dit eers los van mekaar. Hierdie benadering stem nie ooreen met 2 Timoteus 3:16-17 nie, waar Paulus onderrig, lewenswyse, diens en goeie werk saam noem by die doel van die Bybel. Ook in Johannes 12:37-50 is dit duidelik as Jesus die aanvaarding van sy woorde verbind aan die voetwassing van die dissipels met praktiese diensbaarheid as logiese eenheid en gevolg van hierdie handeling. Jesus se

onderrig is hier integraal: die integrasie van woorde en dade dien as onderrig om dit ook aan ander te leer.

Met verwysing na Stott (2008:35) wat by Lausanne aansluit, wys Ferdinando (2008) op die gevaar om sosiale aksie (dade) gelyk te stel aan evangelisasie (woorde), omdat verkondiging uiteindelik die hoofsaak bly. Deur ’n té breë visie op sending loop kerke die gevaar om afgelei te word deur té veel aktiwiteite en fokus te verloor op die kerntaak, naamlik om dissipels te maak. Hierdie beswaar van Ferdinando (2008) hou slegs water wanneer so ’n té breë visie op sending nie Trinitaries geanker en nie op die herskepping gefokus is nie. Gevolglik pleit dit vir ’n deeglik gefundeerde integrale verankering van bediening van die koninkryk met hart, mond en hande. In so ’n bediening behels die dade ’n toepassing en verduideliking, en dus ’n verlengstuk, van die verkondiging. In hierdie verband betoog Bosch dat bekering, groei van die kerk, die koninkryk van God, die ekonomie, die maatskappy en die politiek wel die kerk se saak is. Die verkondiging van hierdie dimensies moet egter só geskied dat dit mense uitbring by die kruis waar oordeel, nederigheid, verfrissing en nuwe geboorte plaasvind (1991:519).

Newbigin (1977:94) en die Lausanne Committee for World Evangelization and the World Evangelical Fellowship (1982) wys daarteenoor op die belangrike nuanserende feit dat nie elke woord noodwendig ’n daad tot gevolg het nie; ook dat nie elke daad uitleg nodig het nie. Integrale *missio Dei-* bediening moet nie ’n geforseerde metodisme wees waar woorde in al die gevalle dade vereis en andersom nie. Dit is belangrik om te verstaan dat woorde en dade maniere is waarop die Heilige Gees oor God se koninkryk getuig (Goheen, 2000:283, Newbigin 1982:146-148). Met so ’n insig sal ’n spontane en natuurlike wisselwerking plaasvind tussen woorde en dade, volgens die bedoeling van die Gees en deur die gelowiges as kinders van God (Rom. 8:4, 10, 14, 27).

Integrale bediening uit ’n *missio Dei*-perspektief daag die hoorders uit om die onderskeie terreine van hulle lewe aan die koninkryk te onderwerp: “A preaching of the name of Jesus which does not challenge this usurped dominion, which does not arise from the common life of the body of the risen Lord where the dominion is challenged and resisted and where the wounds of that conflict are being patiently suffered in the name and in the power of Jesus, is false” (Newbigin, 1982:149). Die prediking van die Woord moet op die mens se lewe in geheel gerig wees en nie net op die persoonlike verlossing deur vergewing van die sondes nie. Anders oefen daardie verkondiging nie invloed uit op die praktiese geregtigheid in die lewe nie en leer dit mense nie in vrede met God en in hoop op Hom leef nie. Gevolglik word die *missio Dei* nie uitgevoer nie: “A preaching of personal salvation that does not lead the hearers to challenge the monstrous injustices of our society is not mission in Christ's way (Goheen, 2000:284). Dit is goedkoop genade, volgens Newbigin (1987:9). ’n Ander slaggat is dat die *missio Dei-motief*

maklik kan ontaard in die regverdiging deur dade indiwidue en van die kerk (Vermeulen, 2002:3). Daarom moet ’n integrale bediening vanuit die *missio Dei* nie slegs bewustelik Trinitaries veranker wees nie. Elke daad behoort bewus en gemotiveerd te fokus op die doel van die *missio Dei:* verheerliking van God. Stetzer stel hierdie fokus duidelik “The Scripture honors the way good deeds extol the gospel in the midst of unbelievers” (Stetzer, 2011).

Integrale woord- en daadbediening hou rekening met kontekstuele toepassing in die lig van die *missio Dei*-motief. Vir Doorenbal lê die vraag na die Bybelse en teologiese fundering van die *missio Dei* op een lyn met die vraag na die gevolge wat dit inhou vir die strukture, leierskap, die opleiding van leiers, maar ook die vraag na die kontekstuele toepassing van sendingwerk in verskillende kontekste (2012:3-4). Vanuit die visie op missionêre leierskap in die lig van die *missio Dei,* betoog Doornenbal: “Participants are to be equipped for interpreting and engaging culture, and to live the gospel in word and deed in their own contexts and work places” (2012:19). Vanuit die *missio Dei*-perspektief hou integrale sending met die diverse kontekste en kulture rekening.

Verlossing is beide ’n huidige werklikheid en ’n toekomstige hoop. Sodoende lei verlossing tot ’n hernude verhouding met God en ’n nuutgestigte harmonie en geregtigheid tussen mense en tussen die mens en die res van die skepping. Hierdie nuwe verhouding is “comprehensive in scope and restorative in nature, to be both continuous and discontinuous with our present creational life” (Goheen, 2000:295). Saamgevoegde woord- en daadbediening geskied uit ’n Bybelse visie op die toekomstige werklikheid van die koninkryk van God wat die menslike geskiedenis voltrek (Goheen, 2000:284; Newbigin, 1993:9). Dit is die kerk se opdrag om die evangelie uit ’n *missio Dei*-perspektief met woorde en dade te verkondig. Die kerk doen dit in die lewende verwagting dat hierdie werk met die wederkoms van die Messias vrugte sal oplewer. Die Messias is deur die Heilige Gees toegerus om hierdie werk in die ewige lewe in te lei (Vermeulen, 2002:3). Sodoende sal God geëer en verheerlik word deur die lewens wat Hy tot sy eer geskape het.

Die boodskap van verlossing verkondig die volgende:

- God is besig om ter wille van sy eer;
- op grond van Jesus Christus se lyding, dood en opstanding;
- deur die Heilige Gees wat die kerk toerus as God se instrument;
- met woorde en dade van liefde en geregtigheid;
- mense uit elke volk en taal en nasie bymekaar te maak en te verenig;
- om God ewig in ’n nuwe skepping te dien en aanbid.

Om saam te vat: Die *missio Dei* bied ʼn kragtige en Godgesentreerde benadering vir die identiteit, plek en taak van die kerk van Christus in God se sending. Geïntegreerde missionêre bediening is daarop gerig om die geheel van die sondige, gebroke menslike lewe met hart, mond en hande te bedien deur die verkondiging van die lewende Drie-enige God en sy groter plan met sy skepping.

Hier geld die vraag dus: Kan die verskillende Bybelwoorde wat vir sending van belang is meer bekendmaak oor die integrasie van Woord en daad wanneer hierdie begrippe uit ʼn *missio Dei*-perspektief verstaan word? Hieruit volg die vraag: Wat hierdie begrippe ʼn mens oor integrale sending leer?

## 2.4 Skriftuurlike besinning

ʼn Bybels-teologiese begronding vir basis-teoretiese uitgangspunte is nodig om die integrale eenheid tussen Woord en daad aan te toon. In hierdie hoofstuk word sleutelbegrippe in die Bybel deur eksegetiese woordstudies ontleed wat kan help om die verweefdheid tussen Woord- en daadverkondiging te onderstreep.

### 2.4.1 Kriteria

Daar is heelwat materiaal beskikbaar om hierdie sleutelbegrippe te ontleed. Aangesien dit nie ʼn eksegetiese studie is nie, word slegs ʼn samevatting en praktiese toepassing gegee van ʼn eksegetiese woordstudie van Ou- en Nuwe-Testamentiese begrippe en perspektiewe. Dit moet lig kan werp op die vraag na die verhouding tussen Woord en daad in die verkondiging van die evangelie binne ʼn *missio Dei*-perspektief.

Kriteria is vasgestel om die woordstudie relevant vir die studie te hou. Gesaghebbende eksegete se werk is bymekaargebring met ʼn fokus op die relevansie van die begrippe vir die navorsingsvraag. Hierop is toepassings gemaak.

Die kriteria vir die woordstudie is vasgestel aan die hand van vrae wat die lyn en doel van die Bybel van Genesis tot Openbaring dek. Keller (2008b, 2012) se drieling van krip, kruis en kroon sal ook toegelig word om die kriteria te begrond. Beide reekse kriteria word vervolgens bespreek.

### 2.4.2 Vier vrae

Volgens Buys (2012) kan die volgende vier vrae gebruik word om vas te stel wat die Bybel se boodskap oor die kernsake is:

- God se doel met sy skepping – kreasie.
- Die doel van Jesus se koms na hierdie wêreld – inkarnasie.
- Die doel van die uitstuur van die Heilige Gees – rekreasie (herskepping).
- God se groot doel met die kerk in die wêreld – restourasie.

Hierdie vrae dek die hooflyne van God se werk vanaf die skepping tot by die perspektief in die huidige wêreld op die ewige lewe en die pad daarheen. Volgens Buys (2012a) gee die Bybel kortliks die volgende antwoorde op bogenoemde vrae:

- **Kreasie:** om Hom in alle onderlinge verbande en verhoudinge te eer en waar die mens as beelddraer en rentmeester verantwoordelik is.
- **Inkarnasie:** om lydende (onder meer geestelik, fisies, materieel) sondaars se nood te verlig.
- **Rekreasie:** om die koms van ŉ nuwe skepping te bring.
- **Restourasie:** om in hierdie bedeling tekens en bakens van restourasie van die komende koninkryk op te rig deur 'n bediening van integrasie.

Tizon (2008:125) formuleer ŉ aantal vrae wat min of meer hierby aansluit en gerig is op die kerk se roeping in die hede en die toekoms, maar nie die hele omvang dek nie:

- Hoe behoort die kerk in die lig van Christus se eerste koms met die oog op sy terugkoms in die wêreld op te tree?
- Hoe leef die kerklede hulle roeping uit terwyl hulle die sekerheid van God se “laaste dinge” verwag?
- Hoe leef die kerk in God se koninkryk tussen die ander koninkryke van die wêreld?

Besinning oor hierdie soort vrae ondersoek die verhouding tussen die koninkryk van God, die eskatologie en die kerk se sending, “the theological heart of Mission as Transformation” (Tizon, 2008:125). Tizon stel geldige en deurtastende vrae, maar laat kardinale aspekte van God se pad met die skepping en die mens weg.

Tizon, maar veral Buys, se vrae en antwoorde vat die hoofgedagte en hooflyn van die Bybel duidelik saam. Tog is ’n verstaan van wie God is en wat Hy doen wesenlik, maar word in die bogenoemde vier vrae gemis. God is die Bron, die Eerste en die Laaste, die handelende en sturende Een (Op. 1:8; 21:6; 22:13). Die begrippe sal hiervan rekenskap moet gee om sodoende ’n gebalanseerde beeld te vorm van God se pad met die mens in *missio Dei*-perspektief. Slegs só word die balans tussen Woord en daad, verkondiging en praktyk, verstaanbaar.

### 2.4.3 Krip, kruis, kroon

Keller stel dit dat drie hooflyne in Christus se bediening as maatstawwe vir die kerk se missionêre bediening kan geld: krip, kruis, kroon wat dui op "incarnation, substitution, restoration" (2008a). Die kerk moet die vleeswording, kruisiging, oorwinning oor die dood en hemelvaart as Christus se troonsbestyging gebalanseerd verkondig en bedien. Die werklikheid leer dat heelwat kerke slegs een of twee van hierdie drie aspekte beklemtoon, wat kan lei tot eensydigheid en onvolledige verkondiging, soos die social gospel of die piëtisme. Die kerk se lede moet hulleself ernstig ondersoek "on the kind of picture of Jesus Christ that she holds and proclaims, and asks herself whether that picture is a one-sided one or a holistic one" (So, 2006:140). Christus se menswording verkondig en teken sy diensbaarheid aan God en die sondige wêreld, waar die kruis vernuwing en herstel deur genade verbeeld. Die kriterium van die kroon verwys na die restourasie of herstel waarin 'n gebalanseerde eskatologie verkondig word. Die belofte van toekomstige oorwinning verkondig dat God omgee vir sy skepping. God wil die gees en liggaam verlos. Keller se driedeling kan soos volg uiteengesit word (Keller, 2008a):

- **Krip:** Die kerk verkondig hierdie drieling deur Woord en daad, sodat "krip" (inkarnasie) sigbaar word in die kerk se diensbaarheid, soos in rasseversoening en eerlike verdeling van rykdom.
- **Kruis:** Die verkondiging van die kruis (*substitution*) wil die mens van binne uit van wettiese denke en wettiese optrede vrymaak. Dit geskied deur die fokus op vernuwing en herstel deur genade sodat dit in mense se lewe tot uitwerking kom. Keller som hierdie motief duidelik op: "I accepted, thus I obey."
- **Kroon:** (*restoration*) verkondig 'n gebalanseerde eskatologiese verwagting wat reeds in hierdie wêreld ruimte bied vir 'n sober en optimistiese kulturele betrokkenheid. So 'n gesindheid vra aandag vir die feit dat God vir sy skepping omgee en daarom liggaam en siel wil verlos.

Die kerk kontekstualiseer hierdie drieling met woorde en dade in die konteks van diegene wat bedien word (Keller, 2008a). Die verkondiging moet die Woord gebalanseerd bedien kragtens die kriteria krip, kruis en kroon. Sodoende ontstaan vernuwende, verrykende asook verreikende insigte. Terwyl hierdie drie kriteria inhoudelik sterk ooreenkom met Buys se bogemelde vier vrae, ontbreek die verwysing na God self en die skeppingsdoel as perspektief by Keller. God is immers die Begin en die Einde van alles en die skepping is bepalend vir die verstaan van die res van die Bybelse boodskap. Die indruk kan ontstaan dat Keller sy benadering beperk tot Christus se koms na die aarde. Volgens Slagboom (2013) meen prof. A. Baars dat inkarnasie slegs eenmalig geskied en dus nie op die kerk of die mens se lewe toegepas kan word nie.

Dit bevestig die feit dat God se eie-aard en optrede asook die skepping onontbeerlik is vir die verstaan van die begrippe wat bespreek moet word. So (2006:139) beskryf hierdie integrale verhouding só: "The whole missionary journey of the Son of God from the place of glory and exaltation into the far country reveals to us the heart of God, his heart to be with us and for us from the beginning to the end." Hierdie sake sluit direk aan by God se aard en die volmaaktheid waarin alles geskep is en noodsaaklik is om Christus te verstaan. In die ontleding van die begrippe hier onder behoort dit duidelik te word.

#### 2.4.4 Geformuleerde kriteria

In hierdie hoofstuk word die volgende vrae as kriteria gebruik om sleutelbegrippe en perspektiewe in die Ou en Nuwe Testament te ontleed. Hierdie vrae bevestig die verweefdheid tussen woord- en daadverkondiging:

- Wie is *God*?
- Waarom het God die aarde *geskep*?
- Waarom het *Christus* vlees geword, gesterf en uit die dood opgestaan?
- Waarom is die *Heilige Gees* na die wêreld gestuur?
- Wat is God se doel met die *kerk* in die wêreld met die oog op die *toekoms*? (Die *toekoms*, of eskatologie, kan ook as sesde kriterium gebruik word, hoewel dit dikwels saam met die kerk se bediening val. Hierdie twee aspekte is onderskeie, maar nie geskei nie.)

Ná die woordstudie sal 'n beskrywing gegee word van integrale woord- en daadbediening uit 'n *missio Dei-perspektief*. Daarna sal twee praktiese voorbeelde van integrale sending ondersoek word in die Miga-verklaring en die Lausanne-verklaring. Dit word gevolg deur slotsomme oor die navorsingsvraag.

### 2.5 Woordstudie

#### 2.5.1 Woord – דָּבָר, λόγος, ῥῆμα

'n Woordstudie oor "woord" toon aan dat mondelinge Woordverkondiging onlosmaaklik met daadverkondiging verweef is. Woord sluit daad nie uit nie. דָּבָר en λόγος kan beide met "woord", maar ook met "daad" vertaal word (Pop, 1984:581).

Kalland (1980:179-180) wys op die kernfeit: Die herhaaldelike gebruik van דָּבָר in die Ou Testament toon aan dat God spreek, maar dat dit gevolge het en iets uitwerk. Hy wat woorde uiter (דָּבָר), handel ook daarvolgens (Pop, 1984:579). Die woorde maak iets bekend "so that to

grasp the word is to grasp the thought. But the word is also dynamic. It is filled with a power which is felt by those who receive it but which is present independently of such reception" (Procksch, 1985:508). "Woord" in die Bybel dui dus op beide inhoud en praktyk. Daar is 'n spesifieke boodskap, maar dit het 'n dinamiese uitwerking in die praktyk.

**God:** Hy maak Homself bekend deur sy **דָּבָר**, deurdat Hy Hom laat geld en sy Goddelike krag laat ervaar. Dit is nie net aan Israel gerig nie maar ook aan die nasies van die wêreld (Jer. 31:10; Eseg. 36:4) wat uiteindelik na God toe sal stroom om die God van Jakob se woord te hoor (Mig. 4:1-2) en te sing oor wat hulle gehoor en gesien het (Eks. 20:18). Selfs die dowes sal hoor, die blindes sal sien, mense sal bly wees oor die Here en die arm mense juig oor die heilige God van Israel (Jes. 29:18-19).

Deur sy דָּבָר is God self aanwesig, omdat Hyself sy דָּבָר is en Hom uit die verborgenheid openbaar in daardie dinge wat Hy tot stand bring (Pop, 1984:579-580). Die Here se Woord het effek en is werksaam volgens sy wil en beskikking (1 Kon. 13:26). God sê vir Jesaja dat sy דָּבָר sal doen wat Hy gedoen wil hê en dinge tot stand sal bring. Hier is 'n duidelike verband tussen God wat spreek en die konkrete uitwerking daarvan (Kalland, 1980:180). Pop (1984:581) maak dit duidelik dat die Woord God se hemelse kreatiewe krag is wat op aarde werk. Hierdie verankering van die Woord in God self, is noodsaaklik om die eenheid van Woord en daad in sending te verstaan.

**Skepping en mens:** God het die hemel en die aarde geskep deur te spreek (Gen.1:3, Ps. 33:6; Joh. 1:3), waarvolgens die Semitiese gelykwaardigheid van woord as spraak en woord as feit of aksie aangetoon word (Myers, 1987). Die wêreld het sy ontstaan in die kreatiewe Goddelike woord (Procksch,1985). Volgens Myers (1987) sluit Paulus in Romeine 10:17-18 by hierdie tema as oeroue prediking aan. Die uitgesproke Woord werk geloof in die hand. Volgens Pop (1980:580) is die uitgesproke woord asook die gebeurtenis en die uitwerking daarvan vir die Israeliet één. Pop beskou dit as een lewendige geheel en toon dit aan met die woord דָּבָר: "Een woord moet de zaak niet alleen naar iemand toedragen, maar het moet dat ook zó doen, dat de hoorder erop aan kan, dat de zaak is zoals hij er in het woord uitziet; woord en zaak moeten elkaar dekken. Hij zal dan ook op het ware woord amen zeggen" (Deut. 27:15 e.v.; Num. 5:22; sien ook Pop, 1984:580).

**Jesus Christus:** Pop (1984:582) toon aan hoe Jesus se woorde en dade één geheel vorm. Jesus se woord is heils- en oordeelswoord ineen. Hierdie woorde bring in Homself die krag van die heil én gerig na vore. Deur daardie woord genees Jesus siekes, roep Hy sy dissipels, oordeel Hy die ongelowiges en skep die toekoms. Sy woorde, maar ook sy wonders wek ontsag. Jesus Christus self, in die eenheid van sy Persoon en werk, is hierdie Woord (Kittel,

1985; Louw & Nida, 1996; Pop, 1984:585). Myers (1987) verstaan die daad van Jesus se vleeswording as die bekendmaking van God se hoogste Woord. Volgens die getuienis van Johannes 1 en Hebreërs 1 is Hy die personifikasie van God se Woord deur wie alles wat bestaan ook ontstaan het (Louw & Nida, 1996:33, 100). 'n Mens kan met reg hieruit aflei dat Jesus Christus die integrale eenheid van woorde en dade vergestalt: "His word, however, goes hand in hand with his work" (Kittel, 1985). Die woord is nooit proporsioneel teologies nie, maar deurgaans relasioneel en persoonlik, aldus Medema (2011:56). Die rede is dat die waarheid na die mens gekom het in Immanuel wat vlees geword het. Die woord wat tot die mens gerig word, is dus die Woord self en self God.

**Heilige Gees:** Deur die werking van die Heilige Gees het die Woord van God 'n dinamiese krag (1 Kor. 1:18) wat konkrete dinge teweegbring en aan die gang sit. Volgens Louw & Nida (1996:33, 98) verwys λόγος en ῥῆμα eerstens na die inhoud van die gekommunikeerde evangelieboodskap en verder op die inhoud wat oor Jesus Christus gepreek word (Louw & Nida, 1996:417). Kittel, 1985) gaan verder deur (met verwysing na Ef. 1:13) daarop te wys dat die Heilige Gees diegene verseël wat sy woord aanvaar. Die Heilige Gees is onlosmaaklik verbind aan die proses waar Woord en daad geïntegreer word.

**Kerk:** In die Nuwe Testament vorm Christene saam die kerk as diegene wat met hulle volle lewe antwoord gee op die woord van verlossing (Pop, 1984:582) en tegelyk draers van die woord word deur wie God self aan die woord kom (1 Pet. 4:11). Die "woord" hou egter deurgaans, maar nie slegs nie, verbale getuienis en verkondiging oor Jesus Christus in. Dit behels die woord van die kruis, versoening en genade, lewe en waarheid en nie slegs 'n konsep nie (Kittel, 1985). Lewe sluit gebeurtenisse en dade in en dien as rekenskap van dinge wat ontvang of gedoen is (Matt.12:36; 18:16; Hand. 8:21; Fil. 4:17; 1 Pet. 3:15; sien ook Louw & Nida, 1996:162). Wanneer God sy Woord deur mense spreek, het dit die uitwerking dat dit mense "tot die lewe bring" (Jak. 1:18). Dit hou in dat "receiving the word, when authentic, involves doing (Jam. 1:22)" (Kittel, 1985). Volgens 'n *missio Dei*-perspektief bring die kerk die Woord van God hoorbaar in woorde en sigbaar in dade na alle volke toe. Gelowiges se heilige lewe en optrede het ook die duidelike doel om met hulle eerbare leefwyse die agting van die mense buite die gemeente af te dwing (1 Tess. 4:12; die πρὸς τοὺς ἔξω dra die betekenis van "ongelowiges" – Greeven, 1964:576; Louw & Nida, 1996:122).

**Slotsom:** Die verbale getuienis en verkondiging van die Woord sluit daadgetuienis nie uit nie, maar kry dit juis aan die gang. Sodoende word Woord en daad saam getuienis van God se genade wat heelmaak en omvorm. Daar bestaan geen spanning tussen "spreken en doen, woorden en werken, want deze twee zijn één" (Pop, 1984:582). Die kerk is 'n gemeenskap wat met hart, mond én hande (Deut. 30:11-14; Rom. 10:8-10) rekenskap en getuienis gee van God

se Woord. Dit is in ooreenstemming met die Openbaring aan Johannes waar die profetiese woord van God en die getuienis (getuienis gee van God se Woord) volle praktiese werklikheid in die Persoon van Jesus Christus word. "Receiving the word, when authentic, involves doing" (Kittel*,* 1985; Hy beliggaam die *logos tou theou*.

Die Woord moet vertel én gewys word om God en sy genade in en deur Jesus Christus deur die werking van die Heilige Gees bekend te stel. Daarom staan die integrale eenheid van Woord en daad voorop in die missiologie.

### 2.5.2 Seën בָּרַךְ, εὐλογέω, μακάριος

Gesien uit 'n *missio Dei*-perspektief bied die seën van die Here 'n onmisbare perspektief op die verhouding tussen Woord en daad. In die Bybel word 'n verskeidenheid woorde gebruik om die seën van die Here aan te dui: בָּרַךְ en εὐλογέω en μακάριος. In hierdie artikel word 'n sintese van die betekenisnuanses gemaak en nie elke woord afsonderlik bespreek nie, weens die beperkte ruimte.

Seën volgens die Ou en Nuwe Testament het 'n geestelike én materiële toepassing. Dit dui volgens Wessel (1986:144) op die geestelike vrug wat die evangelie gebring het (Rom. 15:29; Ef. 1:3) asook oor die algemeen op die materiële seëninge (Heb. 6:7; 12:17; 2 Kor. 9:5; sien ook Manser, 1999). Daarby word aan iemand goedheid en guns verleen (Myers, 1987). Die doel is om krag te skenk vir onder meer sukses, voorspoed, vrugbaarheid en 'n lang lewe (Oswald, 1980:132). Louw en Nida (1996) wys op die inhoudelike voordele van die daad van die seën met die doel dat die ontvanger spesifiek baat daarby vind en dat dit meestal met bepaalde bonatuurlike faktore gepaardgaan. Beyer (1985) wys op die aktiewe oordrag van hierdie seën deur dade én woorde om só aanvaarding en aanmoediging aan die ontvanger te gee sodat so iemand se geluk en welvaart in 'n groot mate bevorder word (Beyer, 1985; Thomas, 1998).

**God:** Woord en daad is veranker in God wat self seën is en dit gee of wegneem. Omdat net Hy God is, kom alles uit sy hand: dood en lewe, siekte en gesondheid. Die Vrymagtige alleen gee ware vryheid.

God se aanwesigheid bring seën oor die skepping en vir die mens wat, sonder God se seën, tevergeefs werk (Ps. 37:22; Spr. 22:10; sien ook Beyer, 1985; Oswald, 1980:132). Aangesien God as Persoon werksaam is, dui sy seën konkreet aan dat Hy vryheid en genade gee, omdat Hy die mag het om te seën (Beyer, 1985; Paschall & Hobbs, 1972). God stel Hom bekend as die soewereine God van die heelal teenoor die heidense afgode, deur heil sowel as onheil te bring, soos Deuteronomium 32:39 dit byvoorbeeld uitspel: "Besef dit tog: Ek, Ek is die Here!

Naas My is daar geen ander God nie. Ek maak dood en Ek gee lewe. Ek maak siek en Ek maak gesond. Uit my mag word niemand bevry nie."

Hy gee sy Goddelike guns, met die gevolg dat die *verbale* daad self 'n betekenisvolle *voordeel* tot stand bring (Louw & Nida, 1996). So is die hoëpriesterlike seën bedoel om biddend God se aanwesigheid, genade en versorgende krag te vra oor die geestelike en fisiese lewens van die volk (Oswald, 1980:132).

Seën is ook uit die mens op God gerig as *adorasie* en toon aan dat iemand in *aanbidding* kniel om God te seën (1 Kon. 8:54; 1 Kon. 18:42; Esra 9:5; sien ook Carpenter & Comfort, 2000; Beyer, 1985; Strong, 2009). Woord en daad bedien die seënende God integraal aan die mens.

**Skepping en mens:** Wright (2011:221) toon duidelik aan dat seën sterk aan die skepping verbind word en aan die goeie gawes wat God sy kinders skenk om daarvan te geniet: oorvloed, vrugbaarheid, 'n lang lewe, vrede en rus. Die bedoeling is dat mense dit binne die konteks van gesonde verhoudings met God en hulle medemens mag geniet. Die seën van die Here word in die Bybel steeds verbind met gehoorsaamheid aan en vertroue op God en sy wette (Beyer, 1985). Deur die ontvangde seën eer en verheerlik die gelowige vir God (Beyer, 1985).

Die bedoeling is dat die meerdere een die mindere een; die groter een die kleiner een seën, soos vader na seun en koning na onderdaan (Oswald, 1980:132). Hierby kan gevoeg word: ryk na arm, sterk na swak, gesond na siek ... terwyl die lys só uitgebrei kan word. Die hooffunksie was om aan iemand 'n oorvloedige, effektiewe en doeltreffende lewe te skenk. Die seën is as reaksie ook gebruik om dankbaarheid en erkenning te gee aan die gewer wie se gawe 'n oorvloedige en doeltreffende lewe moontlik maak (Oswald, 1980:132).

Die breë toepassingsveld van seën sluit volgens Achtemeier *et al.* (1985) onderwerpe in soos lewenskrag, gesondheid, 'n lang lewe, vrugbaarheid en 'n talryke nageslag. Deur seën teen vloek te stel, maak Achtemeier *et al.* (1985) die bedoeling duideliker: vloek is alles wat tot die dood lei – siekte, kinderloosheid of natuur- en erge rampe soos droogte, hongersnood en oorlog.

Carpenter en Comfort (2000) wys daarop dat die Here die Israeliete geseën het met reën, veiligheid, sekuriteit, die wet, gesondheid en "many other things". Psalm 67 maak duidelik dat God se volk sy seën ontvang met die doel om op hulle beurt 'n seën vir die nasies te kan wees, sodat die hele aarde God sal eer en vrees.

Met verwysing na Jeremia 29:7, toon Wright (2011:99-100, 221) ook aan dat Israel nie net seën ontvang het nie. Hulle moes ook ’n seën wees, selfs tussen hulle vyande in ballingskap. Deur die welvaart van die stad te soek en vir die inwoners te bid, was Israel nie net God se begunstigde nie, maar ook ’n instrument van God se belofte aan Abraham dat alle volke in hom geseën sou word (Gen. 12:1-3). God se seën het vir Israel geestelike en praktiese hoop vir die toekoms ingehou. Tog was dit tegelyk ook Israel se opdrag om met woorde en dade God se seën in hulle konteks sigbaar te laat word.

**Jesus Christus:** Wanneer God sy kinders in Jesus Christus seën, verwys dit oorweldigend na die kenmerkende vreugde wat in die mens toeneem vanweë Christus se verlossingswerk in die koms van die koninkryk van God (Beyer, 1985; Carpenter & Comfort, 2000; Hauck, 1985). Christus het naamlik gekom sodat sy kudde lewe kan hê, en dit in oorvloed (Joh. 10:10). Die begrip “ewige lewe” (Grieks: ζωὴν αἰώνιον – Bultmann, 1964; Sasse, 1972:207) dui nie net op lewe ná die dood nie, maar op ’n ander kwaliteit van lewe wat nou reeds die mens se deel word wanneer so iemand werklik in Christus glo (Joh. 5:24; 6:47:20:21). Die ware lewe en dit in oorvloed hou in dat die gelowige soos ’n boom is wat geplant is by waterstrome (sien Jer. 17:8), stormwinde kan weerstaan en drink uit die lewensbron. Dít is die lewe in oorvloed waarna Jesus volgens Johannes 10:10 verwys.

Die eenheid tussen hart, mond en hande, word ook duidelik wanneer martelare vanweë hulle geloofsgetuienis oor Jesus Christus geseënd genoem word (Matt. 5:10; sien ook Hauck, 1985).

Jesus Christus is die inkarnasie van God se seën wat Hy oor die mens uitstort met die oog op die nuwe hemel en die nuwe aarde. Christus beliggaam en bedien God se seën deur sy soenoffer en instrumenteel deur gelowiges wat dit verkondig en bedien met die oog op die ewige oorwinning. In God se seën is die onlosmaaklike band tussen Woord en daad in Christus beliggaam.

**Heilige Gees:** Die seën van die Heilige Gees is wesenlik, onlosmaaklik en integraal verbonde aan die uitdra van die evangelie met hart, mond en hande. Wright (2011:189) verbind Jesus se sendingopdrag, hemelvaart en die uitstorting van die Heilige Gees, aan God se belofte aan Abraham om alle volke tot seën te wees as deel van die *missio Dei.* Só vervul die Heilige Gees as Parakleet ’n sleutelrol in die uitdra van God se seën na alle volke. Met verwysing na Psalm 104:29-30, is die Gees van God die Geheim wat die skepping tot lewe bring (Van den Brink & Van der Kooi, 2012:447) – die eenheid tussen Woord en daad. In die seën van Jakob en Esau volgens Genesis 27, lê Gees, lewe en seën in direkte verhouding met mekaar. Volgens Van den Brink en Van der Kooi (2012:448) is seën veral in die Ou Testament van lewensbelang, omdat dit verband hou met groei, bloei, voortgang, nakomelingskap, vitaliteit en krag. Vloek is

die keersy hiervan wanneer die lewe stagneer en daar geen vooruitgang is in oeste nie, geen kinders verwek word nie en daar gebrek aan gesondheid is (Frettlöh, 1999:55-57). Die Heilige Gees is onontbeerlik in die verbinding tussen Woord en daad, omdat Hy die skepping tot lewe bring.

Daarom word God se seën ook in die Naam van die Heilige Gees uitgespreek (Matt. 28:19; 2 Kor. 13:13), omdat Jesus leer dat die Heilige Gees Hom sal verheerlik deur Hom te verkondig (Joh. 16:14). Dit beteken dat die Heilige Gees die mens nadruklik rig op die oorwinning van Jesus Christus oor die sonde en oor Satan, deur sy lyding, kruis en opstanding. Gevolglik kan mense die oorwinning nou reeds as voorsmaak proe. Die Heilige Gees lei die mens om die werklikheid van die liefde van Christus te ervaar, maar om sodoende tegelyk met Woord en daad ’n kanaal van God se liefde en ontferming in ’n gebroke wêreld te wees. Sodoende lê die seën van die Heilige Gees daarin dat Hy die gelowiges nou reeds ’n vreugdevolle versekering van God se toekomstige heerlikheid gee.

Die gevolg is dat dié wat dit ervaar self hierdie ontferming na die gebroke wêreld begin uitdra (Rom. 8:23). Die seën van die Heilige Gees is ’n waarborg en voorsmaak van God se groot toekoms wat die mens self in beweging bring om integraal vir ander tot seën te wees. Die holistiese gevolg hiervan word ook duidelik daarin dat die skepping in geheel verlangend saam sug na die volle openbaring van die gelowiges se volle heil in Christus.

Gevolglik kan tot die slotsom gekom word dat ’n geesvervulde gelowige met hart, mond en hande van God se seën getuig en ’n visie het op die kosmiese gevolge wat die evangelie inhou.

**Kerk:** In *missio Dei*-perspektief speel die kerk ’n wesenlike en integrale rol by die deurgee van die seën. Die mees onderskeidende en kenmerkende manier waarop lede van die kerk uitdrukking gee aan hulle geloof is om die Here te seën deur Hom hoorbaar en sigbaar met “hart en mond en hande” te prys en te eer (Ps. 103:1; 134:1-2; sien ook Beyer, 1971:758; Manser, 1999).

Oswald (1980:133) wys daarop dat mense die seën wat hulle van die Here ontvang moet deurgee. So seën mense mekaar deur besittings en gesag aan mekaar toe te ken, deur mekaar die beste toe te wens of tot God vir die ander een se welsyn te bid (Gen. 27; 48:9, 15, 20; 24:60; 31:55; 1 Sam. 2:20; Hand. 2:42-47; sien ook Easton, 1996; Myers, 1987). Hieruit blyk duidelik dat God sy kinders seën met die bedoeling om dit hoorbaar, sigbaar en voelbaar aan die medemens deur te gee. Daarom is Carpenter en Comfort (2000) se standpunt te eng, wanneer hulle met verwysing na Efesiërs 1:3 stel dat seën nie fisies is nie, maar slegs geestelik

is. Seën is geestelik, maar het ’n praktiese uitwerking tot voordeel van die medemens én om God te loof en groot te maak.

Die omvattende eskatologiese impak van God se seën kom dikwels in die profetiese geskrifte na vore. Jesaja het ’n tyd in die vooruitsig gestel wanneer God se seën nie meer ’n toekomstige nie, maar huidige werklikheid sou wees (Jes. 19:23-24; Jes. 61:4-11). Die seëninge van die koninkryk van die hemele word beloof aan mense in spesifieke omstandighede, soos die armes, die hongeriges, die treurendes of dié wat gehaat word (Beyer, 1985; Hauck, 1985). Daar is diegene wat nou reeds die koms van die koninkryk as seën ervaar (Matt. 13:16-17). Die strekking van die saligsprekings in die Nuwe Testament is nie tot die toekoms beperk of net as toekomstige troos bedoel nie. Hauck, (1985) wys tereg daarop dat lede van die kerk byvoorbeeld uiters prakties met die seën van die Here te maak kry wanneer hulle uit onvoorwaardelike liefde geld insamel vir die gemeente in Jerusalem en Paulus hierdie praktiese daad ’n “dankoffer” noem. In ooreenstemming hiermee benadruk Schaff dat die lewe op geen manier geseënd kan wees, wanneer dit van die ewige lewe losgemaak word nie (1887:173). Die seën van die ewige lewe bied reeds in hierdie lewe sodanige troos en perspektief dat die kerk nou reeds daardie perspektief geestelik, fisies en materieel uitleef tot troos van dié wat ly.

Die priesterlike seën van die Here dien hierin as tegelyk indikatief, imperatief en belofte. Henry (1996) verwys na die priesters se taak volgens die hoëpriesterlike seën in Numeri 6:24-27 om God se mond na die volk te wees en hulle te onderrig, bevele te gee en te seën. Wie die wet ontvang en uitleef, sal ook die seën ontvang. Wanneer 1 Petrus 2:9 na die gelowige as priester verwys, kan met reg afgelei word dat die kerk as priestervolk van God die taak het om alle volke te onderrig, te beveel, te seën en tot seën te wees – met hart, mond en met hande (Matt. 28:18-20). Die praktiese belofte van die seën blyk uit Openbaring dat die ewige wêreld van die laaste tye lofprysing en verheerliking sal insluit van Hom wat op die troon sit, en aan die Lam (Beyer, 1985). Só sal die uitverkorenes God ewig seën!

**Slotsom:** Die seën van die Here strek van voor die skepping tot in die toekomstige bedeling. Dit is bedoel vir beide die geestelike en fisiese lewe van die gelowige om alles wat in de hemel en op die aarde is (insluitend die uitverkorenes as kinders van God), onberispelik voor Hom te stel en met Hom te verenig (Ef. 1:3-5, 10). Daarom ervaar gelowiges reeds hier en nou ’n voorsmaak van die ewige lewe in hart, mond en met hande. Die Bybel noem dit die “eerste vrug” of “deposito” (Rom. 8:23; 2 Kor. 1:22; 2 Kor. 5:22) van hierdie ewige seën. Die kerk is God se instrument om in sy Naam hierdie seën na mense uit te dra en só vir hulle tot seën te wees (Matt. 25:34-46). In die Nuwe Testament gee die kerk hieraan vorm deur die verkondiging van die evangelie.

### 2.5.3 Godsvrug – εὐσέβεια

Godsvrug – ook vertaal met *godsaligheid* (OAV 1 Tim. 6:11) of *toewyding aan God* (1983 NAV), integreer die vrug van 'n lewe met God met hart, mond en hande vanuit 'n *missio Dei*-perspektief. In sy kommentaar op 1 Timoteus stel Calvyn (1964:244) dat godsvrug, die begin, die middel en einde uitmaak van die Christelike lewe in geheel. Waar ware godsvrug in iemand se lewe tot uiting kom, ontbreek niks meer nie.

Godsvrug word ook vertaal met goeie werke (1 Tim. 2:10), toewyding (1 Tim. 4:8) of deug (Fil. 4:8). Die totale lewe van gelowiges wat 'n lewende verwagting het van God se eindoordeel moet gekenmerk word deur εὐσέβεια (2 Pet. 3:11). Dit dui op 'n gesindheid van liefde, ontsag, toewyding en oorgawe aan God self. Só lê God op die totale lewe van 'n gelowige beslag en het 'n impak op alle menslike verhoudings deur gedrag wat "correct religious beliefs and attitudes" weerspieël (Buys, 2012b:58; Louw & Nida, 1996).

**God:** Godsvrug dui op eer vir God as die Skepper en Verlosser van die mens wat aktiewe gehoorsaamheid aan sy geopenbaarde wil vra asook persoonlike toewyding wat meer as lippediens behels, en vrees of bewondering oorstyg (Spr. 1:7; Jes. 11:2; 33:6; Luk. 2:25; sien ook Foerster, 1964; Peterson, 1996:422). Strong (2003) beskryf dit as respek vir God wat iemand se volledige manier van lewe beïnvloed.

Godsvrug sonder God as Bron is leë moralisme. Godsvrug het in alle opsigte groot waarde (1 Tim. 3:8), maar inhoudlose skyngodsvrug weerspieël nie werklik die krag van egte liefde vir God en die naaste nie (2 Tim. 3:5). Godsvrug word in geloof (πίστις) gebore, het die wortels in Christus, word deur die Heilige Gees bemagtig (Gal. 5:22,23) en geskied elke dag om God te eer (Foerster, 1964).

**Skepping en mens:** God het die mens geskep, in staat gestel en beveel om vrugbaar te wees deur die aarde te bewerk, bewoon en onderhou. As beelddraer van God is die mens op aarde geplaas om vir God vrug te dra (Gen. 1:26, 28). Openbaring eindig met dieselfde perspektief dat die uitverkorenes in die nuwe hemel en die nuwe aarde vrug sal dra (Op. 22:1-5). In hierdie lig stel Foerster (1964) dit dat godsvrug op respek vir die Goddelike geskape orde dui en daarom nie bloot 'n intellektuele denkwyse is nie. Dit is 'n konkrete manier van leef.

Hierteenoor is die gevaar van die Gnostisisme duidelik wat in wese asketisme verkondig en dat die skepping sleg en boos is. Foerster (1964) vermoed dat hierdie beskouings ontstaan het uit die idee dat die wederopstanding (2 Tim. 2:18) reeds plaasgevind het. 'n Integrale verstaan van die skepping en herskepping maak dit duidelik dat inhoud en praktyk, leer en lewe, onafskeidbaar is.

**Jesus Christus:** In 1 Timoteus 3:16 word God se volledige heilsplan deur Jesus Christus uitgespel as die groot geheim van ware godsvrug. Bepaalde ontwikkelings in Jesus se lewe maak godsvrug moontlik: vleeswording, bevestiging deur die Heilige Gees, verskyning aan die engele, verkondiging in die wêreld en verheerliking. Achtemeijer *et al.* (1985) meen daarom dat egte godsvrug slegs deur Christus moontlik is. Hier verwys hy na 2 Petrus 1:3 waarvolgens God aan die mense alles geskenk het wat hulle nodig het om te leef en Hom te dien. Paulus wys in 2 Timoteus 3:12 spesifiek daarop dat 'n godvrugtige lewe (εὐσεβῶς ζῆν) in Christus Jesus geleef word. 'n Lewe van ware godsvrug het dus 'n duidelike Christologiese begronding wat in verskeie ander εὐσέβεια-tekste ook na vore gebring word (Tit. 1:1; sien ook Buys 2012b:58).

**Heilige Gees:** Die Heilige Gees produseer die geestelike vrug in gelowiges se lewe (Joh. 5:5, 8, 16; Rom. 7:4; Gal. 5:22; Kol. 1:10). Verskillende Bybeltekste stel godsvrug (Gal. 5:20-21; 1 Tim. 2:2; 3:16; 4:7-8; 6:11) teenoor die praktyke van die sondige natuur (Hand. 3:12; Gal. 5:20-22; 1 Tim. 4:7, 8; 6:3, 5-6; 2 Tim. 3:5). Paulus sê hieroor dat die gelowige deur die Gees wandel (Rom. 8:4). Hierdie tekste onderskryf Floor se stelling dat die inwoning van die Heilige Gees geen verborge saak is nie, omdat die Heilige Gees 'n radikaal nuwe lewensingesteldheid en optrede in die mens tot stand bring (1989:138). 'n Mens kan dit so uitdruk: Die Heilige Gees integreer godsvrug met hart, mond en hande, omdat waar Hy in gelowiges woon, sy krag ook aktief is en Hy die gestalte van Jesus Christus steeds meer sigbaar deur hulle lewe maak (Floor, 1989:138).

Hierdie integrasie word heel duidelik deur die feit dat εὐσέβεια veral in die pastorale briewe van die Nuwe Testament voorkom waar herderlike raadgewing aan die gemeentes gebied word. Floor verwoord die doel van hierdie begeleiding soos volg: "De inwoning van de Heilige Geest in de gemeente komt in de vrucht van de Geest in het leven van de indiwiduele gelovige tot openbaring" (1989:139). Die Gees woon in gelowiges, met die gevolg dat die vrugte wat Hy in hulle werk, tot uiting kom. Die Heilige Gees het dus die wesenlike rol om godsvrug te integreer met die holistiese dimensies van hart, mond en hande. Dit is belangrik om in hierdie verband kennis te neem van Conell se opmerking (1986:432) dat godsvrug regstreeks voortspruit uit die regte gesindheid teenoor die Here, en nie parallel daarmee loop, asof dit twee treinspore is nie. Die Heilige Gees werk dus die regte houding in die mens.

**Kerk:** Godsvrug is dan die uitwerking van 'n lewende geloof in Christus. Vir gelowiges is dit die uiterlike uitdrukking van 'n innerlike ervaring (Zodhiates, 1992). Gesien uit die *missio Dei*-perspektief is die kerk God se instrument om uit 'n vurige liefde en ontsag vir God, die godsvrug met hart, mond en hande te toon. Dit geskied uit 'n gesindheid van liefde, ontsag, toewyding en oorgawe aan God self. Christene behoort konsekwente, godvrugtige lewens te lei. Hulle behoort hulle godsvrug so te toon dat hulle prakties deurgaans bewus is dat God in elke aspek van hulle

lewe teenwoordig is (Anderson, 2007:29). Hierdie gesindheid blyk onder meer uit die afwesigheid van geldgierigheid en ’n lewenshouding waarin mense tevrede is met die vervulling van basiese lewensbehoeftes (Buys, 2012b:58).

Dit staan juis in teenstelling met die vals leraars van wie 1 Timoteus 6:3 berig dat hulle met Jesus Christus self bots. Hulle word beskryf as verwaand en met ’n sieklike sug na twisvrae en woordestryd. Hulle is vol afguns, twis, lastering, bose agterdog, en dink dat die εὐσέβεια winsgewend is. Die ἄνθρωπος τοῦ θεοῦ daarteenoor het ’n innige verlange daarna om reg te wees voor God en mense (δικαιοσύνη) in godsvrug (εὐσέβεια), geloof (πίστις), liefde (ἀγάπη), volharding (ὑπομονὴν) en minsaamheid (πραϋπαθίαν) (Buys, 2012b:58).

Uit die voorafgaande uiteensetting kan ’n mens aflei dat die kerk God se instrument is om met hart, mond en hande ’n toonbeeld te wees van ’n manier van leef wat God eer. Hierdie leefstyl spruit uit ’n ware kennis van God en sy genade in Jesus Christus (1 Tim. 3:16; 4:7-10; 2 Tim. 3:10-12; Tit. 1:1; 2:11-12). ’n Opregte toewyding aan God verander en transformeer verhoudings en gedrag in alle opsigte (Peterson, 1996:423). Gelowiges behoort só te leef dat dit God tevrede stel en terselfdertyd hulle medemens vir Christus wen (1 Pet. 3:1-2; sien ook Schreiner, 2007:296). Achtemeijer *et al.* (1985) verbind godsvrug aan kenmerkende Bybelse begrippe soos geregtigheid, regverdigheid, liefde, standvastigheid, minsaamheid, deugsaamheid, kennis, selfbeheersing en broederlike liefde (1 Tim. 6:11; 2 Pet. 1:5-7). Hierdeur toon hulle aan dat godsvrug geïntegreer is in die kerk se taak om deur woorde en dade uit ’n gesindheid van liefde, ontsag, toewyding en oorgawe aan God self ’n impak op alle menslike verhoudings te hê.

1 Timoteus 4:8 is ’n verdere, duidelike voorbeeld van hierdie integrasie. Hiervolgens verbind Paulus die geestelike én praktiese lewe; die huidige én die ewige lewe, regstreeks. Sodoende bevestig hy dat godsvrug groot waarde en ’n kragtige belofte inhou vir lewe, vir nou en die toekoms.

Die kerk is dus God se instrument om met ’n geïntegreerde godvrugtige bediening menselewens te bevoordeel sodat hulle in hierdie lewe en in die komende lewe godsvrug oplewer (Strong, 2003). Hierdie integrasie kan soos volg uitgedruk word: “For of these two things we speak of – faith and godliness – the hope is the same, even everlasting life” (Schaff, 1887:536). “The reference is to the positive effect of this mode of life” (Foerster, 1964). Die eskatologiese perspektief van godsvrug kom duidelik daarin na vore wanneer Paulus ’n godvrugtige lewe spesifiek verbind aan “die gelukkige dag wat ons verwag” (Tit. 2:11-13). Daarom is godsvrug verbind aan die hoop op die ewige lewe (Op. 22:2).

Die kerk is deurlopend bewus van hierdie kerntaak as instrument van die *missio Dei:* om God met hart, mond en hande aan alle volke en nasies bekend te maak en Hom só te dien. Godsvrug is nie slegs op die persoon of kerk self gerig nie. Dit is ŉ ingesteldheid wat steeds bewus is van die uitwerking wat die Christelike lewe op ongelowiges het (Foerster, 1964).

**Slotsom:** God is die Bron van godsvrug. Dit word deel van gelowiges se lewe wat in Christus gered word en sy Voorbeeld van ware godsvrug navolg. Die gevolg is dat hulle in die verskillende fasette van hulle lewe toon dat hulle bemagtig is met die hoop op die ewige vrug, die nuwe aarde en die nuwe hemel. Deur uit genade godsvrug te toon, leef mense uit hulle skeppingsopdrag as beeld van God.

#### 2.5.4 Medewerker – συνεργός

Vanuit die *missio Dei* dien en gehoorsaam die kerk God as uitverkore en begenadigde instrument om die verlore sondaar tot ewige versoening met Hom te bring. Hierdie werk word doelgerig integraal met hart, mond en hande uitgevoer. As medewerker vorm gelowiges se lewe en die samelewing waarin hulle hul bevind ’n integrale deel van die verkondiging van die koninkryk van die hemel.

Die eenvoudigste en helderste definisie van συνεργός word deur Louw en Nida (1996) gegee: iemand wat met iemand anders saamwerk. So ŉ persoon is ’n medewerker of medearbeider (Rom. 16:3; 1 Kor. 3:9; 2 Kor. 1:24; 8:23; Fil. 2:25; 4:3; Kol. 4:11; 1 Tess. 3:2; 3 Joh.; sien ook Swanson, 1997). Philo gebruik die term reëlmatig om fisiese én psigiese prosesse te beskryf (Bertram, 1964). Soanes en Stevenson (2004) gee ŉ sterker beskrywing: die interaksie of samewerking van twee of meer organisasies, substansies of ander instrumente om ’n gesamentlike uitwerking te gee wat groter is as die som van elkeen se afsonderlike effek (Merriam-Webster, 2003). Die bedoeling is duidelik dat twee of meer mense of partye saamwerk en mekaar help om ’n bepaalde doel te bereik.

**God:** ’n Basiese beginsel in God se werk as Skepper en Onderhouer van die wêreld is dat Hy geen helper of verteenwoordiger nodig het nie. God is die “major partner in the enterprise of each life, but he lets us work with him” (Robertson, 1997). Robertson verwys na Maria wat geboorte skenk aan die baba Jesus asook die boer wat met God saamwerk in God se velde, omdat die boer sonder reën, sonskyn en die seisoene hulpeloos is. Om die idee van God en die mens as gelyke vennote te ontkragtig wys Robertson (1997) voorts daarop dat God die groot Argitek is, terwyl die mens onder Hom werk en die planne van die Argitek uitvoer. Die mens is in God se diens en mag nie vergeet dat God begaan is oor die mens se taak nie. Sodoende bly daar ’n direkte verband tussen God se spreke en die mens se dade. Die vraag of ’n mens dit

dan steeds as mede-werking kan beskou word mede beantwoord deur die verhouding tussen hierdie begrip met die mens as beelddraer en rentmeester van God (sien ook 2.15.3 – "Beeld van God"). Dit is nodig om die kwessie van sinergie in hierdie verband eers duidelik te maak ter wille van die regte Bybels-teologiese perspektief daarop.

Die sinergistiese en semi-Pelagiaanse gedagte dat God en die mens gelyke vennote is wil dus veronderstel dat die mens met die genade van God moet saamwerk om salig te word (Shedd & Gomes, 2003:961). Van Genderen (1961:304) verwys na die Remonstrante wat in beginsel 'n sinergistiese konstruksie handhaaf wat geloof en gehoorsaamheid selfstandig maak. Hierteenoor handhaaf die gereformeerde belydenis in die reformatoriese tradisie die beginsels van *sola gratia* en *sola fide* asook die volharding van die heiliges en die sekerheid van die verlossing wat hierdie vorm van sinergisme juis prysgee. "De echte reformatorische theologie zal echter nooit van een medewerking van die wil met de genade spreken. Zij zal zich verzetten tegen alle synergisme, omdat het aan de soevereiniteit van Gods genade tekort doet" (Van Genderen, 1961:304). In ooreenstemming hiermee wys Schreiner (2007) vanuit die gevaar van moralisme en sinergisme na die oproep tot godvrugtigheid wat gewortel en veranker is in God se genade en dat sy genadige krag aan die mense skenk wat hulle vra. Die mens is medewerker *van* God wat *met*, maar *onder* God werk en aan Hom behoort as dienskneg *van* God (2 Kor. 5:20; 6:1; Hand. 15:4; 2 Tess. 3:2) terwyl hyself God se gebou en koringveld is (Jamieson *et al.,* 1997).

In die lig hiervan is dit duidelik dat God die absolute Subjek van συνεργεῖ is. Die feit dat die Here die inisiatief neem om mense aan te vuur om sy wil te doen beteken nie dat die mens daarmee soos 'n outomatiese masjien word nie. Taylor en Clendenen (2004:82) maak die onderskeid in die sinergisme duidelik deur op die soewereiniteit van God en die verantwoordelikheid van die mens te wys sonder dat die een die ander uitsluit. Die mense word hierin op hulle verantwoordelikheid gewys om die koninkryk van God te bevorder en word tegelykertyd gewaarsku oor die gevolge as hulle hul aan hierdie godgegewe taak onttrek. Die mense moet sterk wees en werk, maar onthou dat God beloof het om altyd by hulle te wees (Hag. 1:5, 7, 9; 2:4-5). God sal sy doel soewerein in hulle bereik, maar dit doen "through the intermediate agency of his people" (Taylor & Clendenen, 2004:82). Vir die sending is hierdie perspektief op medewerking kernbelangrik. Die mens word deur genade oorrompel en ingetrek waar God werk en dien as sy instrument wat met Hom saamwerk om sy groter plan met die wêreld te verwerklik. Op hierdie manier skakel sendelinge in by die *missio Dei.* In sy bediening met woorde en dade is die sendeling dus instrument wat met God en sy plan saamwerk. Sendelinge se gerigtheid op God bepaal hulle woorde én dade.

**Skepping:** As die *imago Dei* is die mense in hulle verhouding met God aangestel as kroon oor die skepping om God se beeld op aarde uit te dra – wat ook die skeppingsopdrag is. Dit hou in dat mense die aarde bewerk, bewoon en bewaar. In hierdie sin is die mense medewerkers van God en voer God se bevele uit. Dit geskied sonder om 'n robot te wees, maar deur die menslike verstand, kreatiwiteit, talente en wilskrag te gebruik. Sodoende is die mense ook direk verantwoordelik aan God. Dit word in Genesis 3 duidelik wanneer God die mense tot verantwoording roep nadat hulle aan God se bevele ongehoorsaam was. Ook in die verbondsluiting met Abraham tree die mense in 'n verhouding met God wat die verantwoordelikheid insluit om as sy kind te leef.

**Jesus Christus:** Wanneer die Here Jesus se dissipels Hom verkondig en dit met wondertekens bevestig, soos in Markus 16:15-20, getuig hulle dat die Here opgestaan het en aan die regterhand van God op die troon sit. Markus verwoord die verbintenis só: "… die Here het met hulle saamgewerk en hulle prediking bekragtig deur die wondertekens …" Volgens Bertram (1964) bewys dit hulle geloof dat Hy steeds vandag werk en dat woord en teken bymekaar hoort (Heb. 2:4). Die verkondiging van Jesus Christus en die bevestiging daarvan in wonders en tekens asook in die toepassing van wat Hy geleer het (Matt. 28:18-20), is integraal verbonde met die apostels en die kerk se verkondiging. Die verkondigers vervul hierin die wesenlike rol van medewerker.

**Heilige Gees**: Hierdie samewerking tussen mense of groepe is nie outomaties of vanselfsprekend nie. Nederigheid is 'n voorvereiste waardeur mense daarop vertrou dat die Heilige Gees harmonieus deur hulle werk. Sodoende groei 'n klimaat van samewerking in plaas van onderlinge mededinging, sodat gelowiges geïnspireer word tot leierskap wat bo hulle gebruiklike rolle uitstyg (Williams, 1997). Op hierdie manier dien mense as God se medewerkers mekaar met hulle gawes deur die leiding van die Heilige Gees. Woord en daad is in die samewerking geïntegreer.

**Kerk:** Σσυνεργός het by Paulus geen sosiologiese betekenis nie. Dit is 'n teologiese beginsel waar hy en sy kollegas as arbeiders in God se koninkryk optree as God se helpers en "handymen" (1 Kor. 3:9; sien ook Bertram, 1964). Hiermee deel hulle in die bediening van die versoening as bediendes en God se werkers. Daarom kan hulle die gemeente se gehoorsaamheid verwag. Hulle is nie maghebbers van die gemeente op die gebruiklik menslike manier nie. Hulle is helpers en bedienaars van die vreugde (1 Kor. 2:4; sien ook Bertram, 1964).

God skenk aan die mens liefde vir Hom. God se woorde en dade weerkaats die mens se liefde vir Hom. Wanneer Jakobus 2:22 sê dat geloof mét dade gepaard gaan, word geloof sigbaar in

en deur die dade en lewe van die gelowiges en "in them it thus comes to fulfilment" (Bertram, 1964). Volgens 3 Johannes 8 het lede van die gemeente saamgewerk om rondreisende sendelinge te ontvang en te onderhou. Sodoende is hulle ook medewerkers om die Woord te versprei.

Hoewel elke gelowige vir sy of haar geestelike groei en optrede verantwoordelik is, kan dit nie plaasvind sonder dat God eers werk en dit steeds moontlik maak nie. Die mens kan nie sy verantwoordelikheid ignoreer nie. God maak dit steeds moontlik en ontvang die erkenning daarvoor (Fil. 2:12-13; sien ook Biblical Studies Press, 2006).

**Slotsom:** God is en werk soewerein. Hy neem die inisiatief en voltooi sy eie werk. Hy skakel die mens in as sy helper en medewerker. Hierdie is ’n skeppingsgegewe en gee nie aan die mens ’n gelyke posisie met God nie. Slegs uit genade en deur geloof gehoorsaam die mens hierdie verbonds- en skeppingstaak as verbondskind en beelddraer van God. Die kerk is hierin God se uitverkore en begenadigde instrumentele medewerker om die evangelie te verkondig en dit met dade te bevestig. Die medewerkers se lewe en die samelewing waarin hulle hul bevind, is integraal verbind met die verkondiging van die koninkryk van die hemel.

### 2.5.5 Vrees vir die Here – ירא, פחד, φόβος

Die *vrees van die Here* dui op ’n mengsel van vurige liefde en heilige ontsag. Hierdie lewenshouding is volgens Handelinge 9:31 duidelik kenmerkend van die eerste Christelike gemeente se spiritualiteit. Terwyl hulle met diep ontsag vir die Here geleef en opgetree het in die "vrees van die Here" en die vertroosting van die Heilige Gees, het die gemeente juis grootliks in aantal toegeneem: πορευομένη τῷ φόβῳ τοῦ κυρίου καὶ τῇ παρακλήσει τοῦ ἁγίου πνεύματος ἐπληθύνετο (Buys, 2013a:7). Kinderlike vrees vir die Here beskryf ’n kernfaset van Christelike spiritualiteit en lê ten grondslag aan moraliteit en integriteit asook missionêre visie wat voortvloei uit die toe-eiening van God se trou, genade en liefde. Diepgaande eerbied, respek en ontsag vir die Here is die reaksie van die kerk op die groot dade wat die Here verrig het (Douglas, 1996:365; Louw & Nida, 1996; Soanes & Stevenson, 2004; Swanson, 1997).

**God:** Die almagtige en soewereine Skepper, Regter en Bewaarder dwing ontsag af wat enersyds angs en bangheid, en andersyds eerbied en respek inhou. God dwing steeds vrees vir Hom af deur die verkondiging, maar ook deur sy magtige dade in die natuur en die lewe van mense waardeur die mens Hom vrees. Kinderlike vrees vir God as ’n mengsel van heilige ontsag en vurige liefde is ’n onmisbare grondhouding vir gelowiges wat God se verstommende vergifnis gesmaak het (Ps. 130:4) – ’n gawe wat daarna hulle hele lewenshouding en optrede bepaal.

**Skepping:** Ná die sondeval het die mense se kinderlike, liefdevolle vrees vir die Here in angswekkende bangheid verander. Dit het daartoe gelei dat die mense vir God wegkruip, omdat hulle skaam is vir hulle naaktheid en in angs leef vir God se straf op hulle ongehoorsaamheid. Die volmaakte liefde en harmonie is weens die sondeval verdryf deur angs vir die wraak van die Here (1 Joh. 4:18). Die Bybel eindig egter met die vooruitsig op die nuwe hemel en aarde waar die mens se vrees nie uit angs of bangheid nie, maar uit ontsag, eerbied, liefde en respek vir God bestaan. In hierdie verband begin en eindig die Bybel met kinderlike vrees vir die Here.

Deur sodanige Godgegewe heilige vrees is die mense in staat om eerbied en ontsag vir God se outoriteit te toon, sy gebooie te gehoorsaam en alle vorme van boosheid te haat (Jer. 32:40; Heb. 5:7; sien ook Balz, 1980). Douglas (1996) dui aan dat die beginsel van wysheid en opregtheid die vrees vir die Here behels. Dit bepaal ook die soort mens van wie God hou asook die mens se volledige diens aan God. Gevolglik is hierdie soort "vrees" sinoniem met ware godsdiens.

Vrees vir die Here laat mense in die regte verhouding tot God kom om sodoende die Here te gehoorsaam en met hulle hele lewe te dien (Eks. 20:20). Vrees vir die Here is integraal in die gelowige se woorde en dade, én in die sendingopdrag verweef. Daarom is die doel van die seën vir die nasies dat die eindes van die aarde die Here sal vrees (Ps. 67:8).

**Jesus Christus:** Jesus het die vrees vir God benadruk, omdat God 'n mens se liggaam en siel in die hel kan vernietig (Matt. 10:28; Luk. 8:50; sien ook Mundle, 1980:623). Balz (1980) wys daarop dat Jesus steeds 'n direkte verband tussen vrees vir die Here enersyds en geloof en die daaglikse lewe andersyds beklemtoon.

Volgens Johannes 14:11-14 stel Jesus sy woorde en dade as uitdaging vir sy volgelinge om na te volg uit ontsag vir die verheerliking van die Vader. Terwyl die vrees vir die Here die implisiete ondertoon en grondhouding vir Jesus se woorde en dade bepaal, is dit gerig op die verheerliking van die Vader.

**Heilige Gees:** Vir gelowiges wat die teenwoordigheid van Christus deur die Heilige Gees ken, het vrees daardie element van angs verloor. Dit is merkwaardig dat die vroeë kerk wat grootliks in aantal toegeneem het, se spiritualiteit gekenmerk is deur 'n gesindheid van vrees vir die Here en tegelyk vertroosting deur die Heilige Gees (Hand. 9:31). Hulle het ook nie meer angstige vrees vir lyding (Op. 2:10; 1 Pet. 3:14) of vir die dood ervaar nie (Heb. 2:15). Die rede was dat hulle deur Christus se dood daarvan vrygemaak is en kon weet dat God hulle Helper in alle dinge is (Heb. 13:6; Rom. 8:15, 28-30; sien ook Balz, 1980).

Die Heilige Gees laat die vryheid wat Christus vir gelowiges verwerf het, in hulle hart ŉ werklikheid word en laat ontluik só vrees vir die Here as eerbiedige ontsag, respek en verwondering. Hierdie vrees sluit die vryheid in dat gelowiges vir God vrymoedig met woorde en dade integraal in hulle hele lewe kan dien en volg.

**Kerk:** Vrees vir die Here behoort in *missio Dei*-perspektief die ingesteldheid van die kerk se woorde en dade te stempel.

Wanneer vrees vir die Here deel vorm van die kerk se onderwys van die Here se Woord, soos in Psalm 34:11, bied en vorm dit norme vir ʼn verstandige en doelgerigte lewe (Spr. 10:27; 14:26-27; 19:23; 22:4; sien ook Balz, 1980). Hieruit blyk dat die vrees vir die Here geïntegreer is in die geestelike en gewone praktiese lewe van ŉ gelowige. Die kerk is dan God se instrument om mense op te roep tot kinderlike vrees vir die Here (OAV 2 Kor. 5:11).

1 Petrus 1:17-19 wys die kerk daarop dat die lede se ontsag en eerbied vir die Here verweef is met heiligheid en gebed. Dit is voorts tekens van iemand wat vrygemaak is van vrees as angs vir die Here. Die rede is (sien die εἰδότες ὅτι van vers 19) dat gelowiges weet hulle is losgekoop met die kosbare bloed van Christus, die Lam wat vlekloos en sonder liggaamsgebrek is.

**Slotsom:** Kinderlike vrees vir die Here is ʼn omvattende beskrywing van Christelike spiritualiteit. Hierdie lewenshouding lê ten grondslag aan moraliteit en integriteit. Dit integreer die geloof, liefde en dade van die kerk. Uit Handelinge 9:31 en 2 Korintiërs 5, 9-11 blyk dat die praktiese uitwerking hiervan onder meer die volgende uitwerking het: dit wakker ontluiking van ŉ missionêre visie by die gemeente aan, laat hulle in aantal toeneem en gaan juis met rus en vrede gepaard. Die vooruitsig dat elkeen voor die regterstoel van die Here sal verskyn, het vir die vroeë kerk as aansporing tot hierdie ingesteldheid gedien. Gesien uit hierdie perspektief is vrees vir die Here juis God se groot doel met sy volle raadsplan (Buys 2012a:11). God wil sy eer en heerlikheid herstel in ŉ stukkende, korrupte en gebroke wêreld sodat gelowiges kan "smaak en sien dat die Here goed is ... want die wat Hom vrees, het geen gebrek nie" (OAV Ps. 34:9-10). Só wil God ewige vreugde gee aan elkeen wat deur die Heilige Gees getrek word, om God self deur Jesus Christus as enigste ware God te leer ken en Hom uit liefde en ontsag met hart, mond en hande te gehoorsaam.

### 2.5.6 Vrede – שָׁלוֹם en εἰρήνη

In sendingwetenskaplike publikasies word gereeld debat gevoer oor die betekenis van *shalom* en die gevolge wat dit inhou vir die omvang asook aard en doel van sending. ŉ Voorbeeld is die debat oor DeYoung en Gilbert (2011) se boek aangaande die soeke na die aard van die kerk se sending en die plek van sosiale geregtigheid, vrede en die Groot Opdrag daarin. Hulle

beklemtoon die proklamasie van die evangelie met die doel om dissipels te maak en beskou gevolglik sosiale verantwoordelikheid as minder belangrik (2011:20, 62). Met goeie reg het Stetzer (2011) egter aangetoon dat DeYoung en Gilbert die *missio Dei* se fokus versmal deur hulle siening dat praktiese geregtigheid, sorg vir die armes en praktiese vrede nie deel van die missionêre taak van die kerk is nie.

Die evangelie getuig dat God Hom as die God van vrede bekendmaak, dat Christus vrede is, maak en bring (Ef. 2:14-16), dat Hy sy volgelinge oproep om vredemakers te wees (Matt. 5:9) en die kerk gevolglik in vrede leef (Hand. 9:31). Hieruit is dit duidelik dat hart, mond en hande in die *missio Dei* geïntegreer is. Hierdie aspekte is dus in God se aard, karakter en optrede geïntegreer en word ook só in Jesus Christus en die Heilige Gees geopenbaar. In die lig hiervan pleit die bediening van vrede vir 'n geïntegreerde benadering vir die aard, karakter en optrede van die kerk in ooreenstemming met die *missio Dei.*

**God:** Gideon noem die Here *JHWH-Shalom* (Rig. 6:24) – die "Here van vrede". Daarmee tipeer hy vir God. So is God, in sy aard, wese en karakter. Vrede is geïntegreer in God self. Volgens Smith en Cornwall (1998) beteken dit dat God self Vrede is en vrede bring. Die verhouding van die Drie-eenheid onderling is een van Goddelike vrede. Vrede word in die hemel gemaak, getuig Job 25:2. Paulus skryf: "Want wat die vlees bedink, is die dood, maar wat die Gees bedink, is lewe en vrede ..." (OAV Rom. 8:6). God se Name dui aan hoe Hy is: God in aksie. Dit is in God se aard om vrede te bewerk en dit is sy geskenk aan die mens (Num. 6:26). Smith en Cornwall (1998) verduidelik: God is en gee vrede, welvaart, gesondheid, heelheid, guns, perfeksie, welsyn, rus en herstel asook die besef om 'n verantwoordelikheid na te kom. Vrede is in God gefundeer, omdat dit volledig met God se openbaring en optrede geïntegreer is.

**Skepping en mens:** Hoewel die Bybelse skeppingsverhaal nie die term vrede in Genesis 1 en 2 noem nie, kan met reg afgelei word dat daar vrede geheers het. Keller redeneer dat God alle dinge in 'n goeie, harmonieuse asook wedersyds afhanklike en 'n hegte verhouding tot mekaar geskep het (2011:186). Soos weefsel 'n kleed vorm, so vorm harmonieuse verhoudings 'n gemeenskap. Hierdie verweefdheid verwys na vrede. Hoewel Keller (2011:186) dit harmonieuse vrede noem, moet 'n mens dit nie beperk tot 'n soort geestelike vrede tussen God en mens en mense onderling nie. Sonder geregtigheid is daar nie vrede nie (Ps. 72:3-7; Ps. 85:9-11; Jes. 32:17). Uit die betekenis van hierdie woord in die res van die Bybel kan vrede omskryf word as volmaakte gemeenskap tussen God, mens, dier en die res van die skepping. Dit is 'n holistiese vrede tussen alle vorme van bestaan.

Die hemelse volheid en rykdom was in allerlei gedaantes – met hart, mond en hande – in die skepping aanwesig. Dit was totdat die sonde die volmaakte gemeenskap tussen God, mens,

dier en natuur beëindig het (Keller, 2011:186-188). Daarom kan ŉ mens sonde omskryf as gebroke verhoudings waardeur vrede in die onderskeie verskyningsvorms ontbreek.

Terwyl שָׁלוֹם met "vrede" vertaal word, wys Keller (2011:186) daarop dat die betekenis veel breër strek. Dit beteken volledige versoening, 'n toestand van volledige bloei in die onderskeie dimensies – fisies, emosioneel, sosiaal en spiritueel – omdat die verhoudings perfek, goed en vervul van vreugde is.

**Jesus Christus:** Die moederbelofte van Genesis 3:15 bevestig dat die Verlosser vrede sal bewerk deur die vernietiging van die kwaad te beloof. Christus is as God se genadige geskenk van vrede geoffer, sodat die mens vrede met God verkry (Rom. 5:1). Christus se verlossing wat "alle dinge met God versoen" deur die nuwe verbond ŉ volle werklikheid te maak, word in die begrip vrede saamgevat (Buys, 2010a:7). In Johannes 14:27; 16:32; 20:21 vertel Jesus Christus ter bemoediging en aanmoediging dat Hy aan sy dissipels die hemelse vrede agterlaat. Met verwysing na Jesaja 60:17: "Ek sal Vrede as jou owerheid aanstel en Geregtigheid as jou bestuurders," betoog Carpenter en Comfort (2000) dat God hier praat oor die restourasie en glorie van sy herstelde volk in Sion. God maak 'n belofte, sodat dit sy lydende volk kan bemoedig, dat vrede en geregtigheid in plaas van korrupte diktators oor hulle sal heers. Een eienskap van die nuwe gemeenskap word metafories deur die woord שָׁלוֹם beskryf. Die verbinding van geestelike en fisiese werklikheid is hier duidelik.

Vrede is 'n daad vanuit God se wese wat hy opdra aan die sondige mens, maar wat deur Christus verlos is (Rom. 12:18). Foerster, (1964) toon aan dat die Nuwe Testament drie begrippe van vrede (εἰρήνη) ken: eerstens 'n gevoel van vrede en rus; tweedens 'n staat van versoening met God en derdens die verlossing van die hele persoon in eskatologiese sin. Al drie aspekte van vrede is aanwesig, maar die laaste een vorm die basis van die evangelie (Foerster, 1964).

Volgens Carpenter en Comfort (2000) wil vrede nie soseer die afwesigheid van byvoorbeeld oorlog en onreg bring nie. Vrede wil veral 'n tyd, plek en toestand bewerkstellig waarin liefde, geregtigheid, politieke en morele opregtheid floreer. As God se vrede op sy volk rus, beleef hulle die hoogste staat van sy genade (Carpenter & Comfort (2000). Dit beteken dat sy volk welsyn, voorspoed, rus, sekuriteit en veiligheid sal ervaar. Vir 'n missionêre bediening binne die *missio Dei*-perspektief is hierdie integrale verstaan van vrede wesenlik en open talle perspektiewe vir die sendingveld. In Christus is vrede integraal in 'n Persoon uitgedruk.

**Heilige Gees:** Die Heilige Gees integreer woorde en dade in die missionêre bediening as realisering van vrede. Die Heilige Gees word verkondig as God van vrede (Fil. 4:9; 1 Tess. 5:23;

Heb. 13:20). Gevolglik gee Hy gehoorsaamheid, vrede en vreugde (Rom. 14:17); versterk die gelowiges se hoop deur hulle met vreugde en vrede te vervul (Rom. 15:13); hulle ’n lewe van vrede te gee (Rom. 8:6) en hulle daaglikse gedrag met die vrug van vrede te rig (Gal. 5:22-25). Deur vrede te bewerk, bring die Heilige Gees ’n gevoel en bewustheid vir welsyn, tevredenheid en volledigheid aan gelowiges, ongeag wat hulle uiterlike omstandighede behels.

Die Heilige Gees bring vredevolle verhoudings tussen mense (Ef. 4:3) asook tussen mense en God, deur aan mense vrede in plaas van angs te gee (Rom. 8:1-2; 8:11, 14-17). Die Gees gee ook vrede in die gemoed waar mense moeilike situasies in die oë moet staar (Hag. 2:5; Joh. 16:5-21; Joh. 20:21-22). Met verwysing na 1 Tessalonisense 5:23-28 som Knowles (2001:642-643) op hoe die Heilige Gees vrede integreer: “Peace is what happens when we align our hearts with heaven. Peace is a wholeness of body, mind and spirit, so that we are at one with Christ in the will and purpose of God.” Deur die Heilige Gees kom vrede in woorde én dade na vore. Die Heilige Gees integreer die bediening van vrede op allerlei praktiese terreine in dade van barmhartigheid om só vrede te stig en te bring. Die voordele wat die Gees gee en wat tot vrede lei, is nie in die eerste plek die doel op sigself nie, maar lei daartoe dat God verheerlik word.

**Kerk:** Die kerk is met ’n *missio Dei*-perspektief self integrale draer en bewerker van vrede.

Dit is die gelowiges se taak om, in die lig van die ewige vrede in Sion (Jes. 60:17), nou reeds bakens en tekens op te rig van die ryk verskeidenheid van God se vrede. Met verwysing na 1 Korintiërs 3:9 is die gemeente soos ’n stuk land wat God deur sy dienaars laat versorg, maar waaroor Hy self sy seën gee (Grosheide, 1933:42). Só gebruik God die missionêre bediening van die kerk wat sy vrede in die wêreld uitdra. Hierdeur sal die mensdom in hulle onderskeie lewensverbande – ekonomie, politiek, gesondheid en die natuur – vrede kan ervaar en tot volle ontwikkeling kom.

Die kerk moet vrede soek, daarvoor bid en self vredemakers wees. Hiervan getuig tallose Bybelgedeeltes (o.m. Pred. 17:1; Matt. 5:9; Mark. 9:51; Rom. 12:18; 2 Kor. 13:11; 1 Tim. 2:2; sien ook Buys, 2010a:7). In hierdie tekste word die konsep prakties uitgewerk met verskillende betekenistoepassings. Dit kom daarop neer dat onderlinge vrede gerig is op eenheid, eensgesindheid en harmonie in alle verhoudings. Dawid verbind in Psalm 85:11-12 liefde, trou, vrede en geregtigheid met mekaar. Hierdie kwaliteite realiseer deur woorde en dade. Die verwagting van ’n ewige staat van vrede het deurgaans in beide die Ou en Nuwe Testament ’n eskatologiese fokus.

God gebruik regverdigheid en geregtigheid om vrede te herstel. Slegs geregtigheid kan werklik vrede bring (Buys, 2010a:8). Herstel van die *shalom*-weefsel beteken dat die gelowiges hulle tyd, besittings, mag en middele in opoffering vervleg met die lewe en nood van ander mense (Keller, 2011:189). Plantinga (1995:10) se samevatting van vrede toon die aard en die uitwerking daarvan aan:

> In the Bible shalom means universal flourishing wholeness, delight – a rich state of affairs in which natural needs are satisfied and natural gifts fruitfully employed, a state of affairs that inspires joyful wonder at its Creator and Saviour, opens doors and welcomes the creatures in whom He delights.

Die kerk is met woorde en dade die draer, instrument en bewerker van die Goddelike vrede.

**Slotsom:** Samevattend kan gestel word dat vrede in en by God begin – wie Hy is en wat Hy doen. As God in en deur Christus vrede bring, versoen Hy die mens integraal met woorde en dade met Homself, om sodoende die gebroke band met Hom te herstel. Dit werk prakties uit in die onderskeie verhoudings waarin gelowiges hulle bevind. Die gevolg is dat die kerk uit die belofte van ewige vrede die opdrag aanvaar om hierdie vrede hier en nou te verkondig in hierdie verskillende verhoudings. Sodoende bewerk die kerk deur verkondiging die vrede as eskatologiese bakens en tekens van die finale koms van die koninkryk. Volgens die *missio Dei*-perspektief gee God en bewerk Hy nou reeds vrede as voorafskaduwing van die ewige vrede. Hy gebruik die kerk as sy instrument in Christus om hierdie vrede te bewerk.

### 2.5.7 Regverdig – צַדִּיק, δικαιοσύνη

Vanuit die *missio Dei*-perspektief integreer regverdigheid met hart, mond en hande in sending, omdat die grondslag daarvan in God se unieke aard gefundeer is wat die mens deur Christus regverdig wil maak en hom in die regte verhouding met God en sy medemens bring. Daarvoor stuur Hy die kerk om regverdiging te verkondig en dit deur konkrete diens van barmhartigheid te bewys. ’n Ondersoek na regverdigheid toon aan dat God die “geestelike” aspek van regverdigheid met die daaglikse lewe van die mens verweef. Hy skakel die mens in geheel in om die medemense regverdigheid te laat beleef en hulle só hoop te bied op die groot Dag van regverdiging om ewige vrede te ervaar.

Wat die onderskeid tussen regverdigheid en geregtigheid betref, wys regverdigheid (*chesed*) op die *houding* of motief agter die daad, terwyl geregtigheid klem op die *daad* lê en veral om die onderskeie verhoudings in die lewe reg te stel (Keller, 2011:25, 31; Wright, 2011:366). Dit is nodig om hierdie onderskeid te tref, omdat die kerk se taak, om profeties oor sosiale geregtigheid te getuig, juis ook ’n sensitiewe saak in die sending is. Só redeneer DeYoung en

Gilbert vanuit die vraag of dit die kerk se taak is om sosiale geregtigheid na te streef en of God dit ook van die kerk verwag. Of: is die kerk se taak eerder om die evangelie te proklameer en dissipels van Christus te maak, dat sosiale geregtigheid nie die hooftaak van die kerk is nie? (2011:16, 37, 40, 52-53). Enkele ander teoloë wat hulle besig hou met die vraag of proklamasie en sosiale geregtigheid geïntegreer moet word of juis los van mekaar moet staan, is Ferdinando (2008); Conn (1982:93); Stetzer (2011) en Stott (2008:19, 23, 35, 41 ev). Hulle haal ook verskillende teoloë aan wat meen dat hierdie twee take van die kerk geskei behoort te wees.

Die geïntegreerdheid van regverdigheid in die *missio Dei* blyk uit die toepassing daarvan in God self, die skepping, Jesus Christus, die Heilige Gees en die kerk wat die Woord met hart, mond en hande verkondig met die oog op die ewige lewe.

**Definisie:** 'n Definisie van regverdigheid is nodig om die woord- en daadperspektief daarvan te verstaan. Volgens Merriam-Webster (2003) dui regverdigheid aan dat iemand in ooreenstemming met Goddelike of morele wette reg optree en reageer, omdat daardie een op grond van Christus se kruisoffer uit genade regverdig verklaar is en in die regte verhouding met God staan. Volgens Louw en Nida (1996) wil regverdigheid daartoe lei dat iemand 'n gepaste en regte verhouding met 'n ander ervaar, gebaseer op die verbondsverhouding. “Sometimes the closest equivalent may be ‘to be related to as one should be’” (Louw & Nida, 1996). Ook Keller (2011:31) wys daarop dat regverdigheid 'n lewe in die regte verhoudings inhou wat hoofsaaklik begin by die regte verhouding tot God. Motyer (1993:471) omskryf die term as die toestand waardeur mense op goeie voet met God te staan kom en hulle daarom inspan om alle verhoudings in die lewe reg te stel. Dit wil soms voorkom of regverdigheid as die naleef van God se wil in sosiale geregtigheid moontlik met “geregtigheid” verwar word. Tog fokus regverdigheid eerstens op die *regte verhouding* tot God wat praktiese gevolge vir die verhouding tot die medemens inhou.

Volgens Wright dui regverdigheid op die kwalitatiewe stand van sake: “qualitative state of affairs” (2011:366,367). Wanneer geregtigheid saam met regverdigheid gebruik word, dui dit volgens Wright op sosiale geregtigheid (Keller, 2011:35; Wright, 2011:367). Die regverdige persone is bereid om hulleself te benadeel tot voordeel van die gemeenskap. Daarenteen is die boosaardiges bereid om die gemeenskap tot voordeel van hulleself te benadeel (Waltke, 2004:96). Keller praat in hierdie verband van korrigerende regverdigheid en wys na Job 29:17 en Daniël 4:24 waar boosdoeners en heidense owerhede aangepak en tot verantwoording geroep word (2011:142-143). Regverdigheid is per definisie 'n term oor die integrasie van Woord en daad wat op die regte verhoudings betrekking het. Die vraag is hoe hierdie integrasie in God veranker is.

**God:** Die Here is die Regverdige. Jeremia noem die Here twee keer יְהוָ֥ה צִדְקֵֽנוּ, die Here die Regverdige (Jer. 23:5-6; 33:16; sien ook Smith & Cornwall, 1998). Die boodskap is: God is regverdig in sy wese en aard; verkondig dit en tree daarom ook regverdig op – Woord en daad. God toon dat Hy Regverdig IS én ook die Een wat die mens regverdig (Rom. 3:26). Regverdiging is God se geskenk aan die verlore mens (Carpenter & Comfort, 2000). Terwyl mense geen regverdiging verdien nie, behandel God hulle wel regverdig en eis ook van hulle om regverdig te leef.

In hierdie opsig meen Carpenter en Comfort (2000) dat dit belangrik is om te besef dat regverdigheid aksie en dinamika aandui, naamlik dat iemand regverdig is en sodanig optree dat so 'n persoon se hele aard, natuur en optrede met God se wil ooreenstem. Regverdigheid verwys ten eerste na die vervulling van God se wil. Die gevolg is dat wie regverdig verklaar is self ook reg doen (1 Joh. 2:29). Volgens Richards (1987) dui regverdigheid egter eerstens op God se identiteit en aard as vertrekpunt en motief vir sy dade**.** Sodoende lê die aksent nie op menslike aktivisme nie, maar op God se doel, naamlik versoening van mense met God, sodat hulle in die regte verhouding met God kom, volgens die skeppingsbedoeling. Hier kan gestel word dat regverdiging in God se wese begin en in sy optrede aktief is. Regverdiging verwys dan na identiteit én aksie: Woord en daad.

**Skepping:** Die mense leer God vanaf die begin ken as regverdig deurdat hulle deurgaans ontvang wat God beloof het. Dit is omdat God sy beloftes altyd vervul en God se woorde uitgevoer word (Pop, 1984:237). Reeds by die skepping en sondeval leer die mens God ken as die Regverdige wat aksie onderneem om die mense in volle gemeenskap met Hom te bring, met Hom te versoen en hulle hart te verander sodat hulle God weerspieël deur in tussenmenslike verhoudings regverdig op te tree. Mense doen dit deur in ooreenstemming met die verbondswet teenoor hulle medemens so op te tree en te reageer dat dit die medemens met hulle in daardie regte verhouding bring soos dit veronderstel is. Hierin is vrede die leidende motief, want die regverdiges is bereid om hulle te benadeel sodat die gemeenskap bevoordeel kan word (Waltke, 2008:96). Vanuit hierdie gesigspunt is reg doen 'n opdrag. Dit dui ook op die verantwoordelikheid wat mense onderling vir mekaar aanvaar: om te doen wat God vra, soos om aan diegene in nood te gee as 'n daad van genade en meelewing (Louw & Nida, 1996). Schrenk, (1985) wys tereg daarop dat hierdie reg doen in die hart en siel van die mense begin van waaruit dit hulle verlange is om vrede, genesing en blydskap in hulle onderskeie verhoudings te bring. Die Bybel teken die regverdiges as dissipels wat die wil van God naleef en by die laaste oordeel diegene sal wees wat reg gedoen het (Matt. 25:37). So is regverdigheid 'n begrip wat Woord en daad integreer.

Die Here spreek voortdurend deur die verskillende profete oor praktiese en alledaagse regverdigheid en geregtigheid. Wanneer God die volk in Jeremia 7:3-7 oproep om hulle lewe te verander en regverdigheid en geregtigheid toe te pas, roep Hy hulle op om twee dinge te doen: 1) hulle oortredings te laat vaar en 2) ’n nuwe gesindheid, ’n nuwe gees te ontvang. Praktiese regverdigheid is wesenlik, maar spruit voort uit die regte gesindheid en regte gees, ’n nuwe hart en ’n nuwe gees wat uit die regte verhouding met God voortspruit.

Uit bogenoemde blyk dat regverdigheid dui op ’n kwaliteitlewe wat in die regte verhouding tot God en die medemens staan en wat dus tot sosiale geregtigheid lei waar die mens as God se beelddraer ook God se regverdigheid dra. Hierdie regverdigheid geskied duidelik holisties: met hart, mond en hande.

**Jesus Christus:** Regverdigheid tussen mense begin by geestelike regverdigheid voor God in Christus (Keller, 2011:37). God se nuwe openbaring van sy regverdigheid is in Jesus Christus as die beliggaming daarvan gekonsentreer (Pop, 1984:239, 240). God toon sy regverdigheid en sy reddende ingryping deur Jesus voor te stel as die Een in wie en deur wie versoening werklikheid word (Rom. 3:25; sien ook Pop, 1984:240). Die mens word gered om God te ken en moet met niks minder tevrede wees nie as met ’n evangelie wat God-gesentreerd, Christus-verhogend en selfontkennend is: “self denying” (Platt, 2010:39). Hierdie reddende optrede van God gee aan mense ’n nuwe hart en gees wat hulle dryfveer en motor is om hulle naaste regverdig te behandel. In Matteus 5:21-48 roep Jesus op tot ’n regverdigheid waarin die hart van die gelowige God se hart weerspieël. Dit hou in: “Righteousness is not to be measured by what a person does or does not do. Righteousness is to be measured simply by whether or not a person truly is, in his heart, like God!" (Richards, 1987). Voeg hierby dat dit uit so iemand se woorde én dade blyk.

Die Nuwe-Testamentiese Bybelskrywers koppel regverdigheid eerstens aan Christus, maar maak verskillende toepassings afhangende van die presiese boodskap aan die lesers en hulle omstandighede. Kontekstualisering by die toepassing van hierdie begrip is gewens en moet aan Christus as die Regverdige gekoppel word om die volle betekenis te verkry.

**Kerk:** Paulus beskryf die kerk in die laaste deel van die Romeinebrief (Rom. 12-16) as ’n regverdige gemeenskap wat gevorm word uit diegene wat glo (Richards, 1987), en só hande en voete aan die evangelieboodskap van Jesus Christus gee. Christene vorm ’n familie en is geroep om saam ’n regverdige en liefdevolle gemeenskap te vorm wat hierdie bakens en tekens van God se koninkryk help daarstel.

Die kerk bedien regverdiging met die gevolg dat dit sosiale verhoudings só beïnvloed dat dit etiese gevolge kry. Volgens (Schrenk, 1985) gee dit lewe en veiligheid en bring mense se bestaan weer in ooreenstemming met die skepping. Dit geskied deur die geestelike vryheid van die nuwe lewe (herskepping) wat Jesus gebring het, maar ook deur die fisiese en etiese naleef daarvan soos Hy dit gedemonstreer het en dit deur die Heilige Gees aangemoedig word. Sodoende bied dit ware lewe op so 'n manier dat dit die menslike bestaan inhoudelik en prakties beskerm en 'n nuwe vulling gee met die oog op die belofte van die wederkoms. Schrenk (1985) stel dit dat hierdie nuwe orde oor die hele wêreld moes uitbrei. Die kerk is God se hande en voete wat deur die krag van die Heilige Gees hieraan uitvoering moet gee.

Jakobus 2:23-24 se antwoord op 'n doodse ortodoksie wat geloof en werke van mekaar skei, is dat die werke gedoen word uit liefdevolle gehoorsaamheid as vrug van die Gees (Schrenk, 1985). Daarom stel Jakobus dat die enige ware geloof dade voortbring wat eerder as gevolg gesien moet word in plaas van 'n verpligting. Hy wil sê: Dit kan nie anders nie as goeie werke voortbring. Daarom is dit ook nie 'n na-binne-gerigte, egosentriese, persoonlike en indiwiduele ervaring nie, maar raak ander mense. Die uiteindelike bewys vir 'n reddende geloof lê in die werke en die veranderde lewe wat onvermydelik uit 'n ware geloof voortvloei (Keller, 2011:116). Met werke wys Jakobus op 'n lewe wat heeltemal gefokus is op diensbaarheid aan armes. Dit is 'n onvermydelike teken van egte, ware, regverdigmakende geloof wat uit die evangelie vloei (Keller, 2011:116, 117). Schrenk (1985) stel dit so: "This righteousness of God is not just an individual experience; it is a universal happening in Christ." Geloof bring werke voort wat die medemens bevoordeel.

In hierdie sin is die kerk 'n regverdige gemeenskap wat uit die genade van Christus die medemens met verkondiging en praktiese dade dien om in die regte verhouding met God te kom. Dan bring regverdigheid hoop. Die perspektief wat sodoende op die ewige lewe ontstaan, open nuwe perspektiewe vir die lewe hier en nou deurdat mense nou reeds die gevolge van praktiese regverdigheid beleef. Wanneer dit gebeur, laat dit die mens verlang na die groot en finale dag wat die ewige regverdiging voortbring: "Believers are drawn into the movement of God's righteous rule. This is a movement toward eternal life, so that *dikaiosýnē* and life are interwoven" (Schrenk, 1985). Romeine 5:17, 21 maak hierdie verweefdheid duidelik:

> "Deur die oortreding van die een mens het die dood begin heerskappy voer deur hierdie een mens, maar deur die Een, Jesus Christus, is veel meer bereik: dié wat die oorvloed van genade en die vryspraak as gawe ontvang het, sal lewe en heerskappy voer. Die doel was dat, soos die sonde deur die dood heerskappy gevoer het, die genade deur die vryspraak ook heerskappy kan voer en tot die ewige lewe kan lei deur Jesus Christus ons Here."

**Slotsom:** Regverdigheid laat die gebroke mens Goddelike vrede geestelik en prakties beleef wanneer God self in die proses as die Regverdige regverdig optree om die mens te regverdig. God maak die mense so vry dat dit ’n kettingreaksie tot gevolg het waardeur die vrygemaakte mense aangevuur word om hulle medemense nou reeds hierdie regverdiging te laat ervaar met hoop op die toekoms. So word duidelik dat regverdiging in die Bybel volledig verweef en geïntegreer is met die praktiese lewe en dat die gelowige ’n wesenlike skakel hierin vorm om die gebroke weefsel van vrede te herstel. Die vraag na geregtigheid is hierdeur relevant en sal vervolgens bespreek word.

### 2.5.8 Geregtigheid – מִשְׁפָּט, κρίσιν

Geregtigheid is integraal in die *missio Dei* met hart, mond en hande verweef deurdat dit God se aard is wat deurwerk in die lewe van die gelowige as geregverdigde *imago Dei*. Geregtigheid is nie ’n vorm van aktivisme wat langs of in plek van die proklamasie van Jesus Christus staan nie, omdat dit anders in ’n vorm van humanisme sou oorgaan. Geregtigheid beklemtoon veral die aksie wat onderneem word om die mense se onderskeie verhoudings in die lewe reg te stel (Keller, 2011:25, 31; Wright, 2011:366). Daarom is eers ’n kort definisie van die begrip geregtigheid nodig.

**Definisie:** In die breedste sin van die woord wil geregtigheid dinge regstel, ingryp waar foute, onderdrukking, of sake buite beheer is en dit verbeter. Dit is “a call for action” (Mott, 1993:79). Geregtigheid dui aan wat in ’n gegewe situasie of omstandighede gedoen moet word om dit in ooreenstemming met regverdigheid te bring. In dié sin omskryf geregtigheid daardie dinge wat gepas is om te doen (Est. 8:5) volgens die Goddelike reg sodat dit stabiliteit gee (Num. 27:7; sien ook Girdlestone, 1998). “The basic idea here is that which conforms to the standard” (Biblical Studies Press, 2006). Dit wil die kwaliteit aandui van uitkomste wat bereik wil word (Wright, 2011:368). Waar regverdigheid (כֶּשֶׁד) fokus op die houding of motief agter die daad, lê geregtigheid (ἡ Κρίσις) aksent op die daad en veral om alle verhoudings in die lewe reg te stel (Keller, 2011:25,31; Wright, 2011:366). Wright beklemtoon geregtigheid en regverdigheid is “actual things that you do, not concepts you reflect on" (2011:367).

Sosiale geregtigheid ontstaan deur regverdigheid en geregtigheid aan mekaar te verbind (Keller, 2011:35). Wright (2011:366) tref die volgende duidelike onderskeid en verduidelik die verhouding tussen geregtigheid en regverdigheid: *“Mishpat* is what needs to be done in a given situation if people and circumstances are to be restored to conformity with *sedeq/sedaqa*. *Mishpat* is a qualitative set of actions” (Wright, 2011:366). Geregtigheid dui op woord én daad – die inhoud en aksie wat mense moet onderneem.

**God**: Die Here is die Regter van die aarde wat oordeel tussen reg en verkeerd (Gen. 18:25). God se aard is reg – in Hom is geen kwaad nie. Mens kan sê: "He is completely above any unjust or deceitful treatment, all His ways are 'upright'" (Duffield & Van Cleave, 1983). God is die "ultimate judge of all people" (Carpenter & Comfort, 2000). Daarom doen God ook reg en spreek Hy reg. Die Here is en gee self die norm en die maatstaf. Uiteindelik sal Hy oor alle volke oordeel (Jes. 51:5). Die Almagtige Here sal verheerlik word, omdat Hy reg laat geskied (Jes. 5:16) en daarom geregtigheid liefhet (Jes. 61:8). Geregtigheid lê dus in God se wese én dit is 'n onontkombare vooruitsig wat vir elke mense wag. God is en doen geregtigheid, en integreer só Woord en daad.

God spreek reg oor die wese, weduwees en buitelanders deur aan hulle sy liefde te toon en voedsel en kleding te gee (Deut. 10:18, Hos. 10:12; Jes. 30:18; Ps. 68:5-10; 10:15-16; 107; 113:7-9). God is self geregtigheid se maatstaf, want dit is sy aard en wese. Nou lê Hy dit aan die mens op om ook so te wees en op te tree. Geregtigheid is onafskeidbaar in Woord en daad in God self veranker.

**Skepping**: Volgens Keller (2011:105) is die ewebeeld van God die eerste motivering vir die mens om geregtigheid te beoefen, om ander in sy/haar omgewing te dien en hulle regte te beskerm. So beskou, is twee van Thomas (1998) se definisies van geregtigheid toepaslik en beskrywend as 'n manier van lewe en wat reg en waardig is. Dit is nie 'n kil nastreef van die wet nie, maar geskied teen die agtergrond van God se wese en skepping en wat Hy deur Jesus aan die wêreld toon. Sodoende beskryf geregtigheid hoe die gelowige voor God leef. Die gelowige of kerk wat hulle nie aan die arme steur nie, doen geen geregtigheid nie. Geregtigheid bepleit nie soseer die naleef van wette as sodanig nie. Dit vra vir die Godgegewe reg vir alle mense kragtens wat billik en tot voordeel van die gemeenskap is. Ware geregtigheid pleit daarvoor en handel daarvolgens. Biblical Studies Press (2006) wys daarop dat hierdie wetlike regte 'n sinoniem is vir die verbondseise. Hier is meer as bloot juridiese gevolge ter sprake.

Een van die drie kwaliteite wat die Here in die mens soek, is volgens Smith (1992) met verwysing na Miga 6:8, geregtigheid, omdat sosiale onreg die groot sonde was wat die gemeenskap van daardie tyd beskadig het (Miga 3:1, 8). Die volk moes geregtigheid ken en naleef. God het dit duidelik aan hulle geleer deur hulle hierdie toestand te laat ervaar. So het hulle geregtigheid nie net feitlik geken nie. Hulle was ook in staat om hierdie beginsels in die eietydse samelewing destyds toe te pas. God het immers vir hulle die voorbeeld gegee deur hulle uit Egipte te bevry en in die woestyn te versorg. So is "Justice in this context is the even-handed and faithful implementation of the principles set forth in the law of Moses" (Smith, 1992). Daarom verwag God dat die gelowiges hulle eie lewe en hart offer; nie die uiterlike offers van diere, tyd, geld of besittings nie (Jes. 1; Jes. 58; Rom. 12:1-2). Om die regte ding te doen vra

dat mense persoonlike belange en ambisies opoffer (Smith, 1992). In die woorde van Duffield en Van Cleave (1983) hou dit die volgende in:

> Our God deals with us in justice; we must deal one with another in righteousness. God, through the mouth of Isaiah, admonished Israel: "... put away the evil of your doings from before mine eyes ... Learn to do well; seek judgment [mishpat--justice], relieve the oppressed, judge [righteously] the fatherless, plead for the widow. Come now, and let us reason together, saith the Lord ... (Is. 1:16-18).

God is en doen geregtigheid en verwag dat mense dit ook aan hulle medemens bewys. Geregtigheid getuig met woorde en dade watter rol God in die lewe van die mens of kerk speel.

Die geregtigheid wat God vra is lojaliteit om sy waarheid bekend te maak, gehoorsaamheid aan sy geopenbaarde wil en die uitleef van hemelse guns in die praktiese lewe (Spence-Jones, 2004). Dit is ŉ "central demand on all people who bear the name of God. Its claim is so basic that without it other central demands and provisions of God are not acceptable to God" (Brand *et al.* 2003).

Wanneer ander die Godgegewe lewensreg van die armes en lydendes ontneem, vind onreg plaas (Jes. 32:7; Jer. 5:28; 17:11, 32:7, 8; Klaagl. 3:35; Eseg. 21:27). Volgens Smith (1992) het die Here die wet as norm gestel om die regte te beskerm van elkeen wat magteloos was in dispute oor lewe en eiendom.

In die Ou Testament kyk die Here af op Jerusalem en sien verdrukking en geweld in plaas van geregtigheid. Die profete Jesaja, Miga en Amos roep die volk op tot praktiese geregtigheid as gehoorsaamheid aan God.

- Jesaja roep die volk op om geregtigheid te soek deur die verdruktes te bemoedig en te help (Jes. 1:17, 23, 27).
- Miga roep op om reg te laat geskied deur liefde en trou te bewys en bedagsaam voor God te lewe (Mig. 6:8).
- Amos: Carpenter en Comfort (2000) verwys na hierdie profeet wat besorg was oor die minderbevoorregte mense van ŉ ryk en hiërargiese gemeenskap met vele luukshede, maar alles ten koste van die armes, verdruktes, weduwees en weeskinders. Geregtigheid het so korrup geword dat Amos dit gif genoem het wat God se kinders vernietig (Am. 5:7; 6:12).

In die Ou Testament roep geregtigheid mense op om prakties reg te doen deur die lewensnorm in oorstemming te bring met die skepping se bedoeling en wet van God, in ’n regverdige verhouding tot God.

Sosiale geregtigheid (Keller, 2011:35) gaan nie net oor mense se materiële en sosiale behoeftes nie. Dit is uit liefdevolheid en genadige optrede gerig op weduwees, weeskinders, vreemdelinge, salaristrekkers, armes, gevangenes, slawe en die siekes, as ontvangers van geregtigheid. Die doel is om voordele aan hulle te bied, sodat hulle in die regte verhouding (regverdigheid) tot God en hulle medemens kan leef. Hierdie persone is immers ook God se ewebeeld (Mooney*,* 2003). Hulle elkeen het ’n spesifieke behoefte waardeur hulle nie op normaal aan die lewe in die gemeenskap kan deelneem nie. Geregtigheid is om hierdie nood aan te spreek deur antwoorde op wesenlike kwessies te bied wat volgens die Bybel onder meer die volgende inhou: grond om op te woon, ’n manier om inkomste te verdien en selfstandig en nie afhanklik te wees nie, voedsel, kleding, veiligheid en water (Deut. 10:18; 24:13; Job 8:6; Ps. 146:7; 68:6). Dít is materiële en ekonomiese aktiwiteite. Hierdie persone moet volgens Deuteronomium 16:18-20 ook juridiese beskerming kan geniet net soos ryk mense.

Saam met Mooney (2003) kan gesê word dat wanneer mense arm en swak is, die gemeenskap arm en swak word. Sosiale geregtigheid versterk hulle, sodat hulle effektiewe lede van die gemeenskap kan wees en voluit aan alle gemeenskapsaktiwiteite kan deelneem vanuit ’n herstelde verhouding (*tsedakah*) met God. Dit bevry die swakkeres deur hulle weer op die been te help (Ps. 76:9; Jes. 45:8; 58:11; 62:1-2). Wie die genade van God ter harte neem, sal reg doen (Keller, 2011:111). Só wil Bybelse geregtigheid die gemeenskap met hart, mond en hande nuut skep, sodat mense as ewebeeld van God tot sy eer kan leef.

**Jesus Christus**: Jesus is die uitverkore Dienskneg wat God se geregtigheid aan die nasies verkondig met woorde en deur optrede. God het in Christus aan die wêreld getoon dat sy geregtigheid veel meer as bloot openbare regstelling is waar twee mense uit bedagsaamheid vir mekaar en die uitoefen van sosiale en kerklike wette eerlik en regverdig leef en optree (Rom. 3:25). God vra ’n hoër vorm van geregtigheid, naamlik dat die mense wat Hy na sy beeld geskep het soos Hy lyk in hulle woorde én dade: “Wees julle heilig, want Ek is heilig” en: “Wees volmaak soos julle Vader in die hemel volmaak is” (Lev. 20:7; 11:44; Matt. 5:48; 1 Pet. 1:16; sien ook Spence-Jones, 2004). God het in die lewe van sy Seun getoon hoe die geregtigheid moet lyk wat Hy van die mens vra: eenvoudig en praktiese dade. Die mens word na Christus se beeld verander en bring vrugte van hierdie soort goedheid voort. Daarby maak dit mense nederig teenoor die grootheid van elke “ander” wat deur God gemaak en geliefd is (Keller, 2011:105). Volgens Mooney (2003) wil God met geregtigheid die orde in sy skepping herstel

waar alle mense die voordeel van ’n lewe met Hom ontvang. Jesus Christus het geregtigheid in Woord en daad beliggaam en bewerk.

**Die kerk**: Die kerk is ’n regverdige gemeenskap van geregtigheid waar ontvangers van God se geregtigheid aan mekaar en ander reg doen. Deurdat die gemeente in Handelinge 2 volgens hierdie geregtigheidsbeginsels geleef het (Hand. 2:42) was die volk die gemeente goedgesind (Hand 2:47). Dit vra dat die kerk in aksie kom (Mott, 1993:79) en só ingryp en herstel wat nie in ooreenstemming met God se aard en optrede is nie – geestelik, sosiaal, maatskaplik, tegnologies en ekonomies. Sodoende bied die kerk ’n opening aan gebroke mense om Goddelike vrede geestelik en prakties met hulle medemens te beleef. Hierin is die kerk God se instrument om gebroke mense nou reeds God se ewige geregtigheid te laat ervaar en aan hulle hoop te bied. Keller noem drie basismaniere waarop die kerk in ’n arm omgewing ’n rol van geregtigheid kan speel: dien as genesende gemeenskap, vorm organisasies om die gemeenskap te genees, organiseer vir regverdige gemeenskappe – “just communities” (Keller, 2011:147-148).

**Slotsom**: Geregtigheid beteken dat God self deur sy kinders in aksie kom om die gemeenskap sodanig te herstel dat daar vrede en regverdigheid heers. Geregtigheid is God se instrument om deur gelowiges se hart, mond en hande reg te doen. Die vraag is hoe so ’n gemeenskap behoort te lyk waar geregtigheid plaasvind. Die woord ter sprake is *koinonia* en word vervolgens ondersoek.

### 2.5.9 Gemeenskap – κοινωνία

Dit het duidelik geblyk dat vrede, regverdigheid en geregtigheid veral klem lê op die verlossende en herstellende aksie wat God vir die gebroke mens onderneem en hoe dit in die praktyk van die mens se lewe deurwerk. Hierteenoor beskryf κοινωνία veral die kwaliteit en inhoud van die verhouding tussen God en die mens én die uitwerking hiervan in die band tussen gelowiges onderling. Hoewel hierdie toepassing nie die eerste bedoeling van die term is nie, het dit beslis missionêre gevolge wat die uitbreiding van die koninkryk betref waarin die kerk as God se instrument met hart, mond en hande optree. ’n Kort definisie van die term word eers ondersoek.

**Definisie**: Hauck (1985) noem drie grondbetekenisse vir κοινωνία wat veral die kwaliteit van die innerlike verhouding wil weergee: deelname, oordrag en gemeenskap. Die gevolg is dat gelowiges na mekaar toe aksies onderneem en ’n besondere onderlinge band vorm waarin met mekaar gedeel word wat die ander persoon nie besit nie (Hauck, 1964-). Swanson en Nave (1994) onderskei κοινωνία tussen die mens met God, met Christus, van en met die Heilige

Gees, met die regverdige, maar dui ook op verbode gemeenskap met die Bose. Woord en daad is duidelik hierin geïntegreer.

Die Grieke het hierdie term op verskeie gebiede gebruik, soos in sakeverhoudings, huwelike, vriendskappe en ondernemings. Die Grieksprekende Christene sou κοινωνία kon herken, hoewel die Christene, anders as die heidense Grieke, geen gemeenskap met die gode geken het nie. Ook in die Ou Testament kom die begrip κοινωνία nouliks voor, omdat afstand en respek teenoor God en die afhanklikheid van God voorop gestaan het eerder as intimiteit met God (Hauck, 1964-) selfs al was daar sprake van blydskap (Hauck, 1985). Kwaliteit en inhoud van woorde en dade kom hierin duidelik na vore.

**God**: Κοινωνία binne die Drie-eenheid blyk duidelik tydens Christus se aardse lewe. Κοινωνία en getuienis loop in hierdie verband ook hand aan hand.

- Die κοινωνία blyk onder meer by Jesus se doop wanneer die Heilige Gees op Hom neerdaal en die Vader hardop getuig: “Dit is my geliefde Seun. Oor Hom verheug Ek My” (Matt. 3:16-17). Daar word verwys na Vader en Seun en die Vader se blydskap oor sy Seun. Woord en daad as eenheid blyk ook hier wanneer die Vader hierdie woorde uitspreek terwyl die doop as gehoorsame daad geskied het.
- Die Hoëpriesterlike gebed van Jesus in Johannes 17 getuig by uitnemendheid van die κοινωνία in die Drie-eenheid. Volgens Johannes 17:21 gebruik Jesus die eenheid met sy Vader as norm in sy gebed vir eenheid onder die mense: “... net soos U, Vader, in My is en Ek in U ...” Uit hierdie gebed in Johannes 17 blyk die hartlike κοινωνία met hart, mond en hande binne die Drie-eenheid wanneer die woorde en dade van Vader, Seun en Heilige Gees versmelt.
- In Johannes 14:10 integreer Jesus sy dade met die liefde tussen Hom en die Vader: “... net soos Ek die opdragte van my Vader uitvoer en in sy liefde bly.”

Met reg kan Jesus se kruiswoord, “My God, My God, waarom het U My verlaat?” ook as κοινωνία binne die Drie-eenheid aangedui word. Die Vader het die κοινωνία met sy Seun losgelaat sodat Hy die mens se skuld kon dra. Ook hierdie verlating as die teenoorgestelde van κοινωνία gebeur deur woorde én dade.

Κοινωνία is dus met woorde en dade in die Drie-enige God veranker en geïntegreer.

**Skepping**: In die skeppingsverhaal word hierdie woord nie aangetref nie. Daar was wel sprake van ’n intertrinitariese κοινωνία waar God as Koninklike vergadering praat: “Kom *Ons* maak die mens as *Ons* verteenwoordiger....” (Gen 1:26). Die ware betekenis van κοινωνία kom in hierdie volmaakte Goddelike harmonie en sinergie na vore. Daar kan dus geredeneer word dat daar

wel κοινωνία, as deelname, oordrag en gemeenskap, was. Hierdie drieling was volledig aanwesig tussen God en die mens en die mens en sy vrou. Dit is κοινωνία tussen die Persone met die skepping as volkome eenheid. Die paradys en die mens het volledige intimiteit met mekaar geniet waar alles gedeel is. God het met die mens gewandel, die mens en sy vrou was naak en het hulle nie vir mekaar geskaam nie (Gen. 2:7, 25; 5:24). Wanneer die man met sy vrou gemeenskap het en sy swanger word, word lewe en liefde met mekaar gedeel en aan mekaar oorgedra (Gen. 4:17; Spr. 5:18-20). Só word κοινωνία voltooi en weerspieël in 'n man-vrou-eenheid binne die huwelik. Dit is κοινωνία in Woord en daad.

**Jesus Christus**: In die Nuwe Testament kry die term κοινωνία 'n dieper betekenis, sonder om die eerste een op te hef, vanweë Jesus Christus se optrede tydens sy lewe op aarde en deur sy versoeningswerk. Die rede en aanleiding waarom iets met iemand gedeel word, bepaal alles: die regte gesindheid en optrede. Christus het in 'n volledige κοινωνία met die vlees en bloed van 'n mens getree. Sodoende het vryspraak vir mense gekom sodat hulle kan deel kry aan die Goddelike natuur (2 Pet. 1:4). In 1 Korintiërs 1:9 word die gelowiges geroep tot gemeenskap (deelname aan) met Christus. Hierdie gemeenskap met Hom ontstaan slegs deur geloof waardeur hulle lewe met dié van Christus vereenselwig word (Hauck, 1964).

Tydens die maaltyd van die Here, die nagmaal soos beskryf in 1 Korintiërs 10:16 ev., word die κοινωνία inwendig met Christus gevier en uitwendig met die medegelowiges. Die gevolg is dat daar 'n innerlike eenheid tussen Christus en die gelowige onstaan deurdat almal in dieselfde werklikheid deel (Robertson, 1997; Hauck, 1985). So wys Hauck daarop dat κοινωνία met Christus ook beteken dat daar met Hom geleef, gely, gesterf, geërf en geregeer word (1985). Hiervolgens kan afgelei word dat wanneer die gelowiges in Christus is en deel van Christus se liggaam uitmaak, deel hulle in alles wat hulle in Christus ontvang het: ook in sy bewoënheid oor die stukkende lewe van die medemens en sy begeerte om dit te geestelik en fisies te herstel. Gemeenskap integreer duidelik Woord en daad.

**Kerk**: Die kerk is God se instrument om die gemeenskap van en met God te weerspieël. Dit het verskillende toepassingsvelde, geestelik en prakties.

Paulus het vir die evangelie gely, maar die gemeente van die Korintiërs het deelgeneem (κοινωνία) aan sy lyding en het Paulus sodoende bemoedig deur Christus (2 Kor. 1:5, 7). Deur die gemeenskap (κοινωνία) met die Heilige Gees (2 Kor. 13:13) ervaar die gelowiges gemeenskap met Christus en dus ook met medegelowiges asook diegene wat honger het en dors is (Matt. 25:35). Κοινωνία is op hierdie manier nodig om die evangelie te versprei, in gesindheid en optrede. In hierdie sin is κοινωνία ook 'n missionêre begrip.

Die gevolg hiervan is dat dit prakties en deel van die daaglikse lewe van die kerk is. Die kerk help om die evangelie te versprei deur te gee en te deel. 'n Mens sien dit deurdat Paulus in Romeine 12:13 die gemeente oproep om medegelowiges in hulle nood te help. Paulus roep ook die Romeine op om in vrede met alle mense te leef en hulle oor hulle vyand te ontferm deur vir daardie een iets te eet en drink te gee (Rom. 12:18, 20-21). Hierdeur word die gevolge en uitwerking van die κοινωνία met Christus deur die Heilige Gees duidelik en vind sosiale geregtigheid plaas (Keller, 2011:365).

Gelowiges staan noodlydendes aktief by omdat hulle hierdie mense as ewebeeld van God hanteer. Hauck (1964-) merk hierby op: "Here ... shared feeling moves over into the sharing of active assistance ..." Hebreërs 10:33 meld dat gelowiges saam met ander (prakties) gely het en daarom beledig is. Volgens Hauck (1964-) is hier sprake van aktiewe hulp, "giving a share" en 'n simpatieke ingesteldheid "having a share". Die Heilige Gees lei die gelowiges in 'n hartlike gemeenskap in die geloof met God en sodoende met hulle medemens wat die lewe in geheel omsluit: hart, mond en hande.

Die gelowiges het mekaar nie slegs geestelik nie, maar ook met raad en daad bygestaan. Dít blyk duidelik uit talle voorbeelde, soos waar die gemeente Paulus met geld ondersteun of kollekte vir noodlydende gemeentes insamel (Gal. 6:6; 1 Kor. 16:1-2). Hauck (1964-) maak 'n belangrike afleiding deur daarop te wys dat hierdie praktiese steun vir Paulus 'n geloofsaak was. Die geld was nie hoofsaak nie, maar die gemeenskap van die gelowiges onderling het die verskil in die kollekte gemaak. Hierdie aspek is wesenlik vir die verstaan van die integrasie van Woord en daad.

Gemeenskap met Christus sluit gemeenskap met ander Christene in, in 'n deelgenootskap van die geloof. Die gevolg is dat mense, fisiese laste en skade ook met mekaar deel, soos in Filemon 17 beskryf. Só stel Paulus in Romeine 15:27 dat gelowiges uit beide die heidendom en die Jodedom mekaar in hulle geestelike én stoflike rykdom moet laat deel. Sterker nog, wie geestelik, maar nie stoflik ryk is nie, moet ook daardie geestelike rykdom deel. Andersom is die ook waar. Die punt is: Wat iemand se rykdom ook behels, dit sou gedeel moet word om mekaar te help. Die doel hiermee is dat elkeen vrede ervaar deurdat aan hom/haar reg gedoen word. Volgens Filippense 1:1 hou dit ook in dat diegene wat in ander se swaarkry en lyding deel, gemeenskap in daardie lyding het, en ook genade met die ander deel. Dit is belangrike missionêre aspekte.

Gelowiges is mekaar se deelgenote (κοινωνία), ook al kry iemand nie swaar nie (Hauck, 1995). Vanuit die herstelde gemeenskap met God deel gelowiges in dieselfde liggaam van Christus waar hulle iets van mekaar nodig het (1 Kor. 12:26). Dit kan ook mededeelsaamheid genoem

word of soos Hauck (1995) dit stel: “active sharing”. Hierdie motief word duidelik gemaak in Handelinge 2:42-47 en 4:34-38 deurdat κοινωνία nie op die Christelike gemeenskap of gemeenskaplike besittings as sodanig wys nie, maar “the family fellowship established and expressed in the church's life” (Hauck, 1964-; Hauck, 1995). Die onderlinge gemeenskap was die hoogtepunt van die Ou-Testamentiese wetgewing vir sosiale geregtigheid (Keller, 2011:79). Die aantrekkende missionêre krag van hierdie onderlinge steun in Woord en daad het die kerk sterk laat groei.

Die Nuwe-Testamentiese gemeenskap het ewe veel van ’n geestelike as ekonomiese gelykheid gevorm (Wright, 2011:311). Gelowiges het hulle huise en beurse vir mekaar oopgestel en die armste en vreemdste mense onder hulle dak en binne hulle gemeenskap toegelaat. Sodoende het hulle wydlopend finansiële hulp en mediese versorging, onderdak, voorspraak, aktiewe liefde, steun en vriendskap aan medemense gebied. Dit was die gevolg en uitwerking van die kragtige werk van die Heilige Gees van Jesus Christus. Die opsieners het oorsig en toesig hieroor gehou (Keller, 2011:74).

In die gereformeerde kerke is hierdie motief dikwels na geestelike of juridiese toesig en oorsig verskraal asof dit deur liefde gemotiveer is, terwyl die Nuwe Testament dit veral prakties invul deur arm mense te klee, siekes te besoek, toe te sien dat siekes versorg word en gevangenes getroos en bemoedig word (Keller, 2011:74). Dit is die praktiese gevolge van κοινωνία wat die integrasie van Woord en daad betref. Só het Jesus Christus die oorspronklike bedoeling van die Ou-Testamentiese wette in die Nuwe-Testamentiese gemeenskap vervul en is dit deur sy volgelinge uitgeleef.

**Eskatologie**: In Christus word κοινωνία herstel deur die Heilige Gees in ’n nuwe gemeenskap wat in mense se hart en praktiese lewe die toekomstige hoop ’n teenwoordige realiteit maak “in economic terms” (Wright, 2011:303, 311). Κοινωνία het ’n eskatologiese perspektief waarin lyding, armoede en eensaamheid afwesig sal wees en die volle intimiteit en gelowiges die gemeenskap met God en met mekaar volmaak sal ervaar en beleef.

**Slotsom**: Κοινωνία gee ’n boeiende perspektief van die kerk se missionêre bediening om in die κοινωνία nou reeds met hart, mond en hande die hoop te bied op die ewige, volmaakte gemeenskap met God. Vir die sending is die vrae wat hieruit voortspruit belangrik: Wat is die grense van κοινωνία? Hoe ver strek dit? Hoe kan die kerk ’n Bybelse balans handhaaf tussen geestelike en materiële gemeenskap, sodat hierdie κοινωνία nie eensydig vergeestelik, of bloot humanitêre hulpverlening word nie? Dit roep die vraag op na die onderlinge diensbaarheid, die διακονία, wat vervolgens bespreek word.

### 2.5.10 Bediening – διακονία

Gemeenskap (κοινωνία) word ervaar wanneer gelowiges hulle medemens met hart, mond en hande dien. Die rykdom van sodanige holistiese διακονία word sigbaar teen die agtergrond van die woorde wat hier bo bespreek is. Gevolglik word eers ’n aantal definisies genoem wat lig kan werp op die tema van Woord en daad.

**Definisie:** Keller beskryf διακονία eenvoudig, maar kragtig as beskeie bediening en voorsiening in iemand se praktiese nood (Keller, 2011:80). Volgens Pratt (2000) asook Louw en Nida (1996:460) lê dit egter dieper en wys op iemand wat ’n diens aan die medemens in die Naam van God verrig. So roep dit eerstens die praktiese beeld op van ’n persoon wat voedsel en drank aan iemand bedien, of van geld as steun wat aan iemand in nood gegee word. ’n Nederige en dienende houding bepaal die waarde van so ’n bediening. Christus is die Voorbeeld hiervan vir gelowiges wat self ook geroep is om ’n bediening (διακονία) van versoening te hê om hulle medemens te help en te dien dat hulle met God versoen raak (Mark. 9:35; Luk. 22:27; 2 Kor. 5:18; Gal. 2:17; sien ook Carpenter & Comfort, 2000). Myers (1987) wys in hierdie verband op die intimiteit (κοινωνία) wat bestaan tussen diegene wat dien en gedien word, sodat daar nie van ’n afstand of afsydigheid tussen beide sprake is nie. Διακονία lê aksent op diensbaarheid en nederigheid in holistiese sin – met hart, mond en hande.

**Skepping**: Διακονία kom nie as woord in die skeppingsverhaal voor nie, omdat hierdie motief eers aktueel geword het ná die sondeval wat die mens tot hoogmoed en selfsug verlei het en wat teenoor diensbaarheid en nederigheid staan. Andersyds was διακονία in die volmaakte sin van die woord wel in die skepping aanwesig, soos wanneer God voortgaan en Eva vir Adam skep en haar tot helper, gelyke vir hom maak (Gen. 2:20). Hier is “gelyke” ’n kwalifisering van “helper”. In volmaaktheid het hulle mekaar gedien, gehelp en gesteun as gemeenskapswesens, sodat daar nie sprake was van oorheersing of nood en afhanklikheid weens die gevolge van die sonde nie. Net so kan die skeppingsopdrag van die mens as God se verteenwoordiger (Gen. 1:26) en as heerser oor die skepping (Gen. 1:28) beskou word as dat die mens God en die skepping dien of bedien. Die sondeval het gelei tot oorheersing en verknegting soos blyk uit die straf op die sonde van die mens in Genesis 3. Dit lyk dus of διακονία ’n onderdeel van die skepping was en deur die sondeval sodanig beskadig is dat gevra word na die koms en versoening van Christus, die groot Dienaar.

Terwyl hierdie woord vir die Jode suiwer op die hulp aan armes gewys het, was dit vir Paulus ’n omvangryker begrip met groot teologiese gevolge, aldus Garland (2001). Paulus het saam met hierdie begrip woorde gebruik soos genade, erns, liefde, vrygewigheid, oorvloed, seën, goeie

werk en diensbaarheid . Sodoende is διακονία ’n onmisbare uitvloeisel van κοινωνία wat Woord en daad integreer.

**Christus**: Christus maak in Matteus 20:28 duidelik dat Hy nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien (διακονία). Walker en Beckwith (1996) omskryf dit helder: “The Lord … the Deacon *par excellence*, the table-waiter of his people. And, as these passages show, 'deaconship' in this sense is a Mark. of his whole church.” Die Seun van die Mens is God van die heelal, maar toon ’n geheel nuwe patroon van menslike verhoudings wat selfs sover gaan as om iemand aan tafel te bedien en voete te was (Joh. 13:4 ev.; sien ook Beyer,1985). Christus integreer διακονία by uitstek met hart, mond en hande deurdat Hy die gesindheid van ’n dienskneg toon deur mens te word en diensbaarheid deur God aan die mens asook deur die mens aan God en sy medemens te verkondig (Fil. 2:5 ev.; Matt.23:11; Matt. 20:26-28; Mark. 9:35). Christus gee διακονία ook hande en voete deur sy volgelinge prakties te dien (Luk. 7:44; Joh. 13:4 ev.).

Die aandag wat Jesus aan mense se tydelike en fisiese node gegee het was ’n integrale onderdeel van sy verlossende werk en nie slegs instrumenteel om verlossing te bied nie. Daarom is subsidies vir armes om skool toe te gaan, gesondheidsklinieke en ander mediese hulp integraal onderdeel van verlossende sendingwerk, aldus Maddox (2001:42). Christus is die groot Diaken wat deur sy diensbaarheid die dienende aard van God met hart, mond en hande sigbaar, tasbaar en hoorbaar gemaak het. Sy dienende optrede bevestig sy verkondiging. Christosentriese sending is gevolglik volledig geïntegreerde diensbare sending met woorde én dade in navolging van Christus.

**Heilige Gees**: In Handelinge 1:8 beloof Jesus dat sy volgelinge getuies vir Hom sal wees wanneer die Heilige Gees oor hulle kom. Ná die uitstorting van die Heilige Gees het die hele volk gesien hoe die gelowiges in Christus leef en dien deur hulle geloof en materiële middels met mekaar te deel. Hierdeur was die volk die kerk goedgesind (Hand. 2:47). Die verkondiging en die praktiese lewe was so nóú met mekaar vervleg dat die Gees dit as missionêre getuienis gebruik het na die volke toe en die kerk in groot getalle laat groei het. Volgens Romeine 12:7 en 1 Korintiërs 12:5-6 gee die Heilige Gees aan gelowiges die gesindheid om mekaar prakties te bedien en aan sommiges gee Hy ook spesifiek die gawe om te dien. Die Heilige Gees, genadegawes en διακονία is onlosmaaklik met mekaar verbind. Daarom is διακονία ’n woord- en daadbediening van die Heilige Gees. Dit is geestelik én prakties en geskied deur mense se hart, mond en hande. Sending is διακονία wat in verbondenheid met en in gehoorsaamheid aan die Heilige Gees geïntegreerde bediening is in diens van die *missio Dei.*

**Kerk en eskatologie**: In die lig van die *missio Dei* wys διακονία op die kerk se bediening as 'n geestelike en praktiese diens van barmhartigheid. Die primêre fokus is om God te verheerlik in navolging van Christus. Διακονία is die Here se instrument om die evangelie deur diensbare verkondiging en praktiese dade hoorbaar en sigbaar te versprei tot opbou van die gemeente van Christus (Hand. 6:2, 3, 7; Ef. 4:12). Op hierdie manier leer mense die dienende aard van God ken en vertrou.

Διακονία steun die prediking én pastorale werk (Hand. 19:22; Ef. 6:21; Kol. 1:7, 23, 25; Kol. 4:7; sien ook Walker en Beckwith, 1996). Hierdie aksies raak veral bekend in die samelewing vanweë die ingestelde amp van die diaken om die armes en weduwees te versorg en so die apostels se missionêre taak van verkondiging en gebed na die volke te help volvoer (Rom. 16:1; 1 Tim. 3:8-13). In Matteus 25:44 dui διακονία op die aflê van besoeke en voorsiening in die fisiese nood van armes, terwyl dit in 1 Timoteus 4:6 ook vir administrasie en onderwys gebruik word, stel Myers (1987). Belangrik is dat Efesiërs 4:12 διακονία as taak van die hele kerk uitwys.

Dienende gesindheid kenmerk διακονία. Duffield en van Cleave (1986) wys op die gees van die wêreld wat die medemens wil oorheers, terwyl die diensknegte van die Here mekaar dien (Luk. 22:24-28; 1 Kor. 9:19; Gal. 5:13; 1 Pet. 5:3). Die kerk dien op so 'n manier dat sy met vrymoedigheid rekenskap kan gee van haar dienswerk (Matt. 25:14-30) en betroubaar gevind sal word (Matt. 25:21).

Elke Christen is tot hierdie διακονία geroep en wie die gawe tot bediening van die Heilige Gees ontvang het moet dit ten volle gebruik om aan ander goed te doen (Gangel, 1998; Packer, 1996). Hierdie roeping verg onderwys. Onderrig in sosiale verantwoordelikheid behoort priesterskap van die gelowiges in te sluit, omdat holistiese sending fokus op die integrasie van die gemeenskap van gelowiges in die proses van diensbaarheid (Alvarez, 2014:226-227). Sodoende word die hartsgesindheid in διακονία met hart, mond en hande onderstreep.

Die kontekstuele fokus van διακονία is om mense te help – vanuit die perspektief van Christus as die groot Diaken (Utley, 1998). Daarom is diensbaarheid liefde in aksie (Ef. 4:16). "Christ's body, says Paul, 'upbuilds itself in [through, by means of] *agape* [love]' (Ephesians 4:16). *Agape* in Scripture is more than sweet talk or sweet smiles; its measure is the evil that you avoid inflicting, and the good you go out of your way to give" (Packer, 1996).

Om mense te dien is om Christus te dien deur mekaar met woorde en dade van liefde op te bou. 1 Johannes 3:18 bevestig dit: "Liefde moenie net woorde en lippetaal wees nie, maar moet met die daad bewys word, en dan in opregtheid." Ware liefde is nie net λόγῳ of γλώσσῃ

(spraak) nie, maar ook ἔργῳ (werke, dade, vakmanskap) in ἀληθείᾳ (integriteit) (Louw & Nida, 1996). Volgens Calvyn is dit die enigste ware manier om lief te hê terwyl baie mense valslik voorgee dat hulle liefhet (Calvin, 1961:277,278). Calvyn toon egter slegs die noodsaak aan, terwyl Greijdanus (1964:83) die bedoeling duidelik uitwys:

> … zodat wij wel lieve en vriendelijke woorden van ontferming en mededelijden spreken, en allerlei goede wensen uiten, en het doen voorkomen, alsof we diep met de lijdenden en hulpbehoevenden waren begaan, maar het ook slechts bij zulke betuigingen laten, en niet daadwerkelijk hulp bieden, maar metterdaad, door de handen uit de mouwen te steken, de beurs te ontsluiten, en het benodigde te verschaffen en uit te delen, en in waarheid... woorden zonder daden zijn onoprecht, onwaar, lege klanken ...

Eensydigheid moet vermy word. Jakobus 1:22-23, 27 en 2:14, 17 wys op die probleem van woorde sonder dade. Die teendeel is ook waar. Διακονία verval in humanisme of aktivisme wanneer die proklamasie van die Drie-enige God se dienende liefde in Christus dit nie voorafgaan en vergesel nie. Ἀληθείᾳ (1 Joh. 3:18) kwalifiseer die openbaring van God in Christus. Die begrip ἔργῳ bevestig dit.

Die vroeë kerk het geestelike en materiële sake saamgevoeg: "This was not just a soul-saving center, but a congregation which recognized the genuine needs of its widows and designed a practical, biblical plan to take care of them" (Gangel, 1998). Hulle was bereid om die strukture aan te pas (Walker & Beckwith, 1996) en die nood aan te spreek sonder om die verkondiging te laat inboet. Die geloofslewe het nie los van die daaglikse werklikheid gestaan nie, met die gevolg dat liggaam en siel bedien is. Διακονία is steeds regstreeks verbind met die dieperliggende dryfveer dat Christus die groot Diaken is wat gekom het om te dien en só ewige vrede te herstel.

In die lig van die ryk en aktiewe betekenis van διακονία is dit jammer dat hierdie begrip in die reformatoriese tradisie met verloop van tyd dikwels so geïnstitusionaliseer en eensydig geformaliseer is. Gevolglik het dit 'n strak en tegniese begrip geword wat tot 'n klein groepie amptelik verkose lidmate beperk geraak het. Sodoende het διακονία die missionêre krag en funksie verloor – wat opnuut ontgin sal moet. Walker en Beckwith (1996) bevestig hierdie toeloop van sake: "Ecclesiastical usage institutionalized and narrowed the NT conception." Hierby stel MacArthur tereg dat alle Christene diakens is, want hulle is almal geroep om Christus aktief te dien (1997). Die missionêre krag en funksie van διακονία word deur Christus self in Matteus 25:31-46 gekwalifiseer: vreemdelinge huisves, hongeriges kos gee, armes klee en gevangenes besoek. In Matteus 28:20 beveel Hy sy leerlinge om alle volke te leer om alles te onderhou wat Hy hulle beveel het. Prakties het dit volgens Keller ingehou dat gelowiges hulle huise en beursies vir mekaar oopmaak, armes en vreemdes in die huise en gemeenskap

toelaat het, finansiële hulp en mediese versorging, onderdak, voorspraak, aktiewe liefde, steun en vriendskap aan medemense bied (Jak. 2:27; sien ook Keller, 2011:74).

’n Kerk wat die medemens in nood nie van harte met woorde en dade dien nie, is geen kerk nie. Liefdevolle en bewoë betrokkenheid by armes is ’n teken dat iemand verlos is en dat ’n ware en reddende geloof aanwesig is (Carson, 1995:521). Hierin lê die missionêre krag van die kerk in ’n *missio Dei*-perspektief. God is “concerned that His church be characterized by sound, healthy teaching that will result in sound, healthy living. Only as we seek to live holy lives will our service have any bearing on the health of the church or on our lost world” (MacArthur, 1997). Dit is duidelik dat die kerk ’n onmisbare en kragtige integrale roeping en verantwoordelikheid met hart, mond en hande, wat die διακονία betref.

**Slotsom**: Διακονία is Liefdesdiens deur God geïnspireer wat bestaan uit verskillende, take en bedienings. Dit het ’n breë toepassingsveld wat gefokus is om mense in nood so te dien dat hulle Godgegewe vrede, regverdigheid, geregtigheid, liefde en gemeenskap in al die fasette ervaar – nou al en in die ewige lewe. Hierin stuur en lei die liefde van Christus vir die noodlydende sondaar. Διακονία is gegrond in die *missio Dei* wat die integrasie van hart, mond en hande betref, omdat dit God se aard is om die verlore mens deur sy verlossende liefde herstellend te dien. Missionêre διακονία is in die eerste plek hoofsaaklik Woordverkondiging op Christus gerig wat in navolging van Christus in konkrete dade van barmhartigheid bewys word. Wanneer die missionêre arbeid van die kerk διακονία met hart, mond en hande vanuit die *missio Dei*-perspektief integreer, kan ’n mens van gefundeerde en geïntegreerde ἀγάπη praat. Wat hierdie ἀγάπη inhou word vervolgens bespreek.

### 2.5.11 Liefde – ἀγάπη

Bybelse liefde is allesomvattend en ’n allesoorheersende kenmerk van dissipels van Jesus Christus. God is liefde, het lief, gee en vra liefde (1 Joh. 4:8, 16). Dit is die Groot Opdrag vir ’n gelowige (Matt. 5:43-48; 22:37-40; 1 Kor. 13:13). Die vraag is hoe liefde binne die missiologie die hand, mond en hande integreer.

**God**: In teenstelling met die sekulêre lewe waar liefde vanuit die eie persoon gemotiveer en aangevuur en hoofsaaklik horisontaal en persoonlik gemotiveer is, word liefde in die Bybel regstreeks in verband gebring met die aard en natuur van God wat self liefde is en gee (1 Joh. 4:7-8) en ewig liefhet (Jer. 31:3). Liefde is eerstens op die Persoon van God gerig en eers dan vir sy Woord en wet (Quell, 1985; Stauffer, 1985). Terwyl Quell en Stauffer daarop wys dat liefde eers op God gerig word, sou eers gestel moet word dat liefde in God se aard gewortel en gegrond is (Hos. 11:8-9). Daarby is ἀγάπη diep innerlik met God se wese verweef en

gevolglik Godgegewe is (Jer. 31:33). God het sy gebroke skepping onafgebroke lief en wil dit herskep. Hierdie liefde is gegrond in God se identiteit as die Here, die Maker en Bewaarder van die verbond en word getoon deur hulle wat die swakkeres beskerm, reg doen en vrede handhaaf (Myers, 1987). Ware liefde is God self. Hy het lief en verkondig sy liefde. Liefde is ten volle ’n woord- en daadbegrip veranker in die Drie-enige God.

**Skepping**: Hoewel liefde as woord nie in die skeppingsverhaal voorkom nie blyk God se liefde vir sy skepping implisiet duidelik onder meer uit getuienis in Psalm 8, 19, 104 en Johannes 3:16. God skep die hemel en die aarde tot sy eer en evalueer dit as “goed” én “baie goed”. Uit die geheel blyk dat God hierdie wêreld liefhet as Hy met die mens bemoeienis maak. Die skeppingsorde tussen mens en natuur en tussen man en vrou was een van wedersydse liefde wat ook tot uiting gekom het in wedersydse hulp en bewaring, steun en heerskappy van en oor die skepping.

Liefde moet in die gemeenskap getoon word deur respek vir almal en deur aan almal goed te doen (1 Pet. 2:17; Gal. 6:10). “Love defines the life of the community (1 Cor. 16:14) and is constantly proven in good deeds and humility” (Myers, 1987). Dit geld God se vraag aan Kain waar sy broer Abel is, en Kain se reaksie waarin hy terugkap dat hy nie sy broer moet oppas nie. Hieruit kan God se liefde en sorg vir die mens afgelei word en ook dat liefde vir die medemens in onderlinge sorg tot uiting kom (Gen. 4:9). Hier veronderstel liefde ook die verantwoordelikheid om na mekaar om te sien. So het God dit bedoel. Ná die sondeval kwalifiseer, begrens en beskerm God die liefde met sy verbondsbepalings (Deut. 7:9; sien ook Quell, 1985). Liefde is vanaf die begin Woord en daad.

In die Ou Testament is liefde beskou as ’n onvervreembare norm vir alle sosiale optrede. Tog was wetlike bepalings vir menslike verhoudings steeds nodig, hoewel die oproep tot liefde deurgaans bo die wet self uitstyg. Dit is die geval soos in Levitikus 9:17, omdat dit meer gaan oor die houding wat die mens inneem as oor die dade en optrede self (Quell, 1985). Die houding en ingesteldheid is bepalend vir die optrede van die mens. Tog is liefde meer as bloot ’n houding. Dit vra ook praktiese optrede om die medemens te help of te steun. Levitikus 19:34 is ŉ voorbeeld van liefde vir die vreemdeling om daardie persoon as medeburger te behandel. Sodoende is liefde ’n norm vir die daaglikse lewe en bring dit vrede. Die Ou Testament is en bly ’n smagting na die Een wat volmaakte liefde is en gee. In die skepping – voor en ná die sondeval – is en bly die liefde die rooi draad vir God. Die mens se woorde en dade behoort as deel van die skeppingsopdrag en lewenstaak opnuut woorde, hande en voete te kry.

**Christus**: Die genade wat Jesus Christus deur sy lewe op aarde en in sy kruisdood en opstanding toon (Joh. 3:16) verander die mens se hele lewe, omdat die vergewing van sondes

van soveel liefde getuig dat dit alle lewe en dade vul en selfs oorstroom (Luk. 7:47). God het die mens deur Christus in ’n nuwe verhouding met Hom en die medemens geplaas. Die mense leer uit Jesus dat liefde is om hulle, nie-opsioneel en opofferend aan kwesbare mense se ekonomiese en materiële nood te verbind (Keller, 2011:87). So word die lewe en diens van die kerk ’n lewe waarin die onderskeie verhoudings bepaal word deur versoening en barmhartigheid (Stauffer, 1985). Johannes roep die gelowiges op om met dade, werke en take (ἔργον) lief te hê (1 Joh. 3:18). Louw en Nida (1996) gebruik hier die woord wat met “demonstreer” vertaal kan word. Dit bring ’n nuwe geestelike, sosiale en maatskaplike orde teweeg, gegrond op en aangebring deur die God van liefde. Dit bewerk vrede, liefde, gemeenskap, regverdigheid, geregtigheid en diensbaarheid. Só kan mense as vrye burgers tot eer van God in volmaakte liefde woon en leef tot sy eer. Dit beteken dat God “creates a new people who will tread the way of self-sacrificing love that he himself took” (Stauffer, 1985).

Die metode wat Jesus bo alles voorskryf, is om dissipels van die volke te maak. Dit gee gestalte aan hierdie selfopofferende liefde (Birdsall & Bown, 2010; Medema, 2011:196). Die gelowige lidmate het mekaar so lief dat die wêreld weet dat hulle dissipels van die Here is. In Christus integreer liefde met hart, mond en hande sodanig dat dit die mense nie slegs vrymaak nie hulle lewe geheel en al vernuwe nie, maar hulle ook volgens ’n *missio Dei*-perspektief navolgers van Christus maak deur hulle κοινωνία en διακονία as *imago Dei*.

Φιλέω en φιλία fokus meer op liefde wat berus op tussenmenslike vereenselwiging, terwyl ἀγαπάω en ἀγάπη gebaseer is op ’n diep waardering en hoë agting vir die persoon of persone (Louw & Nida, 1996). God se liefde vir die sondige mens in Christus is die bron en motivering hiervoor, dat Hy die gelowige so belangrik beskou, maar dat die gelowiges hulle medemense, veral ook dié in nood, vanuit hierdie bron hoog ag en waardeer. Dit laat die gelowiges in aksie kom om daardie persone se gebroke bestaan deur geregtigheid in diensbaarheid en gemeenskap te help herstel.

**Heilige Gees**: God se liefde het ’n nuwe mensheid voor oë waarin Hy liefdevolle dade gebruik om sy doel te bereik (Stauffer, 1985). Dit is egter nie slegs dade nie, maar ook woorde waar woorde en dade mekaar bevestig, bewys en aanvul. God gee geloof wat deur liefde aktief word (Gal. 5:6). Hy stort sy liefde vir die mens uit deur sy Gees (Rom. 5:5). Die vrug van die Heilige Gees is ’n liefde wat gelowiges voor die oë van die wêreld kenmerk (Gal. 5:22; sien ook Birdsall & Brown, 2010; Myers, 1987). So bou liefde mense op (1 Kor. 8:1). Die Heilige Gees gee liefde as geskenk aan die gelowige om nou beoefen te word en as teken van die toekomstige voltrekking van die nuwe skepping wat God in Christus begin het as ’n vervulling waarop gehoop word (Achtemeijer, *et al.,* 1985). Daarom loop liefde hand in hand met hoop. Wanneer die gelowiges so deur God se liefde in Christus deur die Heilige Gees geraak en verander is,

word hulle lewe vervul met liefdevolle dade wat die naaste hoop op die ewige lewe gee. Hierdie hoop word verkry deur woorde en dade en word dan ’n konkrete werklikheid – nou reeds met die oog op die toekoms. Om dit te bereik is dit duidelik dat die kerk God se instrument is om sy liefde in Christus met woorde en dade as bakens en tekens van die komende koninkryk te verkondig en te toon. Die rol van die Heilige Gees in integrale liefde met hart, mond en hande is ’n lewende en noodsaaklike werklikheid.

**Kerk en eskatologie**: Αγάπη is ’n houding en ingesteldheid wat die kerk beïnvloed, beheer en aanstuur. Dit is nie ’n *sentimentele utopie* nie, stel Palmer (1996) treffend. Dit is juis bedoel om praktiese hulp te bied aan diegene in nood (Luk. 10:33ev). Dit is ’n fundamentele reaksie vanuit die hart (1 Kor. 13) op God wat God eerste liefhet (1 Joh. 4:19). Dit is ook ’n aanvaarding van die werk van die Gees in die diepte van die menslike wese (Gal. 5:22). Liefde is nie net ’n vereiste vir κοινωνία nie. Dit is ook ’n toets vir verlossing (Lanier, 2003). Christelike liefde is die manier waarop die onsigbare God Hom sigbaar maak deur sy vleesgeworde Seun aan die wêreld (Birdsall & Brown, 2010). Verlossing word bewys in die aktiewe liefde vanuit die hart wat daarop gerig is om die persoon uit watter nood ook al, te bevry.

Die Bybel leer deurgaans die heerskappy van die liefde saam met die praktiese gevolge daarvan vir die gemeenskap en die wêreld (Stauffer, 1985). Saam met Mundle (1980:322) kan tot die slotsom gekom word dat liefde nie soseer ’n gevoel is nie, maar in dade bewys word net soos God gemaak het. Uit die *missio Dei*-perspektief beskou, is die kerk God se instrument om sy liefde aan die sondige en gebroke wêreld met woorde en dade te verkondig. Kerke moet hulle steeds afvra of hulle gemotiveer en gedryf word deur hierdie liefde en of die lidmate hierdie liefde verkondig deur woorde wat in dade bevestig word.

Die kerk bedien liefde volgens Parker (1996) nie deur mooi praatjies en liewe glimlaggies nie. Sodoende vermy die kerk boosheid en om slegte dinge aan die medemens te doen (Rom. 13:10), maar doen goed om deur optrede die materiële, fisieke en ekonomiese nood van ander te verlig. Aandag vir materiële en ekonomiese nood is in die Christelike liefde nie opsioneel nie (Keller, 2011:87). Die motiewe van κοινωνία en διακονία bou die kerk vir hierdie liefdesdade op. Achtemeijer *et al.* (1985) wys daarop dat Johannes sterk klem lê op die konsekwent etiese dimensie van liefde binne die kerk (Joh. 13:34-35). Hy beklemtoon dat hierdie dimensie essensieel is vir die bestaan van die Christelike gemeenskap (Joh. 14:15, 21, 23-4; 15:9, 12, 17). In ’n uitvoerige eksegese van 1 Johannes 3:18 toon Piper (2014) aan dat liefde *in* woorde en *in* dade aanwesig behoort te wees. Liefde kwalifiseer Woord en daad, sodat mens nie *met* woorde en *met* dade liefhet nie, maar *in* woorde en *in* dade. Woorde en dade alleen is nog nie liefde nie. Die feit dat “opregtheid” in hierdie vers teenoor “woorde en lippetaal” staan toon hierdie dieper laag van Woord en daad aan. So word woorde wat in opregte liefde uitgespreek word

as’t ware ’n daad van liefde wat aan iemand bewys word. Die Lausanne-verklaring stel dat liefde nie slegs ’n geskenk is nie, maar ook ’n opdrag wat gehoorsaamheid aan God vereis (Birdsall & Brown, 2010; Medema, 2011:126). Sodoende wil Johannes die etiese implikasies van liefde onderstreep deur mense op te roep om lief te hê in dade en in waarheid, en nie slegs deur woorde en toesprake nie (Joh. 3:18). Die διακονία en die etiese aspek van liefde vorm ’n sentrale rol in die missionêre taak van die kerk binne *missio Dei*-perspektief.

Liefde is na buite gerig en het sodoende missionêre werfkrag. Die kerk word hierdeur aangevuur om die medemens, die samelewing en veral die noodlydendes met woorde en dade van barmhartige liefde te bedien. Die Westerse samelewing is sterk individualisties ingestel (Corbett & Fikkert 2009:78-79, 83). Ook in die geloofslewe is Westerlinge geneig om God se liefde op die indiwidu te betrek as ’n vorm van konsumpsie of as persoonlike gebruiksvoorwerp tot eie voordeel. Stauffer (1985) wys daarop dat God se liefde eerder nasionaal as indiwidueel gerig is. Hy het sekere groepe in die samelewing lief, soos dié met ’n suiwer hart, die armes en selfs die vreemdelinge in die land (Deut. 10:18). Die persoonlike noodsaak vir ’n besnede hart word hiermee nie opgehef nie (Deut. 10:16; Joh. 3:3). Die kerk druk God se liefde uit deur dade van barmhartigheid. Só word die missionêre aantrekkingskrag van liefde duidelik. Die wet en die liefde vorm saam die grondslag vir hoe die wêreld behoort te leef (Stauffer, 1985). Dit is belangrik om die onlosmaaklike band tussen wet en liefde vas te hou en te verstaan. Daardeur kry die wet volle waarde en krag in die hart, mond en hande van die mens wat ware liefde aan ander betoon.

Die Here gebruik só die kerk om bakens en tekens van sy koninkryk op te rig en te toon hoe God deur sy liefde mense lei om Mammon en ydelheid af te sweer, om weerstand teen vervolging te bied, wat ’n toets vir die lojaliteit van liefde is (Matt. 6:24, 30 ev.; Matt. 10:17 ev.; 5:10 ev.; sien ook Stauffer, 1985). As die kerk iemand in nood nie help nie, teken dit die kerk se gebrek aan liefde vir die Here én vir die persoon in nood. Liefde slegs deur woorde of dade is geen liefde nie, maar mooipraatjies of aktivisme. Liefde vir God en die mense begin in die hart en vloei deur die mond na die hande toe. Hierin lê ook die missionêre krag van die kerk.

Waar die kerk dienend in die wêreld teenwoordig is, word die koms van die koninkryk sigbaar (Buys, 2013a:36). Daarom is liefde sorg en versorging van alles wat aan God behoort (Birdsall & Brown, 2010; Medema, 2011:137). ’n Mooi voorbeeld hiervan is die Gereformeerde Kerk in Vezubuhle, KwaNdebele, wat bewustelik voedselpakkette vir behoeftige nie-kerklike lede onder kerklidmate insamel en uitdeel terwyl die kerk self van finansiële steun afhanklik is. Dit is kerklike liefde in *missio Dei*-perspektief wat gerig is op die nood van die swakkes.

Achtemeijer *et al.* (1985) wys daarop dat Matteus liefde aan die toekoms én aan etiek verbind wanneer hy daarop wys dat baie mense se liefde sal afkoel, maar dat diegene wat volhou om lief te hê gered sal word (Matt. 24:12-13). Hierdie opmerking is belangrik, omdat dit liefde, etiek, hoop en toekoms op een lyn plaas. Liefde word hiervolgens uitgeleef in die hoop op die toekoms waarin hierdie uiting beloon sal word in die ewige lewe. Mens kan met Stauffer (1985) saamstem: "It builds the work of the future." Die krag van die nuwe wêreld breek in hierdie proses aan.

**Slotsom:** Die Here toon sy liefde aan die mense in sy verbond met hulle. In sy aard en wese is en toon God sy trou aan wat Hy doen en beloof. Sy verbond strek oor die hele lewe en elke onderdeel van die mens se lewe waaronder geld: geestelik, liggaamlik, natuurlik, fisies, emosioneel, finansieel. God gee aan die mense opdrag om net so lief te hê. Hy toon en gee sy volmaakte liefde in Christus en laat só mense ook sien hoe dit prakties gedoen behoort te word. Die gevolg is dat die gelowiges hulle medemense, en veral dié wat swak is en in nood verkeer, in alle omstandighede deur Christus liefhet deur hulle te steun, by te staan, te help, ontwikkel, verbeter en veilig te laat voel soos God ook met die betrokke agent sou doen.

Die doel is die ewige versoening met God, om lewende hoop op die ewige lewe met God te hê en hierdeur as beeld en verteenwoordiger van God op aarde te leef volgens die skeppings- en herskeppingsbedoeling. Dit is 'n allesomvattende Bybelse liefde as allesoorheersende kenmerk van dissipels van Jesus Christus (Birdsall & Brown, 20110). So beskryf Lanier (2003) dit as "Unselfish, loyal, and benevolent intention and commitment toward another" gewortel in God se verbondsliefde. Op hierdie manier word God se vrede, regverdigheid en geregtigheid deur διακονία en κοινωνία in liefde herstel. Binne *missio Dei*-perspektief behels missionêre bediening liefde vir die armes en behoeftiges met hart, mond en hande. Wie hierdie "armes" is, word vervolgens bespreek.

#### 2.5.12 Armoede – πτωχos

'n Skrifgefundeerde verstaan van armoede toon aan dat armoede omvangryk is en 'n integrale benadering vereis. Wat hou armoede eintlik in en behels hierdie toestand slegs afwesigheid van materiële bronne? Om hierdie vraag te beantwoord, is dit nodig om armoede se letterlike betekenis te begryp, asook vanuit die Drie-eenheid te verstaan en hoe dit in die skepping en die kerk uitwerk en 'n eskatologiese perspektief bied. Só word die mens se werklike armoede duidelik en die kerk se rol in die lig van die *missio Dei* met die oog op die ewige lewe.

In die letterlike betekenis hou armoede, volgens Louw en Nida (1996) die volgende in: verslete klere, honger en dors in (1 Kor. 4:11) en dui dit op gebrek, of ernstige gebrek, aan basiese

lewensmiddele of wat nodig is om te bestaan en te leef. Die gevolg is dat so 'n persoon behoeftig en afhanklik van ander is om te kan leef. Thomas (1998) noem ook "to be low or depressed" en die aktiwiteit om arm te word. Hoewel armoede 'n materiële dimensie het, sluit dit ook die verlies aan betekenis, waarde en doel van die lewe in. Só dui dit eerder op skeefgetrekte verhoudings as 'n gebrek aan lewensmiddele: "Poverty is the result of relationships that do not work, that are not just, that are not for life, that are not harmonious or enjoyable. Poverty is the absence of shalom in all its meanings" (Corbett & Fikkert, 2009:54, 62, 127).

Agur (Spr. 30:8-9) verwys na twee soorte armoede: om te min te hê om van te leef met as gevolg dat God gehaat word en om té veel te hê waardeur die mens God vergeet en sonder Hom leef. Jesus onderskei geestelike armoede as toestand van diegene wat weet dat hulle van God afhanklik is (Matt. 5:3; sien ook Louw & Nida, 1996). Die armoede van die nie-arme, soos Myers (2001:89) daardie kategorie noem, lê daarin dat so iemand God speel oor die lewe van ander mense en die rol van God oorneem. Hierdie mense se lewe is selfbepalend. In hulle oë is hulle ryk en tog in die oë van God arm. Die rede is dat hulle oor die mees wesenlike aspekte van hulle lewe geen beheer het nie. Integrale missionêre bediening met hart, mond en hande fokus juis op die hartgesindheid wat die mens se werklike armoede blootlê. Dit word gedoen in die lig van Christus se woorde dat dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, geseënd is (Matt. 5:3).

Armoede het dus 'n breër toepassingsveld as bloot gebrek aan voldoende finansiële of materiële middele. Daar sal holisties oor armoede gedink moet word om werklik die diepte daarvan te deurgrond en om dit doeltreffend in missionêre bediening te hanteer. Goudzwaard (1997:19) pleit daarom vir 'n multidissiplinêre benadering vir armoede en noem die volgende voorbeelde van hierdie toestand: sosiale isolasie, skuldlaste, 'n agtergeblewe posisie soos gebrek aan onderwys, verskillende vorms van diskriminasie, die bly in afsonderlike woonwyke of woongebiede asook politieke onderdrukking. Hy betrek dit egter veral op die materiële gebrek en benadeling van mense. Myers gaan verder deur te noem godsdienstige disintegrasie en veranderings in sosiale strukture as oorsake vir armoede, sosiale wanbalanse en sosiale onreg (Myers, 1987:841). Keller (1998) noem die volgende definisies of kategorieë waarvolgens iemand arm kan wees: materieel, vaardighede, talente, verhoudinge, geestelik en sielkundig. Waar iemand in die oë van die wêreld finansieel arm is en nie as belangrik beskou word as daardie een niks besit of geen status het nie, vergelyk die spreukedigter 'n arme met 'n stad sonder mure waarin die inwoners kwesbaar is (Spr. 10:15; sien ook Keller, 2011:121). 'n Arme kan dan omskryf word as enigiemand wat op allerlei maniere kwesbaar is. Armoede moet in hierdie sin holisties verstaan en benader word. Jayakumar (2005:80) sluit by hierdie gedagtelyn aan, maar wys op ontwikkelingswerkers wat beklemtoon dat armoede 'n kwessie van geloof en

spiritualiteit is en nie net sosio-ekonomies plus spiritualiteit nie. Dit is ŉ geestelik en religieuse aangeleentheid. Sonder om hierdie aspek in byvoorbeeld gesondheid en ekonomie aan te spreek, kan geen volhoubare ontwikkeling plaasvind nie. Dit is ’n kwessie wat ook ŉ dieper-liggende, geestelike dimensie het.

Goudzwaard, Keller en Myers onderbelig die geestelike armoede van mense wat ook materieel arm óf ryk is (Spr. 30:7-9), in teenstelling tot Jayakumar wat die geestelike aspek oorbelig. Daar is 'n verband tussen die geestelike en die praktiese, maar hier geld nie net die een of die ander dimensie nie. Dit verg 'n holistiese benadering wat beide dimensies integreer. Die geestelike armoede van materiële rykes en die geestelike rykdom van materiële armes, of andersom, mag nie in die verstaan en benadering van armoede vergeet word nie. Daarby moet die geestelike armoede van die materiële arme ook nie vergeet word nie. Dieselfde beginsel is op alle mense van toepassing. Vir die integrale *missio Dei*-benadering van armoede is dit wesenlik, omdat die integrale eenheid van Woord en daad daardeur versterk en nie uitmekaar getrek word nie. Sodoende word verseker dat ŉ mens nie in ’n vergeesteliking of die propageer van ŉ *social gospel* verval nie.

**God**: Die Here ontferm Hom in Woord en daad oor die armes en eis dat geregtigheid aan hulle geskied. Hy tree steeds met Woord en daad op, selfs met ŉ harde hand, om die arme te beskerm. Een ding staan vas: “God openbaar ’n besondere sorg vir die benadeeldes en die swakkes” (Kritzinger, 1996:2). Hierdie sorg is nie slegs tot die geestelike of fisiese lewe beperk nie. God sluit ’n verbond van genade binne die Drie-Eenheid om die mens integraal te herstel en ’n nuwe skepping in Christus te beloof wat Hy ook werklikheid maak. Die Bybel toon God se begeerte jeens die mens vir “systemic economic justice and for personal compassion, respect and generosity towards the poor and needy” (Birdsall & Brown, 2010, 2010:28). God sorg vir die geestelike behoeftes, maar ook die fisiese nood, hetsy deur wonders of deur fisiese arbeid (2 Tess. 3:10-12). Hy gee aan die mens energie, bronne en die geleenthede en voorsien ook direk of indirek aan diegene wat weens gegronde redes nie kan werk nie: “God is always the source of our physical well-being. He makes the earth produce what we need, and He gives us the ability to procure it” (MacArthur, 1995). God gee dit aan die mens in saam met die skeppingstaak en stel die norm in sy wet vas. Ook hier is duidelik van Woord en daad sprake, wat begin by God wat hierdie integrasie verder deur die mens werk.

Indien die Israeliete die wette van God nageleef het sou daar geen langdurige of permanente armoede gewees het nie (Keller, 2011:48, 50). In die wet word duidelik dat God vrygewig en ruimhartig is. Daaruit kan mens volgens Keller aflei dat ruimhartigheid deur die mense vir die armes pas beëindig word wanneer die behoefte nie meer bestaan nie (Keller, 2011:48). Hoewel Christus daarop gewys het dat daar altyd armes sal wees, hef dit nie God se skeppingsdoel op

om die mens integraal te seën nie, want armoede was nie deel van God se goeie skepping nie. Daarom bly die wet gehandhaaf terwyl dit in Jesus Christus vervul is en in Hom volle betekenis, voorbeeld en toepassing gekry het. Ook hierin blyk Woord en daad onverminderd verweef in die bediening aan armes.

Die balans tussen vertroue in God se voorsienigheid en die noodsaak van eie verantwoordelikheid tot selfwerksaamheid mag nie losgelaat word of opgaan in ’n eensydige vergeesteliking nie. Hierin het die mens as beeld van God die leidende motief. Die Nederlandse gesegde: “bidt tot God, maar doe wel je fiets op slot" verduidelik dit goed. God help diegene wat hulleself wil help en Hy help deur die mens in te span as sy beeld, rentmeester en verteenwoordiger op aarde as instrument met ’n eie verantwoordelikheid. Psalm 127 en 128 toon aan dat die mens werk, maar God sy arbeid seën. Spreuke 6:6 roep die mens in die lig van die skepping op om te werk en nie lui te wees nie. In Efesiërs 4:20 en 28 wys Paulus daarop dat diegene wat Christus leer ken het deur harde werk op ’n eerbare manier self in hulle lewensonderhoud moet voorsien; dan sal hulle iets hê om vir die armes te gee. Die integrasie van Woord en daad is in hierdie sin in God veranker wat armoede self met Woord en daad bedien.

**Skepping**: In die skepping was daar nie armoede nie, omdat daar oorvloed, rykdom en vrede geheers het. Die mens se rykdom sou in sy nageslag en in sy kultuurmandaat (Gen. 1:28) geïntegreer wees. Dit beteken dat rykdom en oorvloed ’n Godgegewe integrale seën is én deur die mens beheer, versorg en verdien word deur vrugbaar te wees, kinders te kry en te heers oor die skepping (Ps. 8; Ps. 127; Ps. 128). Die implikasies hiervan vir integrale bediening is ingrypend en verreikend.

Armoede tree integraal in as ’n gevolg van die sonde. Armoede word veroorsaak deur sonde wat alle persoonlike- en nie-menslike verhoudings versteur (Myers, 2001:88). Sonde ontneem oorvloed en rykdom van die mense en hulle moet steeds werk, terwyl die volmaakte seën van die skepping hulle nie beskore is nie (Gen. 3:8-24). Ook in hierdie proses blyk die eenheid van natuur en genade, Woord en daad. Die gevolg is dat alle mense arm is, omdat hulle nie voluit in hulle onderskeie verhoudings kan leef soos God bedoel het nie (Rom. 3:23; sien ook Corbett & Fikkert, 2009:62). Uit Spreuke 10:4; 13:18; 19:15; 21:17; 24:30-34 blyk enkele oorsake vir armoede: luiheid, geen onderwys, wêreldse genot en onverstandigheid. Keller (2008c:19) onderskei drie oorsake vir armoede:

1. onreg en onderdrukking;
2. rampe;
3. sonde of persoonlike mislukking of onvermoë.

Hierdie oorsake soos Keller (2008c:19) dit uiteensit, sal hier onder punt vir punt verder bespreek word.

1. Onreg en onderdrukking: die Hebreeuse woord vir armoede in die Ou Testament beteken "wrongfully dispossessed". Armoede is hiervolgens 'n gevolg van verskeie faktore:
   - "unfair treatment of social conditions that are outside of a persons control (Ps 72:4, Ps. 82:1-8, Prov 14:31, Ex 22:21-27)";
   - sosiale sisteme in die guns van maghebbers (Lev. 19:15);
   - slegte salarisse en hoë rentekoerse (Deut. 24:15; Eks. 22:25-27; Ef. 6:8-9; Jak. 5:4).

2. Rampe, of ook genoem "circumstantial calamity", waaronder geld:
   - algemene terugslae: natuurrampe, siektes en onverwagte finansiële verlies waardeur iemand arm word.
   - eksterne teëspoed: armoede is nie deurgaans die gevolg van persoonlike sonde of luiheid nie, maar kan ook deur eksterne ellende of rampspoed veroorsaak word.

3. Sonde, persoonlike mislukking of onvermoë: Dit kan die gevolg wees van verskeie faktore:
   - indiwiduele sonde;
   - luiheid (Spr. 6:6-7; Spr. 10:4);
   - gebrek aan dissipline (Spr. 23:21);
   - najaag van welvaart (Spr. 21:17).

Volgens Keller (2008c:19, 20) is die oorsake vir armoede veelsydig en kan dit selfs interafhanklik wees: gebrek aan werketiek, min toegang tot onderwys, mentale of fisiese gebrek, onverwagte tragedie. Tog moet erken word: "ten spyte van die *corruptio totalis* is die beeld van God in die mens nie deur die sonde uitgewis nie, maar wag om na vore te kom" (Kritzinger, 1996:15). Hierdie feit moet sigbaar en bevestig word.

Missionêre bediening moet gevolglik op armoede vanuit hierdie integrale perspektief gerig wees. Sending waar slegs materiële hulp sonder evangelieverkondiging plaasvind, óf waar sodanige verkondiging nie hande en voete kry nie, is die hulp eensydig en lewer nie integrale bediening op nie.

Armoede word nog meer in verband gebring met mense wat nie aan morele en etiese verpligtings voldoen nie (Myers, 1987:841). Kritzinger (1996:1,2) maak teen die gebruik van hierdie oorsake deur Myers kapsie deur daarop te wys dat dit tipiese besware van rykes is, van mense wat nie vry leef nie en onderdruk word en 'n vergeesteliking van die situasie. Dit is nie

die Bybelse oplossing en benadering nie. Wie in ryk eerste wêreldlande leef kan Myers se kwalifikasie verstaan.

Volgens MacArthur (1995) word armoede nie veroorsaak deur onvoldoende landboupraktyke, swak ekonomiese of politieke beleid, gebrek aan wetenskaplike bronne of oorbevolking nie. Hoewel hierdie kwessies die probleem vererger, is die basiese dilemma geestelik. In lande wat erge armoede beleef, heers dikwels religieë wat 'n lae waarde op die lewe van die mens plaas en slawe van mense maak. Daarteenoor was die Weste, hoewel dit nie ten volle Bybels uitgeleef is nie, tog op terreine soos die politiek, ekonomie, tegnologie en filosofie deur die Christelike beginsels verryk. Die gedegradeerde visie op die mens se lewe, soos aborsie en eutanasie, het dié invloed verswak en die samelewing in hierdie opsig verarm. Armoede, afwesigheid van die Christendom en 'n lae skatting van die waarde van lewe loop hand in hand (MacArthur, 1995). 'n Mens kan armoede slegs ten volle verstaan en benader vanuit 'n integrale perspektief op die skepping.

Die vraag is dus: Watter perspektief het Christus gegee op 'n benadering van armoede wat die integrering van Woord en daad behels? Wat is die implikasies hiervan vir die missionêre bediening? Hierdie navrae maak die mens se armoede duidelik asook die kerk se rol wat die eskatologie betref om hier en nou die hoop op die toekoms lewend te hou.

**Christus**: Bewoënheid is een van die hooftemas in die Nuwe Testament in die behandeling van armoede en 'n houding wat Woord en daad integreer. Jesus is hierin 'n sprekende voorbeeld wanneer Hy geraak word deur, en Hom vereenselwig met die nood van die mense met wie Hy te doen kry (Matt. 14, 15, 20; Mark. 1, 8; Luk. 7; Joh. 11). Jesus toon dit ook as Hy self arm word (2 Kor. 8:9) en hierdie boodskap in sy gelykenisse laat blyk (Luk. 10). Keller (2008c:22) stel dit dat God Hom simbolies én letterlik met die armes identifiseer. Jesus se houding lei tot die regte en opregte bemoeienis (Kritzinger, 1996:3). Du Toit (1990:22) noem Jesus "daadgeworde barmhartigheid".

Jesus se medelye met die arme (sondaarmens) met woorde en dade blyk uit die volgende momente:

- sy inkarnasie as God in die lewe van die mens (Fil. 2:6-7);
- sy besnydenis by die offer van armes met twee duiwe (Luk. 2:24);
- sy erkenning dat Hy geen huis en inkomste gehad het nie (Matt. 8:20);
- waar Hy op 'n geleende donkie Jerusalem binnegery het;
- sy laaste nag voor die kruisiging in 'n geleende kamer deurgebring;

- waar Hy naak aan die kruis gehang het nadat sy klere van Hom weggeneem is as teken van totale weerloosheid en spot;
- toe Hy in ’n geleende graf begrawe is (Matt. 8:20; Fil. 2:6-7).

In hierdie momente van sy aardse bestaan het Hy Hom met die geestelike en fisieke armes vereenselwig. Christus was ryk in heerlikheid, maar Hy het arm geword ter wille van die mens (2 Kor. 8:9; Fil. 2:6-10; sien ook Louw & Nida, 1996; Thomas, 1998). So duidelik staan God by die armes (Ps. 103:6) dat Jesus Hom met hulle sodanig vereenselwig het dat Hy Homself ’n arme noem (Matt. 25:34-40; sien ook Pieterse, 2001:75, 76). Jesus kondig die doel van sy koms aan as dat Hy juis vir die armes gekom het om hulle te red en vry te maak (Luk. 4:6). Die armes se rykdom is die “onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis wat in die hemel ook vir julle in bewaring gehou word” (1 Pet. 1:3-4, 18-21). Mens sou kon sê dat die Seun van God Hom in die menslike armoede geïnkarneer het om ’n verloste lewe in integrale rykdom tot die ewigheid te bring. Woord en daad vorm in Christus se armoede ’n onbreekbare eenheid en bring ook versoening en hoop.

Armoede moet in verband gebring word met die *corruptio totalis*. Daarom is ’n praktiese bediening van bevryding en ontwikkeling van die lewe noodsaaklik – gebaseer op die herstel *in totalis* in Christus (Van Deventer, 1988:35). Omdat armes slegs op God kan vertrou is die noodlydendes en verdruktes God se regverdige volk genoem, aldus Myers (1999:841), met verwysing na Ps. 9:9-10; 14:4-6; 37:14-15; 69:33; Jes. 3:15; Hab. 3:13-14). Hierdie stelling kan egter moeilik gehandhaaf word, omdat mense dan regverdigheid sou kon verdien deur arm te wees. Dit sou God en die soenverdienste van Christus buite beeld plaas, terwyl God uit die skeppingsgegewe en sy genadeverbond die lewe van elke mens beskerm en dit ook in die wette wou waarborg. Christus is hiervan die vergestalting: die integrasie van Woord en daad, en roep gelowiges op om hierin sy volgelinge te wees (Matt. 28:18-20). Keller (2008c:22) stel dit soos volg:

> All this gives new meaning to the question: ‘Lord, when did we see you hungry or thirsty or naked or in prison?’ The answer is – on the cross, where he died amidst the thieves, among the marginalized. No wonder Paul could say that once you see Jesus becoming poor for us, you will never look at the poor the same way again.

Slegs deur Christus kan die sending die regte perspektief nahou op ’n benadering tot die armes wat Woord en daad integreer.

**Heilige Gees**: Die Heilige Gees is skeppend en herskeppend teenwoordig en gee nie geloof dat mense slegs ’n geestelike verhouding met God beleef nie. Die Gees maak ook die gelowige mens se kreatiewe moontlikhede wakker (Kritzinger, 1996:14). Hierby kan gevoeg word dat

bewoënheid daarop uit is om vir die lydende medemens te gee. Hierdie bewoënheid is gemotiveer deur die vrede, regverdigheid en geregtigheid wat God uit liefde wil gee. Dit maak die mens bewus van God se roeping tot geregtigheid wat bereik word deur gemeenskap en diensbaarheid. Die Heilige Gees lei die gelowige gevolglik om die armes in hulle waardigheid as mens te erken en hulle sodoende te help, te stimuleer en te lei om ook aan hulle eie toekoms te werk. Kritzinger (1996:15) merk tereg op dat daar verby hulle armoede gekyk moet word na hulle potensiaal vanuit die *imago Dei*. Hierdie potensiaal is wel beskadig, maar nie opgehef nie en is deur Christus herstel. So laat die Heilige Gees die skeppingsopdrag en kultuurmandaat herleef waardeur dit ook in die missionêre arbeid van die gelowige integraal aktueel en relevant is. Integrale missionêre arbeid is by uitstek die bediening van en deur die Heilige Gees in Woord en daad.

**Kerk en eskatologie:** In navolging van Christus behoort die kerk met die transformasie van die totale mens besig te wees en nie net in die verbetering van mense se omstandighede nie (Kritzinger, 1996:15). Bruwer noem dit die transformasie van mense se lewens- en wêreldbeskouing (1994:22). Hierby moet genoem word dat die doel is om mense se lewens- en wêreldbeskouing te verander na die Godgegewe lewens- en wêreldbeeld.

Armoede is nie slegs enkelinge se verantwoordelikheid nie. Die belofte dat daar geen armoede sou wees wanneer God se gebooie gehoorsaam sou wees, was gerig aan die volk, aan die groter groep, nie aan indiwidue nie. Die Nuwe Testament getuig van diverse voorbeelde waar die kerk in die geheel verantwoordelikheid vir die versorging van armes of arm gemeentes aanvaar het (Luk. 14:13; Hand. 2:44-45; 4:32-35; 11:30; 1 Kor. 16:1-4; 2 Kor. 8:1-5; 2 Tess. 3:6-15). Die kerk was ’n voorbeeld van vrygewigheid en van daardie ingesteldheid wat Mellick noem egte Christelike besorgdheid (Mellick, 1991). Birdsall en Brown (2010:28) beklemtoon dat hierdie uitgebreide Bybelse onderrig steeds geïntegreer is en moet word in die sending strategieë en -praktyk. Die kerk is hierin God se instrument om bewoënheid vir die armes en noodlydendes te toon. Op hierdie manier rig die kerk bakens en tekens vir die koninkryk van God op deur mense op die herstel van die lewe in Christus te wys en hulle so hoop vir die toekoms te gee. Dit help en motiveer hulle om te lewe volgens die beginsels van God se koninkryk.

Vir die kerk geld dat barmhartigheid teenoor die arme ’n integrale soeke is na die koninkryk en die geregtigheid daarvan (Matt. 6:33). Hier waarsku onder meer Spreuke, die profete, Jesus en Jakobus oor die vloek wat sal kom op diegene wat armes ignoreer (Platt, 2010:109). Wie nie oor arm mense begaan is nie, verstaan nie die genade wat die mens wel ontvang het nie en het moontlik nie eens met genade in aanraking gekom nie (Keller, 2011:11). Veral in situasies waar mense erge ontberings ly, is holistiese sending nie ’n opsie nie. ’n Mens kan onmoontlik ’n

skeiding maak waar die Woord eenkant en sosiale aspekte aan die ander kant staan, meen Lubaale (2010:85). Volgens hom kan slegs mense van die middel- en hoër klasse so ’n onderskeid tref.

Volgens Psalm 41:2 beloof die Here dat dit goed sal gaan met diegene wat hulle oor ’n swakker een ontferm (Keller, 2011:127). Die kerk behoort dus met simpatie en genade te reageer op armoede in watter vorm dit ook voorkom. Die rede is dat armoede mense se verhoudings en hulle menswaardigheid ontneem, ’n aspek wat juis wesenlik deel uitmaak van menswees, die *imago Dei*, (Keller, 1998; Keller, 2011:119). Anders gestel, maak die evangelie van genade mense so nederig dat hulle hart, woorde en dade na die armes uitreik.

Die ewige lewe bied hoop vir die armes (Jes. 11:4; 29:19; 41:17). Myers wys daarop dat die geestelike en materiële armes God se seën sal ontvang (Matt. 5:3-12; Matt. 19:20-20:16; Luk. 6:20-21; sien ook Myers, 1987:841). Jesus se kwalifikasie in Matteus 5:3, afhanklikheid van die Here, mag hierby nooit uit die oog verloor word nie. Jesaja 11, Psalm 72 en Lukas 4:18, 29 gee hoop en bied ’n ryk belofte aan armes dat die Here geregtigheid aan hulle sal bewys met sy wederkoms – sy genadejaar sal hulle te beurt val. Hierdeur word die geweldige verantwoordelikheid van die kerk onderstreep: hulle taak is om die genade in Jesus Christus aan armes te verkondig en dit met konkrete dade te bevestig (Ef. 2:8-9; 2 Tim. 3:16-17).

Vir die doelstellings van die huidige studie word onder armoede die volgende verstaan: materiële of fisiese gebrek, maar ook die ontbreking van gesonde, opbouende, vrugbare en liefhebbende verhoudings wat verhoed dat armes integraal as verloste in vrede en liefdevolle gemeenskap kan leef en tot eer van God kan optree. In dié sin is dit die kerk se taak om armes tot versoening met Christus te lei en hulle geestelik en prakties te help om op God se ewige vrede en geregtigheid te bly hoop. Die kerk moet verder reik as om bloot materiële oplossings vir die armes te soek. Corbett en Fikkert (2009:54, 62) asook Keller (1998) se breër benadering van armoede as bloot verhoudingsproblematiek bevestig dit. Dit hou die bediening van versoening in: om mense te lei om God te verheerlik deur in die regte verhouding met Hom te leef, met hulleself, met ander, en met die res van die skepping (Corbett & Fikkert, 2009:78). Wanneer die kerk die Bybelse verpligting aan die armes nakom, is dit ’n gemeenskaplike getuienis van Woord en daad van God se veranderende liefde in Christus. Só is die kerk geloofwaardig in die verkondiging van die ware evangelie.

Keller (2008c:20,21) onderskei drie vlakke in hierdie bediening aan die armes wat aantoon dat ’n geïntegreerde aanpak Bybels verantwoord, maar ook noodsaaklik is:

- **verligting:** direkte hulpverlening om in fisiese, materiële en sosiale nood te voorsien;

- **ontwikkeling:** wat nodig is om 'n persoon of gemeenskap te lei om selfversorgend te wees (Deut. 15:13-14), byvoorbeeld: onderwys, werkskepping, toerusting en eiendom;
- **hervorming:** om sosiale omstandighede en strukture te verander wat afhanklikheid verskerp (Eks. 22:25-27; Lev. 19:15, 19:35-37; 25:37; Deut. 24:17; Job 29:17; Jer. 22:13; Dan. 4:27; Am. 8:2,6), soos beter polisiebeskerming, eerlike banksake en regverdiger wette. Hierdie tekste toon die noodsaaklikheid en vrugbare uitwerking van 'n geïntegreerde benadering aan.

**Slotsom**: Die kerk neem die verantwoordelikheid deur die Woord te verkondig, te preek, en in sosiale nood te voorsien. Bediening van versoening hou in om die armes met hart, mond en hande voor God se aangesig te bring dat hulle met Hom versoen kan word. Sodoende sal hulle as *imago Dei* versoen op hierdie aarde leef. Hierdie potensiaal van ware menswees sal vervolgens bespreek sal word

### 2.5.13 Beeld van God – צֶלֶם, εἰκών, imago Dei

Om integrale sending met hart, mond en hande in *missio Dei*-perspektief deegliker te verstaan, moet 'n belangrike vraag beantwoord word: Watter lig werp die status van die mens as beeld van God hierop? Die mens vervul 'n besondere rol in God se missie. Die vraag is wat dit inhou en watter perspektiewe dit open?

Die uitgangspunt is dat die mens beeld van God, die *imago Dei*, met sy hart, mond en hande is. God is die Alpha en die Omega, terwyl die mense die ontvangers is, die skepsels wat hulle hele bestaan, wese en identiteit aan God ontleen (Birdsall & Brown, 2010; Medema, 2011:87).

Keller vertaal צֶלֶם met "ewebeeld" (2011:133) en die Nuwe Afrikaanse Vertaling (Gen. 1:26) gebruik "verteenwoordiger". Volgens Johnson (2003) wys hierdie begrip op die unieke natuur, status en waarde van alle mense wanneer hulle God liefhet en sy ware aard weerspieël (Birdsall & Brown, 2010). Die vraag kan wel gestel word of die mens slegs God se beeld wys wanneer hulle God liefhet en sy aard weerspieël? Dit is duidelik dat Woord en daad in bogenoemde definisie ten volle geïntegreer is en wesenlik is vir die verstaan van die begrippe: ewebeeld of verteenwoordiger.

Eksegete is nie eensgesind oor die betekenisaksente van die mens as *beeld van God* nie. Die Bybel verduidelik hierdie begrip nie self nie, aldus Wright (2011:421). Stendebach verklaar die mens as beeld van God deur twee modelle (2003:392). Volgens die eerste model is die mens God se verteenwoordiger op aarde met as opdrag om oor die nie-menslike deel van die skepping te heers. Die tweede model skets die mens op sigself as God se ewebeeld dat 'n dialogiese verhouding tussen God en die mens moontlik word. Platt (2010:65) sien ook 'n

tweeledige skeppingsdoel, maar met ’n ander aksent: eerstens om God se genade te geniet as sy beeld en tweedens om God se beeld op aarde uit te brei. Anders gestel is die mens geskep om God se genade in ’n verhouding met hulle Skepper te geniet, maar ook om God heerlikheid oor die hele aarde uit te brei (Platt, 2010:65).

Hoofsaak hier is dat die mense ’n doelgerigte rol in God se skepping vervul deurdat hulle ’n unieke kennis God het wat die basis vorm vir hulle rentmeesterskap. Hier leer mense om die naam, heerlikheid, verlossing en magtige dade van God te ken (Wright, 2011:65, 91, 92). Wright laat egter na om by te voeg dat *kennis van God* nie die enigste doel is nie. Die *imago Dei* se taak is om God met hart, mond en hande te dien en *aan ander bekend* te maak. Só vervul mense hierdie rol. Psalm 8:7 maak dit duidelik deur daarop te wys dat die mens as beeld van God “heers oor die werk van U hande, U het alles aan hom onderwerp”.

Stendebach (2003:394, 395) sien ’n verband tussen Genesis 1:26 en 28 waarin die mens as beeld van God (Gen. 1:26) nader verduidelik word in Genesis 1:28 in die woorde “God het hulle geseën en vir hulle gesê ...” Vir Stendebach toon dit aan dat menslike wesens optree en funksioneer as God se “partners in dialogue”. Hierdie potensiaal is die mense se waarde en lewensdoel en nie hulle eiendom nie (Wright, 2011:422). Die feit dat God die mens so aanspreek toon aan dat mense as God se ewebeeld geskep is. Calvyn verduidelik dat die uitdrukking “die mens as gelykenis van God”, slegs as verduideliking van die beeld van God bygevoeg is (Calvyn & Simpson, 1991:290-291). Hierdie interpretasie is eweredig aan Genesis 5:3 waar Adam se seun as sy beeld aangedui word. Die verhouding tussen God en die mens word voortgesit in die verhouding tussen vader en seun (Johnson*,* 2003*;* Stendebach, 2003:395). Genesis 9:6 voer in die verlengde van hierdie argument aan dat die lewe van die mens beskerm moet word, omdat die mens na God se beeld geskep is: “Human beings as God's dialogue partner are thus the only creatures capable or responding to God” (Stendebach, 2003:395). Sodoende word die verband met Woord en daad verduidelik. Dit is soos Johnson (2003) dit duidelik verwoord:

> ... the biblical picture of imago Dei means that all human beings, not just kings, possess special royal status as God's appointed stewards over the earth. By virtue of mankind's ruling over the rest of God's creatures and earth, every member of the human race somehow represents and reflects the sovereign Lord of creation.

Hierdie verteenwoordiging en besinning gebeur deur woorde en dade.

Die beeld van God hou rentmeesterskap en kindskap in. Só juig Psalm 8 dat God die mens ŉ bietjie minder as ’n hemelse wese gemaak het en hom met aansien en eer gekroon het (Ps. 8:6). Keller (2011:105) noem in hierdie verband die vennootskap tussen God en die mense

wat aan hulle hul waarde gee, terwyl Kleinknecht (1964-) hierdie potensiaal met "verteenwoordiger" vertaal. Hieruit vloei die mense se ekologiese verantwoordelikheid, hulle ekonomiese aktiwiteit insluitend hulle arbeid, produktiwiteit, handeldryf en die kultuurmandaat in geheel (Wright, 2011:65).

Paulus wys daarop dat die sondeval die beeld van God nie opgehef het nie. Dus moet mense hulle in alle praktiese sake gedra as "beeld en sieraad van God" (1 Kor. 11:7). Johnson brei hierop uit: "In fact, post-fall human life is still sacred precisely because of the *imago Dei*, so sacred that it should not be taken (Gen. 9:6-7) or cursed (James 3:9)" (Johnson, 2003). Volgens Calvyn kan die mens as beeld van God slegs in en deur Christus verstaan word, omdat Hy daardie status herstel het (Kol. 3:10; Ef. 4:24). Gevolglik hou dit die vervolmaking in van die volledige menslike natuur wat eens deur die sondeval beskadig is (Calvin, 1948; Wright, 2011:424). Hierdie vervolmaking betrek die verstand, kennis, geregtigheid, begeertes en heiligheid, maar sluit ook die liggaam in, omdat die liggaam ook beeld van God is (1 Kor. 6:15, 19-20; sien ook Calvyn & Simpson, 1991:291-292). In die missionêre arbeid mag daar, met ander woorde, geen dualisme tussen natuur en genade wees nie. Daar moet juis integrasie wees van liggaam en gees; woorde en dade; hart, mond en hande.

Die eenheid tussen Woord en daad blyk uit die gevolge vir die mens as God se beeld. Mense is weens hierdie innerlike potensiaal in staat tot etiese denke, om oordele te vorm en keuses te maak. Stendebach (2003:396; sien ook Wright, 2011:425) betoog dat die gevolg hiervan is dat God die beheersing en bewaking van die aarde aan die mens toevertrou het en hierdie opdrag deurgegee is van Adam (die eerste mens) af aan die geslagte wat gevolg het. Die mens se taak is om die skepping in ere te hou (Keller, 2011:103). Dit sluit in ekologiese betrokkenheid en die sorg vir die hele skepping as onmisbare deel van die missionêre arbeid (Wright, 2011:425). Kittel (1964) verbind ekologiese betrokkenheid aan rentmeesterskap. Myers (1987) sien hierin die heiligheid en waardigheid van die mens wat voor God staan. Genesis 1:26 kwalifiseer "beeld van God" ook met "verteenwoordiger" en moet volgens Myers (1987) in hierdie betekenis nie ligtelik opgevat word nie. Die ewebeeld van God hou die reg in om nie mishandel of gekwets te word nie. Daarom het alle mense hierdie reg en waarde (Keller, 2011:101). Dit beteken dat mense burgerregte het (Keller, 2011:103 ev.). Vanuit *missio Dei*-perspektief is die eenheid van Woord en daad nie slegs in beginsel onontbeerlik nie. Dit is ook aktueel vir die missionêre arbeid en uitwerking daarvan in die lewe van diegene wat bedien word.

Harris *et al.* (1999) bepleit 'n geestelike benadering, omdat God se beeld nie in die mens se liggaam nie, maar in sy intellek, moraal en gees uitwerking vind. Myers (1987) stem nie saam met 'n vergeesteliking van hierdie begrip nie, omdat die mens volgens hom 'n psigosomatiese wese is en 'n holistiese benadering daarom nodig is wat die liggaam insluit. Ook Johnson

(2003) stel ’n holistiese perspektief voor om tot ’n beter verstaan te kom, omdat verskeie menslike karaktertrekke in hierdie begrip verweef word wat reeds deur צֶלֶם gesuggereer word. Met verwysing na Karl Barth, sien Myers (1987) in die mens as beeld van God ook ’n korporatiewe dimensie, omdat beide man en vrou na God se beeld geskep is. Gevolglik toon hulle ’n verhouding in eenheid aan van waaruit hulle saam as beeld van God optree. Van den Brink en Van der Kooi (2012:243-245) kies ook vir die relasionele benadering, sodat mense in ’n verhouding met God, hulle medemense en die diereryk leef. Die gedagte is dat God alles geskep het om in verhouding met mekaar te staan; dat die sondeval gekenmerk is deur ’n verhoudingsbreuk tussen hierdie drie verhoudings; en dat Christus hierdie verhoudings herstel het as die volmaakte *imago Dei.*

Wanneer ’n mens dit só beskou, moet inderdaad vir ’n holistiese benadering van die *imago Dei* gepleit word. Die rede is dat hierdie werklikheid gevolge inhou vir elke onderdeel van lewe van die mens en omdat God Here oor alles en almal is (Ps. 24:1).

Die Meeste teoloë is dit eens dat die beeld van God nie deur die sondeval vernietig is nie. Dit is wel ernstig versteur en sigbaar in sy beperkte vermoëns, verbroke verhoudinge en oorheersing wat tirannie word. (Benner & Hill, 1999:610; Berkhof, 1973:73, 188, 196, 200-201; Calvyn, 1984:292; Durand, 1982:160-161; Heyns, 1978:127; Johnson, 2003:806; Lever, 1956:246; Myers, 1987; Tensen, 2007:180-181; Van den Brink & van der Kooi, 2012:243-245; Venema, 1985:62). In negatiewe sin het die sonde woorde en dade van die mens holisties vernietigend beïnvloed: dus destruktiewe holisme.

In die Nuwe Testament word die beeld van God egter herstel en herdefinieer deur Jesus Christus wat die beeld van die onsigbare God is (2 Kor. 4:4; Kol 1:15; Heb. 1:3; sien ook Johnson, 2003). Hier toon Jesus as die beeld van God sy Godheid aan, want in Hom is die volheid van God (Kol. 1:19; 2:9) en Hy is aan God gelyk (Fil. 2:6). Hierdie is die uitgangspunt van Woord en daad. Missionêre bediening wat Woord en daad integreer, hou rekening met die steeds, reeds en die nog-nie van die sonde en die verlossing.

Die nuwe mensdom is uit Christus gebore (Joh. 1:12-13), met die gevolg dat die gelowiges na die beeld van Christus herskep word. Hierdie geloofwaarheid word treffend saamgevat: “Some theologians infer from such considerations that the incarnate Word was in fact the prototype of all humanity” (Myers, 1987). “The incarnate Son actualizes the perfection of the manhood which we have sinfully perverted” (Hughes, 1989:13). Selfs die kerk as liggaam van Christus maak deel van die beeld van God uit. God gebruik hierin die kerk, as sy hande en voete, om sy boodskap van die eskatologiese restourasie van die beeld van God te verkondig, te weerspieël en voor te leef (Fil. 3:21). Die vervlegting van Woord en daad blyk hieruit, omdat die mens in

geheel en nie net die menslike gees herskep word nie. Die gevolg hiervan is dat mense verander word om aan die beeld van Christus gelyk te word en só die heerlikheid van die Here te weerspieël (Rom. 12:1, 2; 2 Kor. 3:18).

Hierdie verlostes vorm saam 'n nuwe mensheid wat as vernuwe mense leef (1 Kor. 5:17). Hulle is verander na die beeld van Christus (Rom. 8:29) om "a humanity with a mission" te vorm (Wright, 2011:65). Terwyl mense na die beeld van God herskep word, hou dit wel deelname van hulle kant af in (2 Pet. 1:4; sien ook Keller, 2011:105). Die veronderstel ook dat hulle moet leef as mense wat na die beeld van God geskep is (Ef. 4:22-24; Kol. 3:9-11; sien ook Wright, 2011:190). Die implikasie is dat die vernuwe mense onderskeidend, heilig, eties korrek voor God en in teenwoordigheid van die hele wêreld leef (Wright, 2011:190). Wanneer Jesus die kerk opdrag gee om dissipels van alle volke te maak en hulle te leer om die dinge te onderhou wat Hy beveel het (Matt. 28:18-20), is dit duidelik dat die gelowiges herskep is om self heilig en regverdig te leef, voor te leef, maar hulle ook toe te wy om hulle naaste so te leer leef. Volgens Keller (2011:105) is die ewebeeld van God die eerste belangrikste motief vir mense om in hulle lewe ruimhartig geregtigheid toe te pas, om hulle medemense te dien en vir die swakkeres se regte op te kom. Bowendien maak dit die toepassers nederig, omdat God hulle lief het. Hieruit word nie slegs duidelik dat die eenheid van Woord en daad onderstreep word nie. Dit bevestig ook die aard van die integrale missionêre taak van die kerk.

Rentmeesterskap is regstreeks verbonde aan die *imago Dei* en neem versoening en solidariteit na die volgende vlak. Volgens Tizon beëindig laasgenoemde geweld, terwyl rentmeesterskap tot pro-aktiewe verantwoordelikheid lei waardeur mense vir mekaar begin sorg as persone wat na God se beeld geskep is: "Reconciliation/solidarity opens the door to genuine healing; stewardship proactively walks through it" (Tizon, 2008:130). Die versoening van alle dinge in Christus lei tot die noodwendige verbinding tussen sorg vir die skepping en sorg vir mense deur die mens self wat as beeld van God optree.

Die *imago Dei* is geestelik én prakties, dit gaan oor leer en lewe en integreer geloof in die praktiese, alledaagse lewe as onlosmaaklike eenheid. Prakties sluit dit onder meer die volgende aspekte in: persoonlikheid, kreatiwiteit, morele en etiese besef, en 'n diep behoefte aan en vermoë tot liefde binne verhoudings (Keller, 2011:102). Myers (1987) verwys hier na die korporatiewe dimensie van die kerk as die liggaam van Christus. Hierdie dimensie open talle nuwe perspektiewe vir die kerk soos later aangetoon sal word. Die gelowiges leef hier en nou steeds in 'n teenstrydige spanningsveld waarin hulle die stryd tussen die ou beeld vóór Christus en die nuwe beeld in Christus ervaar met die gevolge wat dit inhou. Maar die mens leef tegelyk met die hoopgewende belofte van die wederopstanding van die liggaam wat verseker dat die liggaam ook sal deel in die hernude beeld van God (1 Kor. 15:49; Fil. 3:21; 1 Joh. 3:2).

Die eskatologiese perspektief verbind etiese aktiwiteite en doelwitte aan hierdie lewe wat beteken dat dit nou reeds aanwesig is en ook in die toekoms daar sal wees. Terwyl hierdie aktiwiteite en doelwitte nou reeds vreugde gee, bied dit nog nie volle vreugde nie. Die eskatologiese perspektief van die beeld van God is nou reeds aktief, met die gevolg dat hierdie aanwesigheid ’n eskatologiese basis het, en heenwys na die ewige toekoms wat reeds begin het (Kittel,1964). Die missionêre woord- en daadbediening, in die lig van die *imago Dei* geskied volgens *missio Dei* perspektief met die oog op die ewige lewe plaasvind. Wanneer dit gebeur, kry die lewe van mense in hierdie bestaan sin en betekenis en bied dit vreugde. Die integrasie van Woord en daad vir die *imago Dei* is vir die missionêre konteks onmisbaar.

Slotsom: Christus as die Beeld van die onsigbare God herstel sy liggaam na sy beeld. Hy beloof volle herstel. Dit bied ’n kragtige perspektief op die identiteit, doel en taak van die kerk. Hierdie taak is om mense na Christus te lei om integraal as beeld van God herstel te word en in alle opsigte van hulle lewe nou reeds te leef soos God hulle as sy beeld en verteenwoordigers bedoel het. Met Woord en daad word mense aangemoedig en gehelp word om nou reeds as beeld van God te leef om ewige vrede begin ervaar.

Samuel (1989:73), aangehaal deur Sugden (1997:353) vat die integrale betekenis van die beeld van God netjies saam:

> The image of God in humanity, has spiritual, (to represent God as steward), intellectual, (to reflect God’s mind and communicate with him), social, (dominion over God’s creation to structure human society according to God’s plan), and physical dimensions (relations between men and women). Human culture originates in humanity’s nature as made in God’s image.

### 2.5.14 Dissipelmaking – μαθητεύω

In die missiologie literatuur loop die paaie dikwels uiteen oor wat dit beteken om dissipels te maak. Hier kan ŉ mens die debatte vergelyk tussen Stetzer (2011) en DeYoung en Gilbert (2011) asook ander in *Themelios* (2011) wat verder in hierdie hoofstuk bespreek sal word. Hierdie debat onderstreep die noodsaak vir ’n woordstudie oor dissipelmaking in die lig van die navorsingsvraag oor integrale missionêre bediening met hart, mond en hande. Aangesien μαθητεύω nóú verwant is aan μαρτυρέω is ’n woordstudie oor μαρτυρέω ook relevant en sal beide afsonderlik bespreek word. Vir ’n goeie verstaan volg eers ’n grammatikale omskrywing.

**Definisie**: Μαθητεύω het ŉ aanwysing in die subsemantiese veld: om te volg of ’n dissipel te wees en in die semantiese veld: gids, lei, dissipline, volg (Louw & Nida, 1989:470).

μαθητεύω behels die verbintenis tot groei en gehoorsaamheid. “A disciple is a committed follower of Jesus Christ who seeks to live a life marked by continued growth in understanding and obedience” (Arnold & Black, 1992). Dit is egter nie ’n intellektuele leerproses nie, maar ’n integrale aanvaarding van Christus deur ’n nuwe lewe van dissipelskap te lei. In Filippense 4:9 verbind Paulus die begrippe leer, ontvang, hoor, sien en doen regstreeks met mekaar. Gevolglik is die een ’n logiese gevolg van die ander en rig die fokus van navolging op God wat seën. Reeds in die definisie blyk die eenheid tussen Woord en daad.

Dissipels se lewe is daarop ingestel om God se wil in die geheel van hulle bestaan na te leef. Volgens Müller is die bedoeling dat dissipels leer om hulle integrale menslike bestaan op die wil van God te rig (1980:486). Dit word duidelik wanneer Paulus in 1 Tessalonisense 1:5-6 verskillende begrippe regstreeks in ’n logiese, gevolglike en verbandhoudende sin verbind. Dit behels begrippe soos verkondiging, woorde, die krag van die Heilige Gees, oortuiging, optree, voorbeeld volg en wees ’n volgeling. Dissipelmaking verbind deurgaans inhoud en praktyk met die doel van die *missio Dei.* Só word die mense geleer om reeds in die sondige werklikheid waarin hulle hul bevind, te kan leef in die nuwe lewe volgens God se standaarde en wil, in ooreenstemming met die skeppings- en herskeppingsordening.

In hierdie verband is Stetzer se kritiek relevant, dat DeYoung en Gilbert (2011) die sendingtaak tot slegs verkondiging wil beperk, deur die volgende betoog:

> The mission strictly speaking is proclaiming the gospel ... but broadly speaking leads to discipleship evidenced in all areas of life. You cannot have the broad lens without the narrow lens (and the same is true of the gospel), but neither can you divorce one from the other or focus only on one or the other.

Dissipelskap lei noodwendig daartoe om getuienis op alle terreine van die lewe op te lewer. Dit behels toegepaste getuienis wat die inhoud van die verkondiging bevestig deur dit prakties in die lewe uit te werk.

Hieruit kan ’n mens aflei dat dissipelmaking beteken om teoretiese en praktiese kennis te verkry. Müller (1980) stel dit só: “... the process by which the past experience of the love of God is translated by the learners into the obedience to the Torah of God (cf. Deut. 4:14). The goal of learning is action which corresponds to the word (Ps. 119:101).” Hierdie siening stem ooreen met Jesaja 1:17 oor ’n nuwe grondliggend veranderde houding wat in die onderlinge verhoudings met medemense tot uiting kom.

Die begrip μαθητεύω dui op die verkryging van vaardighede (deur oefening) en om inhoudelik te leer met die doel om prakties toe te pas. Maar Pop plaas dit in die regte verband deur daarop te

wys dat 'n leefstyl in die vrees van Jahweh beteken dat 'n mens God se openbaring vir jou toe-eien (1984:114-115): "Zich op godsdienstig zedelijk gebied bepaalde goede of slechte dingen. zó eigenmaken, dat men ze vanzelf doet. Men leert niet om te weten, maar om te handelen, te leven." Met Arnold en Black (1992) word die bedoeling nog duideliker deurdat hulle μαθητεύω omskryf as modelleer en imiteer: "'disciple' means 'imitator,' disciplemakers become models to those who are learning to follow Christ".

In die lig hiervan is dit duidelik dat inhoud en praktyk by μαθητεύω onlosmaaklik verbind. Daarby skakel dit met die *missio Dei* dat die mens geleer word om nou reeds deur kennis en praktiese oefening volgens God se ewige lewenstandaarde en wil te leef. Dissipelmaking skakel deurlopend inhoud met praktyk.

**God**: Die Drie-enige God leer die mens om Hom met hart, mond en hande in alles te volg. Die mense leer om self ook God se voorbeeld en aanwysings aan ander te modelleer. Die proses behels dissipelskap en tegelyk ook dissipelmaking. Dissipels is in alles, in die lewe en dood, daarop gerig om God met hulle lewe te dien (Ef. 1:23). Dissipelskap se doel is om God te verheerlik deur met hart, mond en hande te bewys en te getuig dat Hy die lewende Here is wat besig is om 'n nuwe hemel en nuwe aarde te skep (Op. 21:1-5). Tegelyk modelleer sulke dissipels aan ander om dieselfde te doen. Terwyl die dissipels God so navolg, maak hulle dissipels deurdat hulle hierdie nuwe lewe voorleef. Dissipelmaking moet gevolglik verstaan word as integrale proses waarvan God tegelyk Subjek en Bron is.

In hierdie verband wil μαθητεύω mense bring op die pad wat God met hulle loop (Pop, 1984:121). God is die Dissipelmaker wat mense leer om as *imago Dei* vir Hom te volg en te dien. Sodoende is μαθητεύω aktueel binne die konteks van die *missio Dei*. God is die groot Leermeester; die mens, ook die profete en priesters, is eintlik nie leermeesters nie, maar openbaringsgetuies (Pop, 1984:117). Hierby kan 'n mens voeg ... van die *missio Dei*.

Om μαθητεύω as geïntegreerde begrip te verstaan, moet 'n mens begryp dat μαθητεύω in en by God begin. Dit is God wat in sy almag en genade die mens leer, lei en voorhou om die lewe te modelleer soos God dit geskep en in Christus herskep het. Rengstorf (1964) som hierdie waarheid goed op: "To this degree God Himself in His will is the One around whom all learning in the true sense revolves." Hierdie leerproses geskied by die mens met hart, mond en hande.

**Skepping**: God gee aan mense as sy beeld en dissipels 'n taak om in sy groot skeppingswerk en sy heilswerk uit te voer (Gen. 1:26-31; Matt. 4:19; 28:18-20). Hierdie funksie en taak staan lynreg in verhouding met God se ewige heerlikheid wat Hy besig is om deur die Messias te volbring. Hierin staan die mens nie alleen nie. Die mens is deurgaans – met hart, mond en

hande – leerling en volgeling van God, ook voor die sondeval, omdat God die Skepper en Herskepper, die Eerste en die Laaste is (Ps. 24:1-2).

Dit is dus duidelik: dissipelmaking is ’n leefwyse. Dit is ’n lewenslange proses waarin mense hulle onderwerp aan God se wil deur hulle ingeskape skeppingskwaliteite en deur die aanwysings te gehoorsaam wat God van die eerste uur reeds aan die mens gegee het (Gen. 1:26, 28-29). Rengstorf (1964:401) beskryf dit as ’n leerproses wat veral deur die wet plaasvind: “Process wherein man subjects himself to fulfilment of the will of God as this is intimated especially in the Law.” Die wet moet in ’n *missio Dei*-perspektief verstaan word as onderdeel van ’n geïntegreerde groter geheel.

Dissipelmaking is ’n implisiete en bewus gerigte onderdeel in die skepping waar die dissipel se lewe op Christus as die tweede Adam lyk en hy geskape is om in sy verhouding met God en sy medemens van mekaar te leer en te groei in ’n gemeenskap van volgelinge van die Here. In hierdie verband wys Rengstorf (1964:402) op die aard van hierdie leerproses, naamlik dat “even though it be by way of definite information, we learn only what is ultimately to be practised or fulfilled”. Hierdie woord- en daaddefinisie pleit vir ’n holistiese benadering van μαθητεύω, omdat alleen so God se missionêre doel bereik kan word. Die leerproses vind nie net plaasvind deur die verwerwing van intellektuele kennis nie, maar ook deur die lewende voorbeeld van die leermeester na te volg (Buys, 1989:144; Rengstorf, 1964:416-26). Vanuit die geloof en wetenskap dat Christus die laaste Adam (1 Kor. 15:45) en die volmaakte mens is, word ’n helder beeld van die betekenis van μαθητεύω verkry.

**Jesus Christus**: Jesus word meer as 50 keer Meester, Onderwyser of *Rabbi* genoem, wat beteken dat Hy ook leerlinge het, dissipels. Hy onderrig hulle en beveel hulle om te onderhou wat Hy hulle geleer het (Matt. 28:20). Onderhou (τηρέω) beteken om na te leef, uit te voer en te gehoorsaam (Louw & Nida, 1996). In die verbinding van die terme Meester, Rabbi asook dissipel enersyds en die begrip gehoorsaam andersyds is ’n duidelike eenheid van hart, mond en hande sigbaar.

Jesus kan as die ware Dissipel bestempel word, deurdat Hy gehoorsaamheid moes leer deur alles wat Hy gely het (Heb. 5:8). Volgens Pop (1984:119) was die bedoeling dat Christus moes “doorzien tot op het heilsplan Gods en er de lering uitgetrokken” dat Hy gehoorsaam aan hierdie heilsplan moes wees. Hierdie funksie en taak staan regstreeks in verhouding met God se ewige heerlikheid wat Hy besig is om deur die Messias te volbring; dit staan dus nooit los nie. Sodoende is Jesus die ware Dissipel in Woord en daad. Uit Hebreërs 5:9-10 word duidelik dat Jesus die voorbeeld van ’n volmaakte Leerling gestel het deur gehoorsaam te wees in sy lyding. Daardeur het Hy aan sy volgelinge dissipelskap geleer, voorgehou en vir hulle die deur

oopgemaak om as sy dissipels self aan God gehoorsaam te kan wees. Jesus se gehoorsaamheid het die bron van saligheid geword. Daarom is Hy verheerlik (Heb. 5:8-9). Die gelowiges leer van Christus om ware dissipels te wees en wat dit behels. Die kern van dissipelskap lê dus nie in die eerste plek in die naleef van sedelike wette en reëls nie, maar in Christus se dood en opstanding. Hierdie inhoud werk in die hart, woorde en dade van die gelowige volgelinge van Christus se lewe uit as die ingesteldheid van verloste kinders met die oog op die ewige lewe (Op. 21:1-5).

Uit die proklamasie van die opgeslane Here se allesomvattende volmag wil Jesus sy heerskappy sigbaar laat word in die dissipels wat sy volgelinge maak (Buys, 1989:145-146). Volgens Rengstorf (1964:402) wou Jesus nie bloot inligting deurgee of die mense se houding verdiep of verander nie. Hy wou ’n onvoorwaardelike toewyding aan Homself in mense wakkermaak. Hierdie toewyding geskied deur Woord en daad. Die lewende Here eis mense vir sy koninkryk op, aldus Pop (1984:120). Hierby moet duidelik verstaan word dat Jesus die mense in hulle geheel, integraal en holisties opeis.

Hieruit blyk dat dissipelmaking ’n integrale lewensomvattende proses behels wat voortvloei uit die soewereine, allesomvattende heerskappy van die Here wat opgestaan het. In hierdie sin is Buys (1989:149) se gevolgtrekking korrek wanneer hy dit stel dat kwalitatiewe en kwantitatiewe opbou van die gemeente ’n erkenning van die soewereine koningskap van Christus is. Die rede is dat sy soewereine, allesomvattende heerskappy op alle mense uit alle nasies van alle tye en omstandighede gerig is. Integrale dissipelmaking in die lig van die *missio Dei* word hieruit gemotiveer en is hierop gerig.

Jesus se volmag hou in dat “He committed himself to the disciples in every way. He made himself accessible to them and confided in them” (Arnold & Black, 1992:84). Hier val die klem op die hart wat uitwerking vind in Christus se optrede. Dit hou belangrike gevolge in vir die gesag waarmee gelowiges dissipels maak, omdat hulle dit nie uit eie krag doen nie, maar in verbondenheid aan die Here wat Homself beskikbaar stel en deur hulle werk. Dissipelskap veronderstel gevolglik ’n persoonlike verhouding met Jesus Christus en almal wat saam met Hom behoort (Pop, 1984:123). Hierby moet gevoeg word dat dié innige verhouding gekenmerk word deur ’n integrale, lewende en persoonlike verbintenis.

In Johannes 6:44-45 wys Jesus daarop dat God die Vader die groot Dissipelmaker is wat mense leer. Jesus verbind dissipelmaking aan God as die Subjek wat die ewige lewe bring vir dié wat na Hom toe kom en uit Hom leef, omdat hulle geluister, geleer en gekom het. Luister, leer en kom, verklaar hier dissipelmaking van nader en is gevolglik doelbewus so ingespan. Die een verklaar die ander en het die ander tot gevolg en is dus is hier sprake van ’n integrale

missionêre handeling. Arnold en Black (1992:84) betoog dat dissipels in die lig hiervan toegewyde volgelinge van Jesus Christus is wat streef na ’n lewe met voortdurende groei in verstaan en gehoorsaamheid. Hoewel Johannes 7:15 aantoon dat μανθάνω ook op akademiese navolging dui, maak Jesus duidelik dat diegene wat God se wil doen die ware aard van Jesus se onderwys beleef, naamlik dat Hy met volmag spreek. Hier is ’n regstreekse verband tussen inhoudelike leer en die doen daarvan uit hartlike oortuiging.

Jesus se dissipelmaking was integraal soos Arnold en Black (1992) dit so treffend beskryf: “In Christ’s call to discipleship he challenged the disciples to live with him, to learn how to live as his disciples, and to prepare others to hear the Good News*.* The call ‘Follow me’ had a very real physical application.” Dissipelmaking is hiervolgens dat Jesus lewe, leer, opvoeding en die fisieke lewe integreer. Vir Hom is dit een geheel. Op hierdie manier leer Jesus sy volgelinge om self in die volle omvang van die lewe hulle treë in die geloof te neem.

Om Jesus as dissipel te volg hou ’n onvoorwaardelike offer in van die gelowiges as integrale lewe (Matt. 10:37; Luk. 14:26 ev.; Mark. 3:31-45; Luk. 9:59-62; sien ook Müller, 1980:488). Hierdie offer is geheel en al op Christus gerig. ’n *Missio Dei*-bediening fokus volledig daarop om mense holistiese volgelinge van Christus te maak, wat bewys dat hulle nou reeds in die nuwe lewe van Christus deel het.

**Heilige Gees**: Die krag van die Heilige Gees bring dissipels se hart, woorde en dade in beweging en gee daaraan dinamiese krag. Met die uitstorting van die Heilige Gees het die lewewekkende krag (δυναμόω) van die Heilige Gees gemanifesteer (Arnold & Black, 1992). Die gevolg was dat die dissipels die blye boodskap na alle mense toe uitdra. Ook hier is ’n logiese verband tussen die werk van die Gees en die uitwerking daarvan in die geheel van die menslike lewe.

Uit die gawes wat gelowiges van die Heilige Gees ontvang blyk ook sy integrale bediening deurdat Hy die gemeente bou met gawes wat Woord en daad verteenwoordig. Hier geld die volgende gawes: woorde van wysheid en kennis, wonderdade, leiding gee, diensbaarheid, salwing en versorging (Hand. 18:3; Rom. 12:14-8; Rom. 16:1-2; 1 Kor. 12:8-11, 28-30). Daarom is dit ’n kenmerk van dissipels dat die Heilige Gees hulle *in alles* lei (Pop, 1984:123). Die begrip “alles” moet hier as integrale begrip verstaan word. Dit is belangrik om te besef dat integrale bediening inhou, om dit met Arnold en Black (1992) te stel, dat die gemeenskap as dissipels mekaar met hart, mond en hande help om ’n lewe te lei wat deur die Heilige Gees omvorm is.

Hierdie verkondiging lei volgens Handelinge 2:44-47 se vertelling tot bekering. Die gevolge hiervan is dat die bekeerdes alles met mekaar gedeel het – geloof, gebed, nagmaal, grond,

geld, besittings en kos. Hierdie integrale leefwyse van die eerste Christene het ’n positiewe en gunstige reaksie van die volk ontlok. Die belang van integrale, Geesvervulde bediening vir die hele volk word hierin duidelik.

**Kerk**: Gelowiges help mekaar om as groeiende, dinamiese en lewende groeigemeenskap tot eer van God te leef (Ef. 1:22-23; 4:11-16). Hierdie proses van dissipelmaking veronderstel ’n dinamiese verhouding tussen Christene en die Here, aldus Arnold en Black (1992). Hier moet ’n mens eerder van dissipelmaking as leefwyse en groeigemeenskap praat as van ’n proses. Dissipels is nie soseer elemente in ’n proses nie, maar is as leefgemeenskap by mekaar betrokke, omdat die klem val op die verhouding met God en mekaar onderling. Buys (1989:148) verwys hier na ’n proses van inlywing by die sigbare liggaam van Christus (doop in sy Naam) en verdere begeleiding op ’n pad van groeiende gehoorsaamheid. Die kerk is geroep om uit hierdie verhouding met God en mekaar dissipels te maak. Dit bring ’n groeiende liefde vir Christus en maak die verlange wakker om in alles aan God gehoorsaam en lojaal te wees (Arnold & Black, 1992). Hieruit blyk dat bediening van die versoening integrasie van hart, mond en hande verg, dat dit in elke onderdeel van die menslike lewe uitwerk. Hierdie integrasie verduidelik die kerk se taak as God se instrument.

Hierin is lering en onderwys belangrik, omdat die mense só oog kry vir God se geskiedenis met hulle in die hede, verlede en toekoms. Verkondiging speel in hierdie lering ’n kernrol (Stetzer, 2011). Die doel is dat die mens die houding sal aanneem wat pas by wat God besig is om te doen (Pop, 1984:118). Die teenoorgestelde geld ook: Iemand kan nie sonder verkondiging glo nie, en kan ook nie weet hoe om volgens God se wil te leef nie (Rom. 10:14-15; 12:1-2; 2 Tim. 3:16-17).

Die menings loop uiteen oor die reikwydte van verkondiging in die dissipelmaking. Só meen DeYoung en Gilbert (2011:62) dat die kerk se sendingtaak is om dissipels te maak deur die evangelie van Jesus Christus in die krag van die Heilige Gees te verkondig en volgelinge in kerke te versamel, waar hulle die Here eer en sy gebooie nou én in ewigheid tot eer van God die Vader gehoorsaam. Stetzer (2011) se kritiek op Gilbert & DeYoung (2011:62) toon duidelik aan dat verkondiging integraal is deur woorde en dade direk aan mekaar te verbind:

> In arguing that God's mission for the church does not include caring for the poor or intervening on behalf of those who are oppressed (good, God-honouring, and God-commanded), but making disciples through the proclamation, they overlook the role of work and example in discipleship. ...Making disciples includes evangelism, but in “teaching everything Jesus commanded”, love and good deeds are also a part of the disciple-making process.

Dissipelmaking hou meer in as slegs kognitiewe onderwys. Dit in sluit liefde wat in dade van goeie werke, welwillendheid en hulp (1 Kor. 13) tot uiting kom.

DeYoung en Gilbert (2011:62) beperk die plek, taak en doel van die verkondiging deur dit binne die proses van dissipelmaking tot geestelike aanbidding en verering te beperk. Hulle werk nie die doel van gehoorsaamheid verder uit nie. Die kruis het deurgaans ’n uitwerking en gevolge, naamlik dat die verkondiging hande en voete kry: “Leer hulle om alles te onderhou: (Matt. 28:20). Hierdie opdrag dui op ’n integrale leerproses. Romeine 1-11 verkondig die sonde en verlossing van die mens, maar Romeine 12-16 werk die praktiese gevolge daarvan uit deurdat Romeine 12:1 met οὖν begin wat op gevolg of uitvloeisel dui. Eintlik wil dit sê wat die ingesteldheid as verlostes deur en in Christus vir die gewone daaglikse lewe inhou. Dissipelmaking is immers meer as bloot bykomende inligting verskaf.

Gebed vorm ’n integrale onderdeel van dissipelmaking. Om met Buys (1989:148) te spreek is ’n dissipel van Jesus nie dat iemand iets eenmalig doen nie, maar is dit die tipering van ’n totale lewenstyl (Luk. 6:40; Joh. 15:7,8). Hierin is gebed integraal met dissipelmaking verweef, soos uit Handelinge 4:29; 9:5-6; 13:2-3 blyk. In hierdie verband wys Arnold en Black (1992) op die groei van die Sjinese kerk deur op gebed vir haar oorlewing en groei te vertrou. Gebed is onlosmaaklik deel van Woord en daad. Banda (2013:53) pleit vir ’n terugkeer na die geloof in gebed en “challenge us to think and pray outside the traditional box”. Hierdie gebed behoort holisties te wees en God te vra om deure vir nuwe sendingsgebiede en -geleenthede te open én finansiële middele moontlik te maak om dissipels te maak.

Verkondiging van die evangelie lei noodgedwonge tot dissipelskap op die onderskeie terreine van die lewe. Hierdie begriippe kan nie van mekaar geskei word, soos Gilbert en DeYoung (2011:62) doen nie, soos Stetzer (2011) tereg daarop wys. Müller belig integrale woord- en daadbediening as die vervulling van dissipels se plig om hulle hele lewe lank getuies te wees: “The essence of discipleship lies in the disciples’ fulfilment of his duty to be a witness to his Lord in his entire life” (1980:490). Hierdie integrale bediening soos deur die Gees vervul, word in Handelinge 2:44-47 duidelik belig. Deur hierdie manier van getuienis het die Here daagliks nuwe gelowiges, nuwe dissipels, tot die gemeente gevoeg. Dit is ook belangrik om in hierdie verband te besef dat so ’n integrale leefwyse van die eerste gemeente gelei het tot ’n positiewe en gunstige reaksie onder die volk.

Teen hierdie agtergrond moet in gedagte gehou word dat μαθητεύω beteken om in die loop van die alledaagse lewe mense by die kerk van Christus in te lyf en hulle op ’n lewenslange pad van oorgawe en gehoorsaamheid aan Jesus Christus te begelei (Buys, 1989:149). Met hierdie insig is dit duidelik dat μαθητεύω ’n holistiese term is wat op ’n onmiskenbare integrasie van hart,

mond en hande in die proses van dissipelmaking dui. Dissipelmaking is ook, wat Stetzer (2011) modellering noem deurdat die nood en korrupsie van die wêreld deel van die lewe en taak van die dissipels uitmaak en gevolglik deel van die proses van dissipelmaking behels (Stetzer, 2011). In hierdie verband is dit waardevol om te leer van die Noorweegse sending wat strategies fokus op dissipelskap en veral dissipelgebaseerde leierskap, "disciple-based leadership" (Kjøde, 2011:204). Hierdie soort leierskap kan 'n nuwe dinamika bring in mense se modelering te midde van nood en korrupsie. Só fokus die kerk in dissipelmaking op 'n lewe wat deur Christus vervul en beheer word.

Die vraag is wat die nut en toegevoegde waarde van DeYoung en Gilbert (2011:62) se siening is dat dissipelskap slegs verkondiging inhou. Reeds sedert Genesis is dit duidelik dat onderrig en verkondiging die lewe van die mens in geheel nie net aanspreek nie, maar ook begelei. Die kultuuropdrag in Genesis 1:26-31 hou praktiese opdragte in, soos heers, vrugbaar, bewoon, bewerk en eet. In Deuteronomium 6:6-8 veronderstel verkondiging integrale dissipelmaking deur die gelowiges op te roep om God met hart en siel lief te hê, te alle tye daaroor te praat, dit deel van die werk en handelinge te maak en dit selfs sigbaar op die voorkop aan te bring. Jesus se opdrag in Matteus 28:18-20 staan in regtstreekse verband met hierdie lyn van argumentering: leer mense leef volgens die model van Jesus. In die lig van die *missio Dei* is dit die kerk se taak om in dissipelmaking integraal op hart, mond en hande te fokus.

Dissipelskap beloof in hierdie lewe reeds innige gemeenskap met God deur Jesus Christus. "It is also the new and future life (cf. Matt.16:25; Jn. 14:6)" (Müller, 1980:489). Dit gaan hier oor Jesus se gehoorsaamheid tot in die dood aan die kruis waardeur Hy beloon is met ewige heerlikheid en gaan sit het aan die regterhand van die hemelse troon (Heb. 5:8-9; Fil. 2:8). Hierin lê die aanmoediging en hartklop vir die belofte van die ewige erfenis vir getroue, gehoorsame en lydsame dissipels.

Hierdie perspektief op dissipelskap bied 'n onuitputlike troos wanneer die evangelie so aan mense in nood en in haglike toestande gebring word. Romeine 8:18 steun hierdie perspektief op die lydende mens, naamlik dat die lyding wat hierdie persone tans moet verduur nie opweeg teen die heerlikheid wat God vir sy kinders in die toekoms laat aanbreek nie. Dissipelmaking moet daarom deurgaans rekening hou met hierdie ewige perspektief. Sodanige hoop is verweef in integrale bediening as leidende faktor wat nuwe perspektief verskaf.

'n Dissipel het deel aan Christus se lyding en oorwinning (Matt. 10:17 ev.; 16:24 ev.; Mark. 8:34 ev.; Luk. 14:26 ev.; Joh. 15:18 ev.; 16:1 ev.) en spring ook nie ter wille van Christus lyding vry nie. Dit beteken dat dissipels moet leer om met hart, mond en hande hulle kruis te dra, waarvoor hulle krag ontvang. Dit staan in die lig van die ewige perspektief dat hulle meer sal

terugkry as wat hulle verloor het (Mark. 10:28-30) en die lewe sal ontvang (Matt. 16:25; 1 Pet. 1:3-9). Kruisdra en die belofte van die ewige lewe vorm integraal deel van dissipelmaking en μαρτυρέω.

Buys (1989:149) kom tot die slotsom dat dissipelmaking ’n lewenslange begeleiding op ’n pad van groeiende gehoorsaamheid aan die bevele van die opgestane Here inhou. Hierby moet dan gevoeg word dat hierdie begeleiding ’n bewuste benadering vereis waarin Woord en daad geïntegreer word deur lering en modellering, onderrig en praktiese toepassing.

In hierdie verbintenis bly God die Leermeester en die groot Dissipelmaker wat die kerk as sy instrument gebruik om lewenslange dissipelmakers te wees. Dissipelmaking moet die missionêre fokus van die kerk bly. Dit behels ’n lewenslange proses. Daarom moet die sendingbeleid van die kerk op dissipelmaking fokus en versigtig wees vir kortdurende projekte in kwesbare terreine of onder sulke persone. Pas wanneer binne ’n bestaande missionêre terrein nuwe dissipels daadwerklike dissipelmakers geword het, kan die sturende kerk versigtig oorweeg om ’n nuwe missionêre gebied te bereik.

**Slotsom:** ’n *missio Dei*-bediening is daarop gerig om mense in holistiese sin volgelinge van Christus te maak, wat bewys dat hulle nou reeds in die nuwe lewe van Christus deel het.

### 2.5.15 Getuig – μαρτυρέω, μαρτυρία

Aangesien μαρτυρέω nóú verwant is aan μαθητεύω, is ’n woordstudie oor μαρτυρέω ook relevant vir die vraag na integrale bediening met hart, mond en hande uit ’n *missio Dei*-perspektief. Uit genoemde perspektief raak μαρτυρέω God se instrument. Die gevolg is dat gelowiges met hulle hart, mond en hande van die ewige lewe in God aan hulle medemens getuig om daardie medemens nou reeds lewende hoop op die ewige lewe te bied. Vir ’n goeie verstaan volg eers ’n grammatikale definisie van die begrip.

**Definisie**: Μαρτυρέω dui in die subsemantiese veld op getuig, en in die semantiese veld, op kommunikasie (Louw & Nida, 388, 418). In die mees letterlike betekenis beteken dit om inhoudelik gunstig oor ’n spesifieke persoon oor te dra. By getuienis is deurgaans sprake van ’n spesifieke feitlike inhoud en ’n subjek. God is die subjek én die inhoud, maar Hy gebruik die kerk as instrument om hierdie getuienis uit te dra (Matt. 28:18-20; Hand. 1:8). Hoewel μαρτυρέω veral gebruik word om die inhoud van die evangelieboodskap oor te dra, is dit in die konteks steeds duidelik dat die mondelinge getuienis sigbaar uitwerk op die hart en dade van die ontvangers. Die begrippe μαρτυρέω en μαρτυρία “denote action ... in order to express the event of the divine communication of revelation in alle aspects” (Coenen & Trites, 1978:1044). Op dié manier kry μαρτυρέω as getuienis ’n holistiese toepassing.

Μαρτυρέω is sigbaar en hoorbaar. Die getuienis word gehoor en sigbaar uitgeleef. Coetzee (s.j.:7) verklaar oor μαρτυρέω en stamverwante woorde dat dit “streng gebonde aan die histories-sigbare en histories-hoorbare is. Marturein is om te getuig voor die Goddelike en/of wêreldlike regbank, voor vriend en vyand, as ’n oog-en oorgetuie van die openbaring van God in Christus” (vgl ook Buys, 1989:183-184; Pop, 1984:244-245). Hierby geld: “Word and deed bear witness to the life of faith that summons to faith and is grasped in faith” (Strathmann, 1968:476). Μαρτυρέω se doel is om mense in geloof as eiendom van Jesus Christus te laat leef en sterf (Joh. 20:31). Dit behels “wervend prediken. Getuigen is hier een zendingsterm. Het bevat meer dan de waarheid aangaande Jezus meedelen, omdat het er op gericht is, mens te bewegen tot geloof” (Pop, 1984:245). Hart, mond en hande is aktief in μαρτυρέω ter sprake.

Getuienis oor persoonlike ervarings binne regsverband in buite-Bybelse Grieks toon ’n duidelike verband tussen Woord en daad aan: die praktiese optrede bevestig die inhoud waaroor dit gaan, met die gevolg dat die een ’n verlengstuk van die ander word. In hierdie verband wys Strathmann (1968:476) daarop: “It denotes one who can and does speak from personal experience about actions in which he took part and which happened to him.” Die praktiese optrede bevestig die inhoud, sodat die een nie sonder die ander waarde het nie. Strathmann (1968:502) beklemtoon die feit dat μαρτυρέω nie soseer op die inhoud klem lê nie, maar hoofsaaklik dat ’n voorwerp, daad of uitspraak die inhoud bevestig. Jakobus daag gelowiges uit om hulle geloof deur hulle dade te bewys, want deur uiterlike dade word die innerlike oortuiging sigbaar (Jak. 2:18). Die kerk se taak is om met woorde én dade hulle geloof in God te bevestig en om mense so te begelei dat hulle bewus toegerus en voorberei is om met hulle lewe hulle geloof as getuienis oor die lewende God te bewys (2 Tim. 3:16-17; 1 Pet. 3:15). Getuienis is veranker in God wat oor Homself getuig en mense oor Hom laat getuig.

**God**: Getuienis word oor God se woorde en dade gelewer, omdat Hy die Subjek en die handelende Een in μαρτυρέω is: “Yahweh Himself is the subject of the μαρτυρεῖν contained in μαρτύριον. But this μαρτυρεῖν is worked out in the revelation imparted to Moses. The commandments are its content” (Strathmann, 1968:485). Wie getuig, lewer in naam van God met woorde en dade getuienis oor God se woorde en dade binne die menslike geskiedenis. Getuienis fokus op dié manier veral op die uitwerking van God se heerlikheid en kragtige dade op getuies, volgens Biblical Studies Press (2006): “The Niphal participle נוֹרָא (*nora'*), when used of God in the psalms, focuses on the effect that his royal splendour and powerful deeds have on those witnessing his acts (Ps. 66:3, 5; 68:35; 76:7, 12; 89:7; 96:4; 99:3; 111:9).”

Terwyl μαρτυρέω fokus op die uitwerking van God se woorde en optrede op die mense se lewe, werk dit in die mens se hart, mond en hande deur. Die gevolg is dat getuigende gelowiges soos Elwell en Beitzel (1988:892) dit stel: “Having witnessed his saving deeds, the nations praise the

Lord (60:6, cf. vv 4, 9, 16)". Dit beteken dat "God does not merely give men intellectual knowledge, but also sets them into motion" (Coenen & Trites, 1978:1046). μαρτυρέω fokus op God wat Hom geïntegreerd aan die mens openbaar. Die gevolg is dat die gelowiges met hart, mond en dade oor God getuig, sodat mense God kan verheerlik. Die vraag is hoe hierdie getuienis in die mens se lewe uitwerk.

**Skepping**: Die praktiese deugsaamheid wat gelowiges in hulle lewe toon is 'n feitlike bewys van God se genade en mag. Die daad bevestig die Woord en werk dit uit, omdat dit die egtheid van geloof in God bewys. Tog is dit meer as bloot 'n bewys, meen Strathmann (1968:485), omdat die daad as getuienis 'n logiese en onafskeidbare eenheid met die Woord vorm. Sonder die praktiese getuienis het die Woord nie krag nie. Die gelowige is verantwoordelik om só met God te leef dat die getuienis van God as die Subjek as't ware deur Hom stroom na die medemens as getuienis van die krag en genade van die lewende God. Sodoende "the whole life revolves around this centre" (Strathman, 1968:485).

Getuienis moet mense met woorde en dade daartoe lei om die Verlosser in hulle lewe te ontvang deurdat hulle die almag en heerlikheid van die Here verkondig. Keil en Delitzsch (1996) beskryf die omvang en reikwydte hiervan:

> But fully to prepare, by the exile, the people of Israel as well as the heathen world for the appearance of the Saviour of all nations and for the reception of the gospel, the Lord raised up prophets, who not only preached His law and His justice among the covenant people scattered among the heathen, and made more widely known the counsel of His grace, but also bore witness by word and deed, in the presence of the heathen rulers of the world, of the omnipotence and glory of God, the Lord of heaven and earth.

Μαρτυρέω wil mense gevolglik voorberei om hulle Verlosser te ontmoet. Hierdie voorbereiding en ontmoeting geskied holisties – met hart, mond en hande.

**Jesus Christus**: Jesus is die geloofwaardige Getuie, die Eerste wat uit die dood opgestaan het (Op. 1:5). Hy het gekom om van die waarheid te getuig (Joh. 18:37). Hy was self ook die betroubare Getuie (Op. 1:5). Johannes 5:36-40 laat sien dat Jesus Christus se eie bediening integraal is wanneer Hy bevestig dat die werke (lees: hande) wat Hy verrig, oor Homself en oor die Vader getuig (Joh. 5:36). Hy verbind ook die Vader se stem (lees: mond) aan getuienis (Joh. 5:37) oor God. Volgens Johannes 6:38-39 verbind Jesus die aspekte van glo en dink (lees: hart) aan getuienis lewer oor God.

Die apostels het getuig oor wat hulle van Jesus gesien en gehoor het (Hand. 22:15). Jesus se dade en sy woorde het die inhoud, grond, motief en maatstaf van die getuienis oor Hom en die

Vader gevorm. Pop bevestig dat Jesus die voorbeeld, grond, maatstaf, inhoud en motief vir die gelowige se taak is om getuie te wees (1984:244). Hieroor wys Buys (1989:185) daarop: "Om egter as getuie outentiek te kan wees, word van die getuie self 'n totale oorgawe aan Jesus Christus vereis, sodat die persoon se hele lewe en totale lewenswandel 'n getuienis van God se reddende genade in Jesus Christus kan wees." Getuienis met die mond wat nie met die hart en die dade ooreenstem nie, getuig nie van oorgawe aan Jesus Christus nie. Hierdie drie aspekte moet op een lyn lê.

Om met woorde en dade te getuig was inherent deel van Jesus se bediening en sy taak om dissipels vir hulle taak voor te berei. In hierdie verband wys Achtemeier *et al.* (1985) op die lewe en onderwys in die eerste fase van Jesus se evangeliebediening. Dit was die fase waartydens Hy sy dissipels geroep en hulle sy onderwys gehoor het. Só het hulle getuies van sy dade geword.

Jesus bring die verkondiging as getuienis oor Homself (Joh. 18:37) en die Vader regstreeks en integraal in verband met sy dade. Hy is die verpersoonliking en voorbeeld van integrale bediening met hart, mond en hande. Sy legitimering kom deur "die werk wat die Vader My gegee het om te voltooi en waarmee Ek nou juis besig is" (Joh. 5:36) asook "die dade wat Ek in die Naam van my Vader doen, bewys wie Ek is" (Joh. 10:25). Coenen en Trites, 1978:1045 verduidelik: " ... through the works which the Father causes Him to do".

Egte getuienis vra oorgawe in hart, mond en hande, waar die gelowige die getuigende werk van die Heilige Gees nodig het.

**Heilige Gees**: Die Heilige Gees werk die getuienis in en deur die woorde en dade van die apostels en die Christene uit – en deur die vrug van die Gees (Gal. 5:22-23). 1 Johannes 4:14 berig: "En ons het gesien en is getuie daarvan dat die Vader die Seun as Redder van die wêreld gestuur het." Die getuienis is sigbaar. Die Gees is die ware getuie. Hy getuig oor die werk van die Seun. 1 Johannes 5:6 bevestig: "Die Gees is die getuie daarvan, en die Gees is die waarheid." Dade sonder hierdie boodskap is 'n getuienis wat skeefgetrek en ongebalanseerd is.

In Efesiërs 5:18-19 verbind Paulus die vervulling (πληρόω) met die Heilige Gees in die konteks van die onderlinge leefgemeenskap waar die gemeente met psalms, lofsange en lofgesange sing. In dieselfde sin verbind hy dit ook met drank en losbandigheid en voorts binne die breër konteks van Efesiërs 5 met die praktiese lewe as mense dié van mense van die lig. Hiermee word duidelik dat die lewe deur die Gees die gelowige se bestaan integraal raak as lewe van mense van die lig (Ef. 5:8) wat die getuienistaak van die Christen insluit. Hieroor kom Buys tot die slotsom: "Dit bevestig die feit dat die ontvangs van die Woord 'n uiters belangrike middel is

waarvan die Heilige Gees Homself bedien om gelowiges te vervul en hulle sodoende vir hulle taak as getuies in die wêreld toe te rus" (Buys, 1989:185).

Eensydige toerusting uit die Woord sou met verwysing na byvoorbeeld Efesiërs 5:18-19 beteken dat mense gewys word op die vergewing van hulle sondes deur Christus en vervulling deur die Heilige Gees, maar nie dat dit gevolge het vir iets soos drankgebruik en sedelike optrede nie. Die Heilige Gees is die Subjek van hierdie getuienisse in woorde en dade.

Buys (1989:185) se verbinding van μαρτυρέω met κοινωνία (gemeenskap) is belangrik, want uit Handelinge 2:42-47 blyk dat die gemeenskap in Woord en daad geïntegreer word deur die krag van die Heilige Gees. Hierdie holistiese leefgemeenskap as volgelinge van Christus het 'n getuienis na die volk toe uitgedra, vanweë die reaksie: "Die hele volk was hulle goedgesind" (Hand. 2:47). Gemeenskap en getuienis is onlosmaaklik verbind aan die Heilige Gees se werk in die manier van saamleef waarin gebed, Woord, lewensmiddele, eiendomme en geld met mekaar gedeel is. Die onderlinge gemeenskap en die ontvangs van die Woord is middele waarvan die Heilige Gees Hom bedien om gelowiges toe te rus vir hulle taak as getuies in die wêreld (Buys, 1989:185).

Die vraag is: Wat behels hierdie taak van die kerk om te getuig?

**Kerk**: Getuienis in Woord en daad lei dikwels, reeds sedert die eerste gemeente in Handelinge, tot vervolging en martelaarskap wat 'n woord- en daadvorm behels van getuienis gee. Hieruit kan afgelei word dat die sturende kerk as deel van hulle μαρτυρέω-taak bereid moet wees om te ly en martelaarskap te verduur wanneer hulle in moeilike of noodsituasies missionêre werk verrig. Die sturende kerk in 'n vry land of ander gunstige omstandighede getuig met hart, mond en hande wanneer hierdie kerk volhou om ondanks byvoorbeeld ontkerkliking steeds getuienis te lewer. Martelaarskap sou in 'n Westers kapitalistiese omgewing moontlik selfs op finansiële offers kon dui in plaas van liggaamlike lyding in lande waar Christene vervolg word. Wanneer die kerk ondanks finansiële nood of middele, of dalk groot lidmaatgetalle met Woord en daad van God getuig, verheerlik die lidmate God in die lig van die *missio Dei.*

Wanneer Paulus Timoteus (1 Tim. 6) oor die gevaar van geldgierigheid aanspreek, bevestig hy dat hy deur die gejag na geld op te offer tevrede is. Hy wys daarop dat hy sy kragte inspan om die ewige lewe te behaal en sodoende te kan getuig van die goeie belydenis. Hierdie getuienis is nie beperk tot mondelinge oordrag nie, maar strek tot in Paulus se hele praktiese lewe waar sy leefwyse 'n getuienis vir die kerk is van die ewige lewe. In dieselfde sin moet sturende kerke ook waak teen geldgierigheid en deur hulle missionêre voorbeeld met woorde en dade te getuig van die ewige lewe voor hulle.

Sendelinge verkondig die inhoud van die evangelie deur dit toe te pas binne die omstandighede waarin mense hulle bevind. Sodoende ontwikkel die kenmerkende en eiesoortige Christelike gebruik van μαρτυρέω (Strathmann, 1968:489).

Die *missio Dei* se doel is om die getuienis oor God aan mense en die daaropvolgende geslagte deur te gee. Getuienis is ’n integrale taak en nie ’n kwaliteit wat mens het, vashou of besit nie. Die kerk moet deurgaans besef dat dit wesenlik deel van die *missio Dei*-taak is. Daarsonder sou ’n mens kon vra of die kerk bestaansreg het. Hieroor maak Strathmann (1968:501) die omvangryke μαρτυρία-taak van die kerk duidelik: “The μαρτυρία Ἰησοῦ is the witness which they have, not as Christians, but as Christian prophets. They have it, not as a secure possession, but as a task, i.e., in order that they may pass it on.”

In Johannes 13:34-35 maak Jesus hierdie punt duidelik deur daarop te wys dat wanneer sy mense mekaar lief het, die sondige wêreld wat sonder God leef sal weet dat hulle volgelinge (dissipels) van Jesus is. Deur die eenheid wat Christene in Christus het, uit te leef in hart, mond en hande sal dit vir almal duidelik word dat Jesus deur die Vader na die wêreld gestuur is. Só sal elke knie buig en erken dat Jesus Here is, om God die Vader te eer (Fil. 2:10-11). volgens Lukas 10:27 se getuienis het Jesus duidelik gemaak dat liefde ’n integrale opdrag is. Die kerk se naleef van die liefdesgebod is om oor God te getuig. Die liefdesgebod is die opdrag om dissipels te maak én om te getuig. Dit is elke gelowige en dus die kerk se taak. Daarom is dit, om by Buys aan te sluit, saaklik duidelik dat die gemeente in geheel deur die lidmate se leefwyse en onderlinge liefde geroep is om ’n getuienis van Jesus Christus in die wêreld te gee (1989:186).

Getuies moet nie net aan die blote feite oor Christus getrou wees of bloot die feite getuig nie, maar ook aan die betekenis daarvan. Dit behels om die betekenis van Christus en sy boodskap te verteenwoordig (Coenes & Trites, 1978:1050). Dit doen die getuigende persoon deur die ware betekenis van Christus in volle omvang binne elke aspek van die lewe uit te leef en uit te beeld, sodat Christus as die Here en Verlosser van die nuwe lewe geken en gevolg word. Dit plaas ’n hoë premie op die taak van die Christelike getuies om in hulle woorde en dade, hoorbaar en sigbaar aan Christus betekenis te gee in die menslike lewe wat deur Homself geskape is.

Oor die kerk se getuienistaak wat hoorbaar, sigbaar en voelbaar moet wees, stel Martin (1995:137) dit dat die kerk in Tessalonisense nie so stil moet leef nie dat dit “failed to function as witnesses of Christ both in word and deed”. Hierdie getuienistaak moet integraal geskied, soos Augsburger *et al.*, (1990:115) dit so treffend stel:

> We cannot serve people without becoming concerned with all of their needs, both spiritual and physical. How do we carry the love of Christ into our neighborhood? We've discovered we have to do it with words of witness and deeds of compassion. That is the model Jesus gives us. And it is a necessary model if our evangelistic words are to appear sincere. I don't believe in the old social gospel that reduced the Christian faith to good works. But I do believe in the gospel that meets people's everyday as well as eternal needs.

Woorde van getuienis en dade van medelye vorm saam die getuienistaak van die kerk, terwyl die kerklede daarteen moet waak om hulle geloof tot bloot goeie dade te versmal. Andersyds geld wat tans veral onder Westerse Reformatoriese Kerke plaasvind, dat die getuienis tot woorde (verbale verkondiging) versmal word.

Die kerk moet solidêr in die wêreld aktief aanwesig wees, dien en getuig van God se nuwe wêreld soos Christus mens was om medelye met die menslike swakhede te hê (Heb. 4:15). Lippert (1968:178) beklemtoon hierdie feit, dat die kerk nie net mondeling moet verkondig nie, maar ook solidêr en dienend in die wêreld aanwesig moet wees, om ook só mense vir die koninkryk te wen. Noordergraaf beskryf hierdie aantrekkingskrag van die gemeente wat getuig:

> Niet alleen het loflied wekt de welwillende houding op, het is zoals het verband laat zien, het geheel van het leven van de gemeente, zoals dat in de vss 42-47 beschreven wordt, waardoor de gemeente aantrekkingskracht op haar omgeving uitoefent en bij het volk van Jeruzalem in gunst en aanzien staat (Noordergraaf, 1983:47).

Met verwysing na die liefde en welwillendheid moet kennis geneem word van die vereiste om getuie te wees. Dit behels dat die persoon die feitlike gebeure betroubaar moet kan bevestig en dit moet geskied deur, soos Strathmann dit stel: “those who are qualified to be witnesses because they themselves lived through the events” (1968:492). Die belang van dade wat die Woord bevestig word hier beklemtoon.

Paulus verbind μαρτυρέω met verskeie aspekte van die lewe: gebed, insig en ywer (Rom. 10:2); ook verdrukking, blydskap en vrygewigheid (2 Kor. 8:). Dit hou ook verband met die manier waarop mense behandel word. So skakel μαρτυρέω met die volgende: blydskap (Gal. 4:15); gebed, volwassenheid en praktiese gehoorsaamheid (Kol. 4:13). Vanuit die *missio Dei*-perspektief is μαρτυρέω God se instrument om mense op ’n integrale manier van die ewige lewe te oortuig.

**Eskatologie**: Om in swaarkry, lyding en vervolging met hulle getuienis te kan volhard moet gelowiges deurgaans leef met die verwagting van Christus se finale triomf oor Satan en die

magte van die Bose voor hulle, aldus Buys (1989:189). Hierby moet gevoeg word dat dit ook die gelowige se taak is om hierdie verwagting deur getuienis aan ander mense te leer.

Deur die Woord van God te verkondig, met Christus se hart lief te hê en met dade te dien, getuig gelowiges teenoor die noodlydende medemens oor die lewende verwagting waaruit elke mens mag leef, ondanks daardie persoon se omstandighede. Waar Christene vervolg is en getuienis van hulle geloof moes aflê, is hulle sterk deur die boek Openbaring geïnspireer. Christus het swaarkry, lyding, vervolging en die dood oorwin en daarom sal hulle ook oorwin en in sy oorwinning oor die mag van die Bose deel (Coenen & Trites, 1978:1049). Sodoende kan gepraat word van 'n geïntegreerde getuienis van die ewige hoop.

Die naleef van God se gebooie en getuienis oor die lewende verwagting in Jesus Christus word in Openbaring 12:17 op een lyn geplaas. Naleef van God se gebooie is hier, in ooreenstemming met Matteus 22:37-40, integraal verweef met Christus se triomf oor Satan. Die gevolge hiervan is dat missionêre verkondiging van die Here se gebooie lei tot 'n lewende hoop op die finale oorwinning in Christus. Prakties beteken dit dat die Woord mondelings verkondig en mense opgeroep en begelei word om dit te glo. Daarby word mense ook prakties begelei, gehelp en onderrig om hierdie boodskap integraal getuigend uit te leef om self ook, uit liefde vir die naaste, dissipelmakers vir die ewige lewe kan wees.

Die kerk moet die getuienis oor Christus in hulle volledige bediening sodanig integreer dat dit nou reeds 'n hoopvolle verwagting aan soekende mense gee. Buys wys in hierdie verband daarop (1989:189) dat "pastorale versorging van gelowiges moet die doelwit hê om hulle toe te rus om te midde van alle omstandighede (selfs lyding en vervolging) getroue getuies te kan wees van die versoenende lyding en sterwe van Christus". Dan moet die hoopvolle perspektief op die wederkoms asook die ewige lewe noodwendig hierby gevoeg word vir 'n gebalanseerde en integrale beeldvorming en perspektief op hierdie saak (1 Pet. 1:7-9; Op. 21:1-5). Sodoende is pastorale versorging ook integrale bediening in *missio Dei-* perspektief.

Wanneer mense uit 'n *missio Dei*-perspektief integraal toegerus word om in die onderskeie lewensomstandighede só getuies te wees, kry hulle lewe 'n instrumentele, dienende en toekomsgerigte fokus deurdat dit van die lewende God getuig en met hart mond en hande dissipels maak. Lydende en sterwende gelowiges word hier bemoedig en aangemoedig deur die erfenis wat vir hulle in die hemel in bewaring gehou word (1 Pet. 1:4) en deurdat hierdie erfenis lof, heerlikheid en eer waardig mag wees by die wederkoms van Jesus Christus (1 Pet. 1:7-9).

Samevattend kan gestel word dat elke gelowige onder die mandaat staan om met woorde en dade en sy of haar volledige lewenswyse (Buys, 1989:188) getuie te wees van die lewende God se werk in Jesus Christus deur die krag van die Heilige Gees. Vanuit die *missio Dei*-perspektief is μαρτυρέω God se instrument sodat gelowiges met hulle hart, mond en hande aan hulle medemense kan getuig van die ewige lewe in God wat nou reeds aan hierdie medemense lewende hoop op die ewige lewe bied.

### 2.6 Voorbeelde vir toepassing

Die doel van die studie is om 'n raamwerk of model vir integrale sending binne ŉ *missio Dei*-perspektief daar te stel. Ná ŉ ondersoek van die missio Dei-perspektief asook van die 15 kernbegrippe in die Bybel wat vir integrale sending relevant is, word vervolgens die Miga- en die Lausanne-verklarings afsonderlik bespreek as moontlike voorbeelde van toepassing. Die vraag is wat hierdie verklarings kan bydra tot ’n bruikbare model vir integrale sending binne ŉ *missio Dei*-perspektief. Watter lesse kan uit beide geleer word om 'n operasionele denkraamwerk daar te stel wat integrale sending kan help konseptualiseer[5] en kontekstualiseer[6] vir ŉ betrokke sendingveld?

#### 2.6.1 Miga-verklaring

Die Miga-netwerk bestaan uit ’n aantal wêreldwye kerke en organisasies wat hulle tot integrale sendingwerk verbind het. In September 2001 het hierdie kerke se leiers saamgebid en die bediening en hulpverlening aan armes bespreek. Die idee van ’n integrale verhouding in die sending is bevestig deur die tot standkoming van die Miga-netwerk in 2001 in Oxford. Die grondliggende konsep is integrale sending soos verwoord in die verklaring *Micah Declaration on Integral Mission* (Haw, 2001). Die uitgangspunt was dat duisende mense daagliks onnodig sterf vanweë die onheilige alliansie tussen onreg en onverskilligheid en dat God oor elkeen van hierdie sterftes treur.

Die Miga-netwerk se naam is ontleen aan die woorde van Miga, die Ou Testamentiese profeet: “Mens, die Here het jou bekend gemaak wat goed is: Hy vra van jou dat jy reg sal laat geskied, dat jy liefde en trou sal bewys, dat jy bedagsaam sal lewe voor jou God” (Miga 6:8). Gevolglik fokus die Miga-netwerk fokus op ekonomiese armes, omdat God die nood van die armes in die

---

5 Dit behels om ŉ saak begripmatig uit te druk en daardie begrippe verder te ontleed asook toe te pas en met verbandhoudende begrippe te korreleer om ŉ deegliker prent te vorm.

6 Dit is om die konteks of sendingomgewing te bereik en nuut te informeer.

Bybel sterk belig. Hulle uitganspunt is dat armes en rykes voor Christus gelykwaardig is (Haw, 2014b).

#### 2.6.1.1 Die kerk se taak

In 2012 herbevestig die Miga-netwerk die kerk se integrale bedieningstaak as "The beginning of a new humanity and in what she is, does and says bears witness to Jesus Christ and cooperates with God in the fulfillment of his redemptive plan. It is a community of hope, faith and love, structured for the tasks of integral mission for the glory of Go" (Haw, 2012:1). Dit lei tot 'n groeiende verlange van die liefdevolle en deernisvolle Vader dat sy kinders se lewe en bediening in alle opsigte sy eie aard sal weerspieël (Haw, 2012:2). Daarom is alle kerke geroep "to cooperate with God in the transformation of the world through the proclamation and demonstration of the gospel" (Haw, 2012:1). Die belangrikste beginsel van integrale sending, volgens die Miga-beweging, is: Wanneer Jesus Christus die Here oor alles en almal is, moet die kerk daardie waarheid uitleef. Die kerk moet dit demonstreer, met hierdie visie leef en mense leer om Christus voluit te gehoorsaam (Haw, 2014a).

#### 2.6.1.2 Afgrensing teen dualisme

Die Miga-verklaring omskryf geïntegreerde of holistiese verandering as die proklamasie en demonstrasie van die evangelie wat meer behels as bloot dat evangelisasie en sosiale betrokkenheid parallel met mekaar loop (Haw, 2001:1). Geïntegreerde sending beteken eerder dat die proklamasie sosiale gevolge het wanneer God mense tot liefde en bekering op alle gebiede van hulle lewe roep. Terselfdertyd hou die sosiale betrokkenheid gevolge in vir die evangelie wanneer gelowiges getuienis lewer van die veranderende genade van Jesus Christus (Haw, 2001:1). Integrale sending is gewortel in die evangelie waaruit betrokkenheid by die gemeenskap ontstaan om die samelewing te verander (Kelly, L. 2012). Die onderskeie elemente hou met mekaar verband, maar staan nie eenvoudig langs mekaar nie (Hillion, 2012:5). Tog verduidelik Haw (2014a) die balans tussen Woord en daad met die beeld van die twee vlerke saam wat 'n vliegtuig gebalanseer in die lug hou. Dit is moontlik om hierdie beeld dualisties te verstaan asof Woord en daad twee aspekte is wat langs mekaar staan. Tog verwys die beeld eerder na 'n nodige balans en na die feit dat albei aspekte nodig is. Die term "integrasie" is hier verhelderend. Die twee aspekte is met mekaar verweef.

Hillion waarsku in hierdie opsig teen die gevaar van 'n té vinnige verwysing na dualisme of Grieks-filosofiese invloede, omdat dit die soektog na noodsaaklike onderskeidings en prioriteite kan belemmer (2012:5). Tog wys Haw wel 'n aantal dualismes uit om die noodsaaklikheid, prioriteite en onderskeidings van integrale bediening juis te verhelder. Hiermee onderstreep sy

die wêreldwye behoefte om die ingrypende gaping tussen Woord en daad op te vul. Sy wys die volgende dualismes uit (Haw, 2014a):

- **Glo en lewe:** "believing and living". Mense noem hulleself Christene, maar leef nie die betekenis daarvan uit nie. Hulle praat oortuigend oor hulle geloof, maar dit blyk nie uit hulle lewe nie. Integrale sending of integrale dissipelskap delf dieper.
- **Kruis en lewe:** Deur so op Christus se kruis te konsentreer, vergeet mense om op sy lewe te fokus vanuit die vraag: Hoe het Jesus sy geloof in sy lewe uitgewerk (in die lig van die kruis)? Word die goeie nuus oor die nuwe lewe wanneer Jesus terugkom verkondig ten koste van die vraag wat die lewe hier en nou in sy volheid inhou? Wat is die goeie nuus vir die armes hier en nou? Hierdie verlossingsteologie het té veel gegaan oor *later;* nie oor die lewe, oor *nou* nie.
- **Geestelik en sekulêr:** Materiële dinge word geskei van die geestelike lewe. As Jesus Christus Here en Verlosser oor alles en almal is en mense daarvolgens leef, toon alle dinge 'n geestelik-materiële-koppeling, soos geld, besittings en gedagtes.
- **God se koninkryk nou en later:** Die Miga-verklaring wys daarop dat die kerk die koninkryk van God in Jesus Christus nou reeds moet weerspieël. "We are the flavour of what the kingdom of God should look like". Dit verander die hele manier hoe gelowiges die wêreld sien.
- **Openbaar en privaat:** Veral in die noordelike halfrond is geloof tot die private lewe beperk, terwyl Jesus Christus se bediening oorheersend in die openbare lewe plaasgevind het. Hierdie dualisme vir die kerk moet deurbreek word.

Die genoemde dualismes hier bo is steeds aktief, met die gevolg dat die teologie van Woord en daad maar skaars aan die orde gekom het, meen Haw (2014a). Die vyf vrae wat as geformuleerde kriteria vir die woordstudie in hierdie hoofstuk gestel is en ook die woordstudie self moet volgens haar indringend aan die orde gestel word. Sy bevestig dit wanneer die navorser opmerk dat Christelike Nederlanders nie daarvan hou om tot iets verplig te word nie en die woord "moet" te hoor nie. Volgens die navorser roep dit die vraag op watter boodskap dan op die sendingveld verkondig is? Tot watter gevolge het hierdie dualisme vir die sendinggebiede gelei? Haw: "I think you hit the nail on it's head." Die kerke sal dit opnuut moet aanpak en 'n aantal dinge afleer wat verkeerd gegaan het (Haw, 2014a).

#### 2.6.1.3 Soektog na ewewig

Wat die Miga-verklaring betref, meen Chester (2010:3) dat integrale sending onder Evangelical Christians steeds 'n twispunt is waar een groep huiwer om sosiale betrokkenheid as onderdeel van sending te sien en die ander groep evangelisasie juis as wesenlike onderdeel van integrale

sending beskou. Hoewel Evangeliese Christene missionêre bediening teologies onderbou, speel allerlei voorveronderstellings, vooroordele en vrese 'n bepalende rol, omdat dit die manier beïnvloed waarop hulle die Bybel lees (Chester, 2010:3).

Die enigste manier om hierdie vrese en verdeeldheid uit die weg te ruim, is om die besware luisterend te weeg in die lig van die onmisbare noodsaaklikheid om die evangelie te proklameer. In die proses kan die moontlike besware en vrese ernstig geweeg word, of ander kere uitgedaag word.

Kelly, L (2012) bevestig na aanleiding van die Miga-verklaring dat integrale sending die boodskap dat die koninkryk van God hier is, verkondig deur woorde, dade en tekens. Kelly noem dit die integrasie van proklamasie, demonstrasie ("kompassie"), geregtigheid en manifestering van die krag van die Heilige Gees. Sy kom tot die slotsom dat integrale sending, ook holistiese transformasie genoem, die proklamasie en demonstrasie van die evangelie is. Verkondiging het noodwendig sosiale gevolge wanneer mense tot liefde en bekering op die verskillende terreine van hulle lewe geroep word. Dit is omdat die genade van Jesus Christus mense se lewe transformeer. Die kerk as gemeenskap van die Koning wys met hart, mond en hande heen na Hom (Kelly, L. 2012).

#### 2.6.1.4 Uitdagings

In die lig van bogenoemde betoog moet Christene uitgedaag word om te netwerk en saam te werk om die uitdagings van globalisering aan te pak: "The church needs a unified global voice to respond to the damage caused by it to both human beings and the environment" (Haw, 2001:3). Geïntegreerde sending bou brûe deur versoening te bewerk tussen etnies verdeelde gemeenskappe, rykes en armes, verdrukkers en onderdruktes. Voorspraak moet gedoen word vir diegene wat nie vir hulleself kan praat nie, soos weeskinders of kinderslawe. Geïntegreerde sending wil deur hierdie voorspraak strukturele onreg en redding van die behoeftige naaste bewerk (Haw, 2001:3). Dit kan slegs vanuit die versoening in Jesus Christus gebeur, wanneer mense Hom as Here erken (1 Pet. 2:24; 1 Pet. 3:15). Dit vereis geregtigheid op beide persoonlike en strukturele vlak (Haw, 2012:1).

Die Miga-verklaring verwys na die skade wat globalisering aanrig. Behalwe vir die positiewe uitwerking op die ontstaan van oop gemeenskappe het globalisering grootskaalse uitsluiting van armes tot gevolg (Haw, 2001:1-3). Dit lei tot oorheersing van die mark waardeur die verbruikerskultuur mense se persoonlike identiteit bepaal en die armes in hulle lot aan die markkragte oorlaat. Hierdie proses rig groot skade aan. Dit kom neer op afgodery. Sodoende

ontstaan onregverdige wanbalanse in die wêreldekonomie asook die waardes van daardie verbruikskultuur. Integrale sending moet hierdie wanbalanse teenwerk.

Ontwikkeling as ontginning van ekonomiese voorspoed moet nie die hoofdoel hier wees nie. Dit moet ondergeskik wees aan die proses waarin verhoudings gebou, waardes verander en mense bemagtig word. Beplanning, organisering, evaluering en soortgelyke instrumente is nodig, maar moet ondersteuning bied vir verhoudings, waardes en bemagtiging. Teenkanting, teleurstellings en lyding vorm egter onderdeel van 'n proses van verandering wat hoop bring (Haw, 2001:2). Hierin lê die uitdaging van integrale sending om hoop, versoening en nuwe kanse te voorsien.

#### 2.6.1.5 Kritiek op professionaliteit

Daar is kritiek dat die Miga-verklaring professionaliteit vereis, terwyl dit in integrale sending nie die vertrekpunt sou moet wees nie. Volgens Hillion (2012:1) lyk dit of die Miga-verklaring die uitdrukking "integrale sending" gebruik om alles wat God van die mens vra in te sluit. Die gevolg is dat die term sending 'n kleiner onderdeel van hierdie proses vorm. Hy vra of God van gewone Christene verwag om alles te doen wat onder integrale sending val, terwyl dit wil voorkom of integrale sending, soos deur die Miga-verklaring beoog, 'n vorm van professionaliteit vereis wat die meeste kerke en Christene nie kan lewer nie. Dit is nie soseer professionaliteit nie, maar "As in the life of Jesus, being, doing and saying are at the heart of our integral task" (Hillion, 2012:2). Daarom is, volgens Hillion, die Miga-verklaring se definisie van integrale sending aan 'n aantal verleidings blootgestel:

- Ignoreer belangrike verbande en onderskeidings (skepping, voorsienigheid, verlossing, genade en algemene genade asook spesifieke aktuele probleme) (Hillion, 2012:3-4),
- Kyk prioriteite mis (soos die verband tussen evangelisasie en sosiale betrokkenheid) (Hillion, 2012:5).
- Gelykstelling van die fokus op die eer van en verhouding met God met die bediening aan die medemens, met ander woorde 'n integraal sekulêre lewe in Bybelse taal verpak (HIllion, 2012:6).

Hillion is met reg positief krities op die Miga-verklaring se omskrywing van integrale sending. Hoewel hierdie Verklaring se bedoeling Bybels gefundeer is, loop dit deur 'n moontlik té breë definisie gevaar van 'n verkeerde gebruik van die fundering, verstaan en operasionalisering van integrale sending.

Haw (2014a) gee toe dat hierdie kritiek van Hillion geldig is. Volgens haar het die Miga-verklaring vir sommiges 'n akademies-teologies onderwerp geword – wat geensins die

bedoeling was nie. Die Miga-verklaring wou ook nie integrale sending teoreties verdedig nie. Hulporganisasies het weens onder meer hierdie Verklaring los van die kerke begin werk. Gevolglik het professionalisering in die integrale bediening ingetree en Woord en daad het geskei geraak. Daarom is die "Beyond Thun 2012"-verklaring opgestel om die Miga-verklaring lewendig, prakties en toepasbaar vir indiwidue, plaaslike gemeentes en gemeenskappe te maak. Dit kan gesien word as 'n "how to?" (Haw, 2014a). 'n Handleiding met 22 vrae begelei 'n mens om verder oor hierdie onderwerp na te dink en dit prakties uit te voer (Haw, 2012:1-3).

Die Lausanne-verklaring omskryf integrale sending in meer diepte en met 'n groter reikwydte wat die gevare van 'n te vae verstaan wegneem. Haw (2014a) bevestig hierdie leemte. Volgens haar was die Lausanne-verklaring 2010 se opneem van die Miga-verklaring 'n groot stap en erkenning van laasgenoemde Verklaring. In die volgende onderdeel van die hoofstuk word die Lausanne-verklaring bespreek. Die uitwerking van die navorsingsvraag moet lei tot insig in die CGKN se teologiese fundering asook definisie en toepassing van integrale sending. Dit moet ook vra of die gevare wat Hillion hierbo uitgewys het, het ook vir die CGKN geld.

#### 2.6.1.6 Sosiale betrokkenheid

Sosiale betrokkenheid, soos deur die Miga-verklaring bepleit, is tereg, volgens Chester (2010:18) gefundeer in God se aard, sy heerskappy en in sy genade volgens Psalm 146:7-9 soos blyk uit die bespreking van die *missio Dei* en die woordstudie in hierdie hoofstuk. Psalm 146:7-9 en Amos 5:23-24 toon onder meer aan dat God van sy kinders verwag om sy eie aard te weerspieël deur geregtigheid teenoor armes en noodlydendes toe te pas. Chester (2010:18-34) toon talle wette en opdragte aan in die Ou en Nuwe Testament wat gelowiges oproep om God se aard in hulle lewe te weerspieël.

Hoewel dit nie deel van die huidige studie se probleemstelling is om dit hier te bespreek nie, kan volstaan word deur op die volgende saak te wys: Dit is integraal in die bediening, lewe en taak van die kerk verweef om God se unieke aard, heerskappy en genade met hart, mond en hande te verkondig. God se aard is eerstens die vertrekpunt en help om die identiteit, plek en rol van die mens as God se verteenwoordiger te verstaan en uit te leef.

#### 2.6.1.7 Gebooie beskerm en herstel

Die gelowiges is God se verteenwoordigers wat met woorde en dade aan armes die goeie nuus van Jesus Christus weerspieël. Die volk in die Ou Testament, as lig vir die volke, het ook hierdie integrale taak gehad om die armes, verdruktes en die gemarginaliseerdes te beskerm en te herstel. Dit moes gebeur deur onder meer die volgende aksies:

- Slawe rus gun op die Sabbatdag (Eks. 23:10-12).
- Skulde in die Sabbatsjaar kwyt skeld (Lev. 25:10).
- Armes, vreemdelinge en slawe toelaat om are en korrels op te tel wat tydens die oes bly lê (Lev. 19:9-10).
- Slawe tydens die jubeljaar vrylaat (Lev. 25:8-55).

Dit is opvallend dat die wetgewing aan die volk deur verkondiging en onderwys aan die volk geleer moes word en dat dit juis oor praktiese lewensituasies gegaan het. Die geestelike verkondiging het ’n integrale fokus gehad. Só verkondig die Here aan die volk dat wanneer hulle na Hom luister, aan Hom gehoorsaam is en volgens sy gebooie leef, daar geen armes meer sal wees nie; die volk sou ook voorspoedig wees (Deut. 15:4-5). In die daaropvolgende verse word die voorspoed verbind aan finansiële welsyn en vrygewigheid. Tog word dit integraal verbind aan lewe voor die aangesig van die Here en in sy teenwoordigheid. Gevolglik kan hier nie sprake wees van ’n materialistiese en voorspoedgodsdiens nie. Dit gaan volledig oor bestaan in ’n lewende verhouding met die Here in sy teenwoordigheid (Deut. 15:20). Daarom is dit sonde teen die Here as sy mense hierdie gebooie nie naleef nie (Deut. 15:9).

Die armes dra soos alle ander mense die beeld van die Skepper. Hulle het ook kennis, vermoëns en hulpbronne. Deur hulle met respek te behandel word hulle bekwaam gemaak om die argitekte van verandering in hulle eie gemeenskappe te wees eerder as wat aan hulle oplossings verskaf word. Deur saam met hulle te werk, word verhoudings gebou wat tot wedersydse verandering lei (Haw, 2001:2). Dit is ’n duidelike beginsel van integrale sending. Hierdie wedersydse verandering is veranker in Jesus Christus se herskepping van die mens volgens die styl van God se koninkryk.

#### 2.6.1.8 Jesus Christus se integrale bediening

Jesus Christus staan sentraal in geïntegreerde sending (Haw, 2001:2; Hillion, 2012:1). Sy lewe en opoffering vorm die patroon van Christelike dissipelskap, veral sy vereenselwiging met die armes en die insluiting van alle mense. God toon aan die kruis hoe ernstig Hy oor geregtigheid is. Hy versoen die ryke en die arme met Homself wanneer Hy aan die eise van geregtigheid voldoen. God gebruik die gelowiges om in die krag van die opgestane Christus en deur sy Gees saam met die arme te reis terwyl beide hulle hoop vestig op die onderwerping van alle dinge onder Christus en die finale oorwinning van die Duiwel (Haw, 2001:2). Hierby kan gevoeg word: “Being, doing and saying were always harmoniously related in Jesus. They formed a seamless garment” (Hillion, 2012:2). Jesus het God verheerlik in wie Hy was, wat Hy gedoen het en in wat Hy gesê het. Genade vorm gevolglik die hartklop van geïntegreerde sending. Wie hierdie

onverdiende liefde ontvang kan daarom nie anders nie as om ook genade, vrygewigheid en die gesindheid van insluiting te toon (Haw, 2001:2).

Genade bepaal die aard, kenmerke en optrede van die kerk in integrale sending. Dit staan in skerp kontras met God se aanklag oor die volk se gebrek aan integrale lewe, soos hier onder bespreek.

Die boodskap van lewe met en voor God het ’n integrale bediening behels. Dit blyk uit tekste waar God die volk beskuldig dat hulle nagelaat het om sy opdragte prakties na te leef en die armes en onderdruktes te versorg. Dit geskied teen die *missio Dei*-agtergrond dat Israel God se sending weerspieël deur lig vir die volke te wees. Jesaja 1:10-13; 16-17 beskryf die volk se geestelike sonde teenoor die Here deurdat hulle praktiese dinge nalaat. Só wys die Here in Esegiël 16:49 die sonde van Sodom uit dat sy en haar dogters selftevrede en rustig in hoogmoed en oorvloed geleef en niks vir die mens in nood en die armes oorgehad het nie.

Tenoor hierdie aanklag van die Here het die kragtige verkondiging gekom dat die Here Jesus uit die dood opgestaan het en dat die genade van God op die gemeente gerus het. Hierdie verkondiging het hande en voete aan die kerk se getuienis gegee, met die gevolg dat niemand meer gebrek gely het nie, omdat die gelowiges hulle besittings gedeel het (Hand. 4:33-35). Volgens Paulus behels lewe in Jesus Christus die geloof wat deur liefde tot dade oorgaan (Gal. 5:6). Christene is geroep om Christus te weerspieël – “mirroring Christ” (Haw, 2014a).

#### 2.6.1.9 Dissipelskap en rentmeesterskap

Geïntegreerde sending raak elke Christen wat die nood van die armes deur Jesus se oë sien. Dit lei tot geïntegreerde dissipelskap wat die volgende behels: verantwoordelike en duursame gebruik van God se skeppingsbronne sowel as die verandering van die morele, intellektuele, ekonomiese, kulturele en politieke dimensies van mense se lewe. Dit sou kon beteken dat heelwat Christene die Bybelse betekenis van rentmeesterskap moet herontdek. Vermoënde Christene moet hulle rykdom in diens van ander aanwend. Die hoop op die hemelse skatte verlos sulke mens van die tirannie van Mammon (Haw, 2001:3-4). Ook Tweede en Derde Wêreldlande moet hulle talente, soos medemenslikheid, tot voordeel en opbou van die indiwidualistiese Eerste Wêreldlande stel (Haw, 2011:4). Die Here verwag van sy kinders om hulle medemense regverdig te handel, om genade lief te hê en om nederig met God te leef. Dit is nie bloot ’n indiwiduele taak vir ’n Christen nie, maar geld vir die kerk as gemeenskap van versoende heiliges.

Kerke het ’n wesenlik sosiale taak om ’n alternatief vir die onregverdige wanbalanse in die wêreld deur ’n gesonde verbruikskultuur te bied. Dit, soveel te meer, omdat die term “kerk”,

εκκλησία, nie 'n religieuse begrip nie, maar regsbegrip is wat verwys na mense wat geroep is om regspraak te lewer, soos Haw (2014a) dit uitwys. Volgens hierdie betekenis is die kerk geroep om vir die gemeenskap te sorg – ook polities en maatskaplik. Dit vra gevolglik dat die kerk op hierdie lewensterreine dáár moet wees om God se aard te kan weerspieël. Die kerk het egter die geestelike aspek uit daaglikse sake gehaal. Gevolglik lei dit tot erge wanbalanse en selfs vergrype, soos uitbuiting van armes en politieke magsmisbruik (Haw, 2014a).

Die kerk is geroep om te preek dat die geloof mooi, maar ook radikaal en lewensveranderend is. Daar rus 'n ingrypende verantwoordelikheid op die kerk om die Woord geïntegreerd, gebalanseerd en aktueel vir hierdie en die komende lewe te verkondig, maar ook teen allerlei dualismes en té veel kategorisering te waak. Sodoende fokus die kerk op integrale dissipelmaking en rentmeesterskap.

In die lig van bogenoemde situasie moet daar 'n wêreldwye balans tussen regverdigheid en vrede kom: 'n koalisie van medelye. Die kerk kan hierin 'n groot rol speel, omdat ervaring leer dat Christusgesentreerde medelye met noodlydendes inspirerende veranderings in hulle lewe teweegbring (Haw, 2001:1). Daar kan saamgewerk word met die armes en ander belanghebbendes soos burgerlike belange-organisasies, regerings en die privaatsektor met wedersydse respek en erkenning vir die onderskeidende rol wat elke party speel (Haw, 2001:3).

Die kerk wat hulp verleen, moet vra in watter mate die kerk wat gehelp word ook hulp nodig het. Die antwoord hierop bepaal die hulpverlenende kerk se houding en gesindheid teenoor die ander party en verseker gelykwaardigheid en wedersydse erkenning. Daarom is sendelinge se diensknegleierskap in navolging van die manier waarop Christus leiding gegee het, van onmisbare belang, aldus Haw (2014b). Dit begin by 'n gesindheid van dissipelskap, die besef van gelykwaardigheid, en sluit in taalgebruik en woordkeuse asook gesamentlike verantwoordelikheid en eienaarskap.

Diensknegleierskap verg ook 'n nederige bereidheid van kerke en sendelinge om hulle eie sendingwerk te evalueer. Haw wys daarop dat alle betrokkenes hierdie evaluering behoort te doen (2014b). Só leer mense uit hulle foute, lei dit tot berou, vergewing en versoening en word alle verhoudings gedien. Hierdie ingesteldheid pas by en bevorder integrale dissipelskap en rentmeesterskap.

Haw (2014b) dui nog twee aspekte van dissipelskap en rentmeesterskap aan. Die eerste is die sendelinge se geestelike volwassenheid wat gemeet word aan die gehalte van die verhoudings en vriendskappe in die sendeling se privaat woonomgewing en binne die sendinggebied. Die tweede aspek is die persoon se eie geloofsgetuienis. Hoe is dit gevorm en wat hou dit in?

Volgens Haw (2014b) moet mense ook bereid wees om te erken wanneer iemand nie gereed is om uitgestuur te word om integrale sendingwerk te doen as die geloofsgetuienis nie gevorm is nie. Dit sal help dat die persoon eers geestelik kan groei.

Die vorming van dissipelskap en rentmeesterskap is ŉ persoonlike aangeleentheid, maar behoort ook deel van die bedieningstrategie uit te maak.

#### 2.6.1.10 Kontekstualisering

Die Miga-netwerk beklemtoon kontekstualisering in sendingwerk. Sendelinge is ŉ leeftyd lank besig om met die kultuur en konteks vertroud te raak en moet dus bereid wees om deurgaans te bly leer en verstaan (Haw, 2014b). Wanneer ŉ mens vooraf ŉ studie oor die konteks gemaak het moet jy bereid wees om dit in die veld aan te pas en die planne steeds te bly aanpas deurdat jy die kultuur en die konteks steeds beter leer verstaan. Dit vra bereidheid om te luister, terwyl rekening gehou word met voorveronderstellings, nuanses en interpretasies (Haw, 2014b).

Die navorser is dit eens met Haw (2014b) dat Nederlanders maklik kritiek lewer, maar dit nie maklik aanvaar nie. Dit is moontlik ŉ vorm van onnodige trots. of dualistiese denke. Nederlandse sendelinge behoort soms meer gereserveerd of terughoudend te reageer. Hulle praat partykeer met trots terwyl hulle eerder moes luister. Hierdie ingesteldheid is deel van kontekstualisering.

#### 2.6.1.11 Hulporganisasies werk met kerke saam

Welsynsaktiwiteite is belangrike hulpbronne waarmee armes gedien word. Hierdie handelinge moet egter doelgerig wees, dat dit bydra tot verandering, bemagtiging van gemeenskappe en samewerking op ander terreine waar geregtigheid nodig is. Wanneer die kerk onder hierdie inwoners aanwesig en diensbaar is, is die sendelinge in die unieke situasie om daardie mense se Godgegewe waardigheid te herstel deur hulle bekwaam te maak om selfversorgend te wees en self ook netwerke van solidariteit te skep (Haw, 2001:2). Die kerk is volgens Haw (2014a; 2014b) by uitstek dié organisasie om ŉ integrale verskil in die omgewing te maak, omdat die kerklede in die gemeenskap leef en hulle daaglikse bestaan daarmee verweef is.

Die winspunte is duidelik: Die lidmate werk vrywillig en het heelwat persoonlike kontakte. Die kerk is langtermyn in die gemeenskap betrokke. Professionele hulporganisasies het nie hierdie voordele nie. Die plaaslike kerk het ŉ besliste potensiaal met bekwame lede en ŉ omvattende netwerk in die omgewing. Dit beteken dat organisasies met die plaaslike kerke moet saamwerk, met hulle “partner” (Haw, 2014b). Die rede is dat die kerk die Here se instrument met talle moontlikhede in die omgewing is. Die plaaslike kerk kan nie bloot geestelike werk doen, sonder

om “liefde in aksie” te demonstreer nie. Daarom beklemtoon Haw (2014b) die gevaar dat kerke geneig is om sosiale steun en werk los te koppel van hulle bediening, met die gevolg dat ’n wanbalans tussen Woord en daad ontstaan. Haw is verheug dat steeds meer kerke hulle verantwoordelikheid op hierdie gebied terugneem. Volgens haar is die kerk “the agent of change. Change really is grassroot relationships, responding to neighbours, responding to needs, responding to families. That is where change happens. Day to day change” (Haw, 2014b). Die kerke moet hulle Godgegewe, onmisbare identiteit en rol in die gemeenskap inneem en/of dit terugkry.

#### 2.6.1.12 Die kerk as integrale gemeenskap

Wanneer kerke die wêreld om hulle heen ignoreer, verloën hulle die Woord van God wat hulle uitstuur om die wêreld te dien. Daarteenoor kan kerke die wêreld niks bied wanneer hulle hulp verleen sonder om die Woord van God te bring nie. Die onderskeie aspekte van verkondiging en bediening bring, hand aan hand, saam verandering teweeg: geregtigheid en regverdiging slegs deur die geloof, aanbidding en politieke aksie, die geestelike en die materiële, persoonlike verandering en strukturele verandering. Net soos in Jesus se lewe, lê doen en sê in die hart van die kerk se geïntegreerde sending (Haw, 2001:2). Hulporganisasies se ergste nadeel is dat hulle sosiale hulp verleen sonder om die boodskap van Jesus Christus daarmee saam te bring (Haw, 2014a; 2014b). Sonder hierdie balans kan ’n mens nie van geïntegreerde bediening praat nie. Daarom is dit belangrik dat hulporganisasies hier saam met kerke werk.

Wanneer kerke geplant en bekwaam gemaak word om die gemeenskappe waarvan hulle deel vorm te verander, kan ’n mens van geïntegreerde bediening praat. Kerke as versorgende en inklusiewe gemeenskappe vorm die hart van geïntegreerde sending. Hiervolgens is die kerk nie slegs ’n instituut of organisasie nie, maar ’n gemeenskap van Jesus Christus wat die waardes van die koninkryk van God beliggaam. Haw noem dit “integral discipleship” (Haw, 2014a).

Die betrokkenheid van die armes by die kerk dra daartoe by dat hierdie instelling nuwe maniere ondersoek om kerk te wees binne die konteks van die kultuur in plaas van om slegs die een of ander kultuur of subkultuur se waardes te weerkaats: “Our message has credibility to the extent that we adopt an incarnational approach” (Haw, 2001:3). Die Verklaring spreek die skuldbelydenis uit dat kerke té dikwels rykdom, sukses, status en invloed nagestreef het, terwyl God ménse juis sy kudde noem (Haw, 2001:3). So wil die Miga-verklaring duidelik maak dat sending integraal op mense gerig is en nie op strukture, status of posisies nie.

#### 2.6.1.13 Omgewingsvriendelikheid

Vir die Miga-netwerk sluit integrale sending besorgdheid vir die natuur en ekologie in. Wanneer arm mense regstreeks van die natuur afhanklik is, soos vir brandhout om kos te kan kook, kan hulle die natuur se hulpbronne uitput. So word die armoede op langer termyn vergroot deurdat mense slegs probeer oorleef.

Volgens Haw (2014b) kan oorlewing en omgewingsorg saamgaan in gebiede waar mense probeer oorleef. Dit is geen onrealistiese verwagting wanneer hierdie saak integraal benader word nie. Ervaring het geleer dat armes en noodlydendes dikwels meer bereid is om te leer en hulle aan te pas as wat ’n mens besef. Terwyl mense wil oorleef is daar steeds ’n noodsaaklike ruimte dat hulle die teologiese beginsels van omgewingsbewaring aanleer en beter en veiliger alternatiewe vir die omgewing soek (Haw, 2014b). Die kerk kan vir hierdie mense alternatiewe moontlikhede aanleer. Kerke kan ook vennootskappe met plaaslike owerhede aangaan waarin hulle bepaalde fasiliteite en middele bied en daardie kerk help om die lewenstandaard integraal te verhoog. Die hulporganisasie of helpende kerk werk dan uit die integrale visie op die skepping en hulpverlening deur nie die natuur en omgewing uit te put nie, maar alternatiewe daar te stel. Hier kan die kerk omgewingsbewustheid inbou in die manier waarop die werk gedoen word en “looking for styles to mirror the care” vir die omgewing, grondgebied en mense se koopgewoontes (Haw, 2014b). Integrale bediening is daarop gemik om “gerief en gemak” te vervang met entrepreneurskap en vindingrykheid wat werk skep. Haw stel as duidelike voorwaarde: “the argument has to be sound”. Daar moet vasgestel word: Hoekom werk hierdie soort bediening (2014b)?

Die Miga-netwerk se pogings om omgewingsvriendelikheid integraal te benader verdien aandag en erkenning binne die reformatoriese kerke. Dit geld ook hierdie kerke se sendingbenadering waar hierdie onderwerp beslis nog stief behandel word, asof dit nie “geestelik” genoeg is nie. Integrale sending vra ook op hierdie terrein vir ’n “mirroring lifestyle” (Haw, 2014b).

Hierdie sendingbenadering vra geduld en tyd. Dit plaas ’n kerk onder druk wat slegs ’n beperkte tyd lank in ’n gebied sendingwerk verrig. Die beste oplossing hiervoor is, volgens Haw (2014b), om saam met plaaslike kerke te werk. Die gevolg is dat die kerk slegs as katalisator dien en die plaaslike inwoners help, sodat hulle die werk kan voortsit wanneer die sturende kerk uit daardie gebied onttrek. Sendelinge moet vanaf die begin werk met die gedagte en besef dat hulle slegs ’n beperkte tyd lank daar aanwesig is. Die vraag moet reeds gevra word: Wat moet die kerk nou doen sodat die inwoners die werk kan voortgesit ná die kerk se vertrek? Hierdie voorstelle moet aan die plaaslike inwoners gekommunikeer word: “It is quite healthy to have a sellby date, on certain projects” (Haw, 2014b).

Sendingkerke se groot fout in die verlede was dat die sturende kerke dikwels nie sulke vennootskappe met plaaslike kerke aangegaan het nie. Gevolglik het die missionêre werk en bedoelings nie onder die plaaslike inwoners grondgevat nie.

Kerke behoort deurgaans êrens sendingwerk te gaan verrig met ’n vennootskap in gedagte, betoog Haw (2014b). Dit sorg dat die werk kultureel en kontekstueel ingebed is en ná die kerk se vertrek voortgesit kan word. Daarom is ’n ontleding nodig voordat met die werk begin word asook tydens die werk, om die kerk op die hoogte te hou van wat gebeur. Sodoende kan die sturende kerk vasstel met wie hulle die beste ’n vennootskap kan aangaan om ’n geïntegreerde reaksie te kry, omdat dit nie slegs oor ekonomiese aspekte gaan nie, maar oor veel meer.

#### 2.6.1.14 Sensitiewe etiese sake

Die eksponente van die Miga-netwerk het ook nagedink oor sendelinge se hantering van sensitiewe etiese kwessies. Die vraag is geopper: Mag, moet of kan sendelinge hulle openlik uitspreek oor sosiale ongeregtighede wat “sensitief” is en selfs spanning kan veroorsaak? As voorbeeld kan gedink word aan sendelinge van die CGKN wat deur die deputate verbied is om uitsprake oor apartheid te maak uit vrees dat hulle onder druk van die destydse owerheid die land sou moet verlaat. Hierdie onderwerp sal in Hoofstuk 3 en 4 nader toegelig en bespreek word.

Uit haar ervaring in lande met soortgelyke probleme het Haw geleer dat die beste manier is om aan die plaaslike mense te vra wat hulle wens is oor die sendelinge se betrokkenheid by sulke kwessies (Haw, 2014b). In die meeste gevalle is die sendelinge gevra om wel uitsprake te lewer, ook al sou hulle uit die land verdryf word. Die rede vir hierdie begeerte is die hoop by die mense dat hulle lewensomstandighede tog sou verbeter. Nog ’n rede is dat die plaaslike mense wou weet dat hulle nie alleen in hulle stryd staan nie, al kon die sendelinge nie veel doen nie. Dit sou vir hulle toon dat die sendelinge vir hulle omgee, hulle steun en na hulle luister. Dit is soms uiters moeilik, maar sendelinge begaan dikwels die fout om namens die plaaslike mense te wil besluit wat die beste is (Haw, 2014b). Om die plaaslike inwoners se insette en begeerte in gedagte te hou, is integrale sending met ’n leefstyl wat Christus se diensknegleierskap weerspieël.

#### 2.6.1.15 Die “hoe” van integrale bediening

Vir die Miga-verklaring is integrale sending geen model of projek nie, maar eerstens ’n radikale manier van leef. Daarvoor is dit nodig om na die “macro picture” (Haw, 2014b) te vra, die totaalbeeld waarna gestreef word. Hoe sal ’n volle *shalom*-lewe lyk as God mense se gebede verhoor? Hoe sal die verhoudings tussen mense dan wees? Wanneer dit duidelik is, kan ’n

mens vra wat gedoen moet word om hierdie scenario te bereik. Haw (2014a) benadruk dat dit onmoontlik bereik kan word sonder die Heilige Gees en sonder gebed. Sy wys daarop dat die kerk opnuut sal moet leer bid en volgens hierdie makrobeeld, die visie, sal moet leer bid: "We need to speak life into things and see change happen through our prayers" (Haw, 2014a).

Hierdie benadering vra opoffering, ook van die sendelinge en sturende kerke. Hulle moet bereid wees om hulle eie ambisie te laat vaar. In so 'n situasie besef 'n mens die volgende is nodig: "integrated response, a united approach" (Haw, 2014a). Om integrale sending reg te benader, moet die fokus duidelik wees op die uitkomste wat God wil bereik. Daarby geld die besef dat die Heilige Gees en gebed nodig is en dat mense dit nie alleen kan regkry nie. Op hierdie manier word die basishouding gevorm vir 'n moontlike prakties toepasbare model of raamwerk.

Daarmee saam moet die sturende kerk en sendelinge bewus wees van die feit dat God reeds voor hulle daar was om sy koninkryk te bou en die mense voor te berei, maan Haw (2014b). Hierdie wete bied die troos dat dit God se werk is en dat Hy dit ook sal voortsit wanneer die sendelinge vertrek. Die sturende kerk moet besef dat hulle inval binne 'n proses of projek waarmee God reeds besig was toe hulle gekom het. Dit vra van die sturende kerk 'n lerende, luisterende en diensbare houding asook "slow hurry" (Haw, 2014b). Sy noem vertrouende en biddende gehoorsaamheid as twee kernbeginsels vir so 'n integrale benadering. Dit sluit in dat 'n duidelike visie op integrale sending nodig is voordat met die sendingwerk begin word. Hier is 'n deeglike en duidelike voorbereiding en toerusting van die visie en roeping nodig. Heelwat sendelinge voel hulle geroepe, maar weet nie duidelik waarvoor God hulle eintlik roep nie. Hulle gaan na die sendingveld en ontdek dan wat hulle moet doen, terwyl die sturende kerk hulle eerder deeglik moes voorberei, soos Haw (2014b) tereg daarop wys. In die lig van hierdie probleem is dit nodig dat predikante en kerkrade die gawes, talente en bekwaamhede van hulle lidmate ken. Daardeur kan die kerk 'n seën vir die gemeenskap wees (Haw, 2014b).

Met hierdie siening en benadering maak die eksponente van die Miga-netwerk duidelik dat integrale sending plaasvind diep gewortel in 'n gelowige, gehoorsame, biddende en heilige afhanklikheid van God. Daarby staan die kerklede se hart, oë, ore, verstand en emosies wawyd oop vir die mense in nood.

#### 2.6.1.16 Samevattend

Die Miga-verklaring verstaan integrale sending as verbale kommunikasie van die Woord wat op die nood in die wêreld fokus en sodoende die geheel van die Heilige Gees se werk eer (Kelly, L, 2012). Die teologie moet met die praktyk geïntegreer wees, maar die teologie moet die praktyk stuur. Of, om dit saam met Haw uit te druk: integrale sending moet terugkeer na "grassroot

where the rubber hits the road" (Haw, 2014a). Hoe iemand leef, weerspieël of daardie persoon Jesus Christus ontmoet het. Die Miga-verklaring wil indiwidue, kerke en hulporganisasies daartoe bring om Christus met Woord en daad te weerspieël. Dit wil ook op die volgende kontekste en kwessies fokus:

- arm lande, soos Afrika – verligting van armoede;
- Midde-Ooste en verre Oosterse lande – die gevolge van Christenvervolging;
- Westerse lande – verbruikersbesteding, materialisme en hebsug (Haw, 2014b).

Hierdeur maak Die Miga-verklaring 'n duidelike keuse vir kontekstualisering in integrale sending.

Die Miga-netwerk het 'n onmiskenbaar waardevolle bydrae tot integrale sending gelewer. Dit bied wesenlike insigte wat kan bydra om die navorsingsvraag te beantwoord. Tog werk dit met 'n onvoldoende Bybels gefundeerde raamwerk en bruikbare model vir integrale sending binne 'n *missio Dei*-perspektief. Die vraag is of kerke en sendelinge hiermee 'n integrale sendingprojek binne 'n reformatoriese perspektief kan aanpak. Die verskyning van *Beyond Thun* in 2012 bevestig die tekortkoming. Dit is nodig om 'n vollediger beeld van integrale sending te kry wat as basis kan dien om 'n raamwerk en model daar te stel. In die lig hiervan word die Lausanne-verklaring hier onder bespreek.

### 2.6.2 Lausanne-verklaring

Vir 'n prinsipiële, praktiese en aktuele verstaan van woord- en daadsending is dit nodig om kennis te neem van die Lausanne-beweging wat vir die eerste keer in 1974 en daarna in 2010 'n hernude beeld van integrale sending gee. Met die oog op die navorsingsvraag word slegs op Lausanne se uiteensetting van integrale sending gefokus.

Die doel van die Lausanne-beweging word soos volg verduidelik: "to bring a fresh challenge to the global Church to bear witness to Jesus Christ and all his teaching – in every nation, in every sphere of society, and in the realm of ideas" (Birdsall & Brown, 2010:3). Die verklaring bestaan uit twee dele waar Deel I die Bybelse uitgangspunte beskryf en Deel II oproep tot Bybels-gefundeerde aksie. Die Lausanne-verklaring wil 'n stap verder gaan as bloot 'n geloofs-belydenis. Hulle wil geloof aan die praktyk verbind, met Paulus se teologiese onderwys en praktiese toepassings as voorbeeld (Birdsall & Brown, 2010:3).

Die Lausanne-kongres van 1974 het die gedagte gevestig dat sosiale betrokkenheid 'n wesenlike onderdeel van die missionêre verstaan van die evangelieboodskap moet wees. Daar is gepleit om van "the total mission of the church" te praat. Hieronder word sending, evangelisasie en sosiale betrokkenheid saamgevoeg. Hulle druk dit só uit: "We affirm that both

evangelism and socio-political involvement are both part of our Christian duty" (Birdsall, 1974). Volgens Padilla (1985:29) het sosiale betrokkenheid danksy hierdie Lausanne-verklaring integraal deel van die sendingbenadering geword.

Die Lausanne Verklaring van 2010 beklemtoon dat die evangelie nie beperk is tot die verlossing van sonde nie, maar verder strek, omdat die kern van God se plan is dat alles onder Christus as Hoof onderwerp word (Ef. 1:22; sien ook Medema, 2011:35). Kerke mag nie net die vergewing van sondes preek nie, maar moet ook wys op die gevolge hiervan vir die lewe in geheel van die versoende mens met Christus. Die doel is dat hulle lewe, nou en in ewigheid, Christus as Hoof verheerlik. Christus se krag moet deurwerk tot in elke onderdeel van alle kulture: "When we live in unity and work in partnership we demonstrate the supernatural, counter-cultural power of the cross" (Birdsall & Brown, 2010:44; Medema, 2010:189).

Die probleem is egter dat sturende kerke té dikwels op so 'n manier sendingwerk doen dat hulle hul eie identiteit (etnies, denominasioneel, teologies) wil bewaar en gevolglik nie daarin slaag om hulle passie en voorkeure aan die Here te onderwerp nie (Medema, 2010:45). Christus se heerskappy wat in sending sentraal staan moet meer as bloot 'n geloofsbelydenis behels. Dit moet ook deel uitmaak van die missionêre strategie, praktyk en eenheid. Hierdie strategie sluit ook interafhanklikheid in, ondanks rykdom of armoede en of dit Eerste of Derde wêreld behels (Birdsall & Brown, 2010:45; Medema, 2010:190-191). Die navorsingsvraag van hierdie studie oor integrale sending se doelwit is ook om na te gaan hoe hierdie interafhanklikheid en onderwerping aan Christus se heerskappy in die krag van die kruis, binne die praktyk van die CGKN se sending in KwaNdebele plaasgevind het.

Bybelse sending vereis dat diegene wat hulle op Christus beroep, aan Hom gelykvormig word deur sy kruis op te neem, hulleself te verloën en Hom na te volg in nederigheid, liefde, integriteit, vrygewigheid en diensbaarheid (Birdsall & Brown, 2010:48). Die Lausanne-verklaring benadruk hiermee dat dissipelskap integraal is. Jesus se dissipels se opleiding was 'n integrale proses wat hart, mond en hande saamgevoeg het; in woorde én dade en dit het 'n integrale deel van hulle missionêre taak geword.

Volgens Medema (2011:21) beklemtoon Lausanne dat geen aspek van die menslike wese losstaan van die evangelie se aanspraak nie. Gevolglik is hierdie aanspraak nie tot die siel van die mens beperk nie. Dit is omdat die evangelie op die mens in sy geheel – die totale mens – gerig is. In hierdie opsig word dit 'n holistiese benadering genoem, omdat dit noodsaaklik is dat allerlei teenstellings moet padgee: spanning tussen hemel en aarde, natuur en genade, geloof en werke, bo en onder, evangelie en ontwikkelingshulp, hart en hande, die ewige verlorenheid en die hel waarin vele mense op aarde leef. Hoewel hierdie visie van Lausanne 1974 op allerlei

vorms van weerstand gestuit het, het dit uitgegroei tot ’n wyd aanvaarde wêreldwye visie wat as basis vir talle kerke en sendingsorganisasies se missionêre betrokkenheid dien.

Integrale sending is in bogenoemde opsig die proklamasie en toonbeeld of demonstrasie van die ware evangelie. Evangelisasie en sosiale betrokkenheid loop nie parallel nie, maar is verweef. Die verkondiging het sosiale gevolge en sosiale betrokkenheid het evangeliese uitkomste wanneer ’n mens van Christus se veranderende genade praat (Birdsall & Brown, 2010:21). Die een dimensie kan nie sonder die ander een bestaan nie, omdat óf God verraai word óf die wêreld niks gebied word nie.

Integrasie van God se sending in die lewe behels die volgende: onderskeiding, verkondiging en naleef van die Bybelse waarheid dat die evangelie God se goeie nuus is. Dit bring die kruis en opstanding van die Here Jesus vir mense persoonlik, vir die hele samelewing en vir die hele skepping. Die indiwidu, samelewing en skepping is gebroke en ly al drie onder die sonde. Dus val al drie groepe of “adresse” onder God se verlossende liefde en doel. Só maak hulle deel uit van God se allesomvattende sending, die *missio Dei:* “If Jesus is Lord of all the earth, we cannot separate our relationship to Christ from how we act in relation to the earth” (Birdsall & Brown, 2010:14,15). Duidelik raak hierdie uitgangspunt ’n Bybelse waarheid aan. Gevolglik is dit belangrik dat die navorsingsvraag van die huidige studie vasstel in watter mate die CGKN se sendingwerk in KwaNdebele op hierdie drie groepe gerig is en watter uitwerking die integrale prediking van die evangelie het om die lewens van hierdie inwoners te verbeter.

Die kerk moet bely dat gelowiges geneig is om die Bybel lief te hê, sonder om die lewe wat die Bybel leer, lief te hê op ’n manier wat Christus waardig is. In die lig van hierdie belydenis behoort so ’n Bybelse lewenskwaliteit ’n kenmerk van die gelowige en die gemeenskap te wees. Hiervolgens veronderstel ’n integrale Bybelse leefstyl en lewenskwaliteit die volgende aspekte: “justice, compassion, humility, integrity, truthfulness, sexual chastity, generosity, kindness, selfdenial, hospitality, peacemaking, non-retaliation, doing good, forgiveness, joy, contentment and love -all combined in lives of worship, praise and faithfulness to God” (Birdsall & Brown, 2010:13). Dit is in ooreenstemming met die Bybelse onderrig dat mense nie slegs hoorders nie, maar ook daders van die Woord moet wees (Deut. 30:14; Matt. 7:21-27; Luk. 6:46; Jak. 1:22-24).

Bybelse sending sonder ’n Bybelse leefstyl is dus onmoontlik. Wie Christus se Naam verkondig, behoort die nuwe mensheid aan te trek, wat juis herskep is om soos God in ware geregtigheid en heiligheid te wees en te leef (Birdsall & Brown, 2010:41; Medema, 2010:182).

’n Versoenende leefstyl is ook ’n kenmerk van integrale sending, omdat Jesus nie slegs mense se sondes aan die kruis gedra het om hulle met God te versoen nie. Christus het ook die

vyandskap vernietig sodat die mens hulle met hulle medemens kan versoen. Die praktiese toepassing van versoening vind in die volgende omstandighede plaas: wanneer vervolgers vergewe word, hulp en gasvryheid aan vriend en vyand getoon word, deurlopende getuienis in gewelddadige omstandighede gelewer word en die kerk as veilige hawe by genesingsprosesse by konfliksituasies dien (Birdsall & Brown, 2010:28). Die vraag is of, en indien wel, hoe die CGKN in KwaNdebele ’n versoenende leefstyl verkondig en voorgeleef het wat op herstel van die indiwidu en die gemeenskap gerig was.

Die Bybel verkondig dat God graag die volgende wil sien: sistematiese ekonomiese geregtigheid, persoonlike deernis, respek en vrygewigheid teenoor armes en behoeftiges (Hand. 4:32-37; Gal. 2:9-10; Rom. 15:23-29; 2 Kor. 8-9). Hierdie uitgebreide Bybelse onderwys word steeds meer in die sendingstrategie en -praktyk geïntegreer, soos dit in die vroeë kerk en deur Paulus toegepas is (Birdsall & Brown, 2010:29). Die huidige benarde sosio-ekonomiese situasie van KwaNdebele met byvoorbeeld die hoë werkloosheidsyfer asook buitensporige MIV/Vigs statistiek, is ’n kritiese vraag na die CGKN se integrale missionêre beleid.

Nog ’n aspek van integrale sending volgens die Lausanne-verklaring is die verantwoordelikheid wat gelowiges as beeld van God het om vir God se skepping te sorg, omdat dit uit hulle liefde vir God spruit (Ps. 24:1; Deut. 10:14; sien ook Birdsall & Brown, 2010:14). Uit geloof en liefde vir die Here wat die aarde geskep het, sorg die mens integraal vir die skepping (Kol. 1:15-20; Heb. 1:2-3). Hiervolgens kan gelowiges se persoonlike en gemeenskaplike verhouding met Christus nie los gesien word van die manier waarop hulle die skepping hanteer nie. Integrale sending is om hierdie fundamentele waarheid uit liefde vir Christus te onderskei, te verkondig en na te leef (Birdsall & Brown, 2010:14).

Die bogenoemde aspek bring ’n ingrypende uitdaging waar sending op arm gemeenskappe fokus. Die probleem is dat hierdie inwoners in hulle stryd om te oorleef die natuurlike hulpbronne in die regstreekse omgewing nie bewaar nie, maar gebruik om in hulle eerste en basiese lewensbehoeftes te voorsien. Hier kan byvoorbeeld gedink word aan die stelselmatige uitroeiing van plantegroei en bome vir voedsel en vir vuurmaakdoeleindes, maar ook aan persoonlike higiëne soos die afwesigheid van sanitêre voorsiening of watervoorsiening. In ’n poging om te oorleef is die Godgegewe skepping vir hierdie mense ’n noodsaaklike bron wat gebruik moet word en iets wat hulle gevolglik moeilik kan liefhê en koester. Die vraag is ook hier óf, en indien wel hoe, sturende kerke, soos die CGKN, hierdie wesenlike aspekte uit ’n integrale perspektief in KwaNdebele benader en bedien.

Wanneer hierdie aspekte van integrale sending oorweeg word, is die neiging groot dat kerke slegs op die sosiale nood van die inwoners fokus. In hierdie opsig is Platt se waarskuwing

hoogs relevant: om in die tydelike fisiese behoeftes van mense te voorsien sonder om in hulle geestelike nood vir die ewige lewe te voorsien is om die kern van Bybels holistiese sending mis te kyk, naamlik holisitese Bybelse vrygewigheid" (Platt, 2010:195).

Missionêre bediening veronderstel Christelike sosiale verantwoordelikheid, maar is ook uit die aard van die evangelie gerig op die ewige bestemming van die mens – die nuwe hemel en die nuwe aarde. Jesus se bediening waarin hierdie twee aspekte integraal verweef was, tipeer ook die kerk se missionêre model. Hulle moet van mekaar onderskei, maar nie van mekaar losgemaak word nie (Anon 3, 1982:24-25; Chester, 2010:2; Hillion, 2012:4-5). Die kerk het dus 'n reuse-uitdaging om mense in die bediening van die versoening verder te laat kyk as slegs die voorhande materiële nood en ellende. Hierin het die kerk groot omsigtigheid, gevoelligheid en geduld nodig, sonder om die ewige lewe met God ten koste van die regstreekse lewensbehoeftes te onderspeel.

Hoewel Hillion met bogenoemde benadering saamstem waarsku hy tereg teen die verleiding om in 'n holistiese benadering skerp onderskeidings te vermy, soos in die Lausanne- verklaring. As voorbeeld noem Hillion (2012:4-5) die feit dat versoening met die medemens nog nie versoening met God veronderstel nie. Die gevaar van 'n holistiese benadering is dat dit geneig is om bepaalde Godgegewe en noodsaaklike hiërargieë, prioriteite of ordes te vermy. Hierdie slaggat is werklik wanneer 'n mens oor die verhouding tussen sending of evangelisasie en sosiale betrokkenheid nadink en veral wanneer steeds meer gedagtes en idees met die konsep integrale sending verbind word. Integrasie stel glad nie sake gelyk nie en wil ook nie dieselfde waarde aan alles toeken nie, ook nie wanneer noodsaaklike onderskeidings gemaak en prioriteite gestel word nie. Dit is vir die navorsingsvraag belangrik hoe die CGKN hierdie onderskeidings, indien daar wel was, gehanteer het.

'n Gebalanseerde en holistiese missionêre hermeneutiek soek na 'n balans in die geestelike betekenis en dimensie aan die een kant en die politieke, ekonomiese en sosiale dimensies aan die ander kant. Die een dimensie vul die ander aan en gee inhoud en betekenis aan die ander (Wright, 2011:376). Hoewel hierdie balans noodsaaklik is, moet dit nie die bogenoemde skerp onderskeidings uitsluit nie. Sodanige balans en onderskeidings is moontlik omdat God, in die woorde van Wright (2011:376), met passie begaan is oor sosiale probleme. Dit sluit die volgende in: politieke arrogansie en misbruik, ekonomiese uitbuiting, geregtelike korrupsie, die lyding van die armes en verdruktes asook die boosheid van brutaliteit en bloedvergieting. God is so begaan hieroor dat die wette wat Hy voorsien en die profete wat Hy gestuur het meer aandag aan hierdie onderwerpe gee as aan enige ander onderwerp, behalwe afgodery.

Samevattend toon Lausanne aan dat duidelike Bybels-gefundeerde, praktiese en aktuele modelle vir integrale sending nodig is. Globalisering, toenemende multikulturaliteit en groeiende armoede verg ook nuwe modelle van holistiese sending waar die gemeente as liggaam van Christus na die wêreld uitreik (Buys, 2012a; Escobar, 2003:68). In hierdie soektog en proses lewer die Lausanne-verklaring ’n wesenlike en vrugbare bydrae tot die verstaan en invul van die CGKN se sendingbenadering in *missio Dei*-perspektief: met hart, mond en hande.

## 2.7 Gevolgtrekkings

Na aanleiding van die woordstudie is ná die bespreking van elke woord reeds ’n kort samevatting gegee. Die vraag is watter slotsomme ’n mens hieruit kan trek vir geïntegreerde gereformeerde sendingwerk wat op die navorsingsvraag betrekking het? Die gevolgtrekkings hier onder bied prinsipiële riglyne vir die verdere bespreking van en navorsing oor die navorsingsvraag. Dit ondersoek ook oorwegings vir kerke, sendingsorganisasies en sendelinge. Hier word volstaan by kort en relevante gevolgtrekkings oor die kernbegrippe wat bestudeer is.

*God se sending*

Die motief van *missio Dei* is nie slegs medebepalend vir die manier waarop die kerk Woord en daad in die missionêre bediening integreer nie. *Missio Dei* dra ook by tot die kerk se identiteit, fokus en taak, sowel plaaslik as in afstandbediening. Daarom pleit die motief van die *missio Dei* vir ’n deeglik gefundeerde, integrale verankering van die verkondiging van die koninkryk van God met hart, mond en hande. Dit beteken dat die dade ’n toepassing en verduideliking, en dus ’n verlengstuk, van die verkondiging is. Die *missio Dei* hou in dat bekering, kerkgroei, die koninkryk van God, die ekonomie, die maatskappy en die politiek wel deel van die kerk se saak is en word. Die onderwerpe word egter op so ’n manier betrek dat dit mense by die kruis bring waar oordeel, nederigheid, verfrissing asook nuwe geboorte plaasvind van waaruit ’n nuwe lewe met God groei.

Westerse reformatoriese kerke moet besef: Prediking oor persoonlike verlossing wat nie daartoe lei dat die hoorders die verskriklike ongeregtighede van die samelewing bevraagteken en uitdaag nie, is geen Christus-gesentreerde sending nie. Die Bybelse en teologiese fundering van die *missio Dei* lê op een lyn met die implikasies daarvan vir die strukture, leierskap asook die opleiding van kerkleiers. Daarby vra dit ook na die kontekstuele toepassing van sendingwerk binne verskillende kontekste. Dit moet daartoe lei dat die sendelinge toegerus is om die kultuur te interpreteer en korrek te benader, en die evangelie in Woord en daad in hulle eie konteks en werkplek te kan uitleef.

*Woord*

Woordverkondiging sluit inhoud én praktyk in en behoort aktuele en toepassende openbaring van die Drie-enige God te wees. Sodanige verkondiging is daarop gerig om die hart, mond en hande van mense se lewe in die geheel verander deur geloof te bewerk en hulle toe te rus dat hulle volgens God se gebooie kan leef. Die kerk bring die Woord van God hoorbaar in woorde, en sigbaar in dade na alle volke toe, omdat God self die Woord is en die Woord alles tot stand bring. Só bring die Woord lewende hoop op die ewige lewe.

*Seën*

God wil die mense seën deur genadig en versorgend kragtig aanwesig te wees, in te gryp en hulle te beskerm. Jesus Christus is die middelpunt van hierdie proses. Christus is die inkarnasie van God se seën wat Hy oor die mens uitstort met die oog op die nuwe hemel en die nuwe aarde. God se seën is 'n waarborg vir en voorsmaak van die groot toekoms wat die mens in beweging bring om integraal vir ander tot seën te wees. God seën die mense deur aan hulle 'n oorvloedige, effektiewe en doeltreffende lewe te skenk, maar om ook dankbaarheid en erkenning aan God te toon. Geestelik en prakties hou dit onder meer die volgende aspekte in: vergewing, versoening, lewenskrag, gesondheid, langlewendheid, vrugbaarheid en 'n talryke nageslag. Die bedoeling is dat die kerk ontvanger van hierdie seën is, maar ook, deur vir ander tot seën te wees kan groei, bloei en só voortgang, nakomelingskap, vitaliteit en krag oplewer. Missionêre bediening is daarop gerig om hierdie kwaliteite met hart, mond en hande deur te gee.

*Godsvrug*

God is die Bron van godsvrug – ook met toewyding vertaal (1 Tim. 2:2). Hy wil mense deur Christus red. Gelowiges hou Christus voor oë hou as Bron en Voorbeeld van godsvrug (Heb. 12:2). Die gelowiges wy hulle met hart, mond en hande aan Hom toe. Deur die kragtige leiding van die Heilige Gees toon die geseënde ontvangers van die Woord in die onderskeie fasette van hulle lewe hoop op die ewige godsvrug, naamlik die nuwe aarde en nuwe hemel. Vanuit hulle skeppingsopdrag as beeld van God en deur uit genade te leef toon die mense Godgerigte toewyding. Vanuit die *missio Dei*-perspektief is die kerk God se instrument om met Geesvervulde vurige liefde en ontsag vir God hierdie toewyding met hart, mond en hande te toon vanuit 'n gesindheid van liefde, ontsag en oorgawe aan God self. Die kerk bevoordeel menselewens, sodat hulle godsvrug in hierdie lewe en in die komende lewe oplewer tot eer van God. Missionêre bediening leer, lei en voed gelowiges op tot 'n lewe vol godsvrug. Dit behels 'n

opregte toewyding aan God wat verhoudings en gedrag in alle opsigte verander en dit transformeer.

*Medewerker*

Die gelowige, die kerk, is God se uitverkore en begenadigde instrumentele medewerker om sy evangelie te verkondig en dit met dade te bevestig. As medewerker is die kerk as God se rentmeester die instrumentele orgaan of kanaal waardeur God sy evangelie deur bedienaars deurgee. As geroepe en begenadigde instellings vorm die kerke se bestaan en die samelewing waarin hulle hul bevind, ’n integrale eenheid met die verkondiging van die koninkryk van die hemel. ’n Kritieke voorvereiste hier is ’n nederige gesindheid én optrede wat dit bevestig. Hierdeur gee die gelowiges hulle oor aan die Heilige Gees en vertrou op God om harmonieus deur die kerk in daardie samelewing te werk. Sodoende groei ’n klimaat van samewerking in plaas van onderlinge wedywering, met die gevolg dat kerklede geïnspireer word tot diensbare leierskap wat bo hulle gebruiklike rolle uitstyg. Onder leiding van die Gees dien die kerk, gelowiges en veral ook sendelinge, mekaar met hulle gawes deur Woord én daad as God se medewerkers. In hierdie sin het die sendelinge en/of die sturende kerk nie die gebruiklike mag en seggenskap oor die sendinggemeente net omdat eersgenoemde die geld het nie. Beide instellings is helpers van God en saam bedienaars van Goddelike verlossing, vreugde en hoop.

In elke sendingsituasie is die kerk bewus van hierdie rol as medewerker en dat die kerk nie sinergisties gelykwaardig aan God is nie. Prakties kan die rol as medewerker inhou dat sturende kerke saamwerk met en inskakel by plaaslike kerke wat die leiding neem.

*Vrees vir die Here*

Hierdie vrees is ’n grondhouding, ingesteldheid en optrede van sendelinge en sturende kerke. Dit geskied vanuit die besef dat die Heilige Gees deur die vryheid in Christus eerbiedige ontsag, respek en verwondering vir God Drie-Enig in die gelowige werk. Hierdie vrees sluit die vryheid in dat gelowiges God vrymoedig met woorde en dade integraal in hulle hele lewe dien en volg, en is dus in mense se geestelike en gewone praktiese lewe geïntegreer. Die kerk as God se instrument moet hierdie “vrees vir die Here” verbaal verkondig, prakties bedien en aan die gemeenskap voorleef. Hierdie gerigtheid op God bied ryk eskatologiese perspektiewe en gevolglik troos en hoop. Hierdie uitwerking is dat so ’n ingesteldheid die lewe verryk, ’n geseënde en godvrugtige lewe bied. Dit kweek die ontsagwekkende besef dat God die Bron en Beskermer van die lewe is, en help gelowiges om aan die strikke van die dood te ontkom. Daarom bevorder dit lewe, veiligheid en vertroue.

*Vrede*

Mense ervaar vrede wanneer hulle God se Woord met vrug in die krag van die Heilige Gees gehoorsaam naleef en in navolging van Christus dade van barmhartigheid verrig. Dit lei tot ’n versterkte band van vrede met God en die medemens in ’n tyd, situasie en toestand van liefde, geregtigheid, politieke en morele opregtheid waarin mense integraal tot bloei kom. Missionêre bediening van Bybelse vrede beteken dat mense nie soseer nou reeds welsyn, voorspoed, rus, sekuriteit en veiligheid sal ervaar nie, maar bowenal hemelse volheid en rykdom in die lig van die ewige vrede. Integrale *missio Dei*-bediening bedien vrede op so ’n manier dat die mens in al sy lewens verbande, soos ekonomie, politiek, gesondheid, natuur en tegniek die vrede van God in Christus kan ervaar en tot volle bloei kan kom.

*Regverdigheid*

Regverdigheid begin in God se identiteit en aard as vertrekpunt en motief vir sy regverdige dade. Sodoende verkondig missionêre bediening regverdigheid nie as aktivisme nie, maar as God se doel. Dit behels versoening met Hom, sodat die gelowiges in die regte verhouding met God, hulle medemens en die res van die skepping kom, volgens die skeppingsbedoeling. God tree reddend op en gee aan die mens ’n nuwe hart en nuwe gees. Dit is gelowiges se dryfveer om hulle naaste regverdig te behandel. Hiervolgens is die kerk ’n regverdige gemeenskap wat uit Christus se genade die medemens met Woord en daad dien om in die regte verhouding met God en hulle medemens te kom. Daarom is missionêre bediening geestelike én praktiese regverdigheid, omdat dit spruit uit die gesindheid van ’n nuwe hart en gees.

*Geregtigheid*

Wanneer die kerk in aksie kom om daardie dinge te herstel wat nie in ooreenstemming is met God se regverdige aard en optrede nie,– geestelik, sosiaal, maatskaplik, tegnologies en ekonomies – bied die kerk ’n opening aan gebroke mense om Goddelike vrede geestelik en prakties met hulle medemens te beleef. Daar is drie basismaniere waarop die kerk in ’n arm omgewing ’n rol van geregtigheid kan speel:

- Dien self as genesende gemeenskap.
- Vorm organisasies om die gemeenskap te herstel en genees.
- Organiseer regverdige gemeenskappe.

Geregtigheid is om hierdie kwessies te hanteer deur Godgefundeerde antwoorde op die wesenlik integrale nood te bied wat onder meer die volgende aspekte raak: grond om op te woon, ’n manier om inkomste te verdien en selfstandig, nie afhanklik nie te wees, voedsel,

kleding, veiligheid en skoon, lopende water. Geregtigheid wil mense versterk, sodat hulle ’n doeltreffende lede van die gemeenskap kan wees en voluit in gemeenskapsaktiwiteite kan deelneem vanuit ’n herstelde verhouding met God tot voordeel van die medemens en die omgewing.

*Gemeenskap*

Die Heilige Gees lei die gelowiges in ’n hartlike geloofsgemeenskap met God, en sodoende ook met hulle medemens, ’n gemeenskap wat die lewe in geheel omsluit: hart, mond en hande. Gelowiges bedien mekaar geestelik, maar staan mekaar ook met raad en daad by, byvoorbeeld ekonomies. Gereformeerde missionêre bediening waak daarteen om die wesenskrag van “gemeenskap” te verskraal tot ’n formele of juridiese toesig en oorsig deur woord-liefde gemotiveer wat nie in konkrete dade sigbaar word nie. Hierdie geloofseenheid waak ook teen die Westerse invloed van eensydige indiwidualistiese geloofsbelewing ten koste van die gemeenskap met medegelowiges. Dit volg eerder die Nuwe-Testamentiese voorbeeld waar innige gemeenskap met God in Christus, geïnspireer deur die Heilige Gees, praktiese gevolge kry. Hierdie gevolge behels onder meer om arm mense te klee, siekes te besoek, toe te sien dat siekes versorg word en gevangenes getroos en bemoedig word.

*Bediening*

Integrale missionêre bediening binne *missio Dei*-perspektief vervleg die verkondiging en die praktiese lewe sodanig dat die Gees dit as missionêre getuienis gebruik en die kerk kwalitatief en kwantitatief laat groei. Διακονία is hierdie instrument van liefde in aksie om die evangelie deur diensbare verkondiging en praktiese dade hoorbaar en sigbaar te versprei tot opbou van die gemeente van Christus. Só leer die mens God se dienende aard ken en vertrou. *Missio Dei*-bediening maak elke Christen daarvan bewus dat hy of sy tot hierdie διακονία geroep is. Wie die gawe van bediening van die Heilige Gees ontvang het moet dit ten volle gebruik om aan ander goed te doen. Prakties kan dit byvoorbeeld die inhou dat gelowiges hulle huise en beursies vir mekaar oopmaak, armes en vreemdes huisvesting bied of dit help vind. Dit sluit ook in finansiële hulp en mediese versorging, voorspraak, aktiewe liefde, steun en vriendskap. Die praktiese lys bied tallose moontlikhede. Reformatoriese *missio Dei*-bediening is nie slegs formeel beperk tot die amp van diaken nie.

*Liefde*

Die gesindheid van liefde kwalifiseer die lewe van hierdie dienende gemeenskap. Dit toon goeie dade en nederigheid, want dit aanvaar verantwoordelikheid om na mekaar om te sien. Hierdie basiese gesindheid geld as onvervreembare norm vir alle sosiale optrede. Die liefdevolle en

diensbare ingesteldheid van de sendeling, kerk en gelowige is hierin bepalend. In Christus integreer liefde met hart, mond en hande sodanig dat dit mense nie slegs vry maak en hulle lewe geheel en al vernuwe nie. Dit maak die ontvangers ook binne *missio Dei*-perspektief ŉ navolger van Christus deurdat hulle self as *imago Dei* in κοινωνία deel en διακονία uitleef. Hieruit volg dat die vrug van die Heilige Gees liefde insluit wat gelowiges voor die oë van die wêreld kenmerk.

Uit ŉ *missio Dei*-perspektief beskou, is die kerk God se instrument om hierdie liefde aan die sondige en gebroke wêreld hoorbaar en sigbaar te verkondig. Die sturende kerk vra steeds of hulle deur hierdie liefde gemotiveer en gestuur word en of dit die missionêre woorde in dade bevestig (Op. 2:4-5). Wie deur God se liefde in Christus geraak en vervul is, het hulle medemens lief. Dit word uitgedruk deur dade van barmhartigheid. Só word die missionêre werfkrag van God se liefde binne *missio Dei*-perspektief sigbaar. Deur konkrete dade van liefdesdiens is die gelowiges besig met daadverkondiging van die evangelie wat deur die Woordverkondiging verduidelik word om die ontvangers met God te versoen.

*Armoede*

’n Doeltreffende missionêre kerk (en sendeling) begryp die uitgebreide betekenis van armoede, wat inhou dat die kerk ook hulle eie armoede as relasionele bankrotskap voor God en die medemens eers integraal verstaan. Dit is ’n belangrike voorwaarde voordat sendingwerk gedoen kan word. Die Westerse kerke sal integraal oor armoede moet begin gedink om werklik die diepte daarvan te deurgrond en om dit doeltreffend binne die missionêre bediening te hanteer. Hiersonder is suiwer integrale sending onmoontlik. Dit is nodig dat sendelinge bewus is van en die verskillende moontlike oorsake en definisies van armoede begryp. Dit is faktore soos onreg en onderdrukking, rampe en sonde of persoonlike mislukking of onvermoë. Hierdie bewussyn bied ’n beter verstaan van die regte kontekstuele invalshoeke vir missionêre bediening. Die begrippe wat vroeër bespreek is, soos liefde en diensbaarheid, staan in regstreekse, voorwaardelike verband met ’n begrip van armoede en om die arm persoon te verstaan.

Verkondiging oor armoede sluit in dat die Seun van God Hom in die menslike armoede geïnkarneer het om allereers ’n verloste lewe in integrale rykdom as herstelde verhouding met God en die medemens tot in ewigheid te bring. Christus se armoede op aarde maak duidelik dat daar geen sprake van ’n voorspoedgodsdiens kan wees nie. Woord en daad vorm in Christus se armoede ’n onbreekbare eenheid en bring versoening en hoop. Hierdeur lei die Heilige Gees die gelowiges om die armes eers self as arm voor God, maar ook in hulle waardigheid as mens voor God te ontmoet en te erken. Sodoende word die armes gehelp, gestimuleer en gelei om

ook aan hulle eie toekoms te werk. Hierin is die kerk God se instrument om bewoënheid vir die armes en noodlydendes te toon en só bakens en tekens vir die koninkryk van God op te rig. Die kerk wys die persoon op die herstel van sy haar lewe in Christus en gee so hoop, liefde en bring ’n besef van die ryk toekoms met God. Só kan hierdie persone nou reeds leef volgens die beginsels van God se koninkryk. Binne ’n *missio Dei*-perspektief bied integrale verkondiging aan armes die volgende voordele:

- verligting van geestelike, fisiese, sosiale, relasionele, psigiese, of materiële nood;
- ontwikkeling om selfversorgend te wees;
- hervorming van sosiale omstandighede en strukture.

*Beeld van God*

Die bewussyn van *imago Dei* (die mense as God se beeld) noodsaak missionêre werk om integraal te fokus op die gelowiges se wyer verhouding en verantwoordelikheid. Hier geld sake soos ekologie, menseregte, emosionele eiewaarde, persoonlike selfbeeld asook die beeld van die medemens. Dit dra ook die fokus op selfwerksaamheid, asook ekonomiese beleid en groei. Die lys word langer namate ’n mens die begrip *imago Dei* integraal en holisties verstaan en binne ’n *missio Dei*-perspektief toepas.

Om te illustreer: Integrale bediening aan die noodlydendes fokus nie slegs op die probleem van byvoorbeeld armoede of MIV/Vigs nie, maar op die hele persoon. Die persoon se siekte of armoede maak deel uit van die groter geheel. Hierdie geheel kan ’n positiewe of negatiewe gestalte toon. Wanneer dié benadering ook aandag toon vir daardie aspekte, wat Van Hoorn (2007:11,12) noem, die “epifaniese kwaliteite” van ’n persoon, kry ’n mens se uitkyk op die werklikheid ’n unieke meerwaarde. Hierdie *epifaniese kwaliteite,* wat letterlik “goddelike openbaring” beteken, is ’n houding waarin verwondering vir God se weg van genade met die noodlydende ’n oopheid bied om verder en dieper te kyk as die objektiewe, verklarende, rasionele en geklassifiseerde werklikheid. Vir ’n noodlydende persoon gaan dit “om andere intuities die aangesproken worden, andere werkelijkheden die door het leven heen schemeren dan die door het verstand gevangen worden” (Van Hoorn, 2007:11).

Deur hierdie gerigtheid word die persoon se probleem in die lig van ’n groter geheel verstaan en aangepak. Die bedienaar sien dan meer as bloot ’n noodlydende persoon. Daardeur word ook ander aspekte, positief en negatief, van die persoon ontdek, ontwikkel en benut. Volgens Van Hoorn (2007:11) kry ’n mens ook ’n ander perspektief op die werklikheid wat mense saambind en in verhouding met mekaar laat staan. Sodoende kan die sterker aspekte juis die swakkeres versterk of relativeer. Integrale bediening kyk dus verder as die probleem. Aandag word gevra

vir die mense en hulle worsteling, verlange, begeertes, drome en kwaliteite. Só benader sendelinge hierdie mense vanuit die feit dat hulle beeld van God is. Sodoende ontwikkel die mense ŉ oog en hart om elkeen se beeldwees van God binne sy of haar situasie te ontvou.

*Dissipels maak*

Die maak van dissipels vereis die volgende insette:

- kwalitatiewe en kwantitatiewe opbou van die gemeente;
- ʼn lewende, persoonlike verhouding met Christus;
- voortdurende groei in verstaan en gehoorsaamheid aan Hom;
- deurlopende bereidheid om persoonlike offers te bring;
- hulp onder gelowiges onderling wat mekaar met hulle gawes dien om geestelik te groei.

Dit hou ook geestelike lering en onderwys in en die besef dat kruis dra en die belofte van die ewige integraal deel van ŉ dissipel se lewe is. Dissipels maak is versigtig om korttermyn missionêre projekte in kwesbare gebiede en onder kwesbare mense van stapel te stuur, omdat dit ʼn langtermyn proses verg. Dissipelmaking begelei mense lewenslank in groeiende gehoorsaamheid aan God.

*Getuig*

ŉ Dissipel van Jesus getuig met Woord en daad voor die ongelowiges en afgedwaaldes oor God se heerlikheid. Die getuienis van God se Woord en dade in gelowiges se persoonlike verhouding met Christus kom in hulle eie lewe integraal aan die lig. Gelowiges word vir hulle getuienistaak só onderrig dat hulle in staat en bekwaam is om met hart, mond en hande van die nuwe lewe in Christus in die verskillende aspekte van hulle lewe te getuig. Gemeenskap en getuienis is onlosmaaklik verbind. Dit behels dat gelowiges biddend uit die Woord saamleef en hoe hierdie κοινωνία uitwerk deurdat hulle lewensmiddele, eiendomme en geld met mekaar deel. Die manier waarop hulle dit doen is ʼn getuienis met hart, mond en hande. Goeie dade sonder mondelinge getuienis van die Woord help nie om mense met God te versoen en te laat leef nie. Die gelowiges leer dat lyding deel van hulle getuienistaak kan wees. Pastorale versorging is getuienis met woorde en dade. Ook die sendingkerk getuig as hulle die voortsetting van sendingwerk nie suiwer op finansies baseer nie, nie geldgierig is of geld as magsmiddel gebruik nie. Westerse sendingkerke besef dat hulle deur Christene uit ander wêrelddele hiervoor gekritiseer word. Die kerk ondersoek hoe hulle getuigend in die samelewing aanwesig kan wees en met hart, mond en hande van God se groot dade kan getuig.

*Hart mond en hande – Miga-verklaring*

Wat sending met hart, mond en hande betref, moet reformatoriese Christene in antwoord op die Miga-verklaring die integrale betekenis van rentmeesterskap herontdek en ’n kernonderdeel van die missionêre bediening maak. Westerse reformatoriese kerke moet standpunt inneem jeens die huidige ekumeniese verklarings soos die Miga-verklaring en dit gebruik om hulle missionêre beleid te help vasstel. Uit die Miga-verklaring word geleer dat kerke wat hulp verleen (bv. die CGKN) hulle moet afvra of en indien hoe hulle ook van hulle kant af die kerk wat gehelp word nodig het. Hulle behoort ook steeds die vraag na wederkerigheid te stel, aangesien al die begrippe wat bestudeer is oor verhoudings gaan: met God en die medemens asook die omgewing. Missionêre bediening help mense en kerke om selfversorgend en selfwerksaam te wees, netwerke van solidariteit te skep en te soek om met belange-organisasies, regerings, nieregeringsorganisasies en die privaatsektor saam te werk. Só moet die kerk nuwe maniere ondersoek om opnuut *kerk* te wees binne die konteks van die plaaslike kultuur. In die sturende kerk (bv. die CGKN) behoort die teologie met die praktyk geïntegreer te wees en dit ook te stuur.


*Integrale sending – Lausanne Verklaring*

Die Lausanne-verklaring fokus op aspekte soos globalisering, toenemende multikulturaliteit en groeiende armoede. Hierdie Verklaring roep na nuwe maniere van integrale sending waar die gemeente as liggaam van Christus na die wêreld uitreik. Missionêre bediening het die volgende fokuspunte:

- Bring interafhanklikheid en onderwerping aan Christus se heerskappy in die krag van die kruis in praktyk.
- Soek na maniere waarvolgens die uitwerking van die integrale prediking van die evangelie mense se lewe verbeter: vir hulle persoonlik, maar ook die samelewing en die skepping in die geheel.
- Volg ’n versoenende leefstyl wat fokus op herstel van die indiwidu en die gemeenskap, asook dat sendelinge die voorbeeld in hulle leefwyse stel – ook in onderlinge verhoudings met die sendingkerke.
- Streef na integrale missionêre beleid vir sake soos die hoë werkloosheidsyfer en ontstellende MIV/Vigs-statistieke in KwaNdebele.
- Bedien die Woord van God integraal met betrekking tot gebruik, misbruik en uitputting of beskerming van die ekologie en natuur in Bybelse perspektief.

## 2.8 Samevattende grafiese uitbeelding

Hierdie skematiese uitbeelding (Figuur 2-2) is ’n poging om die kern van die hele hoofstuk saam te vat. Die sambreel in 2-1 gee ’n eenvoudige visuele oorsig oor en die onderlinge verhoudinge van die hoofelemente in hierdie. Die uitbeelding van die brug in Figuur 2-2 beeld die ontwikkelingsgeheel van holistiese integrale sending die beste uit. Dit beeld uit dat God Drie-enig met sy sending oppad is van (die gebroke) skepping na die herskepping. God is die fondament van waaruit sy bediening voortvloei. Hy integreer hart, mond en hande in die ses kriteria wat die draagbalke vir die 15 Bybelse kernbegrippe vir integrale sending vorm. Die "dwarsbalke" op die spoorlyn wil nie 'n bepaalde volgorde van voorrang aandui nie. Dit wil slegs uitbeeld hoe al die Bybelse begrippe saam en geïntegreerd deel van die *missio Dei* is. Sodoende is hart, mond en hande in beide die kriteria en die kernbegrippe, wat onderling ook verbind is, vervleg.




**Figuur 2-2: Brug**

## 2.9 Om af te sluit

As algehele slotsom kan gestel word dat die Bybel Woord en daad geheel en al integreer. God is besig om ter wille van sy eer:

- op grond van Jesus Christus se lyding, sterwe en opstanding;
- deur die Heilige Gees wat die kerk toerus as sy instrumente;
- mense uit elke volk en taal en nasie bymekaar te maak en te verenig;
- om HOM vir ewig in ’n nuwe skepping te dien en aanbid.

God is in alle gevalle die Vertrekpunt, omdat Hy self doen wat Hy is en sê. Anders gestel, staan hart, mond en hande op God se pad met die mens steeds integraal sentraal. Die begrippe wat in hierdie hoofstuk ontleed is, bied nie slegs ’n integrale verstaan van Woord en daad nie, maar is ook met mekaar verweef. Net soos wanneer die hele spinnerak beweeg wanneer ’n mens slegs aan een draadjie raak, kom die hele Bybel, dus al die bestudeerde begrippe, integraal en holisties in beweging wanneer een woord aktueel word. Die vraag is of en in watter mate die sendingwerk van die CGKN vanuit ’n *missio Dei*-perspektief wel geïntegreer is? Hierdie vraag word in die volgende hoofstuk (Hoofstuk 3) bespreek.

# Hoofstuk 3

# DIE SENDINGPARADIGMA VIR DIE CGKN SE SENDINGBELEID IN KWANDEBELE BEOORDEEL IN DIE LIG VAN DIE *MISSIO DEI*

## 3.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die sendingteoretiese besinning en teologiese grondslag vir die sendingwerk van die CGKN in KwaNdebele, Suid-Afrika, ondersoek en beoordeel in die lig van die *missio Dei*. Die fokus is op die Woord en daad asook die ontwikkelingsgeskiedenis in hierdie gebied. Die regte optrede vra dat ’n mens deurlopend gefokus is en voortdurend oor die saak nadink (Keller, 2011:129). Die doel van hierdie hoofstuk is om ’n beeld te kry van die CGKN se sendingparadigma en grondliggende teologie vir die sendingwerk in hierdie gebied. Uit hierdie groter prent word dan konklusies getrek. Hierdie slotsomme kan in Hoofstuk 4 bydra tot ’n integrale perspektief op die missio Dei en lei tot ’n werkbare model vir integrale sending met ’n holistiese fokus: hart, mond en hande.

Hierdie hoofstuk ondersoek, orden, ontleed, interpreteer en weeg die CGKN se sinodeverslae en -besluite, beleidstukke en die kerkorde in die lig van die *missio Dei*-perspektief op holistiese sending soos hier bo aangedui. Sodoende word konklusies getrek oor die CGKN se integrale missionêre beleid oor KwaNdebele. Die inligting wat ingespan is, kan in vier hoofgroepe verdeel word:

- die sinodebesluite van die CGKN;
- die sendingargief van die CGKN se Deputaten Buitenlandse Zending (DBZ);
- onderhoude en
- publikasies oor die tema.

Uit die sendingargief van die CGKN is gebruik gemaak van die volledige aanwesige notules (uitgesonderd 1987 – 1990) en verslae van die volgende instansies: DBZ,[7] die moderamen van die DBZ en die subkommissie belas met KwaNdebele aangeleenthede. Hierdie kommissie was met verloop van tyd onder verskillende name bekend. Gevolglik kan die studie nie hier slegs een naam as verwysing gebruik nie. Die argief is nie volledig nie en gedeeltelik georden,

---

[7] Deputaten Buitenlandse Zending

met die gevolg dat bylaes, rapporte of verslae waarna die notules verwys, nie deurentyd beskikbaar was om ’n dieper insig te verkry in die CGKN se visie op integrale sending nie.

’n Mens kan wel die notules as voldoende inligting beskou omdat dit die formele besluite van die CGKN verwoord. Hier moet wel ’n tegniese opmerking gemaak word. Die digitale notules is vanaf ongeveer 2000 elektronies saamgestel en gevolglik beperkter wat inhoud betref. In teenstelling tot die digitale notules was die ouer notules inhoudelik omvangryker. Die ouer notules is ook volgens onderwerp ingedeel en deurgegee, met die gevolg dat dit goeie insig bied op die fundamentele lyn wat die CGKN gevolg het. Die bronverwysings na die argiefstukke word aangetoon met “CGKN-argief” as die outeur. ’n Indekseringsisteem[8] is in die bibliografie as byvoegsel opgeneem om die verwysings makliker in die argiefstukke te kan vind en daarheen terug te wys.

’n Opmerking moet gemaak word oor die hoeveelheid inligting wat verskaf en bespreek word oor die volgende instansies: die Bybelskool, die Gereformeerde Kerk KwaNdebele (GKK), Muhhanyo Bible School (MBS) en die Mukhanyo Theological College (MTC). Dit is uiteraard nie die bedoeling van die studie om die een instansie ten koste van die ander uit te sonder nie. Tog was daar in die CGKN se besluite en argief meer inligting oor die Bybelskool en MTC beskikbaar as oor die GKK en MBS én feite wat tegelyk ook vir die ondersoeksvraag relevant is. Sodoende kan hier onder ’n meer uitgebreide bespreking volg van die een as van die ander instansie. Dit is nie die doel van hierdie studie om die ontstaansgeskiedenis en ontwikkeling van beide die MBS en die MTC te beskryf nie. Daar word slegs gefokus op die inligting wat op ’n integrale *missio Dei*-bediening van toepassing is.

Om ’n volledige en gebalanseerde beeld te kry, het die navorser ook mondelinge onderhoude met vier oud sendelinge van die CGKN in KwaNdebele gevoer. Hierdie ondersoekmetode staan bekend as kwalitatiewe navorsing om diepgaande inligting, menings, opinies en ervarings van die respondente te bekom (Vyhmeister, 2009:3318). Die reaksies van die respondente weerspieël hulle menings en eerstehandse ervarings in KwaNdebele. Die doel is dat hierdie response as aanvullende inligting dien op die beskikbare formele verslae, besluite en beleidstukke van die CGKN én van die DBZ. Hierdie onderhoude is in harde kopie in die navorser se argief beskikbaar. Die kerkleiers sal hierna onderskeidelik “Respondent A, B, C en D” genoem word om objektiewe beeldvorming in die hand te werk. Die respondente se gegewens is by die

---

[8] Sien Addendum A

navorser beskikbaar asook die geskrewe goedkeuring wat hulle verleen het om die inligting in hierdie studie te mag gebruik.

Om die ondersoeksvraag uit te lig, fokus hierdie hoofstuk op twee bronne:

- die amptelike en formele besluite van die CGKN;
- onderhoude met sendelinge oor hoe hulle die grondslag, visie en beleid van die CGKN se sendingdeputate oor die integrasie van Woord en daad verstaan en toegepas het.

Eers word die situasie en die probleme in die KwaNdebele-gebied beskryf om ’n beeld te vorm van die faktore wat sendelinge daartoe lei om sendingwerk in hierdie gebied te doen. Dan word die CGKN se visie en beleid oor die integrasie van Woord en daad (getuienis en handeling) ontleed. Daarna ondersoek die studie hoe die voorafgaande toegepas kan word op toerusting en op die kerk, kerkstigting asook gemeentebou in die GKK. Beide onderwerpe lei noodwendig die bespreking in oor kontekstualisering en gelykwaardigheid in die CGKN se benadering. Hierdie bespreking help lig werp op die beantwoording van die ondersoeksvraag. Laastens word bepaalde slotsomme gemaak.

### 3.2 Die situasie in KwaNdebele en faktore wat tot sendingwerk lei

Die CGKN het in 1979 die “Ndebele-terrein” (CGKN-argief, IA, 1979:510) as nuwe sendinggebied aangewys. Die rede hiervoor is tweeledig: dit is prakties onbewerk, ’n “maagdelijk terrein” (CGKN-argief, IA, 1979:508) en weens die toenemende ontwikkeling van KwaNdebele teister verskillende geestelike en maatskaplike probleme die gemeenskap in geheel (CGKN, 1980:294, 302).

Die probleme wat uitgewys is, is sosio-ekonomies, maatskaplik en polities. Hieronder het gegeld trekarbeid, min ekonomiese moontlikhede teenoor ’n groot bevolkingsgroei, swak infrastruktuur en ’n groot aantal Onafhanklike Kerke (CGKN, 1983:149). Met die begin van die missionêre arbeid in hierdie gebied moes sendelinge rekening hou met die tuislandproblematiek wat nie net politieke nie, maar ook ekonomiese, kulturele en sosiale gevolge ingehou het (CGKN, 1983:144). Vanweë die grootskaalse trekarbeid kon daar geen sprake wees van ’n normale gesinslewe nie. Opvoeding van die kinders het in gedrang gekom, asook die onderwys en die jeug se omstandighede. Daarby het dit weer tot die ondermyning van moraal en aantasting van tradisionele gesagsverhoudings gelei wat’n erg verwikkelde en verwarde samelewing tot gevolg het. Vanweë die trekarbeid is die posisie van die kerk in hierdie gebroke samelewing ekonomies en sosiaal kwesbaar. Sodoende kom die CGKN (1983:144) tot die slotsom dat hiermee die vraag “van het waarachtig kerk-zijn in de samenleving aan de orde” gestel moet word. Uit ’n

*missio Dei*-perspektief is hierdie opmerking oor die kerk se rol in die samelewing wesenlik, hoewel die CGKN nie die betekenis en werklike toepassing hiervan verduidelik het nie.

Die DBZ beskryf die Ndebele volk as "heidens", terwyl daar ook nie-christelike godsdienste is (CGKN-argief, IA, 1979:509). Sodoende bied hierdie gebied 'n ideale geleentheid om van vooraf te begin opbou (CGKN-argief, IA, 1979:508-509). Die leiers van die Onafhanklike Kerke het die spesifieke begeerte om die Bybel te leer lees, omdat hulle geen of min teologiese opleiding het nie (CGKN-argief, Xc, 1993:1; CGKN-argief, XVIa, 1993:1). Sodanige Bybelse onderwys is wel deur die CGKN sentraal en gedesentraliseer aangebied – hierop word later in meer besonderhede teruggekeer (CGKN-argief, XC, 1993:1; CGKN-argief, XVIa, 1993:1). Die Bybelkursusse dien ook as geletterdheidsprojek (CGKN-argief, XIIg, 1995:2).

Die CGKN onderskei tussen "geloofszending" en "assistentie verlenen" met laasgenoemde aksie wat sterk aftrek kry in velde soos onderwys, landbouvoorligting, gesondheidsorg en hospitalisering. Dit geld onder die beginsel sending "is toch allereerst: met het Evangelie gezonden worden naar de volkeren" (CGKN-argief, IA, 1979:509). Die CGKN verbind hiermee die opdrag om die evangelie deur hulpverlening na ongelowige volke te bring. In hierdie opdrag word ook 'n verband tussen Woord en daad duidelik.

Verdere belemmerings is dat verskeie kerkgangers steeds aan 'n heidense leefstyl vashou deur toordokters te besoek wat hulle teen siektes en voorouergeeste moet beskerm. Die toordokters boesem angs en onsekerheid by die inwoners in. Dit dra daartoe by om lidmate se kerkbesoek en betrokkenheid in die gemeentelike lewe te verswak. Tog word nie verdere toeligting of planne verskaf oor hoe om die kwessie aan te pak nie. Respondent B (2013) se kritiek op die DBZ is dat hulle die sendelinge nie onderrig het oor die voorouerverering nie en aanvanklik ontken het dat hierdie probleme bestaan. Dit terwyl twee sendelinge in Suid-Afrika hulle bygestaan het. Ene prof. Koos van Rooy (GKSA) en ds. Kurpershoek (van die Nederlands Gereformeerde Kerke Nederland) het 'n helder siening oor die probleem met voorouervering gehad (Dit kan bevestig word deur die feit dat die Acta van die CGKN hierdie probleem pas in 1998 aan die sinode genoem het (CGKN, 1998:402)).

Die antwoord op hierdie probleme word gegee in 'n besinning oor die toelating tot aflegging van belydenis van geloof en pastorale sorg om mense "bij het geloof te behouden" (CGKN, 1995:385, 408-409; CGKN, 1998:402). Volgens Respondent A was die toevoeging van 'n vierde belydenisvraag waarin bevestig word of die voorouerverering afgesweer is, nie 'n geregverdigde voorwaarde om geloofsbelydenis te mag aflê nie. Só het hierdie kwessie telkens opnuut tot bespreking onder die sendelinge gelei. Sendelinge getuig later dat die Woord van God 'n kragtige uitwerking in KwaNdebele gehad het. Die gevolg is dat die Gereformeerde Kerk in

KwaNdebele vinnig gegroei het tot ongeveer 2 000 lede. Dit het weer die kwessie van randkerklikes vererger, met die gevolg dat die DBZ indringend aandag hieraan moet bestee. Hiervoor moet reëls geskep word dat randkerklikes wat steeds voorouers vereer en die besnydenisskool bywoon, nie die Heilige Nagmaal mag saam vier nie (CGKN-argief, XIe, 1995:251). Hierby is dit opvallend dat bogenoemde faktore nie as maatstawwe geld vir die aflegging van belydenis nie, omdat “je mag alleen maar toelaten op grond van bekering en geloof. Het is een geestelijk gebeuren” (CGKN-argief, XIe, 1995:252).

Die vraag is of hier ’n skeiding aangebring word, omdat Woord en daad, leer en lewe op een lyn behoort te lê. Bekering en geloof werk uit in die lewe; gevolglik behoort by belydenisaflegging ook gevra te word of daardie persoon se lewe sy/haar geloof en bekering bevestig. Voorts kan gevra word of die probleem van randkerklikes nie juis veroorsaak is deur die toepassing van gebrekkige maatstawwe tydens aflegging van die geloofsbelydenis nie.

Hoewel mense die krag van voorouerverering as ingrypend beleef, bepleit Respondent A ’n tyd van transformasie waarin die eerste geslag die krag van die voorouers nog sterk ervaar, net soos die geval met Elia se stryd teen die profete van Baäl volgens 1 Konings 18. Hierin is duidelike Woordverkondiging nodig en sagte begeleiding in die praktyk (Respondent A). Die tweede geslag ervaar steeds die trekkrag van die voorouerverering, maar “staat er iets verder vanaf”, terwyl die derde geslag in staat moet kan wees om hierdie verering te laat vaar. Die krag van die Woord moet die verandering teweegbring, maar hiervoor is tyd nodig. Integrale woord- en daadbediening hou, soos met die voorbeeld van Elia in 1 Konings 18, rekening met die demoniese krag van onbybelse praktyke en verkondig die Woord ondubbelsinnig, terwyl sagte begeleiding in die pastorale begeleiding toegepas word, sonder om water by die wyn te gooi (1 Kon. 18:21; Ef. 6:12; Heb. 4:12-13; sien ook Respondent A).

Die DBZ het die vloek en krag van die magie onderskat, omdat hulle, volgens Respondent A, glad nie tussen die mense geleef het nie. Hierdie soort omstandighede bevestig die noodsaak van kontekstualisering (hieroor later meer), en dat ’n sturende kerk in die voorbereidings en fundering vir sendingoptrede in ’n bepaalde gebied, deeglik kennis dra van die integrale mag van die Bose en hoe dit in die plaaslike kultuur veranker is. Dit lyk of die CGKN hierdie invloede onderskat het en daarom ook nie ’n gefundeerde visie en beleid hieroor gevorm het nie.

In 2001 is werkloosheid, seksuele verhoudings en verspreiding van MIV/Vigs beskryf as “grote zorg” (CGKN, 2001:445), maar die CGKN omskryf en ondersoek nie die probleem nie – en formuleer gevolglik ook nie ’n Bybelsgefundeerde integrale visie hiervoor nie.

In 2004 wys die CGKN die volgende probleme in KwaNdebele uit: armoede onder ’n deel van die swart bevolking, geweld en kriminaliteit as gevolg van die armoede, eiendomsbesit wat groot spanning veroorsaak, MIV/Vigs, opleiding, kerklike eenheid en verstedeliking (CGKN, 2004:102). Die uitwys van hierdie nood kan opgevat word as ’n noodkreet aan die CGKN om te help waar moontlik. Die sinode word die volgende op die hart gedruk:

> In die samewerking van ouer kerke (Nederland) en jonger kerke (Afrika) is die grootste nood tans op die terrein van toerusting, opleiding van predikante en ontwikkelingshulp. Armoede word nie primêr deur ’n gebrek aan hulpbronne veroorsaak nie, maar deur ’n onbybelse wêreldbeeld wat heers in die denkwêreld van hele bevolkingsgroepe. Dit moet in predikantsonderrig en ontwikkelingshulpwerk deeglike en indringende aandag geniet en gesien word as deel van die missionêre agenda (CGKN, 2004:447).

Die CGKN verwoord egter geen visie en beleid op hierdie noodroep vir gefundeerde en geïntegreerde bediening deur Woord en daad nie. Die CGKN het, volgens Respondent B, geen spesifieke beleid vir die probleme in KwaNdebele gehad nie. Sodanige beleid is ook nie haalbaar in 'n gebied waar ’n mens as pionier begin nie. Dit is selfs onbarmhartig om dit van die DBZ te verwag, omdat Woord en daad by die plaaslike omstandighede aangepas moet word. Tog meen Respondent B dat die CGKN 'n beter analise van die lewensomstandighede van KwaNdebele moes gemaak het deur saam met die inwoners van KwaNdebele na te dink oor onder meer armoede, werkgeleendhede, voeding, gesondheid en die beskikbaarheid van lewensmiddels.

Die feit word bevestig dat deputate nie ’n duidelik geformuleerde en teologies begronde visie oor integrale sending vasgestel het nie. Dit hou verband met die gebrek aan ’n omvattende en integrale analise van die KwaNdebele-mense se nood, waarna Respondent B verwys. Die gevolg is dat ’n beleid hieroor ook nie vasgestel is of kon word nie. In die volgende onderafdeling sal dieper hierop ingegaan word.

Die probleme waarmee die swart kerke in Suid-Afrika te kampe het, dui op ’n integrale nood waardeur die geestelike welsyn nie ontkoppel is of kan word van hulle bestaan in geheel nie. Die aard van hierdie probleme dui op sosiale, maatskaplike én geestelike nood. Gevolglik noodsaak dit ’n integrale bediening uit die omvattende en aktuele boodskap van God se Woord. ’n Omvattende en gefundeerde analitiese ondersoek is nodig na die probleme wat voorkom binne die gebied waar beplan word om sendingwerk te doen. Hierdie analise behoort uit die Skrifbegronde visie tot ’n uitvoerbare beleid te lei. Verder is dit noodsaaklik dat die volledige breë spektrum van die kerkverband hieroor ingelig word. Sodoende kan die lede binne die betrokke kerkverband integraal meeleef, minstens deur gebed. Hiervolgens is die inligting wat

die DBZ aan 'n sinode verstrek en in die Acta opgeneem het, gebrekkig, onvoldoende en onaanvaarbaar. Die gevolg is dat die krag van die kerk deur biddende ondersteuning asook allerlei deskundige steun nie ter sprake kom nie. Dit is juis hulpmiddels wat kan bydra om die probleem te eien, te verstaan en vanuit 'n *missio Dei*-perspektief te benader.

Die sinode gee wel kortliks hulle waarneming en opsomming weer van die problematiek in KwaNdebele, maar stel nie 'n beleid saam gebaseer op 'n teologiese uitgangspunt vir 'n integrale missionêre benadering wat hierdie omvattende problematiek aanpak nie. Die vorming van kerkleiers, gemeentebou en kerkstigting behoort juis die genoemde probleme, omgewings-faktore en uitdagings integraal te verreken. Die teologiese kaders vir die missionêre benadering van sending in KwaNdebele betreffende die probleme in daardie gebied is onduidelik en dra 'n versnipperde beeld oor.

### 3.2.1 Besluit en doel

In 1977 het die CGKN besluit om in gehoorsaamheid aan die sendingbevel 'n nuwe sendingsgebied te soek. Hierin is die doel in ooreenstemming met die kerkorde omskryf as "de niet gekerstende volken het Evangelie te verkondigen en hen die tot het geloof gekomen zijn en de heilige doop ontvangen hebben, te vergaderen in zelfstandige gemeenten, alsmede deze gemeente desgewenst bij te staan bij de opbouw van eigen kerkelijk leven" (CGKN, 1977:193; Quant, 2011:120). Uit hierdie doelstelling blyk dat sending behoort te lei tot gemeentestigting, 'n eie kerklike lewe en gemeentebou deurdat mense tot geloof gelei en gedoop word. Die sinode omskryf nie die aard en doel van 'n kerklike lewe binne die konteks van KwaNdebele nie waar die genoemde probleme heers as agtergrond en aanleiding tot sendingwerk.

### 3.2.2 Uitgangspunt en opdrag

Die CGKN formuleer dit so dat sending verkondiging van die evangelie is (Quant, 2011:30). Tog stel hulle nie 'n visie vas of ondersoek die aard en aanpak vir integrale sending in KwaNdebele nie. Die "regeling voor de buitenlandse zending" stel dat sendelinge drie hoofdoele het, naamlik verkondiging, vorming van gemeentes en toerusting van hierdie gemeentes (Quant, 2011:120). Tog werk hulle hierdie doelstellings nie verder uit nie. Hierdeur ontstaan die indruk dat die invulling, aanpak, strategieë en doelwitte aan die sendeling oorgelaat word.

Hierdie indruk word ook bevestig deur Respondent A, B en D, naamlik dat dit aangepas is by die plaaslike omstandighede waarby elke sendeling 'n eie visie op Woord en daad gehad het of een ter plaatse moes vorm. Die opdrag het gelui dat prediking voorrang moes geniet, omdat die Woord voorop staan (Respondent A). Respondent A en B bevestig dat hierdie opdrag gerespekteer behoort te word, omdat elkeen volgens sy gawes werk terwyl die een sendeling 'n

teoloog is en die ander ’n mens-mens wat prakties ingestel is. Tog het Respondent A gemeen dat die deputate die sendelinge aanvanklik juis tot prediking beperk het. Hierdeur ontstaan die beeld dat die CGKN se visie op sendingwerk in KwaNdebele in die beginjare deur deputate vasgestel is en nie deur sinodale beleid nie. Dit wil ook voorkom of sendingwerk op Woordverkondiging en pastoraat in die letterlike sin van die woord gerig was. Aan die begin van die aksie was daar nie bewus sprake van integrale woord- en daadsending met ’n visie op die doel van die kerk en op gemeentebou binne die *missio Dei*-perspektief nie.

In 1979 het die moderamen van die DBZ bespreek wat op die nuwe sendingsterrein gedoen moet word. Enkele tiperende kenmerke van die gebied is uitgelig: uitgestrekte terrein, diskriminasie teen Ndebeles deur Tswanas, die Ndebeles se verlange na selfstandigheid, veeteelt as hoofbron van inkomste, gebrek aan hospitale en klinieke, swak infrastruktuur en hervestiging van die Ndebele se bevolking.

Na aanleiding van die genoemde kenmerke word twee moontlikhede vir sendingwerk genoem:

1. hospitale met dokters met ’n missionêre opdrag;
2. “kritisch begeleiden” van amptenare wat die hervestiging van Ndebeles in dié gebied betref. Verskillende moontlikhede kan deur ’n kommissie ter plaatse oorweeg word (CGKN-argief, IIa, 1979:512-513).

Uit die notule blyk geen duidelike visie op integrale sending nie, maar ook dat daar nie ’n duidelike meganisme was om die nood en probleme in die gebied vas te stel nie. Gevolglik moes keuses gemaak word wat na raaiwerk lyk, byvoorbeeld sendingshospitale. Die rede hiervoor is waarskynlik dat twee aspekte nie sorgvuldig ondersoek is nie: die aandrang vir die sending asook ’n beeld van hoe die kerk uiteindelik in hierdie gebied sou moes optree. Die vraag is ook: Op grond waarvan is oorweeg om sendingshospitale op te rig wat bedien word deur dokters met ’n missionêre roeping, en wat is die eintlike visie hieromtrent? Voorts is die indruk gewek dat sterker gefokus moet word op die bestaande kerke en daardie kerke se werking as werklike sendingwerk binne *missio Dei*-perspektief.

### 3.2.3 Tweeledige taak

Die CGKN het besluit om sendingwerk in KwaNdebele te doen vanweë die toenemende ontwikkeling binne hierdie gebied. Maar hulle gee geen grondslag, visie, beleid en strategie vir woord- en daadsending in hierdie gebied nie. Die sendingstaak word tweeledig beskryf as evangelieverkondiging en gemeentestigting, met deel daarvan steun aan en toerusting van jong kerke (CGKN-argief, VIIc, 1988:72). Dit kan kortliks só uitgedruk word: “Het zijn twee

brandpunten van één ellips" (CGKN-argief, VIIc, 1988:72). Later word dit beskryf as gemeentestigting en gemeentebou enersyds en andersyds 'n Bybelskool om die Bybelkennis van die veldwerkers te bevorder (CGKN-argief, Xb, 1992:1-2). Volgens Respondent A is die CGKN se visie gevorm deur verslae van die sendelinge. Daar word wel finansiële ondersteuning en bystand aan personeel van die Bybelskool oorweeg. Die verslae stel dit ook dat die regte werkwyse met verteenwoordigers van KwaNdebele afgespreek sou word (CGKN, 1980:294, 302).

Die sinode het die gelykwaardigheid van die kerke in Nederland met dié in KwaNdebele benadruk. Gevolglik is oorleg as eerste noodsaaklike stap vir integrale sending beskou. Dit is vir sendelinge noodsaaklik om oorleg te pleeg met inwoners van 'n gebied wat hulle vir sending teiken. Sodoende kan hulle die spesifieke nood en behoeftes binne Bybelse perspektief vasstel. Integrale bediening fokus op die doel en uitwerking van die verkondiging in spesifieke situasies – die hermeneutiek van integrale sending volgens die *missio Dei*-perspektief. So 'n benadering en oorleg dui op erkenning en maak die deure vir samewerking oop, sodat die missionêre werk uiteindelik aan die plaaslike bevolking oorgedra kan word. Oorleg verg egter 'n duidelike Bybelsbegronde visie op integrale sending waarvolgens die beleid en aanpak vir daardie spesifieke gebied vasgestel kan word.

In 1988 het die CGKN die visie bespreek op "zendingsmethodiek en de afbouw van zendingwerk" (CGKN, 1988:166) in die lig van kerkstigting en gemeentebou. Gemeentebou en sendingwerk is as onafskeidbaar beklemtoon (CGKN-argief, XIV, 1992:15). As die twee vernaamste doelstellings geld gemeentebou en veldwerk om kerkleiers te leer Bybel lees. Hierdie proses moes daartoe lei dat sendingstrukture uiteindelik in kerklike strukture oorgaan (CGKN-argief, 1992:14,15). Nêrens in die verslae word spesifiek gemeld wat die CGKN eintlik daarmee bedoel om Onafhanklike Kerkleiers te leer Bybel lees nie. Die CGKN rig hulle op gemeentebou om die kerklike lewe in die Gereformeerde Kerk KwaNdebele te ontwikkel, met die doel om die kerke selfstandig te help maak (CGKN-argief, Xc, 1993:2; Xd1993190; CGKN-argief, XVIa, 1992:2). Hoewel finansiële selfstandigheid 'n onderdeel hiervan is, moet 'n mens rekening hou met die feit dat "een zwarte kerk (voorlopig althans) een arme kerk zal zijn en blijven", terwyl die verslag steeds in hierdie opsig 'n beroep op die amp van die gelowiges behoort te doen (CGKN-argief, 1992:17). Vir die fokus op integrale sending is dit belangrik om antwoorde op hierdie vrae te kry.

Die CGKN sou ook fokus op die geweldige suigkrag wat die Zionist Christian Churches of Christ uitoefen waar "een merkwaardige mengeling van christendom en heidendom" verkondig word en waarvoor toerusting van die ampsdraers nodig is (CGKN-argief, Xc, 1993:2; Xe, 1993:190; Xd-praatpapier:1-2; XIIg, 1996:2) en om maniere te soek waarop gemeentelede hulle

verantwoordelikheid in die kerk van Jesus Christus kan nakom (CGKN-argief, XVIa, 1993:2). ’n Ander probleem is in hierdie kerke opgehaal waaraan veral tydens huisbesoek aandag gegee word. Dit is die jongmense wat ná belydenisaflegging uit die kerk padgee (CGKN-argief, XIIg, 1993:1). Godsdiens moet dus gemeenskapsvormend werk: “wil het mensen kunnen vasthouden, c.q. aan zich binden” (CGKN-argief, XXIX, s.a.:2). Dit hou, volgens die CGKN (CGKN-argief, XXIX, s.a.) in dat die verkondiging van die Woord wel gemeenskapsvorming moet stimuleer, omdat die geloof andersins egoïsme en indiwidualisme bevorder. Die DBZ verwoord hierdie verantwoordelikheid soos volg:

> Vanuit het hart moet het geloof juist handen en voeten krijgen om in de gemeenschap te leven. Bekering betekent dus ook veel meer dan je afkeren van etc. Het betekent vooral ook je op laten nemen in de andere gemeenschap en daar je plaats in vinden en ontvangen. Daarom kan bekering ook niet door wetten van buiten af “afgedwongen” worden maar kan het alleen plaatsvinden door het evangelie en van binnenuit (CGKN-argief, XXIX, s.a:2-3).

Die doelstelling is voorts dat die GKK se kerkraad wel bestuursopleiding (“kadervorming”) ontvang (CGKN-argief, XXXV, 2004:4). Ook in die Mukhanyo-rapport (CGKN-argief, 1990), wat ondersoek instel na die werking en doeltreffendheid van die Mukhanyo Bybelskool, word randkerklikheid van die Gereformeerde Kerk KwaNdebele as groot probleem beskryf. Dit onderstreep hoe noodsaaklik opleiding en toerusting van kerkleiers is, sodat diplomas selfs as bykomende voordeel wyer erkenning kan geniet. Die studente en kerkraadslede het egter behoefte aan meer konkrete lesings wat op hulle lewensproblematiek toegespits is en waar van hart tot hart gekommunikeer word (CGKN-argief, XIVc:bijlage 3 bij 90/163:3).

Deur die visie as kerkstigting en gemeentebou te stel, bly die fokus wel op die kerk gerig. Tog word hierdie fokus nie duidelik uitgespel nie. Dit word slegs implisiet integraal in die lig van die *missio Dei*-motief uitgewerk. Dus is dit nie eksplisiet daarop gerig om ook die samelewing te bereik en op te bou nie. Terwyl die fokus van die GCKN op die gemeente belangrik is, is dit eensydig. Dit is slegs gerig op een deel van die geheel, aangesien die kerk, uit *missio Dei*-perspektief gesien, God se instrument asook lig en sout vir die wêreld is. Gevolglik wil dit voorkom of daar nie ’n deeglik rigtinggewende, teologiese fundering, visie en missionêre ekklesiologie ten grondslag van die sending gelê het nie. Dit behels dat kerke as vrug van die sending tot stand moet kom wat werklik deel van God se strome van lewende water kan word om God se transformerende genade in gemeenskappe gestalte te laat kry. Die studente se behoefte aan konkrete en toepaslike lesings wys op ’n wesenlike behoefte aan integrale Woord- en daadbediening binne hierdie gebied. Opleiding en toerusting wat nie konkreet en toepasbaar is nie, loop die doel van integrale verkondiging mis, soos in Hoofstuk 2 aangetoon is.

Volgens die CGKN moet sendingwerk gerig wees op “vermeerderen én bewáren van de kerk” (CGKN, 1995:386). Die verslag gaan voort: “Niet alleen moesten de niet-gekerstende volkeren bij het evangelie worden betrokken, ook de ontkerstende volkeren moeten (opnieuw) met de boodschap van het evangelie in aanraking worden gebracht” (CGKN, 1995:387). In die lig van integrale Woord- en daadbediening uit die perspektief van *missio Dei* lyk hierdie visie en doelstelling onvoldoende en ondoeltreffend. Die CGKN verduidelik nie wat hulle onder bewaar en vermeerder van die kerk bedoel binne die konteks van KwaNdebele nie. Voorts dui die verwysing na “ontkerstening” op ’n aanname, omdat hierdie begrip nie vir die KwaNdebele-konteks gemotiveer en verduidelik is nie.

Die sterk gerigtheid op die stigting en uitbreiding van kerke wek die indruk dat die *kerk* self die doel van sending uitmaak. In hierdie sin word getallegroei as die maatstaf gesien vir Skrifgetroue sending, in plaas daarvan dat die kerk uit ’n *missio Dei*-perspektief as God se instrument ’n veel groter en kragtiger rol in die maatskappy speel as liggaam en bruid van Christus. Respondent B se visie vir sending in KwaNdebele sluit hierby aan: “geraakt door het Evangelie van Jezus Christus de nood van de mensen te zien en samen met de plaatselijke mensen iets op te zetten om uit de spiraal van armoede en ondervoeding te komen gericht op community development.” Dit roep ook die vraag op na die kerk se roeping om die Woord met woorde en dade te leef en te verkondig (’n gedagte wat later in meer besonderhede behandel sal word). Die CGKN (1996:399) het vyf basiese sendingtake in KwaNdebele uitgewys:

- uitbreiding van die evangelie;
- toerusting van kerklede en kerkleiers;
- begeleiding van gemeentekommissies;
- beroeping van ’n eie predikant;
- toerusting van plaaslike kerke.

Juis in die lig van die genoemde probleme in KwaNdebele het die CGKN egter nie ’n integrale doelstelling uit die *missio Dei*-perspektief en kontekstualisering in hulle verslag verwoord en uitgewerk nie. Sodoende ontstaan ’n leemte waardeur verskeie belangrike handelings plaasvind sonder dat ’n gemeenskaplike *missio Dei*-doelstelling en duidelike paradigma vir die CGKN se sendingwerk binne de konteks van KwaNdebele bestaan.

Volgens Respondent C was daar ’n gebrek aan ’n “totaalvisie”, omdat integrale sending vir die DBZ ’n nuwe begrip was wat eers sedert Lausanne 2010 by die deputate begin leef het. Vroeër is oor holistiese sending gepraat, maar hierdie term het nie aanklank in Nederland gevind nie. Dit is jammer dat die CGKN skynbaar eers sedert 2010 kennis neem van Lausanne 2010 en nie reeds in 1973 die Lausanne Covenant bestudeer en as leidraad gebruik het nie, omdat daar toe

al reeds duidelik uitgespel is: “The results of evangelism include obedience to Christ, incorporation into his Church and responsible service in the world.” Die holistiese motief word só uitgedruk: “When people receive Christ they are born again into his kingdom and must seek not only to exhibit but also to spread its righteousness in the midst of an unrighteous world. The salvation we claim should be transforming us in the totality of our personal and social responsibilities. Faith without works is dead” (Birdsall, 1974:2).

’n Onderskeid word tussen sendingstrukture en kerklike strukture getref (CGKN, 1992:157). Dit is nie duidelik wat die sinode met hierdie onderskeid bedoel nie. Hulle gee heelwat aandag aan strukture en finansies, terwyl die missionêre bediening se teologiese grondslag vir ’n visie en doelstellings onduidelik is. Sodanige visie en doelstellings word aan die deputate en die sendelinge oorgelaat – wat tot onderlinge meningsverskille lei: kerkstigting of gemeentebou? (CGKN, 1992:157). Die sinode sien wel ’n doelstelling in kerkstigting met aandag vir geloofsgroei en toerusting van lidmate tot diensbetoon (CGKN, 1992:158). Tog spel hulle nie verder uit wat die doel, plek, taak en uitwerking van hierdie kerke in die vinnig groeiende gemeenskap sou moes of kon wees nie.

### 3.2.4 Visie op integrale sending

Dit spreek vanself dat ’n visie op integrale sending van die sturende kerke onmisbaar is en sendelinge elk ook ’n eie visie op sendingwerk het. Tog moet rekening gehou word met die feit dat die visies in die sendinggebiede gevorm en “bijgesteld” word (CGKN-argief, IVc, 1988:189). ’n Sentrale visie op integrale sending is nodig, terwyl dit wel ruimte behoort te laat vir sendelinge se persoonlike visies. Hierby geld ook die vereiste dat dit eerder ’n verlengstuk of persoonlike toepassing van die sentrale visie is en dit aanvul, in plaas daarvan dat dit ’n teenoorgestelde visie is. Sulke botsende visies kan veroorsaak dat die ontwikkeling van die sendingsgebied kan stagneer (CGKN-argief, IVc, 1988:190). Die sinode het ’n spesifieke visie op integrale sendingswerk aan die sendelinge oorgelaat in die hoop “dat het goed komt” (CGKN, 1988:185).

Die DBZ stel dit egter anders. Dit is nie sendelinge se taak om beleid “uit te stippelen” nie, omdat dit onderlinge spanning veroorsaak en beleid in elk geval deur die DBZ in Nederland vasgestel moet word in oorleg met die kerk in die sendinggebied (CGKN-argief, XIVb, 1985:11). Die DBZ omskryf die sendeling se take as drieledig: verkondiging van die evangelie in KwaNdebele, begeleiding van evangeliste en toerusting van die gemeente in hulle missionêre roeping (CGKN-argief, IX, 1993:1). In die omskrywing en die oproep vir belangstellende sendelinge word egter geen visie vir integrale sending genoem in die uitvoering van bogenoemde drie take nie. Dit is vreemd en teenstrydig dat die sinode ruimte vir die vorming

van eie visies gegee het, terwyl beleid sentraal gereël moes word. Die een is immers ’n verlengstuk van die ander.

Meningsverskille tussen sendelinge het gelei tot die formulering van ’n visie, naamlik dat sendingwerk in KwaNdebele kerkstigting én gemeentebou behels (CGKN, 1988:166). Dit is opmerklik, omdat hierdie twee aspekte slegs ’n onderdeel vorm van integrale sendingwerk in die lig van die *missio Dei*-perspektief. Jesus het immers ’n oog vir die hele mens gehad, terwyl sendelinge wat gemeen het dat Woordverkondiging ook in dade omgesit moet word, juis hieroor met die DBZ verskil het (Respondent A). Van die ses beginsel-elemente wat integrale sending begrond (sien Hoofstuk 2: *God, skepping, Christus, die Heilige Gees, kerk* en *eskatologie*) noem die CGKN slegs die kerk. Dit skep die indruk dat sendingwerk op die kerk as einddoel gerig is. Integrale sending uit die *missio Dei*-perspektief bring die insig dat sodanige gerigtheid op kerkstigting en gemeentebou die reikwydte versmal en dinamiese krag verswak van die Bybelse boodskap aan alle volke, nasies en tale. Die gevolg is dat die kerk nie kan opereer as God se instrument om God se Woord met “hart, mond en hande” uit te dra nie.

In 1993 het die CGKN se DBZ oor die bestaande sendingstrukture besin, en gevra of dit beter sou wees om hulle op sendingprojekte in plaas van sendingterreine toe te spits. Hierop het die sinode tot dusver nog nie ’n antwoord verstrek nie, met die gevolg dat dit verder ondersoek word (CGKN-argief, XIXa, 1993:5). Die sinode het hiervolgens steeds meer gefokus op projekte met ’n beperkte duur en die CGKN wou hulle dus van KwaNdebele onttrek om selfstandig te wees. Nogtans ontstaan die vraag of ’n Bybelse visie oor die integrasie van Woord en daad (CGKN, 2001:467) ten grondslag lê aan die sinode se oorweging om hierdie praktiese projekte te steun. Daarmee geld ook die vraag oor wat die langtermyndoelstelling van sodanige toegesegde steun behels.

’n Verdere vraag is waarom die CGKN ná so ’n kort missionêre tydperk hulle missionêre werk in KwaNdebele wou beëindig en in watter mate die GKK hiervan deel gemaak is. Integrale sending in so ’n kwesbare gebied vra juis ’n langtermynvisie en langtermynbetrokkenheid wat veel verder strek as finansiële steun en advies. ’n Verdere vraag wat hieruit voortspruit, is in watter mate die CGKN in projekgerigte sending op die kort termyn wel rekening hou met plaaslike kulturele gebruike asook die lewens- en wêreldbeskouing. Binne hierdie raamwerk leef die mense nie projekgerig nie, maar mensgerig – die motief van *Ubuntu* (Corbett & Fikkert, 2009:78-79, 83). Die uitgangspunt is dus: *prestatie deur relasie.* In 2009 het die DBZ wel vasgestel dat projekte wat deur die CGKN gesteun is “zendingsgerelateerd” moet wees. Hier het hulle veral daarop gewys: “Te denken valt aan ‘mission conferenties’, ‘training’, ‘crusades’ e.d. Deze punten passen ook bij ons speerpunt: ‘Onderwijs’” (CGKN-argief, XLIV, 2009:3-4).

Projekte moet egter nie van die sendelinge afhanklik wees of ’n soort gelewerde produk wees nie. Die sendelinge moet projekte inderdaad “inplanten in de samenleving anders stort de hele zaak in als je als blanke weggaat” (CGKN-argief, XIIIc, 2000:103). Die rede hiervoor is dat predikante van KwaNdebele hulle steeds in sommige gevalle as afhanklik opstel en die sendelinge die initiatief laat neem (CGKN-argief, XLIX, 2010:3).

Hierdie uiteensetting beantwoord nog nie die bogenoemde vraag waarom die CGKN ná so ’n kort missionêre tydperk hulle werk in KwaNdebele wou beëindig en in watter mate die GKK hiervan deel gemaak is nie. Nogtans maak dit wel duidelik dat die CGKN hulle steeds meer fokus op onderwys as ’n vorm van projeksending. Volgens Respondent A ken sendingwerk geen projekmatigheid nie, omdat dit nie met die kultuur integreer nie en omdat sending die totale mens integraal na Christus bring. Die vraag is of ’n moontlike aanleiding tot projekgerigte sendingwerk eweseer ’n finansiële rede is. Die betoog sou hier kon wees: Die afronding van sendingwerk bring dikwels probleme mee, omdat dit ook beteken die finansies word onttrek. Hier geld die spreekwoord: “Wie het geld heeft, heeft het macht” (Respondent A). By integrale sending word die sendeling een met die mense, terwyl ’n projek, hoewel dit met mense werk, taakgerig en nie mensgerig is nie en gevolglik die integrale doel van *missio Dei* mis.

Die vraag gaan nie slegs oor wat verkondiging is en hoeveel geld of tyd bestee is of wat gedoen word nie. Uiteindelik is die vraag: Op watter manier is en word die gemeenskap hierdeur bevoordeel? Ook: In watter mate is die inheemse Christene se lewe nuut gemaak om God in hulle totale lewe te verheerlik en self in die nuwe hoop in Christus te leef? Hier geld die verhouding tussen die verkondiging en die uitwerking daarvan in die praktyk. Daarom is dit uiters belangrik dat sendingwerkers, ook nadat ’n kerk opgerig is, by daardie gebied betrokke bly. Sodoende beklemtoon hulle dat die inheemse Christene ook geroep is om deel te neem aan die verspreiding van die evangelie, aldus Rabali (1989:56-57, 60). Hiermee kan die huidige studie ook akkoord gaan. Paulus het immers dieselfde pad gevolg met die gemeentes wat hy gestig het. Hoe meer sturende kerke, teruggekeerde sendelinge en huidige sendelinge die sendingwerk bly ondersteun en begelei, hoe beter. Die vraag is net: In watter mate het die huidige projekmatige sendingwerk van die CGKN rekening gehou met hierdie oproep van Rabali aan hulle? ’n Mens kan ongelukkig nie in die CGKN se formele besluite enige verantwoording hieroor opspoor nie.

Die doel, opset en funksionering van die Mukhanyo Bybelskool is daarop gemik om die leiers van die Onafhanklike Kerke te leer om die Bybel te lees (CGKN, 1986:119). Hierdie sendingaksie getuig van missionêre bereidheid, integrasie en krag. Die omstandighede is dat die meeste inwoners van KwaNdebele hulleself “Christene” noem, maar dit “iets van de buitenkant is”. Hierteenoor beskou die sendelinge dit as hulle taak om “deze mensen duidelijk te

maken wat het ware geloof inhoudt en wat dit betekent in het leven van elke dag. Dat betekent dan in de eerste plaats om goed bijbels onderwijs te geven en om samen door te denken en in te vullen wat een oprecht christelijk leven betekent" (Jonkman, 1988:62). Tog bespreek die CGKN vir die oprigting van Mukhanyo egter nie 'n integrale missiologiese fundering in die lig van die *missio Dei* nie. Ook wanneer in 1992 kennis geneem word dat 'n Akte van oprigting aanvaar is (CGKN, 1992:158), brei die sinode nie uit wat die inhoud, doelstelling, beleid en strategie in die lig van *missio Dei* of integrale bediening is of moet wees nie. Al wat hulle doen is om dit oorsigtelik te stel en die doelgroepe (aangewese groeplede vir die onderrig) aan te toon (Last, 1995:2). Deputate het wel in 1991 besluit op 'n nuwe lesprogram vir Mukhanyo asook 'n sentrale kursus, waarna MTC self, met goedkeuring van deputate, 'n integrale visie, missie en beleid uitgewerk het. Die vraag is gevolglik of die CGKN 'n duidelike teologiese visie op integrale sending het *wat* uit die *missio Dei* voortvloei.

Die CGKN spreek hulle wel sterk uit teen geloofsending waar lesmateriaal op "de vrome mens" gerig is (CGKN-argief, VIj, 1986:10). Voorts beklemtoon hulle dat die "Bantoe comprohensive" dink en sodoende sterker ooreenkomste toon met die leefwêreld van die Ou Testament; dus nie analities dink nie, soos die Westerlinge waaronder die CGKN val. Hierdie aspekte moet in die lesmateriaal na vore kom en daarom is die inbring van die gereformeerde belydenis noodsaaklik (CGKN-argief, VIj, 1986:10). Dit wil voorkom of die term "comprohensive" 'n tikfout in die notule is en dat "comprehensive" bedoel is. Die eintlike vraag is wat die sinode met "comprehensive" bedoel het? Waarskynlik dat die KwaNdebele-inwoners omvattend, uitgebreid en integraal dink. Hierdie slotsom stem ooreen met die ervaring van die navorser wat etlike jare in albei lande gewoon en opgemerk het dat die blanke Afrikaner én swart Afrikaner holisties dink en sterker op gevoel ingestel is, terwyl die Europeër gesegmenteerd en produktief rasioneel ingestel is en in strukture dink.

Die plaaslike leiers binne hierdie gebied het mettertyd toenemend aspekte van die bedieningswerk oorgeneem (CGKN, 2001:445). Die vraag is waarom die CGKN hulle nie uitgespreek het oor die spesifieke doel en uitwerking om hierdie leiers te leer Bybel lees is nie? Volgens Respondent C was die doel om kerkleiers en gemeentelede in die Bybel te skool, omdat hulle meer vir die gemeenskap kon beteken indien hulle die Bybel kon lees en verstaan.

Die indruk word gewek dat die CGKN wel hulle sendingsopdrag wou nakom en KwaNdebele as geleentheid gesien het om hieraan gehoor te gee. Maar terselfdertyd het hulle nie vaste besluite geneem oor die teologiese grondslag, doel en visie daarvan nie en ook nie 'n ontwerp vir integrale sending opgestel nie. Dit is belangrik dat die leiers van die Onafhanklike Kerke geleer word om die Bybel volgens die *missio Dei*-perspektief integraal te lees en te leef. Op dié manier word nie slegs hulle geloof én gemeente s'n geestelik opgebou nie. Die gelowiges leer ook om

as verloste beelddraers van God te leef in die soort samelewing wat met die tuislandbeleid te kampe gehad het (In Hoofstuk 4 sal dieper hierop ingegaan word.)

Die Gereformeerde Kerk in KwaNdebele het intussen sodanig ontwikkel en gegroei dat drie swart predikante beroep is (CGKN, 2010:482-483). Hierdie vordering het gelei tot selfstandigheid, ook in denke en besluitvorming. Uit die CGKN-geledere word steeds advies en finansiële steun gegee. Integrale sending is gerig op volledig volwassenheid, dat die "ontvangers" mondig as verloste beelddraers van Christus kerk kan wees en in hulle samelewing optree. 'n Ander aspek van integrale sending behels dat kerke mekaar met Woord en daad adviseer en bystaan in die groei na volwassewording. Die vraag is uiteraard of die CGKN hierdie gemeentes wel geleer en gelei het om ook *finansieel* selfversorgend te wees in plaas van om van die CGKN afhanklik te wees. Hierop moet "Nee" geantwoord word (in Hoofstuk 4 sal dit verdere aandag kry). Die vermoë om finansieel selfversorgend te wees, maak 'n wesenlike onderdeel uit van integrale Woord- en daadbediening.

Die CGKN het wel kennis geneem van die enigste "dagopvang voor gehandicapte kinderen in KwaNdebele", opgerig deur die Gereformeerde Kerk KwaNdebele, en van die "Mukhanyo Community Development Centre (MCDC)" wat uit die teologiese opleiding van die Mukhanyo Theological College gegroei het om praktiese nood te hanteer (CGKN, 2004:638, 642). Nogtans het die CGKN nie 'n Bybelse visie vir integrale bediening hiervoor geformuleer nie, behalwe om te oorweeg of steun by Deputate Hulpverlening tuishoort. Hieruit ontstaan die vraag: Leef daar nie dalk 'n dualistiese skeiding volgens 'n natuur/genade-teologie by die Deputate nie – wat lei tot die gedagte dat die kerksending hulle nie moet bemoei met die skreiende armoede en nood van 'n groeiende aantal weeskinders in KwaNdebele nie?

### 3.2.5 Verdiepende onderbou

Daar het geleidelik by die CGKN 'n verdieping plaasgevind deur die lê van 'n onderbou vir die visie op sending uit die *missio Dei*-perspektief. In die *Nota Beleidsvisie* stel die CGKN dit dat sending gefundeer is in die Drie-enige God as sturende God en dat God sy heilsplan deur die verkondiging van die evangelie aan alle volke volvoer (CGKN, 2001:461-463). Verkondiging is, volgens die CGKN-getuienis, een van God se groot dade soos dit veral ineenskakel in Jesus Christus se liefde en omgee en veral in sy opstanding (2001:466). Daar word verwys na *dabar* wat beide "Woord" en "daad" beteken as twee aspekte van "één en dezelfde zaak" en waarby dade sigbaar maak wat die Woord bedoel. Hiervolgens het verkondiging die totale mens in die oog en nie slegs die mens se (sondige) hart nie (CGKN, 2001:467). Die vraag is wat hulle onder die *totale mens* verstaan. Die CGKN (2001:467) beantwoord hierdie vraag deur tereg te

bevestig dat die verlossing nie net die vergewing van sondes nie, maar ook die herstel van die menslike bestaan inhou: “dat heil omvat heel de mens” (CGKN, 2001:467).

Die gevolge van die bogenoemde stelling met integrale toespeling is ingrypend. Tog werk die sinode dit nie verder uit nie. Dit is ook nie so aan sendelinge gekommunikeer nie. Gevolglik bly dit onduidelik wat die CGKN hieronder verstaan en daarmee beoog. Daar is wel bevestig dat Woord en daad nie van mekaar geskei kan word nie, maar in die praktiese bediening onderskei sal wees en langs mekaar in twee verskillende deputaatskappe sal opereer (CGKN, 2001:467). Hierdie onderskeid word getref ter wille van ’n praktiese werkbare model. Die *Nota Beleidsvisie* toon wel trekke van die *missio Dei*-perspektief en van ’n soeke na Woord- en daadsending. Hierdie visie het ook ontstaan 20 jaar nadat die sendingwerk in KwaNdebele geloods is. Gevolglik evalueer en wysig die CGKN in die lig van die nuut verworwe insigte nie die teologiese grondslag, visie en beleid van die voorafgaande tydperk om waardevolle en nuttige lesse daaruit te haal nie.

Mettertyd het die CGKN wel die holistiese gedagte gebruik van “hoof, hart en hande” om die sending te motiveer. Die CGKN het hierdie terminologie nie nadruklik so ingespan nie. Tog verwys die verslae na Jesus wie se hart agter Matteus 28:18 klop, sodat almal moet weet dat die Seun van God die hoogste offer gebring het om hulle ’n nuwe en ewige lewe te gee. Hierdie groot nuus moet aan almal op aarde gebring word (CGKN, 2009:5). Die uitdrukkings “hart, weet” en “bring” (CGKN, 2009:5) druk moontlik integrale sending uit, maar dit is nie bewustelik teologies deur die CGKN in die *missio Dei* veranker nie. Die gevolg is dat die verwysing na Matteus 28:18 insidenteel en oppervlakkig lyk. Dit is nie in die geheel van die Goddelike openbaring veranker en só aangedui nie. Gevolglik kan so ’n stelling nie die volle rykdom van die *missio Dei* tot uiting bring nie.

Hoofstuk 2 van die huidige studie het op hierdie gebrekkige verankering ’n korrektief gebied deur die eenheid tussen Woord en daad in *missio Dei-perspektief* eksegeties aan te toon. Dit gee ’n verankering wat in God Self begin nog voordat enigiets tot stand gekom het. Dan trek dit die lyn deur die skepping tot die ewige lewe. Die CGKN se motivering vir die sending is dat “de Zoon van God het hoogste offer heeft gebracht om hun een nieuw en eeuwig leven te geven” (CGKN, 2009:5). Hoewel dit wesenlik is bied hierdie motivering slegs ’n geestelike perspektief op die toekoms, maar kwalifiseer nie wat die uitwerking daarvan op hierdie lewe is nie. ’n Verankering in Christus maak dit noodsaaklik om die sending tot die volle konsekwensies uit te werk. Daardeur raak die uitwerking van Christus se inkarnasie, versoening en oorwinning die beliggaming van sending (Keller, 2008a). Die verankering in Christus word noodwendig verbind aan God (se Persoon en optrede), die skepping en herskepping om volledig te wees. Hoofstuk 2 het hierdie verbinding eksegeties breedvoerig aangetoon. Aangesien ons bely dat Christus in

ewigheid met sy Vader één is, is hierdie perspektief vir die sending volgens die *missio Dei*-perspektief wesenlik om God integraal aan mense te bedien en tot ’n nuwe lewe in Christus te lei. Met verwysing na T. Keller stel Jansen dit treffend (2013:28):

> Keller’s holistische visie is gebaseerd op de opstanding van Christus. In de opstanding wordt getoond dat God de mens niet alleen schiep als eenheid van lichaam en geest, maar dat lichaam en geest ook bij de redding betrokken zijn. De redding betreft bevrijding van alle aspecten van zonde, ook de fysieke en materiële.

Die CGKN het hierdie verbinding nie teologies begrond en uitgewerk in hulle sendingbeleid nie. Gevolglik is dit nie heeltemal duidelik wat die CGKN werklik voor oë gehad het met sendingwerk in KwaNdebele nie.

’n Terugskouing op die missionêre werk in KwaNdebele laat ’n beeld van onvolledigheid en onafgerondheid. Die rede is dat die CGKN hulle werk in KwaNdebele nie krities-teologies geëvalueer het nie en gevolglik ontbreek ’n duidelik, werkbare en begronde sendingparadigma.

#### 3.2.6 Verkondiging en hulpverlening geskei

Die CGKN het die beleid gehandhaaf om verkondiging en hulpverlening van mekaar los te maak. Dit blyk wanneer hulle aandring op ’n volledige skeiding van die “MTC en de hulpverleningsorganisatie MCDC (Masibambisane Community Development Centre)” om die botsing van belange te voorkom (CGKN, 2007:394). Respondent C meen dat, indien ’n integrale beleid bestaan het, ’n oplossing wel vir die konflik oor die verhouding tussen MTC en MCDC haalbaar was. Hierdie skeidingsbenadering van die CGKN stem nie ooreen met integrale sending volgens die *missio Dei*-perspektief nie. ’n Konklusie kan uit Hoofstuk 2 getrek word dat die hulpverleningsorganisasie toepassende of daadverkondiging is. Dit voorsien die program waarvolgens die teologiese studente aan die Mukhanyo Theological College opgelei en begelei word om hande en voete aan hulle woordverkondiging te gee. Uit ’n praktiese oogpunt is die skeiding van die organisasies wel verstaanbaar. Die vraag is egter of dit nie lei tot ’n dualisme nie – skeiding van natuur en genade. Volgens so ’n dualisme behou verkondiging ’n geestelike karakter en die praktiese hulpverlening het slegs ’n praktiese inslag, juis omdat ’n duidelik teologiese grondslag en visie ontbreek.

Hierteenoor hou integrale bediening as navolging van Christus juis toepassende verkondiging in, sowel binne die eredienste as in die daaglikse lewe. Christus het sy dissipels in die praktyk onderrig. Prediking en goeie werke is *diakonia* ineen verweef, aldus Aano (2011:196). Die een moenie nie ’n instrument van die ander een wees nie en moet nie van mekaar losgemaak word nie. Volgens hom moet Westerse kerke leer om na die susterskerke te luister waar prediking en

goeie werke ineen verweef is. Hierby is Sugden se waarskwuing van belang dat die holistiese aksent van die Evangelie verarm wanneer mense dink dat dit belangriker is om hemel toe te gaan as wat hulle gekommiteer is aan die gemeenskap (1997:343, 345).

In hierdie opsig is die Mukhanyo Community Development Centre as verlengstuk van die Mukhanyo Theological College, en ook die Mukhanyo Bible School treffende voorbeelde van geïntegreerde Woord- en daadbediening.

Uit die oorsig hier bo blyk dat die teologiese grondslag vir integrale bediening van Woord en daad in KwaNdebele gebrekkig en onoorsigtelik is. Respondent C wys daarop dat die "beleidsnota's[9] zijn keurig theologisch onderbouwd" baseer op die *missio Dei* en die gereformeerde belydenis, maar dat daar nie nagedink is oor die uitwerking hiervan nie. Daar is 'n duidelike tekort aan 'n logiese lyn en samehang van 'n Skrifgefundeerde visie, missie asook omgewingsanalise en toepasbare beleid[10]. In die lig hiervan moet die kritiese vraag gestel word of die beleidsplanne die integrasie van Woord en daad wel deeglik teologies begrond het, aangesien die beleidsplanne dit nie weerspieël nie.

In die beleidsnota wat die sendelinge se werk evalueer, word die vraag gestel of die sendelinge "planmatig" te werk gaan en of plaaslike mense ingeskakel en toegerus word om uiteindelik die sendeling se take oor te neem (CGKN-argief, XIVa, 1992:20). 'n Positief-kritiese evaluering dwing 'n sendeling om met 'n duidelike visie op integrale sending te werk te gaan. Daarom moet evaluering méér behels as slegs om aan die DBZ verslag te doen. Hierdie gesprekke behoort mee te help dat die visie op integrale sending verder gevorm en uitgebou word.

### 3.2.7 Visie en missie: wesenlik

'n Grondige visie, missie en beleid is wesenlik vir bediening wat op die *missio Dei* gebaseer en doeltreffend is. Die navolging van die *mssio Dei*-motief is inherent reeds 'n aanduiding van so 'n benadering. Volgens Ten Bos (2001:6, 8-9) ontstaan 'n suksesvolle duidelike visie en missie deur goeie inhoud, erns en besieling. Dus sluit sodanige visie en missie aan by die behoeftes en nood van die mense en standaardiseer sodoende hulle optrede en gedrag. So 'n visie en missie hou die volgende voordele in: dit inspireer en besiel, bied houvas, maak duidelik wat vir die organisasie belangrik is, dien as kontrole-instrument en voorsien maatstawwe om prestasie

---

[9] Beleidsnota: "document dat het gevoerde of te voeren beleid toelicht" (Van Dale Praktijkwoordenboek Nederlands, 2005:101).

[10] Beleid: "Bestuur; program vir die bestuur van iets: Die land se beleid" (Odendaal, F.F. & Gouws, R.H. 2010:79).

te meet (Ten Bos, 2001:9). Hierdie beginsels geld ook die sending van die kerk. Die DBZ stel wel dat die praktyk geleer het dat sending so lewend is dat ’n mens dit nie in modelle of bloudrukke kan inperk nie. Die gevolg is: “Vanuit de praktijk moet de bezinning ook telkens weer gevoed worden” (CGKN-argief, Ic, 1982:647). Tog kan besinning nie slegs deur die praktyk bepaal word nie. Die verhouding tussen sending en praktyk moet wederkerig wees en mekaar beïnvloed – wat ook hier op ’n integrale benadering dui.

### 3.2.8 Wederkerigheid en vennootskap

Wat die bogenoemde wederkerigheid betref, vind die CGKN ’n prinsipiële onderbou vir die vennootskapsgedagte in die Nuwe-Testamentiese gemeente as toonbeeld van gelykwaardigheid en wederkerigheid. Hiervolgens steun die “moeder”- en “dogterkerk” mekaar om die sendingsopdrag te kan vervul (CGKN-argief, XIVa,1992:9-10). Die konkrete sendingsdoelwitte moet vir albei vennote duidelik wees oor die volgende sake: gemeentebou, toerusting, opleiding asook die vorming van lidmate, predikante en ampsdraers (CGKN-argief, XIVa,1992:10). Dit is uiters belangrik om ’n grondige ondersoek te loods na die verwagte omvang, duur en vrug van ’n gesamentlike sendingsprojek asook die wedersydse verwagtings. Hieruit spruit evaluering van die sendingsdoelwitte wat vir die onderskeie projekte gestel is (CGKN-argief, XIVa,1992:10).

Tog is hiervoor nie spesifieke maatstawwe gestel nie, wat die gevaar van subjektivering kan inhou. Sodanige maatstawwe is van groot belang om die visie op integrale sending uit te voer. Ervaring met vennootskappe leer ’n mens dat dit probleme skep en soms groot moeilikheid kan oplewer, maar dat gelykwaardigheid na jare wel tot stand kan kom. Gevolglik vra dit baie energie en tyd van alle betrokkenes (CGKN-argief, XXVI, 2005:2). Ook hier geld die beginsel van prestasie deur relasie.

Uit die sendinggebiede is daar ’n dringende behoefte aan ’n egte vennootskap (CGKN-argief, “partnership”) terwyl die onderskeie rolspelers in die sendingveld die DBZ soms eerder as ’n “sta-in-de-weg” ervaar op pad na die verwerkliking van hierdie ideaal (CGKN-argief, XIVb, 1985:10). Die DBZ stel dit byvoorbeeld dat die MTC die vennootskapsgedagte breedvoerig uitgebou het. Die gevolg is dat dit wel gelei het tot groter betrokkenheid van kerke en organisasies in die bestuur van MTC, maar dit het nie groter finansiële verantwoordelikheid meegebring nie (CGKN-argief, XXXIV, 2005:1).

Sendelinge kom tot die slotsom dat wederkerigheid meer aandag moet ontvang (CGKN-argief, XXVI:2). Volgens dieselfde evaluering pleit die sendelinge nie net vir byskoling van sendelinge nie, maar ook van die deputate wat behoort te belê in “zending in theorie en praktijk” (CGKN-

argief, XXVI, 2005:2). Hierdie verklaring staan nie los van die feit nie dat sendelinge soms die leiding en aanstuur van die deputate mis, terwyl hulle die werkbesoeke van deputate nie deurentyd as nuttig en behulpsaam ervaar nie (CGKN-argief, XXVI, 2005:2). Om hierdie probleem te bowe te kom moet die visie op die sendingswerk in die beleidsdokumente en jaarplanne as riglyn vir die werkbesoekers dien om hulle taak te verrig. Sodoende kan die deputate die sendelinge meer doeltreffend aanstuur en begelei (CGKN-argief, XXVI, 2005:2).

Wederkerigheid is van kardinale belang vir integrale sending en vra doelbewuste aandag en aanstuur van sendelinge volgens prinsipiële, beleidsmatige, strategiese en kontekstuele beginsels.

### 3.2.9 Beleid en strategieë

Soos reeds daarop gewys, bied die visie en missie 'n teologies gefundeerde beeld van optrede wat nodig is en waar die *missio Dei*-motief die rigting aandui. Hierop gebaseer lei 'n noodsaaklike interne en eksterne analise tot 'n beleid. Dit wil voorkom of daar verwarring en verskil van mening bestaan oor wat onder beleid verstaan word. In hierdie verband verwoord Van Dale (Geerts & Heestermans, 1992:1:307) beleid as die bestuur wat spruit uit die gevolgde beginsels, of 'n program vir die bestuur van iets (Odendaal & Gouws, 2010:79). Visie, analise en beleid vorm 'n logiese en vloeiende geheel waar die een nie sonder die ander werkbaar is nie. Pietersma en Van den Berg (2005:14-23) gee in sewe stappe 'n detail-analise van hierdie strategiese proses waarin hulle die voordele en resultate uitwys van 'n deeglike analise en beleid wat tot konkrete maatreëls lei. Daarby geld "bij die afbakening van het speelveld is het zaak de kaders niet te eng te kiezen", en laat hulle dus ruimte vir kreatiewe insette. Hierdie laaste opmerking bied ruimte vir die heersende gedagte dat sendingwerk in KwaNdebele volgens spesifieke behoeftes ingeklee word.

In die lig van bostaande lui 'n wêreldwyd gebruikte definisie vir 'n visie en beleidsplan soos volg: 'n Strategie is 'n langtermynplan betreffende die funksie van die organisasie in die samelewing, waarin die organisasie aandui watter doelstelling hulle wil navolg én met watter middels en op watter maniere hulle dit wil bereik (Douma, 2007:15). Die voordeel hiervan is dat die organisasie met so 'n plan aantoon watter funksie en voordeel hulle in die samelewing wil vervul en gevolglik hulle aktiwiteite op die omgewing afstem (Douma, 2007:17).

Hoewel die doel van hierdie studie nie is om die inhoud en aanpak van 'n visie- en beleidsplan te ondersoek nie, wil dit wel die noodsaak en die voordele daarvan beklemtoon. In die aangehaalde studies word hierdie prosesse uitgebreid verduidelik en kan die lyne daaruit maklik genoeg deurgetrek word na 'n proses wat vir die kerk se sending waardevol kan wees. Kenners

is dit eens dat so ’n proses noodsaaklik en onmisbaar is en in hoofsake bestaan uit die volgende aspekte: formulering van doelstellings, omgewingsanalise, analise van sterk- en swakpunte (interne analise), formulering van die strategie en implementering (Douma, 2007:23-24; Pietersma & Van den Berg, 2005:14-23; Ten Bos, 2001:10-12). Hierdie prosesse staan bekend as planmatige strategieë. Daar is egter ’n ander moontlikheid wat die vermoede laat ontstaan dat die CGKN wel so ’n proses gevolg het.

Die indruk bestaan immers dat die CGKN die sendingwerk in KwaNdebele nie strategies of planmatig benader het nie. Tog kan ’n mens hierby in gedagte hou wat H. Mintzberg noem “spontane strategieën” (Douma, 2007:125, 268). Hier word nie vooraf bewus planne gemaak nie, maar namate die omstandighede opduik, word besluite geneem en planne gemaak. Wanneer ’n analise agterna ’n duidelike patroon van strategiese besluite toon, kan ’n mens wel van ’n spontane strategie praat. Wanneer hierdie patroon nie herken word of bestaan nie kan daar, volgens Douma (2007:268-269) twee uitkomste wees. Dit kan óf tot ’n voortdurende magstryd lei wat in chaos ontaard óf ’n kompromis kan ontstaan. Die indruk bestaan dat die CGKN hulle, in die woorde van Douma (2007:269), aangepas het by toevallige moontlikhede en beperkings by situasies in KwaNdebele. Tog meen Douma dat dit heeltemal aanvaarbaar is dat ’n navorser die strategie na afloop, met nabetragting kan rekonstrueer volgens die besluite wat in die loop van die tyd geneem is. Hy waarsku egter dat dit net te vergesog is om “in het geval dat er overduidelijk géén ontwerp is, toch van strategie te spreken” (Douma, 2007:269).

### 3.2.10 Samevattend

Indien die bogenoemde gedagtes oorweeg word in die lig van die beskikbare inligting oor die CGKN se visie en beleid oor sendingwerk in KwaNdebele, kry ’n mens die indruk dat daar nie van ’n strategie gepraat kan word nie – hetsy beplan of onbeplan. So kan die voorkoms van meningsverskille en konflikte verklaar word. Dit kan van onskatbare waarde wees om hierdie oorwegings ter harte te neem en by die hulpwetenskappe te leer oor hoe om die integrasie van Woord en daad in die sending volgens die *missio Dei*-perspektief te weeg te bring.

Integrasie van Woordverkondiging en algehele lewensvernuwing pleit gevolglik vir ’n nood-saaklike balans waarin die Woordverkondiging sentraal staan en deurwerk na die praktyk van mense se daaglikse lewe in ’n gebroke wêreld waarin hulle hul eie roeping moet vervul. Dit vra nie slegs vrae oor die CGKN se visie en beleidvorming nie, maar ook oor die integrasie van Woord en daad in hierdie kerkverband se sendingparadigma.

### 3.3 Woord en daad

Daar het ’n ontwikkeling in die denke van die CGKN plaasgevind oor die verhouding tussen Woord en daad. Hoewel hierdie kerkverband tydens die beginjare van die sendingwerk in KwaNdebele bevestig het dat woord- en daadverkondiging onmisbaar verenig is, het ’n verdiepende denke en grondslag van woord- en daadverkondiging mettertyd merkbaar geword. Hierdeur ontstaan duideliker fokus in die sendingwerk binne KwaNdebele in Suid-Afrika. ’n Oorsig oor hierdie ontwikkeling volg hierna.

#### 3.3.1 Wesenlik een

Die CGKN het die beginsel bevestig dat “woordverkondiging en daadverkondiging wezenlijk bijeenhoren” (CGKN, 1977:192; CGKN; 1980:300). Dit geld ook die selfstandigheid van en gelykwaardigheid met die kerk in KwaNdebele (CGKN, 1983:144). Die selfstandigheid en gelykwaardigheid blyk onder meer uit die feit dat die CGKN aandring op hersiening van die Akte van Ooreenkoms wat met die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika oor die sending in KwaNdebele gesluit is, omdat die gemeente van KwaNdebele (Allemansdrift) nie in die totstandkoming van die Akte geken is nie (CGKN, 1986:118). Sending is nie net ’n saak van die kerke in Nederland nie, maar ook van die kerke in KwaNdebele (CGKN, 1986:119). Tog het die sinode geworstel om ’n manier te vind waardeur hulle aan hierdie gelykwaardigheid hande en voete kon gee. Die sinode kom in dié verband tot die slotsom dat sending steeds meer “het karakter aannemen van assistentie. Deputaten kunnen hun geld zomaar kwijt” (CGKN, 1980:302).

Respondent B bestempel dit as ’n vloek dat soveel geld vanuit Nederland na KwaNdebele gestroom het. Die CGKN moes die gemeentes eerder gestimuleer het om selfstandig op te tree deur byvoorbeeld standaardnorme te stel: dat hulle self bakstene vervaardig vir kerkbou en eie groentetuine aanlê as basis vir diakonale hulp. Hierdie respondent sê dat hy in sy denke gevorm is deur die praktyk en die gedagtes van Roland Allen. Respondent B verduidelik dat hy die volgende met “vloek” bedoel: “die wat gemaklike geldstroom vanuit Nederland het die eie initiatiewe en groei na selfstandigheid van die kerk in KwaNdebele gerem”.

Respondent J huldig dieselfde standpunt deur daarop te wys: “The Dutch missionaries came and handed out money. They made us dependent on them and not self-reliant ... it must be done differently.” Hierdie opmerking moet ter harte geneem word, terwyl die moontlikheid ook oorweeg moet word dat dit ’n verskuilde manier kan wees om self verantwoordelikheid te neem (Hierdie saak sal Hoofstuk 4 dieper ondersoek).

Die CGKN beklemtoon tereg dat finansiële steun aan sendingsgebiede nog nie Woord- en daadsending veronderstel nie, maar noem daarby dat die een die ander ook nie noodwendig uitsluit nie. Soos ook uit Hoofstuk 4 sal blyk, het die CGKN die kerke in KwaNdebele nie integraal begelei en toegerus oor die Bybelse beginsels van finansiële steunverlening en selfvoorsiening nie. Hieruit blyk dat 'n uitgewerkte teologiese grondslag en beleid op integrale sending ontbreek. Dit wil sê, 'n beleid wat selfs vir finansies grondliggend is, omdat die geplante kerke finansieel selfversorgend behoort te kan optree nadat die sendelinge hulle onttrek het.

Die begrippe Woord- en daadbediening het 'n wye toepassingsveld. Tog kies die CGKN vir slegs een aspek hiervan en noem dit "vormingswerk" deur konferensies en kursusse aan te bied om kerkleiers toe te rus dat hulle geestelike en praktiese leiding kan gee en die verantwoordelikheid vir gemeentebou kan dra. Hierby moet die Woord van God sentraal in die lewe van hierdie mense staan (CGKN, 1983:145).

Praktiese projekte is omarm, soos die uitdeel van voedsel, maar dit moes nie losstaan van die Evangelieverhale nie (Respondent C). Dit hou, volgens Respondent B, ook in dat vanuit die skepping gepreek moes word. God het saaddraende bome gegee, sodat die mens die grondgebied wat hy volgens God se beskikking ontvang het moet bewerk en dan saai om homself te onderhou. Hierdie taak kan mense uitvoer deur groentetuine aan te lê of te doen wat in die omstandighede van die destydse tuislandgebied moontlik was. Uit hierdie voorbeeld blyk die onlosmaaklike verband tussen Woord en daad en die feit dat daad dui op toerusting, onderwys en begeleiding in die praktyk wat uit die Woord van God gerig word.

### 3.3.2 'n Werkbare kombinasie

Die CGKN het wel na 'n werkbare kombinasie tussen Woord en daad gesoek, soos blyk uit die volgende projekte: "vrouwenwerk", lektuurvoorsiening, mediese dienste, dagopvangsentrums, kerk-erfprojekte en Christelike onderwys. Hierdie projekte bied nuwe perspektiewe aan die missionêre bediening en diensbetoon aan die samelewing "waarbij uiteraard beide facetten wel onderscheiden zijn zonder gescheiden te worden in de zeker niet probleemloze eenheid van woorddienst en daaddienst en alle betrokkenen te leven uit en te doenen onder hét Woord" (CGKN, 1983:145, 147).

Met hulle toespitsing op *dabar* het die DBZ besin oor die verhouding tussen Woord- en daadverkondiging in die sending (CGKN-argief, IB, 1981:598). Aangesien hierdie vraag reeds herhaaldelik aan die orde was, is die leidende vraag of *dabar* beide Woord én daad beteken en as eenheid gesien moet word. Uit die eksegetiese besinning blyk dit wel dat Woord en daad 'n onafskeibare eenheid vorm, waarby die Woord as evangelie in die daad oorheers (CGKN-

argief, IB, 1981:602-603). Hiermee geld die kerk se opdrag om die Koninkryk met die Woord te verkondig en met die daad daaraan gestalte te gee, hoewel hierdie taak nie slegs tot die kerk beperk is nie (CGKN-argief, IB, 1981:602). Maatskaplike werk word as onlosmaaklike deel van sending in KwaNdebele beskou. Hier kan ’n mens dink aan kollekte wat gebruik word om die allerarmste gemeentelede van voedsel te voorsien, groentetuine wat by kerke aangelê word asook die oprig van kleuterskole en fasiliteite vir gestremde kinders (CGKN-argief, XIIG, 1996:2).

Volgens hierdie omskrywing gaan die CGKN se missionêre beleid wel uit van ’n woord- en daadbediening wat mense wil vorm en toerus om uit en volgens die Woord van God te leef. Die vraag is hoe dit gestalte moet kry, omdat gesoek moet word na die regte balans tussen “onderskeie, maar nie geskeie” (CGKN, 1983:145). Die CGKN is geïnspireer deur ’n lesing van prof. dr B.J. Oosterhoff oor die eenheidsverhouding tussen Woord en daad in die Hebreeuse woord *dabar* (CGKN-argief, Ib, 1981:598-603; Respondent A) asook die Siloam-hospitaal in die voormalige Venda. Gevolglik het ’n oortuiging ontstaan dat ’n Christelike hospitaal sou help om die verkondiging van die evangelie te tipeer as ’n omsien na die hele mens (Respondent A). Tog is die oprig van so ’n hospitaal deur sendelinge, volgens Respondent A, deur die deputate van die CGKN om twee redes verbied: eerstens ’n finansiële oogpunt, omdat KwaNdebele reeds oor ’n hospitaal beskik het; tweedens is sendelinge se taak om die Woord, die evangelie, verbaal te verkondig en “niet diaconaat. Daden stonden hier los van” (Respondent A). In hierdie uitgangspunt sou ’n mens nie teologiese fundering van integrale *missio Dei*-bediening kon vind nie en sou so ’n motief lig kon werp op die vraag hoe so ’n missionêre beleid prakties gestalte moet kry. ’n Verdere vraag is waarom daar benewens verkondiging slegs aan hospitale gedink word en nie breër nie?

Na aanleiding van J.J. Kritzinger se boek *Die onvoltooide sendingstaak in Noord- en Oos-Transvaal,* bespreek die DBZ die verhouding tussen “kerugma”, “koinonia” en “diakonia” in die sending. Die argument is dat waar kerugma “gehoor vindt op het zendingsveld” (CGKN-argief, Ie, 1986:814) ontstaan koinonia, of gemeenskap van die heiliges met mekaar, maar ook met die wêreld, wat nie sonder diakonia kan geskied nie. Hoewel die sinode die integrale afhanklikheid van hierdie drie kernaspekte uitwys, werk hulle dit nie verder uit en bring dit in verband met die visie en beleid vir die sending in KwaNdebele nie. In dieselfde asem wys die sinode die nood binne die Afrika Onafhanklike Kerke uit wat betref die Sionistekerke en die Pinksterkerke, as heidendom vermeng met christendom en oppervlakkige bekering, waar leierskap die grootste probleem uitmaak (CGKN-argief, Ie, 1986:814). Maar hieruit vloei nie ’n integrale visie en beleid voort nie.

In die lig van dieselfde bespreking het die apartheidsproblematiek die CGKN voor 'n dilemma geplaas in hulle keuse vir samewerking: met die blanke sinode van die GKSA, met die swart sinode van die GKSA, of albei en berekening van die gevolge. So toon die DBZ onbegrip vir die Gereformeerde Kerk Groblersdal wat apartheid ondersteun, maar toegeeflik reageer op en begrip toon vir die besnydenisskool se bedrywighede in KwaNdebele (CGKN-argief, VIg, 1985:54). Enersyds wys die verslae uit dat die CGKN wel 'n oog vir die geestelike en maatskaplike nood van die inwoners van KwaNdebele gehad het. Andersyds het die vorige bedeling van apartheid 'n deeglike uitvoering van "kerugma", "koinonia" en "diakonia" erg bemoeilik (CGKN-argief, Ie, 1986:814-815). Weens die druk van apartheid is die eenheid wat bely is "weinig in daden omgezet" (CGKN-argief, XIVb, 1985:8). Dit is duidelik dat die DBZ gesoek het na die beste manier om met die evangelie integraal tot seën van KwaNdebele te dien, sonder om die apartheidbeleid teen te staan en daardeur die risiko te loop dat die sendingwerk in KwaNdebele van regeringskant tot 'n einde gebring is.

Integrale sending kom soms voor moeilike dilemmas te staan. Terwyl die prinsipiële Bybelse lyne duidelik is, kan dit vir 'n buitelandse sturende kerk uiters verwikkelde omstandighede behels. Die rede is dat hulle die konteks waarbinne hulle sending doen meer objektief as die plaaslike inwoners beskou – in hierdie geval die blankes en die swartes tydens apartheid. Gevolglik kan so 'n sendingstrategie onbegrip én simpatie, moontlikhede en onmoontlikhede na vore bring. Terwyl die sendelinge simpatie by die plaaslike KwaNdebeles oproep met hulle apolitiese ingesteldheid, is hulle wel afhanklik van die geldige regeringsbeleid wat sendelinge onder druk kan plaas en selfs met uitsetting kan bedreig.

### 3.3.3 Soeke na die balans

In die CGKN se soeke na die balans tussen Woord en daad volg 'n besinning waarin die fokus geval het op die verband tussen God as Oorsprong van sending en die uitwerking van hierdie beginsel in die praktyk. Dit was 'n wesenlike strewe, maar die verslae toon ook aan dat die praktiese uitwerking nie met 'n bespreking oor beginsels opgelos kan word nie. 'n Bespreking oor beginsels en insigte wat daaruit volg, verloor krag wanneer die gevolge van praktiese oplossings nie deurdink word nie en té maklik aan 'n prinsipiële onderbou verbind word. In 'n b*eleidsnota* van 1992 word sending gestel as "een activiteit van God", maar ook met 'n Bybelse onderbou. *Missio Dei* word nie letterlik genoem nie, maar dit blyk uit die Trinitariese verankering van sending (CGKN-argief, XIVa,1992:2-3). Die kerk se sendingopdrag word gebaseer op Matteus 28:18-20, terwyl die doel van sending uitgewerk word (CGKN-argief, XIVa,1992:3-5).

Relevant vir die Navorsingsvraag is dat die CGKN wel stel dat die doel van getuienis oor die evangelie is om mense tot daadwerklike gehoorsaamheid te bring, waarby kennis in die praktyk

behoort grond te vat, met verwysing na Matteus 5 – 7, en dus ook die etiek raak (CGKN-argief, XIVa,1992:3-4). Die beleidsnota fokus sterk op die sendingsopdrag wat getuienis oor God se dade beoog, en waarby die opstanding van Jesus sterk beklemtoon word (CGKN-argief, XIVa,1992:4,5). Die vraag op wie sending gerig is, word onder meer beantwoord deur te bevestig dat sending "niet alleen op het hart van de zondaar" gerig is nie, maar op die "totale mens" (CGKN-argief, XIVa,1992:6). As onderbou hiervoor word verwys na die volgende Bybelgedeeltes: Matteus 5:3-12; Lukas 4:18-19; 6:20-26; 9:36, Psalm 72:12-14; 146:5-9. Hieruit kom die CGKN tot die slotsom dat sending nie net 'n oog behoort te hê vir mense se geestelike nood nie, maar ook vir hulle materiële nood, sodat Woord en daad in die verkondiging saamgaan (CGKN-argief, XIVa, 1992:6).

Die beleidsnota beklemtoon dat sendingstrategie Woord en daad nie net tot mediese hulp mag beperk nie. Dit behoort ook op onderwys, landbou, ekonomie en maatskaplike vorming gerig te wees (CGKN-argief, 1992:6). Die beleidsnota wys egter hierby dat sending op die verspreiding van die evangelie onder die heidene gerig is. Gevolglik hoort die bogenoemde praktiese sake tuis by Deputaten Hulpverlening in Binnen- en Buitenland met as motivering "het oog op de verkondiging 'metterdaad' in die zendingsgebieden" (CGKN-argief, XIVa, 1992:6).

Die vraag is of hierdie onderskeid wel tot 'n onbedoelde maar daadwerklike skeiding van Woord en daad kan lei. Is hierdie onderskeid slegs suiwer prakties of getuig dit van 'n onvermoë om Woord en daad as sendingwerk binne die *missio Dei*-perspektief te integreer? Antwoorde op hierdie vrae kan helderheid bied op die visie rakende holistiese sending, maar moontlik ook ingrypende veranderings bring in die manier waarop die CGKN sendingwerk verrig.

### 3.3.4 Dualisme ingedra?

Aan die een kant is dit duidelik dat die CGKN die eenheid tussen Woord en daad handhaaf. Tog neig dit aan die ander kant na 'n dualisme wanneer die DBZ daarop wys dat "zending principieel kerugma en diakonia, Woord en daad, omvat" (CGKN-argief, Ie, 1986:814), maar met twee deputaatskappe werk: die DBZ en Deputaten Hulpverlening. Die dualisme blyk daaruit dat laasgenoemde deputaatskap vir die diakonale en finansiële hulp sorg en die DBZ fokus op gemeentestigting en gemeentebou. Die gevolg is dat "overleg" tussen die twee rolspelers nodig is en 'n "herziene overlegstructuur" aanbeveel word (CGKN, 1988:185). Dit is duidelik dat die CGKN sterk in die sin van strukture dink, terwyl dit die vraag oproep of swart Suid-Afrikaners uit hulle kultuur hierdie struktuurgerigte denke verstaan en doeltreffend daarvolgens kan optree. So byvoorbeeld stel die DBZ strukture voor om die verhoudings op die sendingveld gesond te hou, maar wil self daarteen waak om Nederlandse strukture op KwaNdebele oor te plant (Procee, 1996:2). Die behoefte aan kontekstualisering is hier relevant.

Sodoende ontstaan twee bene in die sendingaksie, naamlik *verkondiging* en praktiese *hulpverlening.* Hoewel die redes vir die splitsing pragmaties is: ter wille van oorsigtelikheid (Respondent C), kan hierdie tweedeling die gevaar van dualisme of 'n tweesporebeleid in die hand werk deur langs mekaar in plaas van geïntegreer te opereer. Dit is egter insiggewend dat die apostels volgens Handelinge 6:2 dieselfde onderskeid gehandhaaf het tussen verkondiging en barmhartigheid. Hoewel die CGKN die eenheid tussen Woord en daad kernagtig verwoord, wek hulle wel die indruk dat hierdie motief nie 'n geïntegreerde geheel met die visie op sending vorm nie. Die rede is duidelik: Hierdie motief word nie verder uitgewerk en integraal veranker nie. Dit blyk ook daaruit dat dissipelmaking (sien ook die hantering van Dissipelmaking, *matheteuoo,* in 2.5.14) as doel gestel (CGKN, 2001:468), maar nie verklaar en verder uitgewerk word nie. Die verhouding Woord en daad enersyds en dissipelmaking andersyds is dus nie duidelik nie. Sodoende gaan 'n langtermynmotivering vanuit die *imago Dei* verlore wat gerig is op 'n nuwe geïntegreerde lewe in en deur Jesus Christus met die oog op die toekoms (eskatologie).

Dit is dus nodig dat die CGKN se visie op Woord- en daadbediening integraal vanuit die *missio Dei*-perspektief gefundeer word. So sal dit 'n werkbare missionêre model daarstel wat helderheid vir Woord-en daadsending bied. 'n Duidelik begronde, geformuleerde Bybelse visie is nodig op integrale sending in KwaNdebele gepaardgaande met doelstellings, strategieë en uitvoerbare beleid. So 'n visie kan hande en voete gee aan werkbare geïntegreerde strukture vir Woord-en daadsending, terwyl dit ruimte bied vir sendelinge om hulle eie karakter en gawe daarop te stempel.

In die proses wat sendelinge in KwaNdebele versorging en bediening van gestremde kinders begin behartig het, het die CGKN mettertyd ontdek dat sending en hulpverlening baie naby aan mekaar lê. Volgens Respondent A het hierdie bediening daartoe gelei dat daar tans in KwaNdebele drie groot institute vir sodanige versorging is. Die Gereformeerde kerke het hierdeur ook 'n goeie naam in die gebied gekry. Hierdie ontdekking deur die CGKN toon aan dat 'n deeglike teologiese grondslag van bediening deur Woord en daad volgens die *missio Dei*-perspektief tot vroeg in die 21ste eeu ontbreek het: "Het werk beïnvloedt elkaar en gaat samen in de liefde van Christus" (CGKN, 2001:445). Tog het die CGKN steeds die tweedeling beklemtoon deur verkondiging en praktiese bediening los te maak, of minstens te onderskei (Affrourtit-Bouterse, 1994:83).

Wanneer die twee lyne kruis en ineenvloei, veroorsaak dit verwarring in die uitvoer daarvan. Hoewel hierdie benadering om onderskeid te tref aansluit by Handelinge 6:2 waar verkondiging en diakonaat onderskei word, word 'n visie op die bogenoemde duidelike integrale bediening gemis. 'n Ander geval is wanneer die CGKN kennis neem dat misdaad in KwaNdebele toeneem

en spanning waarneembaar is, omdat mense steeds duideliker merk dat die evangelie besliste keuses van hulle verg (CGKN, 2001:446). Uit die *missio Dei*-perspektief kan hierdie verwikkelings beskou word as konkrete aanwysing en aanleiding vir integrale Woord en daadbediening. Indien reeds ’n grondslag gelê is behoort só ’n besef daartoe te lei dat die “hoof en hart” oorvloei in “die hande”, met die gevolg dat ’n geïntegreerde benadering van “hoof, hart en hande” ontstaan. Die vraag wat die CGKN dan moet help beantwoord, is wat die Bybel byvoorbeeld oor misdaad leer en hoe mense hierdie aanwysings in die praktyk kan uitwerk. Sodoende begelei die Woord van God die onderskeie aspekte van die mens se lewe. In hierdie opsig verwys die huidige studie na sending “met hart, mond en hande”.

### 3.3.5 Alle terreine

Binne die CGKN het enkelinge wel nagedink oor sodanige integrale Woordverkondiging wat op die onderskeie vlakke van die lewe deurwerk, juis omdat hulle die behoefte aan inklusiewe verkondiging in Suid-Afrika onderskryf het. Volgens Van Langevelde (1989:128-129) word algemeen erken dat Christene in Afrika geneig is om hulle godsdiens te beperk tot verlossing van die siel en die ewige lewe in die hemel. Hy skryf dit toe aan die Rooms-Katolieke skeiding van natuur en genade asook die invloed van die Piëtisme. Die gevolg is dat dit lei tot “velen baby's in het geloof” en die Woord dus geen reformerende uitwerking op die samelewing het nie (1989:128). So ’n reformerende (of omvormende) uitwerking behoort Christus se heerskappy deur die Woord te laat uitwerk op mense se onderskeie lewensterreine, soos hulle daaglikse werk, sosio-ekonomiese bestel, politieke en kultuur. Hy begryp die vernuwing van hierdie lewe tereg binne die perspektief van die toekomstige verlossing. Hierin sou die Christelike kultuur in Afrika op meer as net geestelike probleme moet inspeel, soos gesondheid, opvoeding en welsyn. Sodoende sal die boodskap van verlossing in die verskillende dimensies klink. Dit sal onbybelse leefwyses en strukture kan reformeer deur aktief gestalte te gee aan Christelike rentmeesterskap binne daardie konteks. Die kerk behoort ’n helder uitsig te hê op die probleme soos hongersnood en sosiale ontwrigting, omdat die kerk en sending, hoewel met goeie bedoelings, bygedra het tot die ontstaan van hierdie probleme (Van Niekerk, 1989:48).

Daar is dus tereg binne die CGKN gepleit vir sodanige wesenlik integrale reformatoriese Woordverkondiging. Daarom roep dit nog meer die vraag op: Waarom het die CGKN in daardie omstandighede geen visie en beleid vir integrale missionêre werk geformuleer nie? Dit wil dus voorkom of bogenoemde siening die mening was van indiwiduele sendelinge binne die CGKN. Die redes was dat deputate by die uitstuur van sendelinge geen duidelike visie en taakomskrywing aan hulle gegee het nie, soos Respondent A bevestig, behalwe “voor toerusting van kadermensen (de tweede fase in het zendingswerk), maar welke visie daarachter

zat en hoe dat gedaan moest worden daarover kwam geen duidelijkheid". Dit was nodig dat hierdie respondent daar en dan ingelig moes wees oor wat sy taak behels.

Sterker nog, kan saam met Van Niekerk gevra word waarom die Christelike sendelinge hulle soveel beperk het tot evangelisering en mediese hulp, en nie ander lewensterreine daarby betrek het nie. Hoekom het hulle bediening nie ook op die volgende sake gefokus nie: onderwys, landbou vir voedselvoorsiening, werkloosheid (ekonomie), maatskaplike en sielkundige versorging, kindersorg, behuising en regshulp? Waar dit wel aandag ontvang het, kan 'n mens eerder van beskeie pogings praat wat nie werklik uitgegroei het tot "een machtige beweging" nie (Van Niekerk, 1989:41).

### 3.3.6 Diensbaarheid

Gaandeweg het die CGKN wel die aspek van diensbaarheid in die nuwe lewe in Christus as doel van die verkondiging uitgewys. Hierdie is 'n wesenlike toevoeging met 'n stewige verankering in die Bybel in geheel, soos dit uitgewerk en aangetoon is in die woordstudie in Hoofstuk 2. Verkondiging lei, volgens die CGKN, daartoe dat "we in nieuwheid van het leven wandelen in gemeenschap met Hem die ons heeft uitgeleid uit het diensthuis van zonde en dood" (2001:468). Mense word vir die koninkryk van God gewen en toegerus om in hierdie koninkryk te dien en die gemeente uit te bou (CGKN, 2001:469). Die verkondiging van die evangelie het alles te maak met die behoud van mense, met hulle toerusting tot 'n lewe in diens van God, sodat die koninkryk sigbaar kan word (CGKN, 2001:470). Met verwysing na Voetius wat sendingwerk sien as *salvation* (redding), *plantatio* (inlywing) en *glorificatio* (verheerliking) kom die CGKN tot die slotsom "dat zending en dienstbetoon niet los van elkaar staan" (2001:471). Die CGKN benadruk hiermee 'n wesenskenmerk van die koninkryk van God wat die mens oproep tot diensbaarheid in navolging van Christus wat gesê het dat Hy gekom het om te dien. Die oproep is om Christus en ook mekaar te dien.

Die CGKN werk egter nie hierdie kernbeginsels verder uit in 'n volwaardige *beleid* vir geïntegreerde bediening nie. Die vraag is immers: Wat word in die praktiese lewe van KwaNdebele onder diensbaarheid verstaan? Hieruit volg verdere vrae. Is dit intern op die gemeentelike lewe gerig of ook op die gemeenskap en die samelewing in die geheel? Hoe moet die vormingswerk hierop inspeel? Die verwysing na 'n nuwe lewe in diens van God en die gevolge daarvan vir die persoon self, die gemeenskap en samelewing is ingrypend. Tog word dit nie verduidelik nie (sien die hantering van *shalom* (sien 2.5.6) en *diakonia* (sien 2.5.10). 'n Duidelike beeld ontbreek oor hoe die bediening en verkondiging in hierdie opsig daaruit behoort te sien.

*As korrektief hierop kan ’n integrale visie volgens die missio Dei-perspektief op sodanige verkondiging en ’n nuwe lewe, die grondslag lê vir ’n dinamiese en kragtige bediening, omdat so ’n bediening dan helder veranker en Bybels verwoord is.*

Die CKN wys wel daarop dat Christus in die tekens en wonders wat Hy verrig, die werklikheid van God en die aanwesigheid van sy Ryk laat sien. Hierby moet genoem word dat God die kerk as instrument gebruik om met woorde en dade as’t ware ’n verlengstuk van hierdie doelstelling van Christus te wees. Anders gestel, dat die kerk God se koninkryk in woorde en dade en in navolging van Christus sigbaar moet maak.

In ’n reeks Bybelstudies fokus die CGKN op die opbou van die diakonaal missionêre taak van die gemeente (Last & Drayer, 2005:1-32). Deur verskillende tekste te bespreek, word die noodsaaklike eenheid van Woord en daad in die Bybel aangedui. Samevattend is die redenasie: “Aangezien Woord en daad niet van elkaar te scheiden zijn, behoort ook de christelijke handreiking in barmhartigheid onlosmakelijk deel te zijn van de missionaire opdracht” (Last & Drayer, 2005:2). Die kerk behoort deur woorde en die lidmate se lewe in die wêreld te getuig. Dit veronderstel dat die gemeente in hulle omgewing ’n voorbeeld moet wees wat deur woorde getuig (Last & Drayer, 2005:10). Die Bybelstudies verduidelik die verhouding tussen die evangelie en sosiale verantwoordelikheid onder die gedagte dat ’n honger maag nie ore het nie, uit Handelinge 9:36-42 (Last & Drayer, 2005:18-19). Hierdie verhouding is ’n gelyke verbintenis waarby dade beskou word as woorde-in-aksie, en nie ’n “opstapje om aan het ‘eigenlijke’, de Woordverkondiging, toe te kunnen komen” nie.

Woord en daad word aangedui as gehoorsaamheid aan die liefdesgebod waarby die evangelie nie teorie is wat losstaan van iemand se lewensomstandighede nie, maar daardie persoon se lewe juis verander en vernuwe (Last & Drayer, 2005:19,23). Hierby is dit noodsaaklik dat ’n integrale eenheid gehandhaaf word tussen die kwalitatiewe en kwantitatiewe opbou en groei van die gemeente (Last & Drayer, 2005:32). Uit die Acta van die CGKN blyk egter nie wat die CGKN se doel en strategie was om die sendingwerk in KwaNdebele volgens hierdie beginsels (die gelyke verhouding tussen Woord en daad) toe te pas nie. Hierdie standpunte van Last en Drayer se Bybelstudies is nie uitgewerk in die CGKN se visie, beleid en strategie vir die sending in KwaNdebele nie. Nadat sendelinge se bediening in KwaNdebele aktief beëindig is, het die CGKN nie hulle beleid asook die uitwerking van die integrasie van Woord en daad in KwaNdebele krities geëvalueer nie.

### 3.3.7 Samevattend

Samevattend kan gestel word dat die kerk God se instrument is om sy Woord integraal met woorde en dade te leef en te verkondig. So word God verheerlik deurdat die mense persoonlik én die gemeenskap in geheel hierdeur bevoordeel word. Die CGKN maak dit duidelik dat Woord en daad bymekaar hoort. Hulle poog ook om dit te integreer (CGKN, 1995:393), soos in die samewerking tussen die DBZ en Deputaten Hulpverlening. Nogtans het die CGKN nie hierdie eenheid van Woord en daad uitdruklik teologies begrond en integraal uitgewerk in 'n duidelike Bybelse visie uit die *missio Dei*-perspektief en gepaardgaande strategiese aanpak nie. Die gevolg is dat die poging om Woord en daad te koppel en tog te onderskei tot verwarring lei. Daarby is die oogpunt oppervlakkig en daar is nie 'n merkbare sentrale lyn oor geïntegreerde sending in so 'n strategie nie. Woord en daad, moet (soos uit Hoofstuk 2 blyk), duidelik teologies gefundeer en uitgewerk word. Sodoende moet dit in die volgende aspekte begrond wees: in God se eie-aard, doel en optrede, in die skepping, in Christus, die Heilige Gees, die kerk en die eskatologie. Met so 'n begronding ontstaan 'n omvattende en geïntegreerde visie en aanpak waaruit beleid en strategieë vasgestel kan word wat tegelyk ook op die konteks afgestem is.

Die Sendelinge het elkeen min of meer uit die bogenoemde visie van die CGKN te werk gegaan, terwyl hulle wel die ruimte gegun is om uit 'n eie visie te opereer. Hierdie benadering het aantoonbare sterk- en swakpunte wat juis verwarring meebring indien 'n eenduidige Bybelse grondslag en gevolglike visie, strategieë en beleid ontbreek.

## 3.4 Toerusting en vorming: Bybelskool

In hierdie hoofstuk word aandag gegee aan die CGKN se fokus op onderrig en vorming in Kwa-Ndebele en die ontwikkeling daarvan (gebaseer op 'n eenvoudige doelstelling) tot twee Bybelskoolinstitute. Die vraag na die integrasie van Woord en daad word dus hier van die konteks afgelees.

### 3.4.1 Bybelonderwys in die lig van missio Dei

Die een doelstelling van die CGKN se sendingsbenadering is Bybelonderwys wat daarop gemik is om kerkleiers toe te rus en te vorm om die Bybelse boodskap deur te gee.

#### 3.4.1.1 Sendingsvisie: toerusting en vorming

Eers volg 'n kort oorsig oor die belangrikste besluite wat die CGKN geneem het oor toerusting en vorming in KwaNdebele.

Die CGKN se sendingsvisie het toerusting en vorming van kerkleiers in KwaNdebele ingesluit en is gemotiveer deur "vormingswerk met gereformeerde signatuur is van grote betekenis". Dit was gemik op leiers van Onafhanklike Kerke, in die lig van die groot aantal sinkretistiese kerke (CGKN, 1983:160; CGKN-argief, VIi, 1986:5) en tekort aan ampsdraers om goeie leiding te kon gee (CGKN, 1998:401). Nederlandse sendelinge het plaaslike evangeliste en ampsdraers opgelei deur Bybelstudie, kennis van die Belydenisgeskrifte en die kerkgeskiedenis (CGKN, 1992:157). Die vorming was om die Bybel te lees en die Bybelse boodskap aan ander deur te gee (CGKN-argief, VIIIf, 19901:119).

Die CGKN se beleid van die begin af was dat Mukhanyo onderrig uit 'n gereformeerde agtergrond verskaf, "maar geen onderwys in de gereformeerde leer" bied nie, omdat dit die leiers van die Onafhanklike Kerke sou kon vervreem (CGKN-argief, XIIi, 1997:2; XVIIIb, 1997:31; XIII, 1999:91; XXXIII, 2004:2; LII, 2012:2).

Die oprigting van die Mukhanyo Bybelskool (MBS) se doel was om leiers van die Onafhanklike Kerke deur kursusse te leer Bybel lees en die Bybel te kan uitlê. Wanneer hulle dus 'n oog en hart vir die evangelie kry, kon hulle dit aan die gemeentelede oordra (CGKN, 1988:170; 1996:385-386, 399; CGKN-argief, VIIIdii, 1990:1). Die stigtingsakte van die MBS het die volgende as doelstelling geopper: om die KwaNdebele se Raad van Kerke tegemoet te kom deur hulle kerkleiers vir hulle arbeid toe te rus (Anon 2, s.a.b.:s.l.). Die Bybelskool sou ook die GKK-gemeentes en lede van die KwaNdebele bevolking oplei (CGKN-argief, VIIIdii, 1990:2).

Die leerplan van die Mukhanyo Bible School het in daardie tyd bestaan uit 'n inleiding in die Bybel en bestudering van Bybelboeke asook onderwerpe soos gebed, lewe in Christus, die Christelike huisgesin en die werk van die ouderling (CGKN, 2001:444). Tog het die CGKN geworstel met die vraag oor watter beleid gevoer moet word: Moet die CGKN self sending doen of moet die hoofaktiwiteit op die Bybelskool gerig wees? (CGKN-argief, VIe, 1984:40). Indien 'n mens dit uit 'n integrale perspektief beskou, kan 'n Bybelskool self sending wees en is dit vreemd dat die CGKN die twee aspekte teenoor mekaar gestel het.

Die aanstelling en opleiding van plaaslike evangeliste het voorrang geniet, omdat die CGKN se visie was dat die kerk in KwaNdebele so gou moontlik selfstandig moes word (CGKN-argief, VIIIe, 1990:111; XC, 1993:2; XD;1993:190; XVIa, 1993:2). Hoewel sending se doel wel as kerkvorming beskou is, het die Bybelskool die sending geleentheid gebied om "allerlei meer of minder onduidelijke groepen" te bereik (CGKN-argief, VIh, 1986:66). Die "onbereikbare heidendom" sou dus so deur die Bybelskool aangepak kon word (CGKN-argief, VIi, 1986:5). Die Bybelskool is gevolglik as sendingwerk beskou (CGKN-argief, VIk, 1986:16). Tog ontbreek daar eensgesindheid oor die visie op die Bybelskool (CGKN-argief, VIj, 1986:9). Benewens die

MBS ontstaan daar later ook die Mukhanyo Theological College (MTC) wat afsonderlik in 'n onderafdeling hier onder bespreek sal word.

Die DBZ het besef dat die MBS se opleiding ook tot 'n hoër vlak gelig moet word en het dit soos volg gemotiveer:

> In maart 1991 besloten de Zendingsdeputaten van de Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland: 4. dat het lesprograma van Mukhanyo in een nieuwe vorm zo spoedig mogelijk na indiensttreding van ds. Buys wordt vastgesteld, waarbij voor de cursussen voor gevorderden bezien dient te worden:
>
> a) welke mogelijkheden er zijn die cursussen gecentraliseerd te geven en
>
> b) in hoeverre daarvoor gebruik gemaakt kan worden van het materiaal van anderen (bv. T.T.I.).
>
> c) welke mogelijkheden er zijn om te komen tot een erkenning van de kurikulum voor gevorderden door de Universiteit van Potchefstroom (Buys, 2004:1).

Die CGKN het wel met vreugde kennis geneem van die "wye erkenning" wat die BA-kursus (Teologie) geniet het (CGKN-argief, XIId, 1997:50). Die stigting van MTC het hieruit voortgespruit (hieroor later meer).

Gemeentebou is as verdere doel gestel en deur een sendeling gehanteer (CGKN, 1995:385,386), hoewel die CGKN nie duidelik verwoord het wat hulle hieronder verstaan nie.

Die gedesentraliseerde en die gesentraliseerde Mukhanyo Bybelskool se onderrig was gefokus op die leiers en lede van die Onafhanklike Kerke. Dit het beoog om op hulle vlak aan te sluit en daardie vlak te probeer verhoog sodat hulle "in een ander opleiding kunnen inschuiven" (CGKN-argief, XIf, 1995:1). Die uitsluitlike gerigtheid op die Onafhanklike Kerke is egter betwis deurdat die Bybelskool self bevestig het dat hulle gefokus het "op Inheemse Kerke in Afrika (CGKN-argief, Ic) wat ruimte bied vir die Onafhanklike sowel as ander kerke" (CGKN-argief, XIIh, 1997:2-3).

Uit hierdie voorafgaande voëlvlug blyk dat die CGKN se aanvanklike eenvoudige doel – om kerkleiers te leer Bybel lees as toerusting en vorming – dinamies en multidissiplinêr ontwikkel het. Hieruit blyk dat die integrasie van Woord en daad vooraf nie eenduidig geskied nie en dus verskillende vlakke kan toon. Die sturende kerk lewer 'n positiewe bydrae deur ruimte te bied dat die oorspronklike doelstelling aangepas kan word. Sodanige plooibaarheid en

die inspeel op die verskillende behoeftes op onderwysgebied verg ’n holistiese en ’n integrale benadering tot onderrig.

#### 3.4.1.2 Gereformeerde waarheid aan Onafhanklike Kerkleiers

Die Bybelskool is beskou as geleentheid om die gereformeerde waarheid uit te dra aan kerkleiers by wie die meeste “voldoende scholing” ontbreek, waar hulle hul skaam oor die gebrek aan onderwysopleiding, maar hieroor ook bedreig voel in hulle posisie as kerkleier (CGKN-argief, VId, 1983:31; CGKN-argief, VIj, 1986:10). Ook die destydse eerste minister van KwaNdebele, Simon Skosana (1977-1986), het daarop gewys dat daar té veel charismatiese kerkleiers sonder enige opleiding of toerusting is en dat vir die toekoms van KwaNdebele opgeleide en toegeruste kerkleiers nodig is (CGKN-argief, IIc, 1984:733; IId, 1986:5). Vir die geestelike ontwikkeling van KwaNdebele en vir die uitvoering van die CGKN se missionêre opdrag sou ’n Bybelskool dus van wesenlike belang wees (CGKN-argief, Vb, 1990:254). In hierdie onderrig kon die Bybel as die onfeilbare en betroubare Woord van God as grondslag dien én die Bybelse “grondlijnen voor de geloofsleer en het christelijke leven” (CGKN-argief, Id, 1985:760) kon geld. Sodoende kon die inhoud van die geloof onderrig word sonder om die term “belydenis” te gebruik wat vir die Onafhanklike Kerke ’n onbekende term is en hulle waarskynlik sou kon afskrik.

Die doelstelling om leiers van Onafhanklike Kerke, ampsdraers en lidmate binne KwaNdebele toe te rus (CGKN, 1983:149-150; 1986:118-119; Last, 1995:2) getuig wel van integrale denke. Die rede is voor die handliggend: Die CGKN wil verder en breër uitreik as die gereformeerde gesindes. Dit wil nie beperk wees tot hulle eie kerkverband nie en wil die vorming van kerkleiers laat deurwerk in die gemeentes, hulle daaglikse lewe en die samelewing. Die doel is om leiers deur gesonde persoonlike verhoudings, opleiding en praktiese leiding toe te rus om in hulle eie gemeentes en gemeenskappe die Bybelse insigte wat hulle verwerf het, gefundeerd te verkondig en toe te pas (CGKN, 1998:402). Sodoende verseker dit ’n groter reikwydte en uitwerking van die bediening. In hierdie opsig kan ’n mens wel van integrale missionêre toerusting praat, omdat dit gemeenskappe van binne-uit, vanuit die eie taal en kultuur, kan vorm en skool.

Die CGKN het nie uitdruklik vasgestel wat die inhoudelike Bybelse onderrig moes inhou, of wat die teologiese fundering behels nie; ook nie hoe die integrale toepassing volgens die *missio Dei*-perspektief moes geskied nie. Nogtans het hulle sorg gedra dat die inhoudelike leer van die twee Mukhanyo's nie in ’n gereformeerde opleiding ontaard nie, omdat dit studente uit die Onafhanklike Kerke sou kon afskrik (CGKN-argief, XVIIIb, 1999:2). Die CGKN begrond en motiveer egter nie die argument agter hierdie standpunt verder nie, met die gevolg dat die

logika agter hierdie redenering ontbreek. Gesien teen die agtergrond van die CGKN se besluit: “vormingswerk met gereformeerde signatuur is van grote betekenis" vir leiers van Onafhanklike Kerke (CGKN, 1983:160), lyk hierdie standpunt teenstrydig. Die indruk ontstaan dat gereformeerd-wees ’n Westerse filter is wat nie op ander kontinente en binne verskillende kulture toepasbaar is nie.

Dit laat ook ander vrae onbeantwoord, soos wat die reikwydte en invloed van die “leer Bybel lees” sou wees op diegene wat deur hierdie leiers bereik is. Of: Het die CGKN die fundering en toepassing van die Bybelse onderrig aan die sendelinge oorgelaat? Hierdie vrae word bevestig deur die feit dat daar tussen die sendelinge onderling ’n meningsverskil was oor die visie op die aanpak van die (gesamentlike) sendingswerk (CGKN, 1988:171). Een siening het beklemtoon dat kerkstigting, gemeentebou én “kadervorming” nodig is, terwyl kerkstigting volgens ’n ander siening voldoende was (CGKN, 1988:185). Hierdie verskil van mening roep vrae op oor die CGKN se teologiese grondslag wat as basis moes dien vir die benadering en uitvoering van hierdie beleid.

#### 3.4.1.3 Teorie en praktyk in die opleiding

Daar blyk nie eensgesindheid tussen die rolspelers oor die visie op die posisie van die Bybelskool nie (CGKN-argief, VIj, 1986:9). Die notules wy nie hieroor uit nie en gee nie verdere toeligting nie. Tog is die noodsaak geopper dat eenheid tussen die Bybelskool en die Churches Board moet heers, met die motivering dat dit oor die koninkryk van God gaan (CGKN-argief, VIj, 1986:10). Die belang van integrale bediening is ook onderstreep deurdat studente van die Bybelskool hulle prakties in die gemeentes van KwaNdebele moes gaan verrig, omdat “lesgeven en praktijk/stage bij elkaar” hoort (CGKN-argief, VIj, 1986:10). Hierby is ook kritiek gelewer op die GKSA se Hammanskraalse teologiese opleiding wat die swart studente teoreties deeglik skool, maar die verbinding met die praktyk en kerkmense uit die oog verloor.

Hierdie is ’n wesenlike opmerking oor teologiese en Bybelopleiding van predikante en ander kerkleiers in sendinggebiede waar teorie en praktyk met mekaar verbind word. Juis hierdie benadering voed en versterk die integrasie van Woord en daad. Daarom behoort so ’n fokus werklikheid te word in die opleiding van alle teologiese studente, ook waar kerke tradisioneel lank reeds bestaan.

Hiermee is nog nie alles gesê nie, omdat daar ’n teenstrydigheid is. Al het die CGKN uitdruklik bevestig dat teorie en praktyk integraal is, het hulle dit ook duidelik gestel dat-in-diens-opleiding nie voltyds aangebied kan word nie, omdat deelnemers dan aan die werk ontrek word (CGKN-argief, VIk, 1986:16). Die kerkleiers moet veral die Bybel kan lees om daardeur die gemeentes

uit die Woord te kan toerus (CGKN-argief, VIk, 1986:16). Die CGKN se mikpunt was om die onderwys eenvoudig en basies te hou. Die vraag is of die CGKN die inwoners se behoefte aan uitgebreider en selfs hoëvlak-onderwys onderskat het?

Al het die CGKN beweer dat teorie en praktyk bymekaar hoort, is hiervolgens tog gestel dat die Bybelskool se doel is om die Bybel te leer verstaan, met die gevolg dat “praktijkoefening” onhaalbaar is en nie hierby tuishoort nie (CGKN-argief, VIk, 1986:16). Die praktiese teologie behoort ook, volgens die CGKN, nie deel van hierdie proses uit te maak nie (CGKN-argief, VIk, 1986:16-17). Later is tog aanvaar dat die kursusgangers se vrae oor die praktyk wel beantwoord moet word, ook al verloop die lesprogram anders as wat die DBZ aanvanklik beplan het (CGKN-argief, VIIb, 1988:44).

Die praktiese situasie van werkende kerkleiers wat ook studeer, kan moontlik die rede vir hierdie teenstrydigheid wees. Dit kan dus daarop dui dat die CGKN juis gesoek het na die regte visie en benadering van ’n integrale bediening en opleiding. Die behoefte aan praktiese toepassing is nie weens onwilligheid of eensydige denke van die CGKN onderspeel nie. Dit blyk uit ’n opmerking dat heelwat aandag gegee behoort te word aan die toepassing van die skrifuitleg met die oog op die gemeentes: “geef hen preekstof!” (CGKN-argief, IVa, 1987:114; VII, 1988:52). Die gedagte was dat onderrig oor die praktyk van die verkondiging meer aandag behoort te kry deur preeksketse, sodat die prediking nouer aansluit by die lewe van die hoorders (CGKN-argief, VIIa, 1988:52). Die CGKN het dus daadwerklik gesoek na ’n onmisbare balans tussen teorie en praktyk om Woord en daad te verbind.

#### 3.4.1.4 Apartheid

Die sinodes van 1983 (CGKN, 1983:149) en 1986 (CGKN, 1986:133) was bekommerd oor die “gespannen politieke verhoudingen” in die KwaNdebele-gebied wat deur die tuislandbeleid veroorsaak is en het ’n oproep gedoen vir voorbede vir vrede en geregtigheid (CGKN, 1986:118, 133). Tog het hulle besluit om nie in die gemeentelike bediening en die Bybelskool in KwaNdebele aandag aan die onderwerpe vrede en geregtigheid te gee nie vanweë die ingewikkelde problematiek daarrondom. Van integrasie was wel sprake met die uitspraak dat ’n mens die politieke probleme nie los van die geestelike ontwikkeling van “de zwarte bevolking” kan beskou nie. Hierdie oortuiging is egter nie uitgewerk nie, omdat die sendingswerkers hulle van politieke uitsprake moes weerhou (CGKN, 1986:133-134). Daarby kon die deputate slegs kennis neem van die ellende wat apartheid teweeggebring het (Procee, 1996:3).

Sendelinge is deur deputate van die CGKN verbied om uitsprake oor byvoorbeeld apartheid te maak (Respondent A). In die lig van die woordstudie in Hoofstuk 2 is hierdie verbod van die

CGKN opvallend. Die integrasie van Woord en daad kom onmiskenbaar na vore in die Bybelse begrippe wat bespreek is, die missionêre benadering is teologies gefundeer en duidelike integrale missionêre lyne aangetoon. Hiervolgens sou die sendingbeleid in gehoorsaamheid aan die Woord van God beslis Bybelse "geregtigheid en vrede" in die vormingswerk moes insluit, sonder om politieke uitsprake te lewer. Hieruit blyk die profeties getuigende taak van die kerk, ook in moeilike omstandighede. Kruger (1989:31) bevestig hierdie gedagte: Dit sou onbegryplik wees dat profete hulle van die tuislandbeleid onttrek, terwyl dit hulle taak is om duidelik te maak waar hulle lojaliteit lê. Die DBZ se oorweging om moontlik slegs kursusse op lae vlak aan te bied, is deur die swart gemeenskap as voortsetting van apartheid beleef. Die rede is dat hulle sodanige oorweging as vorm van etniese diskriminasie en selfs paternalisme ervaar het – so al of aan hulle voorgeskryf is met wie hulle moet saamwerk en dat hulle met minder tevrede moet wees (Buys, 1995a:12). Dus moes gesentraliseerde kursusse onder meer op ’n hoër vlak aangebied word, wat met deputate se eie gedagtes ooreengestem het (Buys, 1995c:4). Sodoende kan die opleiding van kerkleiers bydra tot die ontwikkeling en toerusting van die gemeenskap, wat tegelyk ’n antwoord en getuienis op die beleid van apartheid sou wees.

Uiteindelik is die vraag op watter manier die sturende kerke op daardie plek aanwesig is: "Getuigen we met Woord en daad van de heerschappij van de Almachtige?" (Kruger, 1989:31). Die mikpunt moet wees dat die sonde in die maatskaplike strukture aan die lig gebring word en die mense kan ontdek dat die verlossing nie in strukture nie, maar in Christus gevind word. Hoewel hierdie opmerking ’n pynlike ontdekking van die CGKN se besluit is om oor apartheid stil te bly, kan ’n nuanse ook gevind word in moontlikheid en onmoontlikheid. Die CGKN het hulle nie onttrek nie. Hulle was steeds verkondigend en dienend in Suid-Afrika aanwesig, ondanks die aanwesigheid van apartheid (Respondent C). Met ander woorde, dit wil nie daarop sinspeel dat die sendelinge apartheid kritiekloos aanvaar het nie. Jonkman en Jonkman (2013:8-9) lig die nuanserende en profetiese verwikkeldheid van hierdie praktiese spanningsvolle situasies toe. Hy skets die druk op sendelinge wat hulle pad tussen moontlikheid en onmoontlikheid moes vind. Tog, deur die profetiese getuienis te laat klink, het hulle steeds die wonder van die krag van die Woord van God en die krag van gebed vir vrede ervaar, met die gevolg dat hulle "bewaard zijn gebleven in een explosieve situatie".

In Hoofstuk 4 sal nader ondersoek ingestel word na die reaksies van die kerkleiers van KwaNdebele op die CGKN se besluit om geen uitsprake oor apartheid te lewer nie. Profetiese getuienis volgens die *missio Dei* is erg ingewikkeld en verg gehoorsaamheid en durf, maar ook geduld en wysheid in die spesifieke konteks. Dit is ook opvallend dat blanke sendelinge uit Suid-Afrika, soos Buys, Kruger, Van Niekerk, duidelik meer uitgesproke krities oor apartheid

was as die Nederlandse sendelinge. Die kritiek was veral oor die gevolge van hierdie beleid en die rol van die kerk daarin. Dit kan net wys hoe noodsaaklik en waardevol kontekstualisering kan wees.

Die Heilige Gees se rol is hierin onmisbaar. Lukose (2013:201-203, 208-209, 211) pleit na aanleiding van soortgelyke situasies in Indië met die Engelse kolonialisme vir die pneumatologiese fundering van kontekstuele missiologie. Slegs deur die leiding van die Heilige Gees kan 'n sendeling in verskillende omstandighede doeltreffend werk waar uiteenlopende vorms van nood aangespreek word. Die Heilige Gees bemagtig mense om in die geestelike en sosio-politiese omgewing op verandering te fokus, omdat dit gerig is op die welsyn van die gemeenskap. Lukose maak Westerse gereformeede sending bewus van die onmisbare versoenende en lewewekkende krag van die Heilige Gees in integrale sending, waarby gebed onmisbaar is.

#### 3.4.1.5 Verantwoordelikheid en betrokkenheid

Betreffende die CGKN se verhouding met Mukhanyo word die betrokke rolspelers geadviseer om onderskeid te tref tussen verantwoordelikheid en betrokkenheid. Hiermee word bedoel dat die CGKN verantwoordelikheid vir Mukhanyo kan en moet aanvaar, en dat ander plaaslike instansies betrokke kan wees en insette lewer, “maar kan nie werklik *verantwoordelikheid* vir Mukhanyo aanvaar nie” (CGKN-argief, XIVC:1990:bijlage 3 by 90/163:4).

Hiermee word ’n belangrike uitgangspunt vir integrale sending na vore gebring. Die gelykheidsbeginsel van vennootskappe veronderstel nie vanselfsprekend gelykheid in verantwoordelikheid en betrokkenheid nie. Anders gestel, deur onderskeid tussen verantwoordelikheid en betrokkenheid te tref, word die gelykheidsbeginsel nog nie aangetas nie. Uit ’n holistiese perspektief is hierdie onderskeid heeltemal verklaarbaar. Deur na 1 Korintiërs 12 te verwys, kan ’n mens hierdie benadering verklaar as die verskillende werkings en funksies van die gawes binne die liggaam van Christus. Hierby behoort die doel en strewe wel te wees dat diegene wat die verantwoordelikheid dra ook die betrokkenes oplei, begelei en toerus om self verantwoordelikheid te neem. In hierdie sin is daar nie slegs sprake van taakverdeling nie, maar juis integrasie van Woord en daad. Hierdie aspekte behoort onderdeel te wees van die visie op integrale sending.

Ondanks die tuislandbeleid het die CGKN missionêr in daardie gebied belê. Hulle werk was gerig op die gemeentes, randkerklikes en die Bybelskool. Dit roep weer die vraag op of die strewe na integrale bediening verder as die kerklike lewe gereik het, indien ’n mens dit uit ’n *missio Dei*-perspektief benader. Integrale bediening sou benewens bloot ’n oproep om

voorbede vir vrede en geregtigheid, ook in die bediening, vorming en toerusting aandag moet gee aan die Bybelse woord- en daadbeginsels (soos in Hoofstuk 2 bespreek is). Sodoende sou sendelinge die bevolking integraal uit die *missio Dei*-gedagte kon toe rus en begelei.

#### 3.4.1.6 'n Nuwe kategismus

'n Nuwe kategismus het evangeliste, kerkleiers en gemeentelede vanuit die Bybel begelei om daagliks in hulle eie kultuur volgens die Bybelse beginsels te leef. Hier kan gedink word aan sake soos voorouerverering, huweliksetiek, liefde en seks (CGKN, 2001:446). Die groot hoeveelheid dwalings binne die Onafhanklike Kerke behoort duidelike aandag, met die nodige takt, te ontvang (CGKN-argief, VIf, 1984:42). Die bearbeiding van kerkleiers het byvoorbeeld daartoe gelei dat een predikant van KwaNdebele tot die insig gekom het dat geloof in Jesus Christus nie gekoppel kan word aan voorouerverering nie (CGKN, 2001:445). Hierdie benadering bevestig dat die CGKN Bybelgetroue en Christus-gesentreerde Bybelonderrig aanbied wat integraal inwerk op die totale lewe van die volgelinge van Christus.

#### 3.4.1.7 Samevattend

Samevattend kan gestel word dat grondige Bybelse onderwys, vorming van leierskapvaardighede asook organisatoriese en bestuursvaardighede die doelstellings vir die sendingwerk in KwaNdebele uitmaak (CGKN, 2004:468). Hierin het die CGKN 'n eie stel missionêre doelstellings afgebaken wat op eie oortuigings en middels gefundeer is. Daardeur wil die CGKN uitvoering te gee aan die doelstelling om leiers en lidmate toe te rus en te vorm om die Woord van God met woorde en dade na te volg en na te leef.

### 3.4.2 Mukhanyo Bible School

Na aanleiding van die navorsingsvraag oor die verhouding tussen Woord en daad in die CGKN se sending binne KwaNdebele is min spesifieke inligting oor die MBS beskikbaar. Die rede is dat die MBS geen geformuleerde fokus gehad het om die integrale eenheid tussen Woord en daad te bevorder nie. In die woorde van MBS se direkteur was die eenvoudige doel: Kerkleiers en inwoners van KwaNdebele word "toegerust in het luisteren naar het Woord van God" en sodoende gehelp om die Bybel te verstaan (Buijs, 2013:7). Die doel was om ongeskoolde kerkleiers te leer Bybel lees. Die notule van die DBZ verwoord dit as tegemoetkoming van 'n versoek van die KwaNdebele Raad van Kerke om 'n Bybelskool op te rig waardeur hulle leer om die Bybel te verstaan en te hanteer. Die Bybel word as die Woord van God aanvaar en die Apostoliese Geloofsbelydenis druk as samevatting die Christelike geloof uit (CGKN-argief, IXd, 1993:1, bylae).

In hierdie notule is egter nie ’n visie op die integrasie van Woord en daad te vind nie, hoewel hierdie saak in beginsel wel onderdeel daarvan sou kon wees. Die bogenoemde doel van die MBS gee nie ’n duidelike beskrywing van die integrasie van hart, mond en hande nie. Dit dui ook nie aan of dit aanvaarbaar en verklaarbaar is dat integrale sending volgens die *missio Dei*-perspektief die ander vyf gereformeerde belydenisse vermy nie.

Aanvanklik was Mukhanyo ’n bediening met bogenoemde gedesentraliseerde Bybellesse as doel. Mettertyd is die behoefte aan “dagonderwijs aan een gecentraliseerd instituut” geïdentifiseer (Hilbers, 2013a:1). Die sendeling van MBS het egter die DBZ versoek dat hy nie by die werk van die meerdaagse gesentraliseerde studieprogramme betrokke wil wees nie. Die notule meld as rede hiervoor dat hy “does not see the benefit and need of it” (Anon 6, 1998:4). Beskou uit ’n visie op integrale *missio Dei*-sending is dit ’n opmerklike en vreemde benadering. In Hoofstuk 2 is duidelik aangetoon dat die verskillende aspekte onderdele van ’n groter geheel uitmaak. Gevolglik kan verskillende vorme en vlakke van onderwys ’n vanselfsprekende onderdeel van Bybelse onderrig en teologiese vorming wees.

Om ’n beeld te vorm van die integrasie van Woord en daad in die MBS kan gewys word op die leerplan wat uitgewerk is. Dit het uit die volgende aspekte bestaan:

- ’n inleiding tot die Bybel;
- sewe Bybelboeke self;
- verskillende onderwerpe soos gebed en die lewe van Christus;
- die Christelike huisgesin; en
- die werk van die ouderling (CGKN-argief, XVIIa, 1998:169).

Die MBS se uitwerking op die prediking in die Onafhanklike Kerke blyk uit die invloed wat die prediking op die mense self uitgeoefen het deur hulle gebruik van en lewe uit die Bybel – in so ’n mate dat hulle al meer besware teen die tradisionele gebruike in KwaNdebele teëgekom het. Hieruit blyk dat die Heilige Gees aan die werk was. Tog was juis hierdeur ekstra pastorale sorg nodig om hulle in hierdie kwessies te steun (CGKN-argief, XIIb, 1997:32). Sommige van hierdie kerkleiers het selfs met hulle kerklidmate begin bots. Die rede was dat die leiers hulle lidmate deur die Bybelkursus van MBS geleer het dat die verlossing slegs deur Christus kom. Die gevolg was dat hulle hul ook begin onttrek het aan tradisionele rituele, reinigingsoffers en voorouerverering (CGKN-argief, XVIIa, 1998:168). Hieruit blyk: Integrale woord- en daadbediening volgens die onvervalste Woord van God kan radikale gevolge vir die verkondigers en die gemeentes inhou.

Die CGKN het besluit om die MBS teen die einde van 2013 te sluit, "omdat er niet langer behoefte was aan een dergelijk instituut" (Hilbers, 2013a:1). Hierdie besluit val op, terwyl die respondente van KwaMhlanga die sluiting juis betreur, aangesien die nood vir so 'n skool groot is (*sien* Hoofstuk 4). Buijs noem egter dat die MBS weens die vertrek en die dood van ds. J.G. Tshabangu tot 'n einde gekom het (Buijs, 2013:6-7). Met die beëindiging van die MBS is die nood vir opleiding in KwaNdebele egter nie opgelos is nie. Die doel van integrale sending is eerder om plaaslike mense sodanig op te lei dat hulle die werk selfstandig kan voortsit wanneer die sendeling(e) vertrek.

In 2010 is bevestig dat lesse om mense te leer lees en skryf nie meer nodig was nie en dat die belangstelling in die MBS afneem, terwyl dit in suid-KwaNdebele juis groei (CGKN-argief, XLIX, 2010:3).

Daar is reeds uitgewys dat integrale Woord-en daadbediening nie die fokus van MBS was nie. Tog kan 'n mens dit stel dat hierdie bediening (ook wat laer-vlak-opleiding betref) wesenlik belangrik vir die integrasie van Woord en daad is, al was dit slegs op 'n eenvoudige manier. In die volgende onderafdeling sal blyk dat die MTC wel tans van hierdie gedesentraliseerde kursusse op laer vlak aanbied.

### 3.4.3 Mukhanyo Theological College

Die Mukhanyo Theological College (MTC) het naas die Mukhanyo Bible School (MBS) ontstaan. Die visie was om die leiers van Christelike kerke in Afrika en veral van die Onafhanklike Kerke, op verskillende vlakke te dien met relevante, indiensopleiding van hoë gehalte (Anon 7, 1998:1). Dit was nadat die behoefte aan meerdaagse of voltydse kursusse geblyk het (CGKN-argief, VIIIdii, 1990:98-99). Die gebruik van die woord "dien" stem ooreen met die beginsels uit die woordstudie in Hoofstuk 2 van hierdie studie wat Woord en daad, inhoud en praktyk integreer. Die keuse van die woorde vir MTC se visie, "relevant, hoë kwaliteit, indiensopleiding", getuig van 'n integrale bediening waar inhoud en praktyk onlosmaaklik verbonde is en sigbaar word in die MTC se doel om 'n daad met inhoud aan die kerke oor te dra (Anon 7, 1998:1).

Uit die DBZ se argief kom die volgende losstaande aspekte na vore oor die CGKN se visie op integrale sending en die MTC. Die visie is dat die MTC mettertyd aan die Onafhanklike Kerke oorgedra sou word. Daar moes aan die oordrag gewerk word (CGKN-argief, XXV, 2003:32-33; XLII, 2008:2-3). Die MTC moes 'n opleidingsinstituut deur swartmense vir swartmense wees. Daarby moes dit 'n Bybelse karakter dra sonder dat dit in gereformeerde opleiding ontaard, terwyl dit steeds as Christelike instituut ontwikkel (CGKN-argief, XXIV, 2003:14). Die MTC het in 'n stadium met die DBZ gebots, omdat laasgenoemde se visie was om die MTC "regionaal" te

behou, terwyl die MTC self "landelijk" wou fokus (CGKN-argief, XXXIV, 2005:1). Die doelstellings met die MTC as opleidingsinstituut vir die Onafhanklike Kerke en gebaseer op die reformatoriese belydenis, is geleidelik aangepas. Uiteindelik het die onderrigvorm ver van die CGKN se oorspronklik gestelde doelstellings afgewyk, met die gevolg dat dit vir die CGKN te moeilik geword het om die MTC te dra (CGKN-argief, XXXV, 2005:2).

Met die oog op die navorsingsvraag is dit opvallend dat die DBZ se visie vir die MTC beperkter was as MTC se eie visie. Die sturende kerk kan agterbly in die ontwikkeling van die plaaslike en kontekstuele visie en moet maatreëls tref om saam te groei ten einde die regte leiding en sturing te kan gee. Wanneer beide se visies uitmekaar groei, moet in oorleg met mekaar teruggegaan word na die bron, soos in Hoofstuk Twee aangetoon. Só moet die gesamentlike weg verder opnuut saam herontdek en vasgestel word, wat ook beteken dat beide se eie kaders bepaal moet word.

#### 3.4.3.1 Missie

Die missie van die MTC is om Christelike (Onafhanklike) Kerke in Afrika te dien met die volgende doelwitte:

1. om leierskap- en bestuursvaardighede te ontwikkel om plaaslike kerke in hulle groei en welsyn te ondersteun en te bekwaam vir die bediening in hulle eie gemeenskappe;
2. om leiers, ampsdraers en lidmate van hierdie kerke toe te rus om die Bybel te verstaan en in hulle eie gemeenskappe volgens die plaaslike behoeftes en situasies toe te pas;
3. om geleenthede en fasiliteite vir toerustingskursusse en indiensopleiding aan mense in die KwaNdebele omgewing te bied;
4. om as katalisator op te tree vir ontwikkelingshulpprojekte in samewerking met kerke en kerkleiers (Anon 1, s.a.a.:1; Anon 7, 1998:1; Labuschagne, 1998:1).

Die notule van die beheerraad van die MTC op 25 April 1998 meld dat hierdie *MTC Mission and Vision Statement* ook deur die aanwesige afgevaardigdes van die CGKN se DBZ aanvaar is as werkdokument wat ook as riglyn vir alle aktiwiteite van die MTC sou dien. Hierdie deputate het hulle tevredenheid uitgespreek oor die substansiële groei van die MTC se aktiwiteite en toenemende studentegetalle asook oor die werk wat daar gedoen is (Anon 8, 1998:2, 5). Hierdeur het die deputate ook die CGKN se heelhartige ondersteuning bevestig van die integrale Woord- en daadbediening binne MTC se gesentraliseerde opleiding. In hierdie sin het die CGKN dus beide MBS en MTC gesteun.

Die MTC se oogmerk was om kerkleiers inhoudelik en prakties te skool. Die aangeleerde kennis moes nie net in eie konteks toegepas kon word nie. Dit moes ook deurgegee word, om

sodoende ’n kettingreaksie van bekwaamheid en ontwikkeling te veroorsaak. Die integrale benadering van die MTC val op deurdat hulle die studente se posisie in die maatskappy waardeer het, veral vir hulle “etische opstelling” (CGKN-argief, XXXVI, 2006:3). Die missie getuig gevolglik van integrale en planmatige bediening asook kontekstualisering deurdat hulle ’n duidelike verband en lyn trek tussen die teologiese opleiding, bekwaamhede, vaardighede en die unieke eie omstandighede waarin die leiers en lidmate leef en hulle werk daagliks verrig.

#### 3.4.3.2 Aanwysers

In Hoofstuk 2 het duidelik geword dat God aan die kerk ingrypende verantwoordelikhede gee en rekenskap vra oor die missionêre bediening en taak wat daaruit voortvloei. Gevolglik is selfkritiek nodig en vereis dit dat die kerk ook missionêre werk evalueer. Daarom het die MTC meetbare aanwysers vasgestel om die uitvoering van die gestelde visie en missie te meet. Hierdie “critical indicators” (Anon 7, 1998:1) hou onder meer in dat die gehalte van die MTC se onderwys gemeet word volgens die uitwerking daarvan in die lewe en dade van die studente én die gehalte bediening van die kerke. Die frekwensie vir die meting is nie vasgestel nie. Die volgende indikators is as meetfaktore gestel vir die onlosmaaklike eenheid tussen Woord en daad in die MTC bediening:

- geestelike groei;
- helder, korrekte en oortuigende uitleg van die evangelie in verkondiging en pastorale werk;
- toepasbaarheid in die daaglikse lewe;
- heilige en toegewyde daaglikse lewe;
- toerusting om God te dien;
- mense gehelp om hulle Godgegewe gawes te ontwikkel;
- hart vir die armes en benadeeldes gekweek;
- verligting en lewensverbetering deur ontwikkeling te stimuleer;
- leiding in die gemeenskap gee;
- ’n visie vir die onvoltooide sendingstaak van die kerk (Anon 7, 1998:1).

Uit hierdie doelstelling word duidelik dat die MTC Woord en daad wil integreer en dat hierdie integrasie ook op kontekstualisering gerig is. Die gevolg is dat die kerk die *missio Dei*-taak in die samelewing kan verrig. Dit lei verder daartoe dat mense, deurdat hulle vir Christus gewen word, in geheel as nuwe mense in Christus tot eer van God leef. Sodoende toon die gemeenskap ook kenmerke van die nuwe lewe – nie net geestelik nie, maar ook sosio-ekonomies, maatskaplik, polities en in hulle houding tot die natuur.

Die MTC het wel integrale bediening in hulle visie en missie in 1998 verwoord en in die praktyk nagestreef. Tog het hulle nie ’n verankering van hierdie doelwitte in die *missio Dei* verwoord nie. Die *Constitution of Mukhanyo Theological College* stel ’n paar grondliggende beginsels vas: dat die Bybel God se Woord is, as unieke en betroubare getuienis, deur Hom gegee en geïnspireer, waarin Hy Homself openbaar en wat Hy as sy instrument gebruik om sy kinders te red. Die grondreëls stel ook dat alle betrokke kerke die Apostoliese geloofsbelydenis as ware uitdrukking van die Christelike geloof aanvaar (Anon 1, s.a.a.:1). Hierin word die verankering in beide die *missio Dei* en die reformatoriese belydenis duidelik. In Hoofstuk 2 is voorts aangetoon dat elke aspek van die kerk se missionêre bediening onlosmaaklik in God se unieke eie-aard en Persoon veranker is. Sending vloei direk uit God voort, met die gevolg dat Hy nie slegs die doel van integrale sendingsbediening uitmaak nie, maar ook die vertrekpunt daarvan is. Só is Christus die Voorbeeld aan wie die bediening gemeet word. Wanneer die kerk nie meer hierdie verankering geniet nie, bestaan die gevaar dat die missie óf in ’n *social gospel* óf vergeesteliking kan verval. By die konstituering van die MTC speel die verbintenis aan hierdie geloofsbelydenis gevolglik ’n belangrike rol.

Die oorspronklike visie- en missiedokument in 1998 het nie uitdruklik ’n *missio Dei*-beginsel geformuleer nie, maar dit wel in die bogenoemde bewoordings veronderstel. Gevolglik het die Mukhanyo Ministries Philosophy of Holistic Christian Community Development in 2008 dit wel geformuleer met die woorde:

> As Mukhanyo Ministries we are conducting our service based on the following Christian principles: In joyful obedience to our Saviour, Jesus Christ, who sends us into the world as the Father has sent him, our calling in the world flows from our passion for the glory of God and our assurance of the coming of his kingdom. We accept our calling to proclaim the supremacy of God over all people, and all of creation by doing justice and proclaiming grace (Anon 8, 2008:1).

Hierdie dokument begrond die Bybelse beginsels en die fokusgebiede vir die integrasie van Woord en daad van die Mukhanyo bediening vanuit die Skrif en gee aandag aan die kulturele konteks van die bediening.

#### 3.4.3.3 Teenoorgestelde sienings

Respondent A se kritiek stel die MTC teenoor die MBS. Sy kritiek is dat hierdie Christelike opleidingsentrum ’n akademiese instituut geword het, terwyl dit nie sendelinge se taak en missie was nie. Die oorspronklike bedoeling asook vraag van die Onafhanklike Kerke, was om hulle kerkleiers wat skaars kon lees en skryf, te help om die Bybel te lees en te verkondig. Die MTC het egter hierdie toerusting oorskry en in ’n akademiese instelling ontwikkel – wat nie

die CGKN se bedoeling was nie. Daarteenoor is die oorspronklike doelstelling wel in die MBS voortgesit, met die gevolg dat ongeveer 2 000 kerkleiers opgelei is. Volgens Respondent A toon dit aan dat die DBZ geen visie en duidelikheid gehad het nie. Gevolglik het sendelinge soms ’n eie koers ingeslaan wat nie altyd ooreengekom het met die rigting wat die DBZ in gedagte gehad het nie. Die nuwe geslag het wel skool- en universitêre opleiding ondergaan en daarby geleer lees en skryf. Gevolglik is die MBS se oorspronklike doel behaal en het hierdie instelling tot ’n einde gekom.

Tog is daar volgens Respondent A wel twee positiewe resultate: eerstens het uit die MTC aandag vir die MIV/Vigs-problematiek gekom en tweedens het die Mukhanyo Community Development Centre (MCDC) ontstaan. Gevolglik kon die teologiese studente die akademiese opleiding regstreeks in die praktyk toepas. Hulle kon byvoorbeeld leer hoe om armoede en MIV/Vigs uit ’n Bybelse perspektief te bedien. Daarby het die MCDC indiensopleiding in die praktyk aangebied. Respondent A se mening is nie die enigste hieroor nie, aangesien hierdie indruk breër in die CGKN verteenwoordig is.

Die genoemde siening staan egter teenoor die besluit van die sendingdeputate in 1990 om die advies vir gesentraliseerde onderwys te steun:

> 6.5 Voor de uitgroei van Mukhanyo neemt de vergadering de aanbevelingen 4.2 en 4.5. integraal over: oprichting van van een klein gebouw, start met een experimentele gecentraliseerde (voltijdse cursus) (4.2) en toewerken naar aansluiting bij het niveau van erkende opleidingen (4.5). 6.7 KwaNdebele Zuid: verdere uitbouw o.l.v. ds. ir. J. Slagboom, hand in hand met opbouw vanuit Mukhanyo (te vestigen in KwaNdebele-Suid?). Ontwikkeling van zelfstandigheid van die "wijken" Noord- en Zuid-KwaNdebele hervatten (Buys, 2010b:1; CGKN-argief, 1990, XIVC:bijlage 3 bij 90/163:5).

In 1991 het die DBZ dit as hulle verwagting geformuleer dat die opleiding ook moet groei sodat dit by die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys kan aansluit:

> In maart 1991 besloten de Zendingsdeputaten van de Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland:
>
> 4. dat het lesprograma van Mukhanyo in een nieuwe vorm zo spoedig mogelijk na indiensttreding van ds. Buys wordt vastgesteld, waarbij voor de cursussen voor gevorderden bezien dient te worden:
>
> a) welke mogelijkheden er zijn die cursussen gecentraliseerd te geven en

b) in hoeverre daarvoor gebruik gemaakt kan worden van het materiaal van anderen (bv. T.T.I.).

c) welke mogelijkheden er zijn om te komen tot een erkenning van de kurikulum voor gevorderden door de Universiteit van Potchefstroom (Buys, 2004:1; CGKN-argief, VIIId1991:126-127).

Hierdie teenoorstaande sienings toon duidelik die CGKN se gebrekkige visie en beleid oor die integrasie van Woord en daad binne die sending. Dit dui ook op ander faktore se rol wat 'n mens moeilik kan kwantifiseer en meet. Hieronder geld verskillende sienings van sendelinge en deputate oor die aard, doel, taak en aanpak van die sendingwerk, insluitend die Bybelskool. In hierdie sin het die CGKN blykbaar nie geweet hoe om die twee opleidingsinstellings, elk met 'n eie visie en doelstelling, te hanteer nie. Die probleem was dat persoonlike voorkeure en sienings 'n gesamentlike doelstelling belemmer het vir die integrasie van Woord en daad in die opleiding en uitvoering van die uiteindelike doelstelling en visie.

Só het sake onduidelik geblyk oor die aanwend van terme "bybelskool en kursusse" (Last, 1995:1-3). Dit kan moontlik verklaar hoekom daar verwarring was oor die visie en missie vir die MTC. Daarby kan dit verduidelik hoekom "al deze zaken binnen deputaten nooit goed zijn uitgediscusiëerd" (Last, 1995:2), aangesien die deputate op 'n ander spoor beweeg het. Hierdie probleem kon moontlik ook veroorsaak wees deur opmerkings dat nie alle predikante en deputate hulle regtig ingrawe in wat werklik die nood in die gebied behels nie, en dat daar gevolglik onkunde heers (Buys, 1995a:15). Hierdie situasie kon ook uit die argiefstukke afgelei word waarin daar soms beleid geformuleer is wat teenstrydig was met die vroeëre formulerings.

Integrale sending kan slegs doeltreffend wees wanneer die deputate die sendingwerkers in die veld ernstig opneem, na hulle luister en wanneer die sturende kerk of organisasie hulle in die werklike nood op grondvlak verdiep. Die terminologiese verwarring word bevestig deurdat Buys (1995a:15) aan die DBZ vra wat hulle onder spesifieke terme verstaan, soos: Bybelskool, opleiding, leerplan, kursus, sillabus en vormingsinstituut. Hy wys voorts daarop dat dit tot frustrasie kan lei as daar nie aan woorde dieselfde betekenis toegeken word nie. Integrale Woord- en daadsending behoort in die beginfase reeds duidelikheid oor gebruikte terme te verkry en vorm 'n wesenlike deel van die proses van kontekstualisering, veral waar diverse kulture betrokke is.

Die CGKN het dus later wel besluit om die missionêre ondersteuning aan die MTC te onttrek. Die redes was dat die MTC nie binne die CGKN se doelstelling gepas het nie en tog in gereformeerde opleiding ontwikkel het, terwyl dit nie die oorspronklike bedoeling was nie (CGKN-argief, XXLIX, 2011:2). Waar ander denominasies, soos die Vrye Gereformeerde Kerke

in Suid-Afrika, by die MTC betrokke geraak het, het die CGKN ook ervaar dat die MTC se oorspronklike visie onder druk gekom en gevaar geloop het om uit fokus te raak, omdat hierdie denominasies ander teologiese aksente vereis (CGKN-argief, XXXVIII, 2008:3). Die DBZ het besluit om onmiddellik sending binne die MTC te beëindig toe laasgenoemde die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se voorstel vir ’n konfessionele basis aanvaar het (CGKN-argief, XLVII, 2010:2; XLIX, 2010:2).

Die CGKN soek steeds na maniere om ’n pad deur hierdie dilemma te vind. Vir integrale sending is dit uiters belangrik dat diverse denominasies by dieselfde projek betrek word. Gevolglik moet ’n strategie gevind word om die onderskeie rolspelers se teologiese wense en eise te akkommodeer.

Gesien uit die *missio Dei*-perspektief behoort die kerk alle geleenthede aan te gryp om opleiding te verskaf. Dit spreek vanself dat beide basiese opleiding (MBS) én akademiese vorming (MTC) nodig is – natuurlik afhangend van die spesifieke behoefte en vlak van onderrig. Die instellings kan selfs aansluiting by mekaar vind. Beide die MBS en die MTC het in noodsaaklike plaaslike behoeftes voorsien. Gevolglik kan ’n mens reeds met reg praat van *integrale bediening* wat deur die aard van die nood in KwaNdebele bepaal word en waar sendelinge gestuur word. Dit geskied alles in die lig van Jesus se opdrag in Matteus 28:18-20 om van alle volke dissipels te maak en hulle te leer om alles te onderhou wat Hy hulle beveel het. Sodoende vorm onderrig ’n kernrol in sending. Deel van gemeentebou is toerusting van evangeliste en gemeentekomitee-leiers, aangesien konkrete probleme wat in die praktyk voorkom, in die klas bespreek word. Die lesse word gebruik om ongeletterde mense te katkiseer en die bykomende inligtingstukke help hulle om die Bybel reg te gebruik sodat hulle spesifieke, bestaande probleme kan hanteer (Buys, 1995c:4-5).

#### 3.4.3.4 Integrale samewerking: MBS-MTC

Die doelstelling van Mukhanyo, naamlik gesentraliseerde en gedesentraliseerde onderwys, het werklikheid geword, maar wel “in de twee instituten van het Mukhanyo project: de Mukhanyo Bible School (MBS) en het Mukhanyo Theological College” (Hilbers, 2013a:1; CGKN-argief, XIVC:bijlage 3 bij 90/163:4-5). Hierdeur kan studente ’n diploma ontvang “wat meer status en wyer erkenning geniet” (CGKN-argief, XIVC:bijlage 3 bij 90/163:5). Hierdie visie op ’n diploma wat met wyer erkenning, getuig van ’n holistiese visie op sending. Die gevolg is dat wel groter, breër en verder gedink word en opgeleides uiteindelik ’n wyer invloed op die kerke en die samelewing kan uitoefen.

Die onderrigwerk is egter tussen MBS en MTS verdeel, nadat ooreengekom is dat die meerdaagse gesentraliseerde kursusse voorts sou opereer onder die naam Mukhanyo Theological College, en dat die gedesentraliseerde kursusse op laer vlak, bekend sou staan as Mukhanyo Bible School. Hierdie verdeling is deur plaaslike kerkleiers betreur, soos respondente in Hoofstuk 4 laat blyk. Die rede is dat hierdie eenheid juis die integrasie van Woord en daad binne KwaNdebele tot voordeel sou kon strek.

Die vraag waarom die MBS en die MTC nie aansluiting by mekaar gesoek het nie, roep verdere vrae op oor visie, beleid, fundering, doelstellings en motiewe. Moontlike persoonlike kwessies, soos onderlinge motiewe of konflik val buite die doelstelling van hierdie studie.

Die hoop is wel uitgespreek dat die voltydse en deeltydse kursusse van MTC en die MBS sodanig op mekaar afgestem kon word om mekaar onderling te ondersteun (Buys, 1995a:14). Hierdie hoop is nie verwesenlik nie, omdat die DBZ in 1995 besluit het dat beide MBS en MTC "zelfstandige onderwijsvoorzieningen" raak en die koppeling verbreek word. Die rede hiervoor is dat die instellings op verskillende vlakke werk, maar volgens die DBZ is dit een Mukhanyo-projek wat bloot langs twee lyne loop (Anon 4, 1995:3, Anon 5, 1996:1). Hierteenoor meen Buys dat die verskil nie so groot is om twee afsonderlike organisasies te regverdig nie. Hy wys voorts daarop: die "swart broeders wil ook geensins die indruk hê dat dit twee Bybelskole moet word nie" (Buys, 1995c:5). Buys stel eerder voor: "verder kan al die sendelinge saamwerk en betrokke wees by Mukhanyo sowel as die sending en die opbou van die gemeente. Deur middel van goeie en indringende besinning en strategiese beplanning en sinvolle werkverdeling kan eenheid in die werk net bevorder word" (Buys, 1995b:11).

Die DBZ se reaksie op hierdie voorstel is nie ontvang nie, maar uit die uitwerking in die praktyk blyk dit negatief te wees. Nogtans onderstreep hierdie voorstel van Buys vir geïntegreerde samewerking die wenslikheid en noodsaak vir 'n holistiese benadering van sending uit 'n *missio Dei*-perspektief. Omdat die inwoners kwesbaar is, is dit juis uiters belangrik dat die onderskeie rolspelers soveel moontlik geïntegreerd saamwerk. Sodoende word met Woord en daad getuig van die eenheid van die Drie-enige God waarvan Jesus bid dat sy volgelinge dit ook sal weerspieël. (Sien Joh. 17:21: "Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het.")

Voorts het die CGKN die volle reg gehad om hulle sendingdoelstelling self te beperk tot 'n bepaalde vlak van bediening wat binne 'n eie Skrifgefundeerde visie en beleid asook kontekstuele moontlikhede pas. Dit is egter vreemd dat die CGKN die ontwikkeling van die MTC wel gesteun en aangemoedig het, maar later beweer het dat dit nie aan die CGKN se visie beantwoord nie en dat hulle daarom besluit het om die MBS te ondersteun. Uit notules blyk dat

die DBZ juis hulle tevredenheid uitspreek met die groei van die MTC asook die werk wat hierdie instelling verrig: "very impressive to see what has been accomplished. They also pray that the Lord Jesus Christ will continue to bless the work of the MTC" (Anon 6, 1998:5). Buitendien meen die respondente in Hoofstuk 4 dat die plaaslike kerkleiers nie die afsonderlike bestaan van die MBS en MTC asook die beëindiging van die aktiewe steun vir MTC verstaan het nie. Dit blyk uit respondente se aanduidings dat die nood steeds enorm groot is. 'n Visie en beleid wat suiwer op die Skrif gegrond is asook 'n omgewings- en kontekstuele analise volledig gefokus op die integrasie van Woord en daad in opleiding en onderwys kan net voordelig wees. Dit bied nie net helderheid nie, maar span die onderskeie rolspelers se kragte, moontlikhede en inspannings saam om uit 'n *missio Dei*-perspektief 'n integrale impak op die omgewing te maak.

#### 3.4.3.5 Afstandsonderrig

Die behoefte aan die MTC se visie en missie aan geïntegreerde opleiding oor Woord en daad asook 'n holistiese bediening, het 'n wye toepassingsveld gevind. Die gevolg was dat die MTC met afstandsonderrig begin het om teologiese opleiding op drie verskillende opleidingsvlakke aan te bied vir kerkleiers en lidmate wat 'n te groot afstand van die MTC af woon. Die visie en missie van "Mukhanyo Distance" is dieselfde as dié van die MTC en beoog Bybelonderrig van hoë gehalte met 'n kontekstuele toepassing "to promote the ongoing reformation of the church in Africa" (De Vries, s.ab.:1-2). De Vries (s.aa.:1-2) toon duidelik aan hoe die MTC en MTC Distance wel in hulle opleiding Woord en daad integreer, maar ook 'n hoë premie plaas op konstekstualisering wat onmisbaar met holistiese bediening geïntegreer behoort te wees.

In 2013 het die MTC reeds 32 satellietkampusse opgerig in suider-Afrika, maar ook in Uganda, Zambië en Swaziland (Korevaar, 2013a:1a). Die MTC en MTC Distance bied 'n wisselende reeks modules aan. Dit sluit in modules oor: Ou- en Nuwe-Testamentiese en kerklike vakke soos pastoraat en etiek, leierskapsvaardighede, Afrika-spiritualiteit, evangelisering, Bybelse boerderymetodes, kinderonderrig, Afrika-kerkgeskiedenis, tegniese vaardighede, kerkplanting, geloofsbelydenisse en kerkregering en -administrasie (Korevaar, 2013b:1). Hierdie verskeidenheid modules toon 'n holistiese en gedekontekstualiseerde benadering uit die motivering dat Afrika hulle eie goed opgeleide teoloë nodig het met 'n visie om selfversorgend en selfstandig te kan optree.

In 2007 het die DBZ van die CGKN kennis geneem van MTC se besluit oor Mukhanyo Distance onderwys uit die besef dat dit MTC se taak is om kerkleiers in Afrika vir sending op te lei (CGKN-argief, XXX, 2007:1; XXLIX, 2010:2). In die lig hiervan het 'n sendeling die CGKN se visie om die sendingwerk aan die plaaslike bevolking in KwaNdebele oor te dra as "achterhaald" beskryf, omdat hy dit as onwerkbaar binne die Suid-Afrikaanse konteks beskou (CGKN-argief,

XXX, 2007:1-2). Die redenering hieragter is dat terwyl blankes ’n onmisbare deel van die sendingwerk uitmaak, kerke in Suid-Afrika steeds meer ’n missionêre visie op hulle eie omgewing ontwikkel en só tegelyk op Afrika in geheel.

#### 3.4.3.6 Masibambisane Community Development Centre

Daar was deurentyd die visie om ’n integrale eenheid tussen Woord en daad te bewerkstellig. In die lig hiervan het die Masibambisane Community Development Centre (MCDC) natuurlikerwys uit die MTC voortgevloei. Dit was nadat die MTC aanvanklik geleidelik begin het om armoede in die gemeenskap te probeer verlig met allerlei projekte op klein skaal, soos groentehandel en rekenaaropleiding. Die gevolg was die MCDC wat binne vier jaar 1 000 weeskinders en meer as 350 terminaal siek pasiënte versorg het deur die daarstel van vyf dagsorgsentra en een hospitium.

Een van Mukhanyo se uitgangspunte was om ook ’n katalisator te wees vir kerklik gebaseerde ontwikkelingshulp:

> Zowel MTC als MCDC willen kerken in staat stellen om zorgende gemeenschappen te ontwikkelen die een instrument zijn van Gods liefde en zorg en zo een voorproef zijn van Gods grote toekomst waar Christus alle tranen zal afwissen en waar geen honger, ziekte en lijden meer zal zijn (Buys, 2004:5).

Hulle het die visie soos volg geformuleer: “Effective care and Development of OVC’s and their households, suffering from the devastating effects of HIV/AIDS in the Greater Kwamhlanga area, into capable, mature & responsible Christian citizens.” Hierdeur het hulle spesifiek verwys na die holistiese versorging van weeskinders betreffende fisieke, geestelike, onderwys- en emosionele behoeftes (MCDC, 2009:1, 10, 12). Die visie behels om kerke in die KwaNdebele-omgewing te help dat hulle self in hulle dorpies projekte van stapel stuur en bestuur om die ontsettende nood van armoede, MIV/Vigs en toename in weeskinders te hanteer (Buys, 2005:41-42).

Oor die holistiese integrasie van Woord en daad in MTC en MCDC verwoord Buys die oortuiging dat: “... as opleiding van predikante vir arm en lydende gemeenskappe nie die rol van die plaaslike kerk in ontwikkelingshulp baie konkreet inkorporeer nie, dit vir die kerk totaal irrelevant sal wees” (Buys, 2005:42). Die MCDC se ontwikkeling was vrugbaar vir MTC se bediening, aangesien dit die maatskaplike relevansie van die MTC verhoog het (CGKN-argief, XXXIV, 2005:3). Integrale en gekonstekstualiseerde bediening lê aan die hart hiervan. Die MTC en MCDC moet daarom onderskeie, maar nie geskeie nie, van mekaar werk (CGKN-argief, XXXVI, 2006:2), juis vanweë hierdie integrale visie.

Die CGKN het goedkeuring gegee dat die MCDC ondersteun kon word (CGKN, 2004:105). Hierdeur het die CGKN ook die integrale bediening van die MTC en MCDC onderskryf – ’n handeling wat ’n mens as wesenlike besluit en stap kan bestempel. Dit het egter tot 2007 geduur, toe die CGKN aangedring het op “een volledige scheiding van beide organisaties om belangenverstrengeling te voorkomen” (CGKN, 2007:394). Tog het hulle nie verduidelik wat die “belangeverstrengeling” inhou nie. Hierby geld ook die CGKN van 2007 se besluit dat die MTC “uitgegroeid ver boven de oorspronkelijke doelstelling van het Mukhanyoproject. Deputaten hebben altijd beoogd voorgangers uit het gebied KwaNdebele aan Bijbels onderwijs te helpen”. So ’n besluit is strydig is met vroeër besluite van die CGKN, soos dié van 1998 en 2004 waarna hier bo verwys is.

### 3.4.3.7 Positiewe uitwerking

Bepaalde uitsprake van Onafhanklike Kerke se leiers is wel relevant en belangrik vir integrale *missio Dei*-bediening. Van hierdie leiers getuig naamlik dat die MTC hulle geleer het om die Bybel te lees, dat die gereformeerde teologie Bybels wil wees, om die onverdiende genade vir sondige mense goed te verstaan, maar ook hoe om op ’n Bybelse manier leiding te gee en ’n goeie kerklike struktuur daar te stel (CGKN-argief, XXIV, 2003:14).

Die MTC se (bewuste of onbewuste) gereformeerd-gebaseerde teologiese onderrig lei Onafhanklike Kerkleiers só op dat hulle nie slegs die Bybel reg verstaan en leer verkondig nie, maar hulle bediening ook prakties daarvolgens kan inrig. Hier is ’n duidelike toepassing van die integrasie van Woord en daad. Die kettingsreaksie wat hierdie proses veroorsaak moet ook uitgewys word. Sommige van hierdie Onafhanklike Kerkleiers het eers wantrouerig aan die MTC begin studeer, maar het spoedig ander kollegas begin aanmoedig om ook hulle teologiese opleiding aan die MTC te volg. Hierop sal Hoofstuk 4 in meer besonderhede ingaan. Die opleiding by die MTC het hulle leierskapstyl van navolging gevorm. Dit is ’n resultaat van die integrale Woord-daad-benadering.

### 3.4.3.8 Kritiekpunte

Enkele kort kritiekpunte teenoor die MTC se beleid is relevant vir integrale sending uit ’n *missio Dei*-perspektief. Eerstens spreek die DBZ hulle ingenomenheid uit met “de nieuwe wind die is gaan waaien in MTC” (CGKN-argief, LII, 2012:2), maar verduidelik nie verder wat hulle hiermee bedoel nie. Dit kan dalk dui op nuwe geleenthede en nuwe moontlikhede – en dus die noodsaak dat integrale gekontekstualiseerde bediening steeds vernuwend moet werk om relevant te kan wees. Die DBZ het ook drie maatstawwe vir selfstandigheid, “overdracht”, geformuleer: lewensvatbaarheid, selfstandigheid en diensbaarheid (CGKN-argief, XLVI, 2010:2). In

nabetragting moet hulle egter erken dat daar te min belê is in die opleiding van die MTC se bestuurders (CGKN-argief, XXXI, 2006:3). Die gevolg is dat die drie maatstawwe onder druk kom. Die DBZ het ook hulle teleurstelling uitgespreek dat die oorspronklike groep van die MTC soos beplan skaars meer in die bestuur van en as dosente by die MTC betrokke is. Hieruit word gevra op watter maniere die CGKN steeds die MTC op die langer termyn wou bly steun (CGKN-argief, LIV, 2012:3). Hierdie kritiekpunt is relevant vir die navorsingsvraag in die huidige studie. Die rede is dat integrale bediening juis gemik is op die selfstandigheid van die teikengroep en daardie persone soveel moontlik op hulle rol voorberei moet word. Hier kan die vraag na bekwaamheid nie agterweë gelaat word nie. Dit geld soos tans met regstellende aksie as regeringsbeleid waar mense op grond van afkoms en kleur aangestel word, en nie op grond van bekwaamheid in hulle funksies nie.

Die CGKN het duidelik gemaak dat teologiese onderwys belangrik is, maar "niet tegen elke prijs" (CGKN-argief, XXXI, 2006:3). Hulle verduidelik nie verder die betekenis en bedoeling van hierdie uitspraak nie. Gesien binne die konteks verwys hulle waarskynlik na die feit dat die MTC verder gegroei het as wat die CGKN se doelstelling daarvoor was.

#### 3.4.3.9 Samevattend

Oor die MTC en hulle werking kan 'n mens op die volgende aspekte uitlig: hulle oorspronklike strategiese beplanningsdokumente en die MCDC waaraan geboorte geskenk is; selfs die fokus van die MTC se leerplanne. Hieruit kan die slotsom gemaak word: Die visie was wel deurgaans daar om 'n integrale eenheid tussen Woord en daad in die sending te bewerkstellig. Die CGKN het egter nie die leidende en sturende rol hierin gespeel nie. Hulle het eerder die proses gevolg en min begrip daarvoor gehad. Die vraag kan selfs gestel word of die CGKN nie dalk 'n gebrekkige teologiese insig getoon het oor die integrale eenheid tussen Woord en daad wat in Skrifgetroue sending na vore behoort te kom nie.

## 3.5 Kerk, kerkstigting, gemeentebou: Gereformeerde Kerk KwaNdebele

In sending met hart, mond en hande uit 'n *missio Dei*-perspektief is die kerk daarop gerig om die lidmate én die gemeenskap te bereik. Die doel is dat hulle in 'n nuwe lewe in Christus opgebou kan word om as beeld van God te leef met 'n uitsig op die ewige lewe.

In hulle fokus op die kerk in KwaNdebele vind die CGKN 'n duidelike onderskeid tussen gemeentewerk en sendingwerk in KwaNdebele as 'n probleem (CGKN, 1983:145). Tog omskryf hulle nie duidelik wat hierdie onderskeid behels en hoekom hulle dit as probleem beskou nie.

Gesien uit ’n *missio Dei*-perspektief is die vraag of sodanige onderskeid wel getref moet word. Die gemeente is immers God se instrument om sy Woord met hart, mond en hande in die samelewing uit te dra – en is per definisie dus ’n *missionêre* gemeente. Die vraag is of sodanige skeidslyn tussen kerk en samelewing getrek moet word en of die kerk met so ’n benadering nie dalk gevaar loop om van die *missio Dei*-taak af te sien nie.

### 3.5.1 Mukhanyo en die GKK

Sendingbeleid in KwaNdebele hou vir die CGKN die volgende aspekte in:

1. gemeentestigting deur veldwerk te doen;
2. gemeentebou deur leierskapsvorming;
3. skoling van Kerkleiers en gemeentelede van die Onafhanklike Kerke op Mukhanyo (CGKN-argief, IXg, 1993:1-2).

Hierby is die CGKN veral besig met die daarstel van raamwerke en strukture. Baie aandag moet aan die opleiding van ouderlinge en diakens gegee word dat hulle bemagtig kan word om saam met ’n predikant leiding aan die gemeente te gee. In die lig hiervan het die DBZ met die kerkraad van die GKK hulle visie bespreek oor die veldwerk in die GKK: om vir “kadervorming” die MBS se klasse in te voer (CGKN-argief, XXXV, 2005:4). Hieraan behoort ’n kursus vooraf te gaan oor die ontdekking van gemeentelede se gawes (CGKN-argief, IXg, 1993:1,2). Die MBS kan hierin ’n rol speel. Die DBZ het egter die mening verwoord dat Mukhanyo geen “vormingsinstituut” van die GKK moet word nie en “kerkelijke kaderwerk moet kerkewerk” blijven, sodat Mukhanyo en die GKK onafhanklik van mekaar moet opereer (CGKN-argief, XIe, 1995:254). Ook hier word die rede vir die onderskeid nie duidelik begrond nie.

Ondersoek na Mukhanyo se bedrywighede het bevind dat ’n behoefte bestaan aan toerusting van ampsdraers en gelowiges in gemeentebou van die GKK. Die ondersoekers beveel aan dat die leerplan uitgebrei word, sodat MBS ’n diens kan lewer aan beide die Onafhanklike Kerke en die GKK (CGKN-argief, XIVd, 1990:3).

Die DBZ verskaf nie verdere onderbou vir hierdie redenering nie, met die gevolg dat die logiese struktuur van hierdie argument ontbreek. Hier kan ’n mens wel vra: Waarom wou die DBZ nie van Mukhanyo gebruik maak om lede van die GKK op te lei nie, selfs al lei Mukhanyo ook Onafhanklike Kerke se leiers op? Buitendien val dit op dat die CGKN die raad van die Mukhanyo-rapport (CGKN-argief, XIVd, 1990) hieroor nie opgevolg het nie (CGKN-argief, XIe, 1995:254). Dit toon dus aan dat die gebrek aan duidelike beleid daartoe gelei het dat die DBZ strydig met hulle eie besluite opgetree het. Ook hier is ’n integrale benadering sinvol, omdat die

kerklike groeperings mekaar positief kan beïnvloed, sodat die kerkleiers saam ’n invloed op KwaNdebele kan uitoefen. In Hoofstuk 4 sal blyk dat dit later ook die ervaring is, ten spyte daarvan dat die CGKN se wens en visie was om beide instellings van mekaar geskei te hou.

Hierdie visie van die CGKN oor die rol van die GKK is egter verwarrend en teenstrydig. Volgens die CGKN moet Mukhanyo diensbaar wees ná die selfstandigwording van die GKK, ook nadat die sendingwerk afgerond is. Daarby moet die kursusse op die vorming en opleiding van die Onafhanklike Kerke gerig bly, asook op die ampsdraers en gemeentelede van die GKK (CGKN-argief, VIIIe, 1990:111). Dit bots egter met die DBZ (CGKN-argief, XIIh, 1997:2-3) wat in 1995 stel dat Mukhanyo hulle slegs op die Onafhanklike Kerke moet rig. Moontlik lê in hierdie spraakverwarring reeds een van die oorsake van die konflikte oor die MBS en MTC. Terwyl beleid vasgestel is, is die beginsels van die CGKN se doel met Mukhanyo skynbaar nie eenduidig helder vir lede van die DBZ nie.

Wanneer die kerkraad van die GKK met die CRICA[11] gaan saamwerk sal dit die DBZ se teikengroep uitbrei en nuwe geleenthede bied, omdat meer kerkleiers van die Onafhanklike Kerke hierdeur sou kon leer om die Bybel te verstaan en met die gereformeerde geloofslewe vertroud te raak (CGKN-argief, XI, 1994:228). Die plan om die teikengroep uit te brei en die invloed van die gereformeerde lewe op die Onafhanklike Kerkleiers is opmerklik, omdat die CGKN hierdie faktore aanvoer as beswaar vir hulle voortgesette steun aan die MTC. Die CGKN wou juis geen verwysings na die gereformeerde leer hê nie, omdat die doel slegs was om die kerkleiers van die Onafhanklike Kerke te leer Bybel lees. Tog kan die herformuleerde doelstelling tot kruisbestuiwing lei.

#### 3.5.1.1 Projekte vloei uit verkondiging voort

Uit die nagevorste dokumente het dit geblyk dat kerkstigting en gemeentebou die CGKN se hoofdoelstellings vir die sendingtaak in KwaNdebele was (en steeds is). Tog bly die doelstelling nie tot prediking beperk nie.

’n Voorbeeld van wat uit die verkondiging voortvloei en ook deel daarvan vorm, was Projek Uthando (“liefde”) wat spesiaal op verstandelike en liggaamlike gestremdes gerig is. Die plaaslike evangeliste is tydens ’n besoek in Nederland geïnspireer om hierdie projek van stapel te stuur en het dit in samewerking met die diakonie van die GKK aangepak (CGKN, 1992:159; Respondent A). Die respondent het voortgegaan: “En ook hier speelt weer de eigen

---

[11] CRICA: Christ the Rock Indigenous Churches Association

mogelijkheden van de zendeling door," deur die aanwesigheid van 'n Nederlandse verpleegkundige vanuit die CGKN (aldus Respondent A).

Respondent A stem egter nie saam met die beeld wat in Nederland oorgedra is dat gestremde kinders deur die Ndebele-bevolking as vloek of beheks beskou is nie. Hy wys daarop dat die probleem van die Ndebeles eerder was dat hulle nie geweet het hoe hulle hierdie kinders moes versorg wat higiëne, voedsel en voginname betref nie. Gevolglik is sodanige kinders tog waardevol. Daarom het die bediening en versorging van gestremde kinders gelei tot die oprig van drie groot institute waardeur die Gereformeerde Kerke 'n goeie reputasie in KwaNdebele opgebou het. Die verkondiging het sodoende hande en voete gekry, nadat die bediening aan gestremde kinders klein begin en tot drie indrukwekkende institute gelei het (Respondent A).

Ernstige belemmerings vir die Projek Uthando is enersyds die bygeloof onder bepaalde Afrika-bevolkingsgroepe oor gestremdes wat vervloek of beheks is en andersyds die Westerse onkunde oor die kontekstuele en kulturele denke. Hierdie struikelblokke is, uit 'n *missio Dei*-perspektief, vir die genoemde projek van groot Bybelse belang. Dit strook met die beginsels wat reeds in Hoofstuk 2 genoem is: dat die ontvangers van die bediening met God in Christus versoen word tot 'n nuwe lewe om as *imago Dei* in diens van God te leef. Dit behels om God met hulle lewe in geheel, beperkings inkluis, nou reeds *coram Deo* te verheerlik. Verder moet so 'n projek die onkunde van Westerlinge regstel deur kennis van die verskillende plaaslike kulture. Só byvoorbeeld woon die Ndebele- en Pedi-bevolkings saam in KwaNdebele, maar handhaaf wel verskillende beskouings oor byvoorbeeld gestremdes en die hantering van sulke mense. Wanneer 'n sturende kerk hiermee rekening hou, sal dit meer doeltreffend sendingwerk kan verrig. Gevolglik versterk hierdie kwessie die vraag na kontekstualisering (wat in 'n later hoofstuk bespreek sal word).

#### 3.5.1.2 Voorouervering in die kerk

Die voorouervering is 'n erg ingewikkelde probleem, omdat baie GKK-lidmate sinkretisties leef deur die rituele van die voorouerverering met Christelike rituele te vermeng. Een van die redes hiervoor is dat die tradisionele godsdiens gemeenskapsvormend werk, terwyl die gemeenskapsvormende dryfkrag nog in die kerk ontbreek. Die verkondiging van die Woord moet gemeenskapsvorming volgens Bybelse riglyne stimuleer, anders word indiwidualisme en egosentrisme bevorder. Sodoende kry die evangelie nie hande en voete binne die sendingkonteks nie (CGKN-argief, XXIX, 2007:2-3).

Hiermee beklemtoon die CGKN die noodsaak vir geïntegreerde bediening van die evangelie waarby die verkondiging van die Woord lewens verander. Dit verg kennis en bewustheid van

die tradisionele Afrika-geloofstelsels, maar ook 'n Bybels apologetiese antwoord daarop wat 'n nuwe lewens- en wêreldbeskouing in mense se lewe teweeg bring.

### 3.5.1.3 Kerk-erfprojek as opvoedingsproses

Aandag word aan die "kerkerfproject" gegee (CGKN, 1992:159). Hierdie projek is daarop gemik dat die inwoners van KwaNdebele deur Bybelstudie en in 'n praktiese leerproses begelei en toegerus word om hulleself te versorg deur hulle eie groente en vleis te verbou (vlg. Respondent A; Respondent B; Slagboom, 1993:1). Daar is uit die skepping gepreek, naamlik dat God aan die mens die natuur gegee het om te benut en te ontwikkel. Hierdie onderrig is in die praktyk toegepas deur die mense te leer om groentetuine aan te lê en met hoenders te boer vir die vleis. Die hoenderboerderyprojek het, volgens Respondent A, egter misluk, aangesien die Ndebeles "veemensen" is. Daarby het hulle nie die kennis van dieresiektes gehad nie en was ook nie bedrewe sakelui nie. Hierdie toedrag van sake bevestig net weer hoe noodsaaklik dit is dat sendelinge in hulle Woord- en daadbediening die kundigheid van die mense, en die konteks en die kulturele situasie so goed moontlik moet ken en in berekening bring. Sodanige kontekstuele insig beïnvloed ook die plaaslike mense se aanvaarding van sendelinge se boodskap en werk.

Volgens Respondent B was selfstandigheid die hoofdoel – om deur geestelike toerusting uit die Bybel praktiese begeleiding en vorming te bied. Respondent A meen egter dat die kerk-erfprojekte eerder prakties as geestelik benader is. Vanweë die groot armoede en die gevolglike (kinder)sterftes het die sendelinge wel mieliemeel verskaf, terwyl die mense hiermee nog nie regtig gehelp is nie, aldus Respondent A. Die mense moes geleer word om selfvoorsienend te wees. Hierdie beginsel vind steun in die Ndebele gesegde: *Wie homself help word ook gehelp.* Hierdie gesegde word volgens Respondent A nie by ander swart bevolkingsroepe aangetref nie, wat nogeens die noodsaak vir kontekstualisering beklemtoon. Die kerk-erfprojekte is by die kerkgeboue geloods om die gemeenskap van die heiliges te stimuleer, met die doel dat hierdie mense die geloofkennis wat hulle daar opgedoen het, self tuis gaan toepas (Respondent A).

Deur die verbouing van eie groente, eiers en vleis wat met hulle insette opgerig is, het die mense gesonder begin eet en leef. Gevolglik het die ondervoeding en kindersterftes afgeneem – uiteraard ook deur die koms van mediese klinieke. Die projek het bygedra tot samehorigheid in die plaaslike sendingsgemeenskappe en het die mense versterk in die besef dat hulle self iets kan opbou (sien Respondent A; Respondent B). Een van die belangrikste lesse wat Respondent B geleer het, was die ontdekking van "poor peoples wisdom".

Volgens hierdie beginsels het die allerarmste deelnemers hulle eie gereedskap gemaak. Hierdie kerk-efprojek het indruk op die gemeenskap gemaak, want jare nadat die sendeling wat dit ingestel het uit KwaNdebele vertrek het, word steeds oor hom gepraat. Hierdie feit het duidelik geword tydens die navorsing vir Hoofstuk 4 van die huidige studie. Die rede hiervoor is dat hierdie sendeling Woord en daad in die kerk-erfprojekte bymekaargebring het deur Bybelonderrig te gee oor onderwerpe wat die gemeenskap raak, en dit dan prakties toepas deur die aanlê van byvoorbeeld groentetuine. Sodoende het die verkondiging van die Woord gelei tot ’n geheel nuwe leefwyse. Gevolglik kan hier met reg gepraat word van ’n holistiese sending met hart, mond en hande.

#### 3.5.1.4 Selfstandig en selfversorgend

Oor die kwessie van selfvoorsiening wys die plaaslike kerke op die volgende: Wanneer hulle, die DBZ en sendelinge oor drie wesenlike elemente vir die kerk, “self-proclaiming, self-governing en self-supporting” praat, is “self-proclaiming” en “self-governing” uiters belangrik vir ’n selfstandige kerk. Dit lyk egter of die “self-supporting” eerder ’n einddoel behels wat slegs op langer termyn moontlik haalbaar is (CGKN-argief, XIVb, 1985:9). Die plaaslike kerk in KwaNdebele beskou hierdie toedrag van sake nie as skande nie, en haal selfs die Bybel as voorbeeld aan om dit te staaf. Tog is dit opvallend dat hierdie plaaslike kerke dit nie as hulle plig en verantwoordelikheid beskryf om finansieel selfstandig te wees of dit so vinnig moontlik te word nie. Dit kan as ’n gemaklike uitweg beskou word om nie finansieel selfstandig te wees nie, maar wel steeds self beheer uit te oefen. Integrale bediening sluit nie net integrale verkondiging asook bediening en beheer in nie, maar ook integrale selfverantwoordelikheid of minstens die strewe daarna. Sendelinge behoort die plaaslike kerke geleidelik hierin toe te rus.

Op ’n ander vlak het die DBZ kennis geneem dat gemeentelede steeds meer betrokke raak deurdat hulle self die kerkgeboue en -terreine begin versorg in plaas van dat die sendelinge dit doen of daarvoor opdrag gee. Die gemeentelede doen self fondswerwing, ontleed bestaande probleme deeglik en het ’n visie vir die toekoms (CGKN-argief, XLII, 2008:1). Daar is ook met blydskap kennis geneem van die opkoms van ’n nuwe geslag ampsdraers in die kerk wat positief en lojaal in die kerk meeleef. Dit is beklemtoon dat hulle ’n positief-kritiese bydrae lewer, met die gevolg dat die predikante sal moet leer om hiermee rekening te hou (CGKN-argief, XLV, 2010:2). Twee jaar later is die DBZ beïndruk deur die kerkraad in KwaNdebele se werkkrag en skryf dit aan die nuwe toegetrede geslag toe (CGKN-argief, LV, 2012:3). Die GKK het die inisiatief geneem om self sendingwerk te doen deur ’n tent vir evangeliseringswerk aan te skaf (CGKN-argief, LIII, 2012:2).

Die bogenoemde aspekte is uiters belangrik vir integrale sending. Die rede is dat die veranderende sosio-, politiese en maatskaplike veranderings in Suid-Afrika 'n uitwerking op die nuwe geslag het wat gevolglik ook na vore kom in die manier waarop hulle sending bedryf en integrale sending teweegbring. Anders gestel: integrale sending moet enersyds rekening hou met die veranderde omstandighede in die samelewing, maar andersyds ook met die vrugte van die sendingwerk wat 'n bekwamer nuwe geslag oplei. Integrale sending moet aanpas by veranderde tye wat nuwe eise aan sendingwerk stel.

Die DBZ het die beste manier oorweeg om die betrokkenheid in KwaNdebele af te sluit en die instansies aan die plaaslike kerk oor te dra. In dié verband het hulle die volgende opsies ondersoek: volledige terugtrekking of terugtrekking wanneer die GKK lewensvatbaar en sterk genoeg is om selfstandig verder te gaan of om 'n konsultant as "coach" beskikbaar te stel (CGKN-argief, XLII, 2008:2). Vir laasgenoemde opsie is besluit: 'n sendeling, wat "er zo mogelijk toe kan leiden dat de beoogde opruiming van het misisonaire tijdperk definitief wordt afgerond" (CGKN-argief, LI, 2011:3).

Integrale sending se deurlopende doel is selfstandigheid: om die vryheid, wat mense in Christus as beeld van God ontvang het, in hulle leef- en werkomgewing tot volle reg te laat kom. Tog moet die sturende kerk deeglik besin voordat hulle hul aan daardie omgewing onttrek. Bloot finansiële redes kan nie 'n geldige argument wees nie. Dit sal ewe min help om bloot 'n "coach" aan te stel wat slegs 'n kort tydperk van die jaar uit die buiteland aanwesig is. So iemand woon immers nie binne die konteks en kan dus nie die regte oplossings voorsien nie. Wanneer 'n persoon of instansie nie gereed, ryp of volwasse genoeg is om selfversorgend te wees nie, kan so 'n onttrekking groot skade aanrig. Is hulle sterk genoeg om die probleme aan te pak waarvoor hulle te staan gaan kom? In daardie geval kan dit ook 'n heilsame uitwerking hê om mense of kerke die verantwoordelikheid vir hulleself te gee en hulle nie enduit as "babas in die geloof" te hanteer nie (Heb. 5:12-14).

Hierdie selfversorging hou vervolgens in dat die GKK hulle eie finansiële verantwoordelikheid leer aanvaar, onder meer omdat die inwoners binne daardie konteks se lewenstandaard gestyg het, aldus die DBZ (CGKN-argief, XLIII, 2009:2; XLV, 2010:2). Die predikant moet die gemeentelede hierin opvoed (CGKN-argief, XLV, 2010:2). Die vraag moet met reg gestel word waarom hierdie opmerking eers na 30 jaar se sending in KwaNdebele gemaak word. In Hoofstuk 4 sal duidelik word dat die huidige kerkleiers dit as 'n swakpunt in die sending van die CGKN ervaar, omdat die CGKN hierdie standpunt reeds uit die staanspoor moes ingeneem het.

#### 3.5.1.5 Missionêre diakonaat

Uit die dokumentasie blyk dat die CGKN verheug was oor die “kerkbouwprojecten” waarvoor jongmense uit Nederland groot belangstelling getoon het (CGKN, 1992:159). Kinderhuise in KwaNdebele vir gestremde kinders is as diakonale projek beskou, terwyl evangelieverkondiging aan hierdie kinders en hulle ouers plaasgevind het. Die kerke in KwaNdebele sluit hierby aan (CGKN, 2010:483), met die gevolg dat hulle ’n voorbeeld van integrale Woord- en daadbediening stel. Hierdie projekte is wel Woord- en daadbediening, maar kan nie spesifiek onder kerkstigting of gemeentebou gekategoriseer word nie, omdat Woord en daad verder as dít strek.

In gevalle waar gemeentelede ingeskakel word om siekes en randkerklede te besoek (CGKN, 1992:157-158), kan dit inderdaad as gemeentebou beskou word. Die rede is dat lidmate toegerus word om deur hulle woorde en dade getuies van Jesus Christus en die nuwe lewe in Hom te wees. Hierdie beeld word bevestig deurdat die Gereformeerde Kerk KwaNdebele voedsel aan armes voorsien het. Hiervoor het hulle komitees gebruik, meestal vroue uit die gemeente, om te bepaal wie voedselhulp ontvang. Hierdie vorm van diakonaat het beslis die kerk laat groei. Klere is volgens Respondent A nie aan behoeftige lidmate verkoop nie, omdat dit bloot tot “klere-bekeerlinge” lei. In Nederlands het “klere” in die volksmond ’n dubbele betekenis van enersyds kleding en andersyds afkeuring (Koenen, 1999:537). Hiervolgens sal mense slegs kerk toe kom om klere te ontvang en kry ’n mens dan ook kerklede wat nie met hart en siel toegewy is nie, of, kort gestel: slegte bekeerlinge.

Deur die insette van die komitees is onder meer wel skoolklere vir skoliere gekoop sodat hulle kon skool toe te gaan (Respondent A). Belangrik is dat beide die voorsiening van voedsel en kleding in oorleg met die swart gemeenskap plaasgevind het. Hierdie vorm van missionêre diakonaat het so goed in die gemeenskap bekend geword dat die Onafhanklike Kerke dit as Bybelse barmhartigheid bestempel het, aldus Respondent A. Hierdie vorm van diakonaat rus gelowiges toe deurdat hulle prakties betrek word om mense binne en buite die kerk as *imago Dei* te help opbou.

#### 3.5.1.6 Kerkgeboue: ’n ander benadering

In 2013 het die CGKN ’n ander standpunt as voorheen oor die bou van kerkgeboue gehuldig. Die DBZ het in 1983 nog gemeen dat die bou van kerkgeboue ’n hoë voorrang moet geniet (CGKN-argief, VIc, 1983:28; CGKN-argief, VIj, 1986:9). In 1984 het die DBZ egter gevra of dit realisties is om soveel kerkgeboue op te rig terwyl daar “meer lege dan bezette plaatsen” is (CGKN-argief, VIf, 1984:42). Hilbers (2013b:4-5) en Makungo (2013:6-7) beskryf twee dekades

later dit as 'n fout dat die CGKN kerkgeboue aan die inwoners van KwaNdebele voorsien het sonder dat daardie inwoners eienaarskap daarvoor aanvaar het.

In Hoofstuk 4 word die reaksie van KwaNdebele se kerkleiers op die bogenoemde aangeleenthede van nader belig. Respondent C benadruk dat Nederland se uitgangspunt was dat kerkgeboue opgerig moes word wanneer 'n kerk deur sendingswerk ontstaan, maar dat sommige geboue "iets te vroeg neergezet" is, omdat daar nog geen gemeentes in daardie gebiede bestaan het nie. Daarteenoor wou die blanke kerke in Suid-Afrika, volgens Respondent C, "hun schuldgevoel afkochten door kerken (vooral in de townships rond Pretoria en Johannesburg) te bouwen". Hierdie erkenning en insig dui op groei in integrale Woord- en daadbediening, omdat hier uiteindelik ook rekening gehou is met die plaaslike kulturele gewoontes en gebruike. (Hieroor later meer onder die opskrif *Kontekstualisering en gelykwaardigheid.*)

#### 3.5.1.7 Samevattend

Die CGKN se sendingwerk was aanvanklik sterk op die vorming en toerusting van kerkleiers in KwaNdebele toegespits asook op gemeentebou en gemeentestigting. Gevolglik het praktiese projekte stelselmatig steeds meer uit die missionêre bediening voortgespruit. Hierdie projekte is wel as verlengstuk van Woordverkondiging beskou en nie as integraal van 'n teologies gefundeerde beleid oor Woord- en daadbediening deur die CGKN nie. Tog dui dit op die vanselfsprekende, noodsaaklike eenheid en integrasie van Woord- en daadverkondiging binne hierdie konteks.

'n Teologies gefundeerde visie, en strategie is nie net ideaal nie, maar selfs noodsaaklik in die lig van die teologiese grondslag van Woord en daad wat in Hoofstuk 2 uitgewys is. Hierdeur ontstaan geen eensydige "social gospel" of suiwer vergeesteliking van die Woord van God nie. Die CGKN se sterk en byna eksklusiewe gerigtheid op die kerk wek die indruk van institusionalisme en dat hulle die kerk as einddoel van sending beskou. Hierteenoor is die kerk, uit die *missio De*-perspektief gesien, die bruid van Christus wat ook as God se instrument in die wêreld optree.

## 3.6 Kontekstualisering en gelykwaardigheid

Uit die voorgaande bespreking het dit duidelik begin word dat kontekstualisering en gelykwaardigheid twee belangrike temas in integrale sending is. Sending kan nie verbygaan aan die konteks waarbinne integrale sending gedoen word nie. Dit kan ook nie die vraagstuk ignoreer nie oor gelykwaardigheid tussen kerke uit verskillende omstandighede en kulture.

Die een aspek beïnvloed die ander een grondliggend en is sekerlik bepalend vir doeltreffende integrale sending.

### 3.6.1 Gelykheidsbeginsel

Integrale sending uit ’n *missio Dei*-perspektief handhaaf die Bybelse gelykheidsbeginsel waarin die sturende kerk en dienende kerk as gelykwaardig beskou word. Volgens hierdie beginsel aanvaar die sturende kerk nie bloot die plaaslike kultuur nie, maar gee ook voorrang daaraan om die leiding te neem in plaaslike gewoontes en gebruike sonder om die kernboodskap van die evangelie aan te tas. Hiermee bied die sturende kerk dus ruimte vir rentmeesterskap van die plaaslike kerke. Wat die verinheemsing van die sendingwerk betref, beklemtoon die DBZ dat die evangelie in die sendinggebied “een eigen expressievorm moet vinden” (CGKN-argief, XIVb, 1985:8). Dit beteken dat sendelinge uitdruklik Westerse vorme moet vermy en plaaslik kulturele waardes inkorporeer wat nie met die evangelie in stryd is nie. Die CGKN het egter hier aanvanklik min rekening gehou met die onvermydelike Westers imperialistiese invloede op hulle geloof- en kerkbeskouing asook die Westers-kulturele benadering se unieke afdruk op hulle sendingwerk.

Die gevolge hiervan is dat integrale bediening met hart, mond en hande moeilik kon geskied. So merk Van Niekerk (1989:43) op: “De Westerse cultuur heeft, reeds door haar aanwezigheid, zonder meer, een diepgaande ontwrichting en verstoring van de totale traditionele cultuur, religie, samenleving, wereldbeschouwing, normen en waarden veroorzaakt.” In hierdie verband stel Sugden voor in die konteks van protes teen Westerse teologie wat vals afhanklikheid bevorder dat die leer van genade verantwoordelikheid én gelykheid ontwikkel (Sugden, 1997:281). Affourtit (1989:102) verwys in die ontwikkeling van die sending na die Piëtisme in Noord-Europa. Hierdie benadering het nie veel van die band tussen kerk en staat verwag nie en in die praktyk van sendingwerk min aandag gegee aan vrae oor byvoorbeeld kultuur en die samelewing. Die onderskeie fasette van die wetenskaplike en tegnologiese ontwikkeling wat Europa in die 19de eeu deurgemaak het, is in die sending oorgedra. Hiervolgens is die bou van skole en hospitale, landboumetodes, selfs sosiale vraagstukke, soos slawerny bygereken.

Aan die begin van die 21ste eeu moes die beleidmakers van die CGKN hulle afvra wat die invloed van die Piëtisme en die 19de eeu op hulle sendingsbediening was. Daar moet dus ook gevra word hoe die inwoners van KwaNdebele die missionêre aktiwiteite van die CGKN verstaan en geëvalueer het en watter invloed dit op hulle lewe uitgeoefen het. Die bedoeling is om die uitwerking van die verkondiging vas te stel, en of die missionêre beleid Bybels en kruiskultureel gefundeer was.

### 3.6.2 Piëtisme in die CGKN

Van Niekerk (1989:43) merk op dat die Weste die plaaslike kultuur en wêreldbeskouing ontwrig en versteur het. Hiermee saam geld die ervarings van die Piëtisme in Noord-Europa wat vrae oor kultuur, en die samelewing afgeskeep het asook soortgelyke ekonomiese en tegnologiese ontwikkelings in Noord-Europa (Affourtit, 1988:102). Hierdie benadering en ontwikkelings het die CGKN in daardie tydvak nie onbeïnvloed gelaat nie. Die sterk aksent in die CGKN op "bevindelikheid" vertoon sterk Piëtistiese trekke in die CGKN se sendingbeleid. In die Nederlandse Van Dale-woordeboek word hierdie term omskryf as: "gegrond op godsdienste ervaring, die bevindelike kennis van God" (Geerts & Heestermans, 1992:346).

Die rede hiervoor is dat die CGKN in hulle visie- en beleidsplan geen eksterne ontledings van die kultuur, tradisies en wêreldbeskouing van die KwaNdebele-inwoners gemaak het nie. Hulle het slegs nood wat uitgewys is as doelwitte vir die sending vasgestel. Daar is ook nie na aanleiding van 'n interne analise gevra na kontekstualisering en hoe hulle dit vir die Suid-Afrikaanse konteks behoort te vertolk nie. In hierdie opsig kan gedink word aan Van der Linde se beswaar dat die Piëtisme oorhel na kultuurkritiek en wêreldmyding – ook in die sending (1960:452). Die Piëtistiese neigings blyk verder uit die CGKN se opdrag aan sendelinge om veral te preek vir en hulle insette op gemeentebou te rig. Dit was in plaas van om Woord en daad te integreer en as sout vir die wêreld en lig na die volke op te tree. Volgens Van der Linde (1960:453) is die Piëtisme gerig op die bekering, op Bybellees en onderlinge stigting wat herken word in die opdrag aan sendelinge in KwaNdebele. Tog waarsku Van der Linde (1960:452) daarteen om die Piëtisme slegs negatief te belig, omdat hierdie beweging juis talle gebreke in die kerke aangetoon het.

Die indruk word gewek dat die CGKN in hulle sendingwerk binne KwaNdebele dieselfde Piëtistiese trekke vertoon het as wat Affroutit (1988:102) uitwys: "in de praktijk van het zendingswerk bestaat weinig aandacht voor vragen rondom cultuur, volksgemeenschap en dergelijke." Dit blyk byvoorbeeld uit die opmerking van Respondent J (2013) dat die Nederlandse sendelinge onder meer geld uitgedeel het. Sodoende het hulle die bevolking nie binne die konteks van laasgenoemde se kultuur ontmoet en hulle selfvoorsienend help maak nie. Hoewel hierdie aspekte in die sendingsvisie en -beleid ontbreek het, het indiwiduele sendelinge wel aandag aan die integrasie en kontekstualisering van die evangelie gegee. Só is sendelinge met opdrag van onderskeidelik gemeentebou of dosentskap aan 'n Bybelskool na KwaNdebele gestuur (CGKN-argief, XC, 1993:1). In die proses is hulle daarop gewys dat die GKK self 'n kontekstuele analise deur vraelyste maak en dat die CGKN nie die planne vir KwaNdebele opstel nie (CGKN-argief, XD, 1993:190).

Hoe ŉ mens die Piëtisme ook benader, het dit wel winspunte ingehou. Dit het ŉ verlange na ŉ heilige lewe, Bybelse onderwys en sending bevorder waarsonder die Protestantisme armer sou gewees het, aldus Clouse (1978:780). Uit hierdie benadering het onder meer skole vir armes, weeshuise, hospitale, Bybelskole en opleiding van onderwysers gespruit (Clouse, 1978:780), soos ook uit die sendingwerk van die CGKN blyk en waarsonder die sendingwerk minder doeltreffend sou gewees het. Tog moet, volgens Van der Linde (1960:452), gewaak word teen die gevaar van wêreldmyding en die feit dat die Piëtisme “altijd een zekere gespletenheid vertoont”. Hieraan behoort toegevoeg te word dat ŉ té eensydige aksent op die *bevindelikheid* hierdie gespletenheid kan versterk, omdat die swaartepunt by die indiwidu se geloofsbelewing gelê word in plaas van geïntegreer word met so iemand se lewe in geheel. Gevolglik word die noodsaak vir ŉ holistiese benadering en integrasie van Woord en daad bevestig.

### 3.6.3 Bybelse lewens- en wêreldbeskouing

In aansluiting hierby word die DBZ by die vraag oor ’n moontlike botsing tussen die Westerse of Afrika-wêreldbeskouing tereg daarop gewys dat ’n Bybelse lewens- en wêreldbeskouing hoofsaak is en aan beide genoemde beskouings voorafgaan. Die feit dat dit soms tot heftige botsings kan lei is onvermydelik, maar behoort om hierdie rede nog nie vermy te word nie (CGKN-argief, XIVc, 2003:14,15). Soos in Hoofstuk 2 aangetoon, word alle bestaan en kulture deur God self voorafgegaan, bepaal en beïnvloed.

In hierdie verband kan ook gestel word dat sekere onderwerpe van die gereformeerde belydenis kultuur-, tyd- en situasiegebonde en minder relevant vir KwaNdebele kan wees. Gevolglik is die behoefte uitgewys dat die plaaslike kerke self ’n belydenis ontwikkel oor onderwerpe soos voorouerverering, die mag van die kwaad en etiek van die huwelik (CGKN-argief, XIVb, 1985:8). Watter belydeniselemente hier betrokke is, word nie genoem nie. Dit is egter vir die doel van die studie nie hier van belang nie.

### 3.6.4 Finansiële afhanklikheid

Die CGKN het grondige Bybelse onderwys en toerusting as hoofdoelstellings gestel en steeds die nood in KwaNdebele vir Bybelse onderwys bevestig (CGKN, 2004:468; 2007:390). Die besluit in 2007 om die kerk in KwaNdebele grondig te herorganiseer (CGKN, 2007:407), terwyl die kerk swak is en in ’n uiters kwesbare situasie verkeer het, is daarom opvallend. Ook die besluit om die verhouding met die MTC te beëindig (CGKN, 2007:401, 408) is opmerklik. Die redes wat aangegee is, is finansieel en daarby het meningsverskille oor die oorspronklike visie en doelstellings bestaan (CGKN, 2007:394). In hierdie opsig merk Respondent C op dat die CGKN se missionêre betrokkenheid in KwaNdebele te sterk op finansiële afhanklikheid

gesteun het. Die CGKN het te laat hieroor nagedink, met die gevolg dat die beeld onder die plaaslike kerke ontstaan het dat die CGKN-sending ’n geld-sending behels.

Die oorweging om die verhouding met die MTC te beëindig is eweseer sterk uit die oogpunt van die CGKN se finansiële doelstellings gemotiveer. Dit terwyl die voornemens in die beleidsplan uiteengesit is: om die bediening met die kerkleiers van KwaNdebele te bespreek in die lig van die behoeftes van en nood in KwaNdebele. Dit skep die indruk dat die CGKN van hulle eie geformuleerde doelstellings van 1991 afgewyk het. Die vraag is dan in watter mate rekening gehou is met die nood, behoeftes en wense van KwaNdebele se inwoners? Die CGKN se verslae en rapporte toon geen blyke van sodanige besprekings en oorleg nie. ’n Verdere eienaardigheid is dat die CGKN wel in 2012 aan die beheerraad van die MTC ’n verbintenis gevra het om steeds vir die Gereformeerde Kerk KwaNdebele predikante op te lei as deel van die ooreenkoms om die titelaktes van die geboue aan die MTC te oorhandig. Hieruit kan afgelei word dat die CGKN tog besef het hoe belangrik die MTC se meer gevorderde opleiding vir die voortgang van die kerk in KwaNdebele is.

### 3.6.5 Kontekstualisering en langtermynplanne

Woord- en daadbediening uit ’n *missio Dei*-perspektief oorweeg nie net die eie belange en doelstellings nie, maar stel in navolging van Christus se styl die bediening van die kerk of gemeenskap voorop. Gevolglik moet gevra word of die korttermyndoelstellings wel rekening gehou het met die plaaslike kultuur, kulturele denkwyse asook die unieke nood, gewoontes en praktyke van KwaNdebele. Voorts moet gevra word of die sturende kerk se agente hulle regtig in die lig van Matteus 28:18-20 vir die langtermyn nood diensbaar maak.

Die sendelinge behoort saam met die plaaslike kerkleiers ’n langtermynplan op te stel wat kontekstueel relevant is. So ’n beplanning moet nie geskied deur sendelinge in hulle studeerkamer sonder die medewerking van die plaaslike kerkleiers nie. In die lig van die probleme en die geweldige behoefte aan teologiese én skoolonderwys in KwaNdebele kan onderwys nie slegs as korttermyndoelstelling vir so ’n gebied geld nie. Die diepgaande nood is geïllustreer deurdat van die studente en die kerkraadslede ervaar het die sendelinge se lesings is soms koud en nie van hart tot hart nie. Gevolglik het hulle die behoefte uitgespreek dat die aanbieders die lesings meer konkreet en relevant op hulle lewensomstandighede toespits. Onder andere die kerkraad van die GKK asook ’n paar ander predikante het aangedui dat die behoeftes so enorm is dat die leerplan uitgebrei kan (en moet) word (Buys, 1995a:2). Die DBZ het dan ook geen hulp verleen toe die MTC begin het om skoolonderwysers op te lei nie.

Die onderrig geskoei op die model van Matteus 28:18-20 is omvattend en integraal. Daarby benodig dit, binne 'n situasie en 'n omgewing met soveel probleme, 'n langtermynbelegging asook 'n integrale en holistiese aanpak. Dit geld veral as daardie onderrig uit die emotief van integrale Woord- en daadsending benader word. Die toerusting en begeleiding van studente om as *imago Dei* in die lig van die eskatologiese werklikheid te leef, vereis uithoudingsvermoë en 'n spesifieke gerigtheid. Die doelstellings van integrale sending hou rekening met konteks-tualisering en soek in die navolging van Christus nie eie voordeel nie, maar is gerig op die ontvangers van die hulp. Gevolglik moet die sturende kerk selfs opofferings maak terwyl hulle op die seën van die Here vertrou (Psalm 67:7).

Die CGKN het reeds besluit om die MTC nie verder inhoudelik te steun nie, maar slegs deur die geboue én studiebeurse beskikbaar te stel. Gesien uit die *missio Dei*-perspektief kan hierdie handelinge nie daadwerklik integrale sending genoem word nie.

In hierdie opsig kan met Respondent C se slotsom saamgestem word dat die CGKN nie oor die ontwikkeling van strukture in die kerk binne die plaaslike konteks nagedink het nie. Dit was eers later weens ontwikkelings in die CGKN se sendingwerk binne Botswana dat hierdie kerk oor kontekstualisering begin besin het. Een sentrale kerkraad in KwaNdebele het ook nie regtig gewerk nie, totdat oorgegaan is tot desentralisering. Hierdie nuwe ontwikkeling het kerkraadslede die gevoel van eienaarskap binne hulle eie konteks gegee (Respondent C). Die vraag na kontekstualisering is nie nadruklik gestel nie en sendelinge moes hierdie aangeleentheid vir hulleself verwoord.

### 3.6.6 Kopieeërgedrag

Sendingwerk uit Europa het die kerklike lewe van Europa afgedruk op die lande waar sendingwerk gedoen is: "Het was 'blank' en zendelingen brachten in hun zendingswerk hun manier van geloven en kerk-zijn over naar anderen in andere werelddelen" (CGKN, 2009:6). Hierdie insig toon die begin van 'n wending in die CGKN se sendingdenke, wat lei tot 'n ander benadering: "Hoe kunnen de 'oude' kerken de 'jonge' kerken het beste helpen in hun eigen ontwikkeling?" (CGKN, 2009:6). Daar is besluit die CGKN kon die beste hulp verleen deur onderwys te gee, aangesien daar "enorm gebrek aan kader, aan mensen die leiding kunnen geven en die daarvoor voldoende Bijbels en theologisch geschoold zijn" is (CGKN, 2009:6). Dit roep die onbeantwoorde vraag op: Waarom het die CGKN dan onderrigaktiwiteite in KwaNdebele aktief beëindig? Hieroor is die volgende insig verwoord:

> Het eerste dat wij hebben in te zien, is dat we niet slechts het verkeerde, het onrecht, de discriminatie en de onderdrukking dienen tegen te gaan, maar veel moeilijker: dat we

hebben te werken op lange termijn aan ingewikkelde processen van communicatie en verzoening van twee culturele werelden (Van Niekerk, 1989:43).

In ’n sterker sin behels kultuur ’n dinamiese proses wat beïnvloed word deur menslike ontwikkelings en bewegings. Gevolglik moet hierdie proses van kommunikasie en versoening noodgedwonge lei tot die ontstaan van ’n nuwe kultuur binne Suid-Afrika. Dit verg ’n kultuur deur Christus gevul wat tot ’n nuwe lewe lei. Daarom moet indringend aandag en groot sorg bestee word aan die verhouding tussen deputate, sendelinge, evangeliste en die kerkrade binne die sendinggebiede, aldus Buys (1997:1-3). Hierdie benadering moet rekening hou met die voortdurend kwesbare situasie asook broos verhoudings in sending wat deur tallose faktore beïnvloed word. In die lig hiervan kan ontevredenheid en spanning vinnig opvlam teenoor die sendelinge en deputate as die kommunikasie nie sorgvuldig geskied en op die konteks afgestem is nie. Hierdie vorme van spanning en ontevredenheid kan ontstaan as gevolg van ’n (selfs onbedoelde) paternalistiese houding van sendelinge en/of deputate. Dit kan na vore kom wanneer die plaaslike kerkleiers die toepassing van gesag as onsensitief en baasagtig ervaar en die indruk gewek word dat die plaaslike kerke nie as volwaardige en mondige medewerkers aanvaar word nie.

### 3.6.7 Kennis van die volksgeskiedenis, taal en kultuur

Kontekstualisering uit ’n *missio Dei*-perspektief met die oog op integrale sending, hou onder meer in om die geskiedenis te ken en verstaan van die volk wat bedien word. Dit behels egter nie slegs ’n eenvoudige aanpassing aan die tradisionele denkwyse nie. Hier gaan dit eerder oor ’n aanpassing wat steeds die ooreenkomste met die tradisionele geloof vertoon, maar tegelyk ’n wesenlike en voortdurende konfrontasie met en kreatiewe transformasie van die tradisionele geloof en waardes inhou (Anderson, 2000:309; Daneel, 1987:26). In ooreenstemming hiermee is kontekstualisering en respek vir die diverse kulture wel in die CGKN se beleidsnota van 1992 beklemtoon, waar sendelinge gewaarsku is om kulture nie op mekaar af te dwing of die een oor die ander te kopieer nie.

Aan die ander kant behoort kontekstualisering ook krities benader te word. Dit beteken dat die boodskap wel binne die konteks toegepas, maar nie volgens die konteks aangepas word nie. Keller stel dit duidelik: “The job of the missionary is to enter sympathetically the world-view-story of the culture yet challenge and re-tell the culture’s story so they see their story will only have a happy ending through Jesus” (Keller, 2008a:6). Die CGKN se sendingbenadering het hierby aangesluit: “De norm ligt in de Bijbel, niet in de context” (CGKN-argief, XIVa,1992:7). Hiermee word bedoel dat die praktiese omstandighede nie daartoe mag lei dat die inhoudelike Bybelse boodskap aangepas word nie. Kontekstualisering hou volgens die beleidsnota ook in dat ’n

sendeling die taal en kultuur deeglik leer ken, maar die kultuur deurgaans aan die kritiek van die evangelie moet onderwerp (CGKN-argief, XIVa,1992:7).

KwaNdebele het deur die tuislandbeleid in die 70er-jare ontstaan toe die Ndebeles nie na die destydse Natal verhuis het, soos die Suid-Afrikaanse regering van daardie tyd wou hê nie. Aangesien die Ndebeles nie aan die Zoeloes verwant is nie, het hulle ’n eie tuisland naby Pretoria gestig waarheen die Ndebeles oor die hele land toegestroom het (Jonkman, 1988:58, 62). Kontekstualisering beteken om rekening te hou met die feit dat hierdie groep nie slegs hulle unieke kulturele gewoontes en ’n eie taal het nie, maar dat hulle ook hervestig is, moontlik selfs ontwortel is en aan traumas van byvoorbeeld ontheemding ly. In dié sin moet missionêre bediening by die omstandighede aangepas word, aangesien byvoorbeeld ’n Zoeloe of Sotho nie dieselfde benader en behandel kan word as ’n Ndebele nie. Hierdie beginsel geld deurgaans in gebiede waar missionêr uitgereik word en is ’n kernaspek van integrale *missio Dei*-bediening met hart, mond en hande. ’n Integrale benadering vra dat die sendelinge die unieke sosio-kulturele en maatskaplike konteks verstaan en korrek kan interpreteer. In dié sin is Paulus se opmerking relevant waarvolgens hy vir die Jood ’n Jood word en vir die Griek ’n Griek, om Jesus Christus aan hulle te bedien (1 Kor. 9:20-22). Hesselgrave, wat kontekstualisering uitgebreid ondersoek en verskillende kenmerke daarvan uitwys (2000:37, 149-153, 163-164, 222-223, 225), vat hierdie motief netjies saam:

> The old gospel must be communicated, but it must be communicated in new ways that engage the attention, employ, the thought forms, enhance understanding, and merit the consideration of people enculturated in systems very different from our own (2000:151). Only by tailoring the message from (and, for that matter, the method as well) to the target culture will the biblical gospel be truly heard (2000:37).

> It was an all-sided adaptation of himself to others, within the limits of truth, of course, and in those things which were morally indifferent, according to the rule and direction of a love that was intent upon the salvation of souls (Lange, 2008).

Waar sending met hart, mond en hande bedryf word, vereis kontekstualisering kennis van die plaaslike volk se geskiedenis, samestelling, taal, kultuur, gewoontes, gebruike asook wêreldbeeld en gesegdes.

### 3.6.8 Kulturele antropologie

In hierdie verband het die CGKN reeds in ’n vroeë stadium waardevolle advies gevra en ingewin oor hulle hantering van die inwoners binne die kulturele konteks. Kulturele antropologie kan ’n bydrae lewer tot sendingwerk om die mense van KwaNdebele beter te verstaan:

*“*Sending en antropologie staan niet naast of tegenover elkaar, maar kunnen aanvullend tot elkaar in relatie staan*”* (CGKN-argief, VIc, 1983:26). Dit kan ook insiggewende inligting verskaf oor allerlei KwaNdebele-gebruike (CGKN-argief, VII, 1988:52). Ná konsultasie deur dr. C.S. van der Waal, ’n kulturele antropoloog in Johannesburg destyds, is die volgende relevante onderwerpe genoem: die omstandighede, konteks, van die jong kerk in KwaNdebele; die algemene leefwyse, menslike behoeftes en die invloed van religie daarop; sinkretisme as reaksieverskynsel; die eiesoortige belewing van die Christendom in KwaNdebele. Hierby het die DBZ tot die slotsom gekom dat die rol van religie in sosiale verandering vir die kerk van kernbetekenis is (CGKN-argief, VIc, 1983:26). In die argief of sinodebesluite kon geen inligting gevind word wat daarop dui dat die CGKN verder van hierdie antropologiese raadgewing gebruik gemaak het nie, terwyl die antropologie as wetenskap juis ’n onskatbare bydrae tot die sending in KwaNdebele kon gelewer het.

Kontekstualisering[12] hou in dat sendelinge bepaalde gebruike en taboes binne die konteks verstaan, in die lig van die Bybel kan weeg en ’n benadering kan vasstel hoe om dit hanteer. Hier kan ’n mens byvoorbeeld dink aan benaderings in die tyd toe mense MIV/Vigs nie as oorsaak van dood in ’n hospitaal mag aangee nie. Die pastorale gevolge van onderwerpe wat nie bespreek mag word nie, raak bykans onhanteerbaar wanneer ’n sendeling nie die onderliggende faktore verstaan nie. Daarom is dit van deurslaggewende belang dat sendelinge nie slegs die plaaslike taal so goed moontlik kan praat en verstaan nie. Hulle moet ook ’n deeglike begrip van die plaaslike kultuur en die kultuurgeskiedenis hê en dit teen die Bybelse boodskap kan opweeg. In die lig hiervan pleit Buys tereg voor alles vir ’n indringende studie van die taal, kultuur, geskiedenis en huidige lewensomstandighede van die mense. Sodoende kan dit ’n belangrike bydrae lewer tot behoorlike langtermynbeplanning van die werk in KwaNdebele (Buys, 1995b:2).

---

12 Vergelyk vir meer bronne oor kontekstualisering onder andere Hesselgrave, D.J. 2000. *Planting churches Cross-Culturally: North America and Beyond.* Grand Rapids, Mi: Baker; Keller, T. 2012. *Dwelling in the Gospel by Dr. Tim Keller: there is only one Gospel – but several wys of expressing it.* http://verticallivingministries.com/2012/07/30/dwelling-in-the-gospel-by-dr-tim-keller/ Date of access: 5 Desember 2012; Lanier, S. 2012 *Waarom zijn wij anders? Praktische inzichten om andere culturen beter te begrijpen.* Almere: Ethnos.; Lingenfelter, S.G. 1998. *Transforming culture: a challenge for Christian mission.* Grand Rapids, Michigan: Baker.; Lingenfelter, S.G. & Mayers, M.K. 2003 *Ministering cross-culturally: an incarnational model for personal relationships.* Grand Rapids, Michigan: Baker Academic.; Van der Walt, B.J. 2007. *Transforming power: challenging contemporary secular society.* Potchefstroom: Institute for Contemporary Christianity in Africa. Potchefstroom: Institute for Contemporary Christianity in Africa.; Van der Walt, B.J. 2008. *Understanding and rebuilding Africa: From desperation today towards expectation for tomorrow.* Potchefstroom: Institute for Contemporary Christianity in Africa.; Van der Walt, B.J. 2010. *At home in God’s world: a transforming paradigm for being human and for social involvement.* Potchefstroom: Institute for Contemporary Christianity in Africa.

Taal en kultuur is onlosmaaklik verbonde. Die sendelinge moet dus ook die verskille tussen plaaslike kulture ken. Waar ’n Ndebele-persoon benader of beoordeel word met die kulture waardes en gebruike van ’n Pedi, kan groot foute begaan word. As voorbeeld: vir ’n Pedi wys die dra van bepaalde armbande op voorouerverering, terwyl dit vir ’n Ndebele nie die geval is nie (Respondent A). Wanneer ’n sendeling geen kennis van hierdie kultuurverskil dra nie, kan so iemand onherstelbare skade aanrig.

Sendelinge moet rekening hou met plaaslike inwoners se persepsie dat sendelinge hulle eie kultuur bemark en dat dit nadelig is vir die verspreiding van die evangelie. Teen hierdie agtergrond stel Rabali (1989:52-54) dat sendelinge verplig moet wees om te leer hoe die kulture waarin hulle werk die geloof uitdruk. Dit is egter van belang dat die sendelinge daardie kulture ook konfronteer met ander maniere waarop mense in ander kulture uitdrukking aan hulle geloof gee. Sodoende kan lig gewerp word op kultuurgebonde verpakkings van die evangelie. Taal is die draer van die kultuur en juis hierin het verskillende sendelinge van die plaaslike bevolking vervreemd geraak, meen Respondent A, deurdat hulle die inheemse taal en kultuur nie geken het nie. Kennis van die taal en die kultuur is wesenlik vir integrale Woord- en daadbediening. Gevolglik mag selfs van ’n sendeling verwag word om ’n gevorderde studie in die plaaslike taal en kultuur te volg.

Hierdie behoefte word bevestig deur die CGKN se worsteling om die probleem van voorouerverering, offers aan voorouers en genesing van siekte deur toordokters te verstaan, te vertolk en apologeties te benader. Die DBZ pleit wel vir ’n duidelike standpunt uit die evangelie oor die voorouerverering, maar ook “om het net breed uit te werpen en de vangst later maar uit te zoeken”. Hierteenoor moet daar daar één duidelike beleid vir die aanneming van lidmate wees en dit moet met liefdevolle, geduldige en Skrifgetroue onderlinge gesprekke gepaardgaan (CGKN-argief, IXh, 1993:194). Uit die argief blyk nie duidelik of, en indien wel, hoe hierdie beleid werklikheid geword het nie.

### 3.6.9 Woord en daad geïntegreer as antwoord

Oor die kontekstuele vraag of die tuislande “hemel of hel” was, het Kruger (1989:25-27) ’n aantal probleme uitgelig. Hy het tot die slotsom gekom dat die wortels van die tuislande in rassisme en apartheid lê, met die gevolg dat so ’n boom onmoontlik vrugte sou kon dra. Sy vraag was of ’n Christen wel ’n bydrae tot hierdie kwessie mag lewer. Die antwoord is dat die Woord in en vir die konkrete praktyk verkondig moet word, en steeds rekening moet hou met die historiese situasie. Só moet die volle raad van God verkondig word en nie met rassisme, kapitalisme of kommunisme (of enige ideologie) vermeng word nie. Daarby moet aangedring

word op die eis om te lewe soos God dit wil hê. Die CGKN het duidelik met hierdie aspek geworstel.

Affourtit-Bouterse (1994:94-95) verbind Woord en daad aan kontekstualisering deur dit soos volg te beskryf: om in mense se gedagtes en leefwêreld saam te gaan en hulle met Woord en daad in hulle nood te volg. ’n Grondgesegde van die Ndebeles, wat ook in KwaNdebele se wapen en vlag opgeneem is, lui: “Wie homself help, word gehelp.” Hierdie slagspreuk benadruk dat die Ndebeles weldeeglik as hardwerkende en samewerkende mense bekend staan (Respondent A). Deels weens hierdie ingesteldheid was die kerk-erfprojekte ’n sukses (Respondent A).

Kontekstualisering strek egter verder – die kloof tussen die menslike behoeftes en die beskikbare voedselbronne word groter na albei kante toe en gevolglik moet vasgestel word waar die kerk binne hierdie raamwerk staan (Van Niekerk, 1989:45, 46). Integrale sending is om van hierdie kloof en die kerk se posisie kennis te neem en dit te hanteer. Kennis van die konteks en kultuur is hier deurslaggewend vir integrale sending met hart, mond en hande. Dit gaan nie slegs hier oor kennis en begrip nie, maar ook ’n bewoënheid oor en hartlike verbondenheid met die bevolking. Hierdie ingesteldheid is onmisbaar vir holistiese sending: met hart, mond en hande.

### 3.6.10 Samevattend

In die proses wat hier bo beskryf is, het ’n rypheid en bewuswording duideliker begin word in die CGKN-denke oor die kerk se missionêre taak en plek as instrument van God se bediening in die wêreld. Daar is ’n toenemende erkenning en bewustheid van faktore soos die uniekheid, eie kultuur, konteks en mondigheid van die KwaNdebele-bevolking. Tog bly ’n helder teologiese grondslag uit ’n *missio Dei*-perspektief oor integrale sending binne KwaNdebele agterweë, gedra deur ’n kulturele analise van die konteks. Die gevolg is dat die sendingwerk in KwaNdebele ook nie behoorlik teologies-wetenskaplik beoordeel kon word nie. In hierdie sin is Van Niekerk (1989:45) se kritiese opmerking in die kol dat al die ingesteldhede, invloede en aksies wat die Weste by Afrika ingedra het, nie werklik onderling geïntegreer is nie. Gevolglik het dit ’n disintegrerende uitwerking op mikrovlak gehad. Hieruit volg ’n indringende oproep om integrale sending met hart, mond en hande te kontekstualiseer.

## 3.7 Gevolgtrekkings

Die CGKN het in gehoorsaamheid aan die sendingopdrag (Matt. 28:18-20) sendingwerk in KwaNdebele begin doen. Tog ontbreek ’n integraal teologiese fundering en uiteindelike evaluering van integrale sendingwerk uit ’n *missio Dei*-perspektief. Die sendingwerk in Kwa-

Ndebele het vorm aangeneem na aanleiding van die behoeftes wat plaaslik aangetref is. Gevolglik is dit moeilik om ’n eenduidige beeld van en oorsig oor die sendingwerk in hierdie gebied te vorm, terwyl kosbare werk gedoen is. Die CGKN het tot die gevolgtrekking gekom dat gemeentebou van die GKK asook vorming en begeleiding van kerkleiers van die Onafhanklike Kerke ’n behoefte en noodsaak binne daardie konteks was. Gevolglik het hulle besluit om hulle sendingbenadering veral hierop te fokus. Die toepassingsveld van hierdie vorming was kerkstigting en gemeentebou. In hierdie verband kan die onderstaande punte uitgelig word.

1. Daar was verwarring oor die **visie, doelwitte en take** van die sendelinge. Gevolglik het meningsverskille ontstaan weens die gebrek aan ’n integraal begronde visie op sending volgens ’n *missio Dei*-perspektief. Die gebrekkige teologies gefundeerde en prinsipiële beleidsvorming van die CGKN het tot uiteenlopende sienings oor sendingstrategie en allerlei konflikte gelei. Tog kan hierdie konflikte nie uitsluitlik toegeskryf word aan ’n gebrekkige teologiese fundering en visie op integrale sending nie. Sodanige konflikte is tipies van sendingwerk in die algemeen. Dit is egter ’n tema wat nie deel van die ondersoeksvraag is nie en dus nie hier verder uitgewerk word nie.

2. ’n Probleem was ook dat nuwe personeel van die DBZ en nuwe sendelinge nie deurentyd **op die hoogte** was met wat reeds in die verlede besluit is nie. Dit het frustrasie by sendelinge en leiers van die plaaslike bevolking veroorsaak. Uit die argiefstukke kon opgemerk word dat die DBZ soms beleid geformuleer het wat teenstrydig met vroeëre beleid was. Daarna is opgemerk dat dit die “deputate op ’n ander spoor sit”.

3. Die CGKN en die DBZ se visie en beleid is veral deur sendelinge se **verslae bepaal**. Opvallend is dat die CGKN reeds in 1988 gepraat het van die “afbouw van zendingwerk” (CGKN, 1988:166), terwyl teologies gefundeerde redes vir die beëindiging nie genoem word nie. Die uitgangspunt van sending in KwaNdebele was dat hierdie aktiwiteite tydelik is en daarom vanaf die begin af na ’n afskaling en uiteindelik onttrekking toe gewerk moet word. In die lig hiervan behoort sendingwerk uit ’n integrale perspektief sorgvuldig opgebou en aan die plaaslike kerk oorgegee te word, dat ’n goeie voortsetting ná die CGKN se vertrek moontlik kon wees. Die omvang van die nood in KwaNdebele was egter so groot dat betrokkenheid op die langtermyn gewens en noodsaaklik sou wees, maar wat egter nie gebeur het nie.

4. In die tydperk vanaf 1997 tot 1999 het die sending in KwaNdebele vir die DBZ **te omvattend** geword om te oorsien. Tog blyk dit dat die CGKN wel op die “ou manier” oorsig, toesig en beheer wou behou het. Hierdie benadering het nie gewerk nie en slegs tot frustrasie gelei. Die sendingsituasie het onoorsigtelik en moeilik bestuurbaar geword volgens die tradisionele DBZ-styl. Daarteenoor het die plaaslike bevolking se nood steeds duideliker geword en die

gevolglike behoefte aan bediening met Woord en daad onwillekeurig as logiese gevolg steeds bly groei, terwyl die CGKN se menslike en finansiële kapitaal beperk was.

5. Die uiteinde was dat die CGKN sterk klem gelê het op die **skep van werkbare strukture.** Hulle het ook, vir praktiese werkbaarheid, bepaalde strukture geskei, soos verkondiging en diakonaat. Dit roep dus ’n relevante vraag op vir integrale sending binne hierdie konteks: In watter mate is hier van ’n prinsipiële of ’n praktiese vraag sprake en hoe beïnvloed dit die integrasie van hart, mond en hande? Sinclair (1987:173) maak hieroor die volgende kritiese opmerking:

> Half are dedicated to discipling, with a nodding assent to social action; and half are committed to relief and development, with an anxious thought spared for the issues of eternity. It is often economic pressures that force us into these divergent groupings, but the net result is that none of us bears witness as we should to the totality of mission. What is needed then is a high view of mission, a passionate commitment to its advance, and a structuring that unites rather than divides its temporal and eternal goals.

Hieruit blyk dus: ’n visie, passie en ’n struktuur is wesenlik noodsaaklik om die eenheid tussen Woord en daad te versterk.

6. Diegene wat verantwoordelik is vir die uitstuur van sendelinge na ’n bepaalde gebied – in dié geval van die CGKN met die DBZ – behoort hulle van ’n paar **wesenlike sake te vergewis:** wat daardie sendeling se visie oor integrale Woord- en daadsending is; of die sendelinge mekaar kan aanvul en bymekaar pas sodat hulle mekaar nie teenwerk nie; ook wie plaaslik toesig oor hulle leer en lewe kan hou.

7. Die vraag na plaaslike amptelike **toesig** oor sendelinge behels ook ’n kulturele en kontekstuele kwessie. Dit is nie vanselfsprekend volgens die plaaslike kultuur, gewoontes en gebruike om die blanke Europese sendelinge regstreeks te korrigeer en vermaan nie, terwyl dit in die Nederlandse kultuur die normaalste saak ter wêreld is. Die gesegde dat mense hulle aanpas by diegene wat die geld en die mag het, lyk ook waar vir KwaNdebele en bemoeilik die integrale sendingwerk verder. Só was ’n respondent huiwerig om aan die onderhoud vir hierdie studie mee te doen uit vrees dat hy finansieel benadeel sou word. Daar behoort sterk gefokus te word op langtermyn finansiële onafhanklikheid van die plaaslike kerke en organisasies, soos die MTC. Selfstandigheid en selfverantwoordelikheid is reeds min of meer fokuspunte in integrale bediening en moet net verwerklik word.

8. Integrale Woord- en daadsending verg ’n deeglike beleid om die **gelykheid** ook in die toesig oor die amp te waarborg. ’n Sendeling moet nie net teologies vakkundig wees en ’n positiewe

gesindheid uitstraal nie. **Kennis, begrip en insig in en bewoënheid** oor die plaaslike gebruike, denke en handelinge (kontekstualisering) is van onskatbare waarde vir die integrale Woord- en daadbediening om ná die sendelinge se vertrek te bly voortduur. Prestasie deur relasie en nie deur produksie nie, is die sleutelwoord vir integrale sendingwerk binne KwaNdebele. Ook hierdie motief is 'n kontekstuele aangeleentheid.

9. Die indruk word gewek dat die DBZ **inhoudelik inspraak** in aktiwiteite binne KwaNdebele wil hê om in beheer van sake te wees. Dit is moeilik om hierdie afleiding korrek te bewys, maar dit lei tot die vraag wat die begrensing en parameters vir inhoudelike inspraak in integrale sending behoort te wees. Waar lê die grens tussen betrokkenheid en inmenging? Westerlinge voel gouer geaffronteer, maar is nie bereid tot vinnige selfondersoek nie. Met ander woorde, **selfrefleksie en selfkritiek** is nie vanselfsprekend vir Westerlinge (soos Europeërs) nie. Hierdie houding kan die indruk van heerssugtigheid skep en lei tot frustrasie by die ander groep, of dalk wankommunikasie of selfs passiwiteit by die ontvangers van die boodskap.

Integrale *missio Dei*-bediening het nodig dat alle betrokkenes tot **selfbesinning** gebring word. Die CGKN kla oor die gebrek aan selfrefleksie by die GKSA, maar andersom kan dieselfde ook uitgewys word. Sendelinge, kerkrade, besture en deputaatskappe behoort selfondersoek in te stel na hulle houding, instelling, motiewe, woorde en dade. Emosies wat deur allerlei faktore soos misverstande, wankommunikasie of verskille in inhoud en betekenis opgejaag word, kan maklik in konflikte ontaard. 'n Basiselement in integrale bediening is diensknegleierskap en 'n behoefte aan versoening (Matt. 18:15-35) asook 'n eenheidsgevoel. Daar behoort deeglike **kommunikasie** te wees en beplande afsprake, waar die visie op integrale sending vir alle betrokkenes helder en duidelik gemaak moet word. So ook behoort die organisasiestruktuur en wedersydse verwagtings duidelik verwoord en daaroor ooreengekom te word. Kriteria is noodsaaklik vir die onderhou en handhaaf van wederkerige verhoudings wat die *imago Dei* tussen die partye weerspieël.

10. Dit is duidelik dat daar 'n verband kan bestaan tussen konflikte en die **geografiese afstand** tussen die sendelinge en sturende kerk. Hierdie afstand word versterk deur die konteks en kruiskulturele aspekte daarbinne. Hierdie gevolgtrekking is relevant vir integrale sending en kan lei tot 'n afsonderlike ondersoek met nuwe aanbevelings. Dieselfde werkbesoekers uit die CGKN, maar dié wat ook bekwaam en ingelig is, behoort steeds soveel moontlik werkbesoeke aan die sendingsveld af te lê sodat die band tussen sturende kerk en sendeling asook die sendingsgebied gehandhaaf word.

11. 'n Verwante aspek is dat die notules uit die argief die indruk skep dat **finansies en bestuur** 'n ingrypende en bepalende groot rol in die sending binne KwaNdebele speel. Hieruit spruit

verskeie vrae voort. Eerstens: In hoeverre mag en behoort finansies en bestuur bepalend te wees vir beleid en beheer en wie mag bepaal wat met die geld moet gebeur? Die relevansie van hierdie gedagte vir integrale bediening gryp terug op die gesegde: “Wiens brood men eet, diens woord men spreekt.” Tweedens: In watter mate behoort geld ’n bepalende rol in die verhouding van Woord en daad te speel? Kerke wat uit ander lande en kulture binne Nederland ontstaan het, het met dieselfde vraagstuk te doen. Dit is omdat hulle dikwels van inheemse kerke se finansiële steun afhanklik is en daarby die gevoel het dat hulle hul kerklik-kulturele gewoontes moet aanpas by die kerk wat die geld en die fasiliteite verskaf. Finansies is onmisbaar vir sending, met die gevolg dat die opvallende aandag hiervoor verklaarbaar is, maar dit kan ook ’n slaggat wees. Integrale sending verg ook voldoende ruimte om te kan besin oor die eenheid van Woord en daad. Sodoende kan die beeld in die sendingsgebied, soos KwaNdebele, vermy word dat sending te veel oor geld en rykdom gaan. In Hoofstuk 4 word enkele opmerkings deur kerkleiers in KwaNdebele hieroor ondersoek en bespreek.

12. Gesien uit ’n *missio Dei*-perspektief verg die visie op integrale sending met hart, mond en hande duidelik geformuleerde **beleidsriglyne.** Dit sal daartoe meehelp dat meetbaarheid en verwagtings bevredigend in beide Nederland en KwaNdebele oorgedra kan word. Tog pleit dit ook vir **soepel paradigmas** en parameters bo onbuigsame, rigiede strukture en vormdenke, om sodoende steeds ruimte te laat vir die aanwending en benutting van gawes en talente. Hierby kan ook ruimte geskep word vir spontane strategieë wat verrassende moontlikhede kan ontgin.

13. Met verloop van tyd het die CGKN steeds duideliker doelstellings geformuleer. Die gevolg is dat ’n **visie gaandeweg gevorm** is en ontstaan het. Die sturende kerk het hierdie visie egter nie konsekwent deurgevoer nie. Terugskouend was hierdie visie steeds nie ondubbelsinnig nie. ’n Visie op integrale sending wat nie vooraf geformuleer is en steeds verbeter word nie, bied nie afgrensings en raamwerke om binne te werk nie. Dit bemoeilik meetbaarheid en evaluering asook toepassing van die visie. Die CGKN se besluit om nie aandag aan aktuele maatskaplike temas, soos apartheid, te gee nie vanweë die gevoeligheid van so ’n kwessie, kan teen hierdie agtergrond verklaar word. ’n Verdere vraag is hoe die inwoners van KwaNdebele hierdie terughoudendheid van die sturende kerk ervaar en verstaan het. Hierdie vraag word ondersoek in Hoofstuk 4.

14. Daar is reeds aangedui dat die CGKN en KwaNdebele elkeen ’n eie kultureel gekleurde Godsbeskouing en lewens- en wêreldbeskouing het. Tog het by die CGKN ’n integraal en kontekstueel toepasbare Bybels teologiese grondslag ontbreek waarop die sendingwerk in KwaNdebele gefundeer kon word. Om dit anders te stel: Daar was nie ’n teologiese grondslag van die doel, plek en funksie van die kerk uit ’n *missio Dei*-perspektief nie. Gevolglik is dit nie duidelik wat die CGKN met kerkstigting en gemeentebou in KwaNdebele beoog het nie.

**Kruiskulturele kommunikasie** tussen die CGKN en inwoners van KwaNdebele speel ’n groot rol, omdat mense mekaar maklik verkeerd verstaan. Dieselfde geld kommunikasie tussen sendelinge uit verskillende kulture.

15. Die kerk as liggaam van Christus en sy gestuurde instrument in die wêreld, is geroep om aan die mense van KwaNdebele ’n hoopvolle en bly perspektief te bied op die nuwe lewe in Christus wat nou reeds begin. Gemeet hieraan ontbreek die **toekomsperspektief** in die CGKN se sendingbeleid en ’n werkwyse hoe daardie beleid mense in praktiese omstandighede hoop kan bied en motiveer. Teen die agtergrond van kontekstualisering bemoeilik die CGKN se korttermyn-projeksending die integrale opbou van die kerk en gemeenskap. Die rede is dat dit nie voldoende rekening hou nie met die kultuur en diep geankerde nood van die inwoners van KwaNdebele. Hulle is dikwels erg getraumatiseer deur faktore soos armoede, verkragtings, verbrokkelde gesinne, en die lae selfbeeld waaraan hierdie mense ly. In teenstelling hiermee verg dit juis ’n langtermynbediening om binne hierdie konteks ’n verskil te kan maak.

16. Die benadering om sendingprojekte so gou moontlik **selfstandig** te laat word, is, vir die omstandighede van KwaNdebele teologies, kultureel en beleidsmatig swak gefundeer en bloot nie realisties nie, terwyl selfstandigheid aan die ander kant wel ’n belangrike strewe is. Daarom moet tot die slotsom gekom word dat die CGKN hulle sendelinge te vroeg uit die KwaNdebele-omgewing onttrek het. Die omvattende en verwikkelde problematiek van KwaNdebele verg ’n holistiese benadering en langtermynbelegging in die verhoudinggerigte kultuur. Sodoende kan daardie samelewing integraal opgebou word tot ’n gesonde gemeenskap wat God vereer en waar mense menswaardig volgens die beeld van God deur Christus se genade kan leef. Dit sluit aan by ’n gesegde in die Christelike KwaNdebele-gemeenskap wat lui: “Prestasie geskied deur verhouding.”

17. **Onderrig** is noodsaaklik en die CGKN se sendingbenadering het tereg hierop gemik. Tog ontbreek ’n integrale teologiese visie en fundering van die aard, doel en gerigtheid van Bybelse onderrig wat toepasbare kennis kon oordra wat die indiwidu se hele lewe omvat. Die aanvanklike visie om kerkleiers te leer Bybel lees het gaandeweg ontwikkel. Dit het egter ook in twee verskillende min of meer uiteenlopende rigtings ontwikkel, dié van die MBS en MTC. Gevolglik is daar in hierdie opsig nie van holistiese denke sprake nie en dit het bygedra tot verwarring onder die plaaslike inwoners.

18. Die CGKN was enduit by die MBS betrokke, maar het die MTC wat ontwikkel het soos die deputate in 1991 verwag het, tog laat vaar en die suksesvolle **verbinding** tussen die MTC en MCDC nie verder help ontwikkel nie. Die betrokke rolspelers het die verwagtings oor die ontwikkeling van die MTC verskillend verstaan en geïnterpreteer. Dit het daartoe meegehelp dat

die CGKN hulle aktiewe betrokkenheid by die MTC beëindig het. Die feit dat die MBS en MTC nie sinvolle samewerking kon bereik nie, was ’n **verspeelde kans** vir die integrasie van Woord en daad binne die konteks van KwaNdebele. Daardeur is die verlange van KwaNdebele se kerkleiers dat dit een bediening moes bly, nie in berekening gebring nie.

19. Nadat die CGKN hulle aktiewe betrokkenheid by die MTC laat vaar het, het hulle wel bly hulp bly verleen deur die geboue en borge vir studente beskikbaar te stel. Daarby het hulle ook wel gepoog om die MCDC te bly steun. Hierdie steun het doodgeloop, waarvoor ook ander faktore verantwoordelik was, maar wat nie die navorsingsvraag van hierdie studie raak nie. Die onderskeidings wat die CGKN in die proses getref het, weerspreek egter integrasie en versterk ’n dualistiese beeld van sending. Die indruk ontstaan dat die CGKN ’n pragmatiese onderskeid getref het vir ’n werkbare opsie, maar wat ’n digotomie in die sendingbenadering ingedra het. Hierteenoor moet ook genoem word dat die MCDC eweseer help bydrae het dat daar binne die CGKN ’n nuwe dimensie, naamlik **missionêre diakonaat**, na vore gekom het.

20. Wanneer diverse denominasies mettertyd by die MTC betrokke raak, word die aanvanklike basis en visie beïnvloed, soos die **konfessionele grondslag** waarop hierdie instelling gevestig is. Hieruit spruit die vraag hoe ’n mens ’n gesamentlike werkbare teologiese basis kan vasstel. Is dit grondliggend korrek om wel ’n gereformeerde basis te hê in ’n interkerklike Bybelskool, maar nie die gereformeerde leer te onderrig nie? Die vraag gaan hier oor die verskil. Dit wil voorkom dat die gebrek aan ’n duidelike visie op integrale bediening ten grondslag lê aan hierdie vrees dat kerkleiers van ander denominasies dalk afgeskrik kan word. Gesien uit die gereformeerde teologie is die mens se hele lewe, met Woord en daad, veranker in en gebou op, God self wat die Begin en Einde van alle bestaan is.

21. Uit die formele besluite en verslae van die CGKN kan ’n mens geen eenduidige beeld vorm van die teologie wat ’n fundering verskaf vir die CGKN se visie op integrale sending met hart, mond en hande uit ’n in *missio Dei*-perspektief nie. Ook is dit nie heeltemal duidelik in watter mate die *missio Dei*-perspektief ’n rol gespeel het in die praktiese uitwerking en toepassing van die Woord nie. Die CGKN het wel die hooflyn van hulle sendingsdoel in KwaNdebele gevolg. Tog het hulle van tyd tot tyd **teenstrydige besluite** geneem wat (hoewel nie doelbewus nie) vir verwarring en konflikte gesorg het – soos dié oor MTC se ontwikkeling. Gevolglik het onsekerheid en verskille ontstaan oor die integrasie van Woord en daad in die sending.

22. Die CGKN is deur die Drie-enige God gestuur om verskillende samelewingsgroepe tot geloof in Christus te lei en doen dit met Woord en daad. Baie werk en geld is belê om hierdie doel, ook in KwaNdebele, te bereik in gehoorsaamheid aan en in vertroue op God. Baie mense het tot bekering in die Drie-Enige God gekom en het hulle lewe gebou op die Woord in ’n

lewende verhouding met die Here. Maatskaplik het die CGKN se sendingwerk **waardevolle en lewensveranderende werk** verrig waardeur verskeie rolspelers die Here eer en dien met hulle totale lewe.

Uit hierdie beeld van die CGKN se denke oor integrale sending in KwaNdebele spruit die vraag: Hoe het die plaaslike kerkleiers van KwaNdebele die integrale sending van die CGKN beoordeel? Die volgende hoofstuk (Hoofstuk 4) ondersoek antwoorde op hierdie vraag.

# Hoofstuk 4

# KWANDEBELE-KERKLEIERS SE EVALUERING VAN DIE CGKN SE WOORD- EN DAADBEDIENING IN DIE PRAKTYK IN DIE LIG VAN DIE *MISSIO DEI*

## 4.1 Metode

Missioloë en navorsers oor gemeenskapsontwikkeling beklemtoon dat holistiese sending en verkondiging van die evangelie daarop gemik moet wees om die ontvangers se lewe so te verryk dat hulle 'n eie begrip van Christelike rentmeesterskap ontwikkel en werklik deel van die *missio Dei* kan word. Keller wys daarop dat God nie net wil hê dat gelowiges en kerke armes slegs nou en dan met iets kleins help nie. Om in hierdie opsig reg te doen verg juis voortdurende paraatheid en besinning (Keller, 2011:128-129). Ook die Miga-verklaring en Lausanne Verklaring wys hierdie ingrypende behoefte uit (Birdsall & Brown, 2010; Haw, 2001:19; Haw, 2012). Chester (2004:142-143) onderskryf ook die noodsaak dat armes 'n begrip van Christelike rentmeesterskap ontwikkel deur dit te verbind aan God se bedoeling dat die mens oor die skepping moet heers vir die skepping se beswil. Hierdie ontwikkeling geskied deur die armes[13] te bemagtig om self diensbaar te wees deur aan hulle die evangelie van verlossing, genade en die nuwe gemeenskap in Christus te verkondig. Daarby verg dit om die noodlydendes in hierdie nuwe gemeenskap te betrek en hulle te begelei tot die herstel van die onderskeie gebroke verhoudings wat immers 'n uiting van hulle armoede is (Chester, 2004:58, 95-97, 129, 138-139).

Ook Corbett en Fikkert beklemtoon hierdie noodsaaklikheid van rentmeesterskap wat hulle as "meaningful inclusion of poor people" (2009:142) beskryf. Die armes en noodlydendes is beelddraers van God wat deur val en opstaan "unpack and unfold the wonders of God's creation" (2009:145). Sodoende hou holistiese versoening in dat mense gesag uitoefen oor hulle eie lewe en dié van die gemeenskap waarvan hulle deel is, terwyl hulle deurlopend hulle gawes en bronne aanwend om probleme op te los en om 'n gesindheid van vrygewigheid in diens van God en hulle medemens daar te stel (Corbett & Fikkert, 2009:145). Mense moet bemagtig word om self keuses te maak, volgens hierdie keuses te handel en die gevolge en resultate sodanige keuses self te beoordeel.

---

[13] Sien Hoofstuk 2 vir die regte definisie van "armes".

In hierdie lig is ’n beoordeling nodig van die CGKN se sendingparadigma en grondliggende teologie. In die vorige hoofstuk (Hoofstuk 3) het die studie ’n beeld gevorm van die CGKN se denke oor integrale sending in KwaNdebele. Die bogenoemde bespreking het daarop gefokus om na te dink, paraat te wees, te reflekteer en die ontvangers se eie betrokkenheid by sending te ondersoek. Hieruit spruit veral twee vrae:

- Hoe kan kerkleiers van KwaNdebele te werk gaan om die CGKN se visie vir ’n integrale eenheid tussen Woord en daad in die sending te beoordeel?
- Wat kan uit hierdie beoordeling geleer word met die oog op ’n holistiese perspektief op die *missio Dei* met hart, mond en hande?

Die navorser kon deur die beskikbare inligting asook onderhoude ’n beeld vorm van die CGKN se sendingsparadigma en teologie wat die grondslag daarvoor lê. Tog is tot dusver nie inligting beskikbaar om ’n duidelike oorsig te gee oor die KwaNdebele-kerkleiers se waarnemings en ontledings nie. Die gevolge en uitwerking van die CGKN se geïntegreerde Woord- en daadbediening in die sendingwerk binne KwaNdebele is tot dusver nie ondersoek en in die lig van die *missio Dei* geëvalueer nie. Daar is min pogings aangewend om werklik behoorlik te luister na die kerkleiers in KwaNdebele se eie evaluering van hoe hulle lewe verryk is deur pogings om Woord en daad te integreer in die CGKN se sendingwerk binne KwaNdebele. Ramachandra (1994:2) motiveer die belang hiervan deur dit duidelik te stel: “A partnership that involves thoughtful, mutual listening among Christians from every tradition and culture within the worldwide church is indispensable for mission.”

Om ’n gebalanseerde beeld van integrale sending in KwaNdebele te vorm en ’n ooreen-stemmende model te kan ontwikkel, is dit noodsaaklik om nie net kennis te neem van die CGKN se benadering tot integrale sending nie, maar ook van die gevolge en uitwerking daarvan. Hier kan gedink word aan vrae soos: Wat het die kerkleiers van KwaNdebele geleer, gesien en ervaar? Wat is hulle mening oor hierdie situasie? Wat sien hulle as sterk en ontwikkelingspunte in die CGKN se integrale missionêre bediening?

Nadat beide die CGKN en die kerkleiers in KwaNdebele se standpunte en ervarings bestudeer is, kan ’n mens by ’n sintese en gevolglike evaluering uitkom om vas te stel watter aspekte van belang is vir die integrasie van hart, mond en hande uit ’n *missio Dei*-perspektief. Hierdie gedagtes en insigte kan toegepas word deur ’n moontlike model vir integrasie van Woord en daad in missionêre bediening te ontwerp.

Vervolgens word die proses en metode beskryf wat vir Hoofstuk 4 gevolg word. Voorvloeiend uit die gevolgtrekkings van Hoofstuk 2 en 3 is tien relevante onderwerpe oor integrale Woord- en

daadbediening geïdentifiseer. Die doel was om ’n beeld te vorm van plaaslike leiers se gesigspunte oor die gevolge en uitwerking van die CGKN se integrale benadering in hulle gemeenskap. Onder elke onderwerp is vrae geformuleer wat in mondelinge kwaliteit-onderhoude aan die kerkleiers voorgelê is. Die inligting is verwerk om ’n beeld van die kerkleiers se persepsie te verkry en sodoende die studie se doelstellings te bereik. Die vrae en die onderhoude is in Engels gevoer en vir die doel van die studie in Afrikaans[14] vertaal. Die Engelse vraelys word ter wille van volledigheid as bylae tot die studie gevoeg net soos dit tydens die onderhoude gebruik is. Hierby geld die opmerking dat die vrae mondeling aan die respondente gestel is, met die gevolg dat taalkundige korrektheid en versorging van die vraelys nie aan die orde was tydens die onderhoude nie. Sodanige versorging is ook nie vir hierdie studie gedoen nie, om egtheid te verseker. Klankopnames en transkripsies van die onderhoude is in die ondersoeker se argief beskikbaar.

Vir die doel van die ondersoek sal die kerkleiers onderskeidelik “Respondent E, F, G, H, I en J” genoem word om objektiewe beeldvorming en vertroulikheid aan te help. Respondent I, na wie enkele kere verwys word, was ’n sendeling in KwaNdebele. Hierdie respondent se aanvulling of regstelling van enkele punte in dié hoofstuk is belangrik ter wille van ’n korrekte of volledige weergawe van die feite. Die respondente se gegewens is by die ondersoeker beskikbaar asook hulle geskrewe goedkeuring om die inligting in hierdie studie te mag gebruik. Die begrip “kerkleiers” word ingespan as algemene verwysing na predikante, evangeliste of *pastors* (Engels) om te verwys na persone wat die funksie van voorganger of leier beklee in die onderskeie kerke, met eie benamings vir hierdie funksies.

Die onderhoude is afsonderlik met die respondente gevoer en is mondeling gehanteer. Hierdie benadering staan ook bekend as kwalitatiewe navorsing waar die ondersoekmetode daarop gemik is om diepgaande inligting, menings, opinies en ervarings van die respondente te bekom (Vyhmeister, 2009:hfst. 15). Die reaksies van die respondente weerspieël hulle persoonlike mening. Die respondente is geïdentifiseer op grond van die feit dat hulle erkende en invloedryke kerk- en gemeenskapsleiers is. Hulle het ook ervaring met die CGKN se missionêre bediening en is gevolglik verteenwoordigend vir die ondersoeksvraag van hierdie studie. Die respondente kan voorts in twee groepe onderverdeel word, naamlik predikante van die Gereformeerde Kerke in KwaNdebele (GKK) en leiers van die Onafhanklike Kerke in KwaNdebele. Die leraars van die GKK en Onafhanklike Kerkleiers is in die ondersoek gelyk verteenwoordig. Die Onafhanklike Kerke as groep is sterk in KwaNdebele verteenwoordig. Hulle is dus as teikengroep deur die

---

14 Sien *Bylaes* in Afrikaans en Engels.

CGKN vir hulle sendingwerk en teologiese opleiding geïdentifiseer. Daarom is hulle in die onderhoude ingesluit.

Hierdie hoofstuk gee gevolglik aanvullend in ’n kort literatuurstudie aandag aan die aard van die leierskap en die verskeie skeurings in die onafhanklike kerke. Die doel hiermee is om uit die respondente se reaksies en inligting van die literatuurstudie ’n beeld te vorm van die problematiek en nood in hierdie kerke asook hoe die CGKN hierdie kerke, hulle nood en die problematiek van integrale bediening verstaan en holisties benader het. Uiteindelik geld die doel van die studie se navorsingsvraag: Watter lesse kan hieruit vir integrale Woord- en daadbediening in *missio Dei*-perspektief geleer word? Met die oog op hierdie vraag is die ontleding van die response nie daarop gemik om die menings van die respondente te bevraagteken of te betwis nie. Hulle is immers juis gevra om hulle ervarings te verwoord en menings te lug. Uit die beeld wat uit die response na vore kom, kan die nodige lesse vir sending geleer word. Respondente se reaksies toon dikwels ’n advies-karakter – wat ook aan die navorsingsvraag beantwoord, omdat laasgenoemde reflekterend en evaluerend ingestel is.

Die onderhoude is gegroepeer onder die relevante onderwerpe waardeur die resultate beskryf is. Dit is ontleed, daar is ’n sintese bereik en die feite is geëvalueer. Daarna is gevolgtrekkings gemaak en aanbevelings gedoen. Hierin is die metode gevolg soos deur Vyhmeister bespreek (2009:318). Die bespreking en interpretasie van die onderhoude vind per onderwerp plaas en nie per vraag nie. Die slotsom in Hoofstuk 5 word saam met dié van Hoofstuk 2 en 3 oorweeg om die navorsingsvraag te beantwoord.

### 4.2 Visie en beleid

Om ’n beeld van die gevolge en die uitwerking van die CGKN se visie op integrale sendingwerk in KwaNdebele te verkry, is aan die respondente gevra: Hoe verstaan hulle die CGKN se visie om ’n integrale eenheid tussen Woord en daad in die sending te bewerkstellig? Verdere verbandhoudende vrae is: Wat wou die CGKN in KwaNdebele bereik? Wat was hulle beleid en strategie? Wat was die sterk- en swakpunte van die CGKN se sending? Hoe reageer die respondente op die opmerking van die CGKN dat hulle soms die gevoel gehad dat hulle eerder hulp verleen in plaas van om sending te doen? Hoe het die CGKN se sendelinge die visie en beleid oor integrale sending gedeel en gevolg? Hoe het hulle mekaar hierin aangevul? Antwoorde op hierdie vrae word hier onder weergegee en die bevindings in Hoofstuk 5 verwerk.

#### 4.2.1 Visie

Die CGKN se visie was, volgens Respondent E, om mense na Jesus Christus te bring sodat hulle God beter kan leer ken. Hierdie respondent was aanvanklik nie gelowig nie, maar nadat hy

kerkdienste begin bywoon het, het die sendelinge hom betrek om in die kerk as evangelis te dien. Hulle het hom onderrig, met die gevolg dat hy uiteindelik predikant geword het. Danksy die sendelinge se visie het hy geword wat hy vandag is, as mens en as predikant, en is hy wedergebore wat vir hom bevestig dat die CGKN wel ’n visie vir die sendingwerk in KwaNdebele gehad het.

Hier is ’n kombinasie van Woord en daad sigbaar in die praktiese uitwerking van die visie op die betrokke sendeling. Die Woord het tot geloof gelei wat sy lewe vernuwe en verander het.

Die CGKN se visie was egter vir Respondent F nie duidelik nie, maar ’n deel van hierdie visie was om die plaaslike kerk in KwaNdebele op te bou om selfstandig kerk te kan wees, met ander woorde, sonder om van ander kerke afhanklik te wees, ook finansieel. Hy het dit verstaan as: “to help us become a church, independent and self supporting”. Uit die res van die onderhoud met Respondent F blyk dat die GKK ’n diep verlange na selfstandigheid koester – nie independentisties nie, maar selfversorgend, sonder om van personeel en finansiële middele afhanklik te wees.

In die Ndebele-taal en -kultuur is daar ’n bekende gesegde wat die beginsel uitdruk van eie verantwoordelikheid om uiteindelik selfstandig te kan funksioneer: *nkhomo sivuswa esivusayo,* “’n Mens kan slegs ’n bees wat self wil opstaan regtig help om op te staan.” Hierdie verlange leef ook sterk binne die Gereformeerde Kerke, is ’n gesonde beginsel in die gereformeerde kerkregering, maar word ook gesterk deur die selfstandigheid van die Onafhanklike Kerke in KwaNdebele wat as daardie gebied se krag beskou word. Die invloed van hierdie kerke sal later in die hoofstuk bespreek word.

#### 4.2.2 Beleid en strategie

Volgens Respondent E was die CGKN se strategie om kerke te plant en op te bou deur kerkleiers te identifiseer, ’n kerkraad te vorm en die gemeente te lei nadat die sendelinge onttrek het. Volgens Respondent F het die sendelinge veral op die verspreiding van die evangelie gekonsentreer deur mense na die eredienste toe te lok. Dit het ook ’n keersy gehad deurdat die werklas vir die plaaslike kerkleiers té swaar geword het en hulle die werk nie deeglik genoeg kon verrig nie. Hierdie kerkleiers moes die leiding en daarmee die verantwoordelikheid vir die gemeente oorneem.

Die Bybel word steeds gepreek en die gepaardgaande werk gaan voort as bevestiging van die CGKN se strategie om leiers te identifiseer wat die werk in KwaNdebele kan voortsit (Respondent E). Hierdie strategie is bevestig deurdat sommige sendelinge na KwaNdebele gestuur is om in die Gereformeerde Kerke te werk en ander om onderwys aan die kerkleiers

van die Onafhanklike Kerke te gee (Respondent E). Respondent F bevestig hierdie strategie, maar wys daarop dat die sendelinge nie die plaaslike bevolking geleer het om self finansieel verantwoordelik vir die kerk te wees nie, uit medelye met hulle armoede in die tyd van apartheid. In plaas daarvan om die kerke hierdie verantwoordelikheid aan te leer, het die sendelinge geld uit Nederland voorsien om die finansiële druk op hierdie mense te verlig. Hierdie aspek het dus in hulle beleid ontbreek.

Volgens sommige respondente kan daar van 'n elemenêre strategie in die CGKN se missionale aanpak gepraat word. Tog was duidelike leemtes 'n gebrek aan 'n omvattende visie en 'n oorbelaste werkstruktuur asook finansiële selfverantwoordelikheid. Van 'n spesifieke integrale strategie was nie sprake nie, maar dit blyk wel implisiet op 'n eenvoudige manier aanwesig te gewees het. Respondente meen dat daar té veel gekonsentreer is om soveel moontlik mense in die eredienste te kry dat die gehalte van die gemeentebou hieronder gely het.

### 4.2.3 Sterk -en swakpunte van die CGKN se sending

Die af- of aanwesigheid van 'n spesifieke strategie vir integrale Woord- en daadbediening word nie as swakpunt van die CGKN beskou nie (Respondent E). Een sigbare krag van die CGKN se sending was dat hulle nie slegs preekpunte opgerig het nie. Hulle het die gemeente geleer om toekomsgerig te dink nadat die sendelinge uit KwaNdebele vertrek het. Die mense moes leer om nie net in die hede te dink nie, maar ook aan die toekoms wanneer hulle self vir die gemeente verantwoordelik sou wees (Respondent E). Nadat die sendelinge vertrek het, kan gestel word dat die kerk groei, omdat die sendelinge nuut opgeleide kerkleiers agtergelaat het. Die sendelinge het juis mense en kinders uit die plaaslike gemeentes geïdentifiseer en van húlle kerkleiers gemaak. Dit was persone wat in hierdie gemeentes opgegroei en wat die omstandighede dus goed geken het, en nie van ver af aangelok is nie. Hierdie aangeleentheid word as sterkpunt gewaardeer (Respondent F).

Volgens Respondent E was die CGKN se liefde vir die mense van KwaNdebele en die feit dat hulle hierdie mense jammer gekry het, 'n sterkpunt. Dit was egter tegelyk ook die CGKN se swakpunt. Hulle het uit 'n gegoede maatskappy gekom en wou die arm mense help, omdat hulle medelye met hierdie mense gehad het. In daardie sin was hulle onbewus daarvan dat hulle finansiële hulp aan hierdie mense wel vol kerke getrek het, maar nie noodwendig gelowiges nie (Respondent E). Mense het in groot getalle met verkeerde motiewe by die kerk aangesluit. Die sendelinge se bedoelings was dus goed, maar hulle het hierdie aspek nie goed deurdink nie. Op die vraag of die armoede dus geïgnoreer moes word en die kerkleiers slegs moes preek, het Respondent E 'n voorstel bygevoeg wat hy van 'n sendeling geleer het, naamlik om nie aan diegene aan wie hulp verleen word te sê waar die geld vandaan kom nie.

Armoedeversorging hoort wesenlik by die kerk en is integraal onderdeel van verkondiging, maar dit moet holisties benader word in die lig van die Bybel om die gewenste uitwerking op die behoeftige persoon te hê.

’n Tweede swakpunt van die CGKN se sending is dat hulle die lidmate van die GKK nie geleer het om finansieel offervaardig te wees nie. Die rede was dat hulle aangeneem het die mense is arm en kan daarom nie “gee” nie. Volgens Respondent E en F was dit ’n verkeerde aanname en benadering. Dit is beter om mense te leer hoe om geld te verdien, as om vir hulle geld te gee. ’n Voorbeeld wat geopper is: Leer kinders van kleintyd af om en hoe om groentetuine aan te lê. Terwyl die sendelinge met die beste bedoelings uit Nederland vir die finansies gesorg het, het die gemeente hieruit geleer dat die Nederlanders die geld verskaf. Ná hulle vertrek is die swart predikante deur die gemeente beskuldig, omdat hulle geld van die gemeente vra, “because in time of the Dutch missionaries, the money came from Holland” (Respondent F). Sodoende moes die swart predikante begin om die gemeentes in hierdie opsig op te voed. Gevolglik het insig geleidelik gegroei oor offervaardigheid en eie verantwoordelikheid in die gemeentes. Hierdie predikante se huidige strategie hieroor is: “Teach them, but don't rush them” (Respondent F). Hierdie aspek moes egter reeds vanaf die begin af aandag gekry het.

Die evangeliste wat in KwaNdebele gedien het, het aanvanklik geen teologiese opleiding ontvang nie, met die gevolg dat hulle prediking na inhoud en gehalte verskil het van dié wat wel teologiese opleiding gehad het. Volgens Respondent F het dit daartoe gelei dat evangeliste byvoorbeeld nie teen voorouerverering gepreek het nie, terwyl die predikante dit wel gedoen het. Sodoende het verwarring in die gemeente ontstaan, en gevolglik het gemeentelede nie die Bybelse waarheid hieroor geken nie. Hieruit blyk dat ook evangeliste deeglik opgelei behoort te word. Die verskillende opleidings wat evangeliste wel aan onderskeidelik die MTC en MBS gevolg het, het merkbaar in diepgang verskil tussen MTC en MBS (Respondent F). ’n Nuwe strategie word tans gevolg om die probleem van nie- of swak opgeleide evangeliste teen te gaan deur geen nuwe evangeliste aan te stel nie (Respondent F). Hierdie benadering los enersyds een probleem op, maar andersyds is daar ’n groot aanvraag vir evangeliste in hierdie gebied.

Die groot hoeveelheid preekplekke word as verdere swakpunt van die sendingwerk uitgewys. ’n Handjievol predikante is vir té veel preekplekke verantwoordelik, met die gevolg dat hulle die gemeentewerk nie deeglik kon verrig nie (Respondent F). Deur herstrukturering wil die huidige kerkleiers die kerk asook die sendingwerk versterk deur ’n stewige kerkstruktuur daar te stel, sodat die kerk selfstandig kan funksioneer. Deur te vra wat die kerkleiers van die sendelinge geleer het en hoe hulle daarop kan verbeter, kan die gemeentes groei en leer om self-

versorgend en selfstandig te kan word. ’n Begrotingsplan wat finansiële afhanklikheid van die CGKN geleidelik afskaal, vorm ’n belangrike onderdeel van hierdie strategie (Respondent F).

Veral die Gereformeerde Kerke se leiers worstel met die strukture en die finansiële afhanklikheid van die CGKN, terwyl die Onafhanklike Kerke hierin letterlik onafhanklik blyk. Gereformeerde Kerkleiers se afhanklikheid lei tot ’n gevoel van onvermoë en inperking, terwyl die verlange groot is om mondig te kan optree. Die sendelinge het hierdie behoefte en ontwikkeling op kernpunte nie gehanteer nie. Daar bestaan ’n duidelike behoefte aan teologiese opleiding vir kerkleiers wat die relevante funksies betref. Hierby is opvallend die motivering tot eenheid in die verkondiging tussen die verskillende kerkleiers, soos tussen predikante en evangeliste. Daar behoort geen inhoudelike verskille in hierdie verkondiging te wees nie. Gelykwaardige opleiding kan hierdie probleem oplos.

#### 4.2.4 Hulpverlening of sending?

Soos in Hoofstuk 3 beskryf, het die CGKN hulle afgevra of hulle sendingwerk doen of hulp verleen. Respondent F meen dat dit ’n uiters belangrike en geldige vraag is, vanweë die gevare wat aan hulpverlening verbonde is wanneer ’n mens as sendeling optree. Gevolglik behoort sendelinge hulle af te vra: Waarom is hulle in daardie gebied: vir sending of vir hulpverlening? Sending en hulpverlening gaan wel hand in hand soos Woord en daad. Tog moet die hulpverlening gekwalifiseer word deur ’n grens te stel wat nie oorgesteek mag word nie. Wanneer daardie grens wel oorgesteek word, “then you spoil the people” (Respondent F). Beide Respondent E en F meen dat die mense van KwaNdebele nie soseer arm is nie, maar “spoiled”, omdat hulle nie geleer is om aan God te gee nie. Respondent F stel voor dat ’n mens sending moet doen, en help waar hulp verleen kan word, maar dat ’n duidelike grens gehandhaaf behoort te word deur mense te leer om aan die kerk te gee.

Hierdie benadering is in ooreenstemming met die doel dat die plaaslike kerk selfstandig word nadat die sendelinge onttrek het. Uit hierdie reaksies van die respondente lyk dit of ryk Westerlinge, waaronder ook sendelinge, meer armoede in KwaNdebele sien en ervaar, as die respondente wat daar woon is en self geneig is om teenoor hulle eie volksgenote meer deurtastend en met groter reserwes en wysheid op te tree as wat die sendelinge doen.

#### 4.2.5 Visie op Woord en daad

Om ’n beeld van die gevolge en uitwerking van die CGKN se visie op integrale sendingwerk in KwaNdebele te kry is aan die respondente gevra na die sterk- en swakpunte van die CGKN se integrasie van Woord en daad in die sendingwerk binne KwaNdebele. Dit geld veral die prediking – in watter mate het dit hoop vir nou en vir die ewigheid gebring?

’n Verdere vraag was hoe aktueel en relevant die prediking van die sendelinge vir die plaaslike bevolking was wat die integrasie van Woord en daad betref. Hierop het die respondente soos volg geantwoord: Deurdat die sendelinge op die hoogte gebring is met die kultuur, gebruike en gewoontes, het hulle prediking relevant geword.

Hoofstuk 2 het aangetoon dat bediening met hart, mond en hande in *missio Dei*-perspektief veranker is in God as die Eerste én die Laaste. Die gevolg is dat sodanige bediening nou reeds hoop op die ewige lewe bied deur mense hierdie werklikheid in die hede te laat ervaar. Dus is die vraag of die prediking in KwaNdebele hoop verkondig en gebring het, vir sover dit menslik vasgestel kan word. Respondent E stel dat baie predikante se prediking hoop bring. Die hoorders hou egter nie daarvan om te hoor wat hulle moet en nie mag doen nie, maar as hoop en God se liefde verkondig word aanvaar hulle die opdragte meer geredelik. Veral wanneer predikers aan arm mense in hulle benarde situasie vertel dat God aan hulle die ewige lewe beloof, bring dit hoop.

Op die vraag of die sendelinge onderling dieselfde visie en beleid op integrale sending met Woord en daad gedeel het, antwoord Respondent E: Sover dit die sendelinge se amptelike funksionering in die kerkdienste en vergaderings betref, het hulle dieselfde visie gedeel. Hy wys op die verskille tussen predikante waar elkeen ’n eie aksent lê in die bedieningswerk, soos die prediking. Waar die een graag God se liefde verkondig, preek die ander oor Woord en daad. Die prediking van Woord en daad is geweldig ingewikkeld en word nie deurgaans deur die hoorders gewaardeer nie. Die rede is dat hierdie soort prediking hulle oproep om die voorouerverering te laat vaar, terwyl hulle juis geleer en opgevoed is om die voorouers te vereer. Die hoorders het gemeen dat die sendeling dit sê omdat hy blank is. En ná die preek keer hy terug na sy eie huis in sy kultuur, waar hy nie met hierdie verskynsels te doen het nie. Die sendeling sien dus nie of die hoorders wel voorouerverering beoefen nie.

Tog het die hoorders, volgens Respondent E, dan eerder die blanke sendeling se preke oor Woord en daad verkies as dié van hulle eie predikant uit dieselfde kultuur. Die rede hiervoor is dat hierdie plaaslike predikant, anders as die sendeling, tussen die hoorders gewoon het en kon waarneem of hulle hierdie praktyke voortsit of nie. Gevolglik vereis Woord- en daadbediening in Afrika deeglike wysheid, meen hierdie respondent. Hy verwys na Paulus se benadering van die Grieke in Athene volgens Handelinge 17 as “wys”, waar Paulus opmerk hy kan sien dat hulle religieus is. Vanuit hierdie benadering verkondig Paulus die ware evangelie. So ’n benadering van Woord en daad in Afrika is uiters noodsaaklik om ’n verskil te help maak en die evangelie vir die mense aantreklik te maak (Respondent E). In wysheid moet God se liefde onder inwoners se aandag gebring word en wat Hy van die mens verwag asook ’n goeie verstaan van die plaaslike kultuur. Hoewel dit nie maklik is om die Ndebele van hierdie heilsfeite te oortuig

nie, word hulle geestelik sterk wanneer hulle dit aanvaar het en daarin onderrig word (Respondent E). Kultuur speel 'n belangrike en waardevolle rol, veral wanneer die saak reg benader word. Daarom is opleiding van kerkleiers en sendelinge belangrik, ook wat die waarde en plek van kultuur in Woord en daad betref.

Die meerderheid kerkleiers is nie geskool nie. Daar is drie verskillende soorte kerkleiers in KwaNdebele, volgens Respondent E.

- Die eerste groep is in die algehele meerderheid. Hierdie predikers het nie die geleentheid gehad om opgelei te word nie. Hulle preek die Woord op Sondag, maar leef voltyds volgens hulle eie kulturele gebruike, waaronder voorouerverering. Woord en daad is hier nie geïntegreer nie.
- Die tweede groep preek die Bybel oortuigend. Daarby verkondig hulle dat wanneer mense tot geloof in God kom, daardie persone hulle kultuur moet laat vaar en tot Jesus Christus kom. Hierdie groep skei natuur en genade. Woord en daad is in hierdie verkondiging ook nie geïntegreer nie.
- Die derde groep kerkleiers is opgeleide predikante en leer dat die Bybel en die kultuur nie altyd teenoor mekaar staan nie. Sodoende integreer hulle Woord en daad. Daar is heelwat aspekte in die Ndebeles se kultuur wat in ooreenstemming met die Woord van God is, en ander aspekte weer nie. Daar is goeie verskynsels in die kultuur, maar ook dinge waarvan God nie hou nie. Beide elemente is in albei aanwesig. Die opgeleide kerkleier leer en verkondig nie dat die kultuur voordelig of nadelig is nie. Hiermee word die waarde en noodsaak van geïntegreerde teologiese onderrig aangetoon.

Respondent E lê 'n duidelike verband tussen die hoor en die aanvaarding van die Woord van God en mense se eie kultuur. Daarmee saam beklemtoon hy egter dat 'n kerkleier – of hy nou sendeling of plaaslike kerkleier is – die kultuur nie net moet verstaan nie, maar dit in groot wysheid met die liefde van God benader om die inwoners vir God te kan wen. Hierdie respondent wys ook op die probleem dat sendelinge as buitestaanders gesien kan word, wat gemaklike voordele inhou, terwyl 'n predikant wat onder die mense woon nie net die lewensomstandighede en gedrag van die lidmate beter kan waarneem nie, maar ook afwykende lewenspraktyke met groter teenkanting kan konfronteer. Die rede is dat die sendeling hierdie mense nog beter verstaan as die een wat deur 'n ander kulturele bril kyk. In hierdie opsig loop die integrasie van Woord en daad vas teen kulturele en tradisionele teenkanting. Andersyds stel Respondent E dit dat die vermoë om die kultuur wys te benader die krag van daardie kultuur in die gelowige versterk, deurdat byvoorbeeld die bekeerde Ndebele uiteindelik 'n kragtige en betroubare gelowige word.

Geïntegreerde Woord- en daadbediening moet sterk klem lê op teologiese en gekontekstualiseerde onderrig aan al die kerkleiers binne die betrokke gebied. Nie net kennis van die plaaslike kultuur is hier wesenlik nie, maar ook Bybelse wysheid en liefde om die Godgegewe krag in die plaaslike kultuur te versterk. Sendelinge wat nie hierdie onderrig verstaan en bied nie, kan meer afbreek as opbou, terwyl so iemand tog sogenaamd "suiwer" preek. 'n Duidelike visie op die integrasie van Woord en daad is onmisbaar vir kerkleiers en ook om die kultuur positief-krities te benader. Só kan sendelinge by sommige kultuurelemente aansluit en ander regstel of afwys.

### 4.3 Kultuur en kontekstualisering

Om 'n beeld van die gevolge en uitwerking van die CGKN se visie op integrale sendingwerk in KwaNdebele te kry, is die respondente gevra oor die CGKN se betrokkenheid by die kultuur en binne die konteks van KwaNdebele. Hierby is gevra na gelykheid, wederkerigheid, verstaan van die plaaslike kultuur, gewoontes en gebruike. Ondersoek is ook ingestel of korttermynprojekte rekening hou met die plaaslike kultuur, gewoontes en traumas. Voorts is selfstandigheid en die sterk- en swakpunte betreffende kontekstualisering uitgewys. Die doel is om vas te stel of die integrering van Woord en daad saamval met die vraag na kultuur en kontekstualisering.

#### 4.3.1 Gelykheid

Respondent E bevestig dat die sendelinge hulle gelykheid met die inwoners van KwaNdebele nie slegs formeel skriftelik uitgedruk het nie. Hulle het hierdie status ook in die kerklike byeenkomste beklemtoon deur te vertel en te onderrig dat God alle mense gelykgestel en dat die sendelinge nie beter mense as plaaslike inwoners is nie. Selfs oor die verhouding tussen mense onderling het hulle verkondig dat God sy kinders beskou as almal wat in Jesus Christus glo. God klassifiseer mense nie volgens kultuur of geld nie. Die idee dat daar 'n ongelykheid bestaan, is wel in sommige mense van KwaNdebele se gedagtes aanwesig.

Respondente het aangedui dat hulle nie ongelykheid tussen ryk, blanke Westerse sendelinge en arm, swart Afrikaanse kerkleier ervaar het nie. Uit die navorser se gesprekke met inwoners van KwaNdebele het dit opgeval dat inwoners hierdie gelykheid veral by Nederlandse sendelinge ervaar het, maar in heelwat gevalle nie by sendelinge uit ander lande nie wat hulle uit 'n verhouding van "'meer tot minder" gehandhaaf het. Gelykheid, sonder om die kulturele verskille uit die oog te verloor, speel 'n basiese rol in die integrasie van Woord en daad. Die vraag oor gelykheid lei tot die vraag na wederkerigheid.

### 4.3.2 Wederkerigheid

Die vraag na wederkerigheid in die integrasie van Woord en daad wil vasstel hoe die sturende kerk en die mense aan wie die evangelie verkondig word vir mekaar van waarde en tot nut behoort te wees, of kan wees. Hierdie wederkerigheid is gebaseer op die gedagte "Ek help jou en jy help my." Hierdie vraag bou voort op die voorafvraag na onderlinge gelykheid in Christus. Die vraag kan ook gestel word of wederkerigheid noodwendig moet geskied. Respondente kon nie die vraag beantwoord of daar sprake was van wederkerigheid in die sending van die CGKN in KwaNdebele nie. Hierdie reaksie beantwoord dus die eerste vraag, naamlik dat hieraan nie bewus aandag gegee is nie. Die vraag is aan respondente gestel of dit volgens hulle belangrik is, en indien wel, hoe sodanige wederkerigheid ingeklee kan word. Van die respondente het wel hierdie vraag beantwoord, wat aantoon dat hulle die beginsel van wederkerigheid verstaan.

Respondent E herken die gedagte van wederkerigheid in die KwaNdebele-kultuur as sodanig waar 'n guns met 'n guns vergoed behoort te word. Hierdie gedagte is ook in die Nederlandse kultuur aanwesig en herkenbaar vir sendelinge van die CGKN. Wanneer daar egter op 'n Christelike manier hierna gekyk word, soos wanneer jong Christene uit Nederland 'n hulpprojek loods, sien KwaNdebele hierdie liefdesdaad as liefde en eenheid in Christus. Hulle beskou dit nie as verpligting waarvoor hulle moet vergoed nie, omdat Jesus Christus mense één maak, aldus Respondent E. 'n Guns word in sodanige omstandighede nie vergoed nie.

Respondent G beantwoord die vraag na wederkerigheid deur selfondersoek te doen. Daarvolgens behoort die plaaslike, ontvangende bevolking hulle af te vra wat hulle aan die besoekende groep kan bied en indien wel, wat tot die besoekers se voordeel kan strek, soos om hulle te help om die *Ubuntu*-gedagte aan te leer. Die uitgangspunt behoort te wees wat beide groepe van mekaar kan leer en om mense te laat voel dat hulle vir iemand anders van waarde kan wees (Respondent G). Dit is noodsaaklik dat wederkerigheid hierdie benadering tipeer en daar nie met die beginsel van vergoeding deur woorde of dade gewerk word nie. Hoofsaak is dat beide partye deur God begenadig is om die ander te bevoordeel, met hart, mond en hande. So 'n proses "make people feel that they can mean something to you – that he is important to you" (Respondent G).

Die vraag na wederkerigheid is gebou op die gelykheidsbeginsel in Christus en vra na wedersydse Bybelse verantwoordelikheid. Dit is egter ook 'n wesenlik eksistensiële vraag wat die hart van die Bybelse boodskap raak. Wederkerigheid wys gevolglik ook op die integrasie van Woord en daad binne 'n *missio Dei*-perspektief.

Die motiewe van gelykheid en wederkerigheid roep die vraag op: In watter mate het die CGKN die KwaNdebele-kultuur, volgens die respondente, verstaan?

#### 4.3.3 Verstaan van die kultuur

In Hoofstuk 2 en 3 het geblyk dat kultuur ’n Godgegewe instelling is en nie bloot ’n prominente rol speel in die verkondiging van die evangelie nie. ’n Holistiese perspektief en ’n integrale benadering noodsaak juis sendelinge om die plaaslike kultuur te leer ken, verstaan, interpreteer, aan te voel en met wysheid te benader. Dit roep gevolglik die vraag op: Hoe het die respondente gereageer op die sendelinge se benadering van die plaaslike kultuur, gebruike, gewoontes, probleme en traumas?

Voordat ’n mens hierdie vrae kan beantwoord, moet verstaan word dat daar goeie sowel as slegte elemente in elke kultuur aanwesig is, meen Respondent F. Hy dui die slegte aspekte in die kultuur van KwaNdebele aan as onder meer die tradisionele besnydenis en die voorouerverering wat die kerke regstreeks raak. Die eerste sendelinge van die CGKN in KwaNdebele het die kultuur nie verstaan nie, omdat niemand hulle hieroor geleer of dit aan hulle oorgedra het nie (Respondent E en G). Die latere sendelinge het die kultuur wel verstaan, omdat hulle deur die plaaslike bevolking ingelig en ingelei is in die kulturele gewoontes en gebruike van KwaNdebele (Respondent E en F). Die sendelinge was gewillig om te leer en aan te pas. Hulle het die kultuur leer aanvaar of dit hulle eie was, deur byvoorbeeld die mense in hulle huise te besoek asook te eet wat die mense van KwaNdebele eet, sonder om mee te doen aan onbybelse kulturele gebruike, soos voorouerverering of besnydenis (Respondent E en F).

Die plaaslike kerkleiers het besef dat hulle die sendelinge moet help verstaan watter aspekte kragtens kulturele gewoontes aanvaarbaar is, en watter nie. Die sendelinge het indiwidueel ’n eie benadering teenoor die plaaslike kultuur gevolg. Dit het wel gebeur dat sommige sendelinge te openlik en konfronterend op hierdie gewoontes en gebruike gereageer het, aldus Respondent F. Die gevolg was hulle soms daarvan beskuldig is dat hulle die plaaslike kultuur wou vernietig (Respondent G). Respondent G meen egter dat die sendelinge, op enkele uitsonderinge na, te sensitief vir kritiek was om die verkeerdhede in die plaaslike kultuur aan te spreek. Gevolglik was hulle “not brave enough to tell the truth in love”.

Die balans tussen hierdie ooglopende teenstrydige reaksies van Respondent F en G lê in die teenoorstaande menings oor die vraag of die sendelinge die kultuur goed genoeg verstaan en die Bybelse waarhede gevolglik op die korrekte manier aan die plaaslike bevolking kon oordra. Die beste manier om die KwaNdebele-kultuur te benader is om deur huisbesoeke en uit Bybelstudies God oor hierdie dinge te laat spreek, omdat so ’n benadering meer doeltreffend is.

Sodoende sal ’n sendeling of ander kerkleier nie geblameer word dat hy die plaaslike kultuur vernietig nie, omdat die hoorders dan verstaan dat God so sê (Respondent F). Hierdie benadering kan bereik word deur te verstaan dat die agtergrond van heelwat van hierdie kulturele gebruike ’n verwronge Ou-Testamentiese agtergrond het. Vanuit hierdie insig kan sendelinge die Bybelse waarheid daaroor aan die plaaslike lidmate verduidelik, meen Respondent G. ’n Randvoorwaarde is volgens die respondente dat die sendelinge, in die woorde van Respondent G “must engage culture: living among them, mix with them: go to their weddings, funerals, mourn and celebrate with them, so they can develop a trust. Won't change culture by meeting them at church only”.

Die CGKN volg ’n projekgerigte benadering vir die sending, wat ook korttermynhulpprojekte in vakansietye insluit. Gevolglik lei bogenoemde vrae oor gelykheid, wederkerigheid en verstaan van die kultuur, saam met die respondente se reaksies hierop tot ’n nuwe vraag: Hoe kan die plaaslike kerke van KwaNdebele self reageer op die verskynsel van korttermynprojekte?

### 4.3.4 Korttermynprojekte

Volgens die ontwerp van integrale bediening binne *missio Dei*-perspektief speel die verstaan en onderskeidende deelname aan die plaaslike kultuur ’n groot rol in die verkondiging en naleef van die Woord. Hiervolgens moet die vraag gestel word oor die plaaslike bevolking se ervaring van korttermyn-uitreikaksies, -hulpprojekte en -sendingprojekte. Daar is twee soorte: vakansieprojekte wat enkele weke duur, en die uitstuur van ’n sendeling na ’n gebied vir ’n vasgestelde tydperk. Albei soorte projekte word hier onder bespreek.

Jaarliks reik talle groepe, veral jongmense, uit deur gedurende hulle vakansietyd projekte te loods na verskillende ontwikkelingslande, waaronder KwaNdebele. Tradisioneel was die hoofdoel om ’n kerk, skool of slaaplokale op te rig. Dit spreek vanself dat in hierdie projekte liefde, entoesiasme, tyd en energie belê word. Daarom is dit in die lig van die *missio Dei*-perspektief relevant en nodig om hieroor enkele vrae te opper:

- Hou sodanige korttermynprojekte wat enkele weke lank duur, deeglik genoeg rekening met die plaaslike kultuur (die goeie en slegte aspekte daarvan)?
- Watter invloed het die projekte op die integrasie van Woord en daad in hierdie gebiede?
- Hoe het die plaaslike bevolking op hierdie korttermynprojekte gereageer?
- Is sodanige korttermynpogings verantwoord in kwesbare gebiede waar byvoorbeeld groot armoede of werkloosheid heers?
- Stimuleer dit selfwerksaamheid, of ontmoedig dit eerder?

- Is duidelike wedersydse afsprake gemaak oor die aanpak, opbou en afronding van hierdie projekte?

Dieselfde vrae geld die CGKN se besluit om sending op projekbasis aan te pak deur slegs ’n beperkte aantal jare lank sendingwerk in ’n bepaalde gebied te verrig. Hierdie vraag is aktueel vir die verwante vraag na integrale sending wat taal, kultuur, konteks en die maatskappy holisties benader vanuit Bybelse perspektief. Die faktore hier ter sprake is meestal so ingewikkeld en onderling met mekaar verweef dat dit jarelange prosesse verg waar groot geduld en deeglike bearbeiding nodig is om die plaaslike kerkleiers en bevolking tot selfstandigheid te begelei en op te voed. Dit is belangrik om die probleme in daardie gebied behoorlik te kan uitken, ontleed en verstaan. Daarby is dit nodig om die plaaslike konteks en kultuur te leer ken, verstaan en regtig deel daarvan te word. Sodoende word die visie en missie op ’n integrale benadering binne die plaaslike konteks toegepas. Om hierdie proses te voltrek, vra ’n deeglike aanpak waarin sendelinge genoeg tyd moet belê.

Daarna is die fokus om ’n gemeenskaplike basis tussen beide die plaaslike bevolking en die sturende kerke daar te stel. Sodanige proses verg verder tyd waar ’n veelheid grondliggende faktore ter sprake is. Eers daarna kan die opbouwerk regtig begin, groei en veranker raak. Die doel is dat die plaaslike kerkleiers selfstandig kan optree en verantwoordelikheid aanvaar terwyl ’n basis vir aanvaarding onder die mense vir die plaaslike kerkleiers tot stand kom. Sodra dit gebeur, kan die sendelinge se betrokkenheid geleidelik afgebou begin word. Die werklikheid in onderontwikkelde en ontwikkelingslande bewys dat hierdie prosesse heelwat tyd verg en nie binne die Westerse denkraamwerk pas van prosesse wat binne enkele jare selfstandig moet raak nie. Sending vir ’n beperkte aantal jare lank vra dus uiters sorgvuldige beplanning en besinning. Of: “Rebuilding families requires a long term commitment,” soos Samuel en Samuel (1993:6) dit stel.

Respondent E meen dat hierdie korttermynprojekte goed is, omdat hierdie mense tydens hulle hulpprojek wat enkele weke duur wel met die plaaslike bevolking integreer. Hulle woon by die plaaslike gemeenskap in, werk met hulle saam en só vind sinvolle gesprekke en vrugtevolle ontmoetings plaas. Vroeër was swart- en witmense nie so betrokke by mekaar nie en het mekaar nie op hierdie manier opgesoek nie. Selfs al sou die jongmense net drie weke lank uitreik, sou hulle sodoende toon dat hulle één met die mense van KwaNdebele is. Die plaaslike bevolking hou van hierdie soort betrokkenheid, soos Respondent E uitwys. Respondent G bevestig veral die missionêre belang van sodanige betrokkenheid. Respondent H sluit hierby aan deur die noodsaak te beklemtoon van skouer-aan-skouer met die plaaslike mense saamwerk. Dit geskied uit die besef dat die uitreikgroepe die plaaslike mense help, in plaas

daarvan om die werk op hulle eie te verrig en die plaaslike gemeenskap sodoende die indruk te gee dat laasgenoemde self nie die mas kan opkom nie. Respondent H stel dit raak: "You make them invalid, it is well intentioned, but has dangerous consequences." In hierdie lig behoort uitreikgroepe slegs te kom in "response to a local need when asked and the locals ask: 'Come and assist us'" (Respondent H).

Die eenheid van Woord en daad asook die missionêre belang blyk, volgens die respondente, ook uit die feit dat Europese jongmense tydens hulle uitreikprojekte by die arm plaaslike bevolking tuisgaan om die redes wat hier bo genoem is. Prakties gesproke is dit nie onregverdig dat die finansiële las op die arm gasheer en gasvrou te swaar sou wees nie. Die gasheer en gasvrou word vergoed vir die onkostes om onderdak en voedsel aan hierdie gaste te verskaf. Afsprake behoort vooraf gemaak te word, sodat dit die minimum ongerief vir die plaaslike bevolking inhou.

Respondent F stel as voorwaarde vir so 'n uitreik- of hulpprojek dat die plaaslike bevolking wat gedien word die projekdoel deeglik moet verstaan. 'n Belangrike aspek van die doel behoort deurgaans te wees dat die bevolking wat gehelp word, leer deur die voorbeeld wat gestel word. Hulle moet toegerus word om self ook te kan uitreik en waar nodig hulp te bied. Respondent G bevestig dat sulke projekte deurgaans moet plaasvind in samewerking met plaaslike strukture en in oorleg met komitees en nie enkelinge nie. Die doel is dat die plaaslike gemeenskap opmerk hoe kerkmense hieruit voordeel trek, en gevolglik 'n belangstelling in die kerk ontwikkel. Die vraag is of die respondent met hierdie opmerking die integrasie van Woord en daad reg verstaan. Die plaaslike leraars kan op navraag deeglik aan belangstellende uitreikgroepe aandui watter nood aangespreek behoort te word en watter hulp daarvoor nodig is (Respondent H). Daarom moet die doel van hierdie projekte deurlopend wees om die evangelie te bevorder: "This is Word and deed: connecting always deeds tot the Gospel. The Gospel must always be advanced" (Respondent G).

Ter wille van volhoubaarheid, 'n langtermynuitwerking en ontwikkeling van die ontvangers se eiewaarde behoort die uitreikspanne diegene wat gehelp word, te stimuleer om ook tot die projek by te dra, meen Respondent H. Ter illustrasie noem hy die volgende: Vir elke rand wat die persone wat gehelp word insamel, vul die uitreikgroep of uitreikende kerk 'n rand of Euro of dollar aan. Hierdie benadering kan as toerusting beskou word waardeur die geholpe persone leer dat hulle steeds groter prestasies kan behaal. Westerlinge sal hierin uiterste geduld moet aanleer omdat die plaaslike kulturele denkwyse en gebruike in hierdie opsig grootliks kan verskil. Vir Afrika-mense geniet produktiwiteit 'n laer voorrang as die *medemenslikheid*gedagte.

Betreffende die CGKN se projekgerigte sendingbenadering is die respondente dit eens dat dit ’n goeie saak is, hoewel die basiese uitgangspunte vir hulle van groot belang is. Hiermee bedoel hulle dat sendelinge die eerste dag aan die plaaslike bevolking en uiteindelik die kerkleiers duidelik behoort te maak hoe lank die projek sal duur en dat die plaaslike mense en kerkleiers ná die sendelinge se vertrek self verantwoordelik sal wees (Respondent F en H). Respondent F gee oor bogenoemde saak ’n voorbeeld: “We are here for ten years, then you should do it yourself. As to the finances, we will help you get started, but you must contribute yourselves. After ten years you must not depend on us anymore. Plan and clarity are important.” Die voordeel is dan dat die projek die plaaslike mense vanaf die begin betrek en hulle selfverantwoordelikheid aanleer. Ook Respondent H beklemtoon die noodsaaklikheid van ’n langtermynvisie en -doelwitte, selfs al berus sending op die voorveronderstelling van God se soewereiniteit. Net soos ’n ouer die groeifases van ’n kind begin begelei met volwassenheid as visie, behoort hierdie benadering en visie ook vir sending te geld. Mense en die kerke moet integraal voorberei word op hulle eie volwassenheid. Om hierdie doel te bereik is volhoubaarheidsplanne en evaluering op die onderskeie gebiede onontbeerlik: waaronder geestelik, finansieel en ontwikkeling van infrastruktuur (Respondent H).

’n Belangrike aspek van hierdie doel behoort ook die identifiseer en teologiese opleiding van nuwe kerkleiers te wees, sodat hulle kan oorneem nadat die sendelinge vertrek het, aldus Respondent F en H se uiteensetting in die lig van Efesiërs 4. Daarby is dit ook van belang dat hierdie leiers en kerke vanaf die begin geleer word dat hulle in die lig van die *missio Dei* geroep is om ander in nood te help en nie net dat hulle selfstandig optree en kan oorleef nie. Wanneer beide partye so te werk gaan, vertrou die kerk voluit op Christus as Hoof van die kerk en nie op die indiwidu nie (Respondent H). Hierby kan gedink word aan W.J. Kornfield wat O. Jeremias van Suid-Afrika aanhaal: “Financial paternalism is the major factor which hinders the Church of Christ to grow. It causes dependency which engenders laziness and hinders church growth, along with a lack of vision for missionary activities" (Kornfield, 1999:2).

Korttermyngerigte sending, hetsy as vakansiehulpprojek of deur die uitstuur van sendelinge vir ’n beperkte aantal jare, ervaar die respondente positief. Gedurende hierdie tyd moet dit vir die plaaslike kerkleiers en/of kerke duidelik word wat die visie en planne van die sendelinge is, en waarby die plaaslike leiers betrek, opgelei en toegerus kan word om selfstandig te kan funksioneer. Dit is duidelik dat die respondente uiters positief is teenoor visionêre en doelgerigte integrale sending, wat Woord en daad doelbewus integreer met die oog op ’n holistiese strategie om die bevolking toe te rus en op te bou.

'n Waarskuwende opmerking van Petersen (1999:56) som die situasie goed op wanneer hy daarop wys dat elke sosiale aksie of program mense moet heenwys na die kernboodskap van

die verlossing deur Jesus Christus se bloed. Hierteenoor het sturende kerke dikwels die neiging om die varkhok van die verlore seun mooi te maak en te restoureer, in plaas van ’n verlange by die verlorene wakker te maak om dadelik na sy Vader terug te keer.

### 4.4 Eties-profeties

Om ’n beeld te vorm van hoe die CGKN se Woord en daad integreer, is aan die respondente gevra hoe hulle die sturende kerk se hantering van etiese onderwerpe vanuit ’n holistiese Bybelse perspektief beoordeel. In hierdie verband is op die destydsde beleid van apartheid toegespits. Respondente se mening is getoets oor die CGKN se betrokkenheid by sosiale kwessies. As voorbeeld is voorgehou die CGKN se huiwering om enige uitsprake oor apartheid te lewer, uit vrees dat die sendelinge deur die destydse Suid-Afrikaanse regering gedeporteer sou word.

Die CGKN se besluit dat sendelinge geen uitsprake oor apartheid moet lewer nie, is in Hoofstuk 3 gehanteer. Die vraag wat hieruit voortvloei is: Hoe evalueer die kerkleiers van KwaNdebele hierdie besluit en wat kan ’n mens hieruit leer vir soortgelyke etiese situasies? ’n Verdere vraag is: Kan aanvaar word dat predikante ten alle tye bereid moet wees om die Bybel oor menslike onregte te laat spreek, ook al sou dit beteken dat hulle moontlik gedeporteer word en hulle betrokkenheid prysgee? Of is dit juis wyse strategie om stil te bly en as lewende voorbeeld te dien?

Respondent E kan geen mening opper oor die tydperk gedurende apartheid nie. Opvallend is dat hy sy reaksie motiveer uit die feit dat Jesus Christus in daardie stadium nog nie geken het nie, en toe moontlik anders sou gereageer het. Hy verwys na Petrus en Johannes wat verbied is om oor Jesus Christus te preek, maar wat gestel het dat hulle nie kan stilbly oor wat hulle gesien en gehoor het nie, net om *mense* tevrede te stel. Predikante moet wel daarteen waak dat hulle nie politiek van die preekstoel af verkondig nie, maar juis die goeie nuus wat God wil hê dat mense moet weet. Die respondente bevestig dat die owerheid die predikante nie kan verbied om oor bepaalde onderwerpe te preek nie. Tog mag ’n predikant nie politiek preek nie. Die Woord van God moet gepreek word, al word die owerheid hierdeur aangevat, want die Woord van God moet wel rigting gee oor sosiale onderwerpe, soos aborsie, gemeet aan die Woord van God (Respondent E).

Respondent F huldig dieselfde mening en wys daarop dat hoewel die destydse regering se besluit verkeerd en ’n vals strategie was, die sendelinge moontlik moes stilbly terwyl hulle bewus was dat die regering se verbod verkeerd is.

Respondent G het te min regstreekse ervaring met die sendelinge om hieroor ’n mening te kan lug. Respondent H sluit by Respondent E en F aan deur te wys op die belangrike en onmisbare lewende voorbeeld wat die sendelinge gestel het deurdat hulle optrede nie rassisties was nie. Hierdie feit was vir die plaaslike bevolking belangriker as om bloot daaroor te praat en preek. Oor een sendeling getuig Respondent H: hy was “colour-blind in way he dealt with the local people. He was radiating the love of Jesus Christ”. Die beginsels van gelykheid en wederkerigheid kom in hierdie uitspraak na vore.

Terwyl die respondente enersyds begrip vir die swygverbod toon en dit nie as unieke Nederlandse mislukking wil beskryf nie, meen hulle andersyds dat dit wel sendelinge se taak is om te alle tye die waarheid van God se Woord oor sulke onregte uit te lê. Dit geskied vanuit die oortuiging dat die daaglikse lewe van mense, met diefstal, moord en gevegte, nie van die Bybel losgemaak kan word nie. As motivering voeg Respondent F by: “If you are afraid to say what is wrong, you teach half of the Bible.”

Die plaaslike leiers het wel begrip getoon vir die druk op die sendelinge en lof gehad vir die voorbeeld wat daardie sendelinge gestel het. Nogtans meen hulle dat die waarheid wel vertel moes word, al sou dit negatiewe gevolge hê, soos deportering. Respondente se verbondheid aan die Gereformeerde Kerk of Onafhanklike Kerke toon geen verskil in hierdie siening nie. Uit die respondente se reaksie is dit duidelik dat hulle eenparig glo verkondiging van die Woord en etiese onderwerpe is geïntegreer. Gevolglik verg dit duidelikheid, profetiese moed, daadkrag en lydsaamheid, terwyl hulle deurgaans rekening moet hou met relativerende, eksterne motiewe wat so ’n verkondiging bemoeilik.

Volgens die respondente se verwagting moet ’n kerkleier bereid wees om ontberings te verduur. Die voorbeeld van Bybelse martelaarskap kan hier gemeld word. So ’n benadering is nie ’n doel op sigself nie, maar het die *missio Dei*-doelstelling dat die mens se lewe in God se genade bevoordeel word, in ooreenstemming met God se skeppings- en herskeppingsbedoeling. Dit lei tot die vraag na die voordele wat die geïntegreerde sendingwerk van die CGKN wel opgelewer het.

### 4.5 Voordele

Uit ’n *missio Dei*-perspektief beskou, wil integrale missionale bediening die mens tot ’n nuwe lewe in Christus lei. Die doel is dat daardie lewe nou reeds vrugte van die koninkryk van God en die nuwe lewe in Christus begin vertoon. Sodoende ervaar die ontvanger van die bediening reeds hoop. In hierdie lig behoort die bediening met Woord en daad die mens se lewe reeds in die hede volgens Bybelse lig integraal te bevoordeel en behoort dit ook deel van die bediening

se visie en strategie te wees. Die vraag is gevolglik in watter mate die gemeenskap deur die missionêre bediening van die CGKN bevoordeel is. Het dit geestelike, etiese, morele en ekonomiese voordele opgelewer? Wat was die sterk- en swakpunte in hierdie opsig van die sendingbediening en wat kan hieruit geleer word? Gedeeltelik vra dit ook na die Bybelse en praktiese hantering van finansiële vraagstukke wat tegelyk ’n vraag na die integrasie van Woord en daad behels.

Die eerste en belangrikste persoonlike voordeel van die CGKN se sending is geestelik, volgens Respondent E. Hy getuig dat sy bekering as gevolg van die CGKN se missionêre bediening hom gevorm het tot wie hy vandag is. Dit het hom ook gehelp om persoonlike omstandighede te hanteer wat binne Afrika-konteks as groot probleem en vernederend beskou word. Sy wedergeboorte het hom ’n gelukkige mens gemaak, ondanks hierdie persoonlike teleurstellings. Hy het geleer om die lewe met geestelike oë te bekyk. Hierdie persoonlike voorbeeld geld heelwat inwoners in KwaNdebele, aldus Respondent E. Die wêreldbeeld van hierdie ontvangers is deur die CGKN se bediening verander.

KwaNdebele het wel sosiaal en ekonomies voordeel getrek uit die sendingarbeid van die CGKN. Respondent H verwys na die ruimhartigheid van die CGKN wat op finansiële gebied die middele beskikbaar gestel het dat hulle die werk kon verrig. Hierbenewens wys Respondent E en F na die kerkgeboue wat opgerig is en ’n sosiale gesig gekry het. Sodoende het mense die kerk leer ken, ook al is hulle op ’n manier deur die kerkgeboue bederf, meen Respondent F. Die oprig van die verskillende dagsorgsentrums asook skole vir mense met geestelike en liggaamlike beperkings het ook werk aan die plaaslike bevolking verskaf, selfs vir ’n heel basiese salaris waardeur hulle ’n bestaan kon maak en hulle plaaslike medemens dien. Die kinders wat hierdeur betrek is, het onderrig ontvang en is versorg. Gevolglik is nie net hulle bevoordeel nie, maar ook hulle ouers. Die feit dat hierdie ouers se kinders betrek is en versorg word, het daartoe gelei dat die ouers self ook kon gaan werk. Dit het geskied danksy die sendelinge se bediening (Respondent E).

Die CGKN het (potensiële) kerkleiers ’n teologiese opleiding by MBS of MTC laat volg, daarvoor betaal en hulle geleer om die kerke te lei. Daardeur is die gemeenskap bevoordeel, volgens Respondent F, omdat hierdie kerkleiers vanaf daardie basis God aan die plaaslike bevolking kon verkondig en só mense se lewe verander. Die kerke is hierdeur aangespoor om hierdie instelling sorgvuldig te gebruik terwyl hulle aan die waarde daarvan vir die komende geslagte dink, dat hulle kinders ook daaruit voordeel kon trek (Respondent F). Die CGKN se krag lê ook daarin dat hulle die plaaslike taal aanleer, in die plaaslike bevolking se kultuur woon en leef en geen “top-down approach” het nie – in so ’n mate dat ander lande se sendelinge hieruit kan leer (Respondent H).

Wat die voordele betref is ook leerpunte aangeraak. Volgens Respondent H ontbreek evangelisasie in die grondliggende kerkstruktuur van die CGKN, wat daartoe lei dat onbekeerde mense as kerkleiers aangestel is. Gevolglik worstel die Gereformeerde Kerke in KwaNdebele tans met lidmate wat nie bekeer is nie en sinkretisties leef. Dit is opvallend dat Respondent E en F dieselfde kritiek teenoor dele van die Onafhanklike Kerke rig en dat Respondent E getuig dat hy danksy die sendelinge se evangelisasie tot bekering gekom het. Tog kan nie aan Respondent H se opmerking verbygegaan word nie. Dit lei in elk geval tot die slotsom dat evangelisasie uit ’n *missio Dei*-perspektief inherent deel van die kerk asook kerk- en ampstruktuur behoort uit te maak. Tog moet die kerk en die sendelinge daarby verseker dat kandidate bekeer is en nie aan sinkretistiese praktyke deelneem nie, voordat hulle as kerkleiers aanvaar word. Onderliggend aan die verskille oor evangelisasie kan die kritiese instelling van die Afrika Onafhanklike Kerke teenoor die Gereformeerde Kerke en in teenoorgestelde sin moontlik ook hier ’n rol speel.

Hieruit volg die vraag of die voordele van die CGKN se sendingsbenadering ook gelei het tot selfstandigheid en selfvoorsiening in die lig van die *missio Dei*-beginsels wat in Hoofstuk 2 ondersoek is.

### 4.6 Selfversorgend en selfstandig

In Hoofstuk 3 is verwys na Respondent J se mening dat die Nederlandse sendelinge geld uitgedeel het en sodoende nie gesorg het dat die plaaslike bevolking selfstandig en selfvoorsienend raak nie. Sy kritiek is dat dit nie goed was nie en anders aangepak behoort te gewees het. Die vraag is dus: Hoe reageer ander kerkleiers van KwaNdebele op hierdie stelling? Kan so ’n opmerking ook opgeneem word as ’n soort verskoning om nie self verantwoordelikheid te aanvaar nie? Wat behoort sturende kerke, soos die CGKN, uit hierdie situasie te leer?

Respondent E stem nie heeltemal saam met Respondent J se mening dat die uitdeel van geld die probleem was nie. Die versorging van armes is immers ’n Bybelse opdrag en doel en dit sou verkeerd wees om hierdie hulp te staak. Hy gee toe dat dit ’n probleem is om die regte balans te handhaaf tussen verkondiging en versorging, omdat die uitdeel van voedsel mense kerk toe kan lok in plaas van dat die verkondiging dit doen. Hy verwys in hierdie verband na die duiwel wat die Woord- en daadbediening van Jesus probeer vernietig. Respondent G stem saam dat dit goed is dat sendelinge uitgedeel het waar daar nood was, maar beklemtoon dat geestelike voedsel ook gegee moes word. Dit was egter nie deurentyd die geval nie. Die bewys vir hom is dat sommige kerklede se lewe nie verander het nie. Hulle het steeds voorouers vereer en aan onbybelse rituele deelgeneem. Volgens respondent G is hierdie mense nie aan die ware

evangelie blootgestel nie. Respondent H gaan dieper daarop in: Wanneer die hele raad van God gepreek word, word die beginsel van rentmeesterskap verkondig. Sodoende word mense geleer dat, wat God ook aan iemand gee, Hy van daardie een verwag om dankbaar te aanvaar en in reaksie self ook ruimhartig sal wees.

Respondent H se opmerking roep die vraag op in watter mate die aanleer van dankbaarheid deel uitmaak van 'n holistiese benadering tot die sending. Op hierdie manier word by die kerklede die regte sendingvisie ingeprent waarvan ruimhartige skenkings en dankbaarheid deel uitmaak. Sodoende word mense geleer om verantwoordelikheid vir hulle omstandighede te aanvaar. Respondente soek die antwoord in 'n suiwer, onverdunde en voedende verkondiging, geïntegreer met versorgende en dienende harte, monde en hande en gevul met God se liefde vir die noodlydendes.

Respondent F stem wel met Respondent J saam dat die plaaslike kerke nie geheel en al op die steun van buitelandse kerke behoort te reken nie. Hy bevestig weereens dat 'n beperking in die hoeveelheid hulp opgelê behoort te word, Sodoende word die plaaslike bevolking ook geleer om tot húlle kerk se groei by te dra. Hierdie respondent stem egter nie saam met Respondent J se opmerking dat saad aan iemand gegee moet word om te saai nie. So 'n persoon behoort volgens Respondent F ook geleer, gehelp en begelei te word *hoe* om te saai en selfversorgend te word. Hy stel dit duidelik: "Stand side by side until he doesn't need your help anymore." In aanvulling hierby beklemtoon Respondent G die noodsaak vir opleiding, dat mense geleer moet word "to make a living for themselves". Tog wys Respondent F op die feit dat die plaaslike kerke nie té veel op die sturende kerke se hulp en steun moet vertrou nie. Die rede hiervoor is dat die inwoners van KwaNdebele aanvanklik gevoel het dat die sendelinge hulle in die steek gelaat het. Hulle het egter uiteindelik ontdek dat hulle te swaar op die sendelinge geleun het en self eintlik meer kon vermag.

Terugskouend gesien, het die swart kerke agterna ontdek dat en hoe die sendelinge hulle gehelp het. Dit het in so 'n mate geskied dat hierdie plaaslike kerke steeds meer eienaarskap aanvaar het en bemoedig is deur agter te kom waartoe hulle self bekwaam is. "We don't wait for Holland anymore to fix the broken windows, but do it ourselves now ..." stel Respondent F dit treffend.

In die lig van die bogenoemde ervarings behoort kerke verskillende bedienings te volg. In hierdie bedienings moet na mense se materiële behoeftes omgesien word en die regte versorgers moet vir hierdie take aangewys word. Hulle moet geleer word om vir hulle eie opbou verantwoordelikheid te aanvaar. Hieronder geld ook finansiële aspekte wat predikante nie behoort te hanteer nie (Respondent G). Volgens Respondent H behoort sendelinge aan die

hand van die “three selves”, (“self-support, -governing, -propagation”), aan die gemeente te vra: “How could we grow towards self-sustainable growth of the church in the area?” Daarna behoort hulle saam met die plaaslike gemeente ’n aksieplan op te stel waarvolgens hulle kan groei na selfvoorsiening, en waardeur skenkerlande hulle geleidelik kan onttrek terwyl die gemeente geleidelik selfversorgend word. Dit is nie sendelinge se verantwoordelikheid om kerkgeboue op te rig nie, maar om die plaaslike bevolking te begelei dat hulle dit self doen. Dit is die enigste manier waarop hierdie mense die infrastruktuur sal waardeer, koester en onderhou (Respondent H). Hierin is ’n belangrike les vir sturende kerke opgesluit, maar ook wat korttermyn-hulpprojekte betref.

Volgens die respondente is praktiese hulp op ’n Bybelse manier wel ten goede deur die CGKN verleen en behoort dit ook so te geskied. As voorwaardes word gestel dat Woordverkondiging én opleiding gepaardgaan sodat die ontvangers selfversorgend kan raak, omdat die hulp andersins nie toegevoegde waarde het nie. Van die respondente het wel gemeen dat hulle én die gemeentes nie deur sendelinge vanuit die Bybel toegerus is om finansieel selfverantwoordelik te kon wees nie. Nogtans is dit opmerklik dat die Deputaten Buitenlandse Zending (DBZ) van die CGKN bevestig het dat die swart kerke hulle eie finansiële administrasie moet versorg (Procee, 1996:3). Die vraag wat die verband tussen hierdie teenoorgestelde menings is, kan nie uit beskikbare materiaal en deur die respondente beantwoord word nie. Daar kan wel op gewys word dat finansiële administrasie nie dieselfde as finansiële selfvoorsiening is nie. Daarby kan die voorwaardes en behoeftes wat respondente oor verkondiging en opleiding stel, uit ’n holistiese Bybelse perspektief wel verantwoorde integrale bediening genoem word.

### 4.7 MBS, MTC, MCDC (Mukhanyo Bible School, Mukhanyo Theological College, Mukhanyo Community Development Centre)

Hierdie drie organisasies, MBS, MTC en MCDC, bied ’n belangrike verstaan van die CGKN se visie op geïntegreerde *missio Dei*-bediening in KwaNdebele. Tydens die onderhoude is drie vrae aan respondente gestel:

- Hoe verstaan hulle die eenheid tussen die MTC en MCDC ingevolge Woord en daad?
- Hoe sien hulle die MTC en MBS se visie en missie?
- Watter invloed het die MBS en die MTC uitgeoefen op hulle vermoë om die kerk te lei?

Dit is belangrik om te onthou: Hierdie gedeelte moet saam met Hoofstuk 3 oor MBS en MTC gelees word vir ’n volledige oorsig en verstaan van die onderwerp. Hier word slegs die

respondente se reaksies genoem, terwyl Hoofstuk 3 in meer diepte ingaan op die agtergronde, visie en missie asook die rol van die CGKN in daardie verband.

MTC word deur Respondent F as een van die belangrikste bydraes wat die CGKN vir die kerke in KwaNdebele gelewer het: “We can send our children to be taught. Even if MTC stops we will still benefit from it. We thank our Lord what they did for us and for the community.” Hierdie respondent se toekomsperspektief is opvallend.

Die MCDC word deur die respondente beskou as verlengstuk van die MTC wat uitvoering gegee het aan die eenheid van Woord en daad, deur geïntegreerd op die fisiese, emosionele en geestelike behoeftes van die gemeenskap te fokus. Respondent H bevestig hierdie gedagte: “It was a wonderful opportunity. They went house to house looking for people in need. Identifying them. Making sure they have food parcels, bringing them to medical clinics. Introducing them to the love of our Lord Jesus Christ. People understood the theological reason for the visit. It was not only a social visit. It was making Jesus seen in deeds of compassion.” Die MCDC het die studente van die MTC en vrywilligers van die gemeenskap deur werkwinkels opgelei om hierdie dade van bewoënheid te toon, met die gevolg dat hulle geleer het dis nie voldoende om slegs te preek nie (Respondent H).

Die MCDC was voorheen die blankes s’n, aldus Respondent E, omdat hulle die inisiatief geneem en dié instelling bestuur het. Die ontbinding van die MCDC het daartoe bygedra dat die plaaslike kerke en bevolking verantwoordelikheid vir die dagsorgsentrums en die Nakekela hospitium aanvaar het. Hulle het onderneem om mekaar te help en kinders onderling te versorg en op te voed. Wanneer die plaaslike bevolking hulp nodig het, moet hulle self hulp daarvoor vra. Respondent E stel dit teen die agtergrond dat die plaaslike bevolking steeds die gedagte huldig dat hulp ongevraagd gegee word, terwyl die KwaNdebele-bevolking self die kans moet kry en geleer word om hulp te vra.

So ’n situasie waarin die plaaslike bevolking self verantwoordelikheid neem en die geld bestee word waar dit werklik nodig is, verdien voorkeur, omdat hoogs opgeleide blankes vroeër duur betaal is om die werk te doen, meen Respondent E. Die geld word tans beter versprei, volgens Respondent E, wat die eenheid van Woord en daad ook daarin sien dat dit God se werk en opdrag is. God se hulp is nodig om geskikte personeel te vind, omdat waar finansies betrokke is, daar probleme en haakplekke ontstaan (CGKN argief, XXXVII, 2005:2). Hoewel dit reeds uit die staanspoor deel van die MCDC se beplanning was dat die plaaslike bevolking verantwoordelikheid vir die dagsorgsentrums sou neem, het die ineenstorting van hierdie instelling weens blanke wanbestuur die proses net bespoedig, meen Respondent F: “It was in a way very good for teaching the locals to take responsibility and even get subsidy from the

government." Die respondente sien veral die voordele vir die ineenstorting van die MCDC daarin dat die gemeenskappe verantwoordelikheid vir hierdie sentrums moes neem.

Die respondente wys ook op die "natural split" tussen die MTC en MCDC, omdat laasgenoemde vinniger en sterker gegroei het. Gevolglik het die raad van Mukhanyo gemeen dat MTC veral op die opleiding van predikante moet fokus. Die MTC en MCDC was onafhanklik van mekaar, terwyl die verhoudings voortbestaan het. Studente is oor en weer verwys en die MCDC het predikante die geleentheid gebied om hulle vir die bediening in te oefen (Respondent H). Hier ontstaan die vraag of die mes nie dalk na twee kante toe sny nie. Het die swart gemeenskap enersyds tog verantwoordelikheid geneem en die blankes andersyds moontlik te lank gedink die swart gemeenskap kon nog nie hierdie verantwoordelikheid aanvaar nie?

Op die vraag hoe die MTC die kerkleiers se vermoë beïnvloed het om leiding te gee, blyk die respondente se bevinding dat bediening in werklikheid oor diensbaarheid en nie oorheersing gaan nie. Diensbaarheid lei tot nederige betrokkenheid by die noodlydendes, in so 'n mate dat prediking ondoeltreffend is as dit nie met sulke nederige dade gepaardgaan nie. Sodoende stel Respondent H dit dat deernis sy model geword het: "The diaconal aspect. It is a must have for rich and poor churches. It follows the theology of James." Die respondente spreek waardering uit vir die sendelinge wat dapper genoeg was om hierdie waarheid te benadruk.

Mukhanyo was wel "interdenominational focused", maar is aanvanklik nie wyd genoeg bemark om soveel moontlik leiers aan te trek nie. Gevolglik is slegs 'n handvol kerkleiers opgelei, meen Respondent H. Hy wyt dit aan die beeld wat in die gemeenskap bestaan het dat die sendelinge te veel daarop gerig was om die Gereformeerde Kerke binne KwaNdebele te vestig. Die meeste kerkleiers wat deur Mukhanyo opgelei is, kom volgens Respondent H, van die onafhanklike Pinksterkerke af, terwyl juis dié van die Sionistekerke nie daar opgelei is nie. Die rede hiervoor is dat heelwat van die Sioniste-kerkleiers ongeletterd is. Die gevolg was dat diegene wat wel kon lees en skryf dit in hulle eie taal gedoen het, byvoorbeeld in Zoeloe. Die MTC het hierdie geleentheid verbeur, meen Respondent H, hoewel die saak tans anders daaruit sien. Die MBS het op hierdie saak van eie-taal-onderrig ingespeel, met die gevolg dat 'n aantal van hierdie kerkleiers wel die program voltooi het. Die MBS het egter nie doeltreffend genoeg te werk gegaan nie, weens 'n gebrek aan menslike hulpbronne. Die gevolg was dat veel minder kerkleiers opgelei is as wat in werklikheid moontlik was. Dit sou veral haalbaar wees indien MTC en MBS saamgewerk het. Volgens Respondent H was so 'n samewerking weens magstryd en persoonlikheidsgeskille jammerlik genoeg nie moontlik nie.

Integrale *missio Dei*-bediening veronderstel dat die plaaslike bevolking bewus gemaak word van hulle eie verantwoordelikheid, ook vir mekaar, en hierin onderrig en begelei word. Ook word

die gevaar blootgelê dat sendelinge op so ’n manier leiding neem dat die plaaslike leiers se verantwoordelikheid lamgelê of onbewus van hulle ontneem word. Die plaaslike leiers het dit vir eie vorming nodig dat sendelinge mekaar onderling aanvul en dat sendelinge se onderlinge nastreef van hulle eie visie nie die werk belemmer nie. So ’n bediening verg ’n diensbare, nederige houding, volgens Christus se voorbeeld. Die sturende kerke behoort hierin leiding te gee deur die sendelinge te begelei en te steun. Die aanwend van hoogs betaalde en opgeleide personeel, behoort versigtig en in wysheid gehanteer te word. Daar moet nie ’n indruk by die plaaslike bevolking gewek word, of feitlik gebeur nie, dat die geld *nie* by die noodlydendes tereg kom nie.

Aan die ander kant moet die plaaslike leiers en bevolking bewus gemaak word van die (tydelike) noodsaak van ingehuurde, hoogs opgeleide personeel om die plaaslike leiers en inwoners op te lei om uiteindelik self verantwoordelikheid te kan aanvaar. Hierin is kommunikasie noodsaaklik oor die bedieningsplan, ook wat betref die fases van opbou en die bedieningsplan van die missionêre projek. Die noodsaaklike eenheid van Woord en daad blyk duidelik uit die verhouding tussen die MTC en MCDC, waar teologiese studente en vrywilligers die geleentheid kry om de eenheid van Woord en daad prakties in te oefen. Die MBS was op die opleiding van laag geskoolde en ongeletterde kerkleiers gerig, maar het weens ’n gebrek aan personeel minder kerkleiers bereik as wat moontlik was. Respondente beskryf die gebrek aan samewerking tussen die MBS en MTC as ’n verbeurde kans.

Die respondente beskou die MCDC as unieke voorbeeld van die integrasie van Woord en daad wat uit die MTC voortgevloei en waaruit die gemeenskap voordeel geput het. Die feit dat die bevolking verantwoordelikheid vir die dienste van die MCDC geneem het, nadat hierdie instelling ineengestort het, word as positiewe stap vorentoe beskou. In hierdie verband kan verder gebou word op die grondslae wat die MCDC vir die opleiding van kerkleiers gelê het.

### 4.8 Onafhanklike Kerke

Een van die redes wat gelei het tot die CGKN se sending in KwaNdebele, was om kerkleiers van die Onafhanklike Kerke, oftewel die African Independent Churches, te leer om die Bybel te lees, Bybelse onderrig te gee en, waar moontlik, teologies te skool (sien Hoofstuk 3). In die evaluering van integrale *missio Dei*-bediening in KwaNdebele is dit gevolglik belangrik om aandag te skenk aan hierdie onafhanklike groep kerke. Omdat die Onafhanklike Kerke die hoofstroom van die Christendom in Suid-Afrika vorm, hou hierdie feit diepgaande gevolge in vir die Christelike teologie en die missiologie in Suid-Afrika vanweë die ingrypende invloed wat hulle op ’n beduidende groep mense se lewens in geheel uitgeoefen het (Anderson, 2000:306; Ludike, 2001:15-16, 20-22; Oosthuizen, 1996:308). Een van hierdie invloede is maguitoefening

en sal hierna verder bespreek word. Die ander gevolge val buite die skopus van die navorsingsvraag om dieper daarop in te gaan.

Wel van belang vir die navorsingsvraag is die redes vir die bestaan van soveel Onafhanklike Kerke wat gepaardgaan met vele kerkskeurings, voortdurende magstryd en onderlinge wantroue onder die kerkleiers. Hierby geld die redes waarom broederskaporganisasies steeds misluk en die vraag in watter mate die sendelinge van die CGKN hierdie Onafhanklike Kerke verstaan het en die probleme waarmee hulle geworstel het. Beide die MBS en MTC was op die Onafhanklike Kerkleiers gerig. Gevolglik staan die redes en aanleiding vir die bestaan van hierdie twee instellings los van mekaar nie sentraal in die navorsingsvraag nie. Tog moes die respondente wel die noodsaaklikheid bevraagteken van hierdie twee instellings wat apart funksioneer en die gebrek aan interaksie daartussen.

Vir hierdie onderdeel van die navorsing is kwaliteitonderhoude met Onafhanklike Kerkleiers, maar ook doelbewus met plaaslike gereformeerde predikante gevoer. Die onderhoude met die respondente word eers weergegee waarna aandag gegee word aan beskikbare literatuur oor die vraagstuk wat geopper word. Die doel is nie om hier ’n volledige bespreking van die Onafhanklike Kerke te gee nie, maar om slegs die bogenoemde vrae aan die orde te stel teen die konteks van hierdie Kerke, aangesien die CGKN se doelstelling was om hulle Kerkleiers Bybelse onderrig te gee. Die literatuurstudie oor die Onafhanklike Kerke toon ’n aantal meningsverskille tussen die outeurs oor die regte interpretasie van bepaalde elemente rakende hierdie kerke, soos die verband tussen die voorouerverering, geesteswêreld en die Heilige Gees asook die identiteit van Jesus Christus, om maar enkeles op te noem. Die literatuurstudie toon ook enkele (aksent-)verskille met die respondente se reaksies. In die lig van die navorsingsvraag is dit nie die huidige studie se bedoeling om hierdie verskille te bespreek en op te weeg nie. Daar word slegs gefokus op relevante aspekte wat lig op die navorsingsvraag kan werp en dit te help beantwoord.

#### 4.8.1 Vernaamste redes vir die veelheid Onafhanklike Kerke vandag

Respondente voer enkele redes aan hoekom daar soveel Onafhanklike Kerke in KwaNdebele voorkom. Die redes word nie in orde van prioriteit gerangskik of beoordeel nie. Die beoordeling volgens voorrang volg later.

Een rede wat aangevoer word vir die bestaan van die veelheid Onafhanklike Kerke is sinkretisme, omdat die kerkleiers ’n probleem met Woord en daad het (Respondent E), soos hier onder sal blyk. Hierdie Onafhanklike Kerke se leiers tref geen onderskeid tussen gelowige kerklede en die ongelowige “mense op die straat” nie en is steeds by voorouerverering

betrokke. Hulle roep nie die kerklede op om volgens God se Woord te leef nie. Hulle volg ’n sinkretistiese leefstyl deur as kerkleiers iemand met die kulturele gebruike oor voorouerverering te begrawe. In hierdie sin het hulle ’n probleem met die integrasie van Woord en daad, stel Respondent E dit, want hulle dade stem nie ooreen met die Woord van God nie. Respondent G wys die verskille oor die verstaan van die Bybel, soos oor die doop en die nagmaal uit as vernaamste redes vir die bestaan van die veelheid Onafhanklike Kerke.

’n Tweede rede vir soveel Onafhanklike Kerke is die gebrek aan ’n kerk- en bestuurstruktuur, anders as die gereformeerde kerkregeringstelsel waar ’n predikant beroep word (Respondent E en H). In die Onafhanklike Kerke kan elkeen ’n eie kerk begin, omdat hierdie gereformeerde beginsels afwesig is. Respondent H omskryf ’n hiërargiese en monargiese kerkstruktuur gekenmerk deur outokratiese leierskap binne die Onafhanklike Kerke. Persoonlike ideale speel hierin ’n oorheersende rol, soos geld en mag wat dan uitloop op meningsverskille, waardeur uiteindelik nuwe kerke ontstaan (Respondent E, F en H). Geld speel ’n besliste rol, nie in terme van voorspoedsgodsdiens nie, maar as selfverryking deurdat die kollektes vir die predikant bestem is en die beeld laat ontstaan dat so ’n leraar ryk is. Sodoende sal iemand, met hierdie motivering, sy eie kerk wil begin (Respondent E en G). Notules van die MTC se Beheerraadsvergadering en rapporte van vergaderings met die KwaNdebele Churches Board (waarvan die naam later na Masakhane Churchesboard verander is), het ook belangrike inligting hieroor na vore gebring. Dit het geblyk dat verskeie van die lede eintlik gehoop het om geld en ander voordele uit die vestiging van die MTC te verkry. Te midde van wydverspreide armoede speel geld in hierdie samelewing ’n beduidende rol.

’n Voortdurende magstryd tussen kerkleiers kan as derde rede aangevoer word, waar iemand ’n eie kerk begin en “junior pastors” aanstel. Vervolgens begin hierdie junior kerkleiers hulle eie kerk wanneer konflik met die hoof-kerkleier ontstaan, oor allerlei faktore, soos geld, status, dogma, bestuur en beheer van die kerk. Veral die feit dat die junior kerkleier opmerk hoe die senior leier geld deur sy prediking verdien, lei tot naywer en ’n magstryd om ’n eie nuwe kerk te begin waardeur die junior dan self die status van senior kerkleier beklee en al die geld kry. Dit is die verduideliking van Respondent F wat daarop wys dat hierdie mense die kerk bestuur en gebruik of dit ’n sakeonderneming is. Vir die respondent is hierdie twee faktore die vernaamste redes vir die onstaan van soveel Onafhanklike Kerke tans. Hierdie aspek lei tot die vraag oor die gebrek aan dienskneg- leierskap by leiers van die Afrika Onafhanklike Kerke.

Politieke en leerstellige kwessies asook persoonlike ambisie kan as die drie vernaamste redes vir die veelheid kerke aangevoer word, meen Respondent H. Politieke kwessies vóór 1994, aangevuur deur rassespanning, was vir heelwat verdeeldheid in die kerke verantwoordelik. Op leerstellige gebied onderskei Respondent H tussen a) die Sioniste waar die Bybel met die

Afrika-tradisies oor towenary en voorouerverering vermeng word; en b) die Pinksterkerke wat radikaal van die tradisionele Afrika-geloof af wegbeweeg het. Hierdie leerstellige kwessies het ook tot skeurings in die kerke gelei. Outokratiese leierskap was en is die gevolg van persoonlike ambisie van soveel van hierdie leiers (Respondent H).

Die onstaan en begin van die veelheid Onafhanklike Kerke in Suid-Afrika het veral met die beweegredes, motiewe en ingesteldheid van die kerkleiers te maak, waar mag in die besonder 'n geweldige rol speel. Hierdie mag word verwerf deur geld, leierskapstyle, leerstellinge meningsverskille en 'n sinkretistiese leefstyl óf te steun óf radikaal teen te staan. Sodanige aspekte lei weer tot die vraag oor die respondente se mening oor diensknegleierskap binne die Onafhanklike Kerke.

### 4.8.2 Diensknegleierskap

Jesus Christus hou self die vraag na diensknegleierskap voor om sy leierskapstyl te beskryf: "So is dit ook met die Seun van die mens: Hy het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense" (Matt. 20:28; Mark. 10:45). Veral drie elemente is opvallend en van belang:

1. Hy eis geen diensbaarheid teenoor Homself nie.
2. Hy dien self die mense.
3. Sy styl word gekenmerk deurdat Hy Homself as losprys vir ander gee om hulle vry te maak.

In watter mate volg die Onafhanklike Kerkleiers hierdie voorbeeld na? Hiermee word geensins veronderstel dat die denominasies, soos die Gereformeerde Kerke se predikante en sendelinge in Europa en Suid-Afrika, vanselfsprekend diensknegleierskap vertoon nie. Daar sou selfs geredeneer kon word dat die teendeel in sommige gevalle blyk. Dit verg egter 'n selfstandige studie en val nie binne die doelstellings van die navorsingsvraag vir die huidige studie nie, hoewel dit wel soms in die literatuur oor die Onafhanklike Kerke ter sprake kom.

Diensknegleierskap is volgens die respondente nie bekend onder die predikante van die Onafhanklike Kerke nie, omdat hulle nie opgelei en geskool is en hierdie beginsel dus nie geleer het nie. Hierdie kerkleiers dien nie, maar wil gedien word: "The people should see them as their king and bishop, someone who is high and respect them" (Respondent F). Die meeste van hierdie kerkleiers dwing respek af, omdat hulle as 'n soort stamkaptein beskou wil word, 'n aangeleentheid wat steeds 'n wesenlike probleem in hierdie kerke is (Respondent H). Hierdie kerkleiers is ook oortuig daarvan dat hulle nie opleiding nodig het nie, omdat hulle deur die

Heilige Gees self gelei word. Daarom eien hulle hul reg op respek toe en hoef hulle nie vir regstellings bloot te stel nie (Respondent E). Die sendelinge het, volgens Respondent H, hierdie probleme onvoldoende gehanteer, hoewel dit wel deel van die kurrikulum van die MTC uitgemaak het.

Tog meen Respondent F dat die gereformeerdes van hierdie Onafhanklike Kerke kan leer, omdat die leiers daarin slaag om hulle gemeentes te leer om finansieel tot die kerk by te dra, sodat hierdie kerke finansieel selfversorgend is. Dit val vir Respondent F op dat die gereformeerdes nie so offervaardig soos hierdie kerke is nie en juis van Nederland vir hulle inkomste en geboue afhanklik is. Daarteenoor woon die lede van die Onafhanklike Kerke in dieselfde omgewing as die gereformeerdes in KwaNdebele. Hulle is aan dieselfde armoedekonteks onderworpe, maar is tog veel meer selfonderhoudend as die Gereformeerde Kerke. Die vraag vir hierdie respondent is: Hoe kan dit wees hierdie kerke finansieel geheel en al van die inkomste uit KwaNdebele selfversorgend is en die gereformeerdes nie? Daarom behoort die gereformeerde lede van hierdie kerke te leer hoe dit gedoen behoort te word, solank dit op die korrekte Bybelse manier geskied (Respondent F).

Respondent F redeneer verder dat dinge tans sosio-ekonomies beter in KwaNdebele daaraan toe is as vroeër toe die sendelinge daar begin werk het. Hy noem dat baie mense opleiding ondergaan het, bestuursposte beklee en goeie salarisse verdien: “We are not so much poor as we claim” (Respondent F). Gevolglik behoort hierdie nuwe geslag nou meer aan die kerk te gee, wat daartoe sou kon lei dat die kerke nie meer van buitelandse steun afhanklik is nie.

Hoewel hierdie aspek van finansiële selfstandigheid in die Onafhanklike Kerke nie regstreeks met diensknegleierskap verband hou nie, dui Respondent F dit wel aan as positiewe eienskap van die soort leierskapstyl in die Onafhanklike Kerke, hoewel hy worstel met die motiewe van hierdie leiers wat geld en mag nastreef. Dienende leierskap veronderstel immers nog nie so ŉ afhanklikheid van uiterlike middele nie.

### 4.8.3 Broederskaporganisasies

Die bestaan van die veelheid Onafhanklike Kerke wat deur magstryd, verdeeldheid, gebrek aan (Bybel-)kennis en gebrekkige diensknegleierskap gekenmerk word, is reeds uitgelig. Hierdie situasie het gelei tot die onstaan van broederskaporganisasies, “fraternals” om mekaar te help met probleme wat binne hulle gemeenskap voortkom. Hierdie organisasies misluk egter telkens en hou dan op bestaan. Met die hulp en leiding van die MTC het die Masakhane Churchesboard in 1994 en 1995 die Sizanani Nabhlupekileyo organisasie tot stand gebring (Zoeloe vir “Onderlinge Hulp aan noodlydendes”.) Nadat ŉ CGKN-sendeling egter die leiding in

die hande van die Masakhane-leiers oorgelaat het, het onderlinge magstryd die hele inisiatief laat doodloop (Moeketsi & Buys, 2005:1-2).

Hierdie "pastors' forums" is opgerig om samewerking te bevorder, soos in die toepassing van dissipline van mekaar se lidmate en ook om geld vir noodlydendes in die gemeenskap in te samel en te verdeel (Respondent G). Die vraag was egter aan die respondente gerig waarom so baie van hierdie broederskaporganisasies telkens misluk. Dit is tog instellings waar pastore, predikante en ander kerkleiers mekaar ondersteun en saam projekte aanpak om 'n positiewe impak op die kerke en gemeenskap te hê, soos die volgende: KwaNdebele Churches Board, Masakhane Churches Board,[15] Midveld Ministers Association, Vukani Fraternal. Die vraag is: Waarom loop dit dood?

Die belangrikste redes vir die mislukking van hierdie organisasies sluit aan by die redes vir die veelheid kerke en die gebrek aan diensknegleierskap wat Jesus Christus se koninkrykstyl uitleef. Dieselfde redes veroorsaak verdeeldheid binne hierdie organisasies, met die gevolg dat verbittering intree en samewerking onmoontlik word. Die rede is omdat die kerkleiers, weens 'n gebrek aan opleiding, die beginsel van die bediening nie ken en verstaan nie (Respondent H). Daarom is die kerkleiers ook nie getrou aan mekaar in die toepassing van dissipline nie, want hulle word self bevoordeel wanneer 'n lidmaat van een kerk na 'n ander een oorloop wanneer tug op hom of haar toegepas is. Ten grondslag hieraan lê kerkleiers se persoonlike ambisie. Hierdie kwessies lei tot onderlinge wantroue én ontrouheid, wat versterk word deur ontevredenheid oor die verdeling en verspreiding van goedere aan noodlydendes, wanneer dié wat die voortou in die organisasie neem meer bevoordeel word, meen Respondent G.

Nog redes wat vir die mislukking van hierdie organisasies aangedui word, is die afsterf van kernleiers, maar ook kerkleiers wat weens die mislukking van die tuislandsisteem met hulle identiteit geworstel het. Daar het ook in hierdie omstandighede talle politieke uitdagings ontstaan waardeur kerkleiers nie meer op die aktuele probleme kon fokus nie, volgens Respondent H. Hy voeg daarby die onderlinge spanning tussen die Sioniste en die Pinksterleiers as verdere rede vir die fragmentering.

Respondent H verwys na die geval van die Masakhane Churches Board waar die betrokke kerkleiers gehoop het dat aan hulle 'n bestuurs- of doserende rol in MTC toegeken sou word. Hulle verwagting was dat Mukhanyo húlle skool sou word, met die steun van die Nederlandse

---

[15] Die argiefstukke gee hierdie naam verskillend weer as "Masakhane Churchesboard" of "Masakhane Churches Board". Die mees gebruikte en taalkundig korrekte weergawe word hier gehandhaaf.

sendelinge. Respondent I voeg by dat hierdie kerkleiers in werklikheid gehoop het dat hulle vir die bestuurs- of doserende rol betaal sou word en dat Mukhanyo vir hulle geld sou genereer. Aangesien dit nie gebeur het nie, is hierdie kerkleiers teleurgesteld en het dit ook tot die einde van Masakhane gelei. Hierdie feite word onderskryf deur ’n verslag aan die bestuurskomitee van die MTC náa ’n ontmoeting van twee lede met die Masakhane Churches Board waarin laasgenoemde meen dat hulle “should receive special preference, recognition and benefits from MTC” (Moeketsi & Buys, 2005:1). Erkenning, voorrang, persoonlike eer en voordele het belangrik vir leiers van Onafhanklike Kerke geblyk te wees, terwyl hulle self maar min inisiatief geneem het om aksies te onderneem wat tot samewerking lei. Die feit dat daar nie werklik studente uit die geledere van Masakhane na die MTC toe oorgekom het nie en ook maar eintlik min uit hulle geledere na MBS oorgegaan het, is ’n bewys van hulle oordrewe verwagtings. Dit blyk ook uit die feit dat Masakhane se kontak met die MBS doodgebloei het (Buys, 2010b:4; Moeketsi & Buys, 2005:1-2).

Op die vraag oor die regte oplossing vir hierdie probleem wat steeds voorkom, word geantwoord dat hierdie organisasies op die regte manier aangepak behoort te word. Dit kan geskied deur teologiese opleiding waaruit ’n meganisme ontstaan om die kwessies van magstryd en verdeeldheid op te los asook die gedeelde probleme waarom die organisasie bestaan aan te pak (Respondent G). Dit is nodig om die MTC beter te bemark, beter opleiding aan kerkleiers te gee en die kerke te laat verstaan dat hierdie instelling kerkleiers van Afrika oor die volle spektrum oplei en nie net gereformeerdes nie. Daarby kan hierdie leiers deur ’n deeglike bemarkingstrategie opgelei word om van hierdie organisasies ’n sukses te kan maak (Respondent H). Op die oomblik word ’n nuwe forum op hierdie gronde opgerig deur te vra watter lesse uit die verlede geleer kan word en watter benadering die regte beskerming kan bied (Respondent G). Volgens respondent G is hulle deur ’n sendeling gewaarsku teen die “same traps of the past”, terwyl hy hulle aangemoedig het om hierdie organisasies te vorm. Gevolglik is veel meer Bybelse opleiding oor diensknegleierskap in hierdie verband nodig.

Die redes vir die mislukkings van predikanteforums of broederskaporganisasies is integraal verweef met die reeds genoemde probleme en kan veral terugherlei word na die leemte van deeglike, gefundeerde Bybelkennis wat met opleiding én diensknegleierskap gepaardgaan. Duidelike kommunikasie help om die kerkleiers en hulle gemeentes se verwagtingspatrone saam te bind en te stuur, sodat teleurstellings nie lei tot gebrek aan lojaliteit teenoor mekaar nie, maar juis na gewenste onderlinge steun. Die vraag na opleiding moet beskou word as die behoefte aan holistiese Bybelse onderrig en nie slegs suiwer akademies nie. Die uiteinde moet wees dat die gevormde kerkleier se lewe in geheel ’n getuienis en verkondiging van die Woord van God behels.

#### 4.8.4 Wedersydse verstaan

Daar ontstaan 'n verdere vraag oor leierskap binne die Onafhanklike Kerke. Dit is in watter mate die CGKN die leierskapsprobleem van hierdie kerke verstaan en integraal benader het.

Mukhanyo is deur die CGKN geloods om die Onafhanklike Kerkleiers in KwaNdebele op te lei. Die doel was om hierdie leiers te leer Bybel lees en nie in die eerste plek vir die gereformeerdes daargestel nie. Hierdie instelling is later verdeel tussen die MTC en MBS. Volgens Respondent E het die CGKN se sendelinge die Onafhanklike Kerke wel verstaan, omdat hulle die nood raakgesien en juis hierdie kerke genader het om Bybelse onderrig te gee. Binne die Onafhanklike Kerke bestaan egter ook meningsverskil oor hoe noodsaaklik formele teologiese onderrig is. Waar sommige van hierdie kerkleiers wel vir sodanige opleiding ontvanklik was, het ander weer geen behoefte daaraan gehad nie.

Anders as Respondent E meen Respondent F dat die CGKN se sendelinge die situasie van die Onafhanklike Kerke nie deeglik genoeg verstaan of probeer begryp het nie. Hierdie respondent meen dat, al kan 'n mens negatiewe dinge oor hierdie kerke aantoon, daar ook positiewe aspekte is waarvan die gereformeerdes kan leer, sonder om hulle in die onderskeie aksies na te doen. As die sendelinge verstaan het hoe die Onafhanklike Kerke dit regkry om finansieel selfstandig te wees en nie die plaaslike gereformeerdes nie, kon hulle dit aan die gereformeerde kerkleiers geleer het. Sodoende sou die Gereformeerde Kerke in KwaNdebele tans ook finansieel selfstandig kon funksioneer (Respondent F). Twee respondente verwys na evangeliste se groot behoefte aan veel meer en indringende toerusting om werklik leiding te kan gee. In die Onafhanklike Kerke sê die kerkleiers self openlik dat hulle organisasie so swak is dat hulle leiers nie 'n visie op die toekoms het nie (Buys, 1995b:6).

Die MBS het veral gefokus op die opleiding van die Onafhanklike Kerke se leiers (Respondent E). Volgens Respondent I is hierdie opmerking egter nie waar nie, omdat die gereformeerde evangelis Maredi gebruik is om vir gereformeerde lidmate basiese Bybelkursusse aan te bied. Voorts was evangeliste Matladi een van Respondent I se studente. Volgens Respondent E is die waarheid dat sowel die MBS as MTC se opleiding 'n mengsel van gereformeerde en 'n verskeidenheid Pinkster- en ander Onafhanklike Kerke se studente bedien het. Die besluit dat die MBS in November 2013 gesluit sou word, is sterk deur Respondent E betreur: "It wasn't a good decision. The people didn't want it to stop."

Respondent E het sy vermoede verwoord dat die MBS beëindig is omdat die MTC ook Onafhanklike Kerkleiers oplei en sodoende dus 'n verdubbeling van die werk ontstaan het. Sy reaksie toon aan dat die opsplitsing van Mukhanyo in die MTC en MBS vir die plaaslike

kerkleiers en bevolking nie duidelik, nie wenslik nie en onderling nie goed gereël is nie. Hierdie feite word bevestig deur die Beheerraadsnotule van die MTC wat stel dat hierdie opsplitsing nie die goedkeuring van die MTC of die plaaslike bevolking weggedra het nie, aangesien MBS: "did not want to work together with MTC. They had hoped that unity between the MBS and the MTC could be visible" (Anon 6, 1998:4). Hierdie besluit is deur die MTC met "with regret and sadness" aanvaar (Anon 6, 1998:4). Tog merk die respondente op dat die MBS en MTC mekaar goed aangevul het. Van die respondente lig veral die positiewe aspekte en waarde uit van beide instellings. Dit wek die indruk dat die kerkleiers van KwaNdebele nie die CGKN se besluit oor die geskeie bestaan van hierdie twee instellings gedeel het nie. Hulle het die opsplitsing wel aanvaar maar sou 'n moontlike eenheid en samewerking op prys stel. Die teleurstelling onder die respondente dat die MBS beëindig is, word weerspreek deur die CGKN se motivering dat die instellings beëindig is weens 'n gebrek aan belangstelling (Hoofstuk 3). Wat die werklike rede ook is, daar blyk 'n dringende behoefte aan laevlak-opleiding van kerkleiers.

Die MTC het juis die gereformeerdes en Onafhanklike Kerkleiers bymekaar gebring, meen Respondent F. Hoewel onkunde wedersydse vrees en negatiwiteit veroorsaak het, was beide groepe verras toe hulle mekaar binne die stewige gereformeerde Bybelse onderrig van die MTC kon vind het, aldus hierdie respondent. Die Onafhanklike Kerkleiers was skepties oor die gereformeerdes, maar het van standpunt verander toe hulle die deeglike Bybelse onderwys van hierdie groep leer ken het. Sodoende het hulle mekaar se verskillende teologiese aksente leer ken. Volgens Respondent F verkondig die gereformeerdes slegs die Bybel en benadruk nie soseer die dade nie, terwyl die Onafhanklike Kerke juis die dade beklemtoon: "show it". Moontlik lê hier 'n antwoord op Respondent E en F se vrae oor hoe die Onafhanklike Kerke dit regkry om selfversorgend te wees.

Die MTC-opleiding het voorts daartoe bygedra dat die Onafhanklike Kerkleiers se prediking meer gestruktureerd en inhoudelik sterker gefundeer geraak het, terwyl hierdie aspekte vroeër ontbreek het. Die nuwe fundering geld in so 'n mate dat 'n mens huidig na die "Independent Reformed Church leaders" kan verwys, aldus Respondent F, wat hulle nie bloot slegs as onafhanklik tipeer nie, maar kerke met gereformeerde verkondiging. Tog is die uiteindelike gevolg van hierdie gereformeerde prediking dat sommige van hierdie Onafhanklike Kerkleiers wat deur die MBS en MTC opgelei is, ongelukkig in onguns by hulleeie kerke raak, omdat die kerklede nie hieraan gewoond is nie en sodoende "they lost their congregation because their teaching is reformed now" (Respondent F).

Volgens die MTC se visiedokument wil die MTC "to serve the Christian Churches in Africa (mostly from Independent background)" (Anon 1, s.a.a.:1). Sommige die respondente meen dat hierdie aksent op Onafhanklike Kerke aanvanklik nie so deur hierdie groep kerkleiers ervaar is

nie. Hulle was bloot onder die indruk dat gereformeerde kerkleiers daar opgelei is. Pas toe dosente uit Die Onafhanklike Kerke by die MTC begin les gee het, het die persepsie begin verander. Hieruit kan lesse geleer word: hoe ’n visie en missie gekommunikeer word – nie slegs verbaal nie, maar ook met dade deur die ontvangers vanaf die begin doelbewus te saam te bind.

Om hierdie opmerkings van die respondente teen die regte agtergrond te plaas, maar ook te bevestig en te evalueer, word vervolgens relevante literatuur oor die Onafhanklike Kerke bespreek. Dit was die CGKN se bedoeling om die leiers van die Onafhanklike Kerke in die gebruik van die Bybel – primêr en tersiêr – op te lei. Daarby beoog die navorsingsvraag van die huidige studie om hierdie Woord- en daadbediening te evalueer. Op die koop toe het uit die respondente se reaksies geblyk dat die CGKN die Onafhanklike Kerke nie goed verstaan en begrip vir hulle omstandighede getoon het nie. In die lig hiervan is dit nodig om kennis te neem van ander teoloë se publikasies oor die sterk- en swakpunte en die geleenthede en uitdagings van die Afrika Onafhanklike Kerke wat hulle leierskap betref.

Uit beide die respondente se reaksies en die literatuuroorsig blyk die geweldige behoefte aan deeglik opgeleide Onafhanklike Kerkleiers en die ingrypende taak vir sendingkerke in hierdie verband. Hieruit vloei die vraag voort of die CGKN die visie op sending in hierdie kerke asook die voortdurende magstryd en die behoefte aan sterk diensknegleiers binne hierdie kerke reg verstaan het. Hierdie onderstromings kon op hulle beurt ook die plaaslike samelewing beïnvloed.

#### 4.8.5 Soorte kerke

Die Onafhanklike Kerke kan nie maklik oor een kam geskeer word, asof hulle dieselfde inhoudelike fokus, opset, struktuur en behoefte het nie. Daarom is eenvormige Bybelse opleiding van hierdie leiers ook nie vanselfsprekend nie. Daar bestaan verskillende soorte Onafhanklike Kerke, terwyl daar duidelike meningsverskille is oor hoe hierdie groepe kerke geklassifiseer behoort te word. Hoofsaaklik word verwys na twee groepe: die profetiese en nie-profetiese groepe (Daneel, 1976:82), oftewel die Etiopiese en die Sioniste groepe (Sundkler, 1961:295). Oosthuizen (1996:309) voeg ’n derde groep by: die Apostoliese kerke en noem dat belangrike teologiese verskille en bepaalde ooreenkomste tussen hierdie groepe bestaan. De Visser (2001:10-11) onderskei vir Soshanguve-gebied in Suid-Afrika die volgende drie groepe:

1. die hoofstroomkerke of ou sendingkerke met ’n duidelike dogma, tradisionele Westerse liturgie en beperkte openheid teenoor tradisionele godsdienstige praktyke;

2. die Afrika Onafhanklike Kerke sonder ’n duidelike dogma en Afrika-liturgie en ambivalensie jeens tradisionele godsdienstige praktyke;
3. die Pinkster (charismatiese) kerke met ’n duidelike dogma, Westers beïnvloede liturgie en verwerping van tradisionele godsdienstige praktyke.

De Visser vat die aard van hierdie groepe saam as ’n mengsel van kerk, sekulêre Westerse wêreld en tradisionele Afrika-persepsies (2001:119). Soms word ook die uitdrukkings: kerke van die wet en kerke van die Gees gebruik. Vir die doeleindes van hierdie studie kan volstaan word deur die volgende onderskeie kerkgroepe binne de Afrika Onafhanklike Kerke te gebruik: die Etiopiese, die Sioniste en die Pinkstergroepering. Vir die huidige studie word die drie groepe nie afsonderlik bespreek nie. Die rede is dat die vrae wat ondersoek word vanweë die gemeenskaplike problematiek rakende leierskap, eintlik in hoofsake saam bespreek kan word. Eers word ’n kort samevatting van elke groepering verskaf om ’n indruk te verkry, sonder om volledigheid aanspraak op te maak.

Die profetiese, of Sioniste-groep, beklemtoon die werk van die Heilige Gees wat dramaties gemanifesteer word in profesieë en genesings. Die gevolg is dat profete ’n belangrike rol speel, maar nie tradisionele genesers (sangomas) nie. Die profete kan met die hulp van die Heilige Gees en soms dié van die voorouers, profeteer, voorspel, en genees (De Visser, 2001:20, 139; West, 1974:26). Hierdie kerke se leiers word as messiaanse figure bestempel wat tussen God en die voorouers bemiddel. Dit kan daartoe lei dat verlossing deur die kerkleiers gereël word en Christus só oorbodig en nie-funksionerend raak (De Visser, 2001:85, 129, 142). Die kerkleier of biskop het biddende kontak met die voorouergeeste, terwyl tradisionele genesers nie geraadpleeg mag word nie, omdat die kerkleiers vir hierdie doeleindes dien (De Visser, 2001:91-93). Hierin blyk die mag van die kerkleiers duidelik. Oosthuizen verwys na die invloed van die Amerikaanse Pinksterkerke, wat sterk klem lê op die gawes van die Gees, wat aansluit by die tradisionele Afrika-geloof in geeste (1996:311). Hulle hoop is nie op die verre toekoms gerig nie, maar op die realisering van ’n geafrikaniseerde heilige stad, in die geval van die Sioniste, of deur geïntensiveerde evangelisasie-uitreike in navolging van die eerste apostels se voorbeeld.

Volgens die nie-profetiese, oftewel Etiopiese groep, is hulle direkte afstammelinge van Christus, gebaseer op Psalm 68:31b en dus die oudste en mees outentieke groep in Afrika (Daneel, 1976:82-83; De Visser, 2001:10-11). Die Etiopiese groep het beslis nasionalistiese konnotasies, meen Sundkler (1961:295). Uiteindelik is die meeste Onafhanklike Kerke niks anders nie as “familiekerke” in navolging van die tradisionele uitgebreide gesinsisteem waar gesinne, familieverhoudings en verwantskap tradisioneel ’n wesenlike rol speel (Daneel, 1987:155;

De Visser, 2001:121). Wanneer hierdie gemeenskapsin en die liefde vir mag in die leierskap aan mekaar verbind word, lê die moontlikheid van interne stryd om die hoek. Hierdie kerke het nie ’n probleem met tradisionele Afrika-praktyke nie. Gevolglik word lede aangemoedig om die voorouers te vereer en toordokters te raadpleeg. Jesus Christus word wel aanvaar, maar in afgewaterde vorm, soos die voorouers, wat daartoe lei dat Hy in gebede versoek word om hulle gebede aan God oor te dra.

Die vraag of ’n mens die Pinkstergroepe werklik as Onafhanklike Kerke moet beskou – in die lig van die buitelandse invloed – kan vir die doeleindes van hierdie studie ’n oop vraag bly. Vir die beeldvorming aan die hand van die navorsingsvraag is dit wel genoegsaam om te weet dat hierdie kerke enersyds deur die Westerse Pinksterkerke en veral dié van Amerika beïnvloed is. Andersyds is hierdie groepe egter vermeng met Afrika-invloede, met die gevolg dat ’n sinkretistiese beeld ontstaan. Afrika se persepsies oor mag het die Afrika-geloof in die Heilige Gees beïnvloed (De Visser, 2001:22). Dit is vir die verstaan van die navorsingsvraag belangrik om te weet dat hierdie kerke die tradisionele Afrika-praktyke, soos voorouerverering, juis radikaal afwys. Vir hulle staan die Persoon en werk van Jesus Christus sentraal en die werk van die Heilige Gees (De Visser, 2001:18-20).

Hierby kan gedink word aan respondente se relativerende mening dat kultuur ook ’n Godgegewe instelling is, maar vanweë die sondeval met goeie en slegte elemente vermeng is (Respondent G en H). Hierdie opmerking is van belang vir die vraag na die integrasie van Woord en daad, maar ook na kontekstualisering. Hiermee is nie alles gesê nie, want De Visser (2001:117-118) toon aan dat Christus in hierdie kerke veral as die Oorwinnaar en nie as die Here nie verkondig word. Dit gaan, met ander woorde, daaroor dat Hy aan sy volgelinge die oorwinning oor aardse probleme gee. Christus as Here wat deur sy Woord en Gees regeer, word hier swak afgeskilder. Jesus Christus se Koningskap word deur die Pinksterkerke in gevaar gestel deur die neiging om die Heilige Gees en die Woord van mekaar te skei, waardeur die tendens ontstaan dat aan hierdie kerkleiers ’n uiters hoë status toegeken word (De Visser, 2001:112). Gevolglik groepeer gelowiges hulle om so ’n charismatiese kerkleier, met die gevolg dat hierdie kerkleiers so prominent word dat hulle in semi-messiaanse figure ontpop (De Visser, 2001:114-115). Veral Pinksterkerke wat genesing en voorspoed beloof, groei sterk in ledetal, met die neiging om hulle eerder sterk op God se krag te rig as op die Seun van God.

Al drie bogenoemde kerkgroepe benader die lewe tradisioneel uit ’n holistiese perspektief waar hulle die menslike lewe en geesteswêreld as geïntegreerde geheel beskou. Die mens leef in harmonie en balans met beide die menslike wêreld en die geesteswêreld (Turaki, 1999:110). Die twee werklikhede hou verband. Die leierskap in hierdie kerke moet ook in hierdie lig beskou word asook die probleme met die leierskap wat later bespreek sal word.

Die vraag fokus op die konteks van hedendaagse Suid-Afrika met die groeiende kapitalisme, sosio-ekonomiese en sosio-politiese invloede waarby die Westerse indiwidualisme onder hierdie bevolkingsgroepe toeneem. Hier is die vraag of tradisionele Afrika-faktore steeds binne hierdie konteks relevant is en wat die uitwerking op die "familiestrukture" sal wees. Uit die gesprekke met die respondente blyk dat die faktore steeds relevant is, maar dat geld en selfverryking te midde van heersende armoede en werkloosheid 'n steeds groter rol speel waarvan mag en status nie losgemaak kan word nie. De Visser (2001:119-120) toon aan hoe Afrika se wêreldbeeld en die vrese vir toordery selfs onder hoogs onwikkelde mense voorkom. Voorbeelde hiervan is 'n man wat met sy selfoon 'n toordokter opsoek en 'n vroulike lidmaat en haar kollegas wat bang is dat iemand uit naywer haar kantoor getoor het, nadat sy soggens agtergekom het haar rekenaar is nat, terwyl dit waarskynlik deur die lugverkoeler veroorsaak is. Die tradisionele Afrika-faktore is steeds relevant in die moderne Suid-Afrika en wesenlik belangrik vir die vraag hoe Woord en daad in die sending geïntegreer word.

Met verwysing na die Onafhanklike Kerkleiers roep dit die vraag op na egte Bybelse leierskap met die oog op die integrasie van Woord en daad in *missio Dei*-perspektief volgens die styl van God se koninkryk. Vir 'n deegliker beeld oor sodanige leierskap is 'n verstaan van die aard van die organisasies nodig.

### 4.8.6 Aard van die organisasie

Die Afrika Onafhanklike Kerke, en in mindere mate die Pinksterkerke, is georganiseer op basis van verwantskap volgens ou Zoeloe-leierskappatrone, waar die leier 'n koning (biskop, opsiener of president), en die kerk sy stam is. Die doel van hierdie leier is "to establish his own Church tribe on its own land" (Daneel, 1976:81). Voorouers is onafskeidbaar verbonde aan die familiegrond, met die gevolg dat mense uit hulle pad gaan om die voorouers tevrede te hou (Barrett, 1968:265). De Visser stel dit so: "He is the king who rules his people, gives them the law, and protects them against evil" (2001:72, 84). Respondent I verwys na Artikel 1 van die CRICA-organisasie wat studente na die MTC gestuur het: "Bishop Frank Ntsuntsha will be the lifelong president of this organization." Volgens Respondent I het studente wat by die MTC gestudeer en 'n kursus oor kerklike leierskap volgens die Bybel gevolg het, merkwaardig genoeg later daarin geslaag om die stelsel van leierskap in die organisasie te verander na een van kollektiewe leierskap deur gekose ouderlinge.

Binne die Onafhanklike Kerke se opset word kerkleiers en ampsdraers aangestel op grond van faktore soos verwantskappe, familiebande, lojaliteit teenoor die groep, 'n natuurlike leierskapstalent, duur van die kerklike verbintenis, gewilligheid om aktief te wees en geestelike ywer. In die proses word die Bybelse norme vir leierskap baiekeer geïgnoreer en verkeerd verstaan,

aldus Daneel (1976:84), omdat die verantwoordelikhede, mag en status ’n groot aantrekkingskrag in hierdie bewegings het. In ooreenstemming hiermee voorspel Sundkler dat hierdie leiers in die toekoms deur sendingkerke met “episcopal authority, prestige of liturgical tradition and a liberal attitude in racial questions” aangetrek sal word (1961:300). Gevolglik is daar ’n voortdurende interne onderlinge magstryd: “The Independent Church leaders were revolutionaries in the religious field in so far as some of them led a frontal attack on traditional religion and tried to drastically reinterpret Mission-oriented Christianity” (Daneel, 1976:86-87). Later in die huidige studie word hierdie magstryd van nader ontleed. Daneel (1976:91) meen dit is verstaanbaar dat so ’n soort leierskap tallose volgelinge in plattelandse gebiede aantrek, omdat hulle beheer uitoefen deur “familiar tribalistic lines”, versoening nastreef en fragmentasie toelaat wanneer dit onvermydelik is.

Die tradisionele stamstruktuur het as model gedien vir die kerkleier wat drie ampte besit: hoof, profeet, messias (Daneel, 1987:139-140). Die Sionistiese groep ken ’n charismatiese gesagstruktuur en die Etiopiese groep ’n geregtelike gesagstruktuur, terwyl ook van ’n kombinasie van beide strukture sprake is (Anderson, 2000:312; Daneel, 1987:143). Nie soseer die gesag van die leier nie, maar die mistieke werklikheid dat hy ’n gesalfde van die Here is met sterk klem op wedersydse kontak en pastorale sorg, kenmerk hierdie drievoudige leierskap (Daneel, 1987:144, 176; Turner, 1967:33). Die biskop word beskou as die verpersoonliking van die Goddelike krag en verlossing, omdat hy ’n kanaal is waardeur God die mense seën. Dus speel die biskop die rol van die Vader as Koning, Seun as Middelaar en die Gees as Raadsman (De Visser, 2001:76, 83-84). Die “christian royal dignity and spiritual power with magical powers” word dikwels verwar met die rol van verwantskap en senioriteit, wat weer aanleiding gee tot ’n verwronge persepsie van Christus se Koningskap, omdat die leier geneig is om in sy verhouding tot sy volgelinge die goddelike kragte te monopoliseer en te manipuleer (Daneel, 1987:145).

Volgens die Bybelse getuienis het die koms van Christus die priesterskap van die Ou Testament vervang, omdat Christus die volmaakte Hoëpriester is (Heb. 4:14-5:10; 7:21-28). Hieruit volg die priesterskap van die gelowige wat priesterlike waardigheid, geestelike offers van gebed en lof asook ’n lewende offergawe (Rom. 12:1-3) en daaglikse diensbaarheid in liefde inhou. Van sodanige priesterskap is by die leierskap van hierdie kerke egter nie sprake nie, meen Daneel (1987:146). Die rede kan gevind word in die feit dat die geestelike aspek, soos verbondenheid aan God, geestelike ywer en sterk geloof nie as vereistes vir ’n kerkleier genoem word nie. Hier geld eerder ’n voorbeeldige lewe, simpatie, gesag om mense te beheer en om die wet voor te hou (Daneel, 1987:160).

Hoewel hierdie kwaliteite as sodanig nie verkeerd is nie, ontbreek die motief van Christus as die tweede Adam, die Weg, die Waarheid en die Lewe, waardeur ’n leier se roeping, gesindheid en talente bepaal word. Christus se voorbeeld is in die vereistes vir leierskap afwesig, hoewel sekere spore daarvan sigbaar is, met die gevolg dat ’n sinkretistiese beeld ontstaan. De Visser (2001:72-74) toon in sy navorsing oor die heerskappy van Christus in Soshanguve Suid-Afrika, aan dat die Christologie in hierdie kerke swak is en in formules funksioneer, en Hy dus nie as Verlosser, Middelaar en Here verkondig word nie. Christus as Verlosser en Koning is in hierdie sin irrelevant en sy rol is deur die biskop oorgeneem. Gevolglik geniet vergewing en Christus se gesag nie voorrang nie, maar wel voorspoed en beskerming deur die biskop vanweë sy kontakte met die voorouers (De Visser, 2001:84, 93, 142). Daarom het nie Christus nie, maar die kerk alle gesag deur die biskop en is die Bybelse boodskap van die heerskappy van Christus vreemd aan hierdie wêreldbeeld (De Visser, 2001:65, 130) wat eintlik maar die leierskap en die leierskapstyl in hierdie kerke help bepaal.

Westerse onderwysstandaarde oefen nie invloed uit op die leierskap van die Onafhanklike Kerke nie. Hierdie standaarde word selfs as onbelangrik beskou. Gevolglik is ’n groot aantal van hierdie leiers ongeletterd, terwyl hulleself tradisioneel die hartsgesindheid as belangriker beskou en op die regstreekse leiding van die Heilige Gees steun. Vanweë die gebrek aan teologiese opleiding en gevolglike verkeerde dogma word die Woord van God op die agtergrond geskuif (De Visser, 2001:115). Tog is daar dikwels ’n onuitgesproke verlange na meer insig en doeltreffendheid deur studie. Daarom is hierdie leiers wel entoesiasties oor teologiese opleiding, hoewel hulle dikwels verkeerd gemotiveer word – sodanige opleiding moet hulle kan help om respek en erkenning af te dwing (Daneel, 1987:159, 161-163). Daar is eerder verwys na die groot behoefte aan meer en indringende toerusting om werklik leiding te kan gee, omdat, volgens Buys (1995b:6), kerkleiers in die Onafhanklike Kerke self openlik erken dat hulle organisasie so swak is, dat hulle leiers nie ’n visie op die toekoms het nie.

Daneel noem vyf redes waarom soveel ampsdraers in die Onafhanklike Kerke status as so belangrik beskou:

- Die behoefte aan herkenning, status en verantwoordelikheid het toegeneem deur die koloniale en sendingskerke wat swart leierskap ingeperk het.
- ’n Reaksie ontstaan teen tradisionele stamme se politieke strukture wat op verwantskap in plaas van vermoëns gerig is en sodoende geen bevrediging vir die ambisies van leierskap bied nie.
- ’n Groot aantal fragmenterings en skeurings lei tot ’n lukraak aanstelling van ampsdraers om die uitwaartse beeld van die groep positief te hou en sodoende nuwe lede te trek.

- Vanweë die verwantskapstruktuur en ’n swak ekklesiologie word die kerk ’n soort uitgebreide familie waar al die lede ’n funksie beklee en elke volwassene as óf superieur óf ondergeskik beskou word.
- In navolging van die Nuwe-Testamentiese gedagte dat almal in die kerk aktief in die koninkryk van God betrokke moet wees, is daar pogings om elke indiwidu in die gemeente te betrek (1987:153-154). Hoewel hierdie rede Bybels is, behoort die probleem van hierdie betrokkenheid gesien te word in die gebrek aan dienskneg-leierskap en roepingsbesef, soos Respondent E en H dit uitgewys het.

Verwantskap speel ’n duidelike rol in die organisasie, funksionering en aard van hierdie kerke, en word vervolgens kortliks belig.

#### 4.8.7 Verwantskap

Die meeste Onafhanklike Kerke kan, volgens Daneel (1976:91), as familiekerke bestempel word. Dit is waar die kinders die oorlede kerkleier opvolg en ander familielede allerlei sleutelrolle in die kerklike funksies en take beklee. Verwante en aangetroude familielede en kennisse wys op hulle beurt funksionarisse aan wie hulle verbind is. Die uiteinde is dan dat die natuurlike en tradisionele gesagspatrone in hierdie kerke hervestig word. Sodoende is dit ’n geval van “church matters are family-affairs” (Daneel, 1976:92). Gevolglik word dit ook duidelik waarom hierdie kerke groot belang heg aan massabekerings en die doop van hele families sonder dat op persoonlike geloof aangedring word. Op hierdie manier word die voortbestaan van die kerk en die leierskap verseker. Die vraag bly in hierdie sin agterweë of so iemand geestelik toegerus is vir die taak.

Leierskap deur verwantskap verduister geestelike volwassenheid as voorwaarde vir kerkleierskap en vertroebel die helder beeld wat die Bybelse norme vir leierskap bied, meen Daneel. Die gevolg is dat tallose kinders só mislukte kerkleiers geword het (1976:92). Tog sanksioneer die Pinkstergroepe in die Onafhanklike Kerke die erfenisleierskap deur hulle op die Joodse verwantskapmodel in die Ou Testament te beroep (Daneel, 1976:93). In werklikheid weerspieël die vorm van leierskap deur oorerwing in hierdie kerke die tradisionele ideaal vir die opvolging van kapteinskap. Anderson (2000:312) wys hierby dat die roeping wat die stigter van ’n kerk persoonlik ervaar het, saam met ’n Goddelike besoek aan hom (bv. deur ’n stem of ’n droom), lei tot hierdie leier se absolute gesagsposisie, wat dikwels uitgedaag is, hoewel meestal onsuksesvol. Sodoende word die vraag na leierskapidentiteit relevant.

### 4.8.8 Identiteit en aantrekkingskrag

Heelwat van hierdie profete toon ooreenkomste met die stamkaptein-soort leier: moedig teenoor die blankes, ’n geregtelike persoon en ’n goeie bestuurder wat sy kudde koninklik beheer. In hierdie gebruik is die gedagte van ’n stamowerheid en die konsepsie van die kerk as “nuwe stam” reeds in hierdie kerke sterk aanwesig (Daneel, 1976:83). Volgens Oosthuizen verteenwoordig en herhaal hulle die oorspronklike organisasievorm vir religieuse Afrika-bewegings en vorm tegelyk ’n reaksie teen die Europese, kolonialistiese missionêre kerke (1996:310). Hierby toon Barrett aan dat hierdie kerke ’n sinkretistiese reaksie is teen die Westers Christelike invloed om die ou kulturele tradisies te bewaar (1968:277-278). Oosthuizen voeg by dat hierdie kerke juis vir die stedelike swartman in Suid-Afrika aantreklik is, vanweë die patriargale en hiërargiese struktuur waar die leier of profeet se gesag duidelik en ondubbelsinnig die van die tradisionele uitgebreide familie verteenwoordig. Dit is ook die struktuur waarvolgens die tradisionele Suid-Afrikaanse samelewing georganiseer is (1996:315).

’n Ander belangrike rede waarom hierdie kerke ’n groot aantrekkingskrag onder die plaaslike bevolking het, is hulle simpatieke benadering teenoor die Afrika-lewe en -kultuur wat die wêreld van geeste en towenary in Afrika insluit (Anderson, 2000:307). Die aantrekkingskrag van hierdie kerke behoort gesien te word in hulle oorspronklike, kreatiewe pogings om die goeie nuus van die evangelie steeds betekenisvol en simbolies verstaanbaar aan die ontvangers se innerlikste behoeftes te verbind (Anderson, 2000:311; Daneel, 1987:101). Die Westerse missionêre bediening het nie daarin geslaag om hierdie vertaalskakel na die Afrika-samelewing te maak nie (Anderson, 2000:311). Hierdie aspek is aktueel vir die vraag na die CGKN se missionêre visie en aanpak. Nogtans veronderstel dit nog geen inhoudelike beoordeling van hierdie kerke se Skrifbeskouing nie, soos De Visser (2001) wel maak as hy die motief van Christus se heerskappy in hierdie kerke aantoon.

Om hierdie kerke en die leierskapstyl deeglik te verstaan en te kan benader is bogenoemde redes as sodanig nie voldoende nie. De Visser verduidelik dat nog ’n groot aantrekkingskrag in die kerkleiers se bedieningstyl lê. Hierdie styl fokus op ’n vreedsame gemeenskap, ’n Christelike leefstyl, lewenskrag, genesing, beskerming, oorwinning oor siekte en bose magte, sukses, en voorspoed in die daaglikse lewe. Dié aspekte voorsien ’n soort verlossing waarby redding deur Christus nie nodig blyk te wees nie (2001:69-70, 85, 106, 130, 138). Verlossing word gesien as volheid van die lewe en harmonieuse verhoudings, waarby oorwinning oor sondes nie ’n rol speel nie (De Visser, 2001:106, 130). Hierdie aantrekkingskragte bied onmisbare perspektiewe op die integrale *missio Dei*-bediening aan hierdie kerkleiers en hulle volgelinge, maar ook op die leierskapstyle en die innerlike teenstrydighede in daardie style wat tot magstryd en konflikte lei.

Die grootste rede hiervoor is dat die hooffokus op Christus vervang word deur menslike hoogmoed, die oersonde van die eerste mense, Adam en Eva.

By Daneel (1976:85) bestaan daar geen twyfel nie dat die Onafhanklike Kerke die tradisionele leierskap ondersteun en aktief aan die stampolitiek deelneem. Die doel hiermee is om die tradisionele samelewing te hernuwe, veral “holding to the model of family relations to structure a caring enclave in the impersonalurban world” (Oosthuizen, 1996:315). Die kerkleier word beskou as iemand met direkte toegang tot die mistieke kragte van God en wat nader aan God is as sy volgelinge. Gevolglik kan hy die behoeftes van die volgelinge regstreeks aan God voorlê en laat hanteer (Daneel, 1976:94; 1987:146). Sommige van hierdie kerkleiers beskou hulleself self as die “gatekeepers” van die hemel en ander selfs as die plaasvervanger van Jesus Christus of die Heilige Gees self (Daneel, 1976:95, 97-98). Die gevolg is dat die voorbeeld van Jesus Christus se dienende karakter plek maak vir die van ’n selfaangestelde magsbevoegde heerser en bewaker. Om hierdie rede sal lidmate alles in hulle vermoë doen om die kerkleier tevrede te hou (byna soos met die voorouergeeste). Dit lyk of hierin die verklaring lê vir die besondere offervaardigheid van die Onafhanklike Kerke se lidmate, waar Respondent H juis na die suiwerheid van hulle Bybelse motiewe gevra het.

Westerse kerke wat in hulle sending met die Onafhanklike Kerke te doen kry, behoort kennis te neem van die feit dat die Sionistiese groepering glo dat die blanke ras vir Jesus Christus vermoor het, die Europeërs die boodskap van die Heilige Gees bewus onderdruk het, dat die Westerlinge se tyd van seëninge verby is en dit tans Afrika se beurt is om geseën te word. Hierop stel Daneel wat hulle gedagtegang soos volg: “The neglected house of Ham, i.e. the African race, are now carrying the task of Jesus Christ because the houses of Shem and Japheth, the Europeans, were incapable of faithful service” (1976:99). Skelton (2010:153-154) beklemtoon selfs dat ras ’n rol speel, deurdat byvoorbeeld ’n blanke nie as die bringer van die blye boodskap gesien word nie, maar as “outsider”. Dit is aangesien so iemand nie ’n amptelike lid van so ’n Onafhanklike Kerk uitmaak nie, maar veral ook van ’n ander ras en ander etnisiteit is. Gevolglik ken blankes nie die kulturele gebruike en gestruktureerde prosedures van die rituele nie en praat ’n ander taal.

Ook Oosthuizen bevestig dat die Onafhanklike Kerke juis hulle status wil vestig deur hulle te distansieer van die sendingkerke wat die blankes na Suid-Afrika gebring het (1996:314). Sendelinge wat hierdie gedagtewêreld verstaan, sal rekening hou met die feit dat hulle as buitestaanders met wantroue bejeën kan word. Hulle sal hulle houding, gesindheid en benadering hiervolgens Christologies moet aanpas en enige vorm van paternalisme moet afsweer. Hierdie perspektief verwys ook na kontekstualisering en kultuur, en hou verband met die holistiese betekenis van inkarnasie, soos in Hoofstuk 2 van die huidige studie bespreek.

Die missionêre kerke staan hier voor ’n daadwerklike uitdaging om hulle foute van die verlede onder oë te sien en uit ’n gebalanseerde Bybels Trinitariese perspektief hulle *missio Dei*-taak in Afrika te benader.

Wat die integrasie van Woord en daad betref, bied Barrett ’n belangrike perspektief op hierdie posisionering van die Onafhanklike Kerke teenoor die blanke sendelinge (1968:267-270). Hy beskryf twee moontlike faktore wat daartoe aanleiding kon gee: die teenstrydigheid van die sendelinge se Bybelse boodskap en hulle naleef daarvan; die gebrek aan vermoë om te luister. (Hierby kan gevra word of ’n gebrek aan bereidwilligheid ook ’n faktor is.) Barrett betoog dat die verskyning van Christelike literatuur en die vertaling van die Bybel in die plaaslike tale nuwe hoop vir hierdie inwoners gebring het. Hulle het met die Bybelse boodskap en visie op kerntemas in hulle lewe in kontak gekom. Hierdie hoop het egter in ontnugtering omgeslaan toe hulle die ernstige diskrepansie tussen die Bybelse boodskap en die kritiek van die sendelinge op hulle kultuur ervaar het.

Vir hierdie mense van Afrika is die waardes wat hulle hoog aangeslaan het, soos die gesin, land en vrugbaarheid ook deur die Bybel hoog geag, maar is deur die sendelinge aangeval. Hiermee het die sendelinge hulle Bybelse gesag oortree, omdat paternalisme in plaas van Bybelse liefde hulle gedryf het. Die gevolg was mededinging tussen sendelinge en sendingorganisasies in plaas van *philadelphia* (broederliefde), meen Barrett (1968:268-269). Hoewel die inwoners van KwaNdebele die Bybelse liefde van die sendelinge op vele ander maniere ervaar het, het dit vir hulle by een kernsaak ontbreek, naamlik liefde deur te luister, te deel, simpatie te toon, en ’n sensitiewe verstaan tussen gelykes. Uiteindelik was sendingaksie en sendelinge eerder kritiese waarnemers in plaas van betrokke bedieners (Barrett, 1968:269).

Ook Anderson sluit by hierdie gedagtelyn aan deur daarop te wys dat Westerse sendelinge Afrika gereeld deur hulle eie kulturele bril beskou het wat tot versteurde beelde gelei het. Hierdie sendelinge het die aspekte wat hulle nie verstaan het nie, verban tot ’n misterieuse tradisionele Afrika-geesteswêreld wat hulle geredelik as demonies of heidens bestempel het (Anderson, 2000:197-198). Die Westerse teologie het daarom ook nog nie daarin geslaag om die verlange van Afrika-inwoners te vervul nie – om beskerm te word teen die bose magte wat hulle aanvoel. Dit gevolg is, volgens Anderson (2000:198), dat hierdie kerke onreg aangedoen is deurdat die sendelinge hulle pogings en metodes om hierdie innerlike leegheid te vul, gekritiseer het, eenvoudig omdat dit nie in die Westers teologiese kategorieë wou pas nie.

Volgens hierdie redenering kan ’n duidelike skeiding van natuur en genade, van Woord en daad, in die Europese sendelinge se benadering aangetoon word. Die punt is dat die integrasie van Woord en daad ook kontekstualisering en kulturalisering insluit. Volgens Barrett is die

kernoorsaak vir die onafhanklikheidsbeweging "this single failure in sensitivity, the failure at one small point of the version of Christianity brought in by the missions to demonstrate the fulness of the Biblical concept of love as sensitive understanding towards others as equals ..." (Barrett, 1968:269-270). Hierdie onbewuste versuim om lief te hê het gelei tot 'n versuim om die Afrika-samelewing ten diepste te verstaan en om te onderskei tussen die voordelige en nadelige aspekte in die tradisionele samelewing, wat uiteindelik tot die sendelinge se verwerping van die Afrika-kultuur gelei het. Hierdie versuim het verskeie vorms aangeneem, soos kleurvooroordeel, denominasionele rigiditeit, en het soms tot die "major issue" met die plaaslike inwoners gelei (Barrett, 1968:270).

Die bogenoemde agtergronde en faktore het bygedra tot die vorming van die Onafhanklike Kerke se identiteit. Dit het op die een of ander manier ook die leierskap in die Onafhanklike Kerke bepaal en ook tot magstryd en skeurings gelei. Die rede vir die bestaan van soveel Onafhanklike Kerke kan dus nie net by die mense van Afrika en hulle geskiedenis gesoek word nie. Hierdie insig open ook nuwe perspektiewe vir die missionêre arbeid van die binnelandse en buitelandse kerke aangaande die benadering, aanpak en invulling van hulle *missio Dei*-taak om Woord en daad te integreer.

### 4.8.9 Aard en inhoud van die leierskap

Die Onafhanklike Kerke was uit die staanspoor inheemse uitdrukkings van geloof in God en het daardeur kanale vir swart Suid-Afrikaanse selfuitdrukking geword, aldus Oosthuizen (1996:211). Hierdie kerkleiers maak aanspraak op regstreekse kommunikasie vanuit die hemel deur visioene, drome of selfs die fisieke aanwesigheid van die betrokke kerkleier in die hemel. Hulle word sterk geïnspireer deur die innerlike stem wat hulle as God se stem beskou en "direct encouters with God Himself" (Daneel, 1976:83). Om hierdie rede word min klem gelê op onderwys en teologiese opleiding, in so 'n mate, dat Daneel praat van weinig tot geen onderwys onder die charismatiese groepe (1976:84).

Hierdie kerke het gevolglik selde 'n eksplisiet geformuleerde en formele teologie wat struktuur en Bybelse inhoud aan die eredienste gee en hulle geestelike oortuigings vorm. Die rede is dat teologie vir hulle slegs 'n kognitiewe verstaan van die werklikheid bied, terwyl geloof ervaar en geleef moet word (Skelton, 2010:155-156). In hierdie verband meen die Onafhanklike Kerke se leiers dat hulle Woord en daad veel meer integreer as die Westerlinge. Hulle dink in hierdie opsig meer holisties as die dikwels rasionele Westerling.

Volgens Sundkler voldoen die Onafhanklike Kerke nie aan die Europese sendingkerke en -organisasies en Coleridge se bekende frase nie: "Ek behoort aan die universele en onsigbare

kerk, waarvan ek in feite die enigste lid is" (1961:296). Hierdie ingesteldheid dui op die ingrypende invloed van die indiwidualisme op die kerke en op die sending. Die uitwerking hiervan is dat die plaaslike kerk nie sinergie nie, maar separatisme nastreef. Buitendien het die radikaal vergeestelikte Christenskap van die Weste deur sinkretisme in 'n Afrika-spritisme verander (Sundkler, 1961:299). Sinkretisme kom ter sprake wanneer die Bybelse boodskap nog maar in 'n geringe mate deel van die volk se omgangstaal geword het (Barrett, 1968:271). Die Onafhanklike Kerke, maar ook die kerkleiers, toon in hierdie verband sterk sinkretistiese trekke.

Die vraag in watter mate die Onafhanklike Kerke die Christendom gekontekstualiseer en verinheems het, vra noodgedwonge na die hoogs verwikkelde probleem van sinkretisme: Kan hierdie instellings nog ware, lewende kerke van Jesus Christus genoem word? Anderson wys hierby op die probleem dat Westerse kerke té maklik sinkretisme in inheemse kerke diagnoseer (2000:307-308).

Hierdie gedagtes raak die hart van holistiese sending uit 'n *missio Dei*-perspektief. Die houding teenoor die Onafhanklike Kerke dui op die gevaar van die skeiding van Woord en daad, of ten diepste, van natuur en genade. Hieruit kan geredeneer word dat die Onafhanklike Kerke se sinkretisme deels die onbetaalde rekening van die Westerse kerke is wat self Woord en daad geskei het. Uit jarelange kontakte met die swart bevolking van Suid-Afrika het die navorser geleer dat hulle meer holisties oor die lewe dink as die Europeër wat veral rasioneel gerig is, oormatige reëls het, in kategorieë en strukture dink en 'n ander holistiese opvatting as Afrika handhaaf, naamlik die sisteem van 'n misterieuse Oosterse, New Age-stroming (Floor-Management, 2014). 'n Helder begrip van hierdie verskille in opvattings open nuwe perspektiewe vir integrale Woord- en daadsending.

Daneel wys die gewilde sentrale preektemas in die Onafhanklike Kerke uit as: God se dreigende oordeel, bekering, doop en die werk van die Heilige Gees in die spreek in tale, profesieë en geloofsgenesing. Die verwagtings van die kerkleier se volgelinge én die sukses van geloofsgenesing dien as "recruitment technique" wat die behoeftes in die "magico-religious approach of life" verskerp (Daneel, 1976:84). Sundkler verwys daarna as 'n "nativistic-syncretistic interpretation" van die Christelike geloof (1961:297). Volgens Daneel is van konfronterende prediking oor die tradisionele oortuigings nouliks sprake, met die gevolg dat die motief oor Christus se Koningskap oor die hele lewe vervaag (1987:145). Tog meen Daneel dat Westerse teoloë, soos Sundkler, Oosthuizen en Beyerhaus, die Onafhanklike Kerke té maklik uit eensydige teologiese projeksies in tipies Westerse kategorieë binne 'n post-Christelike hoek wil plaas. Hulle doen dit vanweë projeksies van 'n sogenaamde versteurde en degeneratiewe Christologie, 'n ontkenning van die kruis en 'n vergoddelikte swart Messias waardeur Christus weggedruk word (Beyerhaus, 1969:75, 79; Daneel, 1987:184-185, 194-195; Oosthuizen,

1968:37, 73, 78, 91, 96, 126-127; Sundkler, 1961:297). Hieroor reageer Daneel relativerend: "In my view one must therefore concede that there is an imperfect or unobtrusive but at the same time a presupposed Christology which in no way denies either Christ or his cross" (1987:194).

Volgens Barrett word die Onafhanklike Kerke se praktyke gekenmerk deur 'n definitiewe aanvaarding, dikwels in 'n nuwe of oorspronklike Afrika-vorm, van die sentraliteit van die historiese Jesus as Here en Verlosser, hoewel daar dikwels 'n diskrepansie is tussen dogma en praktyk of tussen Woord en daad, soos dikwels die geval in die meeste kerke op hierdie punt is. Hier is verskillende grade van aanpassing ter sprake: 1) 'n formele erkenning van Christus as Here, 2) 'n herlewing van die tradisionele Afrika-gebruike en wêreldbeeld en 3) 'n sterk bevestiging van hulle reg om voluit Afrikaan en tegelyk voluit Christen te wees, onafhanklik van enige druk van buite (Barrett, 1968:273).

Ook Anderson sluit by hierdie gedagtelyn aan. Hy lewer kritiek teen die Onafhanklike Kerke dat Jesus Christus slegs aan die buiterand van hierdie kerke sou leef. Hierteenoor wys Anderson daarop dat, ondanks enkele uitsonderings, hierdie kerke, en veral die Sioniste Kerke, aan Jesus Christus 'n belangrike en sentrale plek in hulle lewe en geloof toeken, ewe sterk as in ander kerke wêreldwyd (2000:224-225). Hierdie opmerking van Anderson staan in skerp kontras met Sundkler, Daneel en Bartlett wat juis daarop wys dat die Onafhanklike Kerke Jesus Christus na die buiterande verdring, omdat baie van hierdie kerkleiers hulleself as messiaanse figure beskou of self só deur die kerklede beskou word (Anderson, 2000:225). Ook De Visser opper in sy proefskrif die mening dat die konsep "Here" in die Pinksterkerke sowel as die Sionistekerke sterk sinkretisties gekleur is en dat hierdie begrip in hierdie kerke se praktyk nie die volle Bybelse betekenis weerspieël nie (2001:72-74, 93, 118, 130).

Die manier waarop hierdie kerkleiers die geopenbaarde Woord met hulle dade integreer, of eerder die gebrek aan integrasie, bevestig die waarheid in hierdie verband. In Hoofstuk 2 van die huidige studie is aangetoon dat dade die verkondigde Woord bevestig en nie los daarvan staan nie. Sonder die duidelike Bybelse verkondiging het slegs dade geen of maar min waarde uit 'n *missio Dei*-perspektief.

Hierdie beeldvorming is belangrik vir die korrekte verstaan en benadering van die Onafhanklike Kerke asook hulle leiers en dié se doelstellings, omdat Jesus Christus as die Hoeksteen vir die Christendom beskou word en die Rots waarop die kerk gebou word (Matt. 16:18). Hieruit volg 'n verskeidenheid nuwe religieuse vorms, sodat gepraat kan word van 'n "properly indigenous praxis or churchmanship whose characteristics vary from tribe to tribe and area to area, yet with large numbers of common features" wat 'n poging is om die vroeëre tradisionele instellings te

verchristelik (Barrett, 1968:273). Barrett (1968:275) beskryf dit as herstrukturering van die gemeenskap wat die ou stam met die nuwe kerk vervang, waar beide instellings hulle eie stel gebruike, instellings, oortuigings en reëls het met kohesie as doel binne ’n verbrokkelende samelewing: “Africa wants abundance of life-force and integration of the community, and makes use of its own leaders to acquire this” (De Visser, 2001:130). Die reddende vervulling van hierdie lewensbehoeftes deur die kerkleiers, gepaard met die leiers se hunkering na mag, lei tot ’n messiasdrang onder kerkleiers wat die sturende kerke nie kan onderskat nie. Wanneer die leierskapstyl van die Onafhanklike Kerke oppervlakkig beskou word, kan dit na ’n pragtige integrasie van Woord en daad lyk, terwyl die praktyk toon dat die Woord en die Gees van mekaar losgemaak word en die verbintenis met Jesus Christus ondermyn word.

Daar bestaan ’n grondige meningsverskil tussen die gereformeerdes en die Onafhanklike Kerke se leiers oor die feit dat die laasgenoemde kerke meen hulle vorm, op grond van ’n sterker Bybelse standpunt, die werklike beginpunt van ’n Afrika-reformasie (Barrett, 1968:277). Uit die bostaande argumente is dit duidelik dat die persoon en rol van Jesus Christus bepalend is vir die volledige identiteit en lewe van beide die Onafhanklike Kerkleiers en Onafhanklike Kerke as sodanig. Dit is so belangrik dat die gebrek aan hierdie identiteit nie net lei tot die ontstaan van nuwe kerke nie, maar tot nuwe religieuse uitings en vorms binne Afrika-konteks. Daarom pleit hierdie stand van sake vir deeglike teologiese onderrig geïntegreer met die praktyk van die daaglikse lewe. Dit geld juis ook omdat die mense in die kern van hulle bestaan wel in effek holisties dink.

Die diakonaat in hierdie kerke vertoon ’n omvattende benadering (Daneel, 1987:147). Hiervolgens veronderstel Christelike, en veral priesterlike, diens meer as bloot geestelike versorging. Dit sluit ook landboukundige, onderwys en mediese fasette in. Klem word gelê op “environmental resource management, dilligence, sobriety and faithfulness between people as a means to promoting self-reliance and independence from white South-Africans” (Oosthuizen, 1996:311). Hierin kan ’n mens die implementering van die integrasie van Woord en daad duidelik sien. Dit roep die vraag op of die tradisionele Afrika-inwoners in hulle aard nie juis sterker holisties dink is as die Europeërs nie, maar steeds deur die regte Bybelse verkondiging bekeer of reggestel moet word. Die respondente se opmerking en noodkreet dat die sendelinge nagelaat het om die kerkleiers en gemeentes selfstandigheid aan te leer, val hier op.

Die Onafhanklike Kerke wil nie slegs veilige hawens teen die magte van verandering en modernisering wees nie, maar dien ook as positiewe, vormgewende kragte in die swart Suid-Afrikaanse samelewing, volgens Oosthuizen (1996:322). Hierdie kerke verteenwoordig ’n vorm van mobilisering deur die armes self om die probleem van armoede en onderontwikkeling aan te spreek. Dit doen hulle deur ’n holistiese strategie wat sosiale steun met tasbare ingryping

vermeng en vertroosting bring (Oosthuizen, 1996:322; West, 1974:28). Deur geestelike rigting aan te toon, gekoppel aan sosiale aktiwiteit, bevorder hulle bediening die eenheid van die gemeenskap en voorsien dit 'n netwerk van sosiale steun. Daarby help die geestelike genesing wat hierdie kerke bied die kerklede om die sielkundige druk van die stadslewe te hanteer (Oosthuizen, 1996:323; De Visser, 2001:100). Respondent F se reguit opmerking dat die gereformeerdes van hierdie kerke kan leer, lyk in hierdie opsig relevant.

Die holistiese strategie wat hierdie kerke volg, kan verstaan word uit die feit dat drie kernelemente in tradisionele Afrika-religieë voorkom: teïsme, die geloof in 'n opperwese; spiritisme, geloof in geeste; en dinamisme, geloof in mag en magie (Anderson, 2000:175). Hierdie driedeling is nie los van mekaar effektief of werksaam nie. Hier geld die oorweldigende holistiese wêreldbeeld van Afrika wat die Westerse kategorisering afwys. Geen onderskeid word volgens die Afrika-wêreldbeeld getref tussen heilig en sekulêr, geestelik of fisies nie, want die sekulêre en die fisiese is terselfdertyd heilig en geestelik. Hierdie "alles" is allesomvattend en sluit in mense, gebeure, natuur, werk, politiek, gemeenskapslewe, die volledige werklikheid en die onderskeie fasette van hulle Afrika-bestaan (Anderson, 2000:179-180).

Volgens Anderson bestaan die tweespalt tussen evangelisasie en sosiale besorgdheid wat dikwels in Westerse vorms van Christenskap gevind word, nie in die Onafhanklike Kerke nie, omdat Afrika-spiritualiteit die mens in geheel raak: "This African holism, a concern for the whole of life and not just the 'spiritual' part of it, is to a great extent a biblical holism, and a dimension that the church needs to rediscover in this mission to the world" (2000:316). Die verkondiging van Jesus Christus en 'n kragtige pneumatologie behoort gevolglik nie net verkondig nie, maar ook integraal prakties uitgeleef te word.

Uit die literatuur blyk duidelik die Onafhanklike Kerke se holistiese denke en gevolglik hulle poging om Woord en daad op húlle manier te integreer. Daarteenoor is die Europese missionêre kerke se soeke na die integrasie van Woord en daad in dié opsig ook opvallend, selfs ook weens die negatiewe uitwerking daarvan op die lande waar sendingwerk verrig is. Tog is die Onafhanklike Kerke se soeke na die toepassing van 'n Trinitariesgerigte kerklike lewe en kerkstruktuur binne die werklikheid van die samelewing belangrik. Die fokus val hier op die rol wat die kerkleiers aan hulleself toeken en waar daar van dienskenegleierskap maar min sprake is. Hierdie omstandighede lei tot die vraag na die sosio-ekonomiese en sosio-politiese rol van hierdie kerkleiers en hulle kerke binne die Suid-Afrikaanse samelewing.

#### 4.8.10 Sosio-ekonomiese en sosio-politiese betrokkenheid

Met die oog op die integrasie van Woord en daad is dit belangrik om kennis te neem in watter mate die Woord en daad gestalte kry in die Onafhanklike Kerke se betrokkenheid by die sosiale, ekonomiese en politieke maatskaplike lewe. Die Onafhanklike Kerke se leiers bestempel hulle benadering as religieus, naamlik om God se koninkryk deur bekeerlinge uit te brei. Tog het hierdie benadering algaande meer sosiale en politieke betekenis gekry, sodat ’n mens kan verwys na ’n “comprehensive approach. For, conversion involved affiliation to communities which increasingly sought to render more than purely religious services”. Duidelik moet die sosio-politiese belang van die Onafhanklike Kerke nie onderskat word nie (Daneel, 1976:85). Tog blyk hierdie sosio-politieke betrokkenheid nie soseer ’n ontwikkelende rol te wees nie, omdat dit reeds in die geskiedenis van die Onafhanklike Kerke na vore kom.

Oor die sosiale rol van die Onafhanklike Kerke kan gedink word aan wedersydse hulpverlening waar lidmate byvoorbeeld mielies na die kerkkantoor bring sodat lidmate in droogtegeteisterde gebiede gehelp kan word. In ruil vir hulp op die landerye of om die paaie te verbeter, bied die kerkleiers geloofsgenesing aan. Die gevolg is dat ’n beeld van geestelike handelsondernemings ontstaan, terwyl ook gevra kan word of so ’n wederkerige benadering inderdaad onbybels is.

Die Sioniste het byvoorbeeld kerkgeboue nie as belangrik beskou nie, maar het eerder rondgetrek en die evangelie verkondig (sonder om hiermee enigsins ’n oordeel te vel oor die gehalte of korrektheid van die evangelieboodskap). Volgens Oosthuizen wil hierdie kerkleiers hulle kerklede vir die daaglikse lewe bemagtig en ondersteun (1996:311-312, 315). Apartheid en kolonialisme het hierdie *Ubuntu*-gedagte egter sleg weggekalwe. Nogtans word die Onafhanklike Kerke gemotiveer deur ’n verbinding van die *Ubuntu*-gedagte met die Christelike besorgdheid wat lei tot armoedeverligting en die verlening van sosiale ondersteuning om die sosiale omgewing te transformeer (Oosthuizen, 1996:312, 314, 316). Nie al hierdie kerke fokus op die sosio-ekonomiese belang nie. Sommige is meer op die kerk as sodanig gerig waar kerklike eenheid en die finansiële welsyn van die kerk voorrang geniet (Oosthuizen, 1996:318). Volgens De Visser word die mag van die Sionistekerk en die vrede in hierdie kerk sentraal gestel, wat veronderstel dat die kerk se wette en reëls gehoorsaam moet word (2001:20, 69). In hierdie sin word Woord en daad geskei en die rol van kerkleiers oorbeklemtoon. Dit is duidelik dat deeglike Bybelse onderwys aan hierdie kerkleiers noodsaaklik is. Hieruit blyk ook die sturende kerke se taak teenoor die Onafhanklike Kerke se leiers.

Die Onafhanklike Kerke het deurgaans ’n veilige hawe gebied vir mense wat in die greep van die sosiale en politieke veranderings van die land was. Gevolglik behoort dit nie as neweproduk van die ontmagtiging onder koloniale en apartheidbeleid gesien te word nie. Dit is eerder ’n

“positive shaping force in black South African civil society” wat ’n aktiewe sosiale krag met ’n sosio-ekonomiese waarde behels (Oosthuizen, 1996:308). In die lig van die navorsingsvraag oor holistiese bediening, beskryf Oosthuizen hierdie kerke se waarde as ’n “civil society mobilizations of the poor which are addressing the issues of poverty and underdevelopment through a holistic strategy combining social support with tangible development intervention” (Oosthuizen, 1996:309). Magesa beskryf hierdie kerkleiers as die mense se regeerders wat tegelykertyd ook hulle geestelike leiers is en “structurally entrusted with the promotion of life” (1997:67). Dit is leiers wat allerlei gemeenskapsfunksies beklee en na wie die mense kom om te leer oor die lewe en om hulle lewe te beskerm en te verleng (De Visser, 2001:129).

Dit is nie die bedoeling van die huidige navorsing om hierdie verskynsel in Bybelse perspektief te beoordeel nie. Tog is die integrasie van Woord en daad binne hierdie kerke opvallend. In beperkte mate kan die sturende kerk selfs hieruit leer, soos die heftige teenkanting teen kategorisering hoewel dit dikwels eensydig is en nie Bybels begrond nie. Daarby kan ook kers opgesteek word oor wedersydse hulpverlening en ’n benadering om nie kerkgeboue op te rig nie, maar eerder aandag aan Woordverkondiging te gee. Kerkleiers se besorgdheid oor die daaglikse bekommernisse van die lidmate tipeer die integrasie van Woord en daad binne hierdie konteks.

Tog moet hierdie sosiale betrokkenheid nie geïsoleerd verstaan word nie, omdat die Drie-enige God se openbaring in die wortel, visie, doel en uitwerking duidelik moet blyk om hoop op die ewige lewe te bied en mense reeds in die hede sinvol in daardie lig te laat leef. Dit blyk dat hierdie kerke se boodskap veral slegs op hierdie lewe, die hier en nou, gerig is. Uit die literatuur word die indruk gewek dat Westerse teoloë wat hieroor skryf ’n positiewer beeld van hierdie kerke skets as die respondente self wat direk daarby betrokke is en die onbybelse lyne in hierdie kerke se praktyke uitwys. Ook De Visser is krities oor die splitsing van Woord en Gees asook die ondermyning en afwysing van Christus se heerskappy in hierdie kerke (2001:130). Sodoende ontstaan die beeld dat die verlange na mag en voorspoed lei tot ’n eensydige beskouing van die daad-aspek waarby die Woord nie ’n leidende nie, maar ’n dienende rol speel. Die sosio-ekonomiese en sosio-politiese betrokkenheid van hierdie kerke behoort geweeg, gestuur en gemotiveer te word vanuit die beginsels van Hoofstuk 2.

In die lig van die voorafgaande bespreking lei die betrokkenheid van kerke in die sosiale, ekonomiese, maatskaplike en politieke werklikheid tot die wesenlike vraag na die magstryd binne die Onafhanklike Kerke as sodanig.

### 4.8.11 Magstryd en skeurings

Die Onafhanklike Kerke word geteister deur tallose magstryde en skeurings. Die vraag is: Wat skuil hieragter? Volgens De Visser is dit die diepgewortelde verlange na en liefde van Afrika vir mag wat selfs in ’n obsessie kan ontaard (2001:138, 161). Mag is ’n gebruiksartikel vir kerkleiers wat hulle saam met die Gees beheer en aan hulle deur Christus se oorwinning beskikbaar gestel is, maar waardeur hulle Christus op die agtergrond skuif (De Visser, 2001:117-118). De Visser wys op hierdie magsmisbruik: “Power can be obtained by various means such as ritual manipulation, laying on of hands, or encountering a spirit being. It is believed that power is transferable and that it can be used to serve man’s purposes” en kan help om in ’n ingewikkelde lewe staande te bly (De Visser, 2001:100, 121, 138). Kurpershoek, 1996:257-258) beskryf die verlange na mag treffend wanneer hy aansluit by 1 Korintiërs 1:22-23: “Die Jode vra wondertekens, die Grieke soek wysheid, die Afrika-mense verlang krag, mag en gesondheid, maar ons verkondig Christus wat gekruisig is. Vir die Jode is dit ’n aanstoot, vir die Grieke is dit onsin, vir die Afrika-mense is dit onbelangrik, maar vir dié wat deur God geroep is, Jode, Grieke, Afrika-mense, vir hulle almal is Christus die krag van God, die wysheid van God en die lewe van God.”

Binne die konteks van ’n veranderende samelewing, periodieke onrus en beperkende wetgewing was die leiers van die Onafhanklike Kerke op soek na mag, meen Daneel (1976:88). Hierdie omstandighede beklemtoon dat die kerkleiers se soeke na mag nie ’n doel in sigself was nie. Met die afbreek van ou instellings en gebruike asook blootstelling aan ’n vreemde kultuur het die behoefte ontstaan om die aftakeling van hulle eie kultuur te beheer en om die nuwe omstandighede en verhoudings te verstaan en gepaste gedragskodes daarvoor te ontwikkel. Hierdie behoefte is versterk deur die wydlopende, geforseerde invloed van sending in religieuse en opleidingsinstellings. Dit het daartoe gelei dat ’n groot deel van die magstryd in die Onafhanklike Kerke voortgevloei het uit ’n poging om die religieuse lewe en die opvoeding van die kinders te beheer (Daneel, 1976:88-89). Tog waarsku Daneel teen die wanopvatting dat hierdie reaksionêre optrede veral teen die blankes se sending en teen koloniale oorheersing gerig was. Hy wys op die onbelemmerde, eg inheemse en verbeeldingryke reaksie van kerkleiers op die Christelike evangelie, waar hulle ervaar het dat die sendingywer hulle regstreeks aanspoor (Daneel, 1987:89). Ook Sundkler waarsku teen die gedagte van ’n politieke teenreaksie weens apartheid, maar wys wel op die invloed van die “selective giving on te part of the European" waar elke kerk, sendingorganisasie en sendeling van oorsee “brought its characteristic denominational one-sidedness, its own particular kind of Christianity” waarby veral die institusionalisme van die kerk aan die jong Afrikaanse kerk oorgedra is in plaas van die geestelike rykdomme van die universele kerk (1961:295-296).

Oor die Europese invloede op die magstryd en skeurings binne die Onafhanklike Kerke is dit goed om van Barrett (1968:265-267) se beskrywing kennis te neem. Sendelinge was so besig om kerke te bou dat hulle nie genoeg tyd geneem het om hulle te verdiep in die inheemse geloofsoortuigings en gedagtewêreld nie, wat eintlik die Europese kultuur en religie teen ’n vinnige tempo begin oorneem het. Sending het ná die Berlynse konferensie van 1885 hulle posisie probeer verstewig deur die tradisionele gemeenskap op religieuse gronde aan te val, maar is hierin nie deur die koloniale owerhede gesteun nie (Barrett, 1968:265). Terwyl die Europese kerke sending in Afrika toenemend regstreeks uit Europa begin beheer het en etnografiese literatuur nog nie bestaan het nie, het dit tot groot onkunde oor en kritiek op die Afrika-wêreldbeeld en die sosiale funksie van tradisionele geloof gelei. Hierdie kritiek is gebaseer op die Europese oortuiging dat die Bybelse geloof in beginsel veroordelend en krities teenoor ’n kultuur staan. Daar het egter ’n “subconcious alarm” (Barrett, 1968:266) onder die swart stamme opgeklink, omdat hulle op ’n aantal gebiede gevoel het dat hulle aangeval word (Barrett, 1968 noem hier 80 faktore of gebiede). Barrett toon aan dat hierdie onderbewuste alarm uiteindelik ook gelei het tot verdeeldheid en splitsings tussen kerke in Afrika en tot die huidige leierskapskrisis binne die Onafhanklike Kerke.

Vir ’n korrekte *missio Dei*-benadering is dit deurslaggewend om hierdie ontwikkeling te verstaan, omdat dit wil voorkom of Europese sendelinge ’n paar ernstige kernfoute begaan het, volgens Barrett se betoog. In plaas daarvan dat die Bybelse hoop hierdie volke vervul het, is hulle met teleurstelling en verbittering gevul. Die rede is dat hulle nie die spanning wat die Bybelse boodskap met hulle tradisionele instelling veroorsaak het, kon voorsien nie. Hulle kon ook nie die misterieuse materiële, finansiële, kulturele, religieuse, geestelike, of kerklike mag van die Europese kerke vir hulleself verwerklik nie. Volgens Barret se ontleding is hulle gemeenskappe nie met die beloofde Bybelse boodskap vervul nie, maar eerder afgebreek, met die gevolg dat ’n godsdienstige leegte ontstaan het. Onsekerheid, onveiligheid en frustrasie het daarop gevolg. Frustrasie het hoop vervang en godsdienstige spanning veroorsaak, selfs tussen stamme onderling (Barrett, 1968:267).

Konflik het onstaan oor kerklike dissipline in sendingkerke, asook weens persoonlike onverenigbaarheid tussen Onafhanklike Kerkleiers en Europese sendelinge (Sundkler, 1961:296). Sinvolle energie wat bestee kon word deur kerkleiers in politieke en burgersake te betrek, het verlore gegaan in “sectarian squabbles and secessionist struggles” meen Sundkler. Hy het reeds in 1961 voorspel dat hierdie tendense in die toekoms hulle invloed sal laat geld deur die Onafhanklike Kerke in steeds kleiner fragmente te bly verdeel. Só sal dit aan die buiterande van die missionêre kerke bly knaag, wat gevolglik beide die sending en die Onafhanklike Kerke skade sal berokken (1961:298-299).

Die Onafhanklike Kerke se leiers het ’n drang getoon na leierskap asook ’n begeerte vir aansien, invloed en mag. Hierdie dryfkrag het in kerklike konflikte tot uitdrukking gekom en tot afskeidings of splitsings gelei (Daneel, 1987:179; Sundkler, 1961:296-297). Hierin kan ’n vergelyking met die tradisionele heerser gesien word (1961:297). Vrees vir kritiek, soos in die Sionistekerk, dra ook by tot konsolidering van mag en gevolglike magstryd (De Visser, 2001:18). Hier geld ook ’n ekonomiese faktor waarin die leier “attempt to secure its own land or church colony ... for a place of their own” om hulle eie kerk-stam te vorm (Sundkler, 1961:297). Die Onafhanklike Kerke se hiërargiese kerkstruktuur waarin magte verdeel word, het ’n ingeboude potensiaal vir konflik. Die profeet se charismatiese invloed oor die groep kan so sterk word dat dit die biskop se posisie in gevaar stel (Daneel, 1987:150). Vanuit ’n ander invalshoek gesien, lei baie van die vernuwende of herlewingsbewegings in die tradisionele kerke tot skeurings. Die rede is dat die vernuwing of herlewing nie ’n struktuur het nie. Dit word ook nie deur die kerkleiding ernstig opgeneem nie, of word juis streng en onsimpatiek deur die kerkleiding beheer en uiteindelik onderdruk (Barrett, 1968:271).

Daar bestaan uiteraard meer redes vir die tallose skeurings binne die Onafhanklike Kerke, soos deur Daneel (1987:195-200) aangetoon en bespreek. Daneel sien ’n belangrike verband tussen leierskap en die voortdurende skeuringsprosesse waarin die natuurlike menslike hunkering na mag, erkenning en status tot voortdurende leierskapskonflikte lei wat die basis vir skeuring vorm. Die kerkleiers verwys as redes vir ’n skeuring na die onvermoë van die junior kerkleiers om gesag te aanvaar en hulle aspirasie om meer mag te bekom. Daarteenoor steek die kerkleiers self hulle innerlike beweegredes weg en voer dogmatiese verskille aan om die stigting van ’n nuwe kerk te regverdig. Daar is ’n aantal faktore wat ’n rol by skeurings kan speel. Daneel (1987:195) wys op die invloed van die Westerse kultuur wat leierskap op grond van vermoëns en opleiding stimuleer en dit tegelyk binne ’n kolonialistiese denkraamwerk inperk. Hy dui dit as eksterne faktor aan wat uitkringende sosio-politiese gevolge het. Dit klink egter teenstrydig met die feit dat Protestantse sendelinge juis die ontwikkeling van inheemse kerke aangemoedig het. Die eerste predikante van die inheemse kerke het egter, weens ’n gebrek aan tyd, min teologiese opleiding gehad. Uit hierdie feit het weer ’n reeks ander komplikasies voortgevloei, waarvan magstryd een is (Daneel, 1987:91-92).

Ander faktore is die teenwoordigheid van verskillende Westerse denominasies in Suid-Afrika. Dit het die indruk gewek dat benewens Duitse, Engelse en Nederlandse kerke, die voorkoms van swart kerke ook geregverdig is. Gevolglik is die reg voorbehou dat elkeen die Bybel op ’n eie manier kon interpreteer sonder ’n spesifieke dogma of tradisie.

Die beperkte begrip wees ’n onvoldoende Skrifgefundeerde ekklesiologie onder die swart bevolking het die Onafhanklike Kerkleiers en hulle lidmate laat dink dat die kerk ’n assosiasie is

van mense wat aan die leier “behoort”. Daarvolgens dui die stigting van ’n nuwe kerk op ’n geldige verbetering van die vorige kerk se reëls en God se seën, terwyl dit in Bybelse sin juis ’n terugwaartse stap as liggaam van Christus behels het.

Die proses van indiwidualisering is ’n belangrike teologiese faset in die magstryd. Hierdie proses is aangemoedig deur die Protestante wat op die indiwidu se eie keuse met bekering en die keuses tussen goed en kwaad aangedring het. Hoewel indiwiduele keuse teologies korrek is, meen Daneel (1987:197) dat hierdie aksent in die proses van akkulturasie misverstaan is. Dit het dus gelei tot die ondermyning van religieuse gesag. Die indiwidu se reg tot ’n eie keuse het daartoe gelei dat mense die kerklike kodes en gebruike bevraagteken het. Binne die konteks van die kerk as nuwe soort “stam” het die indiwidu se gedagtes en dade steeds meer aandag gekry as wat binne die tradsionele stamkonteks die geval was.

Benewens die redes wat Daneel aanvoer, moet na aanleiding van wat tot dusver genoem is, ook ’n verdere rede uitgelig word. Veral die Afrika-wêreldbeeld en -lewensbeskouing, wat in die meeste Onafhanklike Kerke die oorheersende faktor is, veroorsaak dat die tipiese magstryd dikwels lei tot veelvuldige skeurings binne hierdie kerke. Gevolglik kom die motief van Jesus Christus se Hoofskap en die kern van die evangelie, verlossing slegs in Hom, nie regtig in fokus nie. Daar is egter ’n tekortkoming met die vele evaluerings van die Onafhanklike Kerke, en veral rakende die voorouervererings. Dit is dat die ontleders die Afrika-wêreldbeeld en die toepassing daarvan op die Christendom verkeerd verstaan, terwyl hulle juis die vorm en die inhoud moet onderskei (Anderson, 2000:195).

’n Gebrekkige Godskennis en ’n armoedige verstaan en aanvaarding van Christus as die Here en Verlosser lei tot die sindroom van selfversinde messiasskap onder Onafhanklike Kerkleiers. Sodanige beperking kan onderlinge magstryd en gevolglike skeurings veroorsaak. Hierdie aspek is en behoort as die vernaamste rede en oorsaak vir magstryd en skeurings binne die Onafhanklike Kerke beskou te word.

Ook nie-teologiese redes speel, volgens Daneel (1987:197), ’n beslissende rol in die skeurings binne Onafhanklike Kerke. Die invloed van die tradisionele gemeenskap is oorgeplant op die nuwe gemeenskap van die kerk. Dit lei daartoe dat kerke, soos families, ook spontaan en natuurlik verdeel het, byvoorbeeld wanneer ’n gemeente té groot word. Vir ’n leier is hierdie benadering ’n taktvolle en positiewe manier om konflik binne die kerke op te los. Maar negatief beskou, het skeurmakende leiers die natuurlike verdeling verdraai om te regverdig waarom hulle hul bande met die kerk verbreek.

’n Belangrike oorsaak vir skeurings is onversoenbare Bybelse en tradisionele leierskapsnorme waarby geen duidelike beleid vir ware leierskap bestaan nie, aldus Daneel (1987:199). Hy wys ook daarop dat die manier waarop ampsdraers aangestel word ’n ingeboude konflikpotensiaal bevat vanweë die hoë konsentrasie stamgenote of verwantes in die leierskaphiërargie. Ook die dood van die senior leier van ’n groot kerk lei tot krisisse en skeurings.

Hoewel die negatiewe aspekte van die kerkskeurings duidelik is, wys Daneel daarop dat die foute wat sendelinge gemaak het, nie uit liefdeloosheid was nie. Dit was uit geïnspireerde oortuiging saam met ’n reeks ander bydraende faktore. Gevolglik is tereg ook aandag vir die positiewe aspekte nodig (1987:207-208). Hier kan gedink word aan die stimulering van die kerk se groei asook gepaardgaande opregte bekerings en geestelike herlewing. Skeuring en hergroepering het nie tot isolering gelei nie. Eksklusiwiteit is selfs teengewerk en weerspieël gedeeltelik die tradisionele gedagte van ’n tuiste as onderverdeelde stamgebied. Al verdeel die kerke voortdurend, bly die groep se lojaliteit teenoor die hoofman, kerkleier, of die gemeente onveranderd.

Hierdie oorsake vir magstryd en skeurings, beide negatief en positief, vra ook vir die Westerse sendingskerke om selfondersoek te doen. Dit vra selfs dat die Westerse kerkstyl met tallose kerkskeurings herken word. Teen hierdie agtergrond is dit duidelik dat ’n mens versigtig moet oordeel oor hierdie magstryd binne die Onafhanklike Kerke, omdat die ooreenkomste, weliswaar op ’n Westerse manier, met die Westerse kerke opvallend is. Die genoemde positiewe aspekte van kerkverdeling in die Onafhanklike Kerke kan selfs die Westerse kerke (denominasies), wat ná skeurings tot eksklusiwiteit geneig is, tot nadenke en bekering stem. Die gevolg van so ’n gesindheidsverandering sal ’n nederige en versoenende dienskneggestalte in die missionêre bediening wees.

Betreffende die Onafhanklike Kerke as sodanig, is dit egter noodsaaklik dat sendelinge hierdie verskynsel van magstryd en skeurings nie net deeglik verstaan nie. Hulle moet ook ’n duidelik begronde Bybelse antwoord en pastorale begeleiding kan bied uit ’n deeglike verstaan van die Afrika lewens- en wêreldbeskouing. Dit is immers duidelik dat die kerk meer as ’n “nuwe stam” behels. Binne die *missio Dei*-perspektief is die kerk God se bruid en sy instrument op aarde wat die nuwe lewe in Christus uitleef en voordoen. Dus vra dit opregte bekering en ’n gepaardgaande versoenende leefstyl, sekerlik ook van kerkleiers.

In die lig van bogenoemde betoog fokus Light (2010:385-386) op die dringende behoefte in Afrika aan ’n nuwe gehalteleierskap. Hiervoor identifiseer hy die volgende eienskappe:

- visionêre leiers, wat self die regte voorbeeld stel, gesante en promotors van die koninkryk van God;
- nederigheid, om te erken dat die kerk in Afrika nie die roeping tot dissipelskap waar gemaak het nie;
- moed, om God se kinders tot bekering te roep en om die kerk se koninkryksrol in Afrika uit te leef ter wille van die mense en bowenal om die verheerliking van God.

Volgens hom sal hierdie vorm van leierskap indiwidue, gemeenskappe, lande, kontinente en uiteindelik die hele wêreld in die voleinding van die eskatologiese koninkryk verander (Light, 2010:385-386). Light pleit tereg vir ’n nuwe hoogstaande gehalte van dinamiese leierskap wat die innerlike potensiaal in liefdevolle diensbaarheid vrystel en die volle krag van God se liefdevolle genade deur sy diensknegkinders loslaat (2010:387-388). Vir hierdie leierskap is die volgende geestelike kwaliteite nodig: onderskeidingsvermoë, volwassenheid en leierskap, aldus Light (2010:407). Voordat hierdie gehalte leierskap waarvoor Light pleit bereik kan word, is dit nodig dat die Afrika-mense gekonfronteer word met hulle drang na mag en hulle menslike trots om mag te manipuleer, waardeur die evangelie vir magsbehepte mense irrelevant raak, om De Visser (2001:162) hieroor te beaam. Hierdie soort Bybelse leierskap in die styl van die koninkryk van God sal magstryd onnodig maak en interaksie omskep in versoening; ook skeurings uitskakel dat eenheid en eensgesindheid natuurlik kan voortvloei.

#### 4.8.12 Toekoms

Garner dink na oor die toekoms van die Onafhanklike Kerke, en watter tendense ’n invloed sal uitoefen. Hy wys daarop dat kwynende Afrikanisme, ontwikkeling en vooruitgang die betrokkenheid van inwoners by die Onafhanklike Kerke sal verminder, terwyl MIV/Vigs dit weer sal laat toeneem (Garner 2004:209). Volgens Garner sal hierdie kerke steeds meer in die rigting beweeg van “rational and quasi-Pentecostal AICs” en weg van tradisionele Sionisme. Betrokkenheid by hierdie kerke sal gevolglik nie afneem namate onderwys vir inwoners verbeter, soos vroeër voorspel is nie. Die voorbestaan en krag van die Afrika-tradisies is immers sterker as die omkerende krag van onderwys.

Die verwoestende uitwerking van MIV/Vigs kan mense se betrokkenheid by hierdie kerke selfs verder laat toeneem. Die toenemende invloed van sekularisasie en rasionalisme binne die tradisionele Afrika-religie wat die bonatuurlike dimensie nie langer uitsluit nie, blyk as ’n eenrigtingverkeer, aldus Garner: “The marriage of ‘rational’ and, occassionally, ordered religious discourse to a vigorously transcendent worldview (within Evangelical and Pentecostal Christianity, and mirrored in the Apostolic AICs) has met this persistent human requirement, and thrived globally upon it” (Garner, 2004:209). Hierteenoor meen Anderson dat, wanneer die

Heilige Gees van Jesus Christus uit die Bybel verkondig word as die Advokaat en Gids en die “forms of the Spirit phenomena from their meaning” losgemaak word, sal die Christendom ’n outentieke Afrika-karakter kry, “realistic penetrating the old and creating the new” (2000:198).

’n Aanvullende aspek is wat De Visser noem, dat wanneer Afrika die einde van armoede en ’n mate van voorspoed wil beleef, almal hulle werk nie vir persoonlike gewin moet doen nie, maar vir die Here (2001:154). Die vraag is of De Visser hiermee nie ’n hoogspanne Bybels-eskatologiese idealisme in die gebroke skepping wil indra nie? Die eskatalogie kan nie naatloos op die geskiedenis afgedruk word nie. Daar moet steeds na ’n balans gestreef word waarin rekening gehou word met die realiteit van die gebroke werklikheid én die Bybelse ideaal waarna De Visser verwys nagestreef word. Nie een van hierdie twee elemente behoort uitgesluit te word nie, omdat ’n mens dan stuit op gelatenheid of moedeloosheid.

Hierdie feite benadruk die behoefte aan deeglike, Bybelsgefundeerde opleiding op die relevante, nodige en moontlike niveaus, soos die van die MBS, MTC en selfs hoër. Sundkler het reeds in 1961 daarop gewys dat dit uiters belangrik is om die Afrika-leierskap in die sendingkerke te versterk deur hoogstaande teologiese opleiding (1961:301).

Wat die toekoms betref, is die vraag na genoegsame dialoog relevant en nodig, indien genesing, versoening, maar ook ’n nuwe Bybelse identiteit in Jesus Christus binne ’n samelewing soos KwaNdebele werklikheid sou word. Daar was tot dusver nog nie genoegsame dialoog gevoer tussen die sturende en Onafhanklike Kerke nie, en die proses is nie deurgewerk om die verdeeldheid tussen die twee groepe betekenisvol te wysig nie, aldus Barrett (1968:277). Barrett sien hierdie proses ook nog nie in die toekoms geskied nie. Dus gaan hy uit van voortdurende uitbreiding van die Onafhanklike Kerke in die toekoms (Barrett, 1968:278). Barrett het hierdie opmerking wel gemaak voordat die CGKN se sending in KwaNdebele begin het. So ’n uitgangspunt was dus veral destyds relevant en kon perspektiewe op die CGKN se sending in KwaNdebele bied, terwyl Barrett se voorspelling wel in 2013 werklikheid geword het.

Die kerke in KwaNdebele groei steeds, maar die ongeletterheid en die sinkretisme neem toe, ook van die Onafhanklike Kerke se leiers. Daarby meen die respondente tot die huidige studie dat die MBS en MTC tot op hede slegs ’n handjievol leiers vir die Onafhanklike Kerke opgelei het en daar nog dus veel meer opgeleide kerkleiers nodig is. Die Europese sturende kerke behoort hulle in hierdie lig af te vra in watter mate hulle selfondersoek moet doen oor die bestaan en vermenigvuldiging van die Onafhanklike Kerke, en of hulle in hierdie konteks steeds ’n verantwoordelikheid het, ook wat die toekoms betref. Gevolglik roep dit ook vrae op oor die geldigheid van die CGKN se beëindiging van die sending in KwaNdebele. Hierdie vrae behoort in feitlik elke missionêre situasie gestel te word.

Hoe aktueel hierdie vraagstukke is, blyk uit die feit dat die Onafhanklike Kerke, volgens Barrett, op groot skaal onbewus besig is om die apostoliese verkondiging en die Afrika-insigte te probeer saamvoeg, om disintegrasie van die Afrika-magte en -gemeenskap teen te werk (1968:278). Behalwe vir die tragedie van herhaalde skeurings in hierdie kerke, is Barrett (1968:278) oortuig dat "one can sense the gradual emergence of an unorthodox but genuinely renewal of Christianity in terms that can be understood by African societies". Bykans 45 jaar later behoort gevra te word of 'n mens steeds met hierdie siening kan saamstem, omdat daar geen sigbare verbetering ingetree het nie en in die woorde van Respondent E: "We have just scratched the surface". Bowendien het sendelinge te kampe met die probleme in Afrika wat deur mags- of lewensverlies deur die wrede krag van towenary, magie, heksery en kwaadwillige geeste veroorsaak word en meer van hierdie inwoners vra as wat hulle kan doen of gee. Hierdie omstandighede verg 'n ware Christelike reaksie (Anderson, 2000:216), wat sekerlik na vore moet kom in die sturende kerke se verantwoordelikheid en hulle *missio Dei*-taak teenoor die Onafhanklike Kerke se leiers wat hierdie mense moet begelei.

## 4.9 Wat is nodig?

Nadat 'n beeld verkry is van die CGKN se visie en benadering van integrale Woord- en daadbediening en die probleme in die Onafhanklike Kerke, lei dit tot 'n volgende vraag: Wat is KwaNdebele se grootste behoefte wat kerkleiers betref? Met ander woorde: Wat het die inwoners, volgens die respondente, die meeste nodig van die kerkleiers; wat is dus daardie samelewing se grootste behoefte? Hierdie vrae lei tot 'n nuwe of hernude visie op die integrasie van Woord en daad, maar lig die bestaande nood uit wat tot 'n evaluering kan lei.

### 4.9.1 Wat is KwaNdebele se grootste behoefte betreffende kerkleiers?

Al die respondente tot die huidige studie stel dit onomwonde dat opleiding, onderwys of toerusting van kerkleiers die grootste nood in KwaNdebele is. Terwyl daar heelwat kerkleiers in KwaNdebele bestaan is slegs 1% of 2% geskool, wat op 'n enorme behoefte aan opgeleide kerkleiers dui (Respondent E). Hierteenoor moet 'n groot aantal van die Onafhanklike Kerke se leiers oortuig word dat hulle opleiding nodig het en nie slegs op die Heilige Gees se inspraak kan vertrou nie (Respondent H). KwaNdebele het kerkleiers met 'n visie vir selfstandige kerke in KwaNdebele nodig, wat kerke gesond en selfstandig sal maak dat hulle nie van buitelandse steun afhanklik is nie, meen Respondent F. Respondent G bevestig dat hierdie benodigde opleiding vele fasette omvat: "humbleness, love, dedicating their services, welfare of the churches, training to know the Bible, training how to lead, training how to conduct meetings, training how to communicate with people with wisdom". Om saam te vat: Opleiding is nodig om

die Woord reg te hanteer en die waarheid in berading te verkondig, soos by traumaberading (Respondent H).

Hierdie feite en behoeftes word bevestig in ’n verslag van die Mukhanyo Bibleschool (MBS, 1994:1), die latere Mukhanyo Theological College (MTC), oor ’n uitgebreide konsultasie van kerkleiers van die Afrika Onafhanklike Kerke. Dit het geskied deur die invul van 1 500 vraelyste en die hou van meerdere vergaderings met talle kerkleiers om hulle behoeftes en begeertes vas te stel. Hierdeur het ’n sterk behoefte geblyk vir deeglike Bybelse elementêre en intermediêre onderrig in Engels én praktiese bedieningsvaardighede wat ook geakkrediteer is by erkende instellings, waardeur diplomas en grade verwerf kan word (MBS, 1994:1-3). Die ondervraagdes het aangetoon dat hulle daarmee die deur wou oopmaak na verdere gevorderde onderwys in die toekoms.

Die behoefte is dat sendelinge opgelei word om sending te doen en nie slegs teologies geskool word nie. Dit is nie aanvaarbaar om iemand sendeling te maak, net omdat so iemand bereid is om dit te doen nie (Respondent E). Hierby moet ook gedink word aan die geweldige behoefte wat ontstaan aan ’n nuwe geslag opgeleide kerkleiers wat die leisels van die huidige ouer wordende generasie plaaslike kerkleiers kan oorneem (Respondent F). Die nood is groot vir teologies opgeleide kerkleiers in KwaNdebele wat ook met mekaar kan saamwerk (Respondent F en G). Samewerking van plaaslike kerkleiers wat mekaar verstaan en mekaar se agtergronde ken, kan bydra om van die visie ’n sukses te maak (Respondent G). Ook Haw (2014a) bevestig die dringende noodsaak dat kerkleiers van verskillende kerkgenootsakeppe met mekaar moet saamwerk en dat nie elkeen op sy eie manier te werk gaan nie. Saam bereik mense immers soveel meer.

Sendelinge moet twee keer nadink oor die beginsels soos dit in hierdie hoofstuk bespreek is. Dit geld veral die beginsel oor hulpverlening, met die gevolg dat hulle die mense in nood nie net help, omdat hulle hierdie noodlydendes jammer kry nie, bepleit Respondent E. In die verlede is te veel kere uit ’n gevoel van jammerte gehelp. Gevolglik moet hierdie saak in die toekoms uiters versigtig benader word.

Veral een belangrike biddende besef moet lewend en leidend bly: God se hulp is nodig om die kerk te bou soos Hy dit wil hê en die kerkleiers moet hoop dat hulle dit nie oor-selfstandig doen nie (Respondent E en F). Kerkleiers mag nie te onafhanklik van God probeer werk nie.

### 4.9.2 Wat verwag die kerkmense van die kerkleiers?

Die vraag is dadelik wat die plaaslike lidmate self van die kerkleiers verwag. Volgens Respondent E dink mense dat die predikant alles vir die gemeente moet doen. Gevolglik word

hy beskou as ’n soort bestuurder van ’n bus waar almal opklim en hy die res doen om hulle by die bestemming uit te bring. Predikante moet eerder die lidmate toerus om te verstaan dat die kerk nie ’n bus is nie, maar ’n span (“team”), soos ’n sokkerspan (Respondent E).

Daar is veral behoefte aan leiers met integriteit wat betroubaar en bekwaam is en deernis kan toon (Respondent H).

#### 4.9.3 Wat is KwaNdebele se grootste nood vir Woord en daad?

Wat die integrasie van Woord en daad betref, is die grootste behoefte opgeleide en toegeruste kerkleiers. Daarby geld ook armoede as uitdaging, wat veral materiële behoeftes die grootste nood maak, volgens Respondent G. Respondent H omskryf hierdie materiële behoeftes as: armoede, siektes, MIV/Vigs wat selfs binne die kerke verwoesting saai. Op geestelike vlak bestaan daar ingrypende armoede aan die evangelie van Jesus Christus wat baie mense nog nie gehoor het nie, slegs die vals evangelie oor onbybelse rykdom-, voorspoed-, gesondheid-, gelukgodsdiens (Respondent H). Die meeste mense het nog nie gehoor hoe om ’n verhouding met God te hê nie, sodat KwaNdebele opnuut geëvangeliseer moet word. Sommige grondslae van hierdie samelewing is korrup en moet met die Bybelse waarhede oor God vervang word. ’n Buitestaander behoort te kan sien dat die gebied bereik is en dat daar nie meer behoefte aan sendelinge is nie. Die nood is egter nou veel groter, selfs so groot dat Respondent H hom afvra of die CGKN die sending in hierdie gebied ooit geëvalueer het, omdat hulle andersins sou ontdek het dat die oes groot is, maar nog nie geoes is nie. Daarom is die tyd nou ryp vir deeglike evangelisasie en deeglike dissipelskap en ook dat deeglike kerkleiers opgelei en toegerus word.

#### 4.9.4 Wat is die mening oor die CGKN se onttrekking aan KwaNdebele?

Oor die ontrekking uit KwaNdebele meen Respondent E, F en H dit was nie voordelig dat die CGKN hulle missionêre arbeid in KwaNdebele beëindig het nie. Die behoefte in KwaNdebele aan opgeleide kerkleiers is so oorweldigend dat dit grootliks sou help as iemand na vore kom en die MBS oorneem – ’n persoon wat die nodige kulturele wysheid het om hierdie kerkleiers taktvol te benader en op te lei (Respondent E).

### 4.10 Gevolgtrekkings

Na aanleiding van die onderhoude gevoer deur ’n kwaliteitsondersoek en geïnformeer deur ’n gedeeltelike literatuurstudie, word die volgende gevolgtrekkings gemaak wat die mening van die respondente verteenwoordig. In Hoofstuk 5 sal hierdie gevolgtrekkings met dié van Hoofstuk 3 vergelyk en aan die prinsipiële bevindings van Hoofstuk 2 gemeet word. Sodoende sal gepoog

word om die navorsingsvraag te beantwoord aan die hand van ’n model vir gereformeerde geïntegreerde sending. Die gevolgtrekkings word nie in orde van voorkeur gerangskik nie. Die gevolgtrekkings hier onder word as aanbeveling gestel, maar voorsien hier eintlik ’n slotsom oor respondente se evaluering van die CGKN se missionêre visie en bediening in die KwaNdebele-gebied.

Die onderhoude met die KwaNdebele-respondente laat blyk dat hulle kennis van wat gebeur het in geringe mate verskil van bevindings uit onderhoude wat met die sendelinge (Hoofstuk 3) gevoer is. Die verskille oor geringer besonderhede tussen sendelinge en kerkleiers in KwaNdebele het egter nie werklik ’n impak op die inligting om die navorsingsvraag oor die integrasie van Woord en daad te beantwoord nie; ook beïnvloed dit nie die geheel van die sending in daardie gebied ingrypend nie. Die standpunte van die respondente is sover moontlik uit skriftelike dokumente geverifieer. In hierdie verband kan die onderstaande gevolgtrekkings gemaak word.

*Plaaslike kultuur aanneem*

Sendelinge moet met die aanvang van hulle missionêre taak sorg dat hulle deur die plaaslike leiers, kerkleiers, gemeenskapsleiers en ander lede van die bevolking ingelig en geleer word oor die plaaslike gebruike, gewoontes, kultuur, geskiedenis van die stamme, volk(e), denkwyses en die demografie. Hulle moet hulle nie slegs tot kerkleiers beperk vir hierdie taak nie, maar hulle so wyd moontlik oriënteer en die plaaslike bevolking in diepte leer ken. Die fokus hier is volledige enkulturalisering. Dit kan hulle doen deur die bevolkingslede vraelyste te laat invul, of self gemeenskapsvergaderings by te woon asook sport- en kulturele aktiwiteite, skoolvergaderings en politieke byeenkomste, en deurlopende gesprekke met gemeenskapsleiers te voer. Slegs so kan die sendelinge die konteks reg interpreteer, benader en Bybelse korreksie op die kultuur aanbeveel. Sodoende skep die sendelinge ook ’n nuwe grondslag onder die bevolking wat hulle immers met die evangelie wil bereik. Hulle behoort ook die plaaslike voertaal aan te leer en te praat. Om gemeenskappe te verander moet in elke situasie opnuut gevra word wat gemeenskap en ontwikkeling onderskeidelik beteken (Ade, 2013:101). Oor die korreksie op die kultuur beklemtoon Sugden (1997:282) dat die Bybelse gegewens aangaande God se oordeel oor die negatiewe aspekte van kultuur nie versluier moet word nie.

Plaaslike leiers, kerklik of nie-kerklik, het ’n verantwoordelikheid om sendelinge oor die plaaslike kulturele gewoontes en gebruikte in te lig, sodat die sendelinge dit in Bybelse lig kan vertaal en op die omstandighede toepas. Waar die eerste gevolgtrekking fokus op die *sendelinge* se verantwoordelikheid oor kennis van die plaaslike kultuur, gaan dit hier oor die *plaaslike verteenwoordigers* se verantwoordelikheid. ’n Meetbare vraag sou kon wees of die plaaslike

bevolking die indruk gekry het dat die sendelinge hulle kultuur verstaan en daarin "geïnkarneer" het, om Keller (2008a) se uitdrukking te gebruik.

Geïntegreerde Woord- en daadbediening behoort indringend aandag te gee aan teologiese en gekontekstualiseerde onderrig aan kerkleiers. Kennis en 'n benadering wat van wysheid getuig, kan die plaaslike kultuur met Bybelse eienskappe versterk.

*Missionêre ingesteldheid uitleef*

Liefde uit 'n *missio Dei*-perspektief vir die plaaslike bevolking is 'n voorvereiste om missionêr aktief te wees. Hierdie opmerking moet egter in 'n breër Bybelse konteks geplaas word. Die rede is dat hierdie liefde nie vanselfsprekend of vooraf haalbaar is nie. Dit is 'n gesindheid in God veranker wat deur Christus vloei, en moet groei deur met die plaaslike inwoners saam te wees. Die sendelinge moet daarop uit wees om te groei in die liefde vir daardie mense vir wie hulle bedien.

Vandat 'n missionêre projek geloods is, moet sendelinge se doelstelling wees om die kerkleiers, indien daar is, en die bevolking op hulle eie verantwoordelikheid te wys. Die plaaslike mense moet daardie verantwoordelikheid aanleer, dat hulle aan die toekoms kan begin dink en daarvoor beplan. Deur te beklemtoon dat die sendelinge slegs 'n beperkte tyd in die betrokke missionêre gebied gaan deurbring, laat die besef by die plaaslike inwoners posvat dat hulle daarna self verantwoordelikheid moet neem. Sodoende kan hulle hul op die ontrekking van die sendelinge voorberei. Daarom behoort sendelinge duidelike planne te hê en dit te kommunikeer, sodat geen misverstande voorkom nie.

Dit veronderstel dat die bevolking vanaf die begin geleer moet word dat elkeen offervaardig en finansieel medeverantwoordelik behoort te wees. Kontekstualisering is hier belangrik, wat voorts die vraag oproep na die finansiële moontlikhede wat binne die betrokke gebied self setel en nie wat ingedra word uit die konteks waaruit die sendelinge kom nie. Mense kan offervaardig wees, al is dit op hoe 'n beperkte skaal. Om ander jammer te kry kan as sterkpunt, maar ook potensiële valstrik beleef word, wanneer daardie gevoel van jammerte en deernis nie reg gekanaliseer word nie. Jesus se sendingroeping in geheel het uit die jammerte in sy hart gekom wanneer 'n mens lees dat Hy lydendes "innig jammer" kry (Matt. 9:36; Matt. 14:14; Matt. 30:34; Mark. 6:34; Luk. 7:13; Luk. 10:33; Luk. 15:20). Tog verbind Hy woorde en dade van genesing en versorging steeds aan die boodskap van bevryding en versoening.

*Hulp en onderrig voorsien*

- Hulp moet nie onbeperk verleen word nie. Juis deur grense te stel, word die mense geleer en aangemoedig om self verantwoordelikheid te aanvaar. Mavundse (2013:17) stel dit treffend: Moenie projekte bly onderhou en steun nie, maar onderhou en steun die passie om probleme op te los. Hierby geld dat sendelinge versigtig moet wees om die plaaslike kerkleiers té veel werk te laat verrig, waardeur die gehalte van die ampswerk en die gemeentelike gawes verlore kan raak.
- Wie enige soort leidende funksie in die kerk vervul, behoort teologiese onderrig te ontvang, op ’n gepaste en relevante vlak, hetsy lae- of hoë vlak-onderrig; of, anders gestel: primêre, sekondêre, of tersiêre onderwys.
- Onderwys hou akademiese onderrig in. Dit strek egter verder: Hoe kan iemand prakties gehelp en ondersteun word met hart, mond en hande totdat daardie een self verantwoordelikheid kan neem? Die sendelinge of kerkleiers moet hulle nie aan die onderrig onttrek nie, voordat diegene vir wie hulle bedien, selfverantwoordelik kan wees en selfvoorsienend kan optree.
- Etiese onderwerpe in die onderrig verg ’n duidelik gedifferensieerde en geïntegreerde benadering in Woord en daad. Dit is omdat Bybelse Woord- en daadbediening rekening hou met kulturele- en tradisionele teenkanting en konfrontasie, ook as aspek van Christelike martelaarskap. Sendelinge is bewus van hulle profetiese verantwoordelikheid in Woord en in daad. Wanneer sendelinge of kerkleiers deur eksterne faktore of oormag stilgemaak wil word, dien hulle praktiese lewensoptrede as voorbeeld en lewende verkondiging van die Woord van God in daardie omstandighede.
- Die gevolge vir die verkondiging van Woord en daad is vir die plaaslike predikers moontlik groter en ingrypender as vir die sendelinge, omdat die plaaslike kerkleiers hulle eie gemeente met die swakpunte en slaggate beter ken. Hier is Bybelse wysheid nodig. Sendelinge behoort van hierdie faktore bewus te wees en die plaaslike kerkleiers hierin te begelei en steun. Die plaaslike kerkleiers kan ook groter teenkanting van die bevolking verwag as die sendeling. Hierdie aspek benadruk die noodsaak dat sendelinge die plaaslike kultuur, taal en gewoontes, soos vroeër bespreek, deeglik kan ken en verstaan.
- Teologies opgeleide kerkleiers kan makliker ’n gegronde onderskeid tref tussen die Bybelse en onbybelse elemente in die plaaslike kultuur. Gevolglik kan hulle die inwoners begelei na Bybelse vernuwing of bekering van daardie kultuur.
- Die kerkleiers, en veral dié van die Onafhanklike Kerke, het diepgaande gebalanseerde teologiese onderrig oor die Triniteit van God nodig. Slegs in so ’n geval kan Woord en daad korrek binne Bybelse perspektief gehanteer word. Die Christologie en die leer oor

die Heilige Gees onder hierdie kerkleiers het ’n negatiewe en onbybelse uitwerking op die lewe van KwaNdebele-inwoners wat ook mislei en dikwels uitgebuit word.

*Gelykheid en wederkerigheid bevorder*

- Gelykheid tussen die sendelinge en plaaslike bevolking getuig van ’n Bybelse grondhouding en bepaal die uitgangspunt (en deels die uitwerking) vir Woord en daad, maar is nie vanselfsprekend aanwesig nie. Die vraag kan uiteraard gestel word: Is sendelinge nederig genoeg en toon hulle die geestelike volwassenheid om in hierdie verband volledig te leer om diensknegleiers wees? Hierdie vraag kan aan alle betrokkenes gestel word om hulle menings en ervarings te deel. Dit kan die sendeling help om selfondersoek te doen en tot meer volwassenheid en wedersydse vertroue lei.
- Die vraag na Christelike wederkerigheid behoort uit ’n Bybelse perspektief gestel en benader te word. Dit moet geld as eksistensiële en verantwoordelikheidsvraag, sodat alle betrokkenes op ’n Bybelse manier bevoordeel en versterk word. Die betrokke partye behoort hulle af te vra: Wat kan ons van mekaar leer en hoe kan elkeen die ander in hierdie omstandighede help of bevoordeel?
- Korttermynsending en -hulpprojekte word as positief ervaar wanneer dit Woord en daad integreer. Dit gebeur wanneer die plaaslike kerkleiers en bevolking self verantwoordelik is, die leiding neem, die projekdoel verstaan en daar skouer aan skouer saamgewerk en geleef word. Hierdie medewerking geskied ter wille van onder meer gelykheid, wederkerigheid en begrip asook die stimulering van selfverantwoordelikheid en selfwaarde onder die plaaslike inwoners.
- Daar behoort duidelike wedersydse afsprake gemaak te word. Beide partye behoort hier deeglike kennis te neem van vennootskappe in die sendingsituasie. Hieroor is uitgebreide literatuur en studies beskikbaar, maar wat nie binne die skopus van die huidige studie se navorsingsvraag val nie. Vir enkele voorbeelde hiervan, vergelyk die bronnelys vir die volledige gegewens: IRM, 1997; Jansen-Schoonhoven, 1997; Kim, 2011 (met talle bibliografiese verwysings oor vennootskappe); Mutoigo, s.a.; Taylor, 1984; Tel, 1992; Van der Watt, 2005. Integrasie van Woord en daad blyk verder uit die feit dat die projekte deurentyd die evangelieboodskap moet bevorder.

*Gedeelde visie voorhou*

- ’n Langtermynvisie met duidelike doelstellings oor die integrasie van Woord en daad, gepaardgaande gekommunikeerde planne asook laevlak- en hoëvlak-opleiding vir

kerkleiers is nodig vir projekgerigte sending wat daarop gemik is dat die plaaslike kerke selfstandig word.

- Hier is geïntegreerde prediking nodig wat getuig van ŉ verstaan van die kultuur, gebruike en gewoontes. So ’n prediking word aanvaar, verander lewens, en bring nuwe hoop. Die plaaslike inwoners smag ook na ’n suiwer, onverdunde, voedende Bybelse verkondiging wat geïntegreer is met versorgende en dienende harte, monde en hande – gevul met God se liefde vir die noodlydende medemense.
- Geïntegreerde Woord- en daadbediening wat tot persoonlike bekering en wedergeboorte lei, help bedienaars om ’n ingewikkelde Afrika-konteks vol uitdagings te kan benader en hanteer.
- Integrale bediening lewer sosio-ekonomiese voordele op plaaslike vlak. Die respondente het ook nie sodanige voordele aangedui nie.
- Evangelisasie uit ’n *missio Dei*-perspektief behoort inherent deel van ŉ Gereformeerde Kerk se ampstruktuur te wees. Die respondente het gemeen dat evangelisasie integraal met die kerklike ampte verweef behoort te wees, aangesien dit Christus se Groot Opdrag aan die kerk was. Gevolglik het ’n nie-evangeliserende kerk in die kern geen bestaansreg nie. Die evangelisasie moet grondig in die amp geanker wees en deel van die gemeente se visie en beleid vorm.

*Onafhanklikheid en volwassenheid aanmoedig*

- Sendelinge moet die kerkleiers en lidmate leer dat hulle tot meer in staat is as wat hulle geneig is om te dink. Hulle taak is om die gawes van die Gees van lidmate te laat ontluik dat die gemeente hulleself opbou. Onafhanklikheid wat as deel van Bybelse volwassenheid hierdeur ontstaan moet deurgaans aangemoedig word. Hierdie ingesteldheid stimuleer ook ’n holistiese lewe met die Drie-enige God.
- ’n Strategiese voorstel is dat die sturende kerk teen die aanwend van duur besoldigde personeel waak om sodoende ’n beter verspreiding van finansies te verseker. Dit roep die vraag op: Behoort sendelinge gouer op die plaaslike kerkleiers se verantwoordelikheid te fokus? Bekwame personeel wat minstens die basis vir gesonde sendingwerk kan lê, kan ook hoër finansiële eise stel. Hierdie aanstellings moet soveel moontlik beperk word.
- ŉ Holistiese benadering identifiseer potensiële nuwe kerkleiers in die plaaslike gemeente, motiveer hulle, rus hulle toe en lei hulle op vir hulle toekomstige taak. So ’n holistiese benadering belê in die toekoms, en het nie slegs in die hede in gedagte nie.
- Onder die respondente was ’n opvallend implisiete en eksplisiete opmerking wat telkens opgeduik het. Dit is oor die noodsaak en behoefte van die plaaslike kerk om eie

verantwoordelikheid te aanvaar. Hieruit kan afgelei word dat die sendelinge nie die kerkleiers, gemeentelede en lede van die bevolking hierdie ingesteldheid aangeleer het nie. Die vraag wat hieruit voortspruit, is: Wat word met "verantwoordelikheid" bedoel? Kan so 'n ingesteldheid dien om ander se foute aan te toon om 'n mens se eie aanspreeklikheid te ontduik? Verdere ondersoek hieroor kan nuwe lig werp en talle perspektiewe open op, onder meer, die armoede- en werkloosheidsprobleem in Afrika. Die respondente het 'n duidelike behoefte uitgelig dat die plaaslike kerkleiers tog die behoefte het om geleer en gewys te word hoe om verantwoordelikheid te neem.

- Die fokus val ook op die toekomsprojeksie indien die Westerse kerke veel meer sou belê in die enorme behoefte aan Bybelse en teologiese opleiding en vorming. Die vraag ontstaan: Wat sou die uitwerking wees as sulke toerusting uit 'n soliede, integrale visie en sendingstrategie gelewer word?

*Sterk- en swakpunte uitwys*

- Die sendelinge het te kampe met voortdurende magstryde oor geld en gevolglike kerkskeurings onder die plaaslike kerke. Dit roep die vraag op: Kan met reg beweer word dat die Afrika-mens 'n mens-mens is, die *Ubuntu*-gedagte, terwyl elkeen in hierdie omstandighede op homself en eie oorlewing gerig is? Die integrasie van Woord en daad is hier uiters relevant en vra deeglike besinning.
- Respondente van die Onafhanklike Kerke was/is meer uitgesproke in hulle reaksie oor die sterk- en die swakpunte van die CGKN se integrasie van Woord en daad. Hierteenoor was die gereformeerde respondente meer toeskietlik en sagter in hulle oordeel. Laasgenoemde respondente wys op Bybelse wysheid, takt, liefde en weloorwoë keuses. Die meer uitgesproke respondente neig na 'n "alles of niks"-benadering vir die integrasie van Woord en daad. Die vraag wat hier geld: Kan hierdie benadering 'n moontlike antwoord bied op die verskil tussen die offervaardigheid en finansiële selfstandigheid wat minder sterk by die Gereformeerde Kerke aanwesig is?
- Die Onafhanklike Kerke gebrekkige kerkregeringstruktuur wat tug, dissipline en roeping betref is hulle swakpunte, waar dit juis as die krag van die Gereformeerde Kerke se krag blyk, saam met hulle gereformeerde teologiese grondslag. Hierteenoor meen die respondente van die Onafhanklike Kerke dat die Gereformeerde Kerke mense tot die amp toelaat voordat hulle werklik bekeer en wedergebore is.
- Blanke- of Westerse sendelinge is té gevoelig en oorversigtig vir kritiek. Hierdie opmerking van die respondente val op, veral teen die agtergrond van die konfronterende Nederlandse kultuur teenoor die ontwykende asook niekonfronterende Afrika-kommunikasiestyl. Die Afrika-kultuur ervaar dat Nederlanders te maklik en kras kritiek

uitdeel, maar dit nie kan hanteer wanneer hulleself gekritiseer word nie. ’n Holistiese benadering vra nie net na kontekstualisering nie, maar ook na Bybelse liefdevolle durf om die waarheid te verkondig en regstellings te aanvaar (Spr. 13:18; Matt. 18:15-17). Die ervaring met Nederlanders, insluitend sendelinge en ander verteenwoordigers van die CGKN, in KwaNdebele is dat hulle maklik kritiek uitdeel, maar kritiek wat ontvang is moeilik aanvaar. Haw (2014a) bevestig dit uit haar uitgebreide ervaring in die *Micah Network*. Die navorser van die huidige studie ondervind dit ook deurlopend in sy bediening in Nederland. Dit is nie bekend wat die onderliggende rede is nie en of te oorheersend voorkom, omdat geld hulle dalk mag gee nie. Verdere navorsing kan nuwe lig hierop werp. Betreffende die integrasie van Woord en daad uit ’n *missio Dei*-perspektief vra hierdie aspek bekering van die sturende kerk wat moeilik die balans tussen Woord en daad (lees: kritiek) aanvaar. Binne ’n *missio Dei*-perspektief behoort die sturende kerk sodanige opmerking as regstelling en lering in liefde en waarheid te aanvaar, ter wille van die opbou van die koninkryk en eer aan God. Die keersy geld egter ook. Van die plaaslike kerkleiers van KwaNdebele mag verwag word om vanuit die Bybelse perspektief kritiek te durf lewer en nie ontwykend te reageer soos dit by hulle kultuur pas nie. Ook hier geld bekering, sodat die Bybelse kultuur hierin gevolg word. Op dié manier groei en word die eenheid en onderlinge gelykheid oor kulture heen versterk.

*Verhouding met Westerse kerke uitbou*

- Die Onafhanklike Kerke staan krities teenoor die Gereformeerde Kerk se missionêre bewustheid en gedrewenheid, en verkeer onder die indruk dat hierdie grondhouding nie in die ampstruktuur van laasgenoemde kerke leef nie.
- Diensknegleierskap is ŉ groot behoefte maar is nie deurlopend ŉ bekende begrip in die Onafhanklike Kerke nie. Die rede is dat dit as swakheid beskou word binne die Afrika-konteks waar mag, invloed en status juis aan mense, en veral leiers, hulle waarde gee. Dit pas ook nie binne die skaamtekultuur van Afrika nie. Na aanleiding van die magstryde behoort opleiding deegliker aandag aan selfverloëning te gee deurdat kerkleiers leer oor diensknegleierskap. Daarbenewens word die Westerse kerke, en gevolglik die sending, as indringers binne die Afrika-kultuur beskou. Hier geld egter ook die feit dat die plaaslike inwoners die sendelinge se woorde en dade dikwels as inkonsekwent en liefdeloos ervaar vanuit hulle tradisionele Afrika-perspektief. Dit is uiters noodsaaklik vir die sturende kerk om hiervan bewus te wees en die unieke dilemma te begryp.
- Sendelinge behoort saam met die plaaslike kerkleiers ŉ aksieplan vir groei na selfvoorsiening op te stel. Hierdie plan behoort aan te dui wanneer skenkerlande hulle

geleidelik kan onttrek, terwyl die gemeente stelselmatig selfversorgend word. Dit is nie sendelinge se verantwoordelikheid om kerkgeboue op te rig nie, maar om die plaaslike bevolking te begelei dat hulle dit self doen. Dit is uiteindelik die enigste manier waarop die plaaslike mense die infrastruktuur sal waardeer, koester en onderhou.

*Toekomsvisie en selfverantwoordelikheid inskerp*

- Die behoefte om self verantwoordelikheid te neem en selfvoorsienend te wees ondersteun die behoefte aan ’n sterker eiewaarde en selfbeeld by die plaaslike kerke.
- Laevlak- en hoëvlak-, gedesentraliseerde en gesentraliseerde opleiding van ongeskoolde kerkleiers in onderontwikkelde en ontwikkelingsgebiede kan en behoort aanvullend te werk. Wêreldwyd word ’n naatlose verbinding beklemtoon tussen laervlak en hoërvlak opleiding. Uit die onderhoude blyk ook dat dieselfde *missio Dei*-visie noodsaaklik is. ’n Leidende vraag kan wees: Is daar ’n roeping na eenvormige visie en beleid vir onderrig en kurrikulering? Sendelinge en kerkleiers moet hierin ’n leiding-gewende en voorbeeldfunksie vervul.
- Opleiding van kerkleiers lei tot holistiese dade van diensbare barmhartigheid wat nood help verlig.
- Daar bestaan ’n behoefte aan samewerkende kerkleiers wat mekaar verstaan en mekaar se agtergronde ken, en sou kon bydra om van die gesamentlike visie ’n sukses te maak. Tog is daar onder die plaaslike kerkleiers ’n gebrek aan kennis, drakrag en deursettingsvermoë om van so ’n samewerking ’n sukses te maak. Lesse oor die verlede waarin misluk is om saam te werk, moet ter harte geneem word.
- Daar is ’n dringende vraag of die CGKN wel uit KwaNdebele sou onttrek het indien hulle ’n deeglike evaluering gedoen het. In daardie geval sou die sturende kerk agterkom dat die nood net te ingrypend is om die sendingwerk daar op te skort. Hierdie vraag leef in die hart van die KwaNdebele-inwoners en herbevestig die noodsaak om die navorsingsvraag te beantwoord.
- Kerkleiers wat by die MBS of MTC opgelei is, het daardeur in onguns by hulle eie Onafhanklike Kerk geraak en is gevolglik van die gemeente losgemaak vanweë hulle veranderde en meer Bybelse (en gereformeerde) prediking. Hierdie leiers is ’n kwesbare groep en dit moet diegene wat vir hulle opleiding verantwoordelik is, nie uit die oog verloor nie – ook nie die sturende kerke nie. Ook hierdie aspekte is in Woord en daad se eenheid geïntegreer.

Om saam te vat: Eerstens is die Bybelse beginsels vir die integrasie van Woord en daad ondersoek (Hoofstuk 2), waarna die CGKN se visie en beleid vir hierdie integrasie in die missionêre bediening in KwaNdebele geëvalueer is (Hoofstuk 3). Daarna is die kerkleiers van hierdie gebied se evaluering van die CGKN se bediening aangehoor (Hoofstuk 4). Gevolglik, deur die *audi alteram partem*-beginsel, moet die vraag na ’n toepasbare holistiese model vir ’n missionêre integrale bediening met hart, mond en hande vanuit *missio Dei*-perspektief beantwoord word. Hierdie vraag kom in Hoofstuk 5 aan die orde.

# Hoofstuk 5

# GEVOLGTREKKINGS EN OPERASIONELE BEDIENINGSRAAMWERK

## 5.1 Gevolgtrekkings

Die kernvraag van hierdie studie is in Hoofstuk 1 soos volg geformuleer: In hoe ŉ mate was en is daar sprake van holisties geïntegreerde sending (met hart, mond en hande) in die sendingwerk van die CGKN in KwaNdebele as dit uit die *missio Dei*-beginsel missiologies ondersoek word? Watter bydrae kan hierdie ondersoek tot reformatoriese missiologie lewer?

Die studie is begrens deur die vraag hoofsaaklik te beantwoord in die lig van die volgende aspekte:

- ŉ Bybels-eksegetiese begronding van die *missio Dei* vir hierdie holistiese motiewe – die integrasie van hart, mond en hande.
- Die sendingparadigma wat die grondslag gelê het vir die CGKN se sendingwerk in KwaNdebele.
- Die uitwerking van die sendingwerk van die CGKN in KwaNdebele op die inheemse bevolking.
- Die daarstel van ’n operasionele denkraamwerk vanuit die bevindings van die prinsipiële studie en die evaluering van die CGKN se sendingwerk in KwaNdebele. Die doel hiermee is om ŉ bydrae te lewer tot reformatories integrale sending (met hart, mond en hande) in die lig van die *missio Dei* binne KwaNdebele asook elders in die wêreld.

Deur die bevindings van die empiriese en literatuurondersoek oor KwaNdebele in lyn met die woordstudie te bring, vloei ’n bedieningsmodel voort. Teorie en praktyk word sodoende verbind. Die doel is om ’n model aan te bied gebasseer op die prinsipieel-eksegetiese studie en lesse wat uit die CGKN se sendingwerk getrek is oor hoe om integrale sendingwerk te doen.

In die lig van hierdie kernvraag en die begrensing in die beantwoording daarvan, kan die volgende finale gevolgtrekkings hier onder gemaak word.

### 5.1.1 Missio Dei

Missio Dei definieer die identiteit, plek en taak van Christus se kerk binne God se sending in die wêreld. Die kerk is God se instrument om alle mense en volke met God se Woord te bereik.

Hieruit spruit dade om mense te lei dat hulle integraal met hart, mond en hande tot God se eer leef terwyl hulle in Christus met God versoen is.

Die gevolg hiervan is dat sake wat mense besig hou, die kerk se bedieningsterrein is. Dit geld terreine soos bekering, geloofsgroei, die koninkryk van God, ekonomie, politiek, maatskaplike onderwerpe, etiek en die samelewing. Hierdie aspekte moet só hanteer word dat dit mense na Christus lei, waar die nuwe lewe in Hom voortdurend groei en ontwikkel met ’n uitsig op die nuwe hemel en die nuwe aarde. Die prediking van die Woord moet op die mens se lewe in geheel gerig wees. Dit moet nie slegs op persoonlike verlossing deur vergewing van sondes fokus nie. Sodanige prediking oefen nie invloed uit op die praktiese geregtigheid in die lewe nie. Sodoende leer dit mense nie om in vrede met God te leef en dat hulle op Hom mag hoop nie. Persoonlike verlossing is ’n onderdeel van die missio Dei, maar sou gesien moet word as ’n middel tot God se doel, wat veel groter is. In hierdie opsig loop die twee begrippe, verlossing en instrument, hand aan hand.

Die kerk is nie die doel van sending nie. Daar sal gebreek moet word met allerlei veronderstellings oor kerkwees. ’n Kerk is nie ’n soort wagkamer vir die hemel of ’n klein hemeltjie voor die eintlike hemel nie. Dit is geen alleenstaande instelling nie en bestaan nie vir sigself nie. In hierdie sin is kerke geen “siele-wen-organisasies” nie, maar ’n middel tot ’n doel. Kerke skakel in by God se doel en plan met die geskape werklikheid in geheel. God span die kerk in as sy instrument met ’n duidelike doel, fokus en visie in die sondige en gebroke wêreld. Hierdie aspek is wesenlik en behoort deel van die gemeente en kerkverband se denke, visie en sending te wees om as gesonde kerk te funksioneer.

Veral Westerse reformatoriese kerke moet waak teen prediking van persoonlike verlossing wat gelowiges nie ook daartoe lei om die gruwelike ongeregtighede van die samelewing minstens te bevraagteken nie. Kerke moet daarvan bewus wees dat daardie benadering beslis nie Christus-gesentreerde prediking behels nie. Westerse reformatoriese kerke behoort hulle rol, plek en roeping in die wêreld te heroorweeg, geestelike en strukturele vernuwing aan te durf en hulle dan te herorganiseer en herstruktureer om as doeltreffende instrument in God se plan te dien. Daarby is dit die leraars se taak om die *missio Dei*-perspektief op die kerk te verkondig. Hulle moet dit losmaak van ’n Westerse kultureelgekleurde projeksie van hulle verstaan oor kerkwees. Die *missio Dei*-perspektief vra selfondersoek van sendingkerke en tegelyk ’n projektering in hulle sending wat die ware aard en doel van kerkwees deurgee. In dié sin vereis dit kontekstuele denke en verkondiging van God met Woord en daad, terwyl die boodskap vir plaaslike kultuur geïnterpreteer en daarbinne toegepas word.

Uit die *missio Dei*-perspektief gesien, is integrale sending se taak uiteindelik veral ewig gefokus op ’n nuwe, herskepte aarde. Die einddoel is nie tydelik tot hierdie aarde beperk nie, terwyl die fokus ook nie hierdie lewe kan ignoreer nie. God is ewe soewerein en integraal betrokke by die politiek as by die mens se emosies en geestelike lewe. Hierdie aspekte staan nie los van mekaar nie en vra ’n integrale benadering. *Missio Dei*-bediening daag mense uit om te vra of hulle lewe op aarde voor God se aangesig in ooreenstemming is met sy opdrag wat van skepping tot kosmiese transformasie strek en saamhang met die koms van die nuwe hemel en die nuwe aarde.

Missiologie behoort te besin oor die manier waarop die geestelike, politiese, ekonomiese en sosiale dimensies waarin mense hulle bevind in ooreenstemming met die kultuurmandaat gebalanseerd benader kan word.

### 5.1.2 Betekenis van die woordstudie oor Woord en daad

In Hoofstuk 2 is gesoek na ’n Bybelse begronding vir die integrasie van hart, mond en hande in ’n aantal kernbegrippe wat vir sendingwerk van belang is. Daar is eers gesoek na sleutels om hierdie woorde in die konteks van die Bybel te verstaan. Hierdie sleutels dien as prinsipiële, sturende en rigtinggewende vrae by die bestudering van die Woord, omdat hierdie vrae die wesenlike heilslyne bevat. Só word die woord in die regte perspektief verstaan. Dit ontsluit die verweefdheid tussen Woord- en daadverkondiging in ’n aantal Bybelse sleutelvrae:

1. Wie is God?
2. Waarom het God die aarde geskep?
3. Waarom het Christus mens geword, gesterf en uit die dood opgestaan?
4. Waarom is die Heilige Gees na die wêreld gestuur?
5. Wat is God se doel met die kerk in die wêreld?
6. Wat is God se belofte vir die toekoms?

Deur die betekenis van ’n aantal sleutelwoorde hier te ondersoek, is die beginsels vanuit die Skrif oor die integrasie van hart, mond en hande in sendingwerk hier onder ontsluit. Hierdie woorde staan in verhouding tot mekaar soos die skakels van ’n ketting, waardeur integrasie, ’n onderlinge verbondenheid en ’n lyn ontstaan. Anders gestel: Dit is soos die verskillende drade van ’n spinnerak wat verbind is om een geheel te vorm. Wanneer ’n mens aan die een spinnedraadjie trek, beweeg dit die hele spinnerak. Hierdie sleutelwoorde verweef hart, mond en hande met mekaar, maar is self ook onderling verbind. Dit vorm dus die fondament of basis waarop sendingwerk gebou kan word.

Hierdie lys kernwoorde is slegs ’n greep uit meer belangrike woorde in die Bybel. Hierdie woorde is gekies omdat dit op hierdie oomblik vir sending van groot belang is en ’n belangrike bydrae tot die verstaan van integrale sending lewer. Moontlike kritiek sou wees dat dié woorde se betekenis ’n té idealistiese en onbereikbare beeld in ’n gebroke wêreld skets. Dié kritiek kan nie gehandhaaf word nie, omdat God in sy Woord hierdie begrippe as beginsels en doelwitte voorsien om aan die bediening inhoud en vorm te gee. So kan geestelike groei ook gekonstateer word. Verdere studie na meer Bybelse basiswoorde is nodig om die verband tussen Woord en daad te ondersoek en om in die bediening toe te pas. Hier word gepoog om ’n kort samevatting te gee van die sleutelwoorde wat in Hoofstuk 2 bespreek is. (Sien Hoofstuk 2 vir die volledige bespreking van elke woord.)

- **Woord (דָּבָר, λόγος, ῥῆμα); God se woorde is altyd dade**

Woord is verbale getuienis van God wat in dade uitwerk. God se woorde is ook dade. Woord en (laat) lewe is sinonieme soos gebruik in Genesis 1:3. Met Christus as beliggaming van die Woord self is die kerk as gemeenskap van die Woord, gevolglik ook ’n gemeenskap van die daad. Woord veronderstel beide inhoud en praktyk. Deur die Woord só te verkondig en toe te pas wil dit in elke sendingsituasie lewe in en vanuit God bring. Skrifgetroue sending moet die goeie nuus van die evangelie vertel asook met dade illustreer of bevestig.

- **Seën (בְּרַךְ, εὐλογέω, μακάριος); geestelik en prakties – waarborg en voorsmaak**

Seën is gerig op die mens se geestelike én fisiese lewe. God se seën is ’n geestelike en praktiese of fisiese waarborg en voorsmaak van sy groot nuwe eskatologiese toekoms. Hierdie seën is hoorbaar, sigbaar en voelbaar. Dit werk op die onderskeie terreine in die mens se lewe uit. Hierdie toerusting bring die gelowige in beweging om ’n integrale seën vir ander te wees en die ontvanger geestelik en prakties te bevoordeel. Deurdat dit troos, vreugde en voorspoed bring sal die ontvanger God loof en sy Naam groot maak. Missionêre bediening is bewus en spesifiek daarop gerig om God se seën oor mense uit te spreek, tot seën vir mense te wees en dade te verrig wat self seën bring.

- **Godsvrug (εὐσέβεια); verander gedrag en verhoudings**

Godsvrug hou in dat God die Heilige Gees self sy vrug van ’n geheel nuwe leefstyl in gelowiges se lewe tot stand bring (Gal. 5:22). Deur die mens te red is Christus die bron en voorbeeld van ware godsvrug. Só wil gelowiges in elke faset van hulle bestaan toon dat hulle leef uit die hoop op die ewige vrug, op die nuwe aarde en in die nuwe hemel. Sending behoort mense te leer, te lei en aan te moedig om ’n lewe van godsvrug te lei wat alle gedrag en verhoudings transformeer met die oog op die ewige lewe. Godsvrug is verweef met onder meer dade van geregtigheid, regverdigheid, broederlike liefde, standvastigheid, minsaamheid, deugsaamheid en selfbeheersing. Uit ’n *missio Dei*-perspektief behoort kerke dus ’n godvrugtige impak te hê

op alle menslike verhoudings deur die berokkenes se woorde en dade. Godsvrug staan op hierdie manier in skerp teenstelling tot die leefstyl wat los van God leef en verskerp hierdeur die fokus op die volmaakte godvrugtige ewige lewe.

- **Medewerker (συνεργός); instrument om die gemeenskap te vorm**

Die gelowiges is as kerk van die Here sy geroepe, begenadigde en gestuurde medewerkers wat met hulle totale lewe binne die samelewing waarin elkeen hom of haar bevind en optree as God se verkose en geseënde instrument. As medewerkers verkondig hulle die Woord en bevestig dit met dade om die samelewing te vorm en te fatsoeneer as integrale onderdeel van die koninkryk van die hemel. Daarom het die sendelinge en die sturende kerk, wat die geld besit, nie alleenseggenskap nie, maar benader hulleself as nederige medewerkers *van* God en tree ook só op.

- **Vrees vir die Here (ירא,פחד, φόβος); grondhouding; bring vryheid en hoop**

Vrees vir die Here is ’n onmisbare grondhouding vir die gelowiges veral wat betref hulle moraliteit, integriteit asook integrasie van woorde en dade. Hierdie vrees bepaal gelowiges se verhoudings, hulle eie lewenshouding en optrede met Christus as Bron en Voorbeeld. Vrees vir die Here lei gelowiges om net een verlange te hê, naamlik om doelgerig volgens God se wil en norme te leef met hart, mond en hande. Dit gee die vryheid om God integraal te volg en te dien en bring sodoende troos en hoop asook ’n visie dat die kerk uitbrei en die lidmate vermeerder (Hand. 9:31).

- **Vrede (שָׁלוֹם en εἰρήνη); welsyn, rus en volheid**

Wanneer die Here as die God van vrede integraal verkondig en bedien word, bring dit vir mense die volgende positiewe aspekte in die lig van die ewige hemelse volheid en rykdom in Christus: troos, hoop, welsyn, voorspoed, rus, veiligheid, bloei en sekuriteit. Vrede is volledige versoening wat in Christus veranker is. Dit werk uit in ’n toestand van volledige ontluiking in die onderskeie dimensies: fisies, emosioneel, sosiaal en geestelik, sodat die verhoudings perfek, goed en met vreugde vervul is. Integrale missionêre bediening bedien vrede bewustelik en selfs planmatig. Dit wil die mense in al hulle lewensverbande – ekonomie, politiek, gesondheid, natuur, geloof – vrede laat ervaar en volledig laat ontwikkel in God. Mense kan hierdie vrede reeds hier en nou gedeeltelik op verskeie maniere geniet, maar sal dit ten volle kan ervaar met die wederkoms van Christus. (In Rom. 8:23; 2 Kor. 1:22; 5:5 en Ef. 1:23 druk die term *deposito* hierdie verhouding uit.)

- **Regverdigheid (צַדִּיק, δικαιοσύνη); genesende gemeenskappe**

Regverdigheid stel mense in staat om Goddelike vrede te ervaar wanneer God aksie onderneem om hulle in en deur Christus in die regte verhouding met Hom te herstel. Dit spoor

gelowiges aan om hulle naaste reg te behandel. Die kerk dien as regverdige gemeenskap. Dit dui op 'n kwaliteitlewe wat in die kerklede se onderlinge verhoudings tot sosiale geregtigheid lei én die mense as God se beelddraer kenmerk as regverdig. Hierdie regverdigheid geskied holisties, met hart, mond en hande. Die Bybel verweef en integreer dit met die praktiese lewe. Die gelowige vorm 'n wesenlike skakel om die gebroke weefsel van vrede in die wêreld te herstel.

- **Geregtigheid** (מִשְׁפָּט); **onderneem aksie om te herstel**

God kom self in Christus en deur die krag van die Heilige Gees in beweging om gemeenskappe sodanig te herstel dat vrede en regverdigheid geld in kwaliteitverhoudings. God is Self die maatstaf vir geregtigheid, omdat dit sy aard en wese is. Hy dra dit aan die mens op om in navolging van Christus ook so te wees en op te tree. God gebruik só die kerk om as helende gemeenskap te dien, te herstel, te verbeter en as instrument vir 'n regverdige samelewing op te tree. Die verhouding van die indiwidu met God en met die gemeenskap word hierdeur versterk.

- **Gemeenskap (κοινωνία); weerspieël gemeenskap met God**

Gemeenskap beskryf die kwaliteit en inhoud van die verhouding tussen God en die mens én tussen mense onderling. Die Heilige Gees lei gelowiges in 'n hartlike gemeenskap in die geloof met God en sodoende met medegelowiges wat die lewe in geheel omsluit: hart, mond en hande. Finansiële, morele en pastorale steun aan hulpbehoewende gelowiges of kerke is voorbeelde van hoe ware geloofsgemeenskap uitgeleef word. Reformatoriese sending moet waak teen tendense waar Godgeïnspireerde gemeenskap wegsyfer in formele verhoudings of kerkregtelike juridiese beheer ten koste van hierdie liefde. Geestelike gemeenskap word prakties ingevul deur aksies soos om arm mense te klee, siekes te besoek, toe te sien dat siekes versorg word asook gevangenes te troos en te bemoedig. Sodanige gemeenskap het 'n aantrekkingskrag wat ongelowiges na die kerk toe lok (Hand. 2:47). Die Westerse sendingbenadering projekteer en kopieer té maklik die Eerstewêreldse formele, geïnstitusionaliseerde kerklike lewe of 'n indiwidualistiese Westerse geloofservaring op ander kwesbare kulture. Ware gemeenskap streef om die onderlinge verhouding van God Drie-enig en die lewe van die ewige gemeenskap met God in alle opsigte te weerspieël.

- **Bediening (διακονία); liefde in aksie**

Bediening is God se instrument van liefde in aksie. Dit proklameer die Drie-enige God se oorweldigende liefde vir die mensdom geïntegreer met genadevolle diensbare dade. Missionêre διακονία lei in navolging van Christus tot konkrete dade van barmhartigheid waardeur mense vrede, regverdigheid, geregtigheid, liefde en gemeenskap in al die fasette ervaar, nou reeds en in die ewige lewe. Vanuit 'n *missio Dei*-perspektief lei sending mense tot volledige liefdevolle

diensbaarheid. Gevolglik mag 'n mens διακονία nie beperk tot 'n geïnstitusionaliseerde ampsbeskouing nie.

- **Liefde (ἀγάπη); omvattend, oorweldigend en onweerstaanbaar**

Liefde is gegrond in God se aard en optrede, en is 'n omvattende en oorweldigende kenmerk van Christelike dissipelskap. Dit kwalifiseer die bediening met Woord en daad as gemeenskap van Goddelike liefde. God se Woord verkondig hierdie liefde en bewys dit met dade van barmhartigheid. Vanuit 'n *missio Dei*-perspektief gesien, fokus hierdie ingesteldheid uiteindelik op buitestaanders. Liefde moet beslis ook na binne op medegelowiges gerig wees, maar met die doel dat dit juis ook Christus aan die wêreld verkondig (Joh. 13:34-35). God se liefde moet in die wereld kan skitter. Hierdie liefde vuur die kerk, wat daaroor praat en preek, aan om medemense, die samelewing en veral noodlydendes, met woorde en dade van barmhartige liefde te bedien. Hierdie liefde betrek die onderskeie aspekte van mense se lewe – geestelik, liggaamlik, natuurlik, fisies, emosioneel en finansieel.

- **Armoede (πτωχos); beskadigde of gebroke verhoudings**

Doeltreffende integrale bediening begin deurdat sendelinge hulle eie volslae bankrotskap teenoor God verstaan en teenoor God en hulle medemens erken. Hulle doen dit deur God se volmaaktheid en ewige rykdom persoonlik te bely en te aanvaar. Hierdie twee aspekte is essensieel, maar ook 'n voorvereiste vir integrale sending. Jesus het in die armoede van die mens geïnkarneer om God se ewige rykdom te bring. Sending help die armes om hulle eie Godgegewe waardigheid as verlostes te ontdek deurdat hulle gehelp word om selfversorgend te raak en só ander in nood te help. 'n Besef van egte armoede bring 'n nuwe verstaan van egte hemelse rykdom wat op verskillende maniere nou reeds werklikheid word. Sodoende bedien die sending aan armes hoop op die hemelse erfenis (1 Pet. 1:3-4). Missionêre bediening aan armes kan die volgende drie aspekte insluit:

- verligting van mense betreffende hulle geestelike, fisiese, sosiale, relasionele, sielkundige of materiële behoeftes;
- begeleiding en ontwikkeling van mense om selfversorgend te wees en verryk te word deur self na ander in nood uit te reik (Ef. 4:28);
- reformasie van sosiale omstandighede en strukture.

Westerse sendelinge moenie armoede verskraal verstaan, of dit projekteer slegs in terme van geld en fisiese behoeftes nie. Hulle moet eerder verstaan en verduidelik dat dit 'n verhoudingskonsep is van waaruit die ander aspekte voortvloei. Armoede kan in verskillende omstandighede uiteenlopende betekenisse en toepassings hê. Wanneer sendelinge hulle eie

geestelike armoede asook rykdom verstaan, sal hulle die beste in staat wees om materiële arm mense in hulle rykdom te herken en dien. Beide is bewus van hulle gelykwaardigheid wanneer hulle uit God se genade leef.

- **Beeld van God (Imago Dei, צֶלֶם, εἰκών); Godgegewe waardigheid, verteenwoordiging**

"Beeld van God" beklemtoon dat Christus aan die mens as God se verteenwoordiger op aarde waardigheid en verantwoordelikheid gee. Dit is die mens se taak om die aarde te bewoon, bewerk en bewaar. Die doel is om onder meer ekologies verantwoordelik, ekonomies aktief, produktief, werkend, kommersieel betrokke en tegnologies vindingryk te wees. Dit geskied deur in harmonie en vrede met medemense te leef, in ooreenstemming met die kultuuropdrag. Hierdie doel bied 'n kragtige perspektief op die identiteit, doel en taak van die kerk. Dit is om mense na Christus te lei om integraal as beeld van God versoen en herstel te word. Só kan herstelde mense in alle opsigte van hulle lewe nou reeds begin leef soos God hulle as sy beeld en verteenwoordiger bedoel het. *Imago Dei* en *missio Dei* is twee kante van dieselfde muntstuk – en dus onlosmaaklik verbind.

- **Dissipels maak (μαθητεύω); Lewenslange afrigting; groeiende gehoorsaamheid**

Dissipels maak is langtermyn of lewenslange begeleiding en ondersteuning in toenemende gehoorsaamheid aan en navolging van Christus. Westerse sendelinge behoort huiwerig vir korttermynprojekte en finansieel gebaseerde projekte in kwesbare gebiede te wees. Langtermynverhoudings en integrale investering op langtermyn is onmisbaar deel van dissipels maak, omdat dit tyd gee om Christus met Woord en daad te weerspieël, en só volgelinge van Hom kan maak. Tyd is nodig om dissipels te maak en vir Christus se beeld om gestalte te kry. Dit is in ooreenstemming met Jesus se onderneming om die dissipels in alle opsigte integrale "vissers van mense" te maak (Matt. 4:19). *Missio Dei*-bediening streef daarna om mense in hulle hele lewe integrale en holistiese volgelinge van Christus maak. Dit bewys dat hulle nou reeds in die nuwe lewe van Christus uitleef. Dissipels maak behoort organies, maar ook bewustelik, doelgerig, strategies en beleidsmatig plaas te vind. Die bewusmaking en ontwikkeling van die gawes van die Gees by elke gelowige is hiermee verbind.

- **Getuig (μαρτυρέω, μαρτυρία); biddend vertel, wys en deel**

Elke gelowige, dissipel van Christus, het die mandaat om in sy/haar volle leefwyse getuie van die lewende God in Jesus Christus, deur die krag van die Heilige Gees te wees. Vanuit 'n *missio Dei*-perspektief is dit die kerk se taak om gelowiges integraal te leer om God se getuies te wees met woorde, voorbeelde en dade. Hierdie getuienis vind plaas wanneer gelowiges saambid, die Woord deel, oor God se dade in hulle lewe praat asook voedsel, besittings en geld uitdeel en mense toerus om selfversorgend en diensbaar te word. Hierdie dinge geskied geïntegreerd en nie in kompartemente los van mekaar nie.

- **Woord en daad**

Dade vloei nie net voort uit die Woord om te bevestig dat God se Woord waar en lewenskragtig is nie. Die doel van dade wat uit die Woord voortvloei is om al bogenoemde woorde in liefde tot lewe en uiting te bring met hart, mond en hande. In die praktyk gaan dade soms voorop en berei die pad vir woorde voor. Die dade is met die Woord verweef. Die liefde kwalifiseer en kenmerk Woord en daad deurdat dit *binne* albei aspekte aanwesig is. Woord en daad kan nie gesien word as twee gelyke dele, of soos die twee vlerke van 'n vliegtuig wat dit in balans en in die lug hou nie. Daar moet eerder in afsonderlike situasies na die verweefde eenheid in plaas van balans tussen die twee aspekte gesoek word. Elkeen van die begrippe wat hier bo bespreek is, begin en eindig in God self en werk deur na die lewe van mense op aarde. Deur hierdie feit in te sien, ontstaan 'n heilige besef en noodsaak om hierdie woorde se volle betekenis en waarde te ontgin om God se sending (die *missio Dei*) uit te voer. Die integrasie van Woord en daad is dus wesenlik om die Bybel in die volle konsekwensies daarvan te verstaan en toe te pas, van begin tot einde, Genesis tot Openbaring.

Die integrasie van Woord en daad is so wesenlik dat hierdie eenheid nie beperk kan word tot sendelinge wat daarin geïnteresseerd is nie. Hulle sal saam met die kerke wat hulle dien voortdurend bewus moet fokus op die vraag hoe die woorde in die woordstudie, en nog meer sleutelwoorde in die Bybel, binne die sendingsituasie tot volle betekenis gebring kan word. Dit vra die volgende kwaliteite: geestelike groei, gebed, studie en besinning, wysheid en insig, en benutting van strategiese, bestuurs-, kulturele en kontekstuele kennis. Sodoende kan 'n mens Woord en daad beskou as instrumente en geen doel op sigself nie. Dit is instrumente om mense met die lewende God te vervul, sodat "die wêreld kan weet dat U My gestuur het en hulle liefhet net soos U My liefhet … sodat die liefde wat U aan My bewys het, in hulle kan wees en Ek in hulle" (Joh. 17:23, 26).

### 5.1.3 Miga-verklaring

Die Miga-verklaring is in besonderhede in Hoofstuk 2 bespreek (2.10.1). Dit lewer wêreldwyd 'n wesenlike bydrae in die verstaan van integrale sending en bied belangrike perspektiewe om die kernnavorsingsvraag van die huidige studie te beantwoord. Die Miga-organisasie is steeds besig om oor hierdie onderwerp te besin, met die gevolg dat hierdie studie as aanvulling op daardie proses kan dien. Hier onder volg 'n kort samevatting van die Verklaring en wat dit wil bereik.

Uit die Miga-verklaring kan geleer word dat holistiese bediening God se aard, heerskappy en genade aan armes bedien. Sending is op mense gerig en nie op strukture, status en magsposisies nie. Verkondiging van die Woord het sosiale en maatskaplike gevolge wanneer

mense op die onderskeie terreine van hulle lewe geroep word tot liefde vir God en bekering tot God. Integrasie, proklamasie en demonstrasie met kompassie is drie bruikbare en leidende sleutelbegrippe wat ook meetbaar is. Integrale bediening daag Christene uit om te "netwerk" en saam te werk om die uitdagings van globalisering saam aan te pak. Hierdie soort bediening bou brûe tussen etnies verdeelde gemeenskappe, rykes en armes, en tussen verdrukkers en onderdruktes. Dit soek ook na 'n Bybelse verbruikerskultuur en ekonomiese ingesteldheid wat die voordeel van alle mense soek. In dié sin lei integrale bediening tot geïntegreerde missionêre dissipelskap as verantwoordelike en duursame gebruik van God se skeppingsbronne sowel as die verandering van die morele, intellektuele, ekonomiese, kulturele en politieke dimensies van die mens se lewe.

Kerke moet Christene help om die Bybelse betekenis van rentmeesterskap te ontdek of herontdek. Die sturende of helpende kerke moet hulle afvra in watter mate hulle die jong kerke wat gehelp word nodig het sodat duidelike wederkerigheid sigbaar word.

Die Miga-verklaring wys op die belang van aspekte soos rentmeesterskap, wederkerigheid, kontekstualisering, selfversorging en selfwerksaamheid. Dit wil Christene, kerke, hulpverleners asook hulporganisasies met mekaar in gesprek bring om saam te werk. Daarby word die plaaslike kerk as die mees geskikte instrument of organisasie beskou om plaaslike gemeenskappe te bereik. Die kerke is met die gemeenskap verweef, is op allerlei terreine deur die lidmate se betrokkenheid in die gemeenskap verteenwoordig en het uitsonderlike gawes om die gemeenskap mee te dien. Hulporganisasies behoort daarom soveel moontlik met plaaslike kerke saam te werk en ook te verseker dat sosiale versorging nie ten koste van die bediening van die Woord plaasvind nie. Die kerk is geroep om Christus op die onderskeie terreine van die samelewing holisties te weerspieël.

### 5.1.4 Lausanne-verklaring

Die Lausanne-verklaring bou verder op die Miga-verklaring en behels 'n aanvulling op, verdere verdieping in asook uitbreiding en toepassing van die besinning oor integrale sending. Die Lausanne-verklaring bied belangrike perspektiewe om die navorsingsvraag te help beantwoord. Hier volg 'n kort samevatting van die uitgebreide bespreking in Hoofstuk 2 (sien 2.6.2) oor die Lausanne-verklaring.

Uit die Lausanne-verklaring blyk die wese van integrale bediening. Dit behels dat kerke nie bloot vergewing van sondes kan en mag preek nie. Hulle moet ook die gevolge uitlê wat hierdie versoening inhou vir die mens wat met Christus versoen is se lewe in geheel. Só sal die verloste mens se lewe, nou en in ewigheid, Christus as Hoof verheerlik. Christus se krag moet

deurwerk tot in elke aspek van alle kulture. Christus se heerskappy in die sending moet deel van die missionêre strategie uitmaak.

Kerke wat volgens die *missio Dei*-perspektief integrale sending verrig, doen dit só dat hulle nie hulle menslik gekoesterde etniese, institusionele en teologiese identiteit vir verbetering afsluit nie. Hulle slaag daarin om hulle passies en voorkeure aan die Here te onderwerp, omdat hulle identiteit as nuwe skepping in en deur Jesus Christus daargestel word. Evangelisasie asook maatskaplike betrokkenheid is in Woord en daad met mekaar verweef. Dit staan nie langs mekaar nie, maar vorm twee aspekte van die missionêre strategie. Die sturende kerk verkondig en leef 'n versoenende leefstyl voor wat daarop gerig is om die indiwidu en die gemeenskap te herstel en te versterk.

Hieruit vloei God se begeerte vir sistematiese ekonomiese geregtigheid, persoonlike deernis, respek en vrygewigheid teenoor die armes en behoeftiges. Hierdie sake raak die kerk se taak. Integrale sending stel nie alle situasies, gebeure en prioriteite noodwendig of vanselfsprekend gelyk nie. In sommige gevalle sal die kerk onderskeid moet tref en prioriteite vasstel. Dit word ook gedoen uit die besef dat God begaan is oor sosiale probleme soos politieke arrogansie en misbruik, ekonomiese uitbuiting, geregtelike korrupsie, die lyding van die armes en verdruktes asook die boosheid van brutaliteit en bloedvergieting. Die integrale bediening van God se Woord maak hier die deur oop na ware verlossing, versoening, vrede, herstel en groei.

Globalisering, multikulturaliteit en groeiende armoede vra nuwe modelle van holistiese sending waar die gemeente as liggaam van Christus na die wêreld uitreik.

### 5.1.5 Slotsom oor die eksegese van Woord en daad

In Hoofstuk 2 het dit duidelik geword dat die motief van hart, mond en hande deur die Bybel heen voorkom en deel van die DNS-struktuur van kern Bybelse woorde uitmaak. Dit bied 'n wesenlike verstaan van die manier waarop integrale sendingwerk gedoen behoort te word. Hierdie woorde word verstaan aan die hand van ses prinsipiële en sleutelvrae.

Hieruit volg die vraag oor die sendingparadigma wat die grondslag gelê het vir die CGKN se sendingwerk in KwaNdebele. Deur dié vraag met die Bybelse beginsels van Hoofstuk 2 te vergelyk, kan 'n mens die sterk- en swakpunte van die CGKN se paradigma uitwys en sodoende 'n beeld vir integrale sending konstrueer.

## 5.2 Betekenis van die CGKN se sendingparadigma

Die studie se mikpunt was om die motiewe agter die sendingwerk en die integrasie van holistiese sending (met hart, mond en hande) van die CGKN in KwaNdebele krities te beoordeel

uit die *missio Dei*-perspektief. Dit wou die praktiese uitwerking vasstel van die CGKN se sendingbediening in die lewe van die inwoners van KwaNdebele, en of dit voldoen aan die Skrif se vereistes vir holistiese Woordbediening.

Uit die bespreking in Hoofstuk 2 en die gevolgtrekkings waartoe geraak is, kan bepaalde aspekte van die CGKN se sendingparadigma uitgewys word met riglyne vir integrale sending. (Vir ’n volledige beskrywing en oorsig hiervan, verwys na Hoofstuk 3.) Hierdie aspekte word vervolgens bespreek.

### 5.2.1 Begronding

Die huidige navorsing toon dat ’n integraal teologiese fundering en uiteindelike evaluering van integrale sendingwerk uit ’n *missio Dei*-perspektief in KwaNdebele ontbreek. Die sendingwerk in KwaNdebele het vorm aangeneem in antwoord op die behoeftes wat plaaslik aangetref is. Gevolglik is dit moeilik om ’n eenduidende beeld en oorsig oor die sendingwerk in hierdie gebied te vorm, terwyl kosbare werk wel gedoen is.

Daar was ongelukkig nie ’n omvattende en volledige teologiese besinning en begronding vir integrale sendingwerk in KwaNdebele nie; dit kon ook nie uit beleidstukke in die argief opgespoor word nie. Tydens die sendingtyperk was daar wel versnipperde besinning wat uit verslae en dokumente na vore gekom het. Die mees omvattende besinning was die *Beleidsnota* van 1992 (CGKN-archief, XIVa, 1992:1-26) waarna in Hoofstuk 3 verwys is. Tog het nie alle sendelinge wat na hierdie periode uitgestuur van die “notas” geweet nie. Dit is ook nie volledig geformuleer, aanvaar en toegepas binne ’n *missio Dei*-perspektief nie. Die CGKN se teologiese grondslae vir die sendingwerk is veral afgelei uit die manier waarop die sendelinge gewerk het, uit die sinodes en uit die DBZ se verslae en notules asook die onderhoude wat met oudsendelinge gevoer is, en verskillende ander dokumente. Die eerste sendelinge het ook sonder enige spesifieke sendingopleiding begin werk.

Die CGKN het geen spesifieke visie en beleid gehad vir integrale sending uit ’n *missio Dei*-perspektief nie. ’n Basiese visie en beleid, kerkstigting en gemeentebou, het wel die begin van die sendingwerk ingelui. Hierdie beleid was deurgaans bepalend en rigtinggewend.

### 5.2.2 Doelwitte wat gestel is

Die CGKN het aanvanklik wel doelwitte gestel waarvolgens hulle sending in KwaNdebele wou doen: kerkstigting en gemeentebou. ’n Besinning van die aard en die doel van hierdie doelwitte kon nie opgespoor word nie, met die gevolg dat die huidige studie kerkstigting en gemeentebou as aanvanklike einddoele verstaan. Hierin ontbreek ’n *missio Dei*-perspektief wat rigtinggewend

en sturend vir die sendingwerk sou kon wees waar die kerkstigting en gemeentebou as boustene beskou is, of instrumente van ’n groter doel, soos in Hoofstuk 2 aangetoon.

Verskillende gemeentes is gestig en waardevolle gemeentebou het plaasgevind. Hoofstuk 4 toon aan dat talle kerke gestig is, terwyl daar te min toegeruste kerkleiers was om die hoeveelheid sendingposte behoorlik te bedien en te lei, ook nadat die sendelinge vertrek het.

Met verloop van tyd het die CGKN steeds duideliker doelwitte gestel in die lig van ’n groeiende verstaan van Woord- en daadsending. Die toepassing daarvan in duidelik geformuleerde beleidsriglyne, soepel paradigmas en “rigtinggewende kaders” om die vloeibare situasies te lei, was egter steeds stram.

### 5.2.3 Evaluering

Aan die einde van die sendingprojek was daar nie ’n deeglike en uitgebreide evaluering van die Woord- en daadsending nie. Terwyl die navorsing vir die huidige studie gedoen is, is finansiële steun en advies steeds aan die GKK en MTC gebied. Dit kan egter nie as *integrale* sendingwerk beskou word nie. Hierdie geldelike hulp kan ook nie ’n motivering wees teen kritiese evaluering nie. Grondige kritiese evaluering van projekte is ’n Bybelse beginsel (Spr. 13:18) asook ’n algemeen toegepaste gebruik in die sakewêreld. Sodanige evaluering kan van onskatbare waarde wees om die sending te verbeter.

Nadat ’n sendeling teruggekeer het, is wel evalueringsgesprekke gehou. Tog kan hierdie gesprekke nie as werklike evaluering vir die vorming van visie en beleid op integrale sending beskou word nie. ’n Grondige evaluering bied ’n uitgebreide oorsig van wat bereik is, watter knelpunte na vore gekom het en ondersoek nuwe perspektiewe en moontlikhede vir verbetering van die werk. Die beginsels in Hoofstuk 2, die lesse uit Hoofstuk 3 en 4 en die gevolgtrekkings in dié hoofstuk kan hierin ’n belangrike bydrae lewer.

### 5.2.4 Dieselfde visie en gesindheid

Daar was ’n gebrek aan begronding en van ’n omvattende toepasbare visie op integrale sending. Dit was die geval ondanks die besinning wat met tye wel plaasgevind het. Hierdie omstandighede kan (deels) die meningsverskil onder sendelinge en selfs onder lede van die deputaatskap verklaar. Dit het die plaaslike bevolking verwar oor die toepassing van Woord en daad. Sendelinge het mekaar nie deurgaans aangevul nie en het nie deurlopend dieselfde visie op integrale sendingwerk gedeel nie. As relativering geld dat daar ongelukkig gedurig meningsverskille en konflikte was waar sendingwerk verrig is. Dit vra daarom nog meer na diensknegleierskap en ’n versoenende leefstyl van sendelinge. Van onskatbare belang vir die

sendinggebiede en sendingkerke is ’n eensgesinde visie op integrale sending of minstens ’n bereidheid om saam daarin te bly groei. In die lig van so ’n visie sal sendelinge mekaar ook met hulle gawes en talente kan aanvul.

### 5.2.5 Voortdurend aanpas

Die hoeveelheid sendingwerk het te omvattend vir die CGKN geword vir oorsig en beheer, terwyl hulle steeds aan die oorspronklike beperkte doelwitte en werkwyses vasgehou het. Só ’n situasie het inhoudelike en praktiese spanning opgelewer:

- inhoudelik: vir die visie;
- prakties: vir die beleid en strategie.

Haw (2014a) wys uit wydlopende ervaring daarop dat rolspelers bereid moet wees om voortdurend visie en beleid op die sendingveld in te stel.

Dit is nie duidelik hoe die kerke in KwaNdebele begelei en toegerus is om so gou moontlik selfstandig te word nie. Meetbare doelwitte is onduidelik waarvolgens die plaaslike kerke selfstandig sonder die personele of finansiële steun van die CGKN sou kon optree.

### 5.2.6 Onderwys

Die CGKN het later ’n verstandige keuse gedoen om, benewens gemeentestigting, ook op Bybelonderrig te fokus. Waardevolle integrale onderwys is aan talle plaaslike kerkleiers gegee. ’n Onvolledige integrale teologiese fundering en visie het egter aanleiding gegee tot ’n verskeurde onderwysbeleid weens die ontstaan van twee onderwysinstansies vir kerkleiers. Hierdie instansies het onafhanklik langs mekaar bestaan met uiteenlopende visies en doelwitte. Dit het gelei tot onbegrip by ’n deel van die plaaslike bevolking wat op samewerking gehoop het. Die kerklike verdeeldheid wat eie aan die Weste is, is sodoende ten onregte op die plaaslike kultuur oorgedra.

Dit is sturende kerke se verantwoordelikheid teenoor die plaaslike kerke en bevolking om as eenheid en ook eensgesind na buite te leef met die oog op integrale dissipelskap en getuienis. Hierdie eensgesindheid en dus getuienis het skade gely.

Daar kon nie oortuigende gefundeerde redes gevind word waarom die CGKN nie gereformeerde onderwys aan ’n interkerklike Bybelskool kon aanbied nie. Dit sou juis belangrike kanse bied. Die onontginde potensiaal het wel jare later geblyk toe kerkleiers uit die Afrika Onafhanklike Kerke die gereformeerde belydenis met hart en siel omhels het (sien

Hoofstuk 4). Daarna het hulle die lidmate van KwaNdebele met gesonde en suiwer Bybelonderrig bedien.

Daar bestaan 'n oortuigende nood en diepgaande honger vir deeglike Bybelonderrig op alle akademiese vlakke.[16] Integrale sending kan hierdie feit nie ignoreer nie. Westerse sendingkerke is dikwels eensydig geneig om fisiese noodhulp te verleen en die hoë gehalte onderrig te onderskat wat hierdie noodhulp juis kan help oplos. Onderwys behoort immers toegepaste onderrig te wees.

### 5.2.7 Die sendeling as gas

Die sendeling of sturende kerk is binne die plaaslike situasie die gas wat die plaaslike kerke stig, steun, versterk en tot selfstandigheid lei. Die sendelinge soek voortdurend na die grens tussen betrokkenheid en inmenging, diensbaarheid en om in beheer van sake, heerssugtig of voorskriftelik te wees. Sending uit 'n *missio Dei*-perspektief is bereid tot introspeksie deur selfrefleksie en selfkritiek toe te pas. Sendelinge is ook bewus van die sterkpunte en die slaggate in hulle optrede en die (kerklike) kultuur. 'n Gedifferensieerde benadering en optrede bied hier rus en ruimte.

### 5.2.8 Taal en kultuur

In die vroeë fase van die sendingwerk is daar nie diepgaande kennis geneem van die Afrika-kultuur en die onderskeie donker aspekte daarvan, soos voorouervering, nie. Sendelinge was hieroor gebrekkig ingelig. Daardeur is onvoldoende onopgeleide evangeliste aangestel wat nog met die een been in die Afrika-animisme gestaan het. Toe latere sendelinge en die eerste plaaslike predikante veel sterker heidense reste uitgewys het, het dit tot konflik gelei, byvoorbeeld tussen die gemeente en die predikant. Die gemeentes wou nie so 'n radikale predikant aanvaar nie.

Sendelinge en sendingorganisasies moet kennis opdoen asook begrip en insig hê in die plaaslike taal, kultuur en die breë konteks met die nodige Bybelse onderskeidingsvermoë, en dit aanvaar. Dit is ook waar vir die verskillende plaaslike kerklike en inheemse religieë en verwante aspekte soos inisiasies, towenary en voorouervering.

---

[16] By die Oxford Centre for Missiological Studies wat sterk op *holistic mission* fokus word ook sterk oproepe uit die sendinggebiede gehoor vir hoë gehalte onderwys op lae en veral hoë vlakke. Sien ook: DeBorst, *Unlikely partnerships: global discipleship in the twenty-first century,* 2011:250-251; Quedraogo, *Transforming communities, through education,* 2013:82; Walls, *World Christianity, theological education and scholarship,* 2011:235-240.

### 5.2.9 Etiese kwessies

Die hantering van etiese kwessies, soos apartheid, inisiasie, magstryd en voorouerverering is wesenlike vrae. Dit verg sorgvuldige, prinsipiële besinning, gehoorsaamheid en kontekstuele toepassing asook 'n liefdevolle maar steeds regstreekse konfrontasie (sien Matt. 18:15 ev.). Die CGKN het sommige van hierdie aspekte onderskat. Ander aspekte, soos die hantering van apartheid, het die CGKN en die sendelinge gedwing om ongewilde keuses te maak. Sendelinge was bereid om openlik standpunt in te neem, maar die deputate het hulle dit verbied. Etiese kwessies kan gewetenskonflik veroorsaak, maar ook konflik tussen die plaaslike bevolking, plaaslike kerke en kerkleiers. Selfs onvoldoende kennis van etiese kwessies of gebrekkige waagmoed om dit aan te spreek kan nadelige gevolge inhou.

### 5.2.10 Kommunikasie

Kommunikasie wat die verskillende style insluit waarvolgens gekommunikeer word, vra voortdurende sorg en aandag. Dit geld soveel te meer interkulturele kommunikasie. Daar moet sorgvuldig en met groot geduld duidelik oor verwagtings en organisasiestrukture gekommunikeer word. Die CGKN se argiewe getuig van uitgebreide kommunikasie tussen die sendelinge en die deputate – wat as sterkpunt uitgewys kan word. Tog het Hoofstuk 3 en 4 van die huidige studie ook aangetoon dat die kommunikasie nie deurgaans voldoende was nie. Besluite en planne is nie deurgaans genoegsaam toegelig en verstaan nie en die plaaslike evangeliste en predikante was nie voortdurend op die hoogte met die CGKN se visie en beleid nie. Die feit dat beide kulture 'n eiesoortige kommunikasiestyl gehandhaaf het asook die fisiese afstand en beperkte beskikbare kommunikasiemiddele tussen Nederland en KwaNdebele, het doeltreffende kommunikasie verder bemoeilik.

Transkulturele kommunikasie mag nie apodikties (wetties bepaald) en outokraties wees nie: "Ons het so besluit en julle moet dit so doen, anders weerhou ons die finansiële ondersteuning." Ongelukkig het die plaaslike kerke dit meermale so verstaan dat die DBZ besluite sonder behoorlike oorleg met hierdie jong kerke geneem het. Die poging om die plaaslike kerke te bekwaam is ondermyn, en gevolglik die gelykheidsbeginsel daardeur beperk.

Uit die getuienis blyk: Die tuisfront, soos die DBZ, dokumenteer en kommunikeer hulle visie, beleid, strategieë, adviese, besluite, afsprake, verslae, besoeke en alles wat van belang mag wees, duidelik en helder. So is die lyn wat gevolg word vir alle betrokkenes op langtermyn duidelik en kan die sendelinge kontinuïteit handhaaf. Hierby moet ruimte gelaat word vir groei en wysigings van die inhoud en aanpak. Die sake en punte wat afgespreek is, moet egter deurlopend vir al die betrokke rolspelers duidelik wees. Dit is veral van toepassing op 'n

langertermynprojek waar sendelinge en deputate reëlmatig wissel sodat nie elke diensdoenende sendeling 'n eie koers volg nie. Oordrag van hierdie aspekte en relevante dokumente aan nuwe sendelinge en nuwe lede van die DBZ is noodsaaklik om 'n konsekwente en eenduidige bedieningslyn te handhaaf. In hierdie verband het die CGKN soms besluite geneem wat teenstrydig met vorige besluite was.

### 5.2.11 Tug

Die verkeerde Bybelse- en kerkordelike hantering van die tug het soms groot spanning veroorsaak. Hiermee saam het 'n onvoldoende begrip van die plaaslike kultuur oor die betrokke beginsels die saak verder bemoeilik.

Toepassing van die kerklike tug op die ampte waarby diverse kulture betrokke is, verg 'n sorgvuldige liefdevolle en gehoorsame Bybelse benadering. Hier geld as sleutelbeginsels:

- respek vir die gelykwaardigheid van die amp;
- dienskneghouding van die sendeling in navolging van Christus;
- die plaaslike kultuur se begrip en respek vir die benadering van die kwessie.

Ook hier behoort almal teen kultuurprojeksie te waak. Beide partye moet konflikhantering volgens Bybelse aanwysers aanleer en toepas.

### 5.2.12 Finansies

Sendingwerk is duur, fondse is beperk en verg daarom sorgvuldige en wys besteding. Die gehalte van die sendingwerk ly daaronder wanneer eerder finansies as die inhoud van Woord en daadverkondiging aandag kry. Die saak vererger wanneer hierdie finansies ondeurdag en sonder behoorlike oorleg met al die relevante partye aangewend word. Die verkeerde aanwending van fondse veroorsaak pyn na albei kante toe (Corbett & Fikkert, 2009:28). Die CGKN-argiewe skets 'n beeld dat dikwels meer oor geld as oor die inhoud van die sendingwerk gepraat is. 'n Duidelike begronding en visie van integrale sending binne 'n *missio Dei*-perspektief sal hier rigtinggewend en sturend werk. Die besteding van fondse kan aan sodanige beginsels gemeet word.

### 5.2.13 Missionêre diakonaat

Missionêre diakonaat was 'n belangrike mylpaal vir die CGKN se sending binne KwaNdebele. As voorbeeld het die waarde hiervan in die stigting van die MCDC tot uiting gekom. Die versorging van weduwees, MIV/Vigs-weeskinder asook weerlose, verwaarloosde kinders

het vanuit die Teologiese opleiding by die MTC gegroei. Hierdie bediening is saam met kerklike leiers en plaaslike kerke aangepak. So het dit ’n treffende voorbeeld geword van hoe CGKN-sendelinge vanuit ’n *missio Dei*-perspektief wel Woord en daad geïntegreer het.

Die CGKN kon ’n belangrike rol gespeel het in die afhandeling en oplossing van die probleme wat later by MCDC na vore gekom het. Steun en hulp selfs wanneer foute intree, is ’n wesenlike aspek van Bybelse diensknegdissipelskap en getuig van Christus se dienende en versoenende liefde. Die oorspronklike visie van die MCDC was dat die sendelinge die projekte slegs sou inisieer en saam met kerke en die plaaslike bevolking tot stand sou bring, waarna dit uiteindelik deur die plaaslike kerke en bevolking self verder gevoer moes word. Hierdie visie is inderdaad tog verwerklik met die gevolg dat die vyf dagsorgsentra, die versorgingsoord vir terminale pasiente en die privaatskooltjie nou elk met ’n eie plaaslike bestuur verder funksioneer. Daardeur het die inisiatiewe ’n eie nuwe dinamika gekry deurdat die gemeenskap die taak self verder gevoer het. Sodoende het missionêre diakonaat ’n selfstandige plek in KwaNdebele gekry, gedra deur die plaaslike bevolking.

#### 5.2.14 Eenduidige beeld

Die CGKN het ingrypende hoeveelheid bronne en energie in die sendingwerk binne Kwa-Ndebele belê: geloof, gehoorsaamheid, toewyding, liefde, mense, tyd, geld en besinning. Hulle doel was om en dit tot eer van God en die redding van gelowiges in KwaNdebele te doen. Tog bestaan geen daar eenduidige beeld van die teologie wat ’n fundering vir die CGKN se visie op integrale sending uit ’n *missio Dei*-perspektief bied nie. Na aanleiding van Hoofstuk 2 roep dit die oop vraag op hoeveel meer ontwikkeling in KwaNdebele sou plaasgevind het, indien daar wel ’n eensgesinde teologiese visie by die partye aanwesig was.

Hierby moet en hoef daar geen negatiewe persepsie van die CGKN se sendingwerk te bestaan nie. Spreuke gee hierin leiding: “’n Mens met insig doen kennis op; wyse mense hou hulle ore oop vir kennis” (Spr. 18:15). En: “Armoede en vernedering wag vir iemand wat hom nie wil laat leer nie, wie ’n teregwysing ter harte neem, word geëer” (Spr. 13:18).

Bogenoemde kritiese aantekeninge is herkenbaar by ander sendingsituasies reg oor die wêreld by verskillende kerklike gemeenskappe. Die navorser het uitgebreide en diepgaande navorsing oor uiteenlopende integrale sendingsituasies in die wêreld gedoen deur publikasies en ook by die Oxford Centre for Missiological Studies, in Oxford, Engeland. Die uitkomste van die navorsing onderskryf hierdie argument dat sodanige probleme ook in ander sending-situasies uitgewys kan word, wat onderstreep dat ’n breë eensgesinde teologiese visie en beleid by al die betrokke medewerkers noodsaaklik is. Uit die literatuur wat bestudeer is blyk dat

daar oor die integrasie van Woord en daad ’n wêreldwye behoefte aan prinsipiële besinning en leiding is by Christelike en Skrifgetroue kerke asook sendinginstansies en organisasies wat ontwikkelingshulp aanbied.

Die navorsingsvraag van die huidige studie en die beantwoording daarvan wil juis ’n bydrae lewer in hierdie soeke na antwoorde op soortgelyke vrae wat sendinginstansies wêreldwyd herken. Hierin dien die CGKN die kerke wêreldwyd in die soeke na moontlikhede vir verbetering van integrale sending.

### 5.2.15 Slotsom oor die CGKN se sendingparadigma

In Hoofstuk 3 het duidelik geword dat die CGKN oortuig was dat Woord en daad in sendingwerk in KwaNdebele geïntegreer moes word. Dit blyk uit die onmiskenbare feit dat beduidende en deeglike werk verrig is tot eer van God en opbou van baie inwoners van KwaNdebele. ’n Omvattende begronding en evaluering van integrale sendingwerk in *missio Dei*-perspektief het slegs gebrekkig plaasgevind, waardeur ’n versnipperde beeld ontstaan van die sendingsparadigma vvan die CGKN. Beide hierdie sterkes en swaktes van die CGKN se bediening in KwaNdebele bied waardevolle insigte wat bydra om ’n bruikbare instrument daar te stel wat as operasionele denkraamwerk vir integrale sending kan dien.

Gevolglik lei dit tot die vraag om die *audi alteram partem*-beginsel toe te pas ten einde ’n gebalanseerde beeld te vorm van die CGKN se sendingparadigma. Hiervoor is ’n kwalitatiewe ondersoek gehou onder kerkleiers van KwaNdebele met as doel om die uitwerking van die CGKN se bediening te evalueer.

## 5.3 Betekenis van die evaluering in KwaNdebele

Nadat Hoofstuk 2 die Bybelse beginsels oor Woord en daad bestudeer het, het Hoofstuk 3 die sendingparadigma geëvalueer wat die CGKN se sendingwerk in KwaNdebele begrond het. Daaruit het belangrike aspekte na vore gekom wat vir integrale sending van belang is. Om gebalanseerde gevolgtrekkings vir Woord en daad-sending te kan maak het Hoofstuk 4 kerkleiers in KwaNdebele se menings ondersoek. Strategiese vrae is hieraan getoets:

- Watter uitwerking het die CGKN se sendingwerk en -paradigma op die plaaslike kerk en inwoners van KwaNdebele gehad?
- Hoe het die plaaslike inwoners die CGKN se sendingwerk met die oog op die integrasie van Woord en daad geëvalueer?
- Watter advies gee hulle om die probleme te hanteer en die saak reg te stel?

Hier kan verwys word na die wetenskaplik gestruktureerde onderhoude wat met kerkleiers in KwaNdebele gevoer is, en die literatuurstudie van notules en rapporte asook ander dokumente. Hieruit blyk bepaalde aspekte wat die rolspelers as belangrik beskou vir die ontwerp van ’n raamwerk vir integrale sending. Hierdie raamwerk het ’n tweeledige funksie:

- gee hulle evaluering van die CGKN se sendingparadigma weer;
- ontwikkel tweedens daaruit belangrike aspekte as model vir integrale sending.

(Vir die volledige bespreking en evaluering daarvan kan na Hoofstuk 4 se slotsomme verwys word.)

### 5.3.1 Inligting

Die evaluering wat gedoen is, informeer sendelinge uitgebreid oor die gemeenskap en plaaslike kerke. Dit is die sturende kerk, sendeling en die plaaslike kerkleiers se wedersydse verantwoordelikheid om soveel moontlik inligting te bekom oor die gebied waarin die bediening van Woord en daad plaasvind. Die noodsaak van deeglike kommunikasie kan hier nie genoeg beklemtoon word nie. Ook hier geld dat sendelinge (eers) leer hoe die plaaslike bevolking kommunikeer. Dit is ook ’n vraag na uiteenlopende kulture en wêreldbeelde.

Sendelinge moet die plaaslike omgewing se gebruike, gewoontes, kultuur, geskiedenis, taal, denkwyse en demografie leer ken. Hulle moet die wêreldbeeld, verskillende plaaslike kerke, sektes en religieë en die uitwerking daarvan op die plaaslike bevolking ondersoek. ’n Goeie voorbeeld[17] hiervan is die stigting van die MTC. Voordat die werk begin is, het die betrokkenes eers die navorsingsverslag van ISWEN behoorlik deurgewerk. Hierdie verslag handel oor die onvoltooide sendingtaak in KwaNdebele (Kritzinger, 1982) wat deur navorsing van die Universiteit van Pretoria se Missiologie Departrment onder leiding van Prof. J.J. Kritzinger gedoen is. Daarby het die stigters van die MTC ook by verskeie vergaderings van kerkleiers 2000 vraelyste ingevul en verwerk om die werklike behoeftes van daardie gebied vas te ste.

Sendelinge behoort wyer kennis met die gemeenskap te maak as slegs binne die ruimte van die kerk. Die rede is dat die kerk slegs ’n deel van die gemeenskap vorm, en vanuit ’n *missio Dei*-

---

[17] ’n Aantal sendelinge skryf oor die noodsaak om die konteks waar sendingwerk gedoen word goed te ken en deeglik te verstaan. Hulle beskryf ook die belangrike lesse uit slegte foute wat hulle begaan het, en tekortkomings in hulle eie benadering van die sendinggebiede. Die Skotse sendeling Scott Wilson se ervaring in Indië wys byvoorbeeld belangrike inligting uit oor ingrypende foute in sy aanvanklike benadering (Gabiël, *Missionary encounters in nineteenth-century Bombay,* 2009:328-347). Hierdie ontwikkeling in insig vind ’n mens ook by: Keller, *Ruim baan voor gerechtigheid,* 2010:149-150; Ma, *Mission possible,* 2005:110-111; Tizon, *Transformation after Lausanne,* 2008:167-176, 218.

perspektief ’n roeping in die gemeenskap het. Hier kan wyer gedink word, aan aangeleenthede soos sport, politiek, kulturele aktiwiteite, ekologiese onderwerpe, winkels en koopgedrag, die beskikbaarheid van multimedia en hoe dit die bevolking beïnvloed, huisvesting, gesondheid, onderwys, werkomstandighede en gesinsituasies. Met ander woorde, die sendelinge moet ’n deeglike kontekstuele analise doen. Die doel hiermee is om die gemeente, die gemeenskap en kultuur reg te interpreteer, te benader en te verstaan. Dit help die sendelinge om die diepste en mees algemene behoeftes te kan vasstel en inwoners daaroor by die evangelie te kan uitbring. Hulle kan hier gebruik maak van verslae van plaaslike regerings asook van sosiologiese, antropologiese, demografiese studies en omgewingstudies. Kerkraadsnotules en gesprekke met plaaslike kerkleiers, selfs van verskillende kerklike denominasies, werk insiggewend en help persepsies vorm. Die beginsel is dat sendelinge eers deeglik na die bevolking luister, sodat hulle later weloorwoë en konstruktief Bybels-krities kan optree.

Dit wil egter voorkom of sommige sendelinge en sendingdeputate hulle nie genoeg in hierdie inligtinginsameling verdiep het nie. Gevolglik het hulle voorskriftelike houding teenoor die plaaslike bevolking mettertyd konflikte veroorsaak.

Die plaaslike gemeenskapsleiers en kerkleiers het ’n ewe groot verantwoordelikheid om sendelinge breedvoerig te informeer. Dit gebeur te min, omdat hulle aanvaar dat die sendelinge wel ingelig is en/of omdat hulle ’n kulturele beskeidenheid het teenoor die Westerse sendelinge en sendingorganisasie wat hulle standpunte beter kan uitdruk en beredeneer.

Die Bybelse beginsels vir integrale sending en ’n gesindheid van nederige diensknegleierskap behoort ’n atmosfeer te skep wat bevorderlik is om inligting oor die plaaslike omgewing in te win. Dit help dat die sendelinge hierdie feite nie bloot as irrelevante aanvullende inligting afmaak nie. Die vervlegting van Bybelse beginsels en diensknegleierskap sal later in die raamwerk verduidelik word.

### 5.3.2 Verwagtings teenoor sendelinge

Plaaslike kerkleiers het duidelike verwagtings jeens sendelinge en het aanwysings aan hulle gerig, wat insluit:

- Liefde vir die gemeenskap. Liefdevolle bewoënheid oor die plaaslike omstandighede is beide ’n krag en slaggat. Sendelinge moet van beide moontlike impakte bewus wees. Nederige sendelinge vorm ’n wesenlike onderdeel hiervan, beide in hulle woorde en deur hulle dade. Daarmee weerspieël hulle die gesindheid van Christus (Mark. 9:35-45) in die gemeenskap.

- Sendelinge behoort die Bybelse gelykwaardigheid van hulle ampte, ondanks kultuurverskille, aan die plaaslike kerkleiers uit te straal. Plaaslike kerkleiers moet begelei word om hierdie gelykwaardigheid as hulle taak op te neem.
- Die gemeente moet vanaf die begin bewus gemaak word van hulle eie verantwoordelikheid om selfstandig te word en op te tree. Hierdie bewusmaking vind plaas deur planmatige onderrig op die Bybel gebaseer, en stelselmatige begeleiding. Selfstandigheid is ’n ingrypende behoefte onder plaaslike kerke en versterk die leiers se eie waarde en selfbeeld. Hulle leer sodoende die gelowige lidmate om in hulle gawes te groei en dit aan te wend. Sendelinge moet dus potensiële leiers identifiseer en hulle oplei in die lig van bestaande behoeftes om op meer terreine eie verantwoordelikheid te kan neem. Dit geld uiteraard kort- en langtermynprojekte.
- Sendelinge moet die gemeentes uit die staanspoor onderrig oor Bybelse offervaardigheid (veral rakende finansies). Hierdie leerproses sluit in grense aan finansiële hulp en waak teen ’n te hoë werkverwagting van plaaslike kerkleiers. Deur op selfstandigheid en offervaardigheid te fokus is sturende kerke uit ekonomies welaf lande versigtig om te maklik geld of materiële hulp te verleen. ’n Duidelike en gegronde visie op Woord en daad kan bestuur en begelei hoeveel hulpmiddele die sturende kerk moet voorsien.
- Sendelinge behoort ’n profetiese en lewende voorbeeld in woorde en dade oor die hantering van etiese onderwerpe te wees. Hier word durf en duidelikheid van sendelinge verwag, terwyl hulle deurgaans rekening hou met die plaaslike bevolking se kulturele waardes. ’n Eenrigting-projeksie deur sendelinge op plaaslike inwoners kan juis ’n afbrekende invloed hê. Dit geld ook onrealistiese verwagtings van die plaaslike inwoners se kant teenoor die sendelinge. Daarom kan wedersydse oorlegpleging oor kultuursake verrykend wees.
- Westerse kerke en sendelinge moet hulle oopstel vir kritiek en korreksie van die plaaslike kerkleiers en bevolking (Spr. 13:18; Matt. 18:15-20). Hier is behoefte aan konsekwente woorde en dade by Westerse sendelinge. Die plaaslike kerke se lidmate en kerkleiers was in hulle reaksie op die ondersoek nie deurgaans daarvan oortuig dat sendelinge se woorde en dade ooreengestem het nie. Gevolglik het hulle geloofwaardigheid daaronder gely. Ander sendelinge se woorde en dade, hulle verkondiging en leefstyl, het mekaar weer so aangevul dat die sendelinge juis geloofwaardig opgetree het. Hierdie integrale ingesteldheid het van die inwoners se lewens ingrypend verander dat hulle Jesus Christus nagevolg het. Jare ná die sendelinge se vertrek is steeds met groot waardering gepraat oor hulle oortuigende en liefdevolle konsekwentheid (d.i. integrale benadering).

### 5.3.3 Teologies-trinitariese onderrig

Teologies-trinitariese asook kontekstueelgerigte onderrig op akademiese hoër en laer vlakke en die naatlose verbinding tussen hierdie vlakke, het belangrik en ’n groot behoefte geblyk. (Sturende) kerke behoort ruim te belê in onderwys vanweë die veelvuldige positiewe gevolge daarvan. Hierdie onderrig kan sentraal en nie-sentraal aangebied word om soveel moontlik mense geleentheid tot dié hulpmiddel te bied. Toegepaste onderrig moet onder meer lei tot bekwaamheid en veral ook diensbare barmhartigheid. Deeglike integraalgerigte onderwys bekwaam kerkleiers om gebeure, situasies en aktiwiteite in die plaaslike gemeenskap binne ’n Bybelse lig gefundeerd te onderskei en profeties aan te spreek. Geïntegreerde prediking is onmisbaar waar Woord en daad geïntegreer word met die daaglikse aktuele konteks. Veral in reformatoriese kerke behoort die prediking meer op wedergeboorte en bekering toe te spits.

Kerkleiers van byvoorbeeld die Afrika Onafhanklike Kerke wat grondige Bybelse (reformatoriese) onderrig ontvang en tot kennis en insig van die Woord gekom het, is kwesbaar. Hulle moet daarom begelei en toegerus word om hulle nuutverwerfde insigte versigtig en met wysheid oor te dra binne die gemeenskappe waarin hulle werk. Hierdie kerkleiers moet begelei word om die Bybelse waarheid suiwer te verkondig en nie die jongste radikale mode te wil volg nie waardeur hulle in onguns verval by hulle eie gemeentes en gemeenskappe. Die MBS en die MTC kon ervaar hoe studente ná opleiding ’n rol kon speel om werklik reformasie in hulle kerke te weeg te bring en daadwerklik gemeenskappe te dien met liefdesdiens aan weeskinders en weerlose kinders.

### 5.3.4 Visie, beleid en planne

Sendingkerke moet ’n langtermynvisie asook doelstellings hê en planne in oorleg met plaaslike kerkleiers kommunikeer. Hierin moet hulle duidelik formuleer waar sending beoog en wat gedoen gaan word. Dit sluit aksieplanne in wat tot selfstandigheid en selfvoorsiening lei en saam met die plaaslike kerke opgestel word. Die sturende kerk moet deeglik na die plaaslike bevolking en hulle leiers luister. Daar is en word te min aandag gegee aan plaaslike rolspelers se voorstelle en idees. Plaaslike kerkleiers is soms verwar deur teenstrydige benaderings van en selfs konflikte tussen sendelinge onderling, omdat daardie sendelinge nie gesamentlik ’n duidelike visie, beleid en planne kon deurvoer nie.

### 5.3.5 Diensknegleierskap

Vanuit die besef dat Christus gekom het om te dien is uitgebreide en sorgvuldige aandag vir diensknegleierskap nodig. Sendelinge behoort kerkleiers te onderrig met kennis en vaardighede en hulle praktiese in hulle dienswerk te begelei. Duidelike behoeftes wat hier uitgelig is:

supervisie, kollegiale ondersteuning ter bevordering van deskundigheid, mentorskap, afrigting en in-diens-opleiding.

Die CGKN het te min begrip getoon vir die magstryd binne die Afrika Onafhanklike Kerke. Dit het daartoe gelei dat die KwaNdebele Churches Board, wat aanvanklik die CGKN versoek het met voorsiening van teologiese opleiding te help, uitmekaar gespat en tot niet gegaan het. Uit die onderhoude het geblyk dat dit een van die belangrikste behoeftes by leiers van die Onafhanklike Kerke is om diensknegleierskap in navolging van Jesus Christus se koninkrykstyl aan te leer. So ’n leierskapbenadering sou die onderliggende magstryd kon teenwerk. Dit hou ook in dat kerkleiers vaardighede moet aanleer om konflikte te ontlont en om saam te werk dat hulle mekaar kan aanvul en bystaan.

Dienskneg leierskap sluit nie kerkleiers uit wat positief krities en selfs uitgesproke is nie. Kerkleiers wat hulle so uitdruk se kerke is dikwels meer offervaardig. Dit is nodig om groter duidelikheid te kry waarom die Onafhanklike Kerke finansieel volledig selfvoorsienend is, terwyl die Gereformeerde Kerke in KwaNdebele afhanklik van eksterne finansiële steun is, soos dié van die CGKN. Dit wil voorkom of daar ’n verband is tussen enersyds die uitgesprokenheid van die Onafhanklike Kerke se leiers, die diep offervaardigheid onder hulle en magstryd binne hierdie kerke, en andersyds die nederigheid en terughoudendheid van die predikante van die Gereformeerde Kerke en die gebrek aan offervaardigheid in hierdie kerke se geledere. Meer navorsing hieroor kan waardevolle nuwe perspektiewe op die bedienings lewer.

### 5.3.6 Evangelisasie en amp

Evangelisasie is inherent aan die ampte en bediening verbonde en nie ’n losstaande aspek wat tot ’n kommissie beperk kan word nie. Die leiers uit die Onafhanklike Kerke meen dat die Gereformeerde Kerke minder missionêr ingestel is. Meer aandag sal hieraan bestee moet word.

Sendelinge en plaaslike kerkleiers beskou hulleself as gelykwaardig in hulle ampte. Duidelikheid oor die kerkregering struktuur, ampte, tug en dissipline is nodig terwyl ’n sterk behoefte bestaan aan die toepassing van suiwer Bybelse kriteria vir die toelating tot ’n amp. Interkulturele toepassing van die tug en vermaning van sendelinge is delikaat en kan tot netelige situasies lei. Sorgvuldigheid, nederigheid en wysheid moet hier in gedagte gehou word.

### 5.3.7 Wêreldbeskouing, kultuur, wederkerigheid en konteks

Kennis en verstaan van die uiteenlopende lewens- en wêreldbeelde is ’n kernsaak. Dit is ’n bekende feit dat wêreldbeskouings bots. Die kerk het ’n taak om hier konflik te vermy. Byvoorbeeld: in Afrika maak mense tyd vir mekaar, maar verkwis soms hulle chronologiese tyd.

In die Weste het mense dikwels nie tyd vir mekaar nie, omdat hulle resultaatgedrewe is. Beide beskouings is verkeerd. Die kerk se uitdaging is om die Bybelse perspektief en balans hierin te bring. In ’n Christusgefokusde reformasie van kultuur en die gawe van onderskeiding van die Heilige Gees leer gelowiges aan om tyd vir mekaar te hê én resultaatgerig te werk.

Kerke wat sending integraal of holisties benader, waak teen ’n oorvereenvoudigde projeksie van hulle kulturele siening en behoeftes op ander. Daarom is kennis en begrip van en sensitiwiteit vir die verskillende kulture kernnoodsaaklik, sodat sendelinge in die sendingomgewing kan inkarneer en nie die kultuur van die sturende land probeer projekteer of kopieer nie. Christus se lewe as mens bied hier noodsaaklike beginsels en aanwysings.

Integrale sending sluit die vraag na wederkerigheid in. Dit word steeds duideliker dat Europa Afrika nodig het en nie slegs omgekeerd nie. Intussen het *Beyond Thun* van die Micah Network in 2012 verskyn nadat kerke vanoor die wêreld in Switzerland saamgedink het oor hoe integrale sending “hande en voete” kan kry. Die handreiking wat daar opgestel is wys hoe belangrik is wederkerigheid en wedersydse hulp en afhanklikheid in integrale sending (Haw, 2012:1-3). Internasionale wederkerigheid uit die gelykheidsbeginsel afgelei is hiermee ’n voldonge feit. Steeds meer sendelinge word vanuit Afrika na Europa gestuur om kerke te plant, wat aantoon dat Europa wel Afrika en ander kontinente nodig het. Selfs die sakesektor in Europa fokus vir onder meer hulle organisasiestruktuur, bestuurstyl, prosestegnieke en strategiese vraagstukke toenemend op die gemeenskapsgedagte van die Afrika-kultuur en daarby met name die *Ubuntu*-gedagte.

Teenoor Descartes se aksent op die indiwidu vanuit die gedagte “ek dink, dus bestaan ek,” raak ook die sakesektor in Europa toenemend bewus van die waarde van *Ubuntu:* “mijn waarde wordt bepaald door mijn betekenis voor anderen” (Overduin, 2014). Hierdie ingesteldheid in ideale[18] vorm benadruk die krag van wederkerigheid (Mintzberg, 2009:140-143). Europa het ander kontinente nodig, waaronder Afrika. Wederkerigheid in integrale sending maak tallose perspektiewe en moontlikhede oop. Tegnologiese ontwikkelings laat grense en beperkings steeds meer padgee, waardeur nuwe kanse ook vir kerke en sending ontstaan.

---

[18] *Ubuntu* binne Afrika-konteks word ook sterk sosiaalbepalend en selfs fascisties geïnterpreteer: die enkeling se belange word deur die behoeftes van die massa oorspoel. Daar is soms ook ’n element ingesluit van *quid pro quo* – “jy sorg **eers** vir my, dan ek vir jou”. Dit is dus liefde as bewys en teenprestasie wat juis die Christelike liefde*, agape,* se toonaard en unieke krag kan teenwerk. Daar moet teen gewaak word om *Ubuntu* as wonderkuur en selfs werkgeregtigheid te poneer. Vanuit ’n Bybelse verstaan van wat ware liefde is, behoort ’n soort onChristelike, opportunistiese *Ubuntu* afgewys te word. *Ubuntu* is nog nie *agape* nie, maar kan die pad na *agape* baan.

Daar behoort voortdurend gevra te word wat beide kerke vir mekaar kan beteken. Die vraag na wederkerigheid kan ’n belangrike riglyn wees vir die visie, strategie, beleid en beplanning asook in die verskillende projekte. Die rolspelers kan selfs die uitdaging aanvaar om wederkerigheid as voorwaarde vir ’n sendingprojek te stel. Aspekte wat reeds uitgewys is, soos selfstandigheid, groei van die besef van eie waarde en nederigheid, dien hierby as motivering. Die sturende kerke moet nederig en gelykwaardig optree deur te vra waarin hulle die kerke in die sending-gebied nodig het. Dit lei tot wedersydse verdere geloofsgroei en die besef van ware kerkwees by die jong kerk. Daar kan ’n lang lys voordele opgestel word, maar dit is nie relevant om so ’n volledige lys hier te meld nie. Hoofsaak is dat hierdie ingesteldheid en gepaardgaande voordele as uitdaging aan sturende kerke voorgehou word.

### 5.3.8 Afrika se fokus op Woord en daad

Om te demonstreer hoe Afrika die verhouding tussen Woord en daad verstaan, word die onderskeid tussen twee kultuurbenaderings met twee voorbeelde onderstreep.

Eerstens: In Afrika vertel ’n mens nie vir iemand regstreeks, prontuit die waarheid, soos die gewoonte in die Nederlandse kultuur is nie. Die gevolg is dat die daad daaronder kan ly. ’n Tussenganger moet gebruik word. Begrip van die verskille tussen en die funksionering van skuld- en skaamtegerigte kulture is vir sendelinge uiters belangrik en bied prinsipiële en praktiese insigte en benaderings.

’n Bespreking hier sal nie hier reg laat geskied aan die omvattendheid van die vraagstuk nie. Kennis kan geneem word van B.J. van der Walt se waardevolle studie hieroor. Aan die hand van 13 vraagstukke waarmee mense daagliks gekonfronteer word, bespreek Van der Walt (2004a:27-56; 2004b:27-55) agt benaderings vir ’n vergelyking van die kulture van Afrika en die Weste wat moontlik op die probleme lig kan werp asook die misverstande wat elkeen kan veroorsaak. Hy bespreek een benaderingswyse of model, naamlik dié van “skande versus skuld” in besonderhede en toets dit aan die hand van die 13 vraagstukke. Sy konklusie is dat dit ’n waardevolle bydrae kan lewer: “Hoe die twee kulture in die lig van die Woord van God mekaar kan vind, het moontlik nog nie in al die gevalle so duidelik uit die verf gekom nie. Al het hierdie poging egter net tot beter begrip tussen die mense van Afrika en die Weste bygedra, is alreeds ’n belangrike oogmerk bereik” (2004a:53). Integrale sending word verryk met die insigte oor “skande teenoor skuld” soos die onderskeie kulture dit opneem. Woord en daad hang heg saam met die skaamtekultuur van Afrika, terwyl die Weste skuldgerig is.

Tweedens: ’n Mens beskuldig in Afrika nie iemand dat hy of sy verkeerd gehandel het nie. Die Westerse etiek fokus nie op die skaamtekultuur van Afrika nie, maar is regverdig en

normatief. Hierdie ingesteldheid hou ’n sterk konflikpotensiaal in. Van hieruit beskou ontstaan verskillende perspektiewe (sien Van der Walt, 2004a:27-56; 2004b:27-55): die Weste sien ’n optrede as diefstal, terwyl die Afrikaan dit nie so beskou nie. Dieselfde geld nepotisme, verkeersreëls, kapings en gewapende roof, geskenke of omkopery en die regsisteem. Die Westerse menseregtesisteem pas nie in Afrika waar eer ’n belangrike rol speel en mense verantwoordelikhede afskuif nie. Hierdie opmerking is uiteraard ’n veralgemening. Daar is uitsonderings, soos die Suid-Afrikaanse regering wat in die postapartheidsfase een van die mees gevorderde menseregtestelsels ter wêreld in die grondwet ingebou het. Ook die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (in kort KABV) van die nuwe skoolleerplan is gebaseer op menseregte en sosiale verantwoordelikheid. Moontlik is dit waar die probleem lê: ’n skisofrenie tussen Westerse fondasie (met bevrydingsfokus) en die Afrika-kultuur wat sig op die ideële ontwerpe wreek?

Die CGKN het hierdie aspekte nie wetenskaplik en prakties ondersoek nie, maar met ’n Westerse sisteem van notules gewerk in plaas van die probleme lewensbeskoulik te benader. Tog was die CGKN hierin nie uniek nie; dit word wyd binne die sendingveld as probleem erken. H. Wiher het ’n belangrike bydrae tot hierdie soeke en verstaan gelewer in sy wyderkende proekskrif oor “skuld versus skaamte” binne kulture (Wiher, 2002). Hy het aangetoon dat ’n skaamtegerigte gewetenskultuur onbybels en afbrekend kan wees. Hier is hy oortuig dat Afrikane, deur geestelike groei in Christus, hulle ook sal moet bekeer van die skaamte- of eergerigte gewetensdenke. Daar het wel botsings in KwaNdebele ontstaan as gevolg van wedersydse onbegrip oor hierdie aangeleentheid. Die oplossing sal wees dat die Westerse skuldgerigte gewetekultuur sowel as Afrika se skaamtegerigte gewetenskultuur saam ’n Bybelse “derde weg” ontwikkel, omdat die Bybel beide kulture aanspreek en integreer (Wiher, 2002:6, 412-414).

Om Woord en daad in die plaaslike of ander kultuur te verstaan sal ’n voortdurende wederkerige proses van leer, bewuswording en verstaan behels waarby die betrokke lewensbeskouings hulle kulture deur die Bybel laat skaaf en vorm. Dit sal daartoe lei dat planne steeds of reëlmatig aangepas word. In hierdie sin raak integrale bediening beweeglik en behels nie ’n vaste en rigiede sisteem nie.

### 5.3.9 Voortgaande evaluering

Deeglike en voortdurende evaluering van die sendingwerk lei tot verbeterde en verdiepende insigte in integrale sendingwerk. Dit kan ook verbeterde paradigmas, modelle en praktyke tot gevolg hê. Evaluerings moet reëlmatig plaasvind terwyl ’n deeglike en grondige beoordeling na afloop van die sendingprojek moet plaasvind. So ’n evaluering word afsonderlik én gesamentlik

gedoen deur die sturende kerk en die plaaslike kerk waar die sending gedoen word/is. Die resultate word tussen kerke met mekaar gedeel en bespreek. Dit kan onder meer lei tot nuwe of verbeterde afsprake, nuwe insigte, maar ook om die lengte van ’n projek vas te stel, sodat dit nie te lank of te kort duur nie. Die beginsels in die huidige navorsing van hierdie proefskrif kan vir sodanige evaluering ingespan word. Die behoefte aan en die noodsaak vir ’n grondige evaluering vra ook voortgaande navorsing om ’n deurtastende manier te vind waarvolgens integrale sending so geëvalueer klan word dat dit reg geskied aan die beginsels en toepassings soos hierdie navorsing dit uitgewys het.

#### 5.3.10 Slotsom oor evaluering van die sendingwerk

In Hoofstuk 4 het dit duidelik geword dat die kerke in KwaNdebele en die inwoners self duidelik baat gevind het by die sendingwerk wat die CGKN daar verrig het. In Hoofstuk 3 is gefokus op die CGKN se sendingbenadering en in Hoofstuk 4 is die kerkleiers in KwaNdebele se waarneming weergegee. Gevolglik kan beide aspekte vergelyk word en waardevolle lesse hieruit geleer word. Deurgaans is sterk- en swakpunte asook terreine van nood en punte vir aandag uitgewys. Dit is aspekte wat ’n waardevolle bydrae lewer om ’n relevante model vir integrale sending daar te stel wat geld vir hierdie gebied, maar ook wyer toepasbaar is.

In die lig van die navorsing kan die drie lyne van Hoofstuk 1, 2 en 3 saamgetrek word om uit die lesse wat geleer is, ’n nuwe vraag te formuleer waarop ’n bruikbare model vir integrale sending gebaseer kan word.

### 5.4 Operasionele denkraamwerk vir integrale bediening met hart, mond en hande

Die navorser het beoog om uit die bevindings ’n bydrae te lewer tot die ontwerp van ’n bruikbare model of denkraamwerk vir geïntegreerde sending. Deur hierdie model te implimenteer word die lewensgehalte van die mense in KwaNdebele tot eer van God holisties verhoog, terwyl dit die konteks en kultuur verdiskonteer. Sodanige denkraamwerk kan ’n bydrae tot die uitbou van die reformatoriese missiologie wêreldwyd lewer. Die volgende doelwit is gestel: Lewer ’n bydrae tot ’n model vir geïntegreerde sending met hart, mond en hande in die lig van die *missio Dei*-beginsel sodat inwoners self as verantwoordelike rentmeesters in ’n vry en gesonde gemeenskap tot eer van God kan leef en hulle roeping vervul.

Die woordstudie in Hoofstuk 2 toon duidelik aan dat sending die fasette van hart, mond en hande moet integreer. Anders gestel, word Woord en daad voortdurend in God se groter plan met die wêreld vervleg, soos blyk uit die bestudering van die 15 basiese sendingbegrippe. Hierdie woorde is ook onderling verbind, sodat die een nie los van die ander funksioneer nie. Dit vorm onderdele van die groter geheel wat mekaar voortdurend aanvul. Om die Woord voluit

missionêr te bedien moet hierdie woorde rigtinggewend wees om die visie, strategie en beleid vir sending vas te stel. Hoofstuk 2 dien dus 'n dubbel doel:

- om die integrasie van hart, mond en hande aan te toon;
- om die visie, strategie en doelwitte vir sending binne 'n gebied vas te stel.

Hierby moet Westerse kerke besef dat hulle geneig is om in strukture, prosesse, reëls en dogmas te dink, terwyl verhoudings dikwels 'n ondergeskikte rol speel. Ander wêrelddele, soos Afrika, is daarteenoor geneig om veral ingevolge verhoudings te dink, teenoor die Westerse ondergeskikte rol daarvoor. Tog het beide partye mekaar nodig. Die Weste het Afrika nodig om te leer om verhoudings sentraal te stel en hierdie lande het die Weste nodig om meer doelgerig en produktiewer te wees. Die Bybel toon 'n balans tussen albei lewensbeskouings. Wanneer beide saamgevoeg word ontstaan 'n gesonde balans. Die vraag is hoe om hierdie elemente te kan uitvoer.

In die lig van die navorsingsvraag en die gevolgtrekkings uit die voorafgaande hoofstukke blyk dat 'n leemte bestaan oor die vraag hoe integrale sending moet plaasvind. Uitgebreide navorsing, onderhoude en bestudering van gevallestudies wêreldwyd is as onderdeel van die navorsingsvraag gedoen. Die data strek wyer as om bloot die navorsingsvraag te beantwoord, en is gevolglik nie in die huidige studie verwerk nie. Hierdie data bied wydlopende en uitgebreide perspektiewe om die denkraamwerk te ondersteun. Hieruit het 'n duidelike wêreldwye behoefte geblyk vir 'n paradigma of model vir integrale sending. Daar kan op gewys word dat vele strategieë en modelle reeds vir integrale sending bestaan. Hierdie modelle is egter geneig om die bestaande probleme te belig en antwoorde daarvoor te soek in selektiewe Bybelgedeeltes, strategieë of modelle.

Die huidige studie het prinsipieel te werk gegaan deur die basis vanuit die Bybel te belig, omdat hier 'n ernstige leemte vasgestel is in die denke oor die onderwerp. Haw (2014a) en Singh (2014) wys albei daarop dat hierdie prinsipiële benadering 'n groot bestaande leemte probeer uitskakel. Daarmee saam het die huidige studie ook 'n empiriese studie gedoen. Deur die resultate te integreer, ontstaan 'n paradigma wat die integrasie van Woord en daad kan dien. Kortliks gestel is die volgende stappe in die navorsing gevolg: bestudering van die teorie, praktyk, ontmoeting van teorie en praktyk en aanbevelings.

Hier moet opgemerk word dat dit nie die bedoeling is om 'n soort universele installeringshandleiding of faseplan daar te stel nie. Dit sou onwerkbaar en onrealisties wees, omdat empiriese situasies en kontekste verskil. Die fokus was eerder om 'n bruikbare

denkraamwerk te ontwerp waardeur daar oor elke sendingprojek prinsipiële en praktiese besinning kan geskied.

Terwyl die Bybelse beginsels onveranderd bly, kan die toepassings wel verskil. 1 Korintiërs 9:19-23 dien hiervoor as voorbeeld waar Paulus sy benadering volgens die kultuur en situasie aanpas terwyl die verkondigde boodskap nie verander nie. Die model in die huidige studie dien as operasionele denkraamwerk wat op enige sendingsituasie en selfs gemeentelike bediening toegepas kon word. Dit help om die belangrike en aktuele aspekte uit te wys, aan te spreek, te onderskei en in die regte volgorde toe te pas. Die model bevat twee hoofdele: prinsipieel en prakties. Dit begin by die prinsipiële oorweging en lei tot praktiese besluitneming en dus *operasionalisering* van die teoretiese basis. Tog behels dit ook ’n voortgaande besinnings-proses waarin die model telkens by nuwe omstandighede toegepas kan word.

Eerstens volg ’n oorsig oor die model. Daarna ’n grafiese voorstelling van hierdie model, waarna beide bespreek word.

### 5.4.1 Operasionele denkraamwerk: ’n oorsig

#### 5.4.1.1 Prinsipiële besinning

**Waarom?** (Waarom word integrale sendingwerk gedoen?)

- *Missio Dei;*
- gebed;
- ses sleutelvrae: *God, skepping, Jesus, Heilige Gees, kerk, toekoms;*
- Bybelse beginsels: 15 kernbegrippe;
- visie, prinsipiële doelwitte en strategie.

#### 5.4.1.2 Praktiese toepassing en invulling

**Wie?** (Wie moet bereik word?)

- kultuur, konteks, wêreldbeeld/-beskouing, taal, religieë;
- kerke, kerkleiers, ongelowiges, geestelik soekendes;
- verstaan van Woord en daad, ook kontekstueel;
- voorsiening van inligting oor eie en wedersydse verantwoordelikhede.

Dit behels 'n herhaaldelike en voortdurende[19] proses.

**Wat?** (Wat word gedoen? Praktiese doelwitte, take en roeping).

- Woordverkondiging: prinsipieel, aktueel en toepassing.
- missionêre diakonaat.
- teologies-trinitariese onderwys op alle vlakke (na gelang van die *Wie?*) – prinsipieel en empiries;
- etiese vraagstukke;
- maatskaplike, ekonomiese, tegnologiese, omgewings- en politieke kwessies;
- kulturele regstellings gebaseer op Christus se voorbeeld;
- Interkulturele kommunikasie en wederkerigheid;
- verbintenis met die sturende en die plaaslike kerke;
- offervaardigheid (veral betreffende finansies en fondse);
- selfstandigheid en eie verantwoordelikheid;
- gawes van die Gees: ontdek, ontwikkel, toerus;
- kerkplanting, dissipelmaking, getuig, evangelisering.


**Hoe?** (Waarmee en hoe moet dit geskied: persone en middele?)

- beleid;
- bedienaar (sendeling): identiteit, verwagtings, etiek;
- diensknegleierskap;
- ampsbeskouing, tug/korreksie en selfkritiek.

---

[19] Tollefson (1987:49) wys, na aanleiding van die heropbouproses van Jerusalem onder leiding van Nehemia, daarop dat "The process of change is never completed until the changes become integrated into the culture of the community."

### 5.4.2 Skematiese voorstelling




**Figuur 5-1: Operasionele denkraamwerk vir integrale sending**

## 5.5 Uiteensetting van die denkraamwerk

Die samevattende gevolgtrekkings van Hoofstuk 2, 3 en 4 het gelei tot die groepering van 'n aantal sleutelelemente vir integrale sending. Deur hierdie onderwerpe in kategorieë te orden, ontstaan 'n raamwerk waarvolgens 'n mens kan besin hoe om holistiese bediening met hart, mond en hande te benader. Hierdie model lei tot biddende prinsipiële besinning, praktiese beplanning en die invul van integrale sending volgens die behoeftes van die sendingsituasie.

Die prinsipiële kern, die *missio Dei*, word eers omarm, waarna die praktiese toepassing daaruit voortvloei. Die vorige hoofstukke bied ’n uitgebreide verduideliking van elke punt wat hier onder in die model belig word. Al die hoofstukke en die inhoud daarvan kan dus aan die hand van hierdie model en skema gelees word om steeds dieper daarop te fokus. Vergelyk 5.4.1 vir die oorsig van die model en 5.4.2 vir die skematiese voorstelling.

### 5.5.1 Prinsipiële besinning

#### 5.5.1.1 Waarom? (Waarom word integrale sendingwerk verrig?)

*Waarom* staan as beginsel vooraan in alle besinning oor en beplanning van integrale sending. Dit vra na die bron, aanleiding en roeping van die bediening en wil vasstel wie of wat die kerk of sendeling motiveer en inspireer. Dit is die eerste vraag[20] wat beantwoord moet word, voordat praktiese besinning kan plaasvind. Die *Waarom*-vraag bring alle betrokkenes direk terug by die begin en oorsprong van sending, die *missio Dei* en motiveer hulle vanuit hierdie motief. (Sien Hoofstuk 2 vir die begronding en verduideliking van die *Waarom*-vraag.)

***Missio Dei***

Die *missio Dei* vorm die hart van en vertrekpunt vir integrale sendingwerk. Dit dien as stewige fondament, fokuspunt en vertrekpunt en maak perspektiewe oop waarvolgens integrale sending gebou word. Sendelinge moet die *missio Dei*-perspektief beide verstaan én omarm.

**Gebed**[21]

Gebed is ’n wesenlike integrale aspek van hierdie prinsipiële besinning en van die praktiese invulling van sending met hart, mond en hande. Dit is voortdurend in gesprek met God as die Sender.

**Sleutelvrae en basisbegrippe**

Vanuit die *missio Dei*-perspektief dien die *ses sleutelvrae* (God, skepping, Jesus, Christus, die Heilige Gees, die kerk, die toekoms) as aanwysers om die *15 sleutelwoorde* te verstaan.

---

20 Vergelyk Simon Sinek wat oortuigend aantoon dat die *Waarom*-vraag altyd eers gestel behoort te word, voordat die *Hoe* en die *Wat* aan die orde kan kom (Sinek, S. 2009a. *Start with why: How great leaders inspire everyone to take action.* New York, N.Y.: Penguin; Sinek, S. 2009b. *The golden circle.* http://www.eurib.org/fileadmin/user_upload/Documenten/PDF/Positionering/n_-_De_Golden_Circle.pdf 15 January; Sinek, S. 2010. *Simon Sinek: How great leaders inspire action*. https://www.youtube.com/watch?v=qp0HIF3SfI4)

21 Vergelyk ook die oproep tot holistiese gebed (Banda, 2013:53).

In die skematiese voorstelling (vgl 5.2.2) word hierdie rigtinggewende vrae grafies versterk deur strepe wat strale uitbeeld, soos van die son (*missio Dei*). Hierdie sleutelvrae gee lig en perspektief aan die 15 sleutelwoorde.

Aan die hand van Hoofstuk 2 word die holistiese perspektiewe in hierdie woorde verstaanbaar, toepasbaar en meetbaar omskryf en verduidelik. Só kan Hoofstuk 2 as riglyn dien om die Bybel én selfs nog meer woorde holisties te lees, te verstaan en op die sending toe te pas. Hierdie 15 sleutelwoorde bied voldoende doelwitte vir afsonderlike bedieningsituasies. Hierdie woorde moet ook onderling verbind word (in Figuur 5-1 word dit deur die netwerk uitgebeeld). Byvoorbeeld: Word hier gevra na die onderlinge verhouding tussen die Bybelse betekenis van armoede, seën, gemeenskap en vrede in die gemeenskap waar sendingwerk verrig word? Sodoende kry elke woord ’n regmatige funksie en bring die onderlinge samehang tussen die woorde elkeen se doel, en daardeur die integrale *missio Dei*-doelwitte, kragtig na vore.

In Figuur 5-1 word in die groen deel (of: liggrys deel) die woorde *hart, mond en hande* aangedui om die integrale benadering van elke woord en die ses sleutelvrae uit te beeld. Die ses sleutelvrae (oor God, skepping, Jesus Christus, Heilige Gees, kerk en toekoms) ontsluit die betekenis van die 15 sleutelwoorde in *missio Dei*-perspektief. Hiermee saam word drie vrae integraal beantwoord (*sien “2. Praktiese toepassing en invulling” hier onder*): *Wie?, Wat?* en *Hoe?* Dit beteken dat die norm en die empiriese situasie of konteks in hierdie vrae verweef word. Byvoorbeeld: *armoede* in het Nederland ’n ander konnotasie en toepassing as in Suid-Afrika. (Dit geld ook die meeste ander woorde wat ondersoek is.) Hieruit kan die volgende afleidings gemaak word: Eerstens moet verstaan word wat die Bybel onder armoede verstaan (sien Hoofstuk 2). Tweedens moet verstaan word wat hierdie term binne ’n bepaalde konteks beteken. Beide vorms van begrip is bepalend vir die bedieningstrategie binne daardie gebied. Hierdie deel van die operasionele raamwerk toon dus twee lae:

- ’n inhoudelike verstaan van hierdie sleutelwoorde;
- toepassing op of operasionalisering vir die omgewing waar sendingwerk verrig gaan word (wie, wat en hoe?).

Sodoende word inhoud en konteks holisties benader. Hierdie besinning vind vir elke situasie of projek opnuut plaas. In hierdie sin word ’n sendingprojek nie as allesomvattende, pasklaar produk benader nie. Dit word eerder erken as persoonlike missie van God gerig op ’n spesifieke plek en bepaalde mense in hulle spesifieke omstandighede. Sodoende is daar nie een toepasbare bloudruk vir alle omstandighede of mense nie. Sendingwerk is bediening wat kontekstueel bepaal is. Dit stimuleer die besef en denke dat God op ’n unieke en spesiale manier persoonlik by die mense binne daardie situasie betrokke is. Die omvattendheid en

uniekheid van God se onfeilbare Woord word ook hiermee benadruk wat ontsag en verwondering vir die Here vergroot. Op hierdie manier word God deur mense se handelinge binne die sendingsituasie geëer.

**Visie, prinsipiële doelwitte en strategie**

Die visie, prinsipiële doelwitte en strategie vir die integrale sending in 'n spesifieke gebied word hieruit geformuleer. Die visie vorm die allesomvattende kader waarop die sendelinge moet fokus. Die strategie druk uit wat bereik moet word (sien die oorsig van die model in 5.4.1.)

Die prinsipiële doelstellings word kort en kernagtig geformuleer om dit meer doeltreffend te maak. Dit behels 'n konkretisering van die 15 sleutelwoorde, soos "vrede".

Strategie vloei uit die visie en prinsipiële doelwitte voort en word bepaal deur 'n keuse te maak op watter aspekte gefokus sal word:

- bestaande spesifieke behoeftes, soos fisieke noodhulp;
- 'n proses waar bediening vanuit beskikbare moontlikhede van die sendingkerk plaasvind, soos onderwys;
- kostes wat die uitgangspunt is en voorskryf wat gedoen word.

Daar is voldoende literatuur en studies beskikbaar oor hoe 'n mens visie, missie, doelstellings en strategieë formuleer. Hierdie saak vorm egter nie deel van die navorsingsvraag nie en word gevolglik nie hier verder verduidelik nie. Die hulpwetenskappe (soos Bestuurswetenskappe) kan hier met groot vrug gebruik word om hierdie besinning uit 'n *missio Dei*-perspektief verder te dien.

Vanuit hierdie prinsipiële denkproses word 'n benadering gekies. Dit veronderstel dat die sturende kerk bewus is van hulle lede se unieke roeping, kernwaardes, bekwaamhede en gawes. Hierdie benadering en die kwaliteite is bepalend vir die strategie. Sodoende is die sendingopdrag duidelik verwoord en kan vervolgens na geskikte persone gesoek word wat hierdie taak en roeping kan verrig. Dit word *doelkongruensie* genoem: die betrokke sendeling en die opdrag wat uitgevoer moet word pas by mekaar. Dieselfde doelwitte is voor oë.

Hierdie proses onderskryf 'n allesomvattende benadering, waarin elke onderdeel uniek en wesenlik is en tog 'n onderlinge samehang toon. So 'n benadering is eie aan holisme. Sodoende is dit 'n denkraamwerk en nie 'n faseplan nie. 'n Operasionele denkraamwerk bied 'n omraming wat geskik is om oor integrale sending na te dink en dit uit te voer. Hiermee kan die

prinsipiële besinning na die praktyk van ’n spesifieke sendingsituasie deurgetrek word. Prinsipiële besinning is vooraf wesenlik, verrykend en rigtinggewend en moet ook deurlopend geskied (in Figuur 5-1 met die swart pyl aangedui).

Die prinsipiële en praktiese denkproses gee die indruk van ’n tregter: vanuit die *missio Dei*-perspektief word die besinning steeds fyner gefokus. Gevolglik kom die praktiese besinning aan die orde. Figuur 5-1 dui ook aan dat die praktiese situasie steeds terugverwys na die prinsipiële besinning om die praktiese toepassing in lyn met God se groter plan te bring. Die skema bied dus verskeie aspekte en lae wat mekaar aanvul sodat die allesomvattende aksent van sending benadruk word. Die ronde vorm van die raamwerk is bewus gekies om die gevaar van kategorisering, vlakke of stappe soos in organigramme of piramide-modelle, te vermy wat die krag van ’n holistiese benadering sou kon afswak.

### 5.5.2 Praktiese toepassing en invulling

Die deel oor die praktiese toepassing en invul van die raamwerk kan ook ’n werkmetode genoem word. Vanuit die prinsipiële besinning vir integrale sending wat gelê is, word drie vrae beantwoord: *Wie, Wat en Hoe?* Dié vrae word vervolgens afsonderlik bespreek. Op bepaalde punte sal oorvleueling met die prinsipiële besinning ’n gegewe wees, soos die besinning oor die basisbegrippe wat in die gerigtheid rekening met die konteks moet hou. Daarom word die hele proses ’n *operasionele denkraamwerk* genoem, omdat dit nie rigied is nie, maar rekening hou met die operasionele ruimte van die sendingkonteks wat voortdurend verander. Vergelyk die oorsig in 5-1 vir die bespreking wat volg. In Figuur 5-1 laat die skema die *Wie, Wat en Hoe*-vrae oop om die wêreld of omgewing uit te beeld waarop die bediening gefokus word.

#### 5.5.2.1 Wie?

***Wie* moet bereik word?** Voordat sturende kerke of sendelinge beplan *wat* gedoen gaan word, moet die plek waar sending gedoen gaan word eers in beeld kom. Hier word gevra na die mense waar sendingwerk gedoen gaan word. Dit sluit aspekte in soos die land, kultuur, taal, demografie, sosio-ekonomiese konteks, glokalisering, geskiedenis, geletterdheid en onderwys, wêreldbeeld, religieë en verwante probleme, byvoorbeeld: magstryd, voorouerverering en armoede. Die sturende kerk win wyd en diepgaande inligting in om ’n omvattende en duidelike

beeld te vorm van die plaaslike kerk en kerkleiers (indien aanwesig), die inwoners[22] en hulle omstandighede.

Hoe die sturende kerk en die plaaslike kerk (indien aanwesig) die integrasie van Woord en daad vertolk, kry hier aandag. Die 15 sleutelwoorde dien om die *Wie-vraag* te beantwoord. Prakties toegepas sou dit beteken dat sendelinge moet verstaan wie hierdie mense is en wat hulle diepste behoeftes is oor byvoorbeeld vrede, armoede en geregtigheid. In hierdie opsig is kommunikasie, informasie en agtergrondfokus van kernbelang. Beide die sturende kerk en die leiers van die sendinggebied het 'n wedersydse verantwoordelikheid om inligting te verstrek en mekaar te informeer. Dit versterk die wederkerige verhouding. Sekere hulpwetenskappe, relevante organisasies en vraelyste, is enkele moontlikhede om belangrike inligting te bekom om die *Wie*-vraag so volledig moontlik in beeld te bring. Deur die kennis van die 15 sleutelwoorde en ondersoek van die praktyk met mekaar te verbind, ontstaan 'n helder antwoord op die *Wie-vraag.*

Hierdie *Wie*-vraag vorm deel van 'n voortgaande en herhaalde proses waarin die vraag algaande beter beantwoord kan word en dit daartoe kan lei dat die praktiese doelstellings aangepas word. Dit is bykans onmoontlik om 'n volledige beeld te vorm van die *Wie* voordat daar met die bediening begin word. Daarom is dit 'n voortgaande proses waardeur die beeldvorming tot nuwe en verdiepende insigte kan lei.

Deur al hierdie aspekte te betrek om 'n beeld te vorm waarheen God die kerk stuur, kan integrale sending meer doelgerig en doeltreffend verrig word. Gebed in die krag van die Heilige Gees is deel van die DNS van hierdie vraag: wie moet bereik word?

#### ***5.5.2.2*** **Wat?**

***Wat* moet gedoen word?** Die beantwoording van die *Wie*-vraag lei na die vraag oor *Wat* gedoen moet word, en vloei logies uit die vorige vraag voort. Wanneer 'n duidelike beeld bestaan oor wie bedien gaan word, word die spesifieke nood en behoeftes in daardie gebied duidelik. Dit gaan oor wat prakties gedoen gaan word en wat die sendingtaak is afgelei van die prinsipiële besinning. Net soos by *Wie,* help die 15 basiswoorde soos geneem uit die *missio Dei*-perspektief om hierdie vraag te beantwoord. Prakties gestel hou dit in dat die *Wat-vraag* by

---

[22] In die geval van KwaNdebele het dr J.J. Kritzinger (1982) waardevol en insiggewend oor die situasie en omstandighede van KwaNdebele geskryf: historiese agtergrond, demografiese gegewens, geografie, ontwikkeling en ekonomiese aktiwiteit, die kerklike situasie asook die onvoltooide sendingtaak.

elkeen van die 15 sleutelwoorde aan die orde kom. Die proses werk na twee kante toe, want by elke punt wat onder die *Wat*-vraag gelys word, word gevra hoe dit God se doelwitte ingevolge die 15 sleutelwoorde beantwoord.

Uit die navorsing blyk dat die volgende aspekte (nie hier in volgorde van prioriteit nie) óók integraal aangespreek behoort te word. Dit behoort te geskied binne die konteks van die ses sleutelvrae en die 15 sleutelwoorde wat daarmee verband hou:

- Woordverkondiging: prinsipieel, aktueel en toepassing (of operasionalisering binne die konteks);
- (holistiese) gebed;
- missionêre diakonaat;
- teologiese, trinitariese onderwys op die onderskeie vlakke (afhangend van die *Wie?*) – prinsipieel en empiries;
- etiese vraagstukke;
- maatskaplike, ekonomiese, tegnologiese, omgewings-, ekologiese en politieke kwessies;
- kulturrele regstelling kragtens Christus se voorbeeld;
- interkulturele kommunikasie en wederkerigheid;
- band met beide die sturende asook plaaslike kerke;
- (finansiële) offervaardigheid;
- selfstandigheid en eie verantwoordelikheid;
- gawes van die Gees: ontdek, ontwikkel, toerus;
- leierskapontwikkeling binne plaaslike kerke;
- kerkplanting, dissipelmaking, getuienis, evangelisering;
- interkerklike samewerking met gemeenskapsgerigte projekte;
- entrepreneurskap binne die plaaslike gemeenskap;
- mediese- en maatskaplike sorg – dienste, geriewe en infrastruktuur.

Vir ’n volledige verstaan en uitleg van hierdie onderwerpe word na Hoofstuk 2, 3 en 4 verwys. In die slotsomme van hierdie hoofstukke word die bogenoemde aspekte verder gegroepeer en toegelig.

Uit die navorsing, slotsomme en gevolgtrekkings is meer aspekte uitgewys. Dit kan onder een van hierdie onderwerpe gegroepeer word, met die gevolg dat hierdie bogenoemde woorde as sambreel-begrippe verstaan word. Op hierdie manier bied dit ’n oorsigtelike en werkbare beeld van die denkraamwerk.

Die genoemde onderwerpe is hier uitgewys, omdat die navorsing duidelik getoon het dat hierdie begrippe sleutelrolle in die proses van integrale bediening vervul. Gevolglik verdien dié sleutelbegrippe meer aandag om aan sodanige bediening met hart en mond en hande reg te laat geskied. Hierby moet genoem word dat die model in dié opsig aanpasbaar is en uitgebrei kan word. Toetsing van die voorgestelde operasionele denkraamwerk kan tot sodanige ontwikkeling van die proses bydra.

Die *Wat*-vraag word herhaaldelik gestel om die fokus steeds helder te hou. Hoe langer die bediening op ’n plek of in ’n gebied plaasvind, hoe meer behoeftes sal moontlik ontdek word en aan die lys onder die *wat-vraag* toegevoeg word.

#### 5.5.2.3 Hoe?

***Hoe word dit gedoen?*** Die daaropvolgende vraag is: Wat en wie is nodig om bogenoemde uit te voer? Dit vra dus na beleid en persone in die konteks van die 15 sleutelwoorde. Hier is twee aspekte van kernbelang: beleid en bedienaars.

**Beleid**

Die aanpak van die *Hoe*-vraag word afgelei uit die *Wie*-vraag en natuurlik die *Wat*-vraag. Die prinsipiële besinning het die visie, doelwitte en strategie geformuleer. Hiervolgens word die beleid (vir die komende jare) uitgestippel deur na *Hoe?* te vra. Praktiese toepasbare beleid word hier geformuleer met die oog op die integrasie van hart, mond en hande binne die bediening. Dit behels ’n voortdurende proses gerig op verbetering en kan toetsend herhaal word. Die 15 sleutelwoorde is rigtinggewend en sturend binne die toegepaste konteks. Die beleid word nie slegs een keer vooraf aan ’n sendingprojek vasgestel nie. Sodoende bly die bediening aktueel en in pas met ontwikkelinge en veranderings. Aanpassings kan deurlopend aangebring word.

Verantwoordelikhede word aan die betrokke rolspelers toegewys. Hierdie benadering van die integrale bediening fokus ook op voortdurende verbetering, verdieping en verryking van die sending. Deur verantwoordelikhede duidelik te verdeel, word helderheid en rus in die onderlinge werkverhoudings geskep. Sterker gestel: Verantwoordelikhede word so verdeel dat sendelinge en plaaslike kerkleiers genoeg ruimte kry om probleme self op te los met die steun van die sturende kerk of organisasie. Sodoende wys die sendeling, sturende kerk of organisasie én die deputate ware diensknegleierskap. Dit versterk die eiewaarde en skep ’n nederige, maar dankbare en waardige houding, Dit bied aan sendelinge en kerkleiers binne die grense van die visie en prinsipiële doelstellings ruimte om eie inisitatief te neem. Dit motiveer die sendeling en die sturende organisasie of deputate en kan tot doeltreffender sendingwerk lei. Sonder om

sendeling aan hulleself en hulle eie pogings oor te laat, kry hulle die ruimte om binne die groter prent te dien.

**Bedienaars**

Die gevolg van ’n deeglike beleidstelling is dat die keuse vir ’n sendeling gemaak word nadat die *Wie*- en die *Wat*-vrae beantwoord is. Wanneer duidelikheid oor beide vrae bestaan, word biddend gevra na die mees geskikte persoon om op die roeping te antwoord en dit uit te voer.

Die huidige studie se navorsing het duidelik aangetoon dat integrale sending aandag vra vir spesifieke en ook persoonlike vereistes van die kerkleiers (sendeling of plaaslike kerkleiers). Dit is in ooreenstemming met die strekking van 1 Timoteüs 3 en Titus 1. Die ondergenoemde kenmerke is van belang binne die konteks van die 15 sleutelwoorde.

**Bedienaarsprofiel**[23]

Vir ’n sendeling om integrale sendingwerk te kan bedien vanuit ’n *missio Dei*-perspektief, geld die volgende kenmerke:

*Innerlike ingesteldheid:*

- ’n wedergebore Christen asook profetiese en lewende voorbeeld en getuienis deur woorde en dade, sterk geestelike lewe vol toewyding, wat die dissiplines volg: Bybellees, gebed en gemeenskap met die Heilige Gees;
- liefdevolle bewoënheid vir die plaaslike gemeenskap (Hand. 20:37; Fil. 1:7);
- spesifieke verwagtings: geestelik, oor woordgebruik (kommunikasie) en optrede, in die amp en persoonlik – verwagtings tussen die sendeling en die sturende kerk of deputate;
- gesindheid van aanwesige gas, maar wel (onderskeidend) geïnkorporeer[24] in die sendinggebied: sendelinge maak die konteks aktief deel van hulleself, maar word ook passief deel van die konteks.

---

[23] Die slotsomme van Hoofstuk 2, 3 en 4 is hier aangevul met die ervarings van verskeie sendelinge oor dekades heen. Hulle noem en bespreek uit ondervinding verskeie sake wat vir sendelinge van beslissende belang is (Craig, *Servants among the Poor,* 1998:171-176; Greenway, *Missions tool kit,* 1978:1-5; Hofmann, *Integral mission in Burundi,* 2014; Jayakumar, *Transforming the Indian culture,* 2005:77; Ma, *Mission possible,* 2005:115; Petersen, *Missions in the twenty-first century,* 1999:57; Sine, *Sacred rythms,* 2003:159; Tizon, *Transformation after Lausanne,* 2008:144, 233; Tollefson, *The Nehemiah Model,* 1987:42-45, 49.

[24] Tollefson (1987:42, 51) toon aan die hand van Nehemia se bediening aan hoe sendelinge met die gemeenskap verweef behoort te wees om geloofwaardig te wees en die gewenste verandering in die

- diensknegleierskap volgens die styl van Christus se koninkryk – buigbaaarheid en bereidheid om aan te pas;

*Professionaliteit en passie*

- deeglike en toepaslike sendingopleiding met kennis, wysheid, insig en bekwaamheid om te lei en self te onderrig (2 Tim. 3:16-17); daarby 'n grondige en groeiende verstaan vanuit die Bybel van God se aard, wil en plan met die wêreld en wat die Here van sy volgelinge verwag;
- visie[25] en passie vir die missionêre bediening, begrip van doelwitte en strategieë om planmatig te werk te gaan;
- onderskeidingsvermoë en durf om dwalings en ketterye te kan uitwys en profeties aan te spreek;
- bereidheid en bekwaamheid om te leer, kruiskultureel te luister en kommunikeer;
- toerusting van en ervaring met betrekking tot: persoonlike- en georganiseerde evangelisasie, Bybelstudiegroepe, pastoraat, dissipelmaking, kerklike administrasie en bediening, veral aan die armes;
- bereidheid om lyding te verduur en opofferings te maak ter wille van die kerk van Christus (Kol. 1:24-25).

*Persoonlike posisie*

- lewensmaat wat aan sending toegewy is (indien getroud);
- persoonlike, betrokkenheid by, besig wees met en aanwesigheid in die omgewing;
- kwaliteite en gawes pas by die spesifieke roeping en opdrag in ooreenstemming met die visie, prinsipiële doelwitte en strategieë wat gestel is;
- ampsbeskouing – gelykwaardigheid, ook in interkulturele ampte;
- tuguitoefening (interkultureel), oop om gekorrigeer en vermaan te word asook kritiek te ontvang; bereid tot selfkritiek en insig in eie tekortkomings en valstrikke;
- voortdurende en uitgebreide, grondige evaluering tydens en by voltooiing van 'n sendingprojek.

---

gemeenskap teweeg te bring. Hulle verwys na die gemeenskap as "ons" en werk ook skouer aan skouer saam met die plaaslike bevolking.

25 Nehemia se duidelike en passievolle visie om die Woord van God met die daaglikse lewe van die volk te integreer het van hom 'n sukses- en gesagvolle leier gemaak (Tollefson (1987:45, 47).

## 5.6 Finale slotsom

Die navorser het ’n operasionele denkraamwerk voorgestel wat die drie dimensies van holistiese sending (hart, mond en hande) met vier vrae laat saamklink het: *Waarom? Wie? Wat?* en *Hoe?* Hierdeur is beoog om ’n bydrae te lewer deur ’n bruikbare model om gestalte te gee aan geïntegreerde sending wat die lewensgehalte van mense tot eer van God verhoog, maar steeds deeglik met die konteks en kultuur rekening hou. Hierdie raamwerk kan ’n bydrae lewer tot die uitbou van die reformatoriese missiologie, in die betrokke sendingveld, maar selfs globaal – in diverse sendingsituasies wêreldwyd. Die raamwerk vra en gee alle rede om dit as voortgaande proses te beskou en hierdie pad keer op keer te volg. Hier kan ’n mens dink aan die boontoe en vooruit-beweging van ’n spiraal. Met so ’n opwaartse “spirallering” kan die voortdurende beweging steeds meer verdieping en verryking bring.

Die navorser se gebed is dat hierdie raamwerk ’n bydrae lewer tot integrale sending met hart, mond en hande in die lig van die *missio Dei*-motief. Die uiteinde moet wees dat die inwoners self as verantwoordelike rentmeesters in ’n vry en gesonde gemeenskap tot eer van God kan leef en hulle roeping waardig en vaardig vervul.

## 5.7 Beperkings en terreine vir verdere ondersoek

Die studie maak deel uit van ’n wêreldwye behoefte om integrale sending te verstaan en binne ’n sendingkonteks toe te pas – te operasionaliseer. Die navorser het gepoog om integrale sending uit die Bybel prinsipieel te begrond en dan te toets aan die praktyk van die CGKN se bediening in KwaNdebele, Suid-Afrika. Hieruit het ’n operasionele denkraamwerk vorm gekry wat kerke en sendingorganisasies sou kon help om hulle sending grondig te oorweeg, beplan en vaardig uit te voer. Dit is wel nodig dat hierdie model getoets word om dit moontlik te verbeter en uit te bou. Uit die navorsing het geblyk dat verdere navorsing nodig is om hierdie uiters ingewikkelde, maar aktuele, en selfs akute, onderwerp meer toepasbaar te maak.

Vrae het ontstaan oor verwante onderwerpe wat voortgaande navorsing vra, maar wat ook uit die beperkings wat deur die loop van die studie duidelik geword het. Hierdie sake word hier onder van nader bespreek.

- **Basiswoorde:** ’n Moontlike leemte van die navorsing is dat die Bybel meer basiswoorde bevat wat relevant en belangrik vir integrale sending sou wees en ’n mens sou kon bestudeer en toepas. Eksegese oor die integrasie van hart, mond en hande by nog meer sleutelwoorde in die Bybel is ’n terrein vir verdere navorsing wat die bestaande studie verder kan aanvul.

- **Deelnemers:** ’n Leemte van Hoofstuk 4 was dat die navorser nie met gemeentelede en ander gemeenskapslede en -leiers onderhoude kon voer om hulle menings en ervarings te verneem en sodoende die navorsingsvraag te kan beantwoord nie. Verdere navorsing hieroor kan die bestaande menings van die kerkleiers met wie onderhoude gevoer is aanvul, verskerp of verbeter om sodoende ’n vollediger beeld te vorm.

- **Raamwerk:** ’n Moontlike gevaar van so ’n *operasionele* denkraamwerk is dat dit as ’n *rasionele* faseplan binne die Westerse denke gesien en gebruik kan word. Daardeur kan voortdurende biddende besinning en gevolglike verryking ly of in die slag bly. Sodoende kan interkulturele en wederkerige dialoog oor hierdie wesenlike en boeiende tema, skipbreuk ly. Hierdie gevaar en die noodsaak vir verdere navorsing word bevestig deur Blue (1987:343) se kritiek op Tollefson (1987:31-55) se Nehemia-model vir sending. Nehemia se situasie was uniek en kan nie eenvoudigweg gekopieer en geplak kan word op enige sendingsituasie, soos Tollefson maak nie. Verdere navorsing kan meer insig bring oor die gebruik van so ’n denkraamwerk oor taal-, kultuur- en kerkgrense heen wat tot wedersydse verryking vir die partye kan lei.

Ander onderwerpe wat ook tot verdere navorsing kan lei, behels die volgende:

- **Kultureel:** Hoe sien Eerste en Derde Wêreldlande onderskeidelik die holistiese integrasie van hart, mond en hande? Daarby moet besef word dat selfs gereformeerdes in die Weste onderling verskillend oor Woord en daad dink en dit soms as dualisme benader. Navorsing hoe die verskillende kulture hierdie integrasie ervaar, sal verdere verdieping aan hierdie tema gee. Sodanige navorsing kan ’n waardevolle aanvulling tot die toepassing van hierdie operasionale denkraamwerk vir integrale sending wees.

- **Kontekstueel:** Die wisselwerking tussen kontekstualisering en integrale sending met hart, mond en hande is nog ’n terrein wat in voortgaande missiologiese studies ontgin sou kon word.

- **Glokaal:** Die betekenis en toepassing van *glokalisering* in die moderne en tegnologies ontwikkelende wêreld vir integrale sending verdien beslis aandag. Hierdie tegniese term word aangewend in die Oxford Centre for Missiological Studies, Oxford (Aagen, 2011:207-211; Aano, 2011:195; DeBorst, 2011:250-251; Escobar, 2003:68; Lukose, 2013:201-203, 208-209, 211; Tizon, 2008:153, 209, 216, 219, 230, 260, 262). Die doel is om só die huidige vermenging van globalisering en lokalisering te benadruk, maar in reformatoriese kringe is dit nog ’n onontwikkelende begrip.

- **Transformasie:** Nog besinning is nodig oor hoe hierdie integrale bedieningsmodel kan bydra tot ’n omkeer en transformasie van kleiner wordende tradisionele reformatoriese kerke in Eerste Wêreldlande. Dit sluit ’n herbesinning in oor kerklike strukture en die inkleding van die ampte om geestelike leiding aan so ’n geïntegreerde bediening te kan gee.

**Ten slotte**

Integrale sending is om God se passie en plan in ons hart, mond en hande te vervleg. Dit bied ’n waardevolle holistiese perspektief vanuit die *Missio Dei.* Die fokus is op die mens in geheel – wat die ontvangers nie bloot *voorwerpe* van sending maak nie, maar *vennote* in sending en mededeelnemers aan God se groter plan met die wêreld en die mensdom.

# BRONNELYS

Aagen, H.A. 2011. Mission and globalisation: some lessons to be learned – a brief summary. (*In* Engelsviken, T., Lundeby, E. & Solheim, D., *eds.* The church going glocal: mission and globalisation; proceedings from the Fjellhaung Symposium 2010. Oxford: Regnum. p. 207-211).

Aano, K. 2011. Priorities in global mission for the next decade: Norwegian Missionary Society. (*In* Engelsviken, T., Lundeby, E. & Solheim, D., *eds*. The church going glocal: mission and globalisation; proceedings from the Fjellhaung Symposium 2010. Oxford: Regnum. p. 193-197).

Achtemeier, P., Harper, P. & Row, P. 1985. Harper's Bible dictionary. New York, NY: Harper & Row. Available: Logos Bible Software, version 4.

Ade, F. 2013. A bottom-up perspective, for transforming communities. (*In* Woolnough, B., *ed.* Good news from Africa: community transformation through the church. Oxford: OCMS. p. 91-102).

Affourtit-Bouterse, D. 1994. Venda en Botswana. *Dienen wereldwijd: 25 jaar deputaten hulpverlening in binnen- en buitenland van de Chr. Geref. Kerken in Nederland*, 83-95.

Affourtit, C.D. 1988. Een overzicht over de zendingsgeschiedenis. *Uw koninkrijk kome: terugziend naar het verleden, actief in het heden: 60 jaar zending van de Chr. Geref. Kerken,* 79(5):101-105.

Alvarez, M.O. 2014. Integral mission in contemporary perspective: exploring an appropriate model of mission for Pentecostal churches with special reference to Honduras. Middelesex: Middlesex University. (Thesis – PhD).

Anderson, A. 2000. Zion and Pentecost: the spirituality and experience of Pentecostal and Zionist/Apostolic churches in South Africa. Pretoria: Unisa.

Anderson, C. 2007. Opening up 2 Peter. Leominster: Day One.

Anon 1. s.a.a Constitution of Mukhanyo Theological College. s.l. (Unpublished).

Anon 2. s.a.b. Concept-akte van stichting Mukhanyo-Bijbelschool. s.l. [notule].

Anon 3. 1982. The Grand Rapids Report: evangelism and social responsibility: an evangelical commitment. p. 24-25.

Anon 4. 1995. Concept-notitie “Het nieuwe Mukhanyo”: 95S2-KW1. Veenendaal. [notule].

Anon 5. 1996. Protocol Mukhanyo Project Deputaten Buitenlandse Zending Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederlands met ds. Aucamp en prof. Smit. 29 januari, s.l. [notule].

Anon 6. 1998. Mukhanyo Theological College: General meeting of the Board of Control, no 1/98 held on 25 April at the MTC in the Tembalethu Reformed Church. 25 April, Thembalethu. [minutes].

Anon 7. 1998. Mission and vision document for strategic planning of Mukhanyo Theological College. 25 April. (Unpublished).

Anon 8. 2008. Mukhanyo Ministries Philosophy of holistic Christian community development. 29 July, KwaMhlanga. (Unpublished).

Arnold, J. & Black, S. 1992. The big book on small groups. Downers Grove, IL: InterVarsity.

Augsburger, M.S., Ratz, C.C. & Tillapaugh, F.R. 1990. Mastering outreach & evangelism. Mastering Ministry. Portland, OR: Multnomah.

Balz, H. 1980. Φόβος – fobos. Grand Rapids, MI: Eerdmans. Available: Logos Bible Software, version 5.

Banda, J. 2013. Engaging with the community, the fight against Aids. (*In* Woolnough, B., *ed.* Good news from Africa: community transformation through the church*,* OCMS: Oxford. p. 41-54).

Barrett, D.B. 1968. Schism and renewal in Africa: an analysis of six thousand contemporary religious movements. London: Oxford University.

Battle, J.A. 1999. A brief history of the social gospel. *WRS journal,* 6:15-11.

Benner, D.G. & Hill, P.C. 1999. Baker encyclopedia of psychology and counseling: 2nd ed. Grand Rapids, MI: Baker.

Berkhof, H. 1973. Christelijk geloof. Een inleiding tot de geloofsleer, 2de druk. Nijkerk: Callenbach.

Bertram, G. 1964. συνεργός – sunergos. Grand Rapids, MI: Eerdmans. Available: Logos Bible Software, version 5.

Beyer, H.W. 1985. εὐλογέω. (*In* Kittel, G., Bromiley, W. & Friedrich, G., *eds*. Theological dictionary of the New Testament. Vol. 2. Grand Rapids, MI: Eerdmans. Available: Logos Bible Software, version 5).

Beyer, W. 1985. diakonéō [to serve], díakonía [service], diákonos [servant, deacon]. (*In* Kittel, G., Bromiley, W. & Friedrich, G., *eds*. Theological dictionary of the New Testament. Vol. 2. Grand Rapids, MI: Eerdmans. Available: Logos Bible Software, version 5).

Beyerhaus, P. 1969. An approach to the African Independent Church Movement. *Ministry*, 9, 74-80.

Biblical studies press. 2006. The NET Bible. s.l.. Available: Logos Bible Software, version 4.

Birdsall, N., Rodrik, D. & Subramanian, A. 2005. How to help poor countries. s.l.: JSTOR.

Birdsall, S.D. 1974. The Lausanne covenant. http://www.lausanne.org/en/documents/lausanne-covenant.html Date of access: 18 April 2012.

Birdsall, S.D. & Brown, L. 2010. The Lausanne movement: the Cape Town commitment: a confession of faith and a call to action. http://www.lausanne.org/docs/CapeTownCommitment.pdf Date of access: 8 April 2012.

Blue, J.R. 1987. Bookreview: "The Nehemiah Model of Christian Misisons", Kenneth Tollefson, Missiology: an international review. 15 (January 1987): 31-55. *Bibliotheca Sacra*, 144(575):343.

Bosch, D. 1991. Transforming mission. Paradigm shifts in the theology of mission. Maryknoll, NY: Orbis.

Brüssau, A. 1936. Martin Rinckart (1586-1649) und sein Lied "Nun danket alle Gott". *In* Welt des Gesangbuchs: die singende Kirche in Gabe und Aufgabe, Heft 10. s.l.: s.n.

Bruwer, E. 1994. Beggars can't be choosers: in search of a better way out of poverty and dependance. Pretoria: IMER.

Buijs, K. 2013. Mukhanyo Bible School: dertig jaar toerusting. *Doorgeven*, 20(4):6-7.

Bultmann, R. 1964. ζάω, ζωή (βιόω, βίος), ἀναζάω, ζῷον, ζωογονέω, ζωοποιέω. Grand Rapids, MI: Eerdmans. Available: Logos Bible Software, version 5.

Buys, P.J. 1989. Die verhouding tussen gemeenteopbou en evangelisering: 'n eksegetiese ondersoek na die betekenis van ter saaklike woorde in die Nuwe Testament en die implikasies daarvan vir die verhouding tussen die bewaring en die vermeerdering van die kerk. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. (Proefskrif –ThD).

Buys, P.J. 1995a. Gesprek oor die spoor van die zendingsdeputaten en die toekoms van Mukhanyo Bybelskool. [brief]. 30 Junie. Cullinan.

Buys, P.J. 1995b. Gespreksdokument in verband met besinning oor die toekoms van die sending in KwaNdebele. [brief]. g.d. Cullinan.

Buys, P.J. 1995c. Agenda vir die bespreking met deputaten op werkbesoek oor Mukhanyo. [brief]. g.d. s.l.

Buys, P.J. 1997. Navraag om duidelikheid oor die verhouding tussen deputate, kerkraad sendelinge en evangeliste. [brief]. 8 Maart, Cullinan.

Buys, P.J. 2004. Mukhanyo Theological College: Nieuwsbrief September 2004. *Mukhanyo Theological College*, 1 Sep.

Buys, P.J. 2005. In die voetspore van Paulus, Calvyn en Carey. *Die Kerkblad,* 108(3175):41-42.

Buys, P J. 2010a. A Biblical response to poverty and social justice: a South African post-apartheid reformed perspective. (Unpublished).

Buys, P.J. 2010b. Comment on issues raised by the CGKN mission deputies. [letter]. s.l.

Buys, P.J. 2012a. Kriteria vir ontleding van sleutelbegrippe. [persoonlike onderhoud]. 31 Jan. Potchefstroom.

Buys, P.J. 2012b. Vorming van 'n man van God: evaluering van internasionale debatte oor predikantsopleiding in die lig van perspektiewe uit 1 en 2 Timoteus. *In die Skriflig/In Luce Verbi*, 44(1):47-66.

Buys, P.J. 2013a. Strome van lewende water: Nuwe-Testamentiese perspektiewe op die missionêre karakter van die kerk. *In die Skriflig*, 47(1):1-11.

Buys, P.J. 2013b. Woord- en daadsending, Suid-Afrika. [persoonlike onderhoud]. 29 Jul. Cullinan.

Bybel. 1953. Die Bybel. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Bybel. 1983. Die Bybel – nuwe vertaling (met herformulerings). Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Calvin, J. 1948. Commentaries on the first book of Moses, called Genesis. Grand Rapids, MI: WB Eerdmans. Available: Logos Bible Software, version 4.

Calvin, J. 1961. The Gospel According to St John 11-21 and the first Epistle of John. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Calvin, J. 1964. Calvin's commentaries: The second Epistle of Paul the apostle to the Corinthians and the epistles to Timothy, Titus, Philemon. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Calvyn, J. 1984. 1559. Institusie van die Christelike godsdiens.

Calvyn, J. & Simpson, H.W. 1991. Institusie van die Christelike godsdiens, 1. Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds.

Carpenter, E.E. & Comfort, P.W. 2000. Holman treasury of key Bible words: 200 Greek and 200 Hebrew words defined and explained. Nashville, TN: Broadman & Holman. Available: Logos Bible Software, version 4.

Carson, D.A. 1995. The expositor's Bible commentary: Matthew 13-28. Grand Rapids: Zondervan.

CGKN. 1977. Acta van de Generale Synode van de Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland, Hoogeveen. 16 Augustus – 23 September. s.l.: s.n.

CGKN. 1980. Acta van de Generale Synode van de Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland, Amersfoort. 19 Augustus – 3 Oktober. s.l.: s.n.

CGKN. 1983. Acta van de Generale Synode van de Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland, Rotterdam-Centrum. 16 Augustus – 30 september. s.l.: s.n.

CGKN. 1986. Acta van de Generale Synode van de Christelijke Gereformeerde Kerken Nederland, 's-Gravenhage. 26 Augustus – 20 November. s.l.: s.n.

CGKN. 1988. Acta van de Buitengewone Generale Synode gehouden te Apeldoorn 21 Juni. Acta van de Generale Synode van de Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland, Groningen. 22 Augustus – 15 November. s.l.: s.n.

CGKN. 1992. Acta van de Generale Synode van de Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland, Apeldoorn-Centrum. 11 September – 13 November. s.l.: s.n.

CGKN. 1995. Acta van de Generale Synode van de Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland Zierikzee. 1 September – 10 November 1995 en 17 April 1996. s.l.: s.n.

CGKN. 1998. Acta van de Generale Synode van de Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland Haarlem-Noord / Nunspeet. 29 Augustus – 10 December. s.l.: s.n.

CGKN. 2001. Acta van de Generale Synode van de Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland Leeuwarden / Nunspeet. 31 Augustus – 12 December. s.l.: s.n.

CGKN. 2004. Acta van de Voortgezette Generale Synode Leeuwarden / Apeldoorn. 11 Oktober 2002. Acta van de Generale Synode Utrecht-West / Nunspeet van de Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland. 27 Augustus – 17 November. s.l.: s.n.

CGKN. 2007. Acta van de Generale Synode van de Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland Sliedrecht Beth-El / Nunspeet. 31 Augustus – 11 December. s.l.: s.n.

CGKN. 2009. Zending: een project voor u! Brochure voor iedereen die wil beginnen met een zendingsproject van de Christelijke Gereformeerde Kerken.
http://www.cgk.nl/download.php?f=19a31e9b6bbdc4381bdaa46344c58f0f
Datum van toegang: 18 April 2013.

CGKN. 2010. Acta van de Generale synode Sliedrecht Huizen / Nunspeet. 27 Augustus – 23 November. s.l.: s.n.

CGKN-argief *kyk* Addendum A.

Chester, T. 2002. Justice, mercy and humility: integral mission and the poor. Carlisle: Paternoster.

Chester, T. 2010. Good news to the poor: sharing the gospel through social involvement. Leiscester: IVP.

Chiastolite professional services. 2009. HIV/AIDS baseline survey Vlaklaagte extension 2 Thembisile municipal area Mpumalanga: report prepared for Mukhanyo Christian Development Centre, 5 September. 80 pp.

Clouse, R.G. 1978. Piestism. (*In* Douglas, J.D., *ed.* The international dictionary of the Christian church. Grand Rapids, MI: Zondervan. 780).

Coenen, L. & Trites, A.A. 1978. Witness, testimony. (*In* The New international dictionary of New Testament theology, 3:Pri-Z,1038-1050).

Coetzee, J.C. s.a. Skrifgesag en die gesag van die prediking. Referaat gelewer tydens gradeplegtigheid. Potchefstroom. (Ongepubliseer).

Coetzee, J.C., De Klerk, B.J. & Floor, L. 1980. Die hermeneuse van die Skrif met die oog op hedendaagse kerklik-etiese vraagstukke. *Koers:* 118-136.

Conell, J.C. 1986. Godliness. (*In* Douglas, J.D. & Hillyer, B.D., *eds.* New Bible dictionary, 2nd ed. Leicester, England: Inter-Varsity, 431-432).

Conn, H.M. 1982. Evangelism: doing justice and preaching grace. Phillipsburg, NJ: Presbyterian & Reformed.

Corbett, S. & Fikkert, B. 2009. When helping hurts: how to alleviate poverty without hurting the poor and yourself. Chicago, IL: Moody.

Craig, J.M. 1998. Servants among the poor. Wellington: OMF Servants.

Daneel, M.L. 1976. Independent Church leadership South of the Zambezi. *African perspectives: religious innovation in modern African society*, 2:81-99.

Daneel, M.L. 1987. Quest for belonging: introduction to a study of African Independent Churches. Zimbabwe: Mambo.

Dayton, E.R. & Fraser, D.A. 1990. Planning strategies for world evangelization. Grand Rapids MI: William B. Eerdmans.

De Jong, J. 1996. Even so I send you – some reflections on the current missionary task of the church. http://www.spindleworks.com/library/jdejong/mission.htm Date of access: 22 February 2013.

De Visser, A.J. 2001. The kingship of Christ in the life and faith of Christians in a black South African township: a missiological evaluation. (Thesis – ThD).

De Vries, B. s.a.a. Mukhanyo Theological College: providing relevant, high-quality in-service training for church leaders in Africa. KwaMhlanga: Mukhanyo Theological College.

De Vries, B. s.a.b. Mukhanyo Distance: bringing theological education to you. KwaMhlanga: Mukhanyo Theological College.

Deborst, R.P. 2011. Unlikely partnerships: global discipleship in the twenty-first century. (*In* Singh, D.E., *ed. Transformations: an international journal of holistic mission studies.* Oxford: OCMS:241-252).

DeYoung, K. 2011. What is the mission of the church? http://thegospelcoalition.org/blogs/kevindeyoung/2011/09/15/what-is-the-mission-of-the-church-3/ Date of access: 14 December 2012.

DeYoung, K. & Gilbert, G. 2011. What Is the mission of the church?: Making sense of social justice, shalom, and the great commission. Wheaton, IL: Crossway.

Doornenbal, R.J.A. 2012. Crossroads: an exploration of the emerging-missional conversation with a special focus on missional leadership and its challenges for theological education. Amsterdam: Vrije Universiteit. (Thesis – PhD).

Douglas, J.D. 1996. Fear. (*In* Wood, D.R.W. & Marshall, I.H. 1996. New Bible dictionary 3rd ed. Leicester: IVP. Available: Logos Bible Software, version 5).

Douma, S. 2007. Ondernemingsstrategie. Groningen/Houten: Wolters-Noordhoff.

Du Toit, A. 1990. Wat sê die Nuwe Testament oor armoede? *Die Sendingsblad,* 22-23 April.

Duffield, G.P. & Van Cleave, N.M. 1983. Foundations of Pentecostal theology. Los Angeles, CA: L.I.F.E. Bible College. Available: Logos Bible Software, version 4.

Durand, J.J.F. 1982. Skepping, mens, voorsienigheid. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Easton, M.G. 1996. Easton's Bible dictionary. Oak Harbor, WA: Logos Research Systems. Available: Logos Bible Software, version 4.

Elwell, W.A. & Beitzel, B.J. 1993. Baker encyclopedia of the Bible. Grand Rapids, MI: Baker. Available: Logos Bible Software, version 4.

Escobar, S.A. 2003. Time for mission: the challenge for global Christianity. Leicester: IVP.

Ferdinando, K. 2008. Mission: a problem of definition. http://thegospelcoalition.org/themelios/article/mission_a_problem_of_definition Date of access: 2 January 2012.

Floor-management. 2014. Holisme. http://www.floor.nl/management/holisme.html Datum van toegang: 22 Januarie 2014.

Floor, L. 1989. De doop met de Heilige Geest, 2de druk. Kampen: Voorhoeve.

Foerster, W. 1964. εἰρήνη. (*In* Kittel, G., Bromiley, W. & Friedrich, G., *eds*. Theological dictionary of the New Testament, Vol. 1-3, 5-7. Grand Rapids, MI: Eerdmans. Available: Logos Bible Software, version 5).

Foerster, W. 1964. εὐσέβεια. (*In* Kittel, G., Bromiley, W. & Friedrich, G., *eds*. Theological dictionary of the New Testament, (Vol. 1-3, 5-7). Grand Rapids, MI: Eerdmans. Available: Logos Bible Software, version 5).

France, R.T. 1984. Christian mission in the modern world. *Biblical interpretation and the church: the problem of contextualization,* 32:30-44.

Frettlöh, M. 1999. Theologie des Segens: biblische und dogmatische Wahrnehmungen. Gütersloh: Gütersloher.

Gabriel, R.L. 2009. Missionary encounters in nineteenth-century Bombay: the life, work, and theology of John Wilson in critical perspective. Oxford: OCMS. (Thesis – PhD).

Gangel, K.O. 1998. Vol. 5: Acts. Holman New Testament commentary. Nashville, TN: Broadman & Holman. Available: Logos Bible Software, version 4.

Garland, D.E. 2001. The new American commentary Vol. 29:2 Corinthians (electronic ed.). Nashville, TN: Broadman & Holman. Available: Logos Bible Software, version 4.

Garner, R. 2004. The future of the African Independent Churches in South Africa. (*In* Venter, D., *ed.* Engaging modernity: methods and cases for studying African Independent Churches in South Africa. Westport, CT: Praeger. p. 195-213).

Geerts, G. & Heestermans, H. 1992. Van Dale: Groot woordenboek der Nederlandse taal 12de druk. Utrecht: Van Dale Lexicografie.

Girdlestone, R.B. 1998. Synonyms of the Old Testament: their bearing on Christian doctrine. Oak Harbor, WA: Logos Research Systems. Available: Logos Bible Software, version 4.

Glenn, R.W. 2007a. Toward a Biblical view of missions, lecture 2. http://www.solidfoodmedia.com/resources/toward_a_biblical_view_of_missions_lecture_2 Date of access: 21 April 2012.

Glenn, R.W. 2007b. Toward a Biblical view of missions, lecture 9. http://www.solidfoodmedia.com/resources/toward_a_biblical_view_of_missions_lecture_9 Date of access: 21 April 2012.

Goheen, M.W. 2000. “As the Father has sent Me, I am sending you”: J.E. Lesslie Newbigin’s missionary ecclesiology. Utrecht: Universiteit Utrecht. (Thesis – PhD).

Goudzwaard, B. 1987. Verby armoede en oorlvoed. *Instituut vir Reformatoriese Studies*, Reeks F1: Studiestuk No 353.

Greenway, R.S. 1978. Your missions tool kit: what you’ll need to succeed overseas. *Discipleship journal:* 78.

Greeven, H. 1964. εὐσχήμων. (*In* Kittel, G., Bromiley, W. & Friedrich, G., *eds*. Theological dictionary of the New Testament, Vol. 2. Grand Rapids, MI: Eerdmans. Available: Logos Bible Software, version 5).

Greijdanus, S. 1964. De drie brieven van de apostel Johannes: opnieuw uit de grondekst vertaald en verklaard: 3de druk. Kampen: J.H. Kok.

Grosheide, F.W. 1933. Korte verklaring der Heilige Schrift met nieuwe vertaling: Paulus’ eerste brief aan de kerk te Korinthe opnieuw uit den grondtekst vertaald en verklaard. Kampen: J.H. Kok.

Harris, R.L., Archer, G.L. & Waltke, B.K. 1999. Theological wordbook of the Old Testament (electronic ed.). Chicago: Moody. Available: Logos Bible Software, version 4.

Hauck, F. 1964. κοινωνία. (*In* Kittel, G., Bromiley, W. & Friedrich, G., *eds*. Theological dictionary of the New Testament. Vol. 1-6. Grand Rapids, MI: Eerdmans. Available: Logos Bible Software, version 5).

Hauck, F. 1985. koinós [common], koinōnós [companion, participant], koinōnéō [to share in], koinōía [fellowship, participation], synkoinōnós [partner], synkoinōnéō [to participate in, share], koinōnikós [generous], koinóō [to make common]. (*In* Kittel, G., Bromiley, W. & Friedrich, G., *eds*. Theological dictionary of the New Testament. Vol. 4. Grand Rapids, MI: Eerdmans. Available: Logos Bible Software, version 5).

Hauck, F. 1985. makários [blessed, happy], makarízō [to consider blessed], makarismós [blessing]. (*In* Kittel, G., Bromiley, W. & Friedrich, G., *eds*. Theological dictionary of the

New Testament. Vol. 4. Grand Rapids, MI: Eerdmans. Available: Logos Bible Software, version 5).

Haw, S. 2001. Micah Network Declaration on Integral Mission. http://www.micahnetwork.org/sites/default/files/doc/page/mn_integral_mission_declaration_en.pdf Date of access: 20 December 2011.

Haw, S. 2012. Micah Network: beyond Thun, 2012. *Integral mission and the community: local church, local change, global impact:* 1-3.

Haw, S. 2014a. Integral mission: dualisms and principles. [personal interview]. 30 October. Carlisle.

Haw, S. 2014b. Integral mission: a framework. [personal interview]. 11 November. Carlisle.

Helberg, J.L. 1983. Verklaring en prediking van die Ou Testament. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

Henry, M. 1996. Matthew Henry's commentary on the whole Bible : complete and unabridged in one volume (Nu 6:22-27). Peabody, MA: Hendrickson. Available: Logos Bible Software, version 4.

Hesselgrave, D.J. 2000. Planting churches cross-culturally: North America and beyond. Grand Rapids, MI: Baker.

Heyns, J.A. 1978. Dogmatiek. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Hilbers, A. 2013a. Mukhanyo Bible School. http://www.cgk.nl/index.php?mbs&highlight=doorgeven%20mbs Date of access: 25 November 2013.

Hilbers, A. 2013b. De toe-eigening. *Doorgeven*, 20(2):4-5.

Hillion, D. 2012. Does integral mission include everything that God requires of us and does God require of us everything included in integral mission? http://www.micahnetwork.org/sites/default/files/doc/page/does_im_include_everything_that_god_requires_of_us_daniel_hillion.pdf Date of access: 4 September 2013.

Hobrink, B. 2006. Moderne wetenschap in de Bijbel. Hoornaar: Gideon.

Hofmann, S. 2014. Integral mission in Burundi: Wed – multiple presentations_speaker 1. *In:* CCD Conference: Micah Network. [CD].

Hughes, P.E. 1989. The True image: the origins and destiny of man in Christ. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

IRM. 1997. International relationships in mission. *International review of mission*, 86:342.

Jamieson, R., Fausset, A.R. & Brown, D. 1997. Commentary critical and explanatory on the whole Bible, Oak Harbor, WA: Logos Research Systems. Available: Logos Bible Software, version 4.

Jansen-Schoonhoven, E.J. 1977. Wederkerige assistentie van kerken in missionair perspectief – samenvatting en evaluatie van een studie-project. Leiden: IIMO.

Jansen, M. 2013. Een leven omvattend evangelie. *Idea,* 34(3):28-29.

Jayakumar, S. 2005. Transforming the Indian culture of poverty and oppression. *Transformation: an international journal of holistic mission studies*, 22(2):73-84.

Johnson, J.A. 2003. Image of God. (*In* Brand, C., Draper, C., England, A., Bond, S., Clendenen, E.R. & Butler, T.C., *eds*. Holman illustrated Bible dictionary. Nashville, TN: Holman Bible.

Jonkman, H. 1988. KwaNdebele: eerst een stukje geschiedenis. *Uw koninkrijk kome: terugziend naar het verleden, actief in het heden: 60 jaar zending van de Chr. Geref. Kerken*, 79(5):59-63.

Jonkman, H. & Jonkman, A. 2013. Gebed om vrede. *Doorgeven*, 20(5):8-9.

Jordaan, G.J.C., Van Rensburg, J.J.J. & Breed, G. 2006. Hermeneutiese vertrekpunte vir gereformeerde eksegese. *In die Skriflig,* 2&3:225-258.

Kalland, E.S. 1980. Dābār. (*In* Harris, R.L., Archer, G.L., Waltke, B.K., *eds.* Theological wordbook of the Old Testament. Chicago: Moody. Available: Logos Bible Software, version 5).

Keil, C.F. & Delitzsch, F. 1996. Commentary on the Old Testament. Peabody, MA: Hendrickson.

Keller, T. 1998. Blessed are the poor: Luke 6:20-26. New York, NY: Redeemer Presbyterian Church. [mp3].

Keller, T. 2008a. Ministry in the new global culture of major city-centers. http://www.mingdaopress.org/html/bibleseminar/pdf/b03_seminar_05.pdf Date of access: 3 July 2014.

Keller, T. 2008b. Dwelling in the gospel. Redeemer city to city. http://vimeo.com/8977644 Date of access: 26 January 2012.

Keller, T. 2008c. The gospel and the poor. *Themelios,* 33(3):8-22.

Keller, T. 2010. Generous justice: how God's grace makes us just. New York, N.Y: Penguin.

Keller, T. 2011. Ruim baan voor gerechtigheid: rechtvaardig worden door Gods genade. Franeker: Van Wijnen.

Keller, T. 2012. Dwelling in the gospel by Dr. Tim Keller: there is only one gospel – but several wys of expressing it. http://verticallivingministries.com/2012/07/30/dwelling-in-the-gospel-by-dr-tim-keller/ Date of access: 5 Desember 2012.

Kelly, B. 2012. Missio Dei: the mission of God: part 1. http://www.youtube.com/watch?v=QduMhN3zI9U Date of access: 3 Maart 2013.

Kelly, L. 2012. Integral discipleship: training and equipping the priesthood of all believers. Thun, Switzerland: Micah Network. [PowerPoint presentation].

Kim, Y.M. 2013. From paternalism and dependency to partnership and interdependency: transformation of mission within the Reformed Churches in South Africa in the KOSH region in post-apartheid South Africa. Potchefstroom: North-West University. (Thesis – PhD).

Kirk, J.A. 1999. What is mission? Theological explorations. London: Darton, Longman & Todd.

Kittel, G. 1964. εἰκών. (*In* Kittel, G., Bromiley, W. & Friedrich, G., *eds*. Theological dictionary of the New Testament. Vol. 1. Grand Rapids, MI: Eerdmans. Available: Logos Bible Software, version 5).

Kittel, G. 1985. Word and speech in the NT. (*In* Kittel, G., Bromiley, W. & Friedrich, G., *eds*. Theological dictionary of the New Testament. Vol. 4. Grand Rapids, MI: Eerdmans. Available: Logos Bible Software, version 5).

Kjøde, R. 2011. Priorities in global mission for the next decade: Normisjon. (*In* Engelsviken, T., Lundeby, E. & Solheim, D., *eds.* The church going glocal: mission and globalisation; proceedings from the Fjellhaung Symposium 2010. Oxford: Regnum. p. 201-206).

Kleinknecht, H. 1964. εἰκών – eikoon. (*In* Kittel, G. & Bromiley, G.W., *eds*. Theological dictionary of the New Testament, (Vol. 2). Grand Rapids, MI.: Eerdmans).

Knowles, A. 2001. The Bible guide (1st Augsburg books ed.). Minneapolis, MN: Augsburg. Available: Logos Bible Software, version 4.

Koenen, M.J. *red.* 1999. Koenen woordenboek Nederlands: 30ste druk. Utrecht: Koenen Woordenboeken.

Korevaar, J. 2013a. Location of distance groups. [e-mail]. 11 November. KwaMhlanga.

Korevaar, J. 2013b. Modules Certificate Diploma 201309-13. [e-mail]. KwaMhlanga.

Kornfield, W.J. 1999. Results of paternalism and some viable solutions: Presented at the Philadelphia Consultation on Dependency and Self-Reliance, November 19-20, 1999. http://www.wmausa.org/page.aspx?id=83849 Date of access: 19 November 2013.

Kritzinger, J.J. 1982. Die onvoltooide sendingtaak in Noord- en Oos-Transvaal. Deel 5: KwaNdebele. Pretoria: Universiteit van Pretoria, ISWEN.

Kritzinger, J.J. 1996. Die stryd teen armoede. *Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO*, Reeks F1: Studiestuk No. 340.

Kruger, G. 1989. Werken in een thuisland; collaboratie of profetie? (*In* Affourtit, C.D. & Van den Broek, C.J., *reds.* De daad bij het Woord: een bundel opstellen aangeboden aan het zendingsartsenechtpaar Helms-ter Weel. Franeker: Van Wijnen. p. 25-31).

Kurpershoek, W.L. 1996. Afrika-sinkretisme: gereformeerde prediking en pastoraat. *In die Skriflig,* 30(2):241-262.

Labuschagne, J. 1998. Constitution of Mukhanyo Theological College [e-mail].

Lange, J.P. 2008. A commentary on the Holy Scriptures: 1 Corinthians. Bellingham, WA: Logos Bible Software. Available: Logos Bible Software, version 5.

Lanier, D. 2003. Love (*In* Brand, C., Draper, C., England, A., Bond, S., Clendenen, E.R., Butler, T.C. & Latta, B., *eds.* 2003. Holman illustrated Bible dictionary. Nashville, TN: Holman Bible. Available: Logos Bible Software, version 5).

Lanier, S. 2012. Waarom zijn wij anders? Praktische inzichten om andere culturen beter te begrijpen. Almere: Ethnos.

Last, H. 1995. Zendingshuis CGK Hilversum: brief aan dr. P.J. Buys. [brief]. 20 Juni. Veenendaal.

Last, H. & Drayer, G. 2005. Ga dan heen. Een serie Bijbelstudies voor de opbouw van de diaconale missionaire taak van de gemeente.
http.://www.cgk.nl/download.php?f=af11ac6fb9157ac9947c6c9f2198c872
Datum van toegang: 8 Mei 2014.

Latt, D. 2010. Radical – taking back your faith from the American dream. Colorado Springs, CO: Multomah.

Lausanne Committee for World Evangelization and the World Evangelical Fellowship. 1982. LOP 21 – evangelism and social responsibility: an evangelical commitment. International Consultation on the Relationship between Evangelism and Social Responsibility, held at Grand Rapids, MI, June 19-25. http://www.lausanne.org/content/lop/lop-21
Date of access: 14 June 2012.

Lever, J. 1956. Antropologie. (*In* Christelijke encyclopedie 1: A – Bouwoffer, I:246).

Light, V.E. 2010. The Evangelical Church in Africa: towards a model for Christian discipleship. Rivonia: SATS. (Thesis – PhD).

Lippert, P. 1968. Leben als Zeugnis: die werbende Kraft christlicher Lebensführung nach dem Kirchenverständnis neutestamentlicher Briefe. s.l.: Katholisches Bibelwerk.

Logan, S. 2011. World Reformed Fellowship: statement of faith.
http://www.wrfnet.org/c/document_library/get_file?folderId=20&name=DLFE-46.pdf
Date of access: 17 April 2012.

Louw, J.P. & Nida, E.A. 1996. Greek-English lexicon of the New Testament: based on semantic domains. Volume 1. 2nd ed. [electronic] New York, NY: United Bible Societies. Available: Logos Bible Software, version 4.

Louw, J.P., Nida, E.A., Smith, R.B. & Munson, K.A. 1989. Greek-English lexicon of the New Testament: based on semantic domains, 2nd ed. Volume 1. New York: United Bible Societies.

Lubaale, N. 2010. The emerging church in Africa and holistic mission: challenges and opportunities. (*In* Woolnough, B. & Ma, W., *eds.* Holistic mission: God's plan for God's people. Oxford: Regnum. p. 76-86).

Ludike, J.L. 2001. Die opbou van die Afrika Onafhanklike Kerke deur die opleiding van leraars en profete. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Proefskrif – PhD).

Lukose, W. 2013. Contextual missiology of the Spirit: Pentecostalism in Rajasthan, India. Oxford: Regnum.

Ma, J.C. 2005. Mission possible: the biblical strategy for reaching the lost. Bletchley: Regnum.

Ma, W. 2011. Holistic mission, theological education and OCMS: *Transformation: an international journal of holistic mission studies,* 28(4):233-308.

MacArthur, J.F. 1995. Alone with God. Wheaton, IL: Victor. Available: Logos Bible Software, version 4.

MacArthur, J.F. 1997. Different by design. Wheaton, IL: Victor. Available: Logos Bible Software, version 4.

Maddox, R.L. 2001. Visit the poor: Wesley's precedent for wholistic mission. *Transformation: an international journal of holistic mission studies,* 18(1):37-50.

Mahlangu, V. 2013b. Missionaries from Dutch. [e-mail]. 16 Sept. Vezubuhle.

Makungo, R. 2013. Wat is van wie? *Doorgeven*, 20(2):6-7.

Manser, M.H. 1999. Dictionary of Bible themes: the accessible and comprehensive tool for topical studies. London: Martin Manser. Available: Logos Bible Software, version 4.

Martin, D.M. 1995. 1, 2 Thessalonians. The new American commentary. Vol. 33. Nashville TN: Broadman & Holman. Available: Logos Bible Software, version 4.

Mavunduse, D. 2013. Sustainable development, through mobilising churches. (*In* Woolnough, B., *ed.* Good news from Africa: community transformation through the church. Oxford: OCMS. p. 11-23).

MBS. 1994. Report on a curriculum and syllabus for the centralized courses of Mukhanyo Bible School. August 16, KwaNdebele.

MCDC. 2009. Unique Christian approach to community transformation: our holistic Christian approach to community transformation. KwaMhlanga. [PowerPoint presentation].

Medema, H.P. 2011. Totaal christendom: zending in de hele wereld, van Kaapstad tot Lausanne. Heerenveen: Medema.

Melick, R.R. 1991. Philippians, Colossians, Philemon. The new American commentary, 32(28).

Merriam-Webster, M.H. 2003. Merriam-Webster's collegiate dictionary. Springfield, Mass.

Mintzberg, H. 2009. Rebuilding companies as communities. *Harvard business review*, 87(7/8):140-143.

Moeketsi, P.M. & Buys, P.J. 2005. Report of the chairperson and secretary of the management committee to the board of a marketing visit and consultation to a general meeting of the Masakhane board of churches. 10 April, Kliplaatdrift.

Mooney, J. 2003. Righteousness (*In* Brand, C., Draper, C., England, A., Bond, S., Clendenen, E.R., Butler, T.C. & Latta, B., *eds.* 2003. Holman illustrated Bible dictionary. Nashville, TN: Holman Bible. Available: Logos Bible Software, version 5).

Mott, S.C. 1993. A Christian perspective on political thought. Oxford: Oxford University.

Motyer, J.A. 1993. The prophecy of Isaiah: an introduction & commentary. Grand Rapids, MI: InterVarsity.

Müller, D. 1980. μαθητής. (*In* Brown, C., *ed.* The new International dictionary of New Testament theology: 1:A-F. Grand Rapids, MI: Paternoster. p. 483-492).

Mundle, J. 1980. Fear. (*In* The new international dictionary of New Testament theology, 1:621-624).

Mutoigo, I.K. s.a. Habits of highly effective global partnerships. http://www.micahnetwork.org/sites/default/files/doc/page/connecting_my_church_with_community_ida_kaastra-mutoigo.pdf Date of access: 27 January 2014.

Myers, A.C. 1987. The Eerdmans Bible dictionary. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Myers, B.L. 1999. Walking with the poor: principles and practices of transformational development. Maryknoll, NY: Orbis.

Myers, D.G. 2001. The American paradox: spiritual hunger in an age of plenty. London: Yale University.

Newbigin, J.E.L. 1977. The good Shepherd: meditations on Christian ministry in today's world. Grand Rapids, MI: WB Eerdmans.

Newbigin, J.E.L. 1982. Crosscurrents in ecumenical and evangelical understandings of mission. *International bulletin of missionary research,* 6(4):146-151.

Newbigin, J.E.L. 1983. How should we understand sacraments and ministry? Paper written for the Anglican-Reformed International Commission, a consultation jointly mandated by the Anglican Consultative Council and the World Alliance of Reformed Churches, meeting in Woking. 10-15 January, London. (Unpublished).

Newbigin, J.E.L. 1987. Mission in Christ's way: Bible studies. *World Council of Churches, Ginebra*. http://www.ekklesiaproject.org/wp-content/uploads/2011/06/Inagrace-Dietterich-Mission-in-Christs-Way-PDF.pdf Date of access: 15 May 2013.

Newbigin, J.E.L. 1989. The gospel in a pluralist society. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Newbigin, J.E.L. 1993. The Kingdom of God and our hope for the future. (*In* Barbour, R.S. The Kingdom of God and human society. p. 1-12).

Newbigin, J.E.L. 1994. A word in season: perspectives on Christian world missions. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Noordegraaf, A. 1983. Creatura verbi. De groei van de gemeente volgens de Handelingen der Apostelen. 's Gravenhage: Boekencentrum.

Odendal, F.F. 1983. HAT: Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal. Suid-Afrika: Perskor.

Odendal, F.F. & Gouws, R.H. 2010. HAT: handwoordeboek van die Afrikaanse taal. Suid-Afrika: Pearson Education.

Oosthuizen, G. 1996. African Independent/Indigenous Churches in the social environment: an empirical analysis. *Africa insight*, 26(4):308-324.

Oosthuizen, G.C. 1968. Post-Christianity in Africa: a theological and anthropological study. London: Cambridge University.

Oswald, J. 1980. בָּרַךְ. (*In* Harris, R.L., Archer, G.L., Waltke, B.K., *eds.* Theological wordbook of the Old Testament. Chicago: Moody. Available: Logos Bible Software, version 5).

Ouedraogo, P. 2013. Transforming communities, through education. (*In* Woolnough, B., *ed.* Good news from Africa: community transformation through the church, OCMS: Oxford. p. 81-90).

Overduin, P. 2014. Communityship. http://www.overduinenco.nl/index.php/communityship/ Date of access: 14 Augustus 2014.

Packer, J.I. 1996. Growing in Christ. Wheaton, IL: Crossway. Available: Logos Bible Software, version 4.

Padilla, R. 1985. How Evangelicals endorsed social responsibility 1966-1983. Cambridge: Grove. Available: Logos Bible Software, version 4.

Padilla, R. 2002. Integral mission and its historical development, justice, mercy & humility. http://im.handsupstaging.com/wp-content/uploads/2011/10/Integral-Mission-and-its-Historical-Development_René-Padilla.pdf Date of access: 14 December 2012.

Padilla, R. 2012. Dr René Padilla. http://www.micahnetwork.org/pt-br/staff/dr-rené-padilla Date of access: 14 December 2012.

Palmer, F.H. 1996. Love, beloved. (*In* Wood, D.R.W. & Marshall, I.H. 1996. New Bible dictionary. 3rd ed. Leicester, England: IVP. Available: Logos Bible Software, version 5).

Packer, J.I. 1994. Growing in Christ. Wheaton, IL: Crossway.

Paschall, F.H. & Hobbs, H.H. 1972. The teacher's Bible commentary: a concise, thorough interpretation of the entire Bible designed especially for Sunday school teachers. Nashville, TN: Broadman & Holman. Available: Logos Bible Software, version 4.

Peays, B. 2011. The Gospel Coalition: foundation documents. http://tgc-documents.s3.amazonaws.com/Foundation%20Documents/FoundationDocuments(English).pdf Date of access: 15 December 2012.

Peskett, H. & Ramachandra, V. 2003. The message of mission: the glory of Christ in all time and space. Leicester: IVP.

Petersen, D. 1999. Missions in the twenty-first century: toward a methodology of Pentecostal compassion. *Transformation: an international journal of holistic mission studies,* 16(2):54-59.

Peterson, D.G. 1996. Godliness. (*In* Wood, D.R.W. & Marshall, I.H. 1996. New Bible dictionary, 3rd ed. Leicester: IVP. Available: Logos Bible Software, version 5).

Pieterse, H.J.C. 2001. Prediking in 'n konteks van armoede. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Pietersma, P. & Van den Berg, G. 2005. Het strategieboek: in dialoog naar een strategisch voorsprong. Den Haag: SDU.

Piper, J. 2014. Are deeds a better sign of love than words? http://www.churchleaders.com/outreach-missions/outreach-missions-articles/245857-deeds-better-sign-love-words.html?print Date of access: 3 February 2015.

Plantinga, C. 1995. Not the way it's supposed to be: a breviary of sin. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Platt, D. 2010. Radical: taking back your faith from the American dream. Colorado Springs, CO: Multnomah.

Pop, F.J. 1984. Bijbelse woorden en hun geheim: verklaring van een aantal Bijbelse woorden. 's Gravenhage: Boekencentrum.

Pratt, R.L. 2000. Vol. 7: 1-2 Corinthians. Holman New Testament commentary: Holman reference. Nashville, TN: Broadman & Holman. Available: Logos Bible Software, version 4.

Procee, R. 1996. Verslag van de 2de vergadering van sectie 2 (Kwandebele – Brazilië) gehouden op 15 April 1996 te Utrecht. Utrecht.

Procksch, O. 1985. λέγω, λόγος, ῥῆμα, λαλέω, λόγιος, λόγιον, ἄλογος, λογικός, λογομαχέω, λογομαχία, ἐκλέγομαι, ἐκλογή, ἐκλεκτός: The Word of God in the OT. (*In* Kittel, G., Bromiley, W. & Friedrich, G., *eds.* Theological dictionary of the New Testament. Vol 4. Grand Rapids, MI: Eerdmans. Available: Logos Bible Software, version 5).

Quant, D. 2011. Kerkorde van de Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland: het laatst gewijzigd en aangevuld door de synode van Huizen/Nunspeet (2010). Amsterdam: Buijten & Schipperheijn.

Quell, G. 1985. agapáō [to love], agápē [love], agapētós [beloved]. (*In* Kittel, G., Bromiley, W. & Friedrich, G., *eds*. Theological dictionary of the New Testament. Vol. 1. Grand Rapids, MI: Eerdmans. Available: Logos Bible Software, version 5).

Rabali, C.T. 1989. Taak en toekomst van de zendingswerker in Zuid-Afrika. (*In* Affourtit, C.D. & Van den Broek, C.J., *reds.* De daad bij het Woord: een bundel opstellen aangeboden aan het zendingsartsenechtpaar Helms-ter Weel. Franeker: Van Wijnen. p. 51-62).

Ramachandra, T. 1994. The Honor of listening; indispensable for mission. *Evangelism and missions information service,* 30(4):1-4.

Rengstorf, K.H. 1964. μαθητεύω, μαθητής. (*In* Kittel, G., Bromiley, W. & Friedrich, G., *eds.* Theological dictionary of the New Testament. Vol. 3-4. Grand Rapids, MI: Eerdmans. Available: Logos Bible Software, version 5).

Rengstorf, K.H. 1964. διδάσκω. (*In* Kittel, G., Bromiley, W. & Friedrich, G., *eds.* Theological dictionary of the New Testament, Vol. 1, 2). Grand Rapids, MI: Eerdmans. Available: Logos Bible Software, version 5).

Richards, L.O. 1987. The teacher's commentary. Wheaton, IL: Victor.

Robertson, A. 1997. Word pictures in the New Testament. Oak Harbor, WA: Logos Research Systems. Available: Logos Bible Software, version 4.

Roux, C.H. 2005. The contribution of strategic management and organisational development theory, models and practice to the effectiveness of local churches: a study on a selected sample of South African urban and suburban churches at congregational level. Stellenbosch: University of Stellenbosch. (Thesis – PhD).

Samuel, V. 1989. Gospel and culture. (*In* Samuel, V. & Hauser, A., *eds*. Proclaiming Christ in Christ's way: studies in integral mission: essays presented to Walter Arnold on the occasion of his 60th birthday. Oxford: Regnum. p. 1-83).

Samuel, V. & Samuel, C. 1993. Rebuilding families: a priority for wholistic mission. *Transformation: an international journal of holistic mission studies,* 10(3):5-8.

Sasse, H. 1972. ζωὴν αἰώνιον. (*In* Kittel, G., Bromiley, W. & Friedrich, G., *eds.* Theological dictionary of the New Testament. Volume I. Grand Rapids, MI: Eerdmans.
p. 207).

Scarborough, D. 2003. How the enemies of God use the church to destroy Christianity.
http://www.christianaction.org.za/articles/howtheenenemies.htm
Date of access: 18 April 2012.

Schaff, P. *ed*. 1887. A select library of the Nicene and post-Nicene fathers of the Christian church, Series 1, Volume 3: St. Augustin: On the Holy Trinity, Doctrinal treatises, moral treatises. Buffalo, NY: Christian Literature. Available: Logos Bible Software, version 4.

Schreiner, T.R. 2007. 1, 2 Peter, Jude. Logos Library System; The new American commentary. Nashville, TN: Broadman & Holman. Available: Logos Bible Software, version 4.

Schrenk, G. 1964. díkē [justice], díkaios [just, righteous], dikaiosýnē [justification, righteousness], dikaióō [to justify], dikaíōma [regulation], dikaíōsis [justification], dikaiokrisía [righteous judgment]. (*In* Kittel, G., Bromiley, W. & Friedrich, G., *eds*. Theological dictionary of the New Testament. Vol. 2. Grand Rapids, MI: Eerdmans. Available: Logos Bible Software, version 5).

Shedd, W.G.T. & Gomes, A.W. 2003. Dogmatic theology, 3rd ed. Phillipsburg, NJ: P & R. Available: Logos Bible Software, version 4.

Sider, R.J. 1997. Rich Christians in an age of hunger. Dallas, TX: Word.

Sider, R.J., Philip, N.O. & Unruh, H.R. 2002. Churches that make a difference: reaching your community with good news and good works. Grand Rapids, MI: Baker.

Sinclair, M. 1987. Development and eschatology. (*In* Samuel, V. & Sugden, C., *eds.*
The church in response to human need. Grand Rapids, MI: Regnum. p. 161-174).

Sine, C. 2003. Sacred rythms. Grand Rapids, MI: Baker.

Sinek, S. 2009a. Start with why: how great leaders inspire everyone to take action.
New York, NY: Penguin.

Sinek, S. 2009b. The golden circle.
http://www.eurib.org/fileadmin/user_upload/Documenten/PDF/Positionering/n_-
_De_Golden_Circle.pdf Date of access: 15 January 2015.

Sinek, S. 2010. How great leaders inspire action. https://www.youtube.com/watch?v=qp0HIF3SfI4 Date of access: 15 January 2015.

Skelton, C. 2010. Performing the Holy Spirit: ritualised manifestation of faith in an African Independent Church. *Journal for the study of religion,* 23(1&2):151-171.

Slagboom, J. 1993. Namens de kerkenraad van de Gereformeerde Kerk KwaNdebele: overzicht van de projecten op de verschillende projecten. [verslag]. Juni, Cullinan.

Slagboom, J. 2013. Woord- en daadzending van de CGKN in KwaNdebele, Zuid-Afrika. 8 Juli, Breda. [persoonlijke onderhoud]mith, J.E. 1992. The minor prophets. Joplin, MO College Press. Available: Logos Bible Software, version 4.

Smith, S. & Cornwall, J. 1998. The exhaustive dictionary of Bible names. North Brunswick, NJ: Bridge-Logos.

So, D. 2006. The missionary journey of the Son of God into the far country: a paradigm of the holistic gospel developed from the theology of Karl Barth. *Transformation: an international journal of holistic mission studies,* 23(130):130-142.

Soanes, C. & Stevenson, A. 2004. Concise Oxford English dictionary. 11th ed. Oxford: Oxford University. Available: Logos Bible Software, version 4.

Spence-Jones, H.D.M. 2004. The pulpit commentary: Isaiah Vol. 1: 100. Bellingham, WA: Logos Research Systems. Available: Logos Bible Software, version 4.

Stauffer, E. agapáō [to love], agápē [love], agapētós [beloved]. (*In* Kittel, G., Bromiley, W. & Friedrich, G., *eds*. Theological dictionary of the New Testament. Vol. 1. Grand Rapids, MI: Eerdmans. Available: Logos Bible Software, version 5).

Stendebach, F.J. 2003. צֶלֶם Selem. (*In* Theological dictionary of the Old Testament. Volume 12:386-399. Available: Logos Bible Software, version 4).

Stetzer, E. 2011. Kevin DeYoung and Greg Gilbert. What Is the mission of the church? Making sense of social justice, shalom, and the great commission. Wheaton, IL: Crossway, 2011. 288 pp. http://thegospelcoalition.org/themelios/review/what_is_the_mission_of_the_church_making_sense_of_social_justice_shalo Date of access: 14 December 2012.

Stott, J. 1986. Christian mission in the modern world. Downers Grove, IL: IVP.

Stott, J. 2008. Christian mission in the modern world (IVP Classics). Downers Grove, IL: IVP.

Strathmann, H. 1964. μάρτυς, μαρτυρέω, μαρτυρία, μαρτύριον. (*In* Kittel, G., Bromiley, Geoffrey W. & Friedrich, G. *eds.* Theological dictionary of the New Testament: Volume L – N, 4:474-514). Grand Rapids, MI.: Eerdmans. Available: Logos Bible Software, version 5).

Strong, J. 2009. A concise dictionary of the words in the Greek testament and the Hebrew Bible. Bellingham, WA: Logos Research Systems. Available: Logos Bible Software, version 4.

Strong, T. 2003. Godliness. (*In* Brand, C., Draper, C., England, A., Bond, S., Clendenen, E.R., Butler, T.C. & Latta, B., *eds.* 2003. Holman illustrated Bible dictionary. Nashville, TN: Holman Bible. Available: Logos Bible Software, version 5).

Sugden, C. 1997. Seeking the Asian face of Jesus: a critical and comparative study of the practice and theology of Christian social witness in Indonesia and India between 1974 and 1996 with special reference to the work of Wayan Mastra in the Protestant Christian Church of Bali and of Vinay Samuel in the Church of South India. Oxford: Regnum.

Sundkler, B.G.M. 1961. Bantu prophets in South Africa. 2nd ed. London: Oxford University.

Swanson, J. 1997. Dictionary of Biblical languages with semantic domains: Greek (New Testament). Oak Harbor, WA: Logos Research Systems. Available: Logos Bible Software, version 4.

Swanson, J. & Nave, O. 1994. New Nave's topical Bible. Oak Harbor, WA.: Logos Research Systems. Available: Logos Bible Software, version 4.

Taylor, R.A. & Clendenen, E.R. 2004. The new American commentary. Vol. 21A (82), Haggai, Malachi. Nashville, TN: Broadman & Holman. Available: Logos Bible Software, version 4.

Taylor, W.D. 1994. Kingdom partnerships for synergy in missions. Pasadena, CA: William Carey.

Tel, M. 1992. Van gedeelde verantwoordelijkheid naar wederzijdse assistentie: een onderzoek naar de samenwerking in de zending tussen de Gereformeerde Kerken in Nederland en de Gereja-Gereja keristen Djawa van 1946 tot 1973 en de positie van de missionaire predikant daarin. Kampen: Theologische Universiteit van de Gereformeerde Kerken. (Thesis – PhD).

Ten Bos, R. 2001. Strategisch denken. Op zoek naar nieuwe helden. Zaltbommel: Thema.

Tensen, M. 2007. Wat en waarom ik geloof: een boek barstensvol vragen over het Christelijk geloof. Almere: Cocounut.

Thomas, R.L. 1998. New American standard Hebrew-Aramaic and Greek dictionaries, updated edition. Anaheim, CA: Foundation. Available: Logos Bible Software, version 4.

Tizon, A. 2008. Transformation after Lausanne: radical evangelical mission in global-local perspective. Oxford: Regnum.

Tollefson, K. 1987. The Nehemiah model for Christian misisons. *Missiology: an international review,* 15(31):31-55.

Turaki, Y. 1999. Christianity and African gods: a method in theology. *Series F2: Brochures of the Institute for Reformational Studies,* 75.

Twinamatsiko, K. 2013. Satisfying the thirsty, by water and sanitaion projects. (*In* Woolnough, B., *ed.* Good news from Africa: community transformation through the church. Oxford: OCMS. p. 69-79).

Utley, R.J.D. 1998. Volume 5. The gospel according to Paul: Romans. Study guide commentary series. Marshall, TX: Bible Lessons International. Available: Logos Bible Software, version 4.

Van Dale Lexicografie. 2005. Van Dale Praktijkwoordenboek Nederlands. Utrecht: Van Dale Lexicografie.

Van den Brink, G. & Van der Kooi, C. 2012. Christelijke dogmatiek: een inleiding. Zoetermeer: Boekencentrum.

Van der Linde, S. 1960. Piëtisme. (*In* Christelijke encyclopedie, V:452-453).

Van der Waal, C. 1985. Die wêreld is ons woning – Christelike kultuurtaak. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Van Der Walt, B.J. 2001. Culture, worldview and religion: towards a Biblical perspective on development. (*In* Van der Walt, B.J., *ed.* Transformed by the renewing of your mind. Potchefstroom: The Institute for Contemporary Christianity in Africa. p. 43-92).

Van Der Walt, B.J. 2004a. ’n Skande- versus ’n skuldgeoriënteerde gewete. ’n Verklaring vir die botsing tussen die Afrikakultuur en die Westerse kultuur? *Koers,* 69(1):27-56.

Van Der Walt, B.J. 2004b. A shame versus a guilt-oriented conscience: an explanation for the conflict between African and Western ethics! *Bulletin for Christian Scholarship*, 69(1):27-55.

Van Der Walt, B.J. 2012. Ontwikkelingsamewerking vir Afrika, met besondere aandag aan'n vennootskapsverhouding. *Koers-bulletin for Christian scholarship*, 72(3):468-504.

Van der Watt, G. 2005. Sharing in partnership (koinonia): a conversation starter. Utrecht: Ecumenical Council Assembly.

Van Deventer, W.V. 1988. A theological-anthropological perspective on the problem of poverty in a traditional African rural context. *Theologica viatorum*, 16(1):24-35.

Van Genderen, J. 1961. Synergisme. (*In* Christelijke encyclopedie, VI:304).

Van Hoorn, M. 2007. Aandacht: bron van verbinding; verkenningen rond rijker organiseren. Assen: Van Gorcum.

Van Langevelde, A.P. 1989. Christelijke lectuur voor Zuidelijk-Afrika: een pleidooi voor nieuw élan. (*In* Affourtit, C.D. & Van den Broek, C.J., *reds.* De daad bij het Woord: een bundel opstellen aangeboden aan het zendingsartsenechtpaar Helms-Ter Weel. Franeker: Van Wijnen. p. 127-139).

Van Niekerk, A.S. 1989. Blinden vlekken in de zending. (*In* Affourtit, C.D. & Van den Broek, C.J., *reds*. De daad bij het Woord: een bundel opstellen aangeboden aan het zendingsartsenechtpaar Helms-Ter Weel. Franeker: Van Wijnen. p. 39-49).

Venema, J. 1985. Wat is een Christen nodig geloven? Barneveld: De Vuurbaak.

Verbeek, G. 2005. Recht in overvloed: gerechtigheid en professionaliteit in de ontmoeting tussen arm en rijk. Budel: Damon.

Vermeulen, C. 2002. The significance of the missio Dei concept for effective mission today. s.l.: Woodland Project.

Vinay, S. & Sugden, C. 1999. Mission as transformation: a theology of the whole gospel. Oxford: Regnum.

Voetius, G. 1910. De plantatione ecclesiarum, traktaat over de planting en de planters van kerken, vertaal deur D. Pol. Groningen: Bouwman & Venema.

Vyhmeister, N.J. 2009. Quality research papers: for students of religion and theology. Grand Rapids, MI: Zondervan.

Walker, G.S.M. & Beckwith, R.T. 1996. Ministry. (*In* Wood, D.R.W. & Marshall, I.H. 1996. New Bible dictionary, 3rd ed. Leicester: IVP. Available: Logos Bible Software, version 5).

Walls, A.F. 2011. World Christianity, theological education and scholarship. (*In* Singh, D.E., *ed. Transformations: an international journal of holistic mission studies,* OCMS: Oxford. p. 234-240).

Waltke, B.K. 2004. The book of Proverbs: chapters 1-15, NICOT. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Waltke, B.K. 2008. Righteousness in Proverbs. *Westminster theological journal,* 70(2): 225-237.

Wessel, W.W. 1986. Blessed. (*In* New Bible dictionary: 2nd ed. p. 144).

West, M. 1974. People of the Spirit: the Charismatic Movement among African Independent Churches. *Journal of theology for Southern Africa*, No 7:23-29.

White, J. 2003. Justice. (*In* Brand, C., Draper, C., England, A., Bond, S., Clendenen, E.R., Butler, T.C. & Latta, B., *eds.* 2003. Holman Illustrated Bible Dictionary. Nashville, TN: Holman Bible. Available: Logos Bible Software, version 5).

Wierda, S.J. 2001. Gezonden met perspectief. Naar een theologisch kader voor gemeentestichting vanuit een missionair motief in Nederland. Groningen: Theologische Universiteit Kampen. (Thesis – Doctoraal).

Wiher, H. 2002. Understanding shame and guilt as a key to cross-cultural Christian ministry: an elenctical study. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. (Thesis – PhD).

Williams, D. 1997. Seven myths about small groups : how to keep from falling into common traps. Downers Grove, IL: InterVarsity. Available: Logos Bible Software, version 4.

Wood, D.R.W. & Marshall, I.H. 1996. New Bible dictionary (3rd ed.). Leicester, England: Intervarisity. Available: Logos Bible Software, version 4.Wright, C.J.H. 2004. Old Testament ethics for the people of God. Leicester, England: IVP.

Wright, C.J.H. 2011. The mission of God: unlocking the Bible's grand narrative. Nottingham,: IVP.

Wright, C.J.H. 2010. The mission of God's people: a biblical theology of the church's mission. Grand Rapids, MI: Zondervan.

Yayamori, T. & Padilla, C.R. 2004. The local church, agent of transformation: an ecclesiology of integral mission. Buenos Aires: Kairos.

Zodhiates, S. 1992. Sermon starters: Volumes 1-4. Chattanooga, TN: AMG.

# ADDENDUM A

**Ongepubliseerde argivale bronne**

Verkry uit: CGKN-argief, Veenendaal. Argief van Deputaten Buitenlandse Zending. Dienstenbureau van de Christelijke Gereformeerde Kerken, Ghandistraat 2, 3902 KD Veendenaal.

**Leeswyser**:

1. I-LIV gevolg deur die vetgedrukte opskrifte verwys na die gelyknamige lêer in die CGKN se sendingargiefkas in Veenendaal, Nederland.

2. A tot E verwys na die betrokke notule of verslag in die lêer (a) gevolg deur die bladsyverwysing (indien beskikbaar).

*Die inskrywings van die argivale bronne is net so behou met stilistiese inkonsekwenthede en teksfoute, ter wille van outentisiteit. Die bronne is wel van funksionele opskrifte voorsien om naslaanwerk te vergemaklik.*

**I. Zending Notulen Deputaatschap 1971 – 1986**

A. Notulen 7 december 1979

B. Notulen 15 december 1981

C. Notulen 13 december 1982

D. Notulen 4 maart 1985

E. Notulen 13 januari 1986

II. **Notulen Moderamen zending 1980-1987**

A. Notulen 18 december 1979

B. Notulen 2 augustus 1984

C. Notulen 26 september 1984

D. Notulen 1 april 1986

III. **127 MV 01.08.85 – 146 MV 02.06.87**

A. Notulen 30 januari 1987

IV. **147 MV 07.09.87 – 162 MV 30.01.89**

A. Notulen 14 december 1987

B. Notulen 29 februari 1988

C. Comité-notulen 160mv d.d. 19 december 1988 (88/166)

V. **163 MV 20.03.89 – 171 MV 26.06.90**

A. Concept-notulen 29 januari 1990

B. Concept-notulen 29 januari 1990

C. Concept-notulen 9 april 1990

VI. **Afrika sectie 1981-187**

A. Notulen 29 maart 1982

B. Notulen 26 november 1982

C. Notulen 4 november 1983

D. Notulen 9 december 1983

E. Notulen 4 december 1984

F. Notulen 30 november 1984

G. Notulen 2 juli 1985

H. Notulen 17 januari 1986

I. Notulen 1 april 1986

J. Notulen 25 april 1986

K. Notulen 29 september 1986

VII. **1 ANS 12.03.81 – 46 AKS 07.11.88**

A. notulen 18 januari 1988

B. Notulen 17 september 1998

C. notulen, 7 november 1988

VIII. **47 AKS 16.01.89 – 61 AKS 09.09.91**

A. Notulen 13 maart 1989

B. Notulen 13 november 1989

C. Notulen 4 december 1989

D. Notulen 8 januari 1990

E. Notulen 24 september 1990

F. Notulen 21 januari 1991

G. Notulen 18 maart 1991

IX. **62 AKS 25.11.91 – 66 AKS 14.09.92**

A. Notulen 25 november 1991

B. Concept overeenkomst

C. Herziene Concept-akte oprichting Mukhanyo Bijbelschool 92/2

D. Akte van oprichting van de Mukhanyo-Bijbelschool

E. Brief 8 april 1993

F. Brief 11 november 1993

G. Praatpapier beleid Mukhanyo

H. Notulen 5 juli 1993

I. Brief 30 november 1993

X. **67 AKS 06.11.92 – 75 AKS 16.05.94**

A. Notule GK Potch Noord 28 Februarie 1992

B. Brief DBZ 11 november 1993

C. Brief DBZ 13 april 1993

D. Concept notulen 14 juni 1993

XI. **76 AKS 06.06.94 – 81 AKS 25.09.95**

A. Concept notulen 6 juli 1994

B. Notulen 3 oktober 1994

C. Brief DBZ aan F Buys 20 juni 1995

D. Verslag gesprek 19 juni 1995

E. Notulen 25 september 1995

F. Brief DBZ 19 oktober 1995

XII. **Sectie II 29/1/1996 t/m 17/11/97**

A. Protocol Mukhanyo project

B. Notulen 27 januari 1997

C. Bijlage notulen 15 september 1997

D. Notulen 7 november 1997

E. Protocol Mukhanyo Bible project

F. Epos CW Buijs 06 Okt 1996

G. Trouw: zendingswerk in KwaNdebele, 12 november 1996

H. Epos F Buys 23 Maart 1997

I. Brief DBZ 17 september 1997

XIII. **Sectie II 11SII (12.01.98) tot 22SII (20.11.00)**

A. Notulen, 21 juni 1999

B. Notulen 20 september 1999

C. Notulen 17 april 2000

D. Bijlage bij notulen 22SII D.d. 20 november 2000

XIV. **Beleidsnota**

A. 12 februari 1992 Beleidsnota Deputaten Zending, p1-26

B. Werkersconferentie 16-10-1985

C. Klapper op de notulen van de AFRIKA-KWANDEBELE-SECTIE van 1986 t/m 1990

D. Mukhanyorapport Bijlage 3 bij 90/163

XV. **Deputatenvergadering '91-'92**

A. 4. Beleid naar de toekomst

XVI. **Deputatenvergadering '93-'94**

A. Brief DBZ 11 november 1993

XVII. **22 DV 21.02.97 tot dec 1998**

A. Notulen 14 december 1998

XVIII. **Comité-notulen X54 AVS vanaf 1SI 1SII**

A. Notulen comité-gedeelte van de 8e vergadering van Sectie II op 21 april 1997

B. Concept comitee notulen van de 16e vergadering van Sectie II op 26 april 1999

XIX. **Comité 93 t/m 96**

A. Concept-comité notulen 8 november 1993

XX. **Correspondentie Comité September '95 t/m december '98**

A. 20 januari 1997

XXI. **Comité-notulen vanaf 19 DV 202 /1 t/m 41 DV en t/m 249 MV**

A. Concept-comité-notulen 10 februari 1997

XXII. 02-143 conceptnotulen 15april02

02-385 Conceptnotulen 11nov02

03-153 Notulen 21dscKwa 14apr’03

XXIII. 03-459 Notulen 25dscKwa 11 nov.’03

XXIV. Concept verslag 34ste dscKwa, 4febr05

XXV. Conceptnotulen dscKwa-10febr04.doc

XXVI. kwa.06 – Verslag 45ste dsc Kwa, 8 maart

XXVII. kwa.12 – Verslag 46ste dsc Kwa-7juni07

XXVIII. kwa.35 – Verslag 48ste dsc Kwa 5 nov.

XXIX. kwa.44 – Verslag 44ste dsc Kwa d.d. 29 nov.

XXX. notulen 12 juni

XXXI. Verslag – 29ste dsc-KwaNdebele – 2 sept ’04

XXXII. Verslag 36ste dsc Kwa met mod. – 19mei

XXXIII. Verslag 38e dsc-Kwa – 7sept05

XXXIV. Verslag 41ste dsc Kwa – 10 mei

XXXV. Verslag dsc KwaNdebele – 11 nov. 2004

XXXVI. Verslag van de 28 dsc-vergadering van de dsc KwaNdebele – 13 mei 2004

XXXVII. Verslag 39ste dsc-Kwa 31 okt.

XXXVIII. zaf.04 – Verslag dsc Zuid-Afrika 14 maart 2008

XXXIX. zaf.15 – Verslag 2e vergadering zaf 5 juni 2008

XL. zaf.40 – conceptversl. 4e verg. ZAF 20 nov

XLI. zaf.24 – Verslag 7e verg. dsc ZAF-110609

XLII. zaf.34 – verslag 8e dsc ZAF 12 okt.

XLIII. zaf.2 – Verslag 10e vergadering dsc ZAF 11 febr.

XLIV. zaf.18 – Verslag 11e verg. 10 juni dsc ZAF

XLV. zaf.31 – Verslag 12e dsc 16 september

XLVI. zaf.48 – Conceptverslag 3e vergadering dsc ZAF 22 sept.

XLVII. zaf.45 – conceptverslag 13e vergadering 1 dec.

XLVIII. zaf.21 – Conceptverslag 1e vergadering dsc Zuidelijk Afrika, 3 maart

XLIX. zaf.57 – Conceptverslag 4e vergadering 24 november 2011

L. zaf.7 – Verslag 5e vergadering 16 februari

LI. zaf.18 – Verslag 6e dsc vergadering 10 mei

LII. zaf.37 – Conceptverslag 7e vergadering, 27 september.doc

LIII. zaf.52 – Conceptverslag 8e vergadering 22 nov. en 11 dec.

LIV. zaf.44 – conceptverslag 12e vergadering 4 december

# BYLAES

## 2.1 Die vraelys wat aangewend is

1. Inleiding: ’n Kort verduideliking van die studie aan die respondent
    a. Titel: *Die integrasie van woord en daad in holistiese bediening in KwaNdebele.*
    b. Doel van hierdie onderhoud: Watter lesse kan uit die CGKN se visie op integrale sendingwerk in KwaNdebele geleer word, sodat kerke internasionaal hierby baat kan vind en dit moontlik vir hulle eie sendingwerk gebruik?
    c. Verduideliking aan die respondente wat bedoel word met “woord en daad” en “integrale sending”.
    d. Hoofstukindeling van die studie vir beeldvorming.
    e. Doel van Hoofstuk 4.
2. Vrae: a) Verleen u toestemming dat die gesprek opgeneem word en b) kan ek hierdie inligting vir die studie gebruik? U skriftelike goedkeuring sal eers verkry word vir die gebruik van die inligting wat u verstrek het. U naam sal nie genoem word nie, maar na verwys word as “Respondent E, F, G, H, I, J”. Die doel van die onderhoud is om die integrale sending van die CGKN in KwaNdebele te verstaan en daaruit te leer, sodat dit kerke wêreldwyd kan help met hulle integrale sending met Woord en daad.
3. Visie en beleid:
    a. Hoe het u die visie en doel van die CGKN se sending (woord en daad) verstaan? Wat wou die CGKN in KwaNdebele bereik?
    b. Wat was hulle beleid/strategie? Wat is u mening/gedagtes hieroor?
    c. Wat was die sterk- en swakpunte van die CGKN se sending?
    d. Volgens die CGKN het hulle soms die gevoel gehad dat hulle eerder hulp verleen in plaas van om sending te doen. Wat is u mening hieroor?
    e. Het die verskillende Nederlandse sendelinge dieselfde visie op integrale sending gehad en het hulle dieselfde beleid/strategie op Woord en daad gevolg? Hoe het hulle mekaar ondersteun en mekaar se Woord- en daadbediening voortgesit wanneer die een die ander opgevolg het?
4. Kultuur en kontekstualisering
    a. Die CGKN beskryf die kerke in KwaNdebele en die Nederlandse kerke as gelyke instellings. Hoe het die plaaslike kerke volgens u hierdie gelykwaardigheid ervaar?
    b. Hoe is wederkerigheid in die verhouding tussen die CGKN en KwaNdebele ervaar? Verduidelik wederkerigheid: Ons help jou en jy help ons. Beide kan van mekaar leer.

c. Hoe het die sendelinge die plaaslike kultuur, gewoontes en gebruike (leer) verstaan?

d. Hoe het u die verskille tussen die Europese en Suid-Afrikaanse kulturele gewoontes, style, gebruike ervaar? Watter invloed het hierdie verskille op die integrasie van Woord en daad gehad? Wat kon anders gedoen word?

e. Hoe het korttermynprojekte rekening gehou met die plaaslike kultuur, gewoontes, gebruike, probleme en traumas?
Watter invloed het dit op die integrasie van Woord en daad gehad?
Wat is die plaaslike mense/kerke se mening oor korttermynprojekte?
Is dit verantwoordelik in so ’n kwesbare gebied?
Stimuleer dit selfstandigheid?
Hoe is onderlinge afsprake gemaak oor die aanvang, opbou, duur en voltooiing (afbou) van sendingprojekte?

f. Hoe is die behoeftes, probleme en begeertes in Woord en daad aangespreek?
Wat was die sterk- en swakpunte?

5. Integrasie
   a. Wat verstaan u onder die integrasie van Woord en daad (soos deur die CGKN aangespreek )?
   b. Wat was die sterk- en swakpunte?
   c. Hoe is die gemeente en die gemeenskap betrek in die daadbediening?
   d. Is die opbou van die gemeente intern en/of ekstern gefokus op Woord en daad? Hoe?
   e. Hoe aktueel en relevant was die verkondiging van die Nederlandse sendelinge/uself vir die daaglikse lewe van die mense van KwaNdebele?
   f. (Hoe) het die Woord-en daadbediening hoop – vir nou en die ewigheid – gebring?
6. Projekte
   a. Was dit, vanuit ’n Afrika-wêreldbeskouing gesien, na u mening verstandig dat die CGKN die sending en die ondersteuning in KwaNdebele verminder en beëindig het?
   b. Hoe het die plaaslike mense op die bou van kerkgeboue deur die Nederlanders gereageer? Het die KwaNdebele mense ’n stem hierin gehad?
   c. Wat is u mening oor Nederlandse uitreikgroepe wat tydens hulle vakansies bouwerk kom verrig? Sterk- en swakpunte?
   Wat is die wense/mening van die KwaNdebele mense hieroor?
7. Etiek

a. Wat is u mening oor hoe die CGKN op MIV/Vigs in terme van Woord- en daadbediening gereageer het?
b. Het die CGKN-sendelinge by sosiale kwessies betrokke geraak? Indien wel, hoe? Indien nie, wat is u mening hieroor?
c. Wat is u mening oor die CGKN se huiwering om geen uitsprake oor apartheid te lewer nie uit vrees dat die sendelinge deur die Suid-Afrikaanse regering gedeporteer sou word?

8. Voordele
   a. Hoe het die gemeenskap voordeel uit die CGKN se sendingwerk getrek: geestelik, eties, moreel, ekonomies ...?
   b. Leer- of verbeterpunte. Sterk- en swakpunte.
   c. Wat is u mening oor die kommentaar van sommige kerkleiers van KwaNdebele dat die Nederlandse sendelinge te maklik geld uitgedeel het in plaas van om hulle te lei om selfversorgend te wees?
      i. Kon hierdie kommentaar ook ’n verskoning wees om nie verantwoordelikheid te aanvaar nie?
      ii. Wat sou ’n goeie benadering wees?
   d. Hoe kan ouer kerke (bv. CGKN) die nuwe en kwesbare kerke in KwaNdebele die beste in hulle eie ontwikkeling bystaan?
9. Mukhanyo Bible School, Mukhanyo Theological College, Mukhanyo Community Development Centre
   a. Hoe het u die verhouding en eenheid tussen die MTC en MCDC in terme van Woord en daad verstaan?
   b. Wat was volgens u die MTC en MBS se visie en missie?
   c. Hoe het die MTC u vermoë beïnvloed om die kerk te lei?
10. Moontlike dualisme
   a. Die CGKN het sending en hulpverlening geskei in afsonderlike deputaatskappe. Wat is u mening hieroor met betrekking tot Woord en daad?
   b. Sien u ’n verskil tussen sending en die bedieningswerk binne u gemeente?
11. Onafhanklike Kerke
   a. Wat kan u vertel oor die geskiedenis, karakter, aard en ontwikkeling van die Onafhanklike Kerke?
   b. Hoekom is daar so baie Onafhanklike Kerke?
   c. Daar word gepraat van ’n voortdurende magstryd binne die Onafhanklike Kerke? Hoekom is dit so? Hoekom is daar soveel wantroue en stryd? Hoe werk dit?

d. In watter mate is die kerkleiers van die Onafhanklike Kerke bekend met "dienskneg leierskap"?

e. Hoekom misluk so baie broederskaporganisasie, waarin pastore, predikante en kerkleiers mekaar ondersteun en saam projekte aanpak om 'n positiewe impak op die kerke en gemeenskap te hê? Dink hier aan byvoorbeeld die KwaNdebele Churches Board, Masakahane Churches Board, Midveld Ministers Association, CRICA, Vukani Fraternal.

f. Hoe goed het die Nederlandse sendelinge regtig die Onafhanklike Kerke verstaan? Hoe het hulle die saak benader?

g. Is die kerkleiers van die Onafhanklike Kerke geleer om die Bybel integraal te lees en te leef? Hoe?

12. Behoefte

a. Wat is KwaNdebele se grootste behoefte wat kerkleiers betref?
Wat het die inwoners die meeste van die kerkleiers nodig?

b. Wat is die samelewing se grootste behoefte?

i. Wat behoort hieraan gedoen te word?

ii. Watter rol het die kerke hierin te speel?

Hoe het die CGKN, na u mening, die hele probleem van voorouerverering en toordokters verstaan en benader? Watter lesse kan ons hieruit leer?

## 2.2 English questionnaire

*Die vraelys is net so behou soos dit in die onderhoude gebruik is, taal- en teksfoute, ter wille van outentisiteit.*

Introduction: André and study

a. Title and purpose of the study: the integration of Word and deed in holistic missions in KwaNdebele
b. Explain what is meant by 'word and deed' and 'integral mission
c. Overwiev of the chapters of the study
d. Next chapter: Chapter Four and it's purpose

**1.** Questions: a) may I record this conversation and b) may I use this information for the study? I'll let you read it first via e-mail so you can agree and/or correct it before publishing after giving your approval. I give you the assurance that you won't get into trouble as your name would not be used, but referred to as "Respondent E, F, G or D". The purpose is to understand the CGKN's mission work and to learn lessons from which other churches worldwide could learn for their integral mission.

**2.** Vision and policy:

a. How did you understand the vision and purpose of the CGKN's mission (on word and deed)? What did the CGKN want to accomplish in KwaNdebele?
b. What were their policy and strategy? What is your opinion on this?
c. What were the strengths and the weaknesses of the CGKN's mission?
d. According to the CGKN they sometimes had the feeling to giving assistance instead of doing mission? Your opinion?
e. Did the Dutch missionaries share the same vision on integral mission and did they follow the same policy and strategy on word and deed? How did they support and continue each other's work as to word and deed?

**3.** Culture and contextualization

a. The CGKN describe the churches in KwaNdebele and the Dutch churches as equal. How did you experience this equality?
b. How is reciprocity experienced? Explain this term: we help you and you help me? Both can learn from each other.
c. How did the missionaries (learn to) understand the local culture, habits and customs?
d. How did you experience the differences between the European and South-African cultural habits and customs? What influence did it have on the integration of word and deed? What could have been done differently?

e. Did short term projects take the local culture, habits, customs, problems and traumas into mind/regard?
   What influence did this have on the integration of word and deed?
   How did the local people and churches react on short term projects?
   Is it responsible in such a vulnerable area?
   Dos it stimulate self-sufficiency?
   Were clear mutual agreements made on how, and during which period of time to set up, building up, and the withdrawal of mission projects?
f. How were the needs, problems and wishes in Word and deed addressed? What were the strengths and the weaknesses?

**4.** Integration

a. How do you understand the integration of Word and deed (as being addressed by the CGKN)?
b. What were the strengths and the weaknesses?
c. How have the congregation and the community been involved in the deed ministry?
d. Was the building up of the congregation internally and/or externally focused in Word and deed? How?
e. How actual and relevant was the preaching of the Dutch missionaries to the daily lives of the people of KwaNdebele?
f. (How) did the Word- and deed ministry bring hope – for now and eternity?

**5.** Projects

a. Was it to your opinion from an African worldview a wise decision for the CGKN to have stopped their mission to KwaNdebele and to decrease the support – thinking about production versus relation?
b. What was the reaction of the local people on the building of church buildings? Reciprocity? Did the KwaNdebele people give their voice?
c. What is your opinion on Dutch outreach groups doing projects for a period of e.g. three weeks during their holidays? Strengths and weaknesses herein?

**6.** Ethics

a. What is your opinion on how the CGKN reacted on HIV-Aids in terms of word and deed ministry?
b. Did the CGKN missionaries get involved in social issues? Is so, how? If not, what is your opinion on this?
c. What is your opinion on the CGKN's hesitation to comment on apartheid and criminality out of fear being deported by the government?

**7.** Benefits

a. How did the community benefit from the CGKN's mission work: spiritual, ethical, morally, economical...?
b. Learning- or correction points. Strengths and weaknesses.
c. What is your opinion on comments by locals that the Dutch missionaries handed out money too easily instead of leading them to be self-sufficient?
    i. Could this comment be an excuse not to take responsibility?
    ii. What would be a good approach?
d. How could older churches (e.g. CGKN) help the newer and vulnerable churches in KwaNdebele best in their own development?

**8.** Mukhanyo Bible School, Mukhanyo Theological College, Mukhanyo Community Development Centre (MBS, MTC, MCDC)

a. How did you understand the relation and unity between MTC and MCDC in terms of word and deed?
b. What were, according to you, the vision and mission of MTC and MBS?
c. How did MTC influence your ability to lead (your church and/or community)?

**9.** Possible dualism

a. The CGKN separated mission and giving aid into two separate deputyships. What is your opinion on this regarding Word- and deed ministry?
b. Do you see a difference between mission and working within your congregation?

**10.** Independent churches

a. What can you tell about the history, character, nature and development of the independent churches?
b. Why are there so many independent churches?
c. Is there a continuing power struggle within the independent churches? Why is this? Why is there so much distrust and struggle? How does this work?
d. Are the church leaders from these churches known with the Biblical concept of "servant leadership" and how do they react on it?
e. Why do so many brother ship organizations fail: organizations where pastors, ministers and church leaders support each other and doing projects together to have a positive impact, like e.g. KwaNdebele churches board, Masakahane Churches board, Midveld ministers Association, Vukani Fraternal?
f. How well did the Dutch missionaries understand the independent churches? How did they approach this?
g. Were the church leaders of the independent churches taught to read and live the Bible integrally? How?

**11.** Need

a. What is KwaNdebele's greatest need for church leaders?
   What do people most need and expect of church leaders?

b. What is society's greatest need?
   i. What needs to be done about this?
   i. Which roll do the churches have in this?